Laat die Woord Getuig

Weergawe: 1_2_1 ___ 09_02_14

Samesteller: Harry van Huyssteen

harryvh@matthew28.co.za

http://www.matthew28.co.za

Hierdie boek is geskryf om twee doelwitte te bereik:

1) Om ‘n persoon te help om te ontdek dat Jesus Christus die Verlosser van die mens is

2) Om die evangelis te ondersteun in die evangelisasieproses

Hierdie boek is gratis beskikbaar op http://www.matthew28.co.za

Die boek in geheel, of enige deel daarvan, mag nie te koop aangebied word sonder die skriftelike toestemming van die Matteus 28 Bediening nie.

Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:
Afrikaans 1933/53 – vertaling ©1933, 1953 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Afrikaans 1983-vertaling ©1983, 1992 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Lees die Bybel in Afrikaans:

http://www.bybel.co.za

The English version of this book: “Let the Word Testify” is available from
http://www.matthew28.co.za

Inhoudsopgawe

Voorwoord Die Wapenrusting aan ons gegee 1

Hoofstuk 1 Die Bybel is die Waarheid 5

1. Inleiding 5

2. Hoe is die Bybel saamgestel? 5

3. Die Ware Outeur van die Bybel 6

3.1 Baie skrywers oor verskillende tydperke duidelik deur dieselfde God geïnspireer 6
3.2 Die Heilige Gees is die ware outeur van die Bybel 6
3.3 Profesieë is deur die Here gegee as bewys dat die Woord waar is 7
3.3.1 Profesieë oor Israel *7*
3.3.2 Ander Nasies *8*
3.3.3 Die Messias *9*

4. Kanonieke teenoor nie-kanonieke 10

4.1 Wat is Apokriewe boeke? 10
4.2 Hoe is bepaal watter geskrifte is deel van die kanonieke boeke? 11

5. Die Ou Testament 12

5.1 Die samestelling van die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) 12
5.2 Antieke buite-Bybelse verwysings na die inhoud van die Ou Testament 14
5.3 Die verskil tussen die oorspronklike Hebreeuse Tanakh en die Ou Testament van vandag 14
5.4 Wat is die Talmud? 15
5.5 Die Dooie See Rolle 15

6. Die samestelling van die Nuwe Testament 16

6.1 Die vroeë kerk het basies drie vereistes gehad om te bepaal watter dokumente is outentiek (30, p 66): 16
6.1.1 Die boeke moet beskik oor apostoliese outoriteit. *16*
6.1.2 Die kriteria van bevestiging *16*
6.1.3 Die dokument moes deurlopend aanvaarding geniet deur die kerk *16*
6.2 Paulus se getuienisse 17
6.3 Die apostels het nie vir geld gewerk nie 18
6.4 Die Vier Evangelies 18
6.4.1 Tydperk geskryf *18*
6.4.2 Die Outeurs *19*
6.4.3 Konsekwensie *23*
6.4.4 Aantal afskrifte en datering *23*
6.5 Outentiekheid (30, p184) 24
6.5.1 Die dissipels getuig dat hulle ooggetuienisse is : *24*
6.6 Jesus se dissipels getuig 27

7. Is die Bybel waar of is dit net stories wat geglo word? 29

7.1 Dieselfde gebeurtenis en persoon word deur meer as een persoon beskryf 31
7.1.1 Die uittog uit Egipte (1250 v.C.) *31*
7.1.2 Ontvangs van Tien Gebooie op Sinaiberg *31*
7.1.3 Persone: *31*
7.1.4 Temas *32*
7.2 Kruisverwysings 32
7.3 Konteks 32
7.3.1 Konteks met die mense se lewens en gebruike van daardie tyd. *32*
7.3.2 Konteks met die omgewing waar dit beskryf word *33*
7.3.3 Konteks met gebeure *33*
7.3.4 Detail wat nie noodwendig in 'n storieboek ingesluit sou gewees het nie. *33*
7.3.5 Verwysings na gebeure wat op ander plek ook beskryf word in die Bybel m.a.w. die waarheid *33*
7.3.6 Agtergrondinligting ter ondersteuning van wat beskryf word *34*

7.3.7 Logiese geheel wat gebeure gevorm het wat deur verskillende mense beskryf is. *34*
7.3.8 Oorlewering *34*
7.4 Wie was die gehoor? 34
7.5 Detail vandag nog sigbaar 34
7.6 Datering 35
7.7 Voorspellings/Profesieë 35
7.8 Profesieë wat binne die verloop van die Ou Testament vervul is 35

8. Argeologiese bewyse 35

8.1 Volgens Morgan (12,p 89-97) 35
8.2 Oënskynlike teenstrydighede in die Bybel volgens John Haley (10, p.1-54) 37
8.2.1 Oorsprong *37*
8.2.2 Ontwerp *37*
8.2.3 Oorsake/Effek *38*

9. Afsluiting 38

10. Aantekeninge 40

Hoofstuk 2 Is die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament? 47

1. Waarheid as gordel om die heupe 47

2. Die Here het redding en heil in die oog 62

3. Watter Wysheid is dan noodsaaklik? 62

4. Die Aangesig van God – Die Engel van die Here – Jesus Christus 63

4.1 Wie is die Engel van die Here? 63
4.1.1 Die Engel van die Here, die Wese van God, het mens geword en tussen ons kom woon *64*
4.1.2 Die aangesig van die Here op aarde *64*

5. Die Priesterorde van Melgisedek 64

5.1 Wie was Melgisedek? Die koning van Jerusalem en priester van God 64
5.1.1 Nie van Levitiese afstamming en Abraham se meerdere *65*
5.1.2 Geregtigheid en vrede is in hierdie priester koning beliggaam *65*
5.1.3 Hy is soos die Seun van God en bly priester vir altyd *65*

6. Die Lam van God 65

6.1 Die lam staan in vir Isak toe hy geoffer moes word . 65
6.2 Die instelling van Paasfees wat op Nisan 14 gevier moes word sien Levitikus 23:5 66
6.3 Die offers bevestig die Lam (Messias) wat geslag moes word en bring die volk in gehoorsaamheid deur middel van die Tempeldiens 66
6.4 Die Lam wat vir ons sondes geslag moes word, word (onder andere) profeties ongeveer 750 jaar voor Christus geprofeteer (Sien hele Jesaja 53) 66
6.5 Die lam se bene mag nie gebreek word nie. Jesus se bene is nie gebreek aan die kruis nie 67
6.6 Die Lam van God word deur die profeet Johannes die Doper bevestig 67
6.7 Jesus profeteer self Sy versoeningsdood 67
6.8 Aanbidding gee ons hoop vir die toekoms, ons weet Wie is die Lam! 67
6.9 Ons is die bruid wat gereedmaak vir die Bruidegom, die Lam 67
6.9.1 Ons sal vir ewig by ons Verlosser wees *67*
6.10 Die Bruidegom en bruid in die Ou Testament 67
6.11 Die skoonheid van Sy bruid wie Hy gewas het en vir Homself gevat het 68

7. Die Bruidegom en bruid in die Nuwe Testament 68

7.1 Die belofte van die Ware Joodse Bruidegom 69
7.2 Jesus het geprofeteer dat die Heilige Gees uitgestort sal word 69
7.2.1 Die Heilige Gees is duidelik volgens die profesieë uitgestort *69*
7.2.2 Die apostels het ook getuig dat die Heilige Gees met hulle praat: *69*
7.3 Getuig tot opbouing van die gemeente 69

8. Die Leeu uit Sion – Jesus Christus die Messias _____ 70

8.1 Die mens teen die Messias – die Leeu verslind 71
8.2 Die mens vir die Messias – Die Leeu red, beskerm en bring vrede 71
8.3 Die Loot uit die nageslag van Isai – Die Messias bring redding vir die volk Israel, en so ook vir alle gelowiges 71
8.3.1 Meer as 2000 jaar voor Christus profeteer Job 71
8.3.2 In die tydperk 740-697 v.C. profeteer Jesaja as volg: 71
8.3.3 Esegiël profeteer ongeveer 597 voor Christus: 72
8.3.4 Ongeveer 580 jaar voor Christus profeteer Jeremia as volg: 72
8.3.5 Sagaria profeteer ongeveer 500 jaar voor Christus: 72
8.3.6 Die Seun gebore uit Israel sal die Tempel bou en gee lewe 72

Hoofstuk 3 Is Christus die enigste weg na die Vader? Waarin moet jy glo? _____ 73

1. Inleiding _____ 73

Geloof 73

1.1 Wat is geloof? 73
1.2 Waarin glo ons? 74
1.3 Waarin stel geloof ons in staat? 74
1.4 Wat bring geloof mee? 75
1.5 Wat van goeie dade? 76
1.6 Wat van wysheid en kennis? 76
1.7 Wat bereik ons deur geloof? 77
1.8 Hoe lyk die lewe van ‘n gelowige? 77
1.9 Wat is ongeloof? 79

Is Jesus Christus God? _____ 80

1.1 Was daar werklik Iemand soos Jesus Christus op aarde? 80
1.1.1 Sekulêre verwysings na Jesus Christus 80
1.1.2 Getuienisse van vroeë Christene 83
1.2 Jesus Christus die Ewebeeld van die Wese van God 84
1.3 Die Profesieë oor die Messias 85
1.4 Meer oor die Profesieë 93
1.4.1 Het Jesus Sy lewe so gelewe om die profesieë te vervul? 93
1.5 Het Jesus God se eienskappe getoon? 93
1.5.1 In Wese God 93
1.5.2 Bose geeste se reaksie 94
1.5.3 Jesus se optrede 95
1.5.4 Mense se reaksie 95
1.5.5 Die Messias geïdentifiseer. 98
1.5.6 Jesus aanvaar aanbidding 99
1.5.7 Jesus verklaar Self wie Hy is 99
1.5.8 Jesus se Eie profesieë 102
1.5.9 Jesus verskyn aan mense na Sy opstanding 103
1.5.10 Bo-natuurlike bevestiging 104
1.5.11 Die Naam van God 105
1.5.12 Engele versorg Jesus 105
1.5.13 Hy het werklik opgestaan uit die dood 105
1.5.14 Die graf was leeg 105
1.5.15 Natuurverskynsels 107
1.5.16 Die Skepper van die heelal 108
1.6 Geisler en Turek (22, p340) bespreek die Goddelikheid van Jesus soos volg: 108
1.6.1 Vraag 1: Voldoen Jesus aan die eienskappe van die Messias soos geprofeteer in die Ou Testament? 108
1.6.2 Vraag 2: Het Jesus Self verklaar dat Hy God is? 109
1.6.3 Geisler en Turek (22, p342-343) wys ook op indirekte aansprake wat Jesus gemaak het as God: 109
1.7 Paulus se verduideliking in Kolossense 1:15-20 110

Hoofstuk 4 Een van die grootste aanslae op die Evangelie is deur te beweer dat die individu self verantwoordelik is vir saligheid deur sy/haar eie werke, of pogings. 112

1. Inleiding 112

Die Verbond 115

1.1 Betekenis van die woord “verbond”? 115
1.2 Antieke gebruike wanneer ‘n verbond tussen twee partye gesluit is 115
1.2.1 Die vloei van bloed 115
1.2.2 Die uitruil van mantels 116
1.2.3 Die nakom van die verbond se voorwaardes is verpligtend. Die verontagsaming daarvan is strafbaar met die dood. 116
1.3 Die Goddelike Verbond 118
1.3.1 Die Ou Verbond – die ewige verbond 119
1.3.2 Die Wet – die verbond bevestig met Moses 120
1.3.3 Die Nuwe Verbond 121

Die Offers 123

Alle nasies gered 145

Jesus, die Seun van die Mens, Die Seun van God en die Dienaar van God 145

1.1 Inleiding 145
1.2 Jesus: Seun van die Mens 146
1.3 Jesus: Die Seun van God 146
1.4 Jesus: Die Dienaar van God 147

Hoofstuk 5 Is Jesus Christus die ware Hoë Priester wat vir ons versoening bewerkstellig met die Skepper? 148

1. Regverdigheid, liefde en vrede die Realiteit 148

Die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here (sien http://www.matthew28.co.za) 151

1.1 Paasfees (Pesach) 151
1.2 Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot) 156
1.3 Die Fees van Eerste Vrugte (Firstfruits) (Yom Habikkurim) 158
1.4 Die Fees van Weke (Shavuot=Hebreeus vir “weke”), later die Pinksterfees 160
1.5 Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah) 163
1.6 Die Versoendag (Yom Kippur) 169
1.7 Huttefees (Fees van Tabernakels) (Sukkot) 172

Is Jesus op 25 Desember gebore? Inleiding tot die Fees van Lig (Hanukkah) 174

1.8 Waar kom die datum 25 Desember dan vandaan? 175
1.9 Is daar ‘n ware, en Bybelse, Christelike fees gedurende Desember? 176
1.10 Wat sê die Bybel oor aanbidding by ‘n boom? 177

Moet ons fees vier? 177

1.1 Besondere feesdae as geleenthede vir aanbidding 179
1.2 Die feeste as geleentheid om te getuig 180
1.3 Gee Kersfees Bybelse inhoud 184

Hoofstuk 6 Die Tempel van die Here 186

1. Inleiding 186

Die Betekenis van ‘n tempel 186

1.1.1 Die begrip tempel in die algemeen 186
1.1.2 Die berip Tempel in die Bybel 186

Oorsprong van die fisiese Tempel van die Here 187

1.2 Die Tabernakel 187
1.2.1 Die Voorhof (11) 189
1.2.2 Die Heiligdom (10) 189

1.2.3 Die Allerheiligste (9) *190*
1.2.4 Magtige Goddelike Teenwoordigheid - Immanuel *190*
1.2.5 Christus die Boodskap van die Tabernakel *190*
1.3 Die Tempel 191

Meer inligting oor die Tempel **194**

1.4 Bevestiging van die verbond 195
1.5 Gehoorsaamheid aan die Here 197
1.6 By die Tempel is die Naam van die Here aanbid. 198
1.7 Redding vir alle nasies 199

Wie kan hiermee kompeteer? **199**

Profetiese realiteit en openbaring met betrekking tot die Tempel **200**

1.8 Almal gaan bewus wees 200
1.9 Jerusalem gevestig as Sion 201
1.10 Ons verantwoordelikheid teenoor Israel 204
1.11 Die nie-Joodse gelowige in konteks tot Israel. 204
1.11.1 Word alle gelowiges as Jode beskou? *205*
1.11.2 Sluit Israel alle gelowiges in van alle nasies? *206*
1.11.3 Het die Kerk Israel se plek ingeneem? *206*
1.11.4 Het die Kerk die Tempel vervang? *207*
1.12 Nuwe-Testamentiese Benaderings tot die Tempel 208
1.12.1 Evangeliese Christenskap *208*
1.12.2 Die profesieë deur Daniël *211*
1.12.3 Die Tempel in die boek Openbaring *212*
1.13 Eskatologie volgens John MacArthur (33, p.2197-2198) 215
1.13.1 Fisiese dood *215*
1.13.2 Die Wegraping van die Kerk *218*
1.13.3 Die Vervolgingstydperk (Tribulation Period) *219*
1.13.4 Die Wederkoms en die duisendjarige Vrederyk (Millennial Reign) *223*
1.13.5 Die Oordeel van die Verlorenes *230*
1.13.6 Ewigheid *231*

Hoofstuk 7 ‘n Persoonlike verhouding met die Skepper **234**

1. Inleiding **234**

2. Die Heilige Gees is ons Bron van kennis en wysheid **235**

3. Kan die mens God verklaar? **236**

3.1 Filosofie 236

4. Evolusie en Geloof **242**

4.1 Die misverstand met evolusie 242
4.2 Evolusie in perspektief 244
4.3 Die misverstand met die Oerknal Teorie (“Big Bang”) 246

5. Waaroor gaan die lewe dan? **247**

5.1 Teologiese Denke 248
5.2 Hoe kan Christene so arrogant wees en nie ander gelowe in ag neem, of erken nie 249

6. Die Here maak dit vir ons moontlik deur ‘n ware liefdesverhouding **249**

6.1 Die eienskappe van ‘n liefdesverhouding 249
6.2 Die Verbond, liefde en blydskap 250
6.3 Geloof en Liefde 250
6.4 Liefde van die Here staan bo alle dwaalleer uit. Dit is onnabootsbaar. 251

7. Die Liefdesverhouding duidelik geïllustreer sodat ons kan glo **251**

7.1 Die Bruidegom en bruid in die Ou Testament 251
7.1.1 Die skoonheid van Sy bruid wie Hy gewas het en vir Homself gevat het *251*
7.2 Die Bruidegom en bruid in die Nuwe Testament 252

8. Jesus is die Waarheid en die Lig 252

8.1 Jesus die Lig vir die wêreld 253
8.2 Jesus is die Waarheid van God 253
8.3 Verlossing is aan almal beskikbaar wat daarna vra. 253

9. Die gelowige staan in diens van die Here 254

10. Hoe bied jy die Evangelie van liefde aan sonder om die ander persoon seer te maak, of te beledig? 255

Hoofstuk 8 Inleiding tot dwaalleer 257

1. Inleiding 257

2. Ons is oorwinnaars in Christus 257

2.1 Die Naam van die Here was bekend van die begin af en maak volmaakte en ewige versoening tussen God en die gelowige moontlik. 257
2.2 Deur die Gees van God is ons vry van die wet en verkry ons lewe in Jesus Christus 258
2.3 Die Here bevry ons van alle verganklikheid 258
2.4 In Christus verkry ons nuwe identiteit. 258
2.5 Opsommend: Oorwinnaars in Christus 259

3. Apologetiek 260

3.1 Definisie 260
3.2 Hoekom is Apologetiek dan noodsaaklik? 260
3.3 Strategies getrou aan die werking van die Heilige Gees 261
3.4 Die getuie en geloof 261
3.4.1 Wat sê ander wyshere oor geloof? *262*

4. Die wêreld sonder God 263

4.1 Wat is verganklikheid? 263

5. Aantekeninge 273

6. Hy kom weer 275

Literatuurlys: 278

Laat die Woord getuig

Samesteller: Harry van Huyssteen
http://www.matthew28.co.za

Voorwoord
Die Wapenrusting aan ons gegee

God die Almagtige Skepper het Sy Identiteit aan die mens gegee. Sy Identiteit (die Messias) maak my soekend na meer van Hom omdat ek weet Hy is die Waarheid. Ek kan met Sy Identiteit en Persoon vereenselwig, Sy Identiteit nooi uit, Hy vertroos en bring ewige redding binne my bereik. Hy is nie verdoemend nie, het my nie geskep sonder enige keuse oor my toekoms nie, in teendeel, Hy het my geskep met die vermoë om 'n vry lewe te lewe. Die beste daarvan is 'n lewe in volheid deur Hom te ken en te aanbid.

Die skrywer van die Hebreërs boek in die Bybel bevestig dat die Here Hom bemoei het met die mens van die begin af sodat ons Hom kan ken. Hebreërs 1:1-3: *"[1]In die verlede het die Vader baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook die erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."*

Ons kan vandag die getuienisse van ooggetuienisse lees wat outentiek bevestig dat Jesus Christus die openbaring van God aan die mens is. Die apostel Johannes wat ten minste drie jaar nou saam met Jesus geleef het, getuig as volg in Johannes 1:14: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

Jesus Christus het self ook bevestig wie Hy is: Johannes 14:6: *"Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."*

Johannes 14:9-11: *"[9]En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? [10]Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11]Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self."*

Die apostel Paulus (let wel, met die woord "apostel" in die Bybel word bedoel dit is 'n boodskapper wat Jesus self gesien het, en wonderwerke in Jesus se Naam gedoen het) wys daarop dat daar geen ander openbaring van God aan die mens is nie: Kolossense 2:8-9*: "[8]Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. [9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."* New International Version: Colossians 2:8: *"See to it that no-one takes you captive through hollow and deceptive philosophy, which depends on human tradition and the basic principles of this world rather than on Christ."*

Hierdie selfde Paulus, toe nog Saulus, was 'n fariseër en het Christene streng vervolg en selfs laat doodmaak. Sy persoonlike ontmoeting met Jesus het hom drasties tot ander insig gebring en hy het besef dat Jesus die Messias is wat deur die eeue voorspel is. Kyk wat het Paulus alles deurgemaak en nie gestuit om die Evangelie te verkondig nie: 2 Korintiërs 11:24-31: *"[24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege-en-dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. [26]Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. [27]Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. [28]Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. [29]As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan. [30]As daar geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede. [31]Die God en Vader van die Here Jesus weet dat ek nie lieg nie. Aan Hom kom die lof toe tot in ewigheid!"*

Ons kan vandag weet dat ons eendag weer sal opstaan en vir ewig sal lewe in teenwoordigheid van die Skepper. Jesus se woorde aan die Sadduseërs soos aangeteken in Matteus 22:29-31: *"[29]Maar Jesus antwoord hulle: 'Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God*

ken nie. [30]Met die opstanding trou mense nie meer nie, maar is hulle soos engele in die hemel. [31]En wat die opstanding van die dooies betref, het julle dan nie gelees wat God aan julle gesê het nie: [32]Ek is die God van Abraham, die God van Isak, en die God van Jakob'? Hy is nie die God van dooies nie, maar van lewendes.'"

Jesus verseker ons dat Hy weer gaan kom: Johannes 14:2-3: *"[2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Die apostel Petrus verduidelik dat ons aan die openbaring van God, Jesus Christus, moet vasklou om dwaalleer te bestry: 1 Petrus 3:15-16: *"[15]In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. [16]Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat die wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het."*

Ons moet vasklou aan Christus, die Woord van God. Dit is die enigste verduideliking wat ons kan gebruik om ander mense ook te laat deel kry aan die heerlikheid van God. Die Heilige Gees gebruik dit wat ons uit die Woord leer om deur ons mense te bereik. Hoe meer ons dus die Bybel bestudeer, want dit is die Woord van God, hoe nader bring die Heilige Gees ons aan die ware Openbaring van God aan die mens – die Persoon Jesus Christus. Hoe nader ons aan die Persoon Jesus Christus is, hoe beter leer ons vir God ken en kan die krag van God in, en deur, ons werk. God raak vir ons die Here (Lord) want Hy is die God van die verbond wat Hom bemoei met die mens van die begin van alle tye af. Ons kan 'n lewe in volheid hê deur Hom te ken.

1 Johannes 5:20: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe."*

Dit is duidelik dat die Waarheid nie gevind kan word binne die mens self nie. Ons kan ons hoe lank besig hou met slim redenasies en filosofie (menslike wysheid), dit sal ons nie nader aan God bring nie. 1 Korintiërs 4:20: *"Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag."*

Menslike wysheid, filosofie, genoodsaak 'n middelman - homself, en nie die bonatuurlike openbaring deur die Heilige Gees nie. Die filosoof se oënskynlike wysheid is indrukwekkend maar pateties natuurlik. Die eerste bekende teoloog, Tertullianus, het reeds ongeveer 250 n.C. daarop gewys dat die satan juis die werking van die Heilige Gees in 'n mens se lewe probeer verdoesel. Daardeur word alles wat jy dink en glo, en dink jy glo, van menslike oorsprong - vasgevang binne homself.

1 Timoteus 6:3-5a: *"[3]As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie, [4]is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery, [5]voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is……."*

Paulus verduidelik aan Titus wat belangrik is vir 'n ouderling: Titus 1:9: *"Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees on ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê."*

Johannes bevestig dat Christus die waarheid is, daar is en was nie 'n ander openbaring, of manifestasie van God nie: 1 Johannes 2:20-27: *"[20]Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid. [21]Ek skrywe nie vir julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie, maar juis omdat julle dit ken en weet dat daar geen leuen uit die waarheid voortkom nie. [22]Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hy is die Antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. [23]Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader, wie die Seun erken, erken ook die Vader . [24]Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in die Seun en in die Vader bly. [25]En dit is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe."*

Die Seun is die enigste waarheid en die gewer van die ewige lewe. Hy is immers die Skepper van alles, insluitend die lewe! Waar anders sal jy jou wil bevind? Daar was nie ander openbarings as die Persoon Jesus Christus nie. Daar kon duidelik nie ander profete, apostels, of engele wees wat God aan die mens openbaar nie. Gelowe buite die openbaring van Christus is van menslike oorsprong, of dit word gebaseer op een of ander openbaring wat in isolasie plaasgevind het (Sien gerus: "Inleiding tot Sektes" onder Downloads op www.matthew28.co.za). Die een Persoon Jesus Christus, en wat Hy gaan kom doen, en ook gedoen het, is deur baie

verskillende profete akkuraat, en in detail, voorspel. Uit die Bybel kan mens dit sien, en kan jy ook talle ander wonderlike openbarings rondom die Persoon Jesus Christus ontdek. Wanneer ons die Bybel bestudeer werk die Heilige Gees kragtig in ons wat 'n persoonlike getuienis laat ontstaan. Hierdie persoonlike getuienis is uniek van wat die Here aan ons geopenbaar het en hoe dit ons tot ander insigte gebring het. Dit getuig van die vreugde, van buite onsself, wat in ons 'n realiteit geword het – Die Persoon Jesus Christus.

Paulus bevestig soos volg: Kolossense 2:18-19: *"[18]Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, [19]en hy hou nie aan die Hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei."*

Jesus waarsku ook soos aangeteken in Matteus 24:4-5: *"[4]Jesus antwoord hulle: 'Pas op dat niemand julle mislei nie. [5]Baie sal onder my Naam kom en sê: 'Ek is die Christus,' en hulle sal baie mense mislei. [6]Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor. Pas op, moenie verskrik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie. [7]Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. [8]Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd. [9]Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle My Naam bely. [10]In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. [11]Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei."*

Jesaja (onder andere) wat die Messias so duidelik in Jesaja 53 voorspel het, het reeds 750 jaar voor Christus getuig wat die Here aan hom geopenbaar het: Jesaja 45:22: *"Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie."*

Jesus Christus het as mens op die aarde, tussen ons, kom leef (Immanuel – God by ons) en sodoende die profesieë vervul sodat ons Hom kan ken. Ons kan ook sê dat Hy die wet vervul het om sodoende finaal Sy Identiteit te vestig op aarde. Sogenaamde openbarings buite Hom, voor Hom of na Hom, is buite die Persoon van God. Sulke leerstellings neem die Ware Outeur uit die openbaring.

Honderde jare voor Christus getuig die psalmdigter as volg: Psalm 94:12-13a: *"[12]Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in U woord [13a]en vir wie U rus gee na tye van teëspoed."*

Jesus Christus is die Woord van God. Indien ons Sy openbaring soek, of self andere wil onderrig, is die Woord van God, die Bybel, die enigste Leermeester wat ons deur leiding van die Heilige Gees binne die Waarheid hou: Ooggetuie Johannes getuig soos volg: Johannes 1:14: "*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

Die Evangelie (die goeie boodskap) van Christus is uniek, maar beskikbaar aan elke mens. In die begin van die Bybel lees ons reeds wat die Here van Israel sê: Genesis 12:3: *"Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."*

Die genade van die Here bring Sy liefde binne almal se bereik, verlede, hede en toekoms. Paulus verduidelik in Titus 2:11-13: *"[11]Die genade van God wat verlossing bring, het aan alle mense verskyn. [12]Dit voed ons op om die goddelose lewenswyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, [13]terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus verskyn."*

Die ware God, die Here, verkondig verlossing, en nie verdoemenis nie. Hierdie verlossing is aan almal beskikbaar deur geloof in Jesus Christus. Ons kan dit nie deur goeie werke verdien nie en dit word aan ons geskenk deur geloof in Jesus Christus. Die belangrike is dat ons afstand moet doen van ons sondes en ons aandag moet vestig op die Persoon, Jesus Christus. Paulus onderrig een van die vroeë gemeentes van Christus in Efesiërs 1:7-14: *"[7]Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God [8]wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. [9]Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van Sy wil aan ons bekend gemaak [10]en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. [11]Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem. Hy wat alles laat gebeur volgens Sy raadsbesluit. [12]Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. [13]Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël."*

Elkeen wat die heerlikheid van God in Jesus Christus ervaar word onwillekeurig ‘n evangelis. Dit is egter ook ‘n opdrag van die Here dat gelowiges die Evangelie uitdra (Matteus 28:19). Logies beskik ons nie almal oor dieselfde gawes om dit dieselfde en/of ewe goed te doen nie, maar daar is die Woord van God, Jesus Christus, wat as ons vertrekpunt moet dien. Die werking van die Heilige Gees openbaar dan met ons eie gehoorsaamheid die waarheid van Christus aan die gespreksgenoot. Ons moet dus Christus verkondig met die Bybel as vertrekpunt. Slim, filosofiese praatjies en redenasies dryf die gesprek weg van die werking van die Heilige Gees, die Bo-natuurlike werking van God om Sy Seun aan ons te openbaar.

Sien Jesus se woorde soos aangeteken in Matteus 23:8-10: *“[8]Maar julle moet julle nie ‘rabbi’ laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. [9]Moet niemand hier op aarde as ‘vader’ aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. [10]Julle moet julle nie ‘leiers’ laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus.”*

Wanneer ons besef dat Christus, die Woord van God, ons Leier is en dit Hy is wat ons help deur die werking van die Heilige Gees, dan behoort ons te besef dat ons getuie slegs binne konteks van die Evangelie van Christus behoort te wees. Dit is wonderlik om te besef dat ek nie met my eie slimheid moet probeer getuig nie, maar juis die Skepper van die heelal toelaat om deur my te getuig. Indien ons op ons eie dwaalleer probeer bestry, veg ons ‘n verlore stryd. Christus het reeds die Bose aan die kruis oorwin. Getuig in geloof oor wie Christus is en wat Hy vir ons gedoen het, dan is Christus jou Leermeester.

Paulus skryf aan Timoteus in 2 Timoteus 2:14-17*:”[14]Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders. [15]Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as ‘n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, ‘n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig. [16]Maar die onheilige en sinlose praatjies moet jy vermy, want dié wat dit versprei, sal nog vêrder in goddeloosheid verval, [17]en hulle woorde sal voortvreet soos kanker…..”*

Hierdie skrywe maak gebruik van so veel as moontlik aanhalings uit die Bybel om die leser te motiveer om die Bybel meer te bestudeer. Dit bring ons meer onder leiding van die Heilige Gees om sodoende ons met die Waarheid besig te hou en ons krag te vind in die Here.

In Johannes 8:31-36 bevestig Jesus dat Hy die enigste waarheid is wat ons vry maak: *“[31]Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: ‘As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak’. [33]Hulle het Hom geantwoord: ‘Ons is die nageslag van Abraham en was nog nooit iemand se slawe nie. Hoe kan jy sê: ‘Julle sal vry word’?’ [34]Jesus sê toe vir hulle: ‘Dit verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is ‘n slaaf van die sonde. [35]’n Slaaf bly nie altyd by ‘n huisgesin nie; ‘n seun bly vir altyd. [36]Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.’”*

Paulus gee leiding soos volg: Efesiërs 6:10-20*: “[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. [13]Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. [14]Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, [15]en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. [16]Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. [17]Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. [18]Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. [19]Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. [20]Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.”*

Besprekings in hierdie werkstuk sal gebruik maak van bostaande riglyne sodat ons die volle wapenrusting van God kan aantrek om die Evangelie te kan verkondig en verdedig.

Hoofstuk 1
Die Bybel is die Waarheid

Efesiërs 6:17*: "....vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God."*

Die Heilige Gees is die Een wat die mens die oortuiging gee in die Boodskap van die Woord van God. Deur die Bybel te lees, word God vir jou Die Here. Sy Naam word in jou gevestig. In hierdie hoofstuk gaan gefokus word op die outentieke onderbou wat die Woord van die Here ons gee om soekende te help en dwaalleer aan te spreek.

1. Inleiding

Die Bybel is die boek wat die meeste van alle boeke in die wêreld bestudeer is en is ook die mees bekende boek in die wêreld. Die Bybel kan beskou word as die wonderlikste boek ter wêreld. Die volgende bevestig dit:

- Die outeurs maak daarop aanspraak dat hulle deur God geïnspireer is om te skryf
- Die Bybel is gepubliseer en versprei oor die ganse wêreld ten spyte van velle teenstand van diegene wat die Bybel haat
- Baie van die outeurs, en wel feitlik al die outeurs van die Nuwe Testament, is tot die dood toe gemartel oor dit waaroor hulle getuig het as ooggetuies. Hulle het egter tot die dood toe bly staan oor wat hulle gesien het en oor getuig het
- Diegene wat die Boodskap van die Bybel aangeneem het getuig oor die invloed wat die Bybel oor hulle lewens en gewoontes gehad het. Augustinus (354 -430 n.C.) het getuig dat, voor sy bekering, die Bybel minderwaardig voorgekom het vergeleke met ander Romeinse geskrifte. Na sy bekering het die Bybel egter 'n vreugde geword. 'n Dinamiese en toepaslike boodskap op elke lewens aspek.
- Die Bybel bevat gedetailleerde profesieë wat duidelik volbring is om sodoende die leser die sekerheid te gee dat die inhoud van God Self afkomstig is. Indien meer as een profeet, uit verskillende tydperke, akkuraat verskillende fasette van dieselfde gebeurtenis voorspel, kan daar geen twyfel bestaan dat die inhoudelike van God Self is nie.

2. Hoe is die Bybel saamgestel?

Die vraag kan dalk gevra word hoekom daar nie vandag van die oorspronklike geskrifte beskikbaar is wat deur die outeur self hanteer is nie? Die antwoord hiervoor is as volg: Gedurende die tyd toe die outeurs self die Bybel geskryf het, is daar gebruik gemaak van **papirus**, gemaak van die Papirus plant. Hierdie plant het gegroei in die vlak mere en riviere van Sirië en Egipte. Groot besendings papirus is deur Sirië se hawe, Byblos, verskeep. Daar word beweer dat die Griekse woord vir boeke, bibles, afgelei is van die naam van hierdie hawe. Die Engelse woord, paper, en Afrikaanse woord, papier, kom van die Griekse woord vir papirus (papyrus). Hierdie papirus het nie 'n lang leeftyd gehad nie, en het relatief gou verkrummel. Die oudste papirus fragmente beskikbaar vandag dateer ongeveer 2400 v.C. Papirus het beter behoue gebly in droë gebiede soos die sandduine van Egipte, of in grotte soos die Qumran grotte waar die Dooie See Rolle ontdek is (48, p.17-18).

Later is daar ook van **perkamente** gebruik gemaak. Perkamente is stukke vel van skape, bokke en ander diere. Die velle is voorberei, geskeer en geskraap om as velle te dien waarop geskryf is. Die woord perkament kom van die naam van die stad Pergamum in Klein Asië waar baie van hierdie velle gemaak is. Daar is ook van **vellum** gebruik gemaak. Vellum is die naam wat gegee is vir die vel van 'n kalf en is gewoonlik pers gekleur. Sommige van die vellum wat ons vandag het is van hierdie pers vellum. Die oudste leer rolle wat vandag beskikbaar is, dateer ongeveer 1500 v.C.(48, p.18).

Omdat die druk/pers industrie ook nie tydens die skryf van die Bybel bestaan het nie, is die geskrifte versprei deur manuskripte daarvan te maak. 'n **Manuskrip** is 'n handgeskrewe afskrif van die oorspronklike dokument. (48, p17). Hierdie manuskripte is onder baie streng beheer gedoen om te verseker dat daar nie foute begaan is nie. Later in hierdie dokument sal gekyk word na hoe hierdie manuskripte bygedra het dat ons vandag kan weet dat die Bybel van vandag 'n outentieke boek is.

3. Die Ware Outeur van die Bybel

Die Waarheid alleen kan openbaar oor die Waarheid en dit is Jesus Christus, die Woord van God.

Johannes 1:1: *"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."*

Johannes 1:14: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

Toe Jesus Christus deur Pontius Pilatus ondervra is, kan die ironie gesien word van die Waarheid wat voor die blinde wêreld staan. Die Woord van God het, volgens die Geskrifte, wêreld toe gekom om oor die Waarheid te getuig.

Johannes 18:37-38: *"[37]'Dan is jy tog wel 'n koning?' vra Pilatus. 'Dit is soos u sê: Ek is 'n koning,' antwoord Jesus. 'Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.' [38]'Wat is waarheid?' sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: 'Ek vind geen skuld in hom nie.'"*

Wanneer ons dissipels word van die Waarheid, word ons vrygemaak van menslike dwaalleer en geestelike waansin.

Johannes 8:31-32:*"[31]Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

Ons kan met reg sê dat die Heilige Gees wat die outeurs van die Bybel geïnspireer het om die Woord van God te skryf: profeties Christus in die Ou Testament; en getuienis van Christus in die Nuwe Testament, steeds vandag ons help om die Woord van God te verstaan. Jesus gee die versekering dat die Heilige Gees die Woord van God aan ons sal openbaar.

Johannes 16:12-13: *"[12]Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. [13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig."*

3.1 Baie skrywers oor verskillende tydperke duidelik deur dieselfde God geïnspireer

Die Bybel bevat gedetailleerde profesieë wat duidelik volbring is om sodoende die leser die sekerheid te gee dat die inhoud van God Self afkomstig is. Indien meer as een profeet, uit verskillende tydperke, akkuraat verskillende fasette van dieselfde gebeurtenis voorspel, kan daar geen twyfel bestaan dat die inhoudelike van God Self is nie. Die eenheid met betrekking tot die boodskap van die Bybel

Die Bybel is deur veertig verskillende skrywers oor 'n tydperk van 1600 jaar geskryf. Daar is ses-en-sestig verskillende boeke in die Bybel waarvan elkeen 'n strukturele, historiese, profetiese en geestelike eenheid vorm. In konteks vorm al hierdie boeke 'n logiese geheel met een boodskap – Die sentrale figuur: Jesus Christus.

3.2 Die Heilige Gees is die ware outeur van die Bybel

Die skrywers van die Bybel was almal mense uit verskillende agtergronde. Kyk na die volgende feite:

- Moses was 'n politieke leier
- Joshua 'n militêre generaal
- Salomo was 'n koning
- Daniël was 'n eerste minister
- Nehemia was 'n skinker
- Amos was 'n skaapboer
- Matteus was 'n tollenaar
- Petrus was 'n visserman
- Paulus was 'n rabbi

Dit is onmoontlik vir soveel verskillende skrywers uit soveel verskillende tydperke, agtergronde, taalgroepe en kulture om dieselfde dinge oor geestelike sake te skryf tensy hulle deur God geïnspireer was tot hierdie foutlose weergawe wat ons vandag die Bybel noem.

Die Bybel sê self in 2 Petrus 1:21: *"……deur die Heilige Gees meegevoer, het die mense die woord wat van God kom, verkondig."*

Jesus se Eie woorde in Johannes 5:31-32: *"[31]'As net Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie geldig nie. [32]Daar is ook iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy oor My aflê, waar is.'"*

Kyk wat sê Jesus aan die ongelowiges in Johannes 5:39: *"[39]Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. [40]Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie."*

Hoe wonderlik is dit dan nie dat 'n mens die eenheid in die Bybel weereens kan raaksien nie. In Numeri 28:7-9: *"[7]Wanneer julle die eerste lam offer, moet julle 'n liter wyn as drankoffer vir die Here by die heiligdom uitgiet. [8]Julle moet die tweede lam teen die aand offer, met dieselfde hoeveelheid meel, olie (meel+olie=brood) en wyn daarby as in die oggend. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. [9]Op die sabbat moet julle twee jaar oud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby."*

Ongeveer 1200 jaar later kom dit in volbringing wanneer Jesus, die Lam self sonder gebrek, die Nagmaal instel soos beskryf deur Lukas 22:14-20: *"[14]Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. [15]Hy sê toe vir hulle: 'Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. [16]Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie. [17]Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: 'Neem dit en gee dit vir mekaar aan. [18]Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie.' [19]Toe neem Hy die brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: 'Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.' [20]Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word."*

Johannes, wat langs Jesus gesit het tydens hierdie maaltyd, getuig ook soos volg in Johannes 17:1-3: *"[1]Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: 'Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. [2]U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. [3]En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is. [4]Ek het U op aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U my gegee het om te doen. [5]Verheerlik U My ook nou by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."*

Die Heilige Gees het deur die volk Israel gewerk om verlossing te bewerkstellig vir alle nasies. Lees die profesie oor Israel: Levitikus 26:14-47

3.3 Profesieë is deur die Here gegee as bewys dat die Woord waar is

Morgan (12, p44-45) wys daarop dat God profesieë gegee het as 'n bewys dat Sy Woord waar is. Hy Gebruik die voorbeeld van William Bradford wat, voordat hy voet aan wal sou sit in Desember 1620, 'n toespraak kon lewer oor die toekoms van Amerika. Hy kon dit nie doen nie, maar wel kon Moses en ander profete talle voorspellings maak wat ons vandag in die Woord kan sien waar geword het. Morgan wys daarop dat profesieë wat vervul word onder omstandighede wat geen toeval of ongeluk toelaat nie, "and the supposition that it causes it's own fulfillment through some influence exerted by it, necessary involves supernatural agency." Hy wys daarop dat bogenoemde tipe profesieë is uniek tot die Bybel. Hy sê dat geen ander geloof het die mate van profesieë soos die van die Bybel nie, en ook, indien wel, baie gering. Die gedokumenteerde vervulling van profesieë in die Bybel is ook uniek. Morgan deel profesieë op in drie dele: 1) Met betrekking tot Israel; 2) Met betrekking tot ander nasies; 3) Met betrekking tot die Messias.

3.3.1 Profesieë oor Israel

In verskillende boeke van die Ou Testament kan profesieë oor Israel gelees word. Baie daarvan het alreeds duidelik in vervulling gegaan en so ook sal die wat nog moet plaasvind, steeds plaasvind. Die volk Israel het van die Here afvallig geraak, dit het veroorsaak dat hulle die verbond wat die Here met Abraham aangegaan het, verbreek het:

Deuteronomium 28:15: *"As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom en jou tref: "*

Deuteronomium 28:49-50: *"[49]Die Here sal van ver af 'n nasie teen jou laat opruk. Hy sal van die uithoeke van die aarde af kom, vinnig soos 'n arend wat vlieg. Dit sal 'n nasie wees wie se taal jy nie verstaan nie, [50]'n wrede nasie deur wie niemand, oud of jonk, ontsien word nie, 'n nasie sonder genade."*

Hosea 3:4: *"Net so sal die Israeliete 'n lang tyd moet klaarkom sonder 'n koning en amptenare, sonder offers en klippilare, sonder efodbeeld en afgodsbeeldjies. "*

Psalm 83:4-5: *"[4]Teen u volk smee hulle komplotte in die geheim, hulle sweer saam teen dié wat onder u beskerming staan. [5]Hulle sê: "Kom ons roei hulle uit dat hulle nie meer 'n volk is nie, dat niemand meer die naam Israel sal onthou nie."*

Jesaja 11:11-12: *"[11]In dié tyd sal die Here 'n tweede keer sy hand uitsteek om die oorblyfsel van sy volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See. [12]Die Here sal 'n vaandel oprig onder die nasies en sal die ballinge van Israel bymekaarmaak, die verstrooides van Juda laat saamkom van die uithoeke van die aarde af."*

Morgan wys daarop dat die Babiloniërs in 587 v.C. die Israeliete uitgedryf het uit Palestina uit maar 70 jaar later het hulle teruggekeer. Die Messias het gekom en is gekruisig. Die Romeine het hulle in 70 n.C. uitgedryf en in 1948 het die Here hulle weer teruggebring Israel toe.

Die Messias gaan weer vir 'n tweede keer terugkeer aarde toe. Later in die boek word hierdie profesieë in meer detail bespreek.

3.3.2 Ander Nasies

In die vorige paragraaf het ons gesien dat dit akkuraat voorspel is dat die Israeliete uit Israel weggevoer sou word. Ons kan selfs lees wat met van hulle gebeur het toe hulle in ballingskap was onder die Babiloniese koning, Nebukadnesar. Daniel was een van hierdie Jode in ballingskap en was 'n Godvresende man. Koning Nebukadnesar het 'n droom gehad en sy raadgewers uitgedaag om die droom uit te lê en ook te verklaar. Hulle kon dit nie doen nie en Daniël kon met behulp van die Here dit wel doen. Hierdie het ongeveer 600 jaar voor Christus plaasgevind:

Daniël 2:28-47: *"[28]'Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar en wat aan u, koning Nebukadnesar, wil bekend maak wat in die toekoms gaan gebeur. In u slaap het u 'n droom, 'n visioen gehad. [29]Toe u gaan slaap het, het u gedink oor wat in die toekoms sal gebeur, en Hy wat geheime kan openbaar, het aan u bekend gemaak wat gaan gebeur. [30]Dit is nie omdat ek meer wysheid het as ander mense dat hierdie geheim aan my geopenbaar is nie, maar omdat die uitleg aan u bekend moet word sodat u 'n antwoord kan kry op die vrae waaroor u gedink het. [31]U het 'n visioen gehad. Daar was 'n groot beeld. Dit was hoog en het baie geblink. Dit het voor u gestaan, iets skrikwekkends. [32]Die beeld se kop was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy heupe van brons. [33]Sy bene was van yster en sy voete deels van yster en deels van klei. [34]Toe u nog so kyk, breek daar 'n klip los sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit tref die beeld teen die voete van yster en klei en verpletter dit. [35]Die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud is alles fyn gestamp en het geword soos kaf op die dorsvloere wat in die oestyd deur die wind weggewaai word, sodat geen spoor daarvan oorbly nie. Die klip waardeur die beeld getref is, het 'n groot rots geword en het die hele aarde bedek. [36]Dit is die droom, en nou sal ek dit vir u uitlê. [37]U is die groot koning; die God van die hemel het aan u die heerskappy, die krag en die mag en die eer gegee. [38]Hy het die hele bewoonde wêreld, die mense, die wilde diere en die voëls in u mag gegee en u die heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud. [39]Ná u sal 'n ander koninkryk na vore kom wat nie so belangrik as dié van u sal wees nie, en daarna 'n derde, die een van brons wat oor die hele wêreld heerskappy sal voer. [40]Die vierde koninkryk sal so sterk wees soos yster. Yster vergruis alles en stamp dit fyn. Soos yster wat alles vergruis, so sal dié koninkryk die ander fyn stamp en vergruis. [41]Die voete en tone, deels klei en deels yster, wat u gesien het, wys op 'n koninkryk wat verdeeld sal wees. Dit sal iets van die sterkte van yster hê, want soos u gesien het, is daar yster tussen die klei. [42]Die tone en voete, deels van yster en deels van klei, wys dat die koninkryk deels sterk, deels swak sal wees. [43]Dat u gesien het dat die yster met klei gemeng is: daar sal ondertrouery tussen die mense wees, maar hulle sal nie 'n eenheid word nie, net soos yster nie met klei meng nie. [44]In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan. [45]En dat u 'n klip uit 'n rots sien losbreek het sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verpletter het: God wat magtig is, het aan u bekend gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. Die droom is waar en oor die uitleg is daar geen twyfel nie.' [46]Toe het koning Nebukadnesar diep voor Daniël gebuig, aan hom eer betoon en opdrag gegee dat daar 'n graanoffer en 'n wierookoffer aan hom geoffer moet word. [47]Die koning het vir Daniël gesê: 'Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak.'"*

Vyf koninkryke gaan na mekaar heers oor Israel. Hulle is Babilon, Mede-Persië, Griekeland, Romeine en die later hervormde Romeine. Elkeen verskil van die vorige soos wat die waarde van die metaal telkens afneem. Laasgenoemde het alles reeds gebeur. Die klip wat losgebreek het, sal Christus wees wat die laaste koninkryk sal verwoes met katastrofiese gevolge (59, p.1229).

3.3.3 Die Messias

Die hele Ou Testament is ‘n voorspelling van die Messias. ‘n Mens kan die Messias in elke boek van die Ou Testament raaksien. In die Nuwe Testament word outentiek getuig oor die Messias se werk op aarde, soos wat dit in die Ou Testament voorspel is. Omdat ‘n mens, deur die genade van die Heilige Gees, kan raaksien dat die Messias die Ou Testament se profesieë volmaak volbring het, kan die logiese afleiding gemaak word dat die profesieë oor die toekoms net so seker deur Hom volbring sal word.

Groot dele van hierdie boek gaan juis handel oor hoe ‘n mens Jesus kan leer ken in die Bybel. Daar is reeds meer as 360 Messiaanse profesieë in die Ou Testament geïdentifiseer wat in detail deur Jesus Christus volbring is. Ter inleiding kan daar na ‘n paar profesieë gekyk word soos aangedui deur Morgan (later in hierdie boek word dit meer in detail bespreek):

Volgens Morgan:

3.3.3.1 Familiestam

Genesis 9: 26-27; Lukas 3:35; Genesis 12:2-3; 21:12; 22:18; 35:10-12; 49:10; Numeri 24:17; Psalm 78:67-68; Jesaja 11: 1-2; Jeremia 23:5; Matteus 1:1; Miga 5:2 (Bethlehem)

3.3.3.2 Geboorte

Jesaja 7:14; 9:1; 9:6-7; 11:1-5; 52:13 :12; Maleagi 3:1 en 4:5;

3.3.3.3 Klimaks

Sagaria 9:9; Hagai 2:7; Maleagi 3:1

3.3.3.4 Wonderwerke

Jesaja 35:5-6; Psalm 78:2; 118:22

3.3.3.5 Wonderbaar

Psalm 41:9; 55:12-14; Sagaria 11:12-13

3.3.3.6 Dood

Sagaria 13:7; Psalm 22:1 + 7-18; 35:11; 38:13; Jesaja 53:2-7; 53:12

3.3.3.7 Geheelbeeld sien ook:

Genesis 3:15; Numeri 24:17; Jesaja 9:6; Genesis 22; Levitikus 22

Morgan (12, p 76-77) wys ook in hierdie verband op die volgende:

- Abel het ons die noodsaak/doel van die Lam gewys
- Abraham het ons die voorsiening van die Lam gewys
- Eksodus het ons die slagting van die Lam gewys
- Levitikus die karakter van die Lam
- Jesaja die persoonlikheid van die Lam
- Johannes die Doper het die Lam geïdentifiseer
- Petrus het die bekroning van die Lam beskryf
- Openbaring wys vir ons die eindelose heersing van die Lam en die ewige lewe vir die wie se name van die Lam se boek van die lewe geskrywe staan.

4. Kanonieke teenoor nie-kanonieke

Jos McDowell wys daarop dat die woord **kanoniek** afgelei is van die Griekse woord, kanon, wat rottang, of riet, beteken. ‘n Riet, of rottang, is gebruik as meetinstrumente en is dan ook gesien as ‘n “standaard”. In Bybelse konteks word dit gesien as die “amptelike lys van aanvaarde boeke” (48, p.21). Dit is dus boeke wat as standaard beskou word en ook deur die Protestantse Kerk as gesagvol erken word. Hierdie is die enigste boeke wat in die Hebreeuse vertaling van die Bybel opgeneem is (35, p1356).

Daar word soms beweer dat die boeke van die Bybel bepaal is deur ‘n vergadering van mense wat besluit het watter geskrifte is in en watter is uit. Daar het wel in die verlede vergaderings plaasgevind wat die inhoud van die Bybel bestudeer het, soos wat vandag gereeld plaasvind, maar hierdie vergaderings wat verkeerdelik aangehaal word het om ander redes bymekaar gekom as om die inhoud van die Bybel te bepaal. Goeie voorbeelde hiervan is die bewering dat ‘n raad van rabbis in Jamnia, naby Jaffa, bymekaar gekom het in 90 n.C. om te bepaal watter boeke aanvaar moet word. Die waarheid is dat die rabbis nie die finale lys van kanonieke boeke bepaal het nie, hulle het eerder bepaal watter boeke moet uitgelaat word. Boeke wat die raad nie wou aanvaar nie, was in elk geval nie daar in die eerste plek nie. Die besprekings by Jaffa het meer daaroor gegaan van watter boeke in die Bybel hoort, en nie om nuwe boeke in te sluit nie (48, p.26). Nog ‘n voorbeeld is die Raad van Nicea wat deur Konstantyn byeengeroep is in 325 n.C. Dan Brown beweer in sy vals boek, The Da Vinci Code, dat hierdie raad die inhoud van die Bybel bepaal het. Dit is ook nie waar nie. Die besprekings wat hier plaasgevind het, het gefokus op die Goddelikheid van Jesus Christus. In die aantekeninge van die hierdie byeenkoms, wat vandag nog beskikbaar is, is daar geen verwysing dat hulle oor die inhoud van die Bybel gepraat het nie (Kry en kyk gerus die DVD: Da Vinci Code Deception, ‘n produksie deur Charles E. Seller; Grizzly Adams Productions, Inc.). Die mense van God het alreeds honderde jare voor hierdie vergaderings reeds die Bybel begin opdeel in versies en hoofstukke sodat die Bybel makliker gelees en gedupliseer kan word. Bewyse hiervan bestaan wat dateer voor 586 v.C. Geordende duplisering skakel foute uit. Dit wil sê dat die inhoudelike van die Bybel reeds bestaan het lank voordat vergaderings, en rade, daaroor kon besluit het.

Die Kerk het nie die kanonieke boeke bepaal nie. Die Kerk het nie bepaal watter boeke as Skrif, die God geïnspireerde Woord, erken moet word nie. Die teendeel is waar, en dit is dat die Kerk het ontdek, en agtergekom, watter boeke geïnspireerd is. Anders gestel: “’n boek is nie die Woord van God omdat dit deur die mense aanvaar is nie. Dit was eerder aanvaar deur die mense van God omdat dit die Woord van God is.” God gee die Woord sy Goddelike outoriteit, nie die mens nie (48, p.21).

4.1 Wat is Apokriewe boeke?

Apokriewe *Boeke (Ou-Testamentiese konteks)*: Dit is boeke wat gedurende die tussen-testamentêre tyd ontstaan het, maar wat volgens die Protestantse beskouing as minderwaardig beskou word en dus nie op gelyke vlak met die 66 kanonieke boeke van die Bybel gereken kan word nie (35, p1356).

Apokriewe Boeke (Nuwe-Testamentiese konteks): Hiermee word gewoonlik bedoel die vals geskrifte (Pseudepigrafa) wat in die tydperk tussen die tweede en die vyfde eeu naas en rondom die Nuwe Testament ontstaan het, hoofsaaklik in splintergroepe wat van die hoofstroom van die Christelike godsdiens afgewyk het. Hierdie boeke word “vals geskrifte” genoem, omdat hulle meestal onder ‘n vals naam (die van ‘n apostel of ‘n ander beroemde persoon) uitgegee is. Die verskil tussen die Ou-Testamentiese en die Nuwe-Testamentiese apokriewe is: 1) Daar is nie ‘n presies omlynde aantal Nuwe-Testamentiese apokriewe nie. Die getal groei ook steeds aan soos wat nuwe boeke deur opgrawings ontdek word. 2) Terwyl daar wel Christelike kerke is wat die Ou-Testamentiese apokriewe as deel van die Ou-Testament beskou, is daar geen kerk wat die Nuwe-Testamentiese apokriewe as deel van die Nuwe-Testament beskou nie. 3) Die Ou-Testamentiese apokriewe is meestal heel stigtelike lektuur en word ook deur baie Bybels uitgegee, terwyl die Nuwe-Testamentiese apokriewe blote versinsels is en leerstellings bevat wat strydig is met die Bybel (35, p1365).

Smith en Bennett wys daarop dat ons wel sekere dinge uit die apokriewe (Ou Testamenties) kan raaksien. Dit is wel ‘n aanduiding van hoe geloof in engele en demone, wat gewild was in die Nuwe-Testamentiese tyd, die Joodse geloof beïnvloed het. Die apokriewe wys dat die verwagting van die Messias baie sterk in die gedagtes van die Jode was toe Jesus op die aarde was en die mense geleer het oor die Koninkryk van God (49, p.30).

Eskatologie verwys na die leer aangaande die eindtyd (35, p1360).

Apokaliptiek verwys na ‘n literatuursoort met die volgende kenmerke: dit is omvangryke visioenêre openbaringe oor God se doel in die geskiedenis en die gang van wêreldgebeurtenisse vanaf die begintyd tot op die eindtyd; dit speel af in ‘n boaardse (kosmiese) ruimte; ‘n hemelse wese is die tussenganger om die visioene te verklaar; dit is gewoonlik die uitdrukking van ‘n minderheid wat nie hulle heil in die bestaande orde sien nie en uitsien na ‘n Goddelike ingryping; simboliek en beelde kom sterk na vore; die lot van regverdiges en goddeloses word finaal bepaal; die eind gebeure is ‘n botsing tussen Goddelike magte en die bose magte; die oorwinning oor die bose lui ‘n nuwe (Messiaanse) tydperk in. Voorbeelde hiervan in die Ou-Testament is boeke uit die latere tydperk soos Joël, Sagaria en Daniël en dele uit Jesaja en Esegiël. In die Nuwe-Testament is dit veral kenmerkend van die boek Openbaring. Een saak wat gemeenskaplik is van al hierdie geskrifte, is die verwagting dat God self sal ingryp in hierdie lewe met al sy smarte en dat Hy die kwaad vir altyd sal verwyder, waardeur ‘n tydperk van vrede en vreugde sal aanbreek (35, p1360).

Septuaginta: Die Griekse vertaling van die Ou-Testament wat die apokriewe boeke insluit (35, p1356)

Vulgaat: Die Latynse vertaling van die Bybel in die Rooms Katolieke tradisie wat die apokriewe boeke op gelyke vlak beskou as die res van die 66 boeke van die Bybel (35, p1356)

Pseudepigrafiese geskrifte: Die naam verwys na die gebruik wat destyds ontstaan het om onder die naam van ‘n bekende persoon van vroeër, soos Adam, Henog, Moses of Jesaja ‘n geskrif die lig te laat sien. ‘n Hele aantal van hierdie boeke is nie onder sulke fiktiewe name geskryf nie, maar is heeltemal anoniem. Hierdie boeke sluit in legendariese geskiedenisse, versamelings van Psalms, wysheid werke en apokaliptiese geskrifte (35, p1356)

Robert van Voorst vestig die aandag op die feit dat hedendaagse toegang tot geskrifte baie wyer strek as in die verlede. Tot ongeveer een-honderd jaar gelede was daar nie baie na Jesus gesoek buite die Nuwe Testament nie. Daar word drie redes gegee hiervoor: 1) Die kanonieke realiteit van die Nuwe Testament (ook die Ou Testament), 2) Skoliere en navorsers van klassieke Romeinse, Joodse en Christelike geskrifte het kleiner getuies oor Jesus gedevalueer wat buite die kanonieke boeke van die Nuwe Testament geval het. Nie-kanonieke literatuur was beskou as afhanklik van die kanonieke geskrifte en ook as onbelangrik om Jesus te verstaan, 3) Die kennis wat ons gehad het oor Jesus, buite die Nuwe Testament, tot ongeveer die tweede-helfte van die twintigste-eeu, was hoofsaaklik afkomstig van die opponente van die kerkvaders van die tweede eeu. Gedurende laasgenoemde tydperk het gnostisisme na vore gekom wat voorgehou het dat kennis van die goddelike wese alleen voldoende is om die menslike siel te red. (34, p1-3).

Die ontdekking van die Dooie See Rolle in 1947 het baie lig gewerp op die geloofsposisie van die Jode gedurende die tyd van Jesus. Die Nag Hammadi geskrifte wat in die woestyn van Egipte ontdek is het direkte toegang verleen aan Christelik-Gnostiese sieninge gedurende die vroeë Christen tye. Met die ontdekking van hierdie Nag Hammadi geskrifte is daar nou meer nie-kanonieke geskrifte beskikbaar as wat daar kanonieke geskrifte beskikbaar is (34, p3).

Die Gnostiese lewensbeskouing het dit voorgehou dat die bewustheid van die geestelike voldoende is om die siel te red. Dr. Stephan Joubert verduidelik in sy praatjie oor die Judas Evangelie (bekombaar by NG Gemeente Moreletapark) dat die Gnostiese ook bekend is daarvoor dat hulle ongewilde karakters, soos Kain, Essau, Judas, ens., geneem het en hulle as helde voorgehou het. Die groot kerkvader, Irenaeus (130-200nC), het ook in sy werk na hierdie dwaalleringe verwys. Die Gnostiese het fiksie soos die evangelie van Phillipus, die evangelie van Thomas en die evangelie van Judas tot gevolg gehad wat valslik onder naam van ‘n apostel geskryf is en ontstaan het na 180n.C.. Dit is dan ook dwaalleer soos hierdie wat mense soos Dan Brown op loop laat gaan met sy eie weergawe van dwaalleer in “The Da Vinci Code”.

4.2 Hoe is bepaal watter geskrifte is deel van die kanonieke boeke?

Daar kan dus gesê word dat sekere geskrifte is deur die Kerk herken as Godgeïnspireerde geskrifte. Deur te kyk na die Bybelse historiese geskrifte kan daar gesien word dat daar hoofsaaklik vyf beginsels is wat as riglyne gedien het om te bepaal of die geskrifte deur God geïnspireerd is (48, p21):

- Was die boek geskryf deur ‘n profeet van God? Indien dit geskryf is deur ‘n verteenwoordiger van God, is dit die Woord van God.
- Is dit wat die skrywer geskryf het bevestig deur optrede van God? Gereelde wonderwerke het die ware profete geskei van die vals profete. Die Here het vir Moses kragtige wonderwerke gegee om te bewys dat hy gestuur is deur die Here (Eksodus 4:1-9), Elia het die vals profete van Baäl verkeerd bewys deur wonderwerke (1 Konings 18), Jesus het baie wonderwerke gedoen om te bewys dat die Here deur Hom werk (Handelinge 2:22).
- Het die boodskap die waarheid oor God, die Here, getuig? God kan Homself nie weerspreek nie (2 Korintiërs 1:17-18), en ook kan God slegs die waarheid praat (Hebreërs

6:18). Met ander woorde, geen boek met valse getuienisse kan die Woord van God wees nie. Dit is hoekom die kerkvaders gehou het by die beginsel: “Indien ons twyfel, gooi ons dit uit”.

- Het die boodskap gekom met die krag van God? Die Woord van God is *“lewend en kragtig”* (Hebreërs 4:12) en het daarom ‘n veranderende krag van leering (2 Timoteus 3:14-17) en evangelisering (1 Petrus 1:22-25). Indien die boodskap van die boek nie sy eie doel bevestig nie, indien dit nie die krag het om ‘n lewe te verander nie, dan is die waarskynlikheid groot dat God nie agter die boodskap is nie. Die teenwoordigheid van God se lewensveranderende krag was ‘n groot aanduiding of ‘n gegewe boek God se goedkeuring wegdra.
- Is die geskrif deur die mense van God aangeneem? Ons kan dit duidelik sien uit Paulus se brief aan die Tessalonisense in 1 Tessalonisense 2:13: *“Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.”* Die mense wat in die beste posisie was om te weet of die geskrif die Woord van God is, is die mense wat die profeet geken het wat dit geskryf het. Indien ‘n boek aanvaar, versamel, gelees en gebruik is deur die mense van God as die Woord van God, dan is dit gesien as ‘n kanonieke boek. Hierdie gebruik kan gesien word in die Bybel self. Een voorbeeld hiervan is waar Petrus herkenning gee aan Paulus se geskrifte is Skrif wat getuig van die Ou Testament se Boodskap: 2 Petrus 3:15-16: *“15 En beskou die geduld wat die Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. 16 Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan ‘n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.”*

Ons kan vandag sekerlik ook, sonder twyfel, weet dat die Bybel se boeke die Waarheid getuig, en dit is Jesus Christus. Daar is reeds meer as 360 Messiaanse profesieë in die Ou Testament wat duidelik deur Jesus vervul is. Sien gerus Bybelstudies op www.matthew28.co.za waarin talle ander waarhede ook getuig dat die Ou Testament profeteer oor die Messias, Jesus Christus, wat verlossing bring vir die mens. Wat wonderlik (bo-menslik) is om te besef, is dat die Skepper Hom in Sy Woord op enige denkbare (menslike) manier openbaar het, en Hy doen dit vandag nog steeds deur die werking van die Heilige Gees aan die wat Sy Woord bestudeer.

5. Die Ou Testament

5.1 Die samestelling van die Hebreeuse Bybel (Ou Testament)

Die Hebreeuse Bybel (ons Ou Testament) staan bekend as die Tanakh. Dit is ‘n woord wat saamgestel is uit die eerste letter van elk van die drie dele van die Ou Testament (50, p178-179).

Torah **A**	Die Wet (Deur Moses geskryf)	Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium
Neviim **A**	Die Profete	Josua, Rigters, Samuel, Konings, Jesaja, Jeremia, Esegiël, die 12 kleiner profete
Ketuvim **H**	Die Geskrifte	Psalms, Spreuke, Job, Die Vyf Boekrolle, Esra, Nehemia, Kronieke

Die eerste vyf boeke van die Ou Testament: Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium staan bekend as die **Torah** of die Pentateug. Dit was die Pentateug wat vir die Joodse volk Heilige Skrif geword het (49, p.14)

Powell wys daarop dat Moses geleerd was as gevolg van sy Egiptiese opvoeding. Net soos Lukas met verskeie dokumente gewerk het om sy werke saam te stel, so het Moses heel moontlik dit ook gedoen. Die Hebreeuse volk was bewus van die feit dat hulle God se uitverkore

volk is en dat Openbaring deur hulle moet geskied tot redding van alles nasies. Dit was vir hulle belangrik om aan te teken wat die Here vroeër aan hulle geopenbaar het. Moses het self getuig van wat die Here aan hom geopenbaar het, en hy het waarskynlik ook met ander outentieke geskrifte gewerk om te getuig. Mense van sy tyd het sy werke as geïnspireerd van God aanvaar omdat hulle so baie wonderwerke gesien het wat die Here deur Moses gedoen het. Hierdie wonderwerke was nie tot voordeel van Moses nie, maar tot voordeel van die ooggetuienisse. Moses het ook in die openbaar bedien sonder om iets vir iemand te probeer wegsteek.

Smith en Bennett verduidelik soos volg: Geen geskrif sal vir lang tydperke die hoë agting van mense geniet, selfs al sê die koning hulle moet, tensy hulle dit waardevol, van hulp en meriete verdien in sy eie reg nie. Om by te voeg, laasgenoemde beteken dat die gebeure dit wat in die skrif bespreek word, moet bevestig.

Smith en Bennett gaan voort deur te verduidelik dat Deuteronomium die mense aangespreek het omdat dit twee belangrike eienskappe van die geloof van Yahweh besit het: 1) Die priesterlike element en, 2) die profetiese element (49, p.12).

Die Jode het dan ook hulle seremonies by hierdie elemente laat aansluit. Dit word byvoorbeeld, onder andere, ook in die boek Deuteronomium aangespreek. Die priesterlike element is ook duidelik gesien in diens by die Tempel. Hierdie diens het ‘n hoogtepunt bereik elke jaar met die Dag van Verootmoediging wanneer die hoëpriester in die Allerheilige van die Tempel (vroeër die Tabernakel) inbeweeg het om vergifnis van sy eie, en die volk se sonde. Jesus Christus het as die Goddelike Hoëpriester, volgens die orde van Melgisedek, gekom en die wet vervolmaak deur versoening te bewerkstellig vir alle gelowiges in Sy verlossingsdaad.

Die profetiese element in Deuteronomium kan ook gesien word in die wyse hoe mense aangespreek word om teenoor mekaar op te tree, wat is reg en geregtig, en wat die Here van ons verwag dag in en dag uit (49, p.13). Die profetiese kom ook sterk deur op verskeie plekke in Deuteronomium wat deur Jesus Christus vervul is. Die gelowige van vandag kan sonder twyfel glo dat Jesus Christus die Messias is wat die Ou Testament volbring het. Een van die baie byvoorbeeld is die Feeste van die Here wat vanaf Deuteronomium 15 af bespreek word (sien gerus die dokument: “Die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here” op http://www.matthew28.co.za). In Deuteronomium 18:15-22 word die Messias duidelik voorspel. Dit kan met sekerheid gesê word dat die Messias, die Aangesig van God, duidelik gesien kan word in elke boek van die Ou Testament (Lees gerus die boek van Ds. Danie Haasbroek: “Die Wonder van Jesus in die Ou Testament”).

Die skrywes van die **Profete (Neviim)** het ‘n belangrike vereiste gehad om aan te voldoen. Daar moes ‘n teken wees, hoofsaaklik ‘n voorspellende profesie, wat moes bevestig dat die persoon namens God praat. Die boodskappe en geskiedenis van hierdie mense is ook as gevolg van dieselfde rede aanvaar en het behoue gebly. Vanaf Moses tot Nehemia was daar ‘n reeks profete van wie se boodskappe neergeskryf is. Die reeks van kanonieke boeke van die Ou Testament is na Nehemia afgehandel en gesluit. Die reeks profete het tot ‘n einde gekom (50, p.182).

Smith en Bennett wys daarop dat Amos die eerste profeet van ‘n groep was wat as die *Letterlike Profete* bekend staan. Amos het ongeveer tydens die agste eeu voor Christus geskryf, ongeveer 750 v.C.. Hosea, Miga en Jesaja het ook ongeveer 750 voor Christus geskryf. Die profeet van die sewende eeu voor Christus waarvan die meeste werke beskikbaar is vandag, is Jeremia. Sy tydgenote was Nahum, Sefanja en Habakuk. Gedurende die sesde eeu voor Christus was Esegiël, Haggai en Sagaria aktief. Die profete wat gedurende die vyfde eeu voor Christus aktief was, was Maleagi, Obadja en Joël. Hierdie profete het spesiale literatuur nagelaat en hulle het getuig dat hulle namens God praat (49, p.16-17).

Smith en Bennett gaan voort deur daarop te wys dat gedurende die tyd van die profete, elke nasie sy eie gode gehad het. Baie mense van Israel het Yahweh gesien as hulle, Israel, se God eksklusief. Die boodskap van Amos was dat die God Yahweh, die God van alle mense is en dat die belangrike van God is, is Sy geregtigheid. Hierdie boodskap van Amos word genoem *Etiese Monoteïsme*. Dit beteken daar is slegs een God wat spesifieke optrede van alle mense verwag. Na Amos het Hosea die verlossingsliefde van God beklemtoon. Gedurende ongeveer dieselfde tyd het Jesaja die lig gewerp op die volmaakte Koning wat sal kom om ‘n nuwe era van geregtigheid te bring. Dit is ook in Jesaja (lees gerus Jesaja 40-53) waar ons kan lees oor die Dienaar wat ly tot verlossing van ander (49, p.18).

Laasgenoemde is nog ‘n duidelike profesie dat Jesus Christus as die Lam van God sal kom om geslag te word tot versoening tussen God en alle mense wat in die Verlossing glo. Dit het dan ook presies so plaasgevind soos wat in die wet gevestig is. Dink byvoorbeeld aan die Feeste van die Here (Levitikus 23 en Deuteronomium 15) wat reeds die profetiese kalender gevestig het. ‘n Kalender wys vir ons wat, wanneer, deur wie en hoekom sal plaasvind. Die boeke van Moses, die Wet, wys vir ons hoe is die verhouding tussen God en die mens gevestig is. Die verbond is gesluit met Abraham met ‘n duidelike profetiese basuin wat blaas oor die Messias

wat sal kom om weer die verhouding te herstel, die nuwe verbond. Die Dienaar van God (doen wat die mens nie kon nie), die Seun van God (Is die Wese van God Self), die Seun van die mens (sodat ons Hom kan ken) = die Gesalfde (Die Messias) het uit die dood kom opstaan nadat almal, van alle tye en nasies, gesien het wat gebeur het, sodat almal kan weet Hy is die enigste Een wat mag het oor lewe en dood. Hy is die enigste Een wat lewe gee, die ewige lewe.

Die oorblywende boeke van die Ou Testament is aanvaar as **Geskrifte (Ketuvim)** om spesifieke redes. 'n Primêre aanduiding hiervan is dat daar kommentare geskryf is oor boeke soos Psalms, Job en Spreuke. Baie voorbeelde hiervan is gevind tussen die Dooie See Rolle. Nie-kanonieke boeke het nie sulke kommentare geïnspireer nie (50, p.182)

'n Baie groot getuie van die outentieke samestelling van die Ou Testamentiese boeke is Jesus self. Doug Powell (50, p.177) wys daarop dat die apostels en ander Jode van die eerste eeu reeds oor die Ou Testamentiese Bybelboeke beskik het, en dit as kanonieke boeke beskou het. Jesus bevestig dat die Hebreeuse Bybel God se Woord is (Lukas 24:44, Johannes 10:31-36, Lukas 24:44, Lukas 11:51).

Daar bestaan vandag genoeg bewyse dat die boeke van die Ou Testament, wat ons vandag in die Bybel lees, alreeds ingesluit was in die Joodse geskrifte waarskynlik voor die vierde eeu voor Christus, maar beslis nie later as 150 voor Christus nie. Ons weet ook wanneer die laaste (met ander woorde, die jongste) boeke van die ou Testament geskryf is. Maleagi is geskryf 450-430 v.C. en Kronieke is nie later as 400 v.C. geskryf nie. Hierdie jongste boeke, tesame met die res van die ou Testament, is ingesluit in die Septuaginta (Die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament) wat reeds tussen 250-150 v.C. saamgestel is (48, p.26-27).

Jesus het dit duidelik gemaak dat die Ou Testament God se openbaring is oor Homself. En dit is ook slegs deur hierdie openbaring wat 'n mens in verhouding met God kan wees. Powell sê dat die raamwerk van die Ou Testament essensieel is om Jesus en Sy leeringe te verstaan. Maar, op Sy beurt, het Jesus se leringe. Lewe, en dood lig gewerp op die Ou Testament (50, p.178). Smith en Bennett sê dat die Wet vorm die fondament van die Ou Testament, die Profete is die mure en die Geskrifte vorm die dak (49, p.22).

5.2 Antieke buite-Bybelse verwysings na die inhoud van die Ou Testament

Buiten die feit dat Jesus en Sy apostels die inhoud van die Ou Testament bevestig het, is daar ook vandag bewyse van nie-gelowiges wat verwys het na die drieledige indeling van die Ou Testament.

McDowell (48, p.28-29) verwys na die volgende:

- Die voorwoord tot die boek Prediker gedateer ongeveer 130 voor Christus. Die outeur se kleinseun skryf: "Die wet, die Profete en die ander boeke van die vaders" wat duidelik wys op die drieledige indeling van die Hebreeuse Bybel.
- Net na die tyd van Christus, ongeveer 40 na Christus (onthou Christus is ongeveer 33 n.C. gekruisig) skryf Philo oor die drieledige indeling van die Hebreeuse Bybel deur te verwys na "die Wet, die Profete (of Profesieë) en ook die Psalms en die ander wat volmaakte kennis bewerkstellig."
- Die Joodse historikus, Josephus, wat aan die einde van die eerste eeu na Christus geskryf het oor die drieledige indeling van die Ou Testament. Hy skryf soos volg: *"En hoe deeglik het ons erkenning gegee aan die boeke van ons eie nasie kan gesien word in wat ons doen: want deur so baie eeue wat reeds verby is, niemand was so braaf om enigiets daarby by te voeg of weg te neem nie, of om enige veranderinge te maak nie, maar dit het natuurlik geword vir elke Jood, onmiddellik en tydens hulle geboorte, om hierdie boeke te beskou as boeke wat Goddelike leeringe bevat, en om vas te hou aan hulle, en indien nodig, te sterf vir hulle. Dit is niks nuuts vir ons gevangenisse nie, en daar is baie van hulle, en gereeld ook, wat gesien kan word wat op verskeie maniere doodgemaak word in die teaters, en hulle waag nie om een woord te sê teen ons wette, en die boeke wat hulle bevat nie."*

Ons kan met sekerheid vandag weet dat die inhoud van die Bybel (in hierdie geval die Ou Testament) outentiek aan ons nagelaat is, en nie deur een of ander vergadering, of kerkraad, of kerkvader bepaal is nie.

5.3 Die verskil tussen die oorspronklike Hebreeuse Tanakh en die Ou Testament van vandag

Die Ou Testament bevat 39 boeke en die Tanakh bevat 24 (of 22 afhangende of Rut beskou is as die einde van Rigters en Klaagliedere die einde van Jeremia). Die boeke wat dieselfde naam het, is soms in verskillende volgordes. Indien dit bestudeer word, kan egter gesien word dat dit identiese teks bevat en slegs in uitleg (of formaat) verskil.

Die langer boeke van die Tanakh, soos Kronieke, Konings en Samuel is in die Ou Testament opgedeel. Die kleiner profete (met “kleiner” word bedoel die profete wat nie so baie geskryf het nie, maar is ewe belangrik) is almal saamgevat as een boek in die Tanakh. Hierdie herformatering van die Tanakh na die Ou Testament wat ons vandag het, is nie gedoen deur die vroeë Christene nie, maar wel deur die Jode self. Dit het gebeur toe die Tanakh in Grieks vertaal is ongeveer 250 jaar voor die geboorte van Jesus Christus. Hierdie Griekse vertaling van die Tanakh staan as die Septuaginta bekend. Na die hellenisering van Palestina en Egipte in die vierde eeu voor Christus deur Alexander die Grote, het baie Jode Grieks gepraat as moedertaal. Ptolemy Philadephus, koning van Egipte, het opdrag gegee dat die Torah in Grieks vertaal word. Hy het die hoof priester in Jerusalem, Eleasar, die opdrag gegee om die werk te doen. Eleasar het gereël vir ses vertalings van elk van die twaalf stamme van Israel. Dit het dus veroorsaak dat 72 mense verantwoordelikheid aanvaar het vir die werk. Die 72 is waarskynlik afgerond na 70 wat die naam “Septuagint”, wat sewentig beteken, vandaan kom (ook verwys na as die “LXX” wat die Latynse weergawe van 70 is).

Teen 150 voor Christus is die Neviim en Ketuvim ook na Grieks vertaal. Gedurende die eerste eeu voor Christus het die Septuaginta die standaard weergawe van die Ou Testament geword wat deur die Jode in diaspora (weggevoer van hulle land) gebruik is. Die Jode in, en om Jerusalem, het steeds die Hebreeuse weergawe gebruik (50, p.184-185).

5.4 Wat is die Talmud?

McDowell som die Talmud op as ‘n antieke versameling van wette van die rabbis, besluite geneem ten opsigte van die wette en kommentare oor die wette van Moses. Dit het die gebruike van die Joodse mense bewaar (48, p.28).

Ongeveer 70 na Christus het ‘n groep mans, wat as die Talmudde bekend gestaan het, die verantwoordelikheid opgeneem om kopieë te maak van die Hebreeuse Tanakh. Hulle het baie streng reels neergelê om te verseker dat die kopieë betroubaar is. Powell (50, p.188) wys op die reels:

- Elke bladsy moet dieselfde hoeveelheid kolomme bevat
- Die kolomme moes ten minste 48 lyne lank wees, maar nie meer as 60 nie
- Elke lyn moes 30 letters lank wees
- Die spasiëring tussen die letters, lyne, seksies en boeke moes ook spesifieke reels navolg
- Die Torah moes eindig presies op die einde van ‘n lyn
- Niks, nie eers ‘n gedeelte van ‘n letter, mag van die geheue geskryf gewees nie
- Die ink moes swart wees en moes op ‘n spesifieke manier voorberei gewees het
- Die Naam van God mag nie die eerste iets gewees het wat geskryf word nadat die pen in die ink gedoop is nie
- Die kopieerder moes spesifieke klere dra en moes spesifieke reels nakom ten opsigte van om te was

Vir die Jode was die nuutste en mees goed bewaarde weergawe van die Tanakh aanvaarbaar. Indien hulle op ‘n ou weergawe afgekom het wat reeds verwaarloos was, het hulle dit of verbrand, of vir skole gegee om uit te leer. Dit is een van die redes hoekom daar vandag so min antieke weergawes van die Tanakh beskikbaar is. Dit is nie die geval met die Nuwe Testament nie. Daar is vandag ‘n groot verskeidenheid van manuskripte van die Nuwe Testament beskikbaar.

5.5 Die Dooie See Rolle

Die papirus waarop die Tanakh (en Ou Testament) geskryf is het gou verrot. Die klimaat in Palestina het ook daartoe bygedra. Geskrifte wat die beste behoue gebly het, is die wat bewaar is in kleipotte wat hulle weggehou het van vog, en ander omgewingstoestande. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die Dooie See Rolle. Die Dooi See Rolle is deur ‘n skaapwagter in 1947 ontdek in ‘n grot naby Qumran by die Dooi See. Die skaapwagter het ‘n paar kleipotte gekry waarin manuskripte gebêre was geskryf op perkamente.

Ongeveer 270 grotte is in die omgewing deursoek en tien van hulle het nog manuskripte opgelewer. Meer as 40,000 fragmente is gekry van 500 verskillende boeke en geskrifte. Tussen hierdie boeke is elke boek van die Ou Testament aangetref behalwe die boek Ester. Powell wys daarop dat dit belangrik is om te besef dat hierdie manuskripte dateer van die derde eeu voor Christus (‘n gedeelte van Samuel) tot die eerste eeu na Christus. Dit is baie ouer as enige ander manuskripte wat op daardie stadium beskikbaar was (50, p.190-191).

Vergelyking tussen hierdie manuskripte en die wat reeds beskikbaar was, het gewys dat dit meer as 95% ooreengestem het. Die 5% wat verskil het, was slegs spelfoute en kopiërings foute. Die bietjie verskille wat daar was, het geen verandering in die boodskap van die teks self veroorsaak nie.

Die Dooie See Rolle is nog ‘n bewys van hoe akkuraat en outentiek die Bybel is.

6. Die samestelling van die Nuwe Testament

6.1 Die vroeë kerk het basies drie vereistes gehad om te bepaal watter dokumente is outentiek (30, p 66):

6.1.1 Die boeke moet beskik oor apostoliese outoriteit.

Met ander woorde dit moes geskryf gewees het deur die apostels self wat ooggetuienisse was, of deur volgelinge van die apostels wat getuig oor wat die apostels hulle meegedeel het. Matteus en Johannes is deur apostels self geskryf. Markus was Petrus se helper en Lukas was Paulus se helper (30, p 66). Geisler en Turek vestig ook die aandag hierop deur daarop te wys dat Jesus die profesieë van die Ou Testament volmaak vervul het, Jesus het ook Sy ooggetuies outentiek bevestig deur hulle in staat te stel om in Sy Naam wonderwerke te verrig. Jesus het dan ook, onder andere, aan hierdie ooggetuies verskyn na Sy opstanding uit die dood. Dit het dan van hierdie ooggetuies apostels gemaak (wonderwerke gedoen en ooggetuies van opgestane Jesus). Die afleiding word dan gemaak dat, volgens Jesus, die Nuwe Testament slegs boeke sou bevat wat self deur die apostels geskryf is of deur die apostels bevestig is. Johannes, wat al die apostels geken het, het ‘n dissipel gehad met die naam van Polycarp (69-155 n.C.) en Polycarp het ‘n dissipel gehad Irenaeus (130-202 n.C.). Polycarp en Irenaeus het gesamentlik 23 van die 27 Nuwe Testamentiese boeke aangehaal as outentiek. Irenaeus het spesifiek die outeurskap van al vier die Evangelies bevestig. Hier kan bygevoeg word dat deur middel van die historikus, Eusebius, weet ons dat Papias (60-120 n.C.) die outeurskap van Matteus en Markus bevestig het. Niemand betwyfel die outeurskap van Paulus se briewe nie. Dit het dus van die kanonieke boeke ‘n lys van outentieke boeke gemaak eerder as ‘n outentieke lys van boeke. Die boeke van die Nuwe Testament is onmiddellik deur die kerkvaders as outentiek aanvaar en is in 393 n.C. offisieel deur die Raad van Hippo as outentiek aanvaar (22, p367-368).

John Blanchard (7, p209) verwys daarna dat die drastiese verandering in die dissipels se optrede die finale oortuiging vir baie was dat Jesus wel die Messias is. Na die kruisiging het al die dissipels weggekruip soos lafaards en het gevrees vir hulle lewens. Tog skielik na die hemelvaart, het hulle almal dapper, en sonder twyfel, getuig. Behalwe Johannes, is almal gemartel en doodgemaak as gevolg van hulle oortuiging. Dit is duidelik dat Jesus aan hulle verskyn het en hulle die finale oortuiging gegee het dat Hy God is. Volgens Jesus Freaks (8, p 19) is 11 van die apostels tereggestel omdat hulle getuig het oor Jesus, behalwe Johannes wat Openbaring geskryf het in ballingskap op die eiland Patmos.

6.1.2 Die kriteria van bevestiging

Met ander woorde, die dokument moes voldoen aan die gesag van die geloof. Die dokument moes inpas by die basiese Christelike tradisie wat deur die kerk as die norm beskou is. Om by te voeg, ‘n mens moet in gedagte hou dat die vroeë kerk waarna hier verwys word het ontstaan in die tyd van die apostels self en ook deur hulle. Die lidmate van die kerk was mense wat Jesus self gesien en onderrig van Jesus self ontvang het. Die apostels, wat baie naby aan Jesus was en ook die Heilige Gees ontvang het, het die “tradisie” voortgedra. Hier kan dus verwys word na die ware norm of tradisie! (30, p 66)

6.1.3 Die dokument moes deurlopend aanvaarding geniet deur die kerk

Die dokument moes ook deurlopend deur die kerk gebruik word. Om by te voeg, die vroeë outentieke kerk het veroorsaak dat die boeke van die Nuwe Testament kanonies (kerkregtelik) geword het want dit het voldoen aan die lidmate van die kerk se eie verwysingsraamwerk van wat hulle self gesien het, deur die Meester en apostels self geleer is, en geweet het. Ons kan ook sê dat die boeke van die Nuwe Testament is deur die waarheid saamgedra. Strobel gaan voort deur daarop te wys dat dit is belangrik is om te besef dat die kanonieke boeke (Bybelboeke) is ‘n lys van outoritêre boeke en nie ‘n outoritêre lys van boeke nie. (30, p 66)

Geisler en Turek wys op die volgende: Die Nuwe Testament bestaan uit 27 verskillende dokumente wat op 27 verskillende boekrolle geskryf is deur 9 verskillende skrywers oor ‘n 20- tot 50-jaar periode. Die boodskap van die Bybel word ondersteun deur amper 5,700 Griekse manuskripte en meer as 9,000 manuskripte in ander tale soos byvoorbeeld Siries, Kopties, Latyn en Arabies. Geen ander historiese dokument kom eers amper naby aan hierdie mate van bevestiging nie. Die Nuwe Testament geniet nie net ondersteuning van talle manuskripte nie, maar manuskripte is ook beskikbaar wat kort na die oorspronklike geskrifte geskryf is. (22, p224-225)

6.2 Paulus se getuienisse

Paulus, wat eers Saulus was, was ‘n sterk vervolger van die Christene. Hy was ‘n fariseër en het geglo dat die Evangelie van Jesus dwaalleer inhou ten opsigte van die Joodse geloof. Hy het byvoorbeeld ook die steniging van die eerste diaken van die Kerk, Stefanus, goedgekeur en het bygestaan toe dit gebeur het (Handelinge 7:58 en Handelinge 8:1). Op pad na Damaskus, juis om die Christene te vervolg, het die Here Jesus aan Paulus verskyn (Handelinge 9) wat sy lewe verander het en hom een van die grootste getuienisse en apostels van Jesus Christus gemaak het om die Evangelie aan die heidennasies te verkondig. Dit is ook belangrik om die detail wat in die Bybel weergegee word raak te sien. Hierdie is nie ‘n storie nie, dit het werklik gebeur.

In Handelinge 9 word duidelik tot selfs die adres (Reguitstraat, Handelinge 9:11) gegee waarheen Paulus gegaan het, die name van ander mense wat hom kom sien het word genoem, ensomeer. Paulus het dan ook baie deurgemaak vir die verkondiging van die Evangelie en is aan die einde onthoof in Rome ter wille van sy getuienis. Geen mens sou dit doen vir ‘n storie, of ‘n leuen nie! Dit is veral indrukwekkend indien ‘n mens besef dat nie net die apostels ALMAL hulle lewens gegee vir hulle getuienis nie, maar dat daar duisende Jode gedurende hierdie tyd doodgemaak is vir hulle geloof. Hulle het dan vir Jesus gesien, en self na Jesus se opstanding uit die dood, verstaan wat hulle Hebreeuse Bybel vir hulle vertel het, dat Jesus die Messias is, die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, gebore uit die nageslag van Dawid, die Dienaar van God wat vir hulle ewige versoening met die Here kom bewerkstellig het.

Paulus het baie briewe aan gemeentes van die antieke wêreld geskryf en baie van hulle ook besoek om hulle te help om ‘n verhouding met Jesus Christus, die Wese en Aangesig van God, te kan hê. Sy briewe maak ‘n groot deel uit van die Nuwe Testament wat ons vandag die voorreg het om te kan lees. Paulus het ook op verskeie geleenthede getuig van die Goddelike openbaringe wat hy ontvang het. Onthou hierdie openbaringe is in lyn met die verlossingsplan van God wat reeds in die Ou Testament voorspel is:

2 Korintiërs 12:2: *"Ek ken 'n man wat aan die Here behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde Hemel....."* Volgens die Bybel in Praktyk was hierdie 'n Joodse manier om te sê dat jy in die teenwoordigheid van God was. Kyk ook na Galasiërs 1:11-12: *"[11]Dit moet julle goed besef broers: die evangelie wat ek verkondig is nie deur 'n mens uitgedink nie.[12]Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee."* Kyk ook na Galasiërs 2:1: *"Veertien jaar later het ek weer Jerusalem toe gegaan....."*

Paulus skryf aan die Korintiërs (2 Korintiërs 12:12) as volg*: “Die dinge wat ‘n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade.”* Die outeur sou beslis nie so-iets aan sy lesers skryf, veral as dit aan die groep self gerig is, indien dit nie akkuraat was nie. Hy het werklik, toe hy hulle besoek het, tekens, wonders en kragtige dade gedoen. Anders sou hy dit nie vir hulle gesê het nie, want hulle sou nie saamgestem het met hom indien dit leuens was nie! Die ander eienskap van ‘n apostel, waaraan Paulus voldoen, is dat hy die opgestane Jesus Christus Self gesien het.

Paulus se brief aan die Galasiërs wys op die realiteit van Jesus se verskyning aan Paulus. Hy herinner die gemeente aan die tyd toe hy blind by hulle aangekom het. Indien dit nie plaasgevind het nie sou hy nie so openlik in 'n brief daarna verwys het nie. Nie met so baie ooggetuienis nie. Galasiërs 4:14-16: *"[14]En al was my toestand vir julle 'n versoeking om my te verag of selfs te verfoei, het julle dit nie gedoen nie. Inteendeel, julle het my ontvang asof ek 'n engel van God was, ja, asof ek Christus Jesus self was. [15]Julle was so bly daaroor, wat het nou van julle blydskap geword? Dit kan ek van julle getuig: As dit moontlik was, sou julle julle oë uitgeruk het en vir my gegee het. [16]Het ek nou julle vyand geword deurdat ek die waarheid aan julle voorhou?"*

Paulus getuig hoe God geheimenisse aan die apostels openbaar het. Efesiërs 3:3-5

Paulus getuig hy praat die waarheid: 1 Timoteus 2:7: *"Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, en as leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie."*

Paulus getuig dat die Here met hom praat: Titus 1:3: *"Nou het Hy op die bestemde tyd sy woord bekend gemaak deur die prediking wat as opdrag aan my toevertrou is deur God ons verlosser."*

Robert Coleman sê: "It was clear that the Master considered no service to small nor sacrifice to great when it was rendered for the glory of God. They may not always understood it, and certainly could not explain it, but they could not mistake it (51,p 63)

Robert Coleman: "Such a demonstration of love through them was the way the world would know that the Gospel was true. How else would the multitudes ever be convinced? (51, p64)

Die apostels is tot die dood toe gemartel is met die opsie om afstand te doen van dit waaroor hulle getuig. Indrukwekkend is die verandering wat hierdie persone ondergaan het. Tydens die kruisiging het hulle gevlug soos lafaards maar tog was hulle later bereid om hulle lewens op te offer vir hulle getuienis! Wat het die verandering veroorsaak? Antwoord: Hulle het besef dat hulle met God Self te doen het toe hulle self met die opgestane Jesus Christus kontak gemaak het.

6.3 Die apostels het nie vir geld gewerk nie

Jesus Christus het Sy dissipels uitgestuur met die opdrag om te dien, en nie geld in te samel nie. Sien Jesus se woorde soos getuig in Matteus 10:8: *"Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."*

Die apostels het Jesus se opdrag uitgevoer en self hulle brood verdien. Sien byvoorbeeld Paulus se woorde:
2 Tessalonisense 3:7-8: *"[7]Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg. Ons het nie daar by julle leeggelê [8]of op ander geteer nie. Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle 'n las te wees nie."*

1 Tessalonisense 4:11-12: *"[11]Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het. [12]Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie."*

Die apostels het selfs geweet dat hulle vir hulle getuienis doodgemaak gaan word Sien Petrus se woorde: 2 Petrus 1:14: *"Ek weet dat my dood nie meer vêr is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak*." In Johannes 21:18-19 kan ons Jesus se woorde aan Petrus lees: *"[18]'Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.' [19]Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik. Daarna sê Hy vir hom: 'Volg My!'"*

6.4 Die Vier Evangelies

Irenaeus (130-200nC) het daarop gewys dat daar slegs 4 Evangelies moet, en kan, wees in die Nuwe Testament. Hy het sy stelling gefundeer op grond van die vier windrigtings en vier lewende wesens (Openbaring 4:6-11). Irenaeus het ook gesê dat die vier Evangelies moes nie slegs apostoliese outeurskap hê nie, maar moes ook deur die Kerk aanvaar wees. Die aantal Gnostiese evangelies wat daardie tyd begin ontstaan het, is deur hierdie stelling uitgeskakel (14, p.3).

6.4.1 Tydperk geskryf

Strobel verwys na Prof. Craig L. Blomberg se navorsing as volg (30, p32-36):

- Die Evangelies is geskryf tydens die leeftyd van verskeie ooggetuienisse. Sekerlik sou vyandige ooggetuienisse die Evangelieskrywers teëgegaan het indien daar onwaarhede weergegee is.
- Die boek Handelinge is deur Lukas geskryf en die hoofkarakter in die boek is Paulus terwyl hy in huisarres was. Daar word nie melding gemaak van Paulus se dood nie, met ander woorde, Handelinge is geskryf voordat Paulus gedood is. Dit kon dus nie later as 62 n.C. geskryf gewees het nie.
- Die boek Lukas is ook deur Lukas geskryf en is voor Handelinge geskryf. Met ander woorde lank voor 62 n.C. Indien mens in gedagte hou dat Christus gedurende 30-33 n.C. gekruisig is, was die oorsprong van hierdie Evangelies ten minste binne 'n tydperk van 30 jaar na Christus.
- Paulus se bekering het ongeveer twee-jaar na die kruisiging van Christus plaasgevind. Sy briewe, wat voor die Evangelies geskryf is, sluit geloofsbelydenisse in wat in die vroeë kerk gebruik is soos byvoorbeeld Filippense 2:6-11 en Kolossense 1:15-20. Volgens Blomberg is die mees belangrike geloofsbelydenis die een in 1 Korintiërs 15:3-8: *"[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas (Petrus) verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."* Blomberg wys daarop dat Paulus se eerste ontmoeting met die apostels gedurende 35 n.C. moes plaasgevind het. Met ander woorde die getuienisse wat Paulus aangehoor het, asook sy eie openbaring en sy daaropvolgende skrywe dateer ten minste binne twee- tot vyf-jaar van die werklike gebeure.

6.4.2 Die Outeurs

Die Evangelies is deur die apostels van Jesus Christus geskryf, of deur hulleself, of deur hulle helpers. Die woord apostel beteken boodskapper. Indien daar gekyk word na die Bybelse apostel wat die Evangelies nagelaat het, is daar ‘n besondere definisie van so ‘n apostel: 1) Hy kan wondere doen in die Naam van Jesus, en 2) hy het die opgestane Jesus persoonlik gesien. Dit is slegs mense soos hierdie wat werklik ons die versekering kon gee van wat hulle gesien gebeur het sodat ons vandag kan glo aan wat hulle as getuienisse vir ons agtergelaat het.

Die dissipels van Jesus het beslis die opgestane Jesus gesien en mee kontak gemaak. Dit het hulle laat verander na getuienisse tot die dood omdat hulle besef het dat hulle met God self te doen het. Dit is dan ook hulle wat die Nuwe Testament vir ons agtergelaat het en die Kerk van God op aarde gevestig het. Geisler en Turek wys daarop dat, ten spyte van al die argumente teen die Evangelie van Jesus Christus, die beste verduideliking is om wel te glo dat Hy wel wondertekens gedoen het en dat Hy werklik uit die dood opgestaan het, soos Hy self voorspel het (22, p315).

Daar is vier Evangelies in die Nuwe Testament van die Bybel: Matteus, Markus, Lukas en Johannes. Die Evangelieskrywers: Matteus en Johannes was self ooggetuies wat die gebeure neergeskryf het wat hulle gesien het. Strobel wys ook daarop dat Matteus ‘n belastinggaarder was. Hy was dus nie baie gewild onder die volk nie maar is steeds gebruik om hierdie Evangelie neer te skryf. Indien dit ‘n klug was, sou iemand anders gebruik gewees het as Matteus (30, p23). Die Matteus Evangelie is oorspronklik deur Matteus, in opdrag van die ander apostels, geskryf vir gebruik in die werk van die apostels binne Jerusalem. Die bedoeling was om die bediening van Jesus Christus op aarde saam te vat hoofsaaklik vir mense wat van Jesus geweet het omdat Jesus tussen hulle rondbeweeg het.

Die Lukas Evangelie is deur Lukas geskryf. Lukas word deur alle historici beskou as ‘n baie betroubare outeur wat feitelik navorsing gedoen het. Paulus het ‘n Evangelie nodig gehad om die boodskap aan mense oor te dra in ander gebiede waar daar mense was wat nie Jesus Self geken het nie. Paulus het sodoende vir Lukas opdrag gegee om die Matteus Evangelie feitelik na te vors en ‘n dokument daar te stel wat aan die heidennasies verkondig kan word. Lukas getuig self in Lukas 1:1-4 dat hy feitelik navorsing moes doen: *“[1]Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om ‘n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. [2]Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. [3]Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. [4]So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”* David Black wys daarop dat Lukas die Evangelie van Matteus feitelik gaan navors en bevestig het deur met ander ooggetuies te gaan praat om sodoende ‘n Evangelie te skryf wat Paulus buite Jerusalem kon gebruik by mense wat nie Jesus persoonlik geken of van geweet het nie (31, p23).

Markus was die helper van Petrus en het Petrus se toesprake neergeskryf. Die Markus Evangelie is dus ook ‘n beskrywing van die van ‘n ooggetuie, naamlik Petrus (31, p26). Black beweer dat Petrus die apostoliese ooggetuie was wat die Lukas Evangelie bevestig het deur dit te vergelyk met die Matteus Evangelie tydens praatjies wat hy gehou het. Petrus het tot ‘n groot mate met ‘n Romeinse gehoor gepraat en het die Matteus en Lukas Evangelies bevestig deur sy eie weergawes te vertel van waar hy self as persoon teenwoordig was tydens die oorspronklike gebeure. Die gebruik in daardie tyd was dat ‘n spreker, en veral met ‘n Romeinse gehoor, ‘n persoon moes gebruik om neer te skryf wat hy te sê gehad het. Die praatjies is dan na die tyd aan die gehoor beskikbaar gestel. In Petrus se geval het Markus hom gehelp om sy praatjies neer te skryf wat sodoende vir ons vandag die Markus Evangelie daargestel het (31, p77).

Johannes, die dissipel wat baie na aan Jesus was, het dit nodig geag om die Goddelikheid van Jesus te beklemtoon. Johannes het geweet wat alreeds deur Matteus, Lukas en Markus neergeskryf was en het dit nie nodig gevind om weer alles weer te gee nie. Hy het ook gesien hoe kettery teen die Evangelie ontstaan het en het toe in ongeveer 95 n.C. die Johannes Evangelie geskryf (31 p 31). Sien Johannes 20:31: *“Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.”*

Dr Witherington wys op die volgende: Al sou mens die hele Evangelie van Johannes verwyder sal daar geen nie-Messiaanse Jesus gevind word in enige van die ander Evangelies nie. Dit is net nie daar nie (30, p138). Jesus word deurgaans, onomwonde voorgehou as die Messias.

Smith en Bennett wys daarop dat die Johannes Evangelie dieselfde Jesus bekend stel as die drie sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas), maar die fokus is anders. Teen die begin van die tweede eeu na Christus (die tyd wanneer Johannes sy Evangelie geskryf het) het die Kerk verwyder geraak van die Joodse geloof. Baie Christene was afkomstig van Griekse en

Romeinse lande. Hulle het nie die agtergrond gehad, soos die Jode, oor die verwagting van die Messias wat sou kom nie (49, p.36-37). Die Johannes Evangelie het die Goddelikheid van Jesus vir die vreemdeling beklemtoon. Die Johannes Evangelie het ook die Jood wat aan die wet vasgeklou het gehelp om te verstaan dat Jesus die wet volbring het. Voordat die Johannes Evangelie verskyn het, is die sinoptiese Evangelies versprei as aparte boeke. Hulle was baie gewild onder die Christene en toe die Johannes Evangelie verskyn het, het dit ook baie gewild geword.

Smith en Bennett beklemtoon dat ‘n doktrine is ‘n geloof, of idee, wat iemand, of ‘n groep, glo is die waarheid. Die Grieke het daarvan gehou om te besin oor hulle gelowe en idees se relatiewe verhouding tot die wese van lewe en die wêreld. Die apostel Johannes het geweet hoe om hulle aan te spreek. Hy begin nie, soos die ander Evangelies, met die geslagsregister van Jesus en die verhaal van die geboorte van Christus nie, maar begin met ‘n filosofiese aanslag deur te sê dat Jesus die lewende God is wat mens geword het. Die woord Evangelie (Gospel) beteken goeie nuus. Ons dink aan die vier Evangelies as vier weergawes van die lewe van Jesus. Maar hulle is nie net geskryf om die Jesus storie te vertel nie, maar om mense te oortuig dat Jesus was, en is, God met ons (Immanuel). Die verhaal word vertel om ‘n boodskap oor te dra, en hierdie boodskap is die goeie nuus van Jesus (49, p.37-38).

Sommige geleerdes van die antieke geskrifte beweer dat daar nog ‘n dokument beskikbaar was, buiten die vier Evangelies, wat as bron kon gedien het saam met die Markus Evangelie. Hierdie dokument is volgens hulle nie meer vandag beskikbaar nie, maar die inhoud daarvan kan afgelei word uit ooreenkomste binne die sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas). Met ander woorde, die outeurs van die sinoptiese Evangelies het hierdie dokument tot hulle beskikking gehad wat veroorsaak het dat hulle dele daarvan in hulle eie dokumente gebruik het in die proses van bevestiging van waaroor hulle self getuig het. Daar word algemeen na hierdie dokument verwys as “Q” (Q is ‘n afkorting van die Duitse woord, Quelle, wat bron beteken). Van Voorst verduidelik hierdie hipotese as volg: Die skrywer van die Lukas Evangelie (asook Matteus) het twee hoof bronne gebruik. Eerste is die Evangelie van Markus wat ongeveer een derde van Lukas bevat. Met slegs ‘n paar uitsonderings, volg Lukas Markus se volgorde en neem ook groot dele van sy inhoud oor. Beide onderrig en vertellings. Die tweede bron is Q waarvan ongeveer een vyfde in Lukas voorkom. Lukas het moontlik ook ander bronne gebruik (oraal en geskrewe) wat uniek is tot sy Evangelie. Daar word dan na hierdie ander bronne verwys as “L”. The inhoud wat uniek is tot Lukas maak ‘n groot deel uit van Lukas tot soveel as die helfte daarvan. Navorsing met betrekking tot die historiese Jesus is sterk bevestigend tot dit wat in die Lukas Evangelie aangetref word. Die Matteus Evangelie bevat baie inligting oor Jesus wat nie in die ander Evangelies aangetref word nie. Matteus volg tot ‘n groot mate die volgorde van Markus en die unieke materiaal ten opsigte van Matteus word na verwys as “M”. Daar word dan beweer dat M alle materiaal bevat wat uniek is aan Matteus, insluitende Q materiaal wat groot genoeg verskil van Lukas om sodoende ‘n ander vorm van Q voort te bring (34, p136-148). Dit is duidelik dat die “Q” teorie slegs ‘n hipotese is. Die verklaring voor hierdie paragraaf wat handel oor die Evangelies as eerste en oorspronklike dokumente maak meer sin in konteks tot die gebeure en getuienisse van die tyd.

Daar bestaan vandag dus verskille tussen geleerdes van die antieke geskrifte met betrekking tot watter Evangelie eerste geskryf is. Die belangrike om egter in gedagte te hou is die volgende feite waaroor niemand twyfel nie:

- Die Evangelies wat ons vandag in die Bybel aantref dateer almal vanaf die tyd van die outeurs self. Later in die dokument word hierdie feit in meer detail bespreek.
- Die outeurs van die Evangelies is almal of die apostel self, of ‘n direkte helper van die apostel. Dit is beslis nie soos die apokriewe, en Gnostiese, geskrifte waar iemand tussen 150 tot 600 jaar na die gebeure onder die naam van ‘n apostel geskryf het nie.
- Die outeurs van die Evangelies het hulle lewens gegee vir dit waaroor hulle getuig het.
- Die outeurs was almal ooggetuies van die gebeure waaroor geskryf is.
- Die apostels wat gesorg het dat ons vandag die Nuwe Testament tot beskikking het, het almal voldoen aan die twee eienskappe van ‘n ware apostel: 1) Hy het die opgestane Jesus self gesien, en 2) Hy het wonderwerke in die naam van Jesus verrig. Ons kan dus sonder twyfel glo wat hulle vir ons nagelaat het.

Die oorsprong van die Evangelies is duidelik in lyn met God se verlossingsplan vir die mens, die Messias. Dit is nie geskryf in afsondering in ‘n grot, of in afsondering ontdek buite konteks van enige profetiese realiteite, of slegs geskoei om menslike wellus nie. Dit is die Woord van God. Daar is ook nie plek vir enige sogenaamde hernude, of laaste, openbaring van God aan die mens na Jesus nie, want dit val nie profeties in by dit wat die Hebreeuse Bybel voorspel het nie. Daar is slegs een wonderlike openbaring, en dit is die Messias, Jesus Christus.

Strobel verwys ook na Prof. Blomberg wat die stelling maak dat die outeurs van die Evangelies nie sou materiaal insluit wat hulleself in ‘n slegte lig stel indien hulle vals wou wees nie. Om die

waarheid te sê, al wat hulle bewustelik in die proses behaal het is kritiek, verwerping en marteling tot die dood. Dink byvoorbeeld aan die volgende:

- Markus het die woorde van Petrus self vasgelê soos wat Petrus getuig het, en Markus gee nie ‘n skaamtelose beeld van Petrus nie, om by te voeg, daar word nie doekies omgedraai nie. Byvoorbeeld Petrus wat vir Jesus verloën (Markus 14:66-72).
- Jakobus en Johannes se versoek aan Jesus (Matteus 20:20-28, Markus 10:32-34, Lukas 18:31-34) wat duidelik toon dat hulle op daardie stadium vir Jesus verkeerd verstaan het.

Blomberg gaan voort deur te bevestig dat die Evangelieskrywers selektief was. Hy verwys na wat Johannes sê aan die einde van sy Evangelie: Johannes 21:25*: “Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.”* Die punt wat Blomberg hier maak is as volg: Indien die Evangelieskrywers nie hulle weg oopgesien het om dinge te getuig wanneer dit gemaklik en behulpsaam was om so te maak nie, is daar genoeg gronde om te glo dat hulle nie dinge sou skep met geen historiese gronde nie (30, p49-50).

Geisler en Turek lys ‘n paar feite waar die Nuwe Testamentiese outeurs in ‘n slegte lig gestel word om daardeur te bevestig dat hulle nie geskroom het om oor die waarheid te getuig nie. Hulle sou beslis nie stories uitgedink het om hulle self in ‘n slegte lig te stel nie en ook hulle lewens in gevaar te stel nie (22, p276):

- Hulle het gereeld nie vir Jesus reg verstaan nie (Markus 9:32; Lukas 18:34; Johannes 12:16)
- Hulle was gevoelloos – hulle het twee keer aan die slaap geraak wanneer Hy vir hulle gevra het om te bid (Markus 14:32-41)
- Hulle is tereggewys – Petrus is “Satan” genoem deur Jesus (Markus 8:33), en Paulus wys vir Petrus tereg om nie verkeerd te wees met betrekking tot ‘n teologiese aspek nie (Galasiërs 2:11)
- Hulle is lafaards – behalwe een (Johannes) het al die dissipels gaan wegkruip toe Jesus na die kruisiging geneem is. Petrus verloën Jesus drie-maal nadat hy belowe het dat hy nie sou nie (Matteus 26:33-35)
- Hulle is twyfelaars – ten spyte van die feit dat die dissipels verskeie male geleer is dat Jesus uit die dood sou opstaan (Johannes 2:18-22; 3:14-18; Matteus 12:39-41; 17:9, 22-23) is hulle steeds twyfelagtig toe hulle van Sy opstanding te hore gekom het. Sommiges was self twyfelagtig nadat hulle Hom gesien het na Sy opstanding (Matteus 28:17)

Strobel wys ook daarop (met behulp van Prof. Blomberg) dat indien die Evangelies gebeure onakkuraat beskryf het, sou ander ooggetuies wat teen die beweging was, die teendeel probeer beskryf het. Daar was baie weerstand teen die beweging (ontstaan van die kerk van Jesus Christus) maar geen ooggetuie het teen die van die Evangelieskrywers getuig nie. Hulle het ook nie eers gepoog om die geskiedenis beter te beskryf nie.

Geisler en Turek vra die vraag: “Watter moontlike motief kon die Nuwe Testamentiese skrywers gehad het om die beskrywing van die Opstanding van Jesus uit die dood, op te maak sou dit ‘n klug gewees het?” Die realiteit van oorhandiging, vervolging, marteling en die dood sou beslis niemand gemotiveer het om so ‘n “storie” op te maak nie. Die Nuwe Testamentiese skrywers moes beslis ooggetuies gewees het van baie sterk bewyse om weg te draai van hulle volkseie geloofsbelydenisse, praktyke en ook hulle lewens op te offer vir hulle geloof (22, p234).

Die dissipels van Jesus het almal ‘n drastiese ommekeer gemaak toe hulle besef het dat hulle met die lewende God self te doen het. Tydens die kruisiging het hulle soos lafaards opgetree maar die opstanding van Jesus het hulle finaal tot inkeer gebring. Hulle almal is gemartel tot die dood met die opsie om afstand te doen van hulle geloof in Jesus Christus. Die enigste een wat die marteling oorleef het was Johannes. Johannes is verban na die Griekse eiland Patmos waar hy Openbaring ontvang en geskryf het (22, p292).

- **Petrus**
  Gekruisig (22, p292)

- **Jakobus**
  Gestenig (22, p292)

- **Paulus**
  Onthoof (22, p292)

- **Jakobus** (Broer van Johannes)
  Die eerste apostel wat gemartel is na die teregstelling van Stefanus. Die persoon wat Jakobus aangekla het, het oppad na Jakobus se teregstelling hom om vergiffenis gevra en het homself, tot sy eie nadeel, as Christen verklaar. Jakobus het ‘n oomblik gedink en toe gesê: “Vrede vir jou broer.” en het hom gesoen. Beide van hulle is toe saam onthoof in 36 n.C. (26, p11)

- **Tomas**
  Tomas is in Kalamina, Indië doodgemaak waar hy gepreek het (26, p12)

- **Simon** (Broer van Judas en Jakobus (jonger een))
  Simon was biskop van Jerusalem na Jakobus. Hy is gekruisig in Egipte tydens die bewind van die Roomse keiser Trajan (26, p12)

- **Simon** die apostel ook genoem Kananeus en Zelotes
  Simon het gepreek in Mauritanië, Afrika en Brittanje. Hy is gekruisig (26, p12)

- **Markus**
  Hy was die eerste biskop van Alexandria en het die Evangelie in Egipte verkondig. Hy is verbrand en begrawe in ‘n plek genoem Bucolus gedurende Trajan se bewind (26, p12).

- **Bartolomeus**
  Het die Evangelie in Indië verkondig en het ook die Evangelie van Mattheus in hulle taal vertaal. Hy is geslaan, gekruisig en onthoof in Albinopolis, Armenië (26, p12).

- **Andreas** (Petrus se broer)
  Hy het die Evangelie verkondig in Sebastopolis, Ethiopië in die jaar 80 n.C. Andreas is gekruisig deur Aegeas, die goewerneur van die Edessene. Hy is begrawe in Patrae, Argaië (Archaia). Aegeas het dit laat doen nadat Andreas geweier het om die Romeinse ikone te aanbid en aangehou het om die mense na Christus te bekeer (26, p12-13).

- **Matteus**
  Matteus het sy Evangelie aan die Jode in Hebreeus geskryf. Nadat hy grootskaalse bekering in Ethiopië en Egipte veroorsaak het, het die koning Hirkanus (Hircanus) iemand gestuur om hom met ‘n spies dood te maak (26, p14).

- **Filippus**
  Hy het die Evangelie onder barbaarse nasies verkondig vir baie jare. Hy is gestenig en gekruisig in Hierapolis, Phyrgië (Phyrgia) en is ook daar saam met sy dogter begrawe (26, p14).

- **Jakobus** (Broer van Jesus)
  Jakobus het die kerk bestuur saam met die apostels. Hy het geen wyn gedrink nie, geen vleis geëet nie en het ook nooit sy hare geskeer nie. Hy was die enigste man wat in die heilige plek toegelaat is en het ook nie wol gedra nie, slegs linne. Hy het so baie vir mense in die tempel gebid dat sy knieë harde korse gevorm het. Toe baie hoofmanne na Jesus bekeer is het die Jode, skrifgeleerdes en Fariseërs begin vrees dat alle mense Jesus sou begin volg. Hulle het met Jakobus ontmoet en hom gevra om tydens die paasfees op die tempel dak te staan en daarvandaan met die mense te praat oor Jesus. Hulle het vir hom gesê dat almal hom sal kan hoor vanaf die dak. Tydens Jakobus se prediking vanaf die tempel dak het nog baie mense tot bekering gekom ten spyte van die fariseërs se slimpraatjies. Laasgenoemde het beweer dat Jesus reeds gekruisig is en dit nie sin maak om Hom te volg nie. Die mense het egter aanhou uitroep “Hosanna aan die Seun van David!” Die skrifgeleerdes en fariseërs het Jakobus toe van die tempel dak afgegooi. Jakobus is egter nie gedood van die val nie. Hy het, erg beseer, omgedraai en op die knieë gestaan en uitgeroep: “O Vader, ek smeek U om hulle te vergewe want hulle weet nie wat hulle doen nie!”. Hulle het toe besluit om hom te stenig maar ‘n priester het vir hulle gesê: “Wag, wat doen julle? Hierdie regverdige man is besig om vir julle te bid!” Een van die mans, ‘n volder van klere (fuller), het ‘n instrument wat gebruik word om materiaal te slaan, gevat en Jakobus gedood deur hom op die kop te slaan. Jakobus is op die plek begrawe waar hy geval het (26, p14-15). Indrukwekkend is die feit dat hierdie selfde Jakobus begin het as ‘n ongelowige en skeptiese broer van Jesus. Die feit dat hy die opgestane Here self gesien het, het hom tot die werklikheid geruk en laat besef dat sy broer die Messias is! (22, p319)

6.4.3 *Konsekwensie*

Skeptici poog om die Evangelies af te breek deur te fokus op moontlike verskille tussen die beskrywing van dieselfde gebeure. Laasgenoemde is juis die bewys dat daar nie vooraf deur die Evangelieskrywers ooreengekom is om ‘n leuen te vertel nie. Dit is mense wat uit verskillende perspektiewe, agtergronde en omstandighede dieselfde gebeure beskryf. Strobel gaan voort deur te verwys na die woorde van Simon Greenleaf (Harvard Law School): “Daar is genoeg teenstrydighede om te wys dat daar beslis geen ooreenkoms voor die tyd tussen hulle was nie, en ook dan genoegsame bewys dat hulle onafhanklike outeurs was van dieselfde groot gebeurtenis (30, p46). In gesprek met Dr William Lane Craig, wys Strobel daarop dat, sou die Evangelies presies dieselfde gewees het, dit juis plagiaat sou uitwys, en dit is nie die geval nie (30, p215).

Indien die Evangelieskrywers die opstanding uit die dood self uitgedink het, sou hulle nie dit so wou gehad het dat iemand anders die eerstes is wat die leë graf eerste sien nie, hulle sou ook verklaar het dat hulle Jesus Self sien opstaan het uit die dood. Om by te voeg, dit was vrouens, wat in daardie tyd nie beskou is as betroubare getuies nie, wat die leë graf eerste op afgekom het! Indien hulle skeptici wou oortuig van hulle sogenaamde storie, sou hulle baie meer detail ingesluit het. Dit was egter nie die geval nie. Al die Evangelieskrywers getuig egter konsekwent dat die vroue die leë graf voor hulle gesien het (22, p289).

6.4.4 *Aantal afskrifte en datering*

Daar bestaan geen ander antieke geskrifte in die wêreld wat so baie teks van getuies bevat as die Nuwe Testament nie (30, p62)

Die talle afskrifte is ook van beskikbaar vanuit verskillende geografiese gebiede en hulle kruisverwysings dui nog steeds op dieselfde oorsprong (30, p59)

Die Nuwe Testament het baie afskrifte wat met mekaar vergelyk kan word. Sodoende kan die oorspronklike boodskap duidelik gesien word (30, p59).

Daar bestaan baie meer afskrifte van die Nuwe Testament as wat daar afskrifte van enige ander antieke werkstuk is (30, p59).

Van die oorspronklike afskrifte wat vandag nog beskikbaar is van die Nuwe Testament, dateer ‘n enkele generasie van die oorspronklike werkstukke. Ander antieke werkstukke dateer eeue van die oorspronklike (30, p59).

Die Nuwe Testament is op ‘n baie vroeë stadium in ander tale vertaal soos byvoorbeeld Latyn, Siries en Kopties. Op ‘n later stadium is die Nuwe Testament ook in tale soos Armeens en Goties vertaal waarna verwys word as sekondêre vertalings. Al hierdie vertalings is vandag nog beskikbaar. Selfs al sou die Griekse manuskripte nie meer beskikbaar wees nie, kon die oorspronklike boodskap uit die vroeë weergawes van die ander vertalings steeds saamgevoeg word (30, p59).

Die Nuwe Testament is duidelik gebaseer op ware gebeure. Al sou geen Griekse manuskripte beskikbaar wees nie, kon die oorspronklike gebeure steeds gesien word uit talle aanhalings en verklarings, seremonies en briewe van die vroeë kerkvaders (30, p59).

Strobel verwys na die navorsing wat deur Normal Geisler en William Nix gedoen is. Daar is bevind dat die Nuwe Testament nie net meer manuskripte oorleef het as enige ander antieke dokument nie, maar het ook in ‘n baie meer suiwer vorm oorleef as enige ander dokument. Daar word beweer dat die Nuwe Testament 95% suiwer is (30, p65).

Die oorspronklike werkstukke en ook daaropvolgende afskrifte is geskryf op papirus (papierplant). Papirus is gemaak van die Papirus plant wat in die moerasse van die Nyldelta in Egipte groei. Daar is vandag nog nege-en-negentig van hierdie papirus afskrifte beskikbaar wat dele en/of boeke van die Nuwe Testament bevat. ‘n Paar voorbeelde is as volg (30, p61-62):

- Die Beatty Bybelse Papirus (ontdek in 1930) nommer een bevat dele van die vier Evangelies en die boek Handelinge. Dit dateer uit die derde eeu.
- Papirus nommer twee bevat groot dele van agt van Paulus se briewe insluitende dele in Hebreeus en dateer vanuit die jaar 200.
- Papirus nommer drie bevat ‘n baie groot deel van die boek Openbaring en dateer uit die derde eeu.
- ‘n Ander groep papirus manuskripte wat aangekoop is deur ‘n Sweedse versamelaar, Martin Bodmer, dateer uit ongeveer 200 en bevat ongeveer twee-derdes van die Evangelie van Johannes.
- ‘n Ander groep papirus manuskripte bevat dele van die Evangelies van Lukas en Johannes en dateer uit die derde eeu.
- Daar is selfs ‘n stukkie papirus beskikbaar wat dele van hoofstuk agtien van die Evangelie van Johannes bevat en dit dateer ongeveer 100-150 n.C. Daar word deur sommige

geleerdes beweer dat dit so vêr terug dateer na die tyd van Trajan, met ander woorde 98-117 n.C. Om by te voeg, indien mens besef dat Johannes sy Evangelie ongeveer 95 n.C. geskryf het, hierdie werkstuk in die leeftyd van die outeur self ontstaan het.

Bostaande dui dat die gaping tussen die oorspronklike geskrifte en die afskrifte wat vandag nog beskikbaar is baie klein word soos wat nuwe ontdekkings gemaak word.

6.5 Outentiekheid (30, p184)

Die tyd toe die Evangelies gesirkuleer het, was daar steeds mense teenwoordig wat self ooggetuienisse was van die gebeure wat in die Evangelies oor getuig is.

Die vraag kan gevra word: Hoekom sou ‘n persoon soos Matteus ‘n verhaal uitdink sodat dit lyk asof profesieë uit die Ou Testament vervul is en dan by sy verhaal bly staan deur toe te laat om gedood te word as gevolg daarvan. Dit maak nie sin indien hy leuens aangehang het nie, dit maak slegs sin indien hy geweet het dat hy oor die Messias getuig het. Om by te voeg, al die dissipels van Jesus het tot die dood toe bly staan by hulle getuienisse. Almal is gedood as gevolg van hulle getuienisse sonder dat hulle bereid was om afstand te doen van wat hulle gesien het. Johannes was die enigste een wat hulle nie suksesvol kon doodmaak nie (in pot kokende olie in die amfiteater gegooi en het niks oorgekom nie) en is toe verban na die eiland Patmos waar hy die boek Openbaring geskryf het.

Nêrens in enige geskrifte van daardie tyd word daar kapsie gemaak teen die realiteit van die profesieë wat vervul is nie. Nie eens die Jode kon daarteen getuig nie. Kyk byvoorbeeld na een van die 330 Messiaanse profesieë dat die bene van die Messias nie gebreek sal word nie (Eksodus 12:46 en vervul ongeveer 1200 jaar later in Johannes 19:32-33). Die Jode kon maklik sê dat Jesus se bene wel tydens die kruisiging gebreek is, maar nie eers een-keer is dit gesê nie.

Die Nuwe Testamentiese outeurs het historiese merkers geplaas deur te verwys na ware historiese figure en hulle optredes in hulle skrywe. Daar is ten minste 30 karakters in die Nuwe Testament wat reeds as histories bevestig is deur middel van argeologie of nie-Christelike skrywes. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die van Kajafas, die hoë-priester wat Jesus ter dood veroordeel het. Kajafas word nie net deur die sekulêre skrywer, Josephus genoem nie, maar sy fisiese bene is in 1990 ontdek tydens ‘n fantastiese argeologiese ontdekking. Hierdie ontdekking is moontlik gemaak as gevolg van die antieke begrafnis praktyk van die Jode (22, p269-270).

Geisler en Turek verwys na die historikus en kenner van die klasieke, Colin Hemer, wat die akkuraatheid van die boek Handelinge ondersoek het, vers vir vers. In pynlike detail het Hemer 84 feite van die laaste 16 hoofstukke van Handelinge geïdentifiseer wat reeds deur historiese en argeologiese navorsing bevestig is. Al 84 feite word bespreek. Die vraag word gevra aan twyfelaars en skeptici: Hoe kon Lukas so akkuraat wees met al sy omgewings feite soos windrigtings, water dieptes, dorpsname maar nie met betrekking tot die wonderwerke waaroor hy getuig nie? (22, p256-260)

Daar is histories en geologies onomwonde bewys dat dit waaroor Lukas getuig akkuraat en betroubaar is. Die vraag word aan twyfelaars en skeptici gevra: Lukas bevestig die gebeure wat in die ander Evangelies oor getuig word, hoe kan dit wees dat die ander Evangelies nie ware feite weergee nie? (22, p262) Daar is egter ook alreeds onomwonde, histories en geologies, bewys dat die ander Evangelies akkuraat is. Daar is byvoorbeeld indrukwekkende historiese feite saamgevat in die Evangelie van Johannes. Baie hiervan is ook reeds geologies bevestig en ook deur nie-Christelike skrywers bevestig. Baie hiervan is ook histories moontlik omdat dit onwaarskynlik is dat die skrywer daarvan sou uitgedink het. ‘n Lys van 59 feite word hier bespreek. ‘n Goeie voorbeeld kan gesien word in Johannes 19:34*: “Maar een van die soldate het met ‘n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom.”* Dit is vandag bekend dat ‘n gekruisigde persoon waterige vloeistof sou opgaar in die sak rond-om die hart, die perikardium. Johannes sou nie geweet het van hierdie mediese toestand nie en sou nie hierdie detail genoem het indien hy nie self teenwoordig was en ‘n ooggetuie was van wat op daardie oomblik gebeur het nie. Om by te voeg, in die daaropvolgende vers bevestig Johannes dan ook dat hy dit gesien het in Johannes 19:35: *“Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo”* (22, p267).

6.5.1 Die dissipels getuig dat hulle ooggetuienisse is :

Lee Strobel wys daarop dat die getuienis van ‘n ooggetuie baie kragtig is. Volgens hom is dit die mees dramatiese oomblikke in ‘n hofsaak wanneer die ooggetuie in detail die misdaad wat hy of sy gesien het beskryf en ook die verdagte uitwys met selfvertroue (30, p19). Dit is ook baie belangrik om te besef dat die ooggetuienisse tot die dood toe by hulle getuienisse gehou het. Tien van die oorblywende elf dissipels is dood gemartel as gevolg van hulle getuienisse, met die opsie om afstand te doen van hulle geloof. Steeds het hulle bly staan by wat hulle bevestig

en getuig het. Sekerlik sal ‘n mens dit nie met jou laat gebeur indien jy geweet het dit was ‘n leuen nie!!

Die dissipels van Jesus het beslis die opgestane Jesus gesien en mee kontak gemaak. Dit het hulle laat verander na getuienisse tot die dood omdat hulle besef het dat hulle met God self te doen het. Die definisie van ‘n apostel 1) Hy kan wondere doen in die Naam van Jesus en 2) hy het die opgestane Jesus persoonlik gesien, het ons die versekering gegee sodat ons vandag kan glo aan wat hulle as getuienisse vir ons agtergelaat het. Geisler en Turek wys daarop dat, ten spyte van al die argumente teen die Evangelie van Jesus Christus, die beste verduideliking is om wel te glo dat Hy wel wondertekens gedoen het en dat Hy werklik uit die dood opgestaan het soos Hy self voorspel het (22, p315). Sien ook in 2 Korintiërs 12:12 wat Paulus oor ‘n apostel sê: *“Die dinge wat ‘n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade.”*

Kom ons kyk hoe van die ooggetuies self getuig in die Bybel dat hulle ooggetuies was.

6.5.1.1 Johannes

- Johannes 19 :33-35 : *"[33]Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie Sy bene gebreek nie. [34]Maar een van die soldate het met ‘n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom. [35]Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo."*
- Johannes 20 :30-31 : *"[30]Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek geskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. [31]Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê."*
- Johannes 21 :24 *: "Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit beskrywe het, en ons weet dat sy getuienis waar is."*
- 1 Johannes 1:1-4*: “[1]Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. [2]Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. [3]Hom wat ons gesien en gehoor het verkondig ons aan julle sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus. [4]Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.”*

6.5.1.2 Tomas

- Johannes 20 :27-29 : *"[27]Daarna sê Hy vir Tomas : ‘Bring jou vinger hier en kyk na my hande ; en bring jou hand en steek dit in my sy ; moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.’ [28]En Tomas sê vir Hom : ‘My Here en my God !’ [29]Toe sê Jesus vir hom : ‘Glo jy nou omdat jy My sien ? Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo.’ "*

6.5.1.3 Petrus

- 1 Petrus 5:1-2: *“[1]As mede-ouderling en getuie van die lyding van Jesus Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan: [2]Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op....”*
- 2 Petrus 1:16-20: *“[16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al Sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang to die Allerhoogste Majesteit gesê het: ‘Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug’. [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in Sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte.”*
- Aan Kornelius in Handelinge 10:39-41: *“[39]‘En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. [40]Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, [41]nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat <u>na Sy opstanding uit die dood</u> saam met Hom geëet en gedrink het.’”*

6.5.1.4 Petrus saam met Johannes

- Petrus se toespraak in Handelinge 2:29-33: *“[29]‘Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons. [30]Maar hy was ‘n profeet en hy het geweet dat God met ‘n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit. [31]Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het*

nie vergaan nie (sien Psalm 16:10 en Handelinge 13:33-37). [32]God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.'"

- Handelinge 3 :15 : "*So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuienis. "*

6.5.1.5 Paulus

- In 2 Korintiërs 12:1-10 bevestig Paulus oor die besondere openbaring wat hy van die Here ontvang het: *"[1]Om te roem, het wel geen sin nie, maar terwyl dit dan nou moet, kom ek by gesigte en openbarings wat die Here gegee het. [2]Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel (Joodse gebruik om te sê dat jy in die teenwoordigheid van God is). Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. [3-4]Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie. [5]Oor hierdie man sal ek roem, maar nie oor myself nie, behalwe oor my swakhede. [6]Al sou ek wou roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie, [7]selfs nie vanweë die verhewenheid van die openbarings nie. Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. [8]Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. [9]Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Jesus my beskutting kan wees. [10]Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging, en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk."*
- In Galasiërs 1:11-2:2 getuig Paulus ook as volg*: "[2:11]Dit moet julle goed besef, broers: die Evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie. [12]Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee. [13]Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog 'n aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei. [14]En in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders. [15]Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep. Toe Hy in sy goedheid besluit het [16]om sy Seun aan my te openbaar sodat ek die Evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig, het ek nie dadelik daarna mense geraadpleeg [17]of Jerusalem toe gegaan na dié wat al voor my al apostels was nie. Nee, ek is Arabië toe, en daarvandaan het ek teruggekom Damaskus toe. [18]Eers drie jaar later het ek Jerusalem toe gegaan om met Sefas kennis te maak, en ek het twee weke by hom gebly. [19]Van die ander apostels het ek niemand ontmoet nie behalwe Jakobus die broer van die Here. [20]Wat ek aan julle skrywe, is nie leuens nie – God is my getuie. [21]Daarna is ek na Sirië en Silesië toe. [22] Die gemeentes van Christus in Judea het my toe nog nie persoonlik geken nie; [23]hulle het net gehoor: 'Die man deur wie ons vroeër vervolg is, verkondig nou die geloof wat hy destyds probeer uitroei het.' [24]En hulle het God verheerlik oor my. [2:1]Veertien jaar later het ek weer Jerusalem toe gegaan, hierdie keer ek en Barnabas, en ek het vir Titus ook saamgeneem. [2]God het dit aan my geopenbaar dat ek moet gaan. Ek het toe die Evangelie wat ek onder die heidennasies verkondig, aan die broers daar voorgelê en dit nog afsonderlik met die leiers bespreek. Ek wou sekerheid hê dat ek nie tevergeefs werk of gewerk het nie....."*

6.5.1.6 Baie was ooggetuies

- Paulus getuig in 1 Korintiërs 15:3-8*: "[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."* Dit is merkwaardig dat Paulus hierdie getuienis gemaak het terwyl die meeste van die ander getuienisse waarna hy verwys op daardie stadium steeds in die lewe was. Hy sou nie so iets gedoen het indien hy hom met 'n leuen besig gehou het nie omdat die getuienisse waarna hy verwys hom as 'n leuenaar sou uitgewys het. Die teendeel is waar: Die Christelike kerk het gegroei tot die grootste beweging in menslike geskiedenis, ondersteun deur die Waarheid waarteen geen kritikus enige verweer het nie.
- Handelinge 13:29-31: *"[29]Nadat hulle aan Jesus alles gedoen het wat van Hom in die Skrif geskrywe staan, is Hy van die kruis afgehaal en begrawe. [30]Maar God het Hom uit die dood opgewek. [31]Hy het in die loop van baie dae aan die mense verskyn wat saam met Hom van*

Galilea af na Jerusalem toe gegaan het. Hierdie mense is nou sy getuies by die volk." Paulus getuig hier ongeveer 17-jaar na die kruisiging van Jesus. 'n Mens moet besef dat dit plaasgevind het in die tyd wat die getuienisse nog geleef het en dus die Evangelie kon teëgegaan het sou dit nie akkuraat gewees het nie, maar hulle het nie omdat dit ware gebeure weergegee het te midde van die outoritêre getuienisse van die apostels self wat hulle lewens opgeoffer het vir die waarheid wat hulle beleef het en oor getuig het.

- Opsomming van die verskynings van Jesus aan mense na Sy opstanding. Hier kan weer gesien word dat Jesus aan baie mense verskyn het, nie net een of twee nie, maar selfs aan baie op 'n slag. Dit word ook bevestig deur meer as een Evangelie en ook die geloofsbelydenis in 1 Korintiërs 15 (30, p234):

  - Aan Maria Magdalena (Johannes 20:10-18)
  - Aan ander vroue (Matteus 28:8-10)
  - Aan Kleopas en 'n ander dissipel op pad na Emmaus (Lukas 24:13-32)
  - Aan elf dissipels en 'n andere (Lukas 24:33-49)
  - Aan tien apostels en andere waartydens Tomas nie teenwoordig was nie (Johannes 20:19-23)
  - Aan Tomas en die ander apostels (Johannes 20:26-30)
  - Aan sewe apostels (Johannes 21:1-14)
  - Aan die dissipels (Matteus 28:16-20)
  - Hy was saam met die apostels op die Olyfberg net voor Sy hemelvaart (Lukas 24:50-52 en Handelinge 1:4-9)
  - Aan meer as 500 mense gelyktydig (1 Korintiers 15:4-8)

Daar kan duidelik gesien word dat daar talle ooggetuies was van Jesus se optrede, lyding, kruisiging en verskyning na Sy opstanding uit die dood. Die apostels getuig ook dat hulle saam met Jesus geëet het na Sy opstanding. Buiten die apostels was daar ook andere betrokke wat selfs by die naam genoem word wat ooggetuies van al die gebeure was. Kyk byvoorbeeld na Handelinge 1:21-23*: "[21-22]'Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.' [23]Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barabbas of Justus genoem word, en Mattias."* Hou steeds in gedagte dat hierdie geskryf is deur Lukas wat alles feitelik nagevors het!

6.5.1.7 Lukas bevestig die outentiekheid van die ooggetuies en hulle skrywes

Lukas bevestig dan ook dat hy die feite nagevors het om seker te maak dat dit waaroor getuig word, akkuraat vasgelê is in die skrif. Sien Lukas 1:1-4*: "[1]Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. [2]Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaar van die Woord was. [3]Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. [4]So kan u te wete kom dat dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is."*

6.5.1.8 Die skrywer van Hebreërs getuig as volg

Hebreërs 2:1-4: *"[1]Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie. [2]As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is, [3]hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur die wat dit gehoor het. [4]Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil."*

6.6 Jesus se dissipels getuig dat Jesus God is

Let op hoe word die gebeure deur die vier Evangelieskrywers beskryf. Byvoorbeeld Jesus se intog in Jerusalem en die gelykenis van boere in die wingerd (nie in Johannes nie) ens. Dit wys hoe waar die Bybel is deurdat al hierdie getuienisse getuig van dieselfde gebeure. Die dispels, wat later apostels geword het, se getuienisse wat ons vandag kan lees, is duidelik nie 'n klomp stories, of fantasieë, wat deur hulleself uitgedink is nie.

Kyk na Paulus se beskrywing oor Jesus in 1 Timoteus 3 :16: *"En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan Sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlikheid is Hy opgeneem."*

Jesus is God: Filippense 2:6-7: "[6]*Hy wat in die gestalte van God was, het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,* [7]*maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word."*

Filippense 2:10-11: *"*[10]*sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,* [11]*en elke tong sou erken: 'Jesus Christus is Here!' tot eer van God die Vader."*

Petrus getuig dat hy 'n getuie van die lyding van Christus is in 1 Petrus 5:1: *"As mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlikheid wat geopenbaar sal word, dring ek by julle aan...."* Sien ook 2 Petrus 1:16-20.

Kolossense 1:15-20: *"*[15]*Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.* [16]*God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.* [17]*Voor alles was Hy al daar en deur Hom bly alles in stand.* [18]*Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.* [19]*God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon* [20]*en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."*

Kolossense 2:9-12: *"*[9]*In Hom is die volle wese van God beliggaam,* [10]*en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.* [11]*Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.* [12]*Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."*

Petrus se kragtige getuienis oor wie Jesus is en wat die Evangelie vir ons vandag beteken. Handelinge 3 :11-26: *"*[11]*Die man het vir Petrus en Johannes bly volg, en die mense wat almal uiters verbaas was, het na hulle toe gestroom in die Pilaargang van Salomo, soos dit genoem is.* [12]*Toe Petrus dit sien, het hy hulle toegespreek: "Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop?* [13]*Die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, die God van ons voorvaders, het aan Jesus, sy Dienaar, goddelike eer gegee – aan Hom vir wie júlle uitgelewer en voor Pilatus verwerp het toe hy beslis het dat Hy vrygelaat moes word.* [14] *Hy was heilig en opreg, maar júlle het Hom verwerp en gevra dat daar vir julle 'n moordenaar begenadig moet word.* [15]*So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies.* [16]*Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal.* [17]*"Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het.* [18]*Tog het God reeds vroeër by monde van al die profete aangekondig dat die Christus sou ly. So het Hy dit nou laat gebeur.* [19]*Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.* [20]*En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is.* [21]*Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê.* [22]*Moses het immers gesê: 'Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê.* [23]*Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word.'* [24]*En al die profete van Samuel af en daarna, almal wat opgetree het, het ook aangekondig wat in hierdie tyd gebeur.* [25]*Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle voorvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: 'Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot 'n seën wees.'* [26]*Daarom het God sy Dienaar na die wêreld toe laat kom en Hom heel eerste na julle toe gestuur om vir julle tot 'n seën te wees deur elkeen van julle van sy verkeerde paaie af terug te bring."*

Kolossense 2:8-9: *"*[8]*Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.* [9]*In Hom is die volle wese van God beliggaam,* [10]*en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."*

Die apostel Petrus getuig soos volg in 2 Petrus 1:1: *"Van Simon Petrus, 'n dienaar en apostel van Jesus Christus. Aan die wat deur die regverdige beskikking van ons* ***God*** *en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het."*

Petrus self getuig in 2 Petrus 1:16-21: *"*[16]*Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en se wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien.* [17]*Hy het van God die*

Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. [20]Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."

Uit Israel is die Christus as mens gebore, Romeine 9 :5: *"hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen."*

Johannes stel die Goddelikheid van Jesus baie duidelik: Johannes 1:1-5: *"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."*

Petrus wat verklaar dat Jesus die Seun van die Lewende God is sonder dat dit vir hom voorgesê is. Dit wys dat die lewende God dit aan Petrus ge-openbaar het ! Matteus 13 :17: *"[13]Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?" [14] Hulle antwoord: "Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete." [15]"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" [16]Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." [17]"Gelukkig is jy, Simon Barjona," het Jesus vir hom gesê, "want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is."*

Johannes spreek die leser direk aan en getuig dat hy die wondertekens van Jesus gesien het, en nog meer, sodat ons kan glo. Johannes 20 :30-31. Jesus het egter self gesê *: "Gelukkig is die wat nie gesien het nie en tog glo "*. Johannes 20 :29

Petrus en Johannes wat die verlamde man genees het in die Pilaargang van Salomo. Petrus getuig dat die man in die Naam van Jesus genees is. Handelinge 3:16: *"Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal."*

7. Is die Bybel waar of is dit net stories wat geglo word?

In die vorige paragrawe is gesien dat die Here Sy Woord as Goddelike openbaring aan die mens beskikbaar gemaak het, en dat die Kerk dit as Goddelik erken en aanvaar het. Laasgenoemde is realiteit omdat die outeurs geskryf het vir hulle eie mense en dit wat hulle geskryf het is deur kragtige wonderwerke bevestig. Hulle getuienisse het behoue gebly deur die eeue sodat die gelowige van vandag duidelik deel kan wees van die Goddelike verlossingsplan. Die profetiese aanslag, en uitdaging, van die Bybel (Ou Testament) wat sonder twyfel deur die Messias volbring is, en outentiek deur ooggetuienisse bevestig is (Nuwe Testament) behoort enige twyfel uit die weg te ruim en op sigself versekering te gee dat die Bybel waar is.

In die Ou Testament alleen is daar ongeveer twee-duisend (2000) profesieë wat alreeds in vervulling gekom het. Kennedy wys daarop dat dit beslis nie waaghalsige raaiskote was nie. Hierdie profesieë is baie voorskriftelik, gedetailleerd en spesifiek. In dieselfde asem moet dan ook gesê word dat dit ook so in vervulling gekom het. Dit kan nie slegs goeie raaiskote wees omdat hulle hulle besig gehou het met dinge wat nie waarskynlik was om te gebeur nie. Dit het die teenoorgestelde voorspel van wat die natuurlike verwagtings van mense was. Hulle kon ook nie na die tyd geskryf gewees het nie want by honderde van hierdie profesieë het dit eers in vervulling gekom honderde jare na die profeet se dood. In baie gevalle het die vervulling eers gekom na die voltooiing van die Ou Testament en selfs ook na die vertaling daarvan in Grieks (150v.C.) (28, p 3-4).

Kyk byvoorbeeld na die profesieë oor die stede Tirus en Sidon, twee groot stede aan die oostelike kus van die Middellandse See. Die groot stad, Carthago, was een van die dogters van Tirus maar selfs tydens die room van haar bestaan, het die profeet in die Ou Testament verklaar dat die stad Tirus verwoes sal word. Sy sal nie weer herbou word nie en ook nie weer bewoon word nie (Esegiël 26:19-21). Die profeet het ook gewaarsku dat die inwoners van Sidon verswak en verminder sal word maar dat die stad sal voortbestaan. Die feit is dat die stad Sidon aangeval is, dit is verraai deur haar eie koning en veertig-duisend van die inwoners is gedood; maar die stad van Sidon bestaan vandag nog.

Wat het gebeur met Tirus? Hier volg van die spesifieke profesieë oor die stad Tirus. Esegiël het verklaar, tydens die room van Tirus se bestaan: *"[4]Hulle sal die mure van Tirus verwoes, sy torings afbreek. Ek sal sy grondlaag van hom afvee en hom 'n kaal klipplaat maak. [5]Hy sal nog net 'n plek in die see wees waar visnette droog gemaak word. Ek het gepraat sê die Here my God. Tirus sal 'n stuk buit vir die nasies word.....[12]Hulle sal jou besittings plunder, jou handelsware buitmaak, jou mure afbreek, jou mooi huise verwoes en jou klippe, jou hout, selfs jou grond, in die see gooi, [13]So gaan Ek 'n einde maak aan jou luidrugtige liedere; die klank van jou liedere sal nie meer gehoor word nie. [14]Ek maak jou 'n kaal klipplaat. Jy sal nog net 'n plek wees waar visnette droog gemaak word. Jy sal nie herbou word nie. Ek, die Here, het gepraat."* Esegiël 26:4-5; 12-14. 'n Paar jaar na die skryf van hierdie profesie, het die groot Nebukadnesar van Babilon sy weermag gebring en die stad Tirus verower. Vir dertien jaar het die stad die pogings van die koning van Babilon weerstaan maar uiteindelik het die mure verkrummel en het die soldate van Nebukadnesar die stad binne gestroom en die oorblywende inwoners met die swaard aangeval. Duisende het egter die see in gevlug per boot om die nuwe Tirus te vorm op 'n eiland wat 'n halwe kilometer in die Middellandse See in is. The profesie was vervul, maar slegs die helfte daarvan.

Twee-honderd en vyftig jaar later, toe Esegiël al oorlede was, het die meeste van Tirus se mure nog gestaan. Dit het gelyk of die profesie nooit tot volle vervulling gekom het nie. Miljoene tonne klippe, puin en hout is agtergelaat, en tog het God gesê dat die stad skoongevee sal word soos 'n kaal klipplaat – dat die klippe en die hout van die stad in die see gegooi sal word. Alexander die Grote het egter sy aanval op die Persiese Ryk voorberei. Hy het die Persiese koning sy eerste nederlaag toegedien waarna die Persiese weermag na die Weste gevlug het. Alexander, wat 'n groot strateeg was, het begin om die hawens aan die oostelike einde van die Middellandse see af te seel om sodoende die effek van die Persiese weermag te kanselleer. Alexander het toe ook by Tirus uitgekom. Hy het die stad, wat op die eiland met hoë mure gestaan het, beveel om oor te gee. Toe die inwoners van Tirus gelag het vir sy opdrag, het Alexander, met sy hoofingenieur Diades, die grootste en mees uitdagendste plan in die geskiedenis van oorlogvoering aangepak: Hulle gaan 'n deurloop bou deur die halwe-kilometer van Middellandse see tot by die eiland van die nuwe stad Tirus. Waar sou hulle boustowwe kry vir so 'n deurloop? Die opdrag is toe deur Alexander gegee: "Breek af die mure van Tirus (ou Tirus), vat die hout en die klippe, die puin en stompe, en gooi dit in die see." Die groot weermag van Alexander het sodoende begin om die Woord van God in vervulling te bring. Daar word vertel dat Alexander homself klippe op sy rug aangedra het. Hierdie puin, klippe en stompe is dieselfde waarvan Esegiël baie jare tevore gepraat het. Geskiedenis vertel ons dat hulle die ou Tirus plat gevee het om sodoende genoeg materiaal bymekaar te maak om die deurloop te bou na die nuwe Tirus. Nuwe Tirus is toe ook oorgeneem en verwoes. Die profesie was egter nog steeds nie in volle vervulling nie. Die Here het gesê dat Hy die mure van Tirus sou vernietig en haar soos 'n kaal klipplaat maak waar visnette drooggemaak sal word. Kennedy vertel dat 'n lid van sy kerk onlangs die nuwe stad Tirus besoek het en fotos geneem het daarvan. Die fotos toon duidelik nette wat oopgegooi is op die plat klipplaat wat eens die trotse stad Tirus was! *"Ek het gepraat sê die Here my God."* Esegiël 26:5. Laat enige ongelowige hierdie profesieë verklaar! In Kennedy se boek: *Why I believe*, gaan hy voort om nog van hierdie profesieë uit te lig. Daar word ook in detail verwys na stede soos Samaria, Jerusalem, Edom, Petra en Babilon. Kennedy sluit hierdie gedeelte af deur weer daarop te wys dat daar meer as twee-duisend profesieë in vervulling gekom het om sodoende die outentiekheid van die Bybel te bevestig. Diegene wat dit afmaak as onsin of toeval het niemand anders om te blameer vir hulle eie verwarring nie, as hulle self (28, p 4-13).

Die outentiekheid van die Bybel word vêrder bevestig deur opgrawings wat vandag plekke en gebeure van die Bybel, sonder twyfel, bevestig. Kyk na die groot profesie deur Jesus self soos deur Lukas beskryf in Lukas 19:39-40: *"[39]'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: 'Meneer, maak stil u volgelinge!' [40]Maar Hy antwoord: 'Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.'"* Kennedy wys daarop dat die wetenskap van argeologie alreeds soveel detail blootgestel het ten opsigte van die Skrif, dat die Bybel as histories akkurate Skrif aanvaar kan word (28, p15-16).

Om by te voeg, dit is dan ook wonderlik om te verstaan wat Jesus twee-duisend jaar gelede alreeds vir hierdie Fariseërs gesê het. Met ander woorde: Indien die tweeduisend profesieë van die Ou Testament nie genoeg is nie, dan meer as driehonderd profesieë ten opsigte van die Messias Self wat volmaak en in detail tot vervulling gekom het, behoort jou te oortuig. Indien daar steeds twyfel bestaan, het die Messias talle wonderwerke gedoen terwyl Hy op aarde was voor duisende ooggetuies om sodoende Sy Goddelikheid te bewys. Indien dit dan ook nie genoeg is nie, dan die talle profesieë wat deur die Messias Self gemaak is dat Hy uit die dood sou opstaan, en dit ook gedoen het en die Heilige Gees wat Hy sou nalaat en dit dan ook opsigtelik gedoen het. Indien dit alles nog steeds nie genoeg is nie, dan bevestig die outentieke Evangelies wat deur ooggetuies self daargestel is en hulle lewens daarvoor gegee het die gebeure. Indien dit nog steeds nie genoeg is nie, kan gekyk word na die eenvormige boodskap regdeur die Bybel waar die Here Sy Naam bevestig: "Ek Is" die Here, nie ander name van Babel

nie, dat die Here regdeur (meer as vierduisend jaar en talle outeurs) die Bybel verwys na die gelowiges (gemeente van Christus) as Sy bruid regdeur tot in Openbaring waar Hy, die Bruidegom Sy bruid kom haal. Regdeur die Bybel word verwys na die Lam wat geslag sal word, is toe ook geslag en in Openbaring waar die Lam kom om Sy bruid te kom haal. Indien dit dan nog steeds nie genoeg is nie, en al die getuies nie meer daar is nie, sal die klippe uitroep! Kennedy wys daarop dat daar meer as vyf-en-twintigduisend Bybelse plekke bevestig is deur middel van opgrawings. Bewyse van tienduisende individue en gebeure is gevind. Kennedy haal vir Nelson Glueck, die bekende Joodse argeoloog, aan: *"It may be stated categorically that no archaeological discovery has ever controverted a biblical reference."* (28, p24).

7.1 Dieselfde gebeurtenis en persoon word deur meer as een persoon beskryf

Indien meer as een persoon 'n gebeurtenis beskryf voeg dit besondere waarde tot die geldigheid van die gebeurtenis. Die outeurs van die Bybel het ook nie in isolasie gewerk nie. Hulle het helpers gehad wat self ook getuies was van wat gebeur het. Moses het byvoorbeeld baie nou saamgewerk met die Levitiese priesters. Die hoëpriester, Aäron, was sy broer. Hierdie mense het as helpers opgetree en onder toesig van die outeur die gebeure vasgelê. Nie net het hulle die gebeure neergeskryf nie, maar was hulle ook getuies wat kan getuig indien die outeur nie die waarheid gepraat het nie. Ons kan dus weet dat die Bybel getuig oor ware gebeure, want daar word deurgaans detail deurgegee, soos byvoorbeeld geslagsregisters, plekname, name van persone wat betrokke was, wat wie gedoen het, ens. In 'n moderne hof word 'n saak as bindend beskou indien daar twee getuies is. In die Bybel is daar deurgaans voorvalle waar meer as een persoon, en selfs 'n groep persone, dieselfde gebeurtenis, karakters of temas beskryf. Hier volg slegs 'n paar voorbeelde uit talle:

7.1.1 Die uittog uit Egipte (1250 v.C.)

- Eksodus (Groot gedeeltes deur Moses self, het dus vandag nog Moses se eie handskrif)
- Levitikus (Levitiese Priesters)
- Numeri (Onbekend?)
- Deuteronomium (Levitiese Priester)
- Josua (Deuteronomiste)
- Rigters (Iemand uit die tyd na die ballingskap)
- 1 Samuel (Samuel en die profete Natan en Gad en andere)

7.1.2 Ontvangs van Tien Gebooie op Sinaiberg

- Levitikus (Levitiese Priesters)
- Numeri (Onbekend?)
- Deuteronomium (Levitiese Priester)

7.1.3 Persone:

- Dawid
  - Josua (Deuteronomiste)
  - Rigters (Iemand uit die tyd na die ballingskap)
  - Rut insluitend geslagsregister van Dawid (Onbekend)
  - 1 Samuel (Samuel en die profete Natan en Gad en andere)
  - 2 Samuel (Verskeie mense, moontlik ook Natan en Gad)
  - 1 Konings (Onbekend)
  - 1 Kronieke (Die Kronis, waarskynlik 'n groep mense)
- Verskeie verwysings na verskeie konings soos byvoorbeeld Saul, Salomo, Asa, Josafat, Agab, Jehu, Joas, Jerobeam II, Hiskia, Manasse, Josia.
- Verskeie verwysings na Priesters en Profete soos Elia, Elisa, Amos, Hosea, Jesaja, Miga, Jeremia.
- Matteus sien die vrou as 'n Kanaäniet van wie Jesus oor 'n afstand die bose gees uit haar dogter gedryf het. Markus sien haar as 'n Siro-Fenisiese vrou. Dit beklemtoon die feit dat

die twee evangelieskrywers onafhanklik van mekaar getuig oor wat gebeur het. Markus 7:24-30 en Matteus 15:21-28

7.1.4 Temas

7.1.4.1 Beskrywing van die Rigter tyd

- Eksodus (Groot gedeeltes deur Moses self, het dus vandag nog moses se eie handskrif)
- Deuteronomium (Levitiese Priester)
- Josua (Deuteronomiste)
- Rigters (Iemand uit die tyd na die ballingskap)
- 1 Samuel (Samuel en die profete Natan en Gad en andere)
- 2 Samuel (Verskeie mense, moontlik ook Natan en Gad)

7.1.4.2 Werk aan die Tempel en gebeurtenisse in die Tempel, die Tempelberg is vandag nog sigbaar.

- 1 Konings (Onbekend)
- 2 Konings (Waarskynlik saamgestel uit anale van die konings van Israel)
- 2 Kronieke (Die Kronis, waarskynlik ‘n groep mense)
- Esra (Die Kronis, ongeveer 400vC)
- Nehemia (Die Kronis, waarskynlik ‘n groep mense)
- Ester (Onbekend)

7.2 Kruisverwysings

In die Bybel word talle kruisverwysings aangetref.

- Soos byvoorbeeld die feit dat Paulus hulle uit Thessalonika moes padgee word in Handelinge 17:1-10 beskryf
- Samuel wat self praat dat hy sy moeder se enigste oogappel was in Spreuke 4:3. Vroeër in die Bybel in Samuel word vertel dat Hanna ander kinders gehad het, maar Samuel moes afstaan aan die Here om saam met/voor Eli groot te word.
- Die boek Obadja (Kortste boek in die OT) beskryf God se oordeel oor Edom wat hulle broersvolk laat verwoes het. Edom is afstammelinge van Esau en Israel die van Jakob. Alreeds in Genesis 25:23 word hierna verwys en ook in Obadja 10. En op verskeie plekke in Obadja.

7.3 Konteks

7.3.1 Konteks met die mense se lewens en gebruike van daardie tyd.

Dawid wat sê dat hy sy offers sal bring in Psalm 27:6. Dit wys na die lewenswyse van die mense van daardie tyd wat gedoen het wat beskryf word in die voorskrifte van die tabernakel.

Die verwysing na Agas se sonwyser waar die Here sê dat die skaduwee tien trappe sal terugskuif op Agas se sonwyser. Jesaja 38:8. Dit wys na ‘n werklike, fisiese realiteit waarin die mense van daardie tyd gebly het. Agas se sonwyser moes ook redelik bekend gewees het onder die mense, maar daaroor word nie uitgewy nie. Indien die Bybel ‘n storieboek was, sou die outeur eers moes uitbrei oor Agas se sonwyser.

Kyk na die realiteit van die skaapwagter wat luise soek in sy klere se situasie. ‘n Storieboek sou nie hierdie detail ingesluit het nie! Jeremia 43:12

Op twee plekke word daar na mense se haarstyle van verskillende streke verwys. Detail wat nie in ‘n storieboek sou wees nie. Jeremia 25:23 en Jeremia 49:32

“Julle moet skale gebruik wat reg weeg”. Esegiël 45:10

“*Jy kan nie eers ruik die manne was in die vuur nie”*. Daniel 3:27

Die feit dat Jesus vir die melaatse wat Hy genees het gesê het dat hy hom aan die priester moet gaan wys, wys dat hierdie nie sommer net stories is nie want dit was die gebruik in daardie tyd dat ‘n melaatse wat genees het hom aan die priester moes wys en ‘n dankoffer moes bring. Markus 1:44

In 2 Timoteus 4:8 verwys Paulus na die oorwinnaarskroon. ‘n Bewys van gebruike in daardie tyd waar die lourierkrans aan die wenner van ‘n wedstryd gegee is.

7.3.2 *Konteks met die omgewing waar dit beskryf word*

Die toespraak aan die volk waar die posisie beskryf word sodat almal kan hoor. Dit is iets wat nie in ‘n storieboek beskryf sou word nie. (Jeremia 36:10)

Die stad Gadara was ‘n nie-Joodse stad. Dit verklaar hoekom daar varke was waarheen die bose geeste gevlug het vir Jesus. Die mense in die streek het geboer met varke. Matteus 8:28-34

Ananias is inderdaad deur die Here na die blinde Saulus gestuur. Die straatnaam “Reguitstraat” word selfs genoem. Detail wat nie in ‘n storie sou voorkom nie. Handelinge 9:11.

Kyk na die konteks van hoe die mense van daardie tyd geleef het en hoe getrou is die Woord daaraan. Dit word hier gesien uit die woorde van Judas: *“…. barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word.*” Judas :2. Stadsmure en oorlog was deel van hulle lewens.

7.3.3 *Konteks met gebeure*

Verwysing na aardbewing in Amos 1:1

Toe Jesus gevra is wat met die prostituut gedoen moet word, het Hy afgebuk en op die grond geskrywe. Dit dui op die realiteit waarmee die evangelieskrywer dit beleef het, dit is nie ‘n storieboek nie. Johannes 8:6

Petrus en Johannes is gevange geneem en deur die wag gevange gehou tot die volgende dag dat die raad hulle kon verhoor. Die verlamde man wat hulle genees het, het saam met hulle getuig. Detail en getuienis wat nie in ‘n storieboek sou saamgevat gewees het nie. Handelinge 4:3

7.3.4 *Detail wat nie noodwendig in ‘n storieboek ingesluit sou gewees het nie.*

- Let op die detail met betrekking tot die seun wat aan die slaap geraak het terwyl Paulus gepraat het, en toe drie verdiepings geval het. Handelinge 20:7-12
- Paulus wat hom verdedig voor Herodus Agrippa II en praat oor die boeie om sy hande is detail wat nie sommer in ‘n storieboek genoem sou word nie. Handelinge 26:29
- Die detail wat Johannes gee in verband met die aantal visse wat gevang is. Johannes 21:11*: “Simon Petrus het toe in die skuit geklim en die net op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.”*
- Handelinge 9:43: *“Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by ‘n sekere Simon, ‘n leerlooier.”*
- In Handelinge 12 word vertel hoe Petrus uit die tronk bevry is. Toe hy by die huis van Maria (moeder van Johannes) aankom het die meisie Rodé sy stem gehoor en besef dat dit hy is wat klop. Sy het na binne gehardloop sonder om die deur oop te maak om die ander te vertel dat Petrus daar is. Hierdie is detail wat nie in ‘n storieboek sou wees nie.
- Handelinge 13:16: Paulus wat met ‘n handbeweging die skare se aandag bewerkstellig. Die detail van Paulus wat opgestaan het wys ook na ‘n ooggetuie wat die gebeure nog onthou en beskryf soos hy dit gesien het: *“Paulus het opgestaan, met ‘n handbeweging aandag gevra en gesê: ‘Israeliete en Godsvresendes, luister!’”*
- In Handelinge 16 word verwys na Paulus hulle wat na Lidia se huis teruggekeer het om die gelowiges te dien. Paulus het dan ook gesê omdat hulle as Romeinse burgers gestraf is, moet die stadsbestuur hulle om verskoning vra.
- Handelinge 26:1: *“Agrippa sê toe vir Paulus: ‘Jy kan maar jou saak stel.’ Met ‘n handbeweging het Paulus sy verdediging begin:”*

7.3.5 *Verwysings na gebeure wat op ander plek ook beskryf word in die Bybel m.a.w. die waarheid*

- Petrus wat vertel hoe die Heilige Gees ook in Joppe uitgestort is op nie-Jode. Hy verwys dan ook dat dit net so gebeur het soos wat dit met hulle self plaasgevind het. Handelinge 11:15-16: *“‘[15]Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin. [16]Toe dink ek aan die woorde wat die Here gesê het: ‘Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.’”*
- Kyk na Dawid se insig en profesie oor God se werk en Jesus se verskyning, Psalms 67,68 en 69.

7.3.6 Agtergrondinligting ter ondersteuning van wat beskryf word

- Toe Petrus vir Jesus verloën het was dit by ‘n vuur waar die mense hulle warm gemaak het. Dit wys na die konteks met die teks wat die seisoen in ag geneem het! Johannes 18:18
- Annas die skoonvader van Kajafas (hoëpriester). Die feit dat Annas die skoonvader van Kajafas was is nie relevant tot die skrywe nie. Johannes 18:12….. Op verskeie plekke in die Bybel word verwys na sulke familie verwantskappe.
- Die feit dat Paulus aan die einde van sy briewe oorneem by die skrywer en dan verklaar dat hy oorneem by die skrywer om sodoende in sy eie handskrif te skryf wys dat dit werklik Paulus was wat gedikteer en geskryf het. 2 Tessalonisense 3:17-18

7.3.7 Logiese geheel wat gebeure gevorm het wat deur verskillende mense beskryf is.

- Handelinge vorm die logiese geheel na die vier Evangelies ten opsigte van hoe die Christendom/kerk tot stand gekom het met die Heilige Gees wat tot leiding en ondersteuning uitgestort is. Dit net na die kruisiging, opstanding en opvaring van Jesus.
- Joël wat geïnspireerd, dieselfde woorde gebruik. *“Dan sal julle besef dat Ek die Here is”,* as wat Esegiël baie gebruik het. Dit is een en dieselfde God wat daar gepraat het.

7.3.8 Oorlewering

- Paulus het die brief aan die Romeine geskryf nog voordat hy self geleentheid gehad het om hulle te besoek. Steeds sien ons die brief in die Bybel vandag, dit het nie verlore gegaan ten spyte van daardie tyd se beperkte vervoer en lang afstand tussen Paulus en Rome nie.

7.4 Wie was die gehoor?

- Die tyd toe die Bybel geskryf is, was die letterkunde nie so gevorderd dat mense sou stories skryf nie. Wie sou dit lees. Daar was nie uitgewers soos vandag nie. Daardie tyd is familiestamme en feite gedokumenteer, daar was nie ‘n mark vir fiksie nie. Mense het werklike gebeure en belewenisse gedokumenteer.

7.5 Detail vandag nog sigbaar

- ‘n TV program oor Egipte het bewys dat Josef se verhaal waar is. Daar is vandag bewyse van die 7-jaar droogte en voorafgaande ryk jare. Die “Stella”-steen voor die tempel wat vandag daar is beskryf ook hierdie gebeurtenisse. Daar is ook op ‘n eiland bewyse hiervan gevind. Ramses was die Farao van die uittog uit Egipte. Daar is vandag bewyse van sy vredes ooreenkoms met die Hebreërs om nie hulle land te neem nie en ook is daar bewyse in die grafkelders van sy eersgebore seun wat voor hom, en ook net voor die uittog, oorlede is.
- Ramses II, die Farao van die uittog uit Egipte, self is ook nog vandag sigbaar in die vorm van sy mummie.
- Dele van die paleis van Salomo en 25000 plekke waarna in die Bybel verwys word is ook vandag nog sigbaar.
- Die Tempelberg (Temple Mount) waar die Tempel van die Here gestaan het, is vandag nog sigbaar.
- Die ark van die verbond. Daar is vandag twee plekke waar mense bevestig het dat die ark voorkom en vir beide is daar ‘n verklaring waar dit vandaan kom naamlik ‘n replika en die oorspronklike: <u>Die Replika:</u> Koning Salomo het met die Koningin van Skeba getrou. Salomo het ‘n replika van die ark laat maak wat hy aan sy bruid geskenk het. Sy het hierdie geskenk saam met haar na Ethiopië geneem waar dit vandag nog bewaar word. Die kommunistiese regering van Ethiopië bevestig hierdie feit vandag dat dit wel daar gehou word en wel in die kelderverdieping van die Zion of Mary Church. Mussolini en sy Italiaanse weermag het in 1936 gepoog om dit te verwyder toe hy die land binnegeval het. Prins Stephen Mengesha, wat beskou word as die 225ste afstammeling van Koning Salomo en Koningin van Skeba, bevestig vandag dat die voorwerp in die kelderverdieping van die Zion of Mary Church bewaar word. Prins Mengesha bevestig ook dat baie bekende mense dit besoek het soos byvoorbeeld Koningin Elizabeth II en Prins Philip in 1965, Koningin Juliana van Nederland in 1968. Hy beweer dat meer as 100 bekende mense dit besoek het. <u>Die Oorspronklike:</u> 586 v.C. het die Babiloniese koning Nebukadnesar Jerusalem binne geval om verwoesting te saai. Volgens oorlewering is die ark deur die priesters in ‘n tonnel onder die tempel begrawe. In 1981 het drie Joodse Rabbis die saak ondersoek en het wel hierdie tonnel ontdek. Rabbi Yedhuda Getz (Chief Rabbi of the Western Wall) was een van die tonnelgrawers in 1981. Hy bevestig dat hy die ark met die tablette gekry het onder die tempel. Dit is ook bevestig deur Rabbi Shlomo Goren (voormalige hoof Rabbi van Israel).

Die Moslems het die proses gestop deur ‘n muur te bou en te keer dat dit vêrder ge-eksploreer word.

7.6 Datering

- John Blanchard (7, p 20) wys op die egtheid van die Bybel wat terugdateer tot die beskrywing van gebeure minder as vyftig jaar nadat dit gebeur het. Die Bybelse manuskripte dateer baie nader aan hulle gebeure as enige ander geskiedkundige skrywe. In die geval van Caesar se Gallic War is daar ‘n gaping van 1000 jaar. Cornelius Tacitus se geskrifte se geskrifte het ‘n gaping van 900 jaar en 900 jaar by die werke van Seutorius (7, p16)

7.7 Voorspellings/Profesieë

- John Blanchard (7, p20) wys daarop dat Jesaja, Jeremia, Esegiël en Miga almal beweer het dat hulle die Woord van God spreek toe hulle die elf profesieë gemaak het. Hulle het almal voorspel dat Jerusalem verwoes sou word, die tempel herbou sal word en dat die stad later vergroot sal word. Alles het waar geword. Volgens Blanchard is die ewekansigheid dat hierdie toeval kon wees 1 uit 8 X 10^{53}.
- John Blanchard (7, p20) wys daarop dat die Bybel die enigste geskrif is wat profesieë tot 30% bevat. Dit maak die Bybel uniek bo Islam se Koran, die Hindu Vedas of Bhagavad-Gita, die gesegdes van Buddha, Confucius of die Book of Morman.
- Sien 2 Petrus 1:20-21 waar Petrus self getuig sê dat profesieë gedoen word onder leiding van die Heilige Gees.

7.8 Profesieë wat binne die verloop van die Ou Testament vervul is

Dr James Kennedy wys daarop dat daar in die Ou Testament alleen 2000 Profesieë is wat reeds in vervulling gekom het – “Not a few lucky guesses”. Kennedy wys daarop dat die Profesieë spesifiek en gedetailleerd is. Dit moet presies in vervulling kom (28, p3-4). Kennedy wys ook daarop dat daar 333 Profesieë in die Ou Testament met betrekking tot die Messias tot vervulling gekom het (28, p109)

8. Argeologiese bewyse

8.1 Volgens Morgan (12,p 89-97)

- Die Silver Rolle (“Amulets”) is in 1979 in die Hinnom Vallei van Jerusalem ontdek. Dit was geberg in grafte wat in rots ingekerf is meer as 2600 jaar gelede. Dit is met ander woorde nog die tyd toe David se kinders op die troon van Israel gesit het. Hierdie rolle was baie fyn opgerol om aan ‘n halssnoer te dra. Toe hierdie rolle deur middel van spesiale prosesse oopgerol is, is daar teks vanuit Numeri 6:24-26 ontdek. “ Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!” Hierdie is die oudste fragment skrif wat aan die mens bekend is. (12, p89)
- In 2 Konings 20:20 word daar verwys na die dam en die kanaal wat koning Hiskia laat bou het om water in die stad in te bring. Die bekende argeoloog, Edward Robinson, het in 1838 die Dam van Siloam besoek waartydens hy die kanaal ontdek het. ‘n Paar jaar later het ‘n Joodse seuntjie ook hiërogliewe ontdek in die dam en toe die watervlak laat sak is, is daar stawende beskrywings ontdek wat beskryf hoe hierdie kanaal gebou is. Hierdie hiërogliewe is verwyder in is vandag te siene in die argeologiese museum in Istanbul.
- Daar is vir lank geglo dat die bestaan van David slegs ‘n storie is. Morgan (12, p91) wys daarop dat daar in 1993 in die noorde van Israel en wel in die dorp Dan ‘n monument ontdek is waarop inskripsies verwys na die “Huis van David”. Die inskripsies verwys na die feit dat die koning van die huis van David oorwin is deur die koning van Damaskus soos beskryf word in 1 Konings 15:20. Kort na hierdie ontdekking is die nuutste teks deur Andre Lemaire van die Moabitiese Steen (die Mesha Stela) vrygestel. Die Moabitiese Steen is in 1868 ontdek en dateer terug na net na die dood van Koning Ahab. Op hierdie steen word die Moabitiese weergawe gegee van hulle oorloë met Israel. Die Israelitiese Koning Omri, sien 1 Konings 16:16-17 en 22, word ook by die naam genoem.
- Kritici beweer dat Kajafas, Israel se hoëpriester in die tyd van Jesus, nooit bestaan het nie. Die naam Kajafas is nooit gevind buiten in die Bybel nie. In 1990 is ‘n grafkelder in Jerusalem ontdek gemerk met die familienaam Kajafas. Muntstukke in die grafkelder het bevestig dat dit uit die eerste deel van die eerste eeu dateer.

- Die historiese akkuraatheid van die boek Genesis asook die bestaan van die aartsvaders Abraham, Isak en Jakob is vir baie jare deur skeptici bevraagteken. Hulle het min argeologiese spore agtergelaat omdat hulle in tente in die woestyn gewoon en rondgetrek het. Volgens Morgan (12, p93) kan die volgende egter in ag geneem word:
  - Die oorblyfsels van baie van die stede van Genesis is gevind. Die bouvalle is ook in ooreenstemming met dit wat in die Bybel beskryf word. Stede waarna verwys word is soos: Ur, Schechem, Ai, Bethel, Hebron, Haran.
  - Die naam Abraham is ontdek in antieke kleitablette wat dateer uit die 16de eeu v.C.
  - Tussen die bouvalle van die antieke Nuzi (naby die moderne Baghdad) het ‘n biblioteek van kleitablette die gebruike wat in die Bybel beskryf word bevestig. Byvoorbeeld die geval wat beskryf word in Genesis 15 waar ‘n kinderlose Abraham aanvoer dat sy dienskneg Eliëser sy besittings sou kry indien hy sou afsterf. Dit was die gebruik van daardie tyd dat ‘n kinderlose egpaar se getroue vriend of dienskneg die erfgenaam sou word.
- Morgan (12, p94) verwys na die konserwatiewe gelowige Professor Charles Krahmalkov, professor in Antieke Nabye Oosterse Tale by die universiteit van Michigan, wat altyd geglo het dat die Uittog slegs ‘n verhaal was. Professor Krahmalkov het egter sy opinie openlik verander ten tye van sy ondersoek op die inskripsies op die Tempel van Amon in Karnak. Hierdie inskripsies dateer terug na 1504-1450 vC. en bevat ‘n lys van stede wat presies ooreenstem met die stede gelys in Numeri 33. In Numeri 33 word die stede genoem waar die Israeliete kamp opgeslaan het. Hierdie bewyse het Professor Krahmalkov van opinie laat verander en verklaar hy as volg: “In short, the Biblical story of the invasion of the Transjordan that set the stage for the conquest of all Palestine is told against a background that is historically accurate……. I find myself astonished with the results. [The ancient historians of Israel] preserved in the Bible true historical sources of a very early age. They cannot possibly have invented them.”
- Morgan (12, p94) verwys ook na die oorwinning van Hasor soos beskryf in Josua 11. Verse 10 en 11 word gesê: “Daarna het Josua na Hasor toe gegaan, die stad ingeneem en sy koning doodgemaak. Hasor het vroeër die leiersposisie ingeneem tussen al die koninkryke daar. Die Israeliete het al die mense in die stad doodgemaak. Josua het hulle uitgeroei sodat niks wat asemhaal, bly lewe het nie. Die stad self het hy afgebrand.” In 1955 het ‘n Israeliese argeoloog Yigael Yadin die bottelnek gevormde area ondersoek 16 km noord van die see van Galilea. Daar is oorblyfsels gevind van Kanaänitiese aanbiddingsplekke met ‘n false god waarvan die kop afgekap is. Dit het herinner aan Deuteronomium 12 waar die Israeliete opdrag gegee is om hierdie heidense aanbiddingsplekke te vernietig. Die studies het ook getoon dat Hasor ‘n voorspoedige stad was met ‘n bevolking van ongeveer 20 000 mense. Daar is ook gevind dat hierdie stad inderdaad skielik verwoes is deur middel van vuur gedurende die tyd van Josua.
- Morgan (12, p95) wys daarop dat gedurende 1980 het die Joodse argeoloog Yagil Shiloh in Jerusalem op ‘n kamer afgekom het naby die “temple mount”. In hierdie kamer is daar een-en-vyftig kleitablette gevind met die name van verskeie amptenare tydens die tyd van koning Jojakim. Wat baie interessant was, was die naam van Gemarja (Jeremia 36) wat in diens was van koning Jojakim aan die einde van die 7de eeu vC. Morgan wys daarop dat die oorspronklike op papirus vasgelê is maar dat ‘n geweldige vuur die dokument verwoes het maar die klei so hard soos klip gebak het. Laasgenoemde het veroorsaak dat dit behoue gebly het. In Jeremia 36 word vertel van koning Jojakim wat nie wou luister na die boodskap van die Here nie. Germarja was een van die mense wat hom probeer waarsku het sonder sukses. Die straf van die Here het oor hulle gekom soos vandag gesien kan word.
- Volgens Morgan (12, p95) is die mees-interessante argeologiese ontdekking Kapernaum. Dit is die dorp waar Jesus gewoon het nadat Hy Nasaret verlaat het. Jesus het in Kapernaum gaan woon in die huis van Petrus en sy broer Andreas. Petrus se huis, ‘n vissers huis, het ‘n ontmoetingsplek vir Christene geword en is later uitgebrei om ‘n kerk te wees. Daar word vandag met redelike sekerheid beweer dat hierdie huis ontbloot is ook met die oorblyfsels van ‘n sinagoge wat gedurende die eerste eeu gebou is. Hierdie is dieselfde sinagoge waarna verwys word in Lukas 7 wat deur die Romeinse offisier laat bou is. Hierdie is dieselfde sinagoge waaruit Jesus Sy bediening begin het! Besoekers kan vandag hierdie area besoek en stap vanaf Petrus se huis na die sinagoge en staan op dieselfde plek waar Jesus gestaan en die mense geleer het. Wat ook baie interessant is, is die boot wat in 1986 ontdek is. In hierdie jaar het ‘n droogte Galilea getref en het die watervlak so laag gedaal dat mense die buitelyne van ‘n antieke boot opgemerk het in die modder. Die boot dateer uit die tyd van Jesus en word vandag ten toon gestel in ‘n museum. Die boot kom presies ooreen soos die bote wat in die Evangelies beskryf word.

Daar word beweer dat dit selfs die boot kan wees waarin Jesus self gevaar het op die See van Galilea.

- Morgan (12, p 83) wys daarop dat die Dooi See Rolle wat in die Qumran grot ontdek is in 1947, meer as ‘n 1000 jaar dateer vroeër as die manuskripte wat ons op daardie tyd gehad het. Hy wys ook daarop dat dit 95% ooreengestem het. Fragmente van feitlik alle boeke in die Bybel is daar gevind asook die hele boek Jesaja. Die 5% verskille word toegeskryf aan “slips of the pen” en spelverskille. Dit het in elk geval nie die betekenis geraak nie.
- Morgan (12, p 85) wys daarop dat die Nuwe Testament manuskripte beskikbaar is wat dateer uit die tyd van die Apostels. Hy verwys na die “Ryland Fragment” wat vyf verse van die Evangelie van Johannes bevat. Dit dateer ongeveer 125 n.C. Morgan wys daarop dat die Evangelie van Johannes ongeveer 100 n.C. geskryf is en dus dat die “Ryland Fragment” slegs ‘n kwarteeu daarvan dateer. Daar is talle ander verwysings na manuskripte wat dateer 200-300 n.C.

8.2 Oënskynlike teenstrydighede in die Bybel volgens John Haley (10, p.1-54)

John Haley (10, p.1) wat sê dat God Homself bekendstel slegs aan die wat Hom innig soek. Hy sê ook dat die teenstrydighede in die Bybel juis ‘n bewys is van die onafhanklikheid wat die skrywers gewerk het.

8.2.1 Oorsprong

- Tyd wat verloop het tussen voorvalle wat beskryf word. Soos byvoorbeeld wat daar geskrywe staan dat God Sy skepping as goed beskryf het (Genesis 1:31) en op ‘n ander plek waar God bedroef was dat Hy die mens geskep het (Genesis 6:6). Tussen hierdie twee voorvalle het ten minste 1500 jaar verloop.
- Verskille in outeurskap van die skrywers. Die skrywers het almal in verskillende style volgens hulle eie agtergronde geskryf.
- Die standpunt waaruit iets beskryf word. Byvoorbeeld ‘n mens kan sê dat “Die mense van Amerika is goeie leiers” of daar kan gesê word “ Die Amerikaners word goed geregeer”. Beide kan korrek wees.
- Die verkillende maniere hoe outeurs feite weergee. Die een volg ‘n kronologiese volgorde en die ander volgens die beginsels van assosiasie van gedagtes. Ook die verskille in maniere hoe datums geskryf is. Dieselfde datum is op verkillende maniere weergegee. Syfers is verskillend afgerond of afgekap. Party outeurs het poëties geskryf en ander nie. Soms is emosioneel geskryf en ander kere analities.
- Die gewoonte, veral in die Oosterse dele, om ‘n persoon of ‘n voorwerp meer as een naam te gee. In Arabies is daar byvoorbeeld 1000 verkillende woorde vir swaard, 500 vir leeu, 400 vir ongeluk en 80 vir geld. Een van die apostels het die volgende name gehad: Simon, Simeon, Petrus, Sefas, Simon Petrus, Simon Bar-jona en Simon seun van Jonas.
- Verskillende betekenisse vir dieselfde woord. Die Hebreeuse woord “näkar” kan gebruik word om te seën of om ‘n vloek uit te spreek. Die hang af van die konteks waaruit dit gebruik word.
- Foute wat gemaak is tydens die kopiëring van die verkillende weergawes van manuskripte deur die jare. Dit is slegs die laaste 400 jaar wat daar van reproduksie apparaat gebruik gemaak word.
- Die verbeelding van die kritikus wat ook beïnvloed word deur sy dogmatiese voorkeure.

8.2.2 Ontwerp

- Niemand het nog ooit enige ander boek soos die Bybel bestudeer nie. Daar word gesê dat die Bybel die intellek stimuleer.
- Die oënskynlike teenstrydighede veroorsaak dat die mens die Bybel dieper bestudeer en uiteindelik diep en ryk betekenisse vorendag bring. Met eerste oogopslag mag dit lyk dat dinge teenstrydig is, soos byvoorbeeld Paulus en Johannes oor werke, maar wanneer die dieper betekenis verstaan word, word daar gesien dat hulle egter mekaar perfek aanvul.
- Haley verwys ook na die filosowe Kant, Hamilton en Mansel wat sê dat die basiese wette van denke, dit wat ons intellektuele aktiwiteite beheer, op volslae teenstrydighede afstuur. Dink byvoorbeeld aan die volgende: Daar kan ‘n teenstrydigheid bestaan om te beweer dat ‘n voorwerp bestaan as ‘n entiteit of in verwantskap met ander voorwerpe. Dit kan as enkel

of as meervoud beskou word. As persoonlik of as nie. As aktief of as onaktief. Is dit die somtotaal van bestaan of slegs ‘n gedeelte daarvan? Hy beweer vêrder dat dit ons plig is om God as persoonlik te beskou en ook as oneindig. Ons aardse verwysingsraamwerk kan nie die genoemde eienskappe van God by mekaar uitbring nie. Ons kan nie oneindigheid verstaan nie.

- Die teenstrydighede bewys dat die outeurs nie saamgewerk het nie. Verskillende outeurs het dieselfde voorvalle beskryf.
- Die teenstrydighede het veroorsaak dat ons eerder fokus op die Gees agter die geskrifte en nie op voorwerpe nie. Indien die oorspronklike manuskripte met die oorspronklike handskrif van die outeurs gevind sou gewees het, sou die wêreld eerder agter dit aan gewees het as die doel daarvan. Stel jou voor indien ‘n stukkie hout van die kruis beskikbaar sou gewees het, hoe sou mense nie agter dit aan gewees het nie in plaas van agter die boodskap van die Evangelie.
- Die teenstrydighede word gesien as ‘n toets vir morele karakter. Die kaf word van die koring geskei. Jesus het byvoorbeeld in Johannes 6:53 gesê: *“Dit verseker ek julle: As iemand nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.”* Hiermee is die oneerlike en agterdogtige luisteraars uitgeskakel, want hulle sou onttrek na hierdie woorde van Jesus. Dit word ook bevestig in Johannes 6:66 waar gesê word dat baie van Sy dissipels het omgedraai en nie meer saam met Hom gegaan nie. Daar word verwys na Pascal wat gesê het: “God, willing to be revealed to those who seek him with their whole heart, and hidden from those who as cordially fly from Him, has so regulated the means of knowing Him, as to give indications of Himself, which are plain to those who seek Him, and obscure to those who seek Him not.

8.2.3 Oorsake/Effek

- Studies het getoon dat die geskrifte aan ons oorgedra is onveranderd. Teenstrydighede tas nie die integriteit van die geskrifte aan nie.
- Volgens Prof Stowe, wat in diepte navorsing gedoen het oor die oorsprong en geskiedenis van geskrifte van die Bybel, is die teks van die Nuwe Testament beter gevestig as enige geskiedkundige skrywe.
- Onder die manuskripte van die Nuwe Testament is daar Alexandrian (A.D. 350), Vatican (A.D. 325), Siniatic (A.D. 325), Ephraim wat bietjie later as die Alexandrian geskryf is en Beza (A.D. 490). Dit is duidelik dat die outeurs van hierdie manuskripte, wat vandag nog aan ons beskikbaar is, gewerk het vanaf die oorspronklike manuskripte wat deur die apostels self geskryf is.
- Indien daar in ag geneem word dat die verskillende boeke van die Bybel deur verskillende mense geskryf is uit verskillende kulture, oor ‘n tydperk van 2000 jaar, en nog steeds een boodskap uitdra, dit nie anders kan wees dat dit deur die Gees van God geïnspireer is nie.

9. Afsluiting

Paulus se verduideliking in Kolossense 1:15-20

"[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is : alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

Johannes wat sê: *“Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.”* 1 Johannes 5:12. Dit is baie belangrik om ook te besef dat Jesus self is ook God! Slegs deur Hom kry jy toegang tot God want Hy maak deel uit van die Drie-enige God! Ons kan dit nie verstaan nie omdat ‘n skepsel nooit sy Skepper sal kan verstaan nie, maar ons Skepper het wel deur Sy Woord aan ons geopenbaar hoe ons moet optree en wat ons kan glo.

Wat moes die Messias alles doen sodat ons in Hom kon glo?

Op die water loop? Johannes 6:19: *"Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom, en hulle het bang geword."*

Wonderwerke? Johannes 7:31: *"Maar baie van die mense het tot geloof in Hom gekom en het gesê: 'Wanneer die Christus kom, sal Hy tog seker nie meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het nie?"*

Jesus wat met die Jode praat in Johannes 10:31-32: *"[31]Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig, [32]Maar Jesus sê vir hulle: 'Op gesag van die Vader het Ek julle talle goeie dade laat sien. Oor watter een daarvan wil julle My stenig? "*

Ons staan nie meer onder die wet van Moses nie, maar onder die genade. Sien Romeine 6 :14 en 23. *"[14]Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade." en "[23]Die loon wat die sonde gee, is die dood ; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here."*

Dr Ben Witherington wys daarop dat die ontstaan van die Kerk wat geglo het dat God 'n gepaste naam vir Jesus Christus is asook die tradisies van die vroeë Kerk alles binne slegs twintig-jaar van die kruisiging plaasgevind het. Met ander woorde: 1) Geweldig baie ooggetuienisse was steeds teenwoordig wat Jesus Self geken het en wat die feitelikheid van die gebeure waaroor die Kerk getuig het kon betwis, maar kon nie, en 2) Die tydperk nie genoeg tyd toegelaat het vir al hierdie waarhede om uit niks te ontstaan nie (30, p140).

Ravi Zacharias (16, p155) wat wys dat Napoleon, in ballingskap op St Helena, gesê het dat almal wat opreg in Jesus Christus glo, die merkwaardige, bonatuurlike liefde vir Hom ervaar. Hy het gesê dat dit 'n onverklaarbare verskynsel is, dit gaan die mens se skeppende krag te bowe. " Die groot vernietiger, tyd, staan magteloos teen hierdie heilige vlam ; tyd kan nie die krag daarvan uitput en dit ook nie beperk nie. Dit is wat my die meeste getref het ; ek het dikwels daaroor nagedink. Dit is wat my van die Goddelikheid van Jesus Christus oortuig het ! "

Who despises the day of small things? ~ Zechariah 4:10: Life is filled with a series of small things that can amount to something big. Have you ever considered why the God of the universe came to earth and spent 33 years identifying with mankind through work? Jesus grew up as a carpenter's son and, no doubt, learned the trade from His daily routine of helping His father. For 30 years He worked. When it was time for Him to begin to fulfill His purpose for mankind, He told countless stories of people and their work. He told stories of landowners, farmers, fishermen, tax collectors, and so on. He related to the everyday man because He Himself was one. This is why it was important for Him to have some personal work experience. Life is filled with daily routines. Every now and then, God takes us to the mountaintop to experience His presence in a dramatic way. This is not the norm. It was not the norm for those in the Bible either. Moses spent 40 years in preparation. Paul spent a great deal of his life working toward the wrong purpose until a dramatic event changed his life. Jacob spent 20 years working for Laban. God uses work to develop character qualities that He plans to use at the appropriate time. In the small things we develop trustworthiness with God. The day-in and day-out grind of working life molds us and makes us into what God desires. God may still be preparing you for something far greater. For now, however, you are learning the daily lessons of small things. Pray that you will be faithful. (Os Hillman)

Jesus is die enigste weg na die vader. Dr Alberts maak dit duidelik (3,p18) dat Jesus self God is, verteenwoordig in die gestalte van 'n mens. Logies is Hy die weg na die Here want Hy self is die Here.

Andrew Murray wat sê dat die mens vir God geskape is, maar sonde het die skeiding gebring. Hy sê ook dat die natuur wys God en Sy werk, maar van Homself, Sy Hart en Sy gedagtes van liefde vir ons as sondaars kan die natuur nie beskryf nie. Laasgenoemde kommunikasie het plaasgevind deur Sy Seun.

Die Amerikaanse prediker Dr Jerry Savellas gebruik die spreekwoord "Getting the best of God". Indien jy wandel soos God wil, ontvang jy meer of beleef jy meer van God. Spreuke 19:23.

'n Huigelaar herken nie die Gees van God nie, hy verstaan Dit nie, ken Dit nie en het sodoende nie sensitiwiteit ten opsigte van God se openbaring en betrokkenheid by die mens nie.

Jesus sê self Hy is die weg tot die ewige lewe. *"Wie My volg sal nooit in duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."* Johannes 8:12

God het ons al voor die skepping in Christus uitverkies. Efesiërs 1:4-5: *"[4]So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. [5]In Sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."*

Kyk na Paulus se verklaring aan die Filippense (3:3-9) oor hoe hy die aardse nagestreef het en die kerk vervolg het (gewete wat hom moes pla) en hoe hy volheid in Christus gevind het. Hierdie volheid is vir ons almal beskik deur die genade van Jesus Christus. Die mens het geen verskoning nie (Romeine 1:20-32).

Let op hoe Jesus dit waardeur het dat Sy dissipels by Hom gebly het, ten spyte van hulle tekortkominge (Lukas 22:28). Die Here is beslis baie lief vir ons: *“Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus.”* (2 Tessalonisense 3:5).

10. Aantekeninge

- In hoofstukke 8 tot 10 van die boek Openbaring word die “verborge bedoeling van God” geopenbaar met die blaas van die laaste trompet. Sien Openbaring 10:5-7: *“[5]Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig [6]en ‘n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met ‘n eed bevestig: ‘Daar is geen tyd meer oor nie. [7]Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.’”* Vestig die aandag op dit wat die Here aan Sy profete bekend gemaak het.
- Paulus getuig dat hy vir Jesus gesien het 1 Korintiërs 9:1 en hy doen dit op eie koste 9:15 & 18
- Die skrywer van Kronieke verwys na Jeremia wat 'n treurlied oor Josia se dood gedig het. Bybel in praktyk, p.646 bevestig ook dat hierdie veldslag 606 jaar voor Christus plaasgevind het. Toe het Baäl die nuwe wêreldmag geword. 2 Kronieke 35:25
- Sien in Esra 1:1-2 hoe Kores, wat 'n Persiese koning was, verklaar hoe die Here vir hom 'n opdrag gegee het. 'n Storieboek, of klugskrywer, sou nie dit gedoen het nie.
- Die Here bevestig in die Bybel dat die profesieë vervul is. Sien byvoorbeeld Esra 1:1
- Die outeur verwys na homself. Esra 8:1 en baie ander verse in hierdie stuk en 9:3 & 5. Duidelik Esra self wat getuig.
- Sien die mense wat terugkeer, in detail, na Israel in Esra 2.
- Vandag nog gedoen 2 Kronieke 35:25 dui op ‘n outeur wat skryf in konteks van sy eie tyd en gehoor uit sy eie tyd.
- 2 Kronieke 29 wys op baie detail wat genoem word toe Hiskia die Tempel weer gereinig en ingestel het. Die name van die mense wat betrokke was word genoem en ook die datum en tydperk wat dit geneem het.
- Bethlehem Efrata in 1 Kronieke 4:4
- Johannes getuig self wat hy gesien het toe Jesus verhoor is. Dit wys dat hierdie ooggetuie self betrokke was by die skryf van die Johannes Evangelie. Johannes 18:15 *"Ander dissipel".* Johannes het nooit sy eie naam gebruik nie. Hy het na homself verwys as die dissipel waarvoor Jesus baie lief was en die ander dissipel. Wat dit verder ook ondersteun is die feit dat Johannes die een was wat vir Petrus toestemming verkry het om by die hoëpriester in te gaan. Johannes het dus openlik verklaar dat hy een van Jesus se dissipels was, nie soos Petrus nie. Johannes is dan ook die enigste dissipel wat by die kruis, saam met Maria, agter gebly het.
- Hiskia vra 'n teken dat die Here hom sal genees. Die Here laat die trappe terugskuif. In dieselfde hoofstuk word verwys na die Siloam tonnel wat gegrawe is. Laasgenoemde is vandag te siene met inskripsies wat getuig hoe hulle dit gegrawe het in die tyd van Hiskia! Sien Bybel in Praktyk by 2 Konings 20. Hierdie, en ook Moses en Miriam, is goeie voorbeelde van waar detail en wonderwerke gegee word deur dieselfde outeur.
- Johannes 21 se vertelling van die visvang met 153 visse en Jesus se 3de verskyning aan 7 van Sy dissipels. Kyk hoe waar: Die name van die dissipels genoem, die aantal vis, die tyd van die dag, Johannes wat Jesus en Petrus volg ("toe Petrus omdraai... ") ens. Dit dui duidelik op 'n ooggetuie wat getuig van wat hy self ervaar het.
- Lukas self sluit by Paulus, Silas en Timoteus. Dit kan gesien word vanaf Handelinge 16:11 waar hy verwys na "ons". Hy vertel ook hoe Paulus en Silas geslaan en in die tronk gegooi is nadat hulle die gees uitgedryf het uit die waarsêer uit, en ook uit die tronk verlos is.
- Tot nou toe en detail oor naam van koperslang. 2 Konings 18:4
- Tot nou toe. 2 Konings 13:23. Sien dan slegs twee verse voor dit, vers 21, word vertel hoe 'n persoon lewend geword het wanneer hy aan Elisa se beendere geraak het. Sien ook, of koppel aan Jesus wat vir Lasarus opgewek het, en dat Jesus bevestig dat hierdie gebeure

so gebeur het sodat die Seun van die God verheerlik kan word Johannes 11:4&15. Sien ook waar Hy andere opgewek het: Matteus 9:18-26, Markus 5:41; Lukas 8:40-56; Lukas 7:11-17

- Vandag nog daar 2 Konings
- Vandag nog daar/so: 2 Konings 17:23;34;41
- Woon nou nog daar 1 Kronieke 4:43
- Detail met betrekking tot koning Asa se voete: 1 Konings 15:23
- Jesus wat aan Sy dissipels meedeel dat hulle doodgemaak gaan word. Johannes 16:2
- Paulus sê dat hulle hom nie weer sal sien nie. Hy het geweet en die Bybel self bewys dat hy nie gelieg het nie. Handelinge 20:25, 37
- Tot vandag toe: 2 Konings 16:6
- Deuteronomium 28: Hoe verskriklik is die straf van die Here oor die ongehoorsame mens.
- Deuteronomium skrywer getuig dat die Here hulle uit Egipte laat trek het met groot en kragtige wonderdade. Deuteronomium 26:8
- Sien in Handelinge 1:13 word getuig wie almal teenwoordig was met Pinkster. Kon nie leuen wees nie!
- Die koning van Moab, Mesa, het teen Israel gerebelleer soos getuig in 2 Konings 3. Die Israeliete het sonder water geraak en deur Elisa water gekry van die Here. Koning Mesa het sy seun geoffer op die muur vir sy god Kemos. Die Israeliete is met afgryse gevul en het onttrek. Hierdie wys op die sonde van die mens deur ander gode te aanbid en wat dit aan jou doen. Die gedenksteen van koning Mesa is meer as 'n eeu gelede gevind wat in breë trekke hierdie veldslag beskryf.
- Elia se hemelvaart en oorhandiging aan Elisa. Sien 2 Konings 2. Kyk na detail en selfs wrede dood van kinders met detail oor plek.
- 2 Konings 5:5 al die geskenke in detail wat Naäman saamgeneem het vir sy genesing. Kyk dan na res van die wonderwerk wat plaasgevind het. Is eerste deel dan detail en die res dan lieg? Dit is ook hier waar Gehasi gesondig het.
- Dawid se mense wat by hom aangesluit het, detail name, plekke en gebeure en gebruike
- Die geskiedenis van Dawid en Salomo is opgeteken in die geskrifte van Samuel, Natan en Gad. Hulle word ook as sieners uitgewys. 'n Mens maak nie 'n storie op en dan stem dit ooreen met twee ander mense nie! Hierdie is getuienisse van ooggetuienisse wat getuig van gebeure en van wat die Heilige Gees aan hulle geopenbaar het. 1 Kronieke 29:26-30
- Geslagsregisters wat Israel na Adam toe terug herlei. 1 Kronieke 1:1-54. Sien ook stamme van Israel 1 Kronieke 2:1-8:40 en die ballinge wat terugkeer in 1 Kronieke 9:1-44. Sien ook Genesis 5,10,11,16,25,36. Esau was die voorvader van Edom en het ook met een van die dogters van Ismael getrou. Hy het ook met die Kanaänitiese vrouens getrou. Jesus se geslagsregister word verbind aan Dawid Matteus 1:1-17 en Lukas 3:23-38 en selfs Adam Lukas 3:38
- Petrus wat vir Tabita uit die dood opwek. Kyk egter na die detail, help haar met die hand op en waar hy gebly het. Hoekom detail? Handelinge 9:39-43
- Tot vandag toe - dit bevestig gebeure in tyd van Elisa: 2 Konings 8:22
- Vandag nog. 1 Kronieke 13:11
- Genesis 41:14: *"Toe het die Farao vir Josef laat roep en hulle het hom uit die tronk gehaal. Nadat hulle hom geskeer en ander klere aangetrek het, is hy na die farao toe."* Te veel detail vir 'n storieboek.
- Genesis 41:45-46: *"Die Farao het Josef Safenat Patneag genoem en vir hom Asenat, dogter van Poti6Fera priester van On, as vrou gegee. Josef was dertig jaar oud toe hy in die diens van die farao die koning van Egipte getree het...."* Te veel detail vir 'n storieboek.
- Genesis 42:5*: "Die seuns van Israel het saam met ander mense gegaan wat ook koring in Egipte wou gaan koop omdat daar hongersnood was in die hele Kanaän."* Die feit dat daar ander mense saamgegaan het is heeltemal irrelevant sou dit 'n storieboek gewees het.
- Genesis 45:1: *"Josef kon homself nie langer bedwing voor die mense wat hom bedien het nie. Hy het hulle almal beveel om van hom af weg te gaan, en daar was van die wat hom*

gedien het, nie een by hom toe hy hom aan sy broers bekend gemaak het nie." Detail wat nie in 'n storieboek ingesluit sou gewees het nie.

- Kyk na die karakter van Josef wat deurskemer in Genesis 42:42; 43:30; 45:2; 45:15; 46:29; 50:1; 50:17; 50:21.
- In Genesis 46:1-4*: "[1]Israel (Jakob) en almal by hom het vertrek. Hy het by Berseba gekom en daar 'n offer gebring aan die God van sy pa Isak. [2]God het die nag met Israel gepraat in 'n visioen en geroep: 'Jakob, Jakob!' Hy het geantwoord: 'Hier is ek!' [3]Toe sê God: 'Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak. [4]Ek gaan saam met jou Egipte toe, en Ek sal jou beslis weer hierheen laat terugkom. Wanneer jy sterf, sal Josef jou oë toedruk.'"*
- In Genesis 46:8-27 word al die name genoem van Jakob se nageslag wat vertrek het Egipte toe. Detail wat nie in 'n storieboek hoort nie. Kyk ook veral na die verwysing na Juda se seuns, Er en Onan, wat reeds in Kanaän gesterf het, Genesis 46:12.
- Nie storieboek nie. Genesis 47:26: *"Josef het hierdie reëling tot vandag toe 'n vaste instelling in Egipte gemaak: 'n vyfde van die opbrengs kom die farao toe. Net die priesters se grond is uitgesonder. Dit behoort nie aan die farao nie."*
- Die beskrywing van die begraafplek grond waarna Josef verwys in Genesis 49:29-33 sou geen sin maak in 'n storieboek nie.
- In Eksodus 1:1-7 word die name van die voorvaders, maw die nageslag van Jakob, selfs by die name genoem. Hulle het vermeerder en die volk geword wat slawe in Egipte geword het en tot die uittog gelei het.
- Kyk na die geslagsregister van die leiers in Eksodus 6:13-25. Let veral op in Eksodus 6:14 waar genoem word dat Saul die seun was van 'n Kanaänitiese vrou en in Eksodus 6:19 waar genoem word dat Amram met 'n tante van hom getrou het. Alles duidelik registers van werklike gebeure.
- Die instelling van die paasfees in Eksodus 12 wys juis daarop dat die plae in Egipte en spesifiek die dood van die eersgeborenes waar is. Dit word vandag nog herdenk, waar het dit dan ontstaan?
- Die Israeliete moes omkyk, is 'n duidelike verwysing na 'n werklike gebeurtenis, anders sou daar net gestaan het dat die magtige teenwoordigheid van die Here het sigbaar geword: Eksodus 16:10 *"Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk."*
- Die Here het vir die volk kwartels en manna verskaf. Kyk na die detail van hoe die manna gelyk en gesmaak het. Eksodus 16:31*: "Die Israeliete het die kos manna genoem. Dit was wit soos koljandersaad en het soos heuningkoek gesmaak."*
- Moses se skoonpa wat vir Moses besoek en ook Moses se vrou en twee seuns saambring. Kyk ook na die praktiese probleem wat Moses gehad het met al die mense wat hom wou spreek en sy skoonpa wat hom van raad bedien het, Eksodus 18.
- Die hele Bybel wys na die Waarheid. Elke moment is daar sodat ons kan glo. Bv: Die vier evangelies en die feite hoekom daar vier is, die vroue wat die leë graf ontdek het, Petrus se optrede toe hy die Here herken het op die strand, die dissipels se ommekeer.
- Die ontsag vir die Here en die feit dat die skrywer van Eksodus dieselfde ontsag handhaaf kom ook na vore in Eksodus 22:8: *"Maar as die dief nie gevang word nie, moet die huiseienaar in die teenwoordigheid van God 'n eed gaan aflê dat hy nie die ander man se goed gesteel het nie."* Indien hierdie wette gebaseer was op eie gewin, sou die Here nie as Regter aangewys gewees is nie.
- In Eksodus 20 en daaropvolgende dele word die wet van Moses bespreek. Sekerlik werklike gebruike vir daardie tyd, nie 'n storieboek nie.
- Eksodus 23:20-21: *"[20]Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm en jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reggemaak het. [21]Gee ag op die engel en luister na Hom; moet jou nie teen hom verset nie. Hy sal jou nie vergewe as jy teen hom in opstand kom nie, want Ek het aan hom My volmag gegee."* Sekerlik het die volk die Engel as realiteit moes ervaar omdat Moses hierdie woorde vasgelê het. Dink ook aan die profetiese realiteit van die Engel wat julle nie sal vergewe nie.
- Identifisering en ook geslagsregister van die mense wat aan die Tabernakel en Ark moet werk in Eksodus 31:2 en 6.
- Oorsprong: Die Sabbat wat vandag nog onderhou word. Eksodus 31:12.

- Die Leviete distansieer hulle van die goue kalf. Genesis 32:26: *"het hy by die ingang van die kamp gaan staan en gesê:' Wie vir die Here is kom hier na my toe.' Al die Leviete het om hom bymekaargekom."*
- Die Leviete word aangestel in diens van die Here: Genesis 32:29*:"Toe het Moses vir die Leviete gesê:' Vandag is julle gewy vir diens aan die Here, want julle het selfs teen seuns en broers opgetree (goue kalf aanbidders). Om hierdie rede gee die Here vandag aan julle hierdie besondere voorreg.'"*
- Geslagsregister nie vir storieboek nie. Die vakmanne wat die Tabernakel moet bou is deur die Here toegerus om dit te doen en ook andere op te lei om dit te doen. Sien geslagsregister in Eksodus 35:30: *"Moses het vir die Israeliete gesê: 'Kyk, die Here het vir Besaleël uitgekies vir die werk. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda.'"* Sien ook Eksodus 35:34: *"Die Here het vir hom en vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, die begaafdheid gegee om ander as vakmanne op te lei."* Daar word weer na hulle verwys in Eksodus 38:22-23.
- Kyk na die detail wat genoem word soos wat die Tabernakel en die Ark met al die toebehore gebou is in Eksodus 36-39. Daar word ook in die vorige hoofstuk verwys na die volk wat meer gebring het as wat nodig was en Moses hulle moes stop. Dui op 'n werklike gebeurtenis. Opvallend is waar verwys word na die bronsspieëls se oorsprong in Eksodus 38:8: *"Besaleël het 'n bronswaskom met 'n bronsvoetstuk gemaak van bronsspieëls wat gekom het van die vroue wat by die deur van die tent van ontmoeting werk."* Dit sou geen sin maak om dit te noem in fiksie nie.
- Die Leviete het die berekenings gedoen en onder Itamar, seun van die priester Aäron, gewerk. Kyk na die detail wat genoem word van al die materiale wat gebruik is. Eksodus 38:21: *"Hier volg die hoeveelhede van die materiaal wat gebruik is om die tabernakel waarin die getuienis was, op te rig. Dit is in opdrag van Moses bereken deur die Leviete wat gewerk het onder leiding van Itamar seun van die priester Aäron."*
- Die dag wat die tabernakel opgerig is word genoem in Eksodus 40:16-17: *"[16]Moses het alles gedoen presies net soos die Here hom beveel het. [17]Op die eerste dag van die eerste maand van die tweede jaar na die uittog is die tabernakel opgerig."*
- Jesus loop op die see is waar. Matteus 14:25: *"Met dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom."*
- Paulus getuig dat die Here die evangelie aan hom openbaar het: 1 Tessalonisense 2:4: *"Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets."*
- Kyk na konflik tussen Moses en Aäron in Levitikus 10:16-20 wat wys op ware gebeurtenis.
- Let op dat die Here opdragte gee oor rein en onrein diere in Levitikus 11. Wonderlik om te besef dat slegs die Here kon wees want wat het Moses en Aäron geweet van mikro-organismes daardie tyd?!
- Kyk na detail wat weergegee word in Levitikus 24:10-11: *"Daar was 'n man tussen die Israeliete wat 'n Egiptiese pa en 'n Israelitiese ma gehad het. Sy ma se naam was Selomit. Sy was 'n dogter van Dibri, uit die stam Dan. Die man het in die kamp met 'n man van suiwer Israelitiese afkoms in 'n woordewisseling betrokke geraak en die Godsnaam lasterlik gebruik...."*
- Levitikus 25:29: "*Wanneer iemand 'n woonhuis in 'n ommuurde stad verkoop, moet hy 'n volle jaar lank die reg behou om dit terug te koop....."* Detail wat nie in 'n storieboek hoort nie.
- In Numeri word sensus van die volk gehou: 1) Die name van die twaalf stamhoofde word genoem selfs met die name van hulle vaders. 2) Die getalle van die weerbare manne bo 20 uit al die stamme word gelys. Sien Numeri 1:4-46. Toe die volk moet kamp opslaan, is al die stamme met hulle leiers en getalle weer genoem in Numeri 2:1-34.
- Diensbeurte wat bespreek word vir diens by die tabernakel in Numeri 3. Sien ook die detail m.b.t. die name van die stam van Levi, asook hulle getalle, wat genoem word in Numeri 3.
- Kyk na Numeri 4 waar opdragte deur Moses van die Here gegee word oor die ampspligte aan die drie Levitiese families: Kehat, Gerson en Merari vir wanneer die kamp verskuif moet word. Al die detail m.b.t. die voorwerpe van die tent van ontmoeting.

- Kyk na die detail tydens die inwyding van die altaar veral m.b.t. die gereedskap tesame met die offers self (Numeri 7:1-8,84-88) en ook die leiers van die stamme met hulle vaders (Numeri 7:11-83).
- Kyk hoe een stam uitgesonder was tydens die inwyding van die altaar in Numeri 7:9: "Moses het nie waens en osse aan die Kehat groep gegee nie, want hulle moes die gewyde voorwerpe op hulle skouers dra." Sou nie in storieboek werk nie.
- Johannes wat sy optrede/reaksie beskryf op werklike gebeure: Openbaring 1:12: *"Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat."* en ook Openbaring 10:4: *"En toe die sewe donderslae praat, wou ek dit opskrywe, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: 'Hou geheim wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie.'"*
- Die Bybel is waar ('n handeling wat beskryf word), ook teen sektes a.g.v. die getuies en profesie, en ook sterk fondamente wat Jesus vir ons nagelaat het vir geloof. Romeine 1 in verband bring ook: Openbaring 19:10: *"Toe het ek voor sy voete op my knieë neergeval om hom te aanbid. "Pas op, moenie!" Sê hy toe vir my. "Ek is 'n mededienaar van jou en jou medegelowiges wat aan die getuies vasklou wat Jesus gelewer het. Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuies gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het."*
- Kyk na detail in Daniël 5:5: *"Meteens verskyn daar toe 'n mensehand wat op die gepleisterde muur van die paleis skryf, reg teenoor die kandelaar. Die koning het die hand gesien terwyl dit skryf."*
- Openbaring 21:9 se detail met betrekking tot die spesifieke engel wat met Johannes kom praat het: *"Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat."*
- Die Here praat met Moses: Numeri 7:4;11;89-hoe die Here met Moses gepraat het. Ook Numeri 8:1,23;9:1,9;10:1;
- Detail: Numeri 7:11-83 Inwyding van die altaar.
- Die Here openbaar Hom aan die mens en die Bybel is waar! Die wolk bo die tabernakel word beskryf in Numeri 9:15-23. In Numeri 10 word weer baie detail gegee m.b.t. leiers met hulle name en die name van die stamme wat reageer op die Here se bevele. Laasgenoemde was ook duidelik sigbaar deur wat die Here met Moses praat en ook die wolk. Hoekom sou sekere dele nie waar wees nie indien daar met soveel detail verwys word na die name van mense en hulle bewegings?!
- Die Here praat met Moses Numeri 11:16,23. Sien ook die Here het in 'n wolk afgekom na die 70 leiers toe en 'n deel van die Gees wat op Moses was, het op hulle gekom en hulle het geprofeteer. Selfs die twee leiers wat nie tussen hulle was nie, het ook tussen die volk begin profeteer. Josua het van laasgenoemde kom getuig en tot selfs weet ons vandag wat hulle name was: Eldad en Medad. Lees ook vêrder van die tonne kwartels wat die Here na hulle toe laat kom het en hoe die gulsiges gedood en begrawe is. Numeri 11:31-34.
- Die Bybel se eenheid in verhaal. Sien in Rigters 2 hoe die Here vir die Israeliete geprofeteer het dat hulle verstrik sal word in ander nasies se godsdienste a.g.v. hulle afvalligheid. Trek ook deur na Hellenistiese tyd, hemelgodin, ens.
- Kyk na detail met betrekking tot die name in Levitikus 10:1-7 tydens die dood van Aäron se seuns, Nadab en Abihu. Ons kan sien dat Aäron se seuns Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar was (verse 1 en 6). Die name van .....
- Detail met die salwing van Dawid. 1 Samuel 16. Kyk na Samuel se vrees vir Saul en dan ook die detail m.b.t. die seuns van Isai wat voor Samuel gebring word. Let ook op dat die koning Dawid uit Bethlehem kom. Alles in lyn met die Messias. Selfs ook die koningskap wat gepaard gaan met 'n bokkie (lam brood en wyn).
- Die gewig van Goliat se swaard ensomeer, 1 Samuel 17:4.....
- Detail van wie saam met Dawid gegaan het in Saul se kamp in: 1 Samuel 26:1-7
- Die name van die leiers, hulle stamme en ook die name van hulle vaders word gegee van die mense wat die land Kanaän gaan verken, Numeri 13:3-16
- Indien gekyk word na al die detail wat deur die outeurs gegee word, hoekom sou hulle dan lieg oor die besondere openbaringe en betrokkenheid van God!?
- Kyk hoe van die Leviete teen Moses en Aäron in opstand kom en ook die detail m.b.t. name wat gegee word. Numeri 16:1-3.... Daar word in die hele Numeri 16 getuig van hoe die Leviete in opstand gekom het en hoe die Here openlik die opstandiges uitgewis het deur die aarde wat hulle ingesluk het (Numeri 16:31-32). Indien dit opgemaak was sou die

outeur nie die opstand beskryf het nie en hoekom sou hy soveel detail deurgee en slegs 'n paar verse later lieg oor die bo-natuurlike verskynsels?

- Detail: Numeri 20:1: Mirjam wat oorlede is in die Sinwoestyn. Numeri 20:13: Moses en Aäron se ongehoorsaamheid: *"Dit het gebeur by die Meribawaters waar die Israeliete met die Here rusie gemaak het, en waar Hy Hom as die Heilige aan hulle bekend gemaak het."* Sien ook die detail oor die gebied in Numeri 20:22-23: *"[22]Die hele volk Israel het van Kades af versit en by Horberg aangekom. [23]By Horberg, vlak by die grens van Edom, het die Here vir Moses en Aäron gesê:"*
- Detail van al die plekke waarheen die Israeliete getrek het en ook die gebiede wat verower is in Numeri 21:10-35.
- Kyk na detail in Numeri 25:14-15. Sien ook die sensus opname gedoen soos beskryf in Numeri 26. Die melding van die name van die dogters van Selofgad in Numeri 27:1-11 en die verwysing van hulle pa se dood in die woestyn ook duidelik nie 'n storie nie.
- Detail in Numeri 31 waar die Midianietiese konings se name genoem word wat gesneuwel het, Bileam genoem word, en die presiese aantal buit wat geneem is.
- Kyk na die Naam vd Here wat deur Hiskia gebruik word in Jesaja 37 en dat die Assiriërs al die ander gode verwoes het, maar nie die ware God van Israel nie. Vers 20 is belangrik mbt die ware God wat kan red sodat die nasies kan glo. Sien in verse 36-38 hoe koning Sanherib van Assirië gestraf is.
- Detail van gebiede wat verdeel is onder die stamme van Gad en Ruben in Numeri 32:34-38
- Kyk hoe dit in detail bespreek word hoe die Israeliete uit Rameses vertrek het, terwyl die Egiptenare hulle eersgeborenes nog begrawe het, al die plekke waarheen hulle getrek het, selfs waar hulle probleme gehad het, soos byvoorbeeld by Refidim waar daar nie water was nie (vers 14). Hoekom sou Moses hierdie detail deurgee maar lieg oor die openbarings wat die Here aan hom gegee het, die kere wat die Here met hom gepraat het, ens? (Numeri 33)
- Kyk na die detail in terme van die verdeling van die land en die leiers wat vir elke stam aangestel is. Numeri 34:18-29
- In Numeri 36 word getuig van Selofgad se dogters. Die probleem was wat sou gebeur met die grond wat hulle besit indien hulle sou trou. Die detail mbt name en die leiding wat deur die Here aan Moses gegee is, is duidelik nie 'n storie nie.
- In Deuteronomium getuig 'n Levitiese priester. In Deuteronomium 1 vertel hy van Moses se toespraak. Hierin kan Moses se troue getuienis raakgesien word. In vers 23 het Moses vertel dat hy gedink het dit is 'n goeie plan om 12 verkenners ui te stuur. In vers 42 vertel hy wat die Here vir hom gesê het. Hy maak dus duidelik onderskeid tussen wat hy gedink het en wat die Here vir hom gesê het.
- Die skrywer van Deuteronomium bevestig wat Moses geskryf het.
- Koning Og se bed wat oorgebly het word in Deuteronomium 3:11 bespreek. Sien ook aan die einde van hierdie deel waar Moses vir die Here gevra het of hy die beloofde land kan ingaan, en die Here gesê het die Moses nie weer met Hom daaroor moet praat nie, maar moet oorhandig aan Josua. 'n Mens sal nie so iets in 'n storieboek skryf nie.
- Die skrywer van Deuteronomium getuig wat Moses aan die volk gesê het. Hy noem detail soos dat die volk by Horebberg die vuur tot in die hemel gesien het maar slegs die Here se stem gehoor het. Hy maak 'n dringende saak daarvan dat die volk nou nie beelde moet bou omdat hulle die Here nie self gesien het nie. Indien dit 'n storie was, sou hierdie saak nie 'n saak gewees het nie. Deuteronomium 4:10-19
- Moses se verklaring dat die Here die tien gebooie hoorbaar aan die hele gemeente gegee op die berg Horeb. Die spesifieke woorde: "*en toe het Hy stilgebly*" wys op die ervaring wat Moses gehad het. Hy was duidelik in afwagting dat die Here nog meer moes sê. Deuteronomium 5:22
- Die hele volk het die stem van die Here gehoor. Deuteronomium 5:24-25
- Die Here het nasies verdryf omdat hulle so goddeloos is. Dit versterk ook ons geloof om te besef dat die Here profeties met die volk besig was soos byvoorbeeld om vooraf die belofte te maak om die magtige Enakiete aan hulle mag oor te gee en dan gebeur dit ook so. Deuteronomium 9:4-6
- Kyk na die ooggetuie, Moses, wat getuig dat die Here in dieselfde skrif weer die tien gebooie geskryf het: Deuteronomium 10:4

- Kyk na al die detail van die verkenners en die wat na hulle gesoek het. Ook Ragab, die prostituut, wat in die geslagsregister van Jesus opgeneem is (Matteus 1:5 sien ook Jakobus 2:25 geloof en Hebreërs 11:31) Josua 2:6-11.
- Dood van Josue en Eleasar en Josef se liggaam ens. Josua 23:29-33
- Kyk na detail van vet koning en hoe die linkerhandige Ehud hom doodgemaak het. Rigters 3:15-27
- Eli se spesifieke posisie hoe hy gesit en kyk het na Hanna wat gebid het in die tempel by Silo. 1 Samuel 1:9-19. Trek dit nou deur na indien jy hierdie glo, dan is ander getuies/geskrifte ook outentiek.
- Detail 1 Samuel 14:14-52 Saul se koningskap en familie

Hoofstuk 2
Is die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament?

1. Waarheid as gordel om die heupe

Efesiërs 6:10-20*: "[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. [13]Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. [14]**Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe**, die vryspraak deur God as borsharnas, [15]en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. [16]Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. [17]Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. [18]Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. [19]Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. [20]Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is."*

Daar word dikwels deur mense gevra: "Wat is die waarheid?". Mense met 'n filosofiese benadering is veral lief om dit te doen. Die beste antwoord wat aan so 'n persoon gegee kan word, is dat Jesus Christus die Waarheid is. Indien 'n persoon vir jou probeer sê dat daar nie so iets is as die waarheid nie, kan as volg geantwoord word: Indien daar nie so iets is as die waarheid nie, kan jou stelling ook nie waar wees nie.

Johannes 8:31-32: *"[31]Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

Pilatus is die man wat Jesus ter dood veroordeel het en om gekruisig te word. In Pilatus se gesprek met Jesus (Johannes 18:36-38), het Jesus bevestig dat Hy 'n Koning is, Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie en dat Hy kom getuienis aflê oor die waarheid. Pilatus vra toe: *"Wat is die waarheid?"* Deur die genade van die Here kan ons vandag weet dat daar slegs een God is, dat Jesus Christus die Messias is, en dat Hy weer gaan kom om ons te kom haal. Die Here het Hom aan die mens geopenbaar, te midde van geweldige dwaalleer en praktyke, van die vroegste tye af. Ons kan vandag die Here ken deur die verlossingswerk van die Messias.

Die Woord van God is outentiek en die waarheid. Die gelowige kan enige aanslag teen die Woord weerstaan vanuit die Woord. Tereg hoef aanslagte nie met teenaanvalle van redenasies beantwoord te word nie. Die fondament waarop die dwaalleer homself vestig kan in liefde bevraagteken, en ontbloot word. Die Woord maak ons vry indien ons met die Woord besig is. Indien jy seep met seep was, gaan dit een of ander tyd skoon wees.

Indien daar 'n bewering teen die Woord gemaak word, kan daar gevra word: "Op grond van wat sê jy dit?" Die gelowige kan die antwoord op laasgenoemde vraag weerlê vanuit die Woord.

Aanslagte op die Woord van die Here sluit in die poging om mens te laat twyfel of die God van die Ou Testament ook die God van die Nuwe Testament is en of die Bybel werklik die outentieke Woord van God is. Daar word byvoorbeeld beweer dat die God van die Ou Testament wreed was en die God van die Nuwe Testament liefdevol is. Dit laat die opening vir die leuen dat daar ander gode ook kan wees, of dat daar nie een Skepper en God is nie. Hierdie tipe dwaalleer laat die vraag ontstaan of mens werklik die Waarheid kan ken soos geopenbaar in die Bybel?

Die eenheid in die Woord van God oor al die eeue is een van die baie waarhede wat alle twyfel uit die weg ruim. Dit dui duidelik daarop dat dit dieselfde Here is wat die mense geïnspireer het, en aktief betrokke was by gebeure op so wyse dat ons Hom vandag kan ken. Daar gaan nou gekyk word na 'n paar van die baie waarhede sodat geen twyfel hoef te bestaan dat dit dieselfde Here is waaroor getuig word in die Ou Testament en die Nuwe Testament.

Die Gesalfde sal redding bring en heers – 'n spesifieke Persoon		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Genesis 3:15 1983 vertaling: *"Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."* New King James Version: *"And I will put enmity between you and the woman, and between your seed and her Seed; He shall bruise your head, and you shall bruise His heel."* Genesis 14:18-20: *"[18]Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring [19]en hom geseën: 'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. [20]Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee."* In Psalm 110 word na Melgisedek verwys. Dit is gedurende hierdie tyd wat David Jerusalem verower het. Psalm 110:4: *"Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: 'Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek'."* Jesaja 9:5: *"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; hy sal heers, en Hy sal genoem word; Wonderbare Raadsman. Magtige God, Ewige Vader, Vredevors."*	Let op dat die nageslag van die vrou (Eva) met 'n hoofletter geskryf word "Seed". Dit wys daarop dat hier verwys word na die Messias, die Gesalfde. Met ander woorde, die Christus. Grieks = Massiach; Hebreeus = Christos. Beide beteken: Gesalfde Die mens kan homself nie red nie. Die mens kan nie vanuit sy vervalle, sondige toestand, die ewige lewe in teenwoordigheid van die Skepper bewerkstellig nie. Slegs God, die Here (God van die verbond = Jahweh) kan dit doen want Hy is die Skepper en Gewer van lewe. Daar is duidelik in die Ou Testament voorspel dat daar 'n spesifieke Persoon sal kom om redding te bewerkstellig. Die Messias is baie duidelik, histories en profeties, aan ons uitgewys. Jesus Christus is die Messias wat die profesieë kom vervul het en het ook Self dit bevestig deur Sy profetiese uitsprake. Hy is God se Volmaakte Openbaring aan die mens sodat ons Sy Naam kan ken. Daar was ook nie eers 'n ander openbaring gewees nie. Die Here het deur middel van Melgisedek reeds Hom met die mens bemoei wat dateer voor die tyd wat baie van die getuienisse in die Bybel opgeteken is, of nog vandag beskikbaar is. Meer oor Melgisedek later in die hoofstuk.	Kyk na Petrus se toespraak met verwysing na Jesus tydens Pinkster in Handelinge 2:33: *"Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor."* Daar word van Jesus gesê in Hebreërs 7:17: *"Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek"*. Met ander woorde, Jesus is die God van regverdigheid van altyd af. Die hoëpriester het eenmaal per jaar in die allerheiligste van die Tempel ingegaan om versoening te bewerkstellig tussen God en die mens. Die Messias is die enigste Goddelike Hoëpriester wat dit kon verewig. Jesus het kom wys dat Hy die Messias is. Hebreërs 9:24-28: *"[24]Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. [25]Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die Hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie. [26]Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. [27]'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. [28]So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag."* (Meer oor Jesus die Ware Hoë Priester op www.matthew28.co.za) Jesus se woorde aan Tomas in Johannes 14:6: *"Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.'"* 1 Johannes 5:20: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die Ware God, in Sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe."*

Die breek van ‘n liggaam en vloei van bloed is tekens van ‘n verbond		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Genesis 15:7-10: *“[7]Hy het vir Abram gesê: ‘Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as besitting.’ [8]Maar Abram vra: ‘Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God?’ [9]Toe beveel die Here hom: ‘Bring vir my ‘n vers, ‘n bok en ‘n skaapram, almal drie jaar oud, en ‘n tortelduif en ‘n jong duif.’ [10]Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit…..”* Levitikus 2:1-16: *“[1]Wanneer iemand vir die Here ‘n graanoffer wil aanbied, kan hy meel aanbied. Hy gooi daar olie oor en sit wierook bo-op (BROOD)….”* Levitikus 4:3-5: *“[3]As die gesalfde priester sondig en so die volk skuldig maak, bied hy vir die sonde wat hy gedoen het, ‘n bul sonder liggaamsgebrek as sondeoffer aan die Here aan. [4]Hy bring die bul by die ingang van die tent van ontmoeting, sit sy hand op die bul se kop en slag dit daar in die teenwoordigheid van die Here. [5]Dan vat die gesalfde priester die bul se bloed, bring dit na die tent van ontmoeting toe, [6]steek sy vinger in die bloed en sprinkel van die bloed sewe maal in die teenwoordigheid van die Here op die voorkant van die voorhangsel in die heiligdom.”*	Die gebruik in die Ou-Testamentiese tyd wanneer twee partye ‘n verbond gesluit het, was om bloed te laat vloei deur die verteenwoordigende diere se liggame te breek. Dieselfde het tussen die Here en Abram (later genoem Abraham) plaasgevind. Ons het ook reeds gesien dat die lam se bloed ingestaan het vir die volk se sonde tydens die tiende plaag in Egipte. Ons sien nou dat brood ook pertinent was in die offers. Die dorp Bethlehem, waar Jesus gebore is (sien Miga 5), beteken “Plek van brood”. Reeds meer as 500 jaar voor Christus voorspel.	Belangrik: Die onvolmaakte priester moes versoening soek by die Here en moes met behulp van verbond hulpmiddels en items dit bewerkstellig binne die teenwoordigheid van die Here. Jesus stel die Nagmaal in saam met Sy dissipels wat hy oor drie jaar onderrig het. Die volgende dag is Hy gekruisig gedurende die paasfees wat herdenk het dat die Lam se bloed vir hulle gevloei het in Egipte, meer as 1200 jaar voor Christus. Lukas 22:19-20: *“[19]Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: ‘Dit is My liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot My gedagtenis.’ [20]Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: ‘Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur My bloed, wat vir julle vergiet word.’”*
Die Ou Verbond (Die Wet)		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Die Here bly getrou aan Sy verbond met Abraham en bevestig sy verbond met Moses by Sinai (Horeb): Eksodus 19:5-6: *“[5-6]As julle My gehoorsaam en julle aan My verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ‘n koninkryk wat My as priesters dien, en ‘n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My. Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel.”* Levitikus 23:27-28: *“[27]Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet*	By die berg Sinai ontvang die Israeliete die Tien Gebooie (Eksodus 20) en daarna ook Die Wet (Eksodus 21….) wat die mens opnuut laat fokus het op sy eie sonde en die Heilige Wese van God. Die wet is die voorloper van die Evangelie wat lewe gee. In die hele Psalm 119 kan gesien word hoe die psalmdigter die Here verpersoonlik as die Wet, en redding soek in gehoorsaamheid van die wet: Sien byvoorbeeld Psalm 119:54-56: *“[54]U voorskrifte is vir my ‘n lied in my lewe hier op*	Daar was skeiding tussen die Here en die mens. Daar is ‘n Tabernakel (en later die Tempel) opgerig wat die Naam van die Here se teenwoordigheid onder Sy volk verteenwoordig het. Die hoëpriester moes in staan vir sy eie, en die volk, se sonde eenkeer per jaar. Dit was ‘n aardse priester wat gebonde was deur sy eie sonde. Hy was die middeweg deur middel van die Tabernakel en die priesterskap tussen die Here en die mens. Jesus is die Hoëpriester volgens die Goddelike priesterorde van Melgisedek. Genesis 14:18-20: *“[18]Melgisedek, koning van Salem en*

dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring. [28]*Niemand mag op hierdie dag werk nie, want dit is die versoendag waarop daar vir julle versoening gedoen word by die Here julle God."* Wie is die Engel van die Here? Maleagi 3:1-2 (53 vertaling): *"*[1]*Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare.* [2]*Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers."* Hierdie is geskryf meer as 500 jaar voor Christus.	*aarde.* [55]*Selfs in die nag dink ek aan U, Here, en is ek gehoorsaam aan U wet.* [56]*Om U bevele uit te voer, is vir my die lewe."* Ons Heilige God kan net in gehoorsaamheid gedien word. Die "priesterdiens" is ingestel wat die volk in staat gestel het om in gehoorsaamheid te dien. Die hoëpriester moes dan ook elke jaar op 'n spesifieke dag, op die Dag van Verootmoediging (Day of Atonement: Yom Kippur), in die Allerheiligste van die Tabernakel (later in die Tempel) binnegaan, verby die voorhangsel (wat die Heilige en Allerheiligste geskei het), om in te staan vir sy eie, en die volk, se ongehoorsaamheid. Die bou van die Tempel op die "Berg van die Here" (Genesis 22:14) is bevestigend van die verbond met Abraham. Dit was ook 'n bevestiging van die verbond met Dawid dat sy seun die Tempel sal bou en dat die Messiaanse Seun Sy troon daar sal vestig vir ewig (1 Kronieke 17:7-14) Psalm 107:42-43: *"*[42]*As die opregtes dit sien, is hulle bly: alle onreg het tot 'n einde gekom.* [43]*Wie verstandig is, moet op hierdie dinge ag gee, hulle moet let op die Here se dade van trou."*	*priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring* [19]*en hom geseën: 'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.* [20]*Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.* Melgisedek het reeds tiendes van Abraham ontvang en is beskou as Abraham se meerdere: Hebreërs 7:6-7: *"*[6]*Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën.* [7]*Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word."* Hebreërs 9:11-12: *"*[11]*Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou* verwesenlik *is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie.* [12]*Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring."* Hebreërs 9:24-28: *"*[24]*Christus het nie* ingegaan *in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn.* [25]*Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die Hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie.* [26]*Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem.* [27]*'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.* [28]*So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag."* Matteus 27:50-55: *"*[50]*Jesus het toe weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.* [51]*Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.* [52]*Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek,* [53]*en hulle het uit hulle grafte

		uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. [54]Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.' [55]Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom versorg het. [56]Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus." Hebreërs 10:1-7: *"[1]Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vrymaak nie. [2]As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. [3]Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, [4]omdat die bloed van hulle bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. [5]Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: 'Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U my gegee het. [6]Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! [7]Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.'"*
Die Naam van die Here – Immanuel (God by ons) bly by ons, deur al die eeue		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Genesis 10:1*: "Hier volg besonderhede oor Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet…..…"* Genesis 10:21: *"Vir Sem is daar ook kinders gebore. Hy was die voorvader van al die Hebreërs……."* Die woord Sem (Shem) beteken "naam". Die Here se Naam is vir ons bekend gemaak uit die nageslag van Sem. Die Here se opdrag aan Moses: Eksodus 25:8-9: *"[8]'Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig <u>dat Ek tussen hulle kan woon</u>. [9]Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het.'"*	God het Sy Naam aan die mens bekend gemaak as Die Here (Ek Is) (Lord). Dit beteken die God van die verbond, die Redder. Eksodus 3:14-15: *"[14]Toe sê God vir Moses: 'Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: <u>'Ek Is'</u> het my na julle toe gestuur'. [15]Verder sê God vir Moses: 'Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: 'Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.' <u>Dit is ewig My Naam</u>, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.'"*	Daar is een God, en Sy Naam is Die Here (Lord). Die gebied Jerusalem: Salem word deur sommige gesien as 'n afkorting vir Jerusalem maar is wel met die verloop van tyd aan Jerusalem gekoppel. Van die begin van alle tye af het die Here reeds die gebied Jerusalem uitverkies vir die plek waar Hy Sy Naam gaan vestig. Geen ander buite-Bybelse gebou of ritueel of profeet of energie, of wat ook-al, kan hierby kers vashou nie. Johannes 16:24: *"Tot nou toe het julle nog nie in My Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* Jesus se gebed vir Sy dissipels: Johannes 17:6: *"Ek het <u>U</u>*

Salomo se woorde tydens die inwyding van die Tempel: 1 Konings 8:41-43: *"[41-42]Luister ook na die vreemdeling wat nie uit die volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van U groot Naam, U mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid. [43]Luister tog uit die hemel, U woonplek, en doen alles wat die vreemdeling in sy gebed vir U vra, sodat al die volke van die aarde U Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos U volk Israel, en dat hulle kan weet U Naam is uitgeroep oor hierdie tempel wat Ek gebou het."* Koning Darius se woorde sodat die Tempel herbou moet word: Esra 6:12: *"Mag die God wat sy Naam op daardie plek laat woon, elke koning en elke volk tot 'n val bring wat hierdie bevel oortree of 'n hand lig om daardie tempel in Jerusalem te beskadig. Ek, Darius, het opdrag gegee. Dit moet presies so uitgevoer word.!"* Psalm 89:16-18: *"[16]Dit gaan goed met die volk wat kan jubel tot U eer, wat in U lig lewe, Here. [17]Hulle besing U Naam die hele dag, hulle prys U reddingsdade; [18]U is die krag waarin hulle roem. Dit is ons sterkte: dat ons U guns geniet."* Jesaja 7:14: *"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."*	Eksodus 6:1-3: *"[1]God het vir Moses gesê: 'Ek is die Here! [2]Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die Here, het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie. [3]Tog het Ek my verbond met hulle gemaak, naamlik om die land Kanaän aan hulle te gee, 'n land waarvan hulle nie burgers was nie.'"* Belangrik dat die Naam van die Here verheerlik moet word. Psalms 115 tot 118 is gesing tydens die paasmaal. Kyk byvoorbeeld die woorde van Psalm 113:1-3 en Psalm 115:1. Deur die Naam van die Here te loof, en geloof in die Naam van die Here, word ons deel van die verbond aan Abraham. Ons word verbond kinders. Jesus het die Naam van die Here aan ons kom bekend maak. Die Here is nou elkeen van ons se God – ons kan 'n persoonlike verhouding met Hom hê en Hom ken: Abba Vader Adonai (God ons Regeerder) Elohim (Die Een wat Homself as Ek is openbaar) El-Shaddai (Die Algenoegsame; Die Een wat Bevredig) El Gibbor (Magtige God; "Champion") El-Roi (Die God wat sien) Jah (Die Onafhanklike Een) Jahwe (Die Een wat op sy eie bestaan, die Verlossings naam van God; die Ewige) Jahwe-Elohim (God die Skepper) Jahwe-Jireh (God sal voorsien; Voorsiener) Jahwe-Mekaddishkem (Die Here wat ons heilig) Jahwe-Makkeh (Die Here wat straf) Jahwe-Nissi (Die Here my Banier) Jahwe-Rohi (Die Here my Herder) Jahwe-Ropheka (die Here wat ons gesond maak) Jahwe-Shalom (Die Here gee rus; God is vrede) Jahwe-Shammah (Die Here is daar; Die Oorvloedige; Die ewig-teenwoordige Een) Jahwe-Tsebaoth (Die Here van die leërskare) Jahwe-Tsidkenu (Die Here verskaf reg aan ons;	*Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem."* Johannes 17:11: *"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. 'Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.'"* Johannes 14:25-26: *"[25]'Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.'"* Handelinge 2:20-21: *"[20]Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom. [21]So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."* Jesus verwys dat hulle Hom sou verwerp deur te verwys na Psalm 118 uit Lukas 20:17, Matteus 21:42 en Markus 12:10) Dit koppel Jesus aan Psalm 118 waar getuig word dat die Naam van die Here bring verlossing en lewe – Jesus!

	Die Here ons Geregtigheid)	
Die Heilige Gees openbaar		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Psalm 51:12-14: *"[12]Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig. [13]Moet my tog nie van U af wegdryf en U Heilige Gees van my af wegneem nie! [14]Laat my weer die blydskap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien."* Jesaja 63:11-12: *"[11]Toe het Sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: Waar is Hy wat Sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat Sy Heilige Gees onder hulle gegee het? [12]Waar is Hy wat Sy groot mag saam met Moses laat gaan het, die waters voor Sy volk oopgekloof het en vir Hom 'n ewige Naam gemaak het?"* Nehemia 9:20: *"U het U goeie Gees gegee om hulle te onderrig. U het U manna nie van hulle teruggehou nie."* In afwagting van die Here het die profete die boodskap ontvang: Habakuk 2:1-3: *"[1]Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te onderneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyt. [2]Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees. [3]Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis."*	Die Heilige Gees van die Here is nog altyd besig om die wil van die Here en Sy Naam, aan die mens te openbaar. Sien byvoorbeeld die skrif aan die muur by die ete van koning Belsasar, meer as 600 jaar voor Christus. Daniël 5:10-12: *"[10]Onderwyl die koning en sy hoofamptenare aan die praat was, het die koningin die eetsaal binnegekom. 'Mag die koning baie lank lewe!' het sy gesê. 'U moenie so bang en bleek wees nie. [11]Daar is 'n man in U koninkryk in wie die gees van die heilige gode is. In die dae van u voorganger is daar gevind dat hy die skranderheid, insig en wysheid het soos dié van die gode. U voorganger, koning Nebukadnesar self, het hom aangestel as hoof van die towenaars, die voorspellers, die sterrekykers en die besweerders. [12]Hierdie man Daniël vir wie die koning die naam Beltsasar gegee het, het buitengewone bekwaamheid en kennis en insig om drome uit te lê, probleme op te los en moeilike dinge te ontrafel. Laat haal nou vir Daniël, en hy sal vir u die uitleg gee."* Die Gees van die Here gee wysheid en openbaar die Here aan die mens. Jesus het dit vervolmaak deur dieselfde profesieë te vervul: Hebreërs 1:1-3: *"[1]In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."* Hebreërs 11:13-16: *"[13]Terwyl hulle steeds geglo*	Profesieë deur die Heilige Gees 2 Petrus 1: 21: *"want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."* Openbaring 19:10b: *"Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het."* Heilige Gees is die Outeur van die Bybel. Kyk na die getuies van die apostels 1 Korintiërs 2:4-5: *"[4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."* *Deuteronomium 18:15* en *Hebreërs 11:16* en ook Jesus se woorde. Sien ook *Lukas 2:25-38, Johannes 8:56, Heb 4:2,6*. Sien ook *Lukas 16:29-31* - die mense van die Ou Testament moes luister na die profete en Moses. *Habakuk 2:1* beskryf hoe die profete profesieë ontvang het, sien ook *2 Petrus 1:20-21* *1* Petrus *1:11* wys daarop dat dit juis die Gees van die Here Jesus is wat die profete van die Ou Testament geïnspireer het. Hulle het Jesus dus reeds goed geken en die verlossingsdaad verstaan. Daarom skryf Jesaja byvoorbeeld in verlede tyd van die Messias (*Jesaja 53*) Jesus bevestig dat die profete oor Hom geskryf het *Lukas 18:31, Lukas 22:37* sien ook *Jesaja 53:12*. Jesus se woorde aan die Emmaus gangers in *Lukas 24:25-26* en dan aan Sy dissipels in *Lukas 24:44-45*. Hulle is nou toegerus om die Kerk te begin. Wie het die sleutel van Dawid *Openbaring 3:7*? Dawid noem die Here sy Here bevestig deur Jesus in *Matteus 22:45* Outentieke apostels en getuies. *Handelinge 1:1-3 en 1:21-22*

	het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. [14]*Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland.* [15]*As hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan.* [16]*Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak."* Ons sal slegs weet wat die wil van God is indien ons God toelaat om ons denke te vernuwe. Romeine 12:1-2: *"*[1]*En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die Godsdiens wat julle moet beoefen.* [2]*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."* 1 Petrus 1:10-12: *"*[10]*In verband met hierdie saligheid het die profete, wat die genade verkondig het wat vir julle bestem is, deeglik en noukeurig ondersoek ingestel.* [11]*Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspeur wat die tyd en omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het.* [12]*Aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself bedoel was nie, maar vir julle. Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is. Dit is dinge waarin selfs engele begerig is om insig te kry."*	Jesus se woorde: Johannes 5:39*: "Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."* Johannes 16 :14-15 waar Jesus vertel van die Heilige Gees : *"*[14]*Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.* [15]*Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My, daarom dat Ek gesê het : Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. "* Johannes 8:31-32: *"*[31]*Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels;* [32]*en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

Die Dienaar in belang van die Jode ook tot redding van alle nasies		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Jesaja 42:1-4 : *"[1]Hier is <u>my dienaar</u>, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak. [2]Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. [3]'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is. [4]Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer."* Meer as 700 jaar voor Christus geskryf.	Slegs Jesus wat volmaak is kon volmaakte versoening bewerkstellig. Hy is nie net 'n profeet nie, maar die Seun van God. Met ander woorde, God self.	Die apostel Pauls verduidelik in Romeine 15:7-9: *"[7]Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. [8]Ek bedoel dit: <u>Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word</u>; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. [9]Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: 'Daarom sal ek U loof voor die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing.'"*
Die Messias sal as mens (vlees) kom openbaar – ons kan die Wese van God ontmoet		
Profesieë in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Meer as 600 jaar voor Christus skryf Daniël 7:13-14*: "[13]My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom<u>, iemand soos 'n menslike wese</u>. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. [14]Aan die menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie."* Jesaja 9:5-6: *"[5]Vir ons <u>is 'n Seun gebore</u>, aan ons is 'n Seun gegee, Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. [6]Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg."*	Daar is 'n Redder verwag, iemand soos 'n menslike wese Belangrik: Slegs die Here kan volmaak en ewig versoening bewerkstellig wat nie oor-en-oor en jaarliks herhaal hoef te word nie Dit gaan nie oor om God te verstaan nie, want ons kan nie, maar om Hom te ken! Jesus kondig die eerste keer Sy dood aan: Markus 8:31: *"Jesus het hulle toe begin leer dat Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan."* In Jerigo kondig Jesus redding aan ook vir die sondige Saggeus. Lukas 19:9-10: *"[9]Daarop sê Jesus: 'Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. [10]Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.'"* Genesis 1:26: *"Toe het God gesê: 'Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, Ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die*	Johannes 1:1-5*:"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."* Johannes 1:14: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."* 2 Petrus 1: 16-21: *"[16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en Sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al Sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek dat en die môrester opkom in julle harte. [20]Dit*

	see……."” Lukas 10:23-24: *“[23]Toe draai Jesus Hom na Sy dissipels afsonderlik en sê vir hulle: 'Hoe bevoorreg is die oë wat sien wat julle sien, [24]want Ek sê vir julle: Baie profete en konings het daarna verlang om te sien wat julle nou sien, en hulle het dit nie gesien nie; en om te hoor wat julle nou hoor, en hulle het dit nie gehoor nie.'"* Lukas 3:6: *"En al die mense (vlees) sal die Verlossing sien wat van God af kom."* Kolossense 1:15-20: *“[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met Sy volle wese in Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van Sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op aarde en in die hemel met Homself versoen."*	*veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."* Nie ander profete of verteenwoordigers nie. 3 Johannes: 11-12*: “[11]Liewe Gaius, moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, volg die goeie. Wie goed doen, behoort aan God; wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie. [12]Van Demetrius getuig almal net wat goed is, en ook die waarheid bevestig dit. Ons getuig dit ook, en jy weet dat ons getuienis waar is."* Die apostel Johannes ontvang die openbaring op die eiland Patmos. Jesus het aan hom verskyn en hy getuig as volg in Openbaring 1:10-15: *“[10]Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor [11]sê: 'Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.' [12]Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien [13]en tussen die lampe <u>iemand soos die Seun van die mens</u>. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om Sy bors gedra. [14]Die hare op Sy kop was so wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy oë het soos vuur gevlam. [15]Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en Sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa."*
Die Messias sal uit die nageslag van Dawid gebore word – ons kan weet Wie Hy Is		
Profesieë in die Ou Testament		**Jesus is die Waarheid**
Deuteronomium 18:18-19. *“[18]Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, <u>een van hulle volksgenote</u>. Hy sal soos jy (Moses) wees. Ek sal My woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel. [19]Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie."* (ongeveer 1220 voor Christus geskryf) Die verbond met Dawid - profeties die Messias. Sien 2 Samuel 23:5 Jesaja 11:10: *"In die tyd sal iemand uit die geslag van Isai (Dawid se pa) 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet."* In Romeine 15:12 verwys Paulus ook daarna: “En Jesaja sê ook*: 'Isai sal 'n nakomeling hê, en Hy sal opstaan om die nasies te regeer; op*	Christus het aarde toe gekom om die waarheid van God te bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. Sien Romeine 15:7-9: *“[7]Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. [8]Ek bedoel dit: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. [9]Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe*

Hom sal die nasies hulle hoop vestig.'" Jesaja 16:4-5: *"[4]Neem Moab se vlugtelinge in beskerming, wees vir ons 'n skuilplek teen dié wat vir ons wil vernietig!' Wanneer die nood verby is, die verwoesting tot 'n einde kom en dié wat die land vertrap, weg is, [5]sal die Here in sy trou 'n troon oprig, en daarop sal 'n heerser sit uit die nageslag van Dawid. Hy sal betroubaar wees: hy sal hom beywer vir wat reg is, hy sal reg laat geskied."* (ongeveer 750 voor Christus geskryf) Dawidsbelofte (soos die Abrahamsbelofte Die Here het Hom onvoorwaardelik verbind om Sy verbond na te kom. Die Dawidshuis sal die troon behou net solank hulle soos Dawid aan die Here getrou bly. Die konings het nie hierdie voorbeeld nagevolg nie en die koningskap het tot 'n einde gekom. 'n Verhouding kan net bestaan indien daar getrouheid is. Sien ook Jeremia 23:5-6 en 33:15-16 waar die Messias op die troon sal sit uit die koningskap van Dawid. Toe Dawid koning word, het hy Jerusalem (wat toe 'n Jebusitiese stad was) verower, dit sy hoofstad gemaak en ook die heiligdom daarheen verskuif. Daardeur het hy, soos Melgisedek, sowel staatkundig as godsdienstig die leiding geneem. Daarby bestaan daar heelwat parallelle tussen Dawid en Abram. Op hierdie manier kon hy die lojaliteit van sowel Israeliete as die Jebusiete behou. Geen wonder nie dat Genesis 14 mettertyd 'n belangrike funksie begin vervul het. Die feit dat dit via Psalm 110 ook in die Nuwe Testament op Jesus as die **Priester Koning** toegepas is, beklemtoon die belangrikheid van die gebeurtenis vir die nageslagte. Jesus, gebore uit die nageslag van Dawid vervolmaak die priesterorde van Melgisedek.	*staan: 'Daarom sal ek U loof voor die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing.'"* Laasgenoemde teksverwysing kom van Dawid wat ongeveer 1000 jaar voor Christus hierdie woorde geskryf het, sien Psalm 18:50. Die gedetailleerde geslagsregister van Jesus soos opgeteken in Matteus 1:17: *"[1]Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham: [2]Abraham was die vader van Isak, Isak die vader van Jakob, en Jakob……..[6]Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo……."* Openbaring 5:1-5: *"[1]In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was. [2]Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitgeroep het: 'Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?" [3]Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [4]Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [5]Toe sê een van die ouderlinge vir my: 'Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.'"* (ongeveer 95 jaar na Christus geskryf)

Die Here het deur die volk Israel geopenbaar sodat ons vandag kan glo – die getuies het die Skrif aangeteken wat die Woord is wat ons vandag kan lees – Die Bybel

Profesieë in die Ou Testament	Bespreking	Jesus is die Waarheid
Eksodus 15:1-3: *"[1]Toe het Moses en die Israeliete die volgende lied tot eer van die Here gesing: 'Ek wil tot eer van die Here sing omdat Hy hoog verhewe is. Perd en strydwa het hy in die see geslinger. [2]Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek. [3]Die Here is die oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'die Here!'"* Jeremia 32:20: *"Die tekens en wonders wat U in Egipte gedoen het, doen U nou nog in Israel en onder die mense. So maak U vir U 'n Naam tot vandag toe."*	Dit is deur die volk Israel wat die Here redding vir alle nasies bewerkstellig het. Dit is tussen hulle wat die profete gewerk het, en deur hulle wat die Here wonders gedoen het. Die skrywers van die Bybel, soos Moses het tussen sy eie mense gewerk en hulle het hom geken en vertrou. Hulle het geweet hy is deur God geïnspireer om te skryf omdat hy tussen hulle wonders gedoen het. Die volk het dus geweet dat dit wat die skrywers vir hulle nalaat, outentiek is. Jesaja 59:20-21: *"[20]Die Here kom na Sion toe as Verlosser, na die toe in Jakob wat hulle van hulle*	Soos reeds meer as 450 jaar voor Christus voorspel in Sagaria 9:9 ry Jesus tussen Sy mense op 'n donkie Jerusalem binne. Markus 11:7-10: *"[7]Hulle bring toe die donkie na Jesus toe en sit van hulle klere op hom, en Jesus het opgeklim. [8]Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi en party weer groen takkies wat hulle langs die pad afgebreek het. [9]Dié wat voorgeloop en dié wat agteraan gekom het, het uitgeroep: 'Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! [10]Geseënd is ons voorvader Dawid se koninkryk wat aan die kom is! Prys Hom in die hoogste hemel!'"*

Die Here het baie tekens en wonders gedoen op aarde. Hy het ook gebruike ingestel om die mens in staat te stel om Hom te dien. Voorbeelde hiervan is die offers en die feeste. Dit alles het ook nog profetiese waarde ingehou wat ons tot van dag toe nog sterk aanspreek. Jesus het ook aarde toe gekom uit die volk Israel, soos voorspel (uit die geslag van Jakob) en die volk Israel: Ongeveer 1000 jaar voor Christus is die volgende geskryf: Psalm 24:6-8: *"[6]Die mense wat na Sy wil vra en Hom dien, is die geslag van Jakob. [7]Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan! [8]Wie is hierdie magtige Koning? Die Here, sterk en geweldig, die Here, oorwinnaar in elke stryd."*	*sonde bekeer. So sê die Here. [21]Wat My betref sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie."* Paulus verwys ook hierna in Romeine 11:26. Ons kan vandag die Bybel lees met die vertroue dat dit outentieke getuienisse is van ooggetuienisse self wat neergeskryf het wat hulle self gesien en ervaar het. Dit is nie geskryf honderde jare na die tyd nie. Meer hieroor later.	

Die Sterke en Regterhand van God

Profesieë in die Ou Testament	**Jesus is die Waarheid**
Eksodus 15:6 Psalm 16:11: *"U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor U aangesig, lieflikhede in U regterhand, vir ewig."* (1953 vertaling) Psalm 17:7: *"Maak U gunsbewyse wonderbaar o Verlosser van die wat by U regterhand skuil vir teëstanders!"* (1953 vertaling) Psalm 20:7: *"Nou weet ek dat die Here sy gesalfde verlos; Hy sal hom verhoor uit Sy heilige hemel met magtige dade van verlossing van Sy regterhand."* (1953 vertaling) Psalm 44:1-4: *"[1]Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. 'n Onderwysing. [2]o God, met ons ore het ons dit gehoor, ons vaders het ons dit vertel: 'n werk het U gedoen in hulle dae, in die dae van die voortyd. [3]U self het met U hand nasies verdrywe, maar hulle geplant; U het volke kwaad aangedoen; hulle daarenteen laat uitspruit. [4]Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul*	Lukas 22:67-70: *"[67]Hulle sê toe: 'As jy die Christus is, sê dit vir ons.' Maar Hy antwoord hulle: 'Al sou Ek dit vir julle sê, sal julle tog nie glo nie; [68]en al sou Ek vir julle 'n vraag stel, sal julle ook nie antwoord nie. [69]Maar van nou af sal die Seun van die mens aan die regterhand van die almagtige God sit.' [70]Toe vra hulle almal: 'Dan is jy die Seun van God?' Hy sê vir hulle: 'Dit is soos julle sê: Ek is!'"* Markus 16:19-20: *"[19]Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die Hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God gaan sit. [20]Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het."* Petrus se toespraak op Pinksterdag: Handelinge 2:32-35: *"[32]God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. [33]Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor. [34]Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: Die Here het vir my Here gesê: Sit aan My regterhand [35]totdat Ek jou vyande aan jou verwerp het."* Petrus en die res van die apostels is in die tronk gestop om te keer dat hulle getuig oor wat hulle gesien het. Die Here het hulle wonderbaarlik uit die tronk verlos en hulle opdrag gegee om in die Tempel te gaan leer. Hulle is toe weer gevange geneem en na die hoëpriester gebring. Kyk na Petrus se woorde: Handelinge 5:29-33*: "[29]Petrus en die ander apostels het geantwoord: ''n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense! [30]Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. [31]God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan Sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe. [32]En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan die wat aan Hom gehoorsaam is.'"*

arm het hul nie oorwinning gegee nie, maar U regterhand en U arm en die lig van U aangesig, omdat U 'n welbehae in hulle gehad het." (1953 vertaling) Psalm 48:11: *"Soos U Naam o God, so is U roem tot die eindes van die aarde toe; U regterhand is vol geregtigheid."* (1953 vertaling) Psalm 60:7: *"Sodat U bemindes gered mag word; verlos deur U regterhand en verhoor ons!"* (1953 vertaling) Psalm 80:15-16: *"[15]O God van die leërskare, kom tog terug; aanskou uit die hemel en kyk, en gee ag op hierdie wingerdstok; [16]en wees 'n beskerming vir wat U regterhand geplant het, en oor die seun wat U vir Uself grootgemaak het."* (1953 vertaling) Psalm 89:14: *"U het 'n magtige arm, sterk is U hand, kragtig U regterhand."* Psalm 110:1: *"Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete."* (1953 vertaling) Psalm 118:16-17: *"[16]Die regterhand van die Here verhef; die regterhand van die Here doen kragtige dade. [17]Ek sal nie sterwe nie, maar lewe en die werke van die Here vertel."* Jesaja 41:10: *"Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regterhand."* (1953 vertaling)	Stefanus, die eerste diaken van die Kerk word gestenig (terwyl die onbekeerde Paulus (toe nog Saulus) toekyk) en hy sê die volgende woorde in Handelinge 7:55-56: *"[55]Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. [56]'Kyk,' het hy gesê, 'ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.' [57]Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm…"* Jesus pleit vir ons by God. Sien Paulus se woorde in Romeine 8:33-34: *"[33]Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry. [34]Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."* Paulus bid vir die Efesiërs in Efesiërs 1:17-21: *"[17]…bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur Sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. [18]Bid ek dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, [19]en hoe geweldig groot Sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van Sy mag [20]wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan Sy regterhand laat sit het: [21]hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom."* Hebreërs 8:1: *"Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit van die hemel."* Jesus is die Woord van God (Johannes 1) en die Lam wat geslag is: Openbaring 5:1-2 en 5-7: *"[1]In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was. [2]Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: 'Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?.....[5]Toe sê een van die ouderlinge vir my: 'Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.' [6]Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is. [7]Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit."*

Ware wysheid soek en vind die Waarheid

Profesieë in die Ou Testament	Bespreking	Jesus is die Waarheid
Psalm 19:8-12: *"[8]Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is. [9]Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig. [10]Die eise van die Here vir Sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die*	Wat gebeur met ons indien ons die gebooie van God gehoorsaam? Kyk na Jesus se woorde in Johannes 14:21: *"Wie My opdragte het en dit uitvoer, dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."* Openbaring 3:20: *"Kyk, Ek staan by die deur en*	Johannes 8:31-32: *"[31]Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"* Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. (Johannes 1:12)

bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig. [11]*Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.* [12]*U dienaar laat hom daardeur leer. Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning."* Psalm 119:65-66:*"*[65]*U het aan my goed gedoen, Here, soos U beloof het.* [66]*Gee my goeie insig en kennis, want ek stel my vertroue in U gebooie."* Prediker 12:13: *"Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam Sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word."*	*Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."* Johannes 16:24: *"Tot nou toe het julle nog nie in My Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."*	Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God (Galasiërs 3:26) Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. (Matteus 5:9) Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. (Romeine 8:14) Jesus is die oorsprong van geloof Hebreërs 12:2

Die Woord van God is die Waarheid en bring redding

Profesieë in die Ou Testament	Jesus is die Waarheid
Deuteronomium 18:18-19. *"*[18]*Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy (Moses) wees. Ek sal My woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel.* [19]*Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie."* Psalm 19:8: *"Die Woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is."* Psalm 119:123: *"Ek smag na die bevryding wat U bring, na U Woord wat my red."*	Johannes 1:1-5: *"*[1]*In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.* [2]*Hy was reeds in die begin by God.* [3]*Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.* [4]*In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.* [5]*Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."* Johannes 1:12-15: *"*[12]*Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God genoem te word.* [13]*Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.* [14]*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.* [15]*Johannes getuig van Hom en roep uit: 'Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: Hy wat ná my kom, is my vóór, want Hy was voor my reeds daar.'"* Johannes 8:51: *"Dit verseker ek julle: As iemand My woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie."* Johannes 12:48-50: *"*[48]*Wie My verwerp en nie My woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel.* [49]*Ek het nie uit My eie gepraat nie, maar juis die Vader wat My gestuur het, het My opgedra wat Ek moet sê en wat Ek moet praat.* [50]*En Ek weet dat Sy opdrag die ewige lewe beteken. Wat Ek sê, sê Ek presies net soos die Vader dit vir My gesê het."*

Die Rots van Israel

Profesieë in die Ou Testament	Jesus is die Waarheid
Die Here is die Geestelike Rots vir Israel, uit die Rots kom die water wat lewe gee, "Lewende Waters" (Sien Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou in Johannes 4). Eksodus 17:5-6: *"*[5]*Toe sê die Here vir Moses: 'Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit.* [6]*Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.'"* 1 Samuel 2:2: *"Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie."*	Jesus se woorde in Markus 12:10: *"Julle het tog al in die Skrif gelees: Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword."* 1 Korintiërs 10:1-4: *"*[1]*Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het.* [2]*Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk*

Dawid se laaste woorde: 2 Samuel 23:3-4*: "[3]Die God van Israel het gepraat, die Rots van Israel het vir my gesê: 'Hy wat regverdig oor mense heers, wat regeer in eerbied teenoor God, [4]is soos die môrelig as die son opkom op 'n oggend sonder wolke; dit skitter na die reën; die gras skiet op uit die grond."* Psalm 89:27: *"Hy sal My aanroep met die woorde: 'U is my Vader, My God, die Rots wat my redding is.'"* Jesaja 8:14-15*:"[14]Hy sal vir julle 'n veilige beskutting wees, maar vir die twee koninkryke Juda en Israel sal Hy 'n klip wees waarteen 'n mens jou stamp, 'n rots waaroor jy struikel. Vir die inwoners van Jerusalem sal Hy 'n vangnet en 'n strik wees. [15]Baie van hulle sal struikel en val, verstrik en gevang word ; hulle sal verpletter word."* Sien Romeine 9:32-33: *"[32]Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel [33]waarvan daar geskrywe staan : "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie."* (24, p965) Deuteronomium 32:3-4: *"[3]Ek wil die Naam van die Here roem. Prys ons God om Sy grootheid! [4]Hy is die Rots, Sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is betroubaar en regverdig."* Deuteronomium 32:15: *"Jesurun het alles in oorvloed gehad; hy het in opstand gekom. Jy het oorvloed gehad, jy het dom geword, jy het jou ooreet. Hy het God wat hom gemaak het verwerp, Hy was vermetel teen die Rots wat hom gered het." (sien ook verse* 18,30 en 31) Ongeveer 'n duisend jaar voor Christus getuig Dawid: Psalm 19:15: *"Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser."* Die Klip in Jerusalem. Jesaja 28:16: *"So sê die Here my God: Ek gaan in Sion (Jerusalem) 'n klip neersit. 'n uitgesoekte klip, 'n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit. Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie."* Jesaja 44:8: *"Moenie skrik nie, moenie bang wees nie! Het Ek dit nie van lankal af aan julle verkondig, dit vir julle gesê nie? Julle is My getuies: Is daar 'n God buiten My? Daar is geen ander Rots nie; Ek weet van geeneen nie."*	*en in die see gedoop. [3]Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet, [4]en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus."*

2. Die Here het redding en heil in die oog

Die Here het Hom aan die mens bekendgemaak as die God van die verbond –Jahweh. Hy is die Skepper wat 'n verbond met die mens aangegaan het sodat ons met Hom die ewige lewe kan hê – dit is lewe in volheid. Ons hoef nie vandag allerhande rituele na te volg en goeie dade doen om God se guns te probeer bewerkstellig nie. Ons het reeds Sy guns indien Sy Naam in ons voortleef. Ons neem Sy Identiteit aan.

Jeremia 46:27: *"Maar jy, My dienaar Jakob, moenie bang wees nie! Moenie bekommerd wees nie, Israel! Ek gaan jou red uit daardie ver land, Ek gaan jou nageslag red uit die land waar hulle ballinge is. Jakob sal weer veiligheid en rus geniet, en niemand sal hom bedreig nie."*

Jakob seën vir Josef. Genesis 48:15-16: *"[15]Hy het vir Josef geseën en gesê: 'Mag die God naby wie my voorvaders Abraham en Isak geleef het, die God wat vir my van my geboorte af tot nou toe gesorg het, [16]die Engel wat my uit elke moontlike gevaar gered het, mag Hy die seuns seën. Dan sal my Naam voortleef in hulle, en ook dié van my voorvaders Abraham en Isak. Mag die seuns vermeerder en baie word in daardie land.'"*

Die Tempel het die Naam van die Here onder ons bekend gemaak. Wanneer ons die Naam van die Here aanneem, leef Jesus in ons. Ons kan sê dat Jesus by ons Tempel maak. Jesus het dit kom vervolmaak: Sien Jesus se gebed vir Sy dissipels: Johannes 17:6: *"Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem."*

Johannes 17:11: *"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. 'Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.'"*

Wanneer die mens self wil redding probeer bewerkstellig, verval ons in sonde omdat dit nie die Woord van God is wat in ons leef nie. Dit kan byvoorbeeld gesien word deur die beskrywing van die sondes van Manasse: 2 Konings 21:4-7. *"[4]Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: 'In Jerusalem wil Ek My Naam vestig.' [5]In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou. [6]Hy het sy eie seun as offer verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het baie verkeerde dinge gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart. [7]Die Asjerabeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die Tempel, die plek waarvan die Here vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: 'In hierdie Tempel en in Jerusalem wat Ek onder al die Israelitiese stamme uitgekies het, vestig Ek My Naam vir altyd.'"*

3. Watter Wysheid is dan noodsaaklik?

New International Version: Colossians 2:8: *"See to it that no-one takes you captive through hollow and deceptive philosophy, which depends on human tradition and the basic principles of this world rather than on Christ."*

Kolossense 2:8-9: *"[8]Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë (Engels: Philosophy) en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. [9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."*

Pastoor Louis Lapides wys daarop dat Oosterse filosofie dit wil hê dat alles in 'n mens se gedagtes is en dat elke mens sy eie realiteit skep. Indien God egter enige betekenis sou inhou buiten dit van my eie verbeelding, moet Hy 'n objektiewe realiteit wees. (CFCrist p177)

Deuteronomium 4:9-10: *"[9]Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp. [10]Julle moet hulle van dié dag laat leer toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God, van dié dag toe Hy vir my gesê het: 'Maak die volk vir My bymekaar dat Ek hulle my gebooie wat hulle moet ken, kan meedeel sodat hulle My kan dien so lank hulle in hierdie land lewe en sodat hulle my gebooie vir hulle kinders kan leer.'"*

Paulus se verduideliking in Kolossense 1:15-20: *"[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur*

Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is : alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

Johannes 14:21: *"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."*

Matteus 28:18-20: *"[18]En Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."*

Jesus is die Woord van God, Hy is- en was ewig, Hy is duidelik deur die Ou Testament geopenbaar en was ook Self as die Engel van die verbond betrokke: Miga 5:1-2 (geskryf ongeveer 730 jaar voor Christus): *"[1]Maar jy, Bethlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede! [2]Hy sal sy mense 'n kort rukkie prysgee, so lank as wat dit neem vir 'n vrou om 'n kind in die wêreld te bring. Dan sal dié uit sy familie wat die ramp oorleef het, terugkom na die Israeliete toe. [3]Hy sal na vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van die aarde, want hulle leier sal sterk wees. [4]Hy sal vrede bring….."*

4. Die Aangesig van God – Die Engel van die Here – Jesus Christus

4.1 Wie is die Engel van die Here?

Die mens kan God die Vader nie sien nie. Deur Sy genade het Hy Hom deur Sy Seun Jesus Christus aan ons openbaar:

Reeds ongeveer 400 jaar voor Christus profiteer Maleagi 3:1-2 (53 vertaling): *"[1]Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare. [2]Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers."*

Wie het aan Abram verskyn?: Genesis 17:1: *"Toe Abram nege-en-negentig jaar oud was, het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees."* Ons kan vandag dit verstaan dat dit Jesus was wat aan Abram verskyn het.

Wie keer dat Isak geoffer word: Genesis 22:10-12: *"[10]Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, [11]roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: 'Abraham, Abraham!' Hy het geantwoord: 'Hier is ek!' [12]Toe sê God: 'Los jou Seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.'"* Jesus is Self die Lam van God, Hy is die Engel van die Here wat aan Abram verskyn het.

Wie het Jakob gesien? Genesis 32:29-30 (53 vertaling): *"[29]Toe sê Jakob: 'Sê tog jou naam,' en die man vra: 'Waarom vra jy my naam?' Hy het vir Jakob net daar geseën, [30]en Jakob het die plek Pniël genoem, 'want,' het hy gesê, 'ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie."*

Wie het aan Moses verskyn in die brandende doringbos? Eksodus 3:2-4: *"Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos……[4]Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: 'Moses! Moses!'"* Let op in vers 1 dat hierdie gebeurtenis by Horeb (Sinai) plaasgevind het. Dit is duidelik dat wanneer daar in die Ou Testament verwys word na "die Engel van die Here", is verwys na Jesus. Dit is anders as wat daar verwys word na "'n engel van die Here".

Wie het saam met die Israeliete in 'n wolkkolom getrek? Eksodus 14:19: *"Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif."* Jesus was saam met hulle in die woestyn.

Wie het telkens met Moses gepraat? Numeri 12:4-8: *"[4]Die Here het onmiddellik vir Moses, Aäron en Mirjam gesê: 'Gaan julle aldrie na die tent van ontmoeting toe!' En hulle drie het gegaan. [5]Die Here het toe in 'n wolk afgekom, by die ingang van die tent gaan staan en Aäron en Mirjam nader geroep……..[7]Maar met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens. [8]Met hóm praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here…"* Al Gestalte van die Here wat die mens kan sien, is Jesus.

Jesus, die Bevelvoerder van die leër van die Here: Josua 5:13-15 *"[13]Josua was naby Jerigo. Toe hy sien, staan daar 'n man voor hom met 'n ontblote swaard in die hand. Josua het na hom toe gegaan en hom gevra: 'Is u aan ons kant of aan ons vyande s'n?' [14]'Nee', sê die man, 'ek is die aanvoerder van die leër van die Here. Daarom is ek hier.' Josua het diep gebuig en vir die man gesê: 'Wat wil u aan my, u dienaar, sê?' [15]Toe sê die leëraanvoerder van die Here vir Josua: 'Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is 'n gewyde plek.' Josua het dit gedoen."*

Jesus verskyn aan Simson se ma in Rigters 13:2-5: *"[2]Daar was 'n man uit Sora uit die stam van Dan. Sy naam was Manoag. Sy vrou was kinderloos. [3]Die Engel van die Here het aan haar verskyn en vir haar gesê: 'Jy is nou kinderloos, maar jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring. [4]Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie. [5]Trouens, jy is reeds swanger en jy sal 'n seun in die wêreld bring. Sy hare mag nie geskeer word nie, want die kind sal van sy geboorte af aan God gewy wees. Hy sal die Israeliete begin red uit die mag van die Filistyne.'"* (Engel van Here gee dieselfde boodskap aan Abraham en Sarai Genesis 17:19).

4.1.1 Die Engel van die Here, die Wese van God, het mens geword en tussen ons kom woon

Matteus 1:19-20: *"[19]Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. [20]Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees."* Waar is die Engel van die Here, hoekom het die Messias nie Self die boodskap gebring soos in die ander gevalle nie? Die Messias was reeds in die baarmoeder van Maria.

Die swangerskap het van die Here gekom, dus is Jesus die Seun van God.

Matteus 1:18: *"…..Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom."*

4.1.2 Die aangesig van die Here op aarde

Die Here het opdrag aan Moses en Aaron gegee dat die volk as volg geseën moet word: Numeri 6:24-27*: "[24]Die HERE sal jou seën en jou behoed; [25]die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; [26]die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. [27]So moet hulle dan my Naam op die kinders van Israel lê; en Ék sal hulle seën."* (53 vertaling)

Jesaja 63:9 (53 vertaling): *"In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd."*

Paulus verduidelik in Kolossense 1:15-16: *"[15]Die Seun is die Beeld van God, van God wat nie self gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep."*

5. Die Priesterorde van Melgisedek

5.1 Wie was Melgisedek? Die koning van Jerusalem en priester van God

Genesis 14:18-20: *"[18]Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring [19]en hom geseën: 'Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde. [20]Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.' Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee."*

Die gebied Jerusalem: Salem word deur sommige gesien as 'n afkorting vir Jerusalem maar is wel met die verloop van tyd aan Jerusalem gekoppel. Van die begin van alle tye af het die Here reeds die gebied Jerusalem uitverkies vir die plek waar Hy Sy Naam gaan vestig. Geen ander buite-Bybelse gebou of ritueel of profeet of energie, of wat ook-al, kan hierby kers vashou nie.

5.1.1 Nie van Levitiese afstamming en Abraham se meerdere

Melgisedek het reeds tiendes van Abraham ontvang en is beskou as Abraham se meerdere: Hebreërs 7:6-7: *"[6]Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën. [7]Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word."*

5.1.2 Geregtigheid en vrede is in hierdie priester koning beliggaam

Priesters het die volk gelei in die uitvoering van die wet en in gehoorsaamheid tot God. Die hoë priester het selfs een-keer per jaar in die allerheiligste van die Tempel ingegaan ter verootmoediging van die hele volk se sonde. Hy het dus names die volk ingestaan voor die Here (meer hieroor later).

Die naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; Koning van Salem beteken: koning van vrede; Dit wat elke mens wil hê, *geregtigheid en vrede* word in hierdie priester koning beliggaam.

5.1.3 Hy is soos die Seun van God en bly priester vir altyd

Daar word niks oor sy geslagsregister gesê nie, en ook niks van sy einde van sy lewe nie. Daarom is en bly hy, soos die Seun van God, priester vir altyd

Hebreërs 7:1-3: *"[1]Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, [2]en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van vrede. [3]Niks bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd."*

6. Die Lam van God

6.1 Die lam staan in vir Isak toe hy geoffer moes word .

Genesis 22:10-14: *"[10]Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, [11]roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: 'Abraham, Abraham!' Hy het geantwoord: 'Hier is ek!' [12]Toe sê God: 'Los jou Seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. [13]Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings aan 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer. [14]Toe noem Abraham die plek: "Die Here voorsien.' Daar word nou nog gesê: 'Op die berg van die Here word voorsien''."*

Let op die volgende:

- Die Engel van die Here wat met Abraham gepraat het was die Here self. Dit was Jesus Self. Sien Maleagi 3:1-5.
- Die feit dat Isak 'n seun was, die enigste gebore uit Abraham en Sara. Jesus is die enigste Seun van God
- Die ram is deur die Here voorsien om in te staan in die plek van Isak. Jesus is die Lam wat geslag is om in te staan vir die gelowiges, die nageslag van Isak.
- Isak het self die hout bymekaargemaak en gedra na sy eie offerplek toe. Jesus het self Sy kruishout gedra na Golgota toe
- Die fisiese plek waar hierdie gebeur het, is dieselfde plek waar die Tempel later gebou is.

6.2 Die instelling van Paasfees wat op Nisan 14 gevier moes word sien Levitikus 23:5

Levitikus 23:5: *"Op die veertiende van die eerste maand teen skemer moet julle die paasfees vier tot eer van die Here."*

Die lam, sonder gebrek, wat op paasfees geslag is se bloed het ingestaan vir die volk se sonde.

Eksodus 12:5-7: *"[5]Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok. [6]Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag. [7]Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet."*

Jesus is die Lam, sonder gebrek, wat geslag is. Die lam se liggaam is tydens die fees geëet en sy bloed het versoening bewerkstellig. Jesus stel die Nagmaal in om ons daaraan te herinner dat Hy vir ons as die Lam ingestaan het:

Matteus 26:26-29: *"[26]En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: 'Neem, eet; dit is my liggaam.' [27]Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: 'Drink almal daaruit, [28]want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. [29]Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.'"*

Let ook op die volgende:

- Die lam sonder liggaamsgebrek moes wees (Jesus volmaak en sonder sonde)
- Die datum wanneer die lam geslag moes word baie duidelik bepaal is as Nisan 14. Jesus op Nisan 14 gekruisig!
- Die lam moes juis laatmiddag geslag word. Jesus sterf aan die kruis teen laat middag.

Meer hieroor in Hoofstuk 5

6.3 Die offers bevestig die Lam (Messias) wat geslag moes word en bring die volk in gehoorsaamheid deur middel van die Tempeldiens

- **Brandoffer**
  Levitikus 1:3-17, 6:8-13 – Versoening
- **Graan offer**
  Levitikus 2:1-16, 6:14-23 - Toewyding/afsonder, Christus was ten volle toegewy aan die Vader se wil
- **Maaltydoffer (Peace)**
  Levitikus 3:1-17, 7:11-36 – Versoening. Christus was in vrede met God
- **Sondeoffer**
  Levitikus 4:1-5:13, 6:24-30 – Plaasvervangende Christus se versoeningsdood
- **Skuldoffer**
  Levitikus 5:14-6:7, 7:1-10 – Skuldbelydenis, Christus het al ons sondeskuld betaal vir ons verlossings

Meer hieroor in Hoofstuk 4

6.4 Die Lam wat vir ons sondes geslag moes word, word (onder andere) profeties ongeveer 750 jaar voor Christus geprofeteer (Sien hele Jesaja 53)

Jesaja 53:5: "*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."* (53 vertaling)

6.5 Die lam se bene mag nie gebreek word nie. Jesus se bene is nie gebreek aan die kruis nie

Eksodus 12:46: (ongeveer 1250 v.C.) *"Dit moet geëet word in die huis waarvoor dit bedoel is. Van die vleis mag niks buitentoe geneem word nie. Geen been van die paaslam mag gebreek word nie."*

Die soldate staan voor Jesus aan die kruis in Johannes 19:33: *"Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie."*

6.6 Die Lam van God word deur die profeet Johannes die Doper bevestig

Johannes 1:29: *"Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: 'Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!'"*

6.7 Jesus profeteer self Sy versoeningsdood

Johannes 10:14-15: *"[14]Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, [15]net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê My lewe af vir die skape."*

Slegs die bloed van Jesus kon die mens volmaak verlos, en nie die bloed van offerdiere nie. Jesus is die **God van die verbond**. Hy **het die verbond in Homself, Hy is Jehovah of Yahweh**.. Niemand anders kan dit wees nie.

6.8 Aanbidding gee ons hoop vir die toekoms, ons weet Wie is die Lam!

Die finale bruilof word Openbaring 19:7-9 geprofeteer: *"[7]'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. [9]Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.'"*

Die liefde van die Here strek duidelik tot redding van almal en gaan alle verstand te bowe. Ons moet dit nie probeer verstaan nie, maar kan dit met volle oortuiging en blydskap aangryp: Filippense 4:6-7: *"[6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagte die wag hou in Christus Jesus."*

6.9 Ons is die bruid wat gereedmaak vir die Bruidegom, die Lam

Openbaring 19:6-7: *"[6]Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: 'Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. [7]Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en Sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.'"*

6.9.1 Ons sal vir ewig by ons Verlosser wees

Openbaring 22:1-3: *"[1]Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. [2]Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. [3]Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die Troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en Sy dienaars sal Hom dien."*

7. Die Bruidegom en bruid in die Ou Testament

Die openbaring van die Here, die Lig vir alle nasies, is volmaak: Psalm 19:6 (ongeveer 1000 v.C.) *"As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom."*

7.1 Die skoonheid van Sy bruid wie Hy gewas het en vir Homself gevat het

Die Here is die Bruidegom vir gelowiges vanuit alle nasies: Psalm 45:13-15 (ongeveer 1000 voor Christus) *"[13]Dogter van Tirus, die rykes van die volk sal u guns soek met geskenke. [14]In louter prag staan die koningin daar in haar kleed van goudbrokaat; [15]in haar veelkleurige rok word sy na die koning toe gelei; sy en haar gevolg van jong meisies, haar vriendinne, word na u toe gebring."*

Profeties die getroue volk word as die bruid uitgebeeld Hooglied 1:15 (Ongeveer 950 voor Christus): *"Jy is mooi my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe" en 4:7 "Alles aan jou is mooi my liefling, aan jou is niks verkeerd nie."*

Die Bruidegom verklaar dat Sy bruid syne is: Jesaja 43:1 (Ongeveer 750 voor Christus) *"Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne."*

Jesaja praat die ballinge moed in: Jesaja 54:5 *"Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem."*

Jesaja 62:5 (Jerusalem) *"Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees."*

Die Here se liefdesverhouding bly staan om die ballinge terug te bring en redding aan alle gelowiges te bewerkstellig. Duidelik verwys redding na die goeie verhouding tussen die Bruidegom en die bruid: Hosea 2:15-19 (ongeveer 722 v.C.) *"[15]Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. [16]Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. [17]Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. [18]Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. [19]Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees."*

Jeremia 2:2 (ongeveer 600 voor Christus) *"Gaan roep hierdie woorde uit sodat elkeen in Jerusalem dit kan hoor. So sê die Here. Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy My bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie."*

Jeremia 3:1: *"Die Here vra: Mag 'n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en 'n ander man se vrou word, na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? En jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na my toe terugkom? vra die Here."* (Sien ook Jeremia 3:6-7; 3:20-21)

Esegiël 16:5-14 (Ongeveer 597 voor Christus) *"……..[13]'Jy kon jou tooi in goud en silwer, jou klee in linne, kosbare stof, veelkleurige materiaal; jou kos was fynmeel, heuning en olie. Jy het baie mooi geword, geskik om 'n koningin te wees. [14]Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het,' sê die Here my God."*

8. Die Bruidegom en bruid in die Nuwe Testament

Dieselfde Here is steeds aan die Woord in die Nuwe Testament:

Jesus verwys na Homself as die "bruidegom" op verskeie plekke soos in Markus 2:19: *"Jesus antwoord hulle: 'Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.'"* (Sien ook Matteus 9:15; 25:1)

In Lukas 5:34 word oor dieselfde woorde van Jesus getuig: *"Toe sê Jesus vir hulle: 'Kan julle dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is?'"*

Efesiërs 5:25-27: *"[25]Mans, julle moet julle vroue liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad en Sy lewe daarvoor afgelê het. [26]Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, [27]sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."*

Die finale bruilof word Openbaring 19:7-9 geprofeteer: *"[7]'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die*

regverdige dade van die gelowiges. [9]Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.'"

Die liefde van die Here strek duidelik tot redding van almal en gaan alle verstand te bowe. Ons moet dit nie probeer verstaan nie, maar kan dit met volle oortuiging en blydskap aangryp: Filippense 4:6-7: *"[6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagte die wag hou in Christus Jesus."*

8.1 Die belofte van die Ware Joodse Bruidegom

Die huwelik tussen die Here en die volk Israel is reeds histories outentiek bevestig by berg Sinai. Die Here bied egter redding vir alle volke deur die Messias wat uit Israel gebore is. Die Kerk het ontstaan as getuie van die verlossingswerk bewerkstellig deur die Messias, Jesus Christus. Die Messias sit die liefdesverhouding voort deur plek te gaan voorberei het vir Sy bruid, die Kerk. Hierdie historiese en profetiese realiteit spreek die gelowige aan op baie wyses in die Woord van God. Een daarvan is deur middel van die Feeste. Meer hieroor in Hoofstuk 5

8.2 Jesus het geprofeteer dat die Heilige Gees uitgestort sal word

Johannes 14:25-27: *"[25]Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [27]Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."*

8.2.1 Die Heilige Gees is duidelik volgens die profesieë uitgestort

Handelinge 2:2-4: *"[2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder Sy leiding te doen."*

8.2.2 Die apostels het ook getuig dat die Heilige Gees met hulle praat:

Handelinge 15:7-8: *"[7]Na 'n lang bespreking het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: 'Broers, julle weet dat God my lankal uit julle geledere gekies het om die evangelie aan die heidennasies te verkondig sodat hulle kan glo. [8]En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te gee net soos aan ons."*

Handelinge 15:28-29: *"[28]Die Heilige Gees en ons het besluit om geen vêrdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie: [29]dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. Hartlike groete."*

8.3 Getuig tot opbouing van die gemeente

'n Mens kan nou die vraag vra: Sou die Here so duidelik deur die eeue, deur middel van Sy Gees met die mens praat, profeties die Heilige Gees op die mens uitstort, wat duidelik ten doel het om ons te leer oor alles wat Jesus gesê en gedoen het, maar dan vandag passief sonder enige doel teenwoordig wees? Nee beslis nie!

Daar is ook reeds ongeveer 750 jaar voor Christus geprofeteer dat die Here by ons sal wees:

Jesaja 7:14: *"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem. " Immanuel beteken: "God is by ons."*

Die Here sal nie by ons wees sonder 'n doel nie. Die Heilige Gees werk aktief in die mens wat hom vir die Evangelie beskikbaar stel. In Openbaring 3:20 sê die Here*: "Kyk Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."*

Die Evangelie van Jesus Christus getuig van die feit dat Jesus Christus die Wese van God is wat op aarde tussen ons kom woon het. Hy het bewys dat Hy die enigste gewer van lewe is deur self, volgens die profesieë, uit die dood op te staan. Hierdie is 'n realiteit wat die gelowige onwillekeurig dwing tot 'n persoonlike getuienis van die impak wat hierdie wonderdaad in sy/haar lewe gedoen het. Dit is 'n ewigheidsbesef wat jou laat besef dat die Here vir ewig ons Vader is, en kan wees omdat Hy alleen lewe gee. Jesus het uit die dood opgestaan en sodoende versoening tussen ons en die Vader bewerkstellig sodat ons ook uit die dood kan opstaan en die ewige lewe beërwe.

Paulus verdedig hom voor Feliks en sy vrou Drusilla in Sesarea: Handelinge 24:20-21: *"[20]Of laat hierdie mense nou dan sê aan watter misdaad ek in my verhoor voor die Joodse raad skuldig bevind is. [21]Al wat ek daar vir hulle gesê het, was: Ek staan vandag hier voor julle tereg omdat ek aan die opstanding van die dooies glo."*

Jesus het ook vir ons die versekering gegee dat Hy weer gaan kom om ons te kom haal, die wat op daardie stadium nog leef en die wat reeds gesterwe het. Die versekering wat die Messias vir ons gegee het deur uit die dood op te staan en aan baie mense te verskyn het, ook gemaak dat ons kan glo dat Hy wel gaan doen wat Hy gesê het. Die persoon wat die Woord van God bestudeer en die Messias sy persoonlike Saligmaker maak, sal kan profeteer, volgens die Geskrifte, dat die Messias weer sal kom en dat Hy aan ons die ewige lewe gee. Kyk wat skryf Paulus:

1 Korintiërs 14:1-3: *"[1]Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om te profeteer. [2]Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge. [3]Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos."*

Die gelowige kan Skrif getrou profeteer dat die Messias weer sal kom om ons te kom haal!

9. Die Leeu uit Sion – Jesus Christus die Messias

Die Here sal kom en onheil vernietig en oordeel oor die ongelowiges. Let op dat Sion is die gebied waar die Tempel gebou is. Dit is by Jerusalem, die stad waar die kruis van die Messias gestaan het en waar Hy uit die dood opgestaan het. Hy het gedoen wat geen ander sogenaamde god kan doen nie.

Jesaja 31:4: *"So het die Here vir my gesê: Soos 'n leeu, 'n maanhaar, by sy prooi lê en grom en hom nie laat afskrik deur die harde geskreeu van veewagters wat teen hom saamgeroep is nie, en hom nie steur aan hulle lawaai nie, so sal die Here die Almagtige, wanneer Hy neerdaal, sy oorlog veg op Sionsberg, op die heuwel waar Sion lê."* (ongeveer 740 jaar voor Christus geskryf)

Amos 1:2: *"Amos het gesê: Wanneer die Here uit Sion brul, wanneer Hy sy stem uit Jerusalem laat hoor, verdor die weivelde van die herders en verdroog die top van Karmelberg."* (ongeveer 760 jaar voor Christus geskryf)

Karmelberg is in die noorde van Israel. Dat die top van Karmelberg gaan verdroog wys op 'n groot en drastiese gebeurtenis.

Amos 3:7-8: *"[7]Die Here God doen niks as Hy nie Sy besluit bekend gemaak het aan Sy dienaars die profete nie. [8]Die leeu het gebrul, wie sal nie bang wees nie? Die Here God het gepraat, wie sal nie as profeet optree nie?"*

Openbaring 5:1-5: *"[1]In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was. [2]Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitgeroep het: 'Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?' [3]Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [4]Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie. [5]Toe sê een van die ouderlinge vir my: 'Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.'"* (ongeveer 95 jaar na Christus geskryf)

Jesus Christus is uit die stam van Dawid gebore en het die oorwinning behaal deur uit die dood op te staan.

9.1 Die mens teen die Messias – die Leeu verslind

Ten spyte van die Here se verbintenis met die mens, dwaal die mens steeds af en soek ander heenkome en gode. Daar bestaan nie ander gode nie en die Here verskyn ook nie in ander vorme of profete nie.

Hosea 2:15-16: *"[15]Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. [16]Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie."*

Hosea 13:6-8: *"[6]Maar toe hulle by goeie weiding gebring is, het hulle hulle vol geëet, en toe hulle vol geëet was, het hulle hoogmoedig geword. Daarom het hulle My vergeet. [7]Toe het Ek vir hulle geword soos 'n leeu, soos 'n luiperd wat vir hulle langs die pad voorlê. [8]Ek sal hulle aanval soos 'n beerwyfie wie se kleintjies afgeneem is. Ek sal hulle borskaste oopskeur. Soos 'n leeu sal Ek hulle daar verslind. Roofdiere sal hulle uitmekaar skeur."*

9.2 Die mens vir die Messias – Die Leeu red, beskerm en bring vrede

Ons moet nie die liefde aanbid nie, maar die Heerser daarvan, die Aanvoerder daarvan. Sien Miga 5:5-7 (geskryf ongeveer 730 jaar voor Christus): *"[5]Hulle sal Assirië platloop met die swaard, die land van Nimrod met swaarde wat reg is om te steek. Die regeerder uit Bethlehem sal ons red uit die mag van Assirië wanneer Assirië ons land binneval, wanneer hy ons gebied binnekom. [6]Dié van Jakob wat oorbly, sal tussen baie volke wees, hulle sal daar wees soos dou wat van die Here af kom, soos stortreëns op groen gras wat nie vir 'n mens wag nie, nie na mense kyk nie. [7]Die van Jakob wat oorbly, sal tussen die nasies wees, tussen baie volke, hulle sal daar wees soos 'n leeu tussen wild of tussen 'n trop skape; hy verskeur as hy tussen hulle deurstap, hy vang sy prooi, en niemand kan dit uit sy bek ruk nie."*

9.3 Die Loot uit die nageslag van Isai – Die Messias bring redding vir die volk Israel, en so ook vir alle gelowiges

9.3.1 Meer as 2000 jaar voor Christus profeteer Job

Reeds in die tyd van die stamvaders het Job die ballingskap van Israel al geprofeteer en ook die Messias wat redding sal bewerkstellig: Job 14:7: *"Want vir 'n boom is daar verwagting: as dit afgekap word, loop dit weer uit en sy loot ontbreek nie*." (53 vertaling). Seder takke is in die Ou Testament gebruik as verteenwoordigend van die konings van Israel uit die nageslag van Dawid (sien Es 17:3; 4; 12; 13). In die Ou Testament is ook in Hebreeus deur 'n "loot" verwys na 'n seun. Ons kan dus Job se woorde as volg interpreteer: Uit die sondige nageslag van Israel sal 'n volmaakte Seun gebore word.

9.3.2 In die tydperk 740-697 v.C. profeteer Jesaja as volg:

Jesaja 3:25-4:3: *"[3:25]Jou manne, o Sion, sal deur die swaard val en jou helde in die oorlog. [26]En sy poorte sal klaag en treur, en hy sal uitgeskud op die aarde sit. [4:1]En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg. [2]En in dié dag sal die Spruit (branch) van die Here wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel."* (53 vertaling).

Jesaja 6:11-13: *"[11]Toe sê ek: Hoe lank Here? En Hy antwoord: Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, [12]en die Here die mens ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land. [13]En as nog 'n tiende deel daarin is; sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom – as hulle omgekap word – 'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag (holy seed) die stomp daarvan wees."* (53 vertaling)

Jesaja 11:1-2: *"[1]Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; [2]en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here."* (53 vertaling)

Jesaja 53:1-5: *"[1]Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? [2]Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. [3]Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van*

lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. [4]Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. [5]Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

9.3.3 Esegiël profeteer ongeveer 597 voor Christus:

Esegiël 17:22-23: *"[22]So sê die Here HERE: Dan sal Ek self van die verhewe top van die seder 'n steggie neem en dit insit – van die boonste van sy lootjies sal Ek 'n teer puntjie afpluk en self dit plant op 'n hoë en verhewe berg. [23]Op die hoë berg van Israel sal Ek dit plant, en dit sal takke voortbring en vrugte dra en 'n heerlike seder word, sodat al die voëls van allerhande vere daaronder kan woon; in die skaduwee van sy takke sal hulle woon."*

9.3.4 Ongeveer 580 jaar voor Christus profeteer Jeremia as volg:

Jeremia 23:5-6: *"[5]Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. [6]In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."* (53 vertaling)

Jeremia 33:15-16: *"[15]In dié dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit (Branch) van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land. [16]In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."* (53 Vertaling)

9.3.5 Sagaria profeteer ongeveer 500 jaar voor Christus:

Jesua (Israel) en ook die Loot wat later Jesus is: Sagaria 3:8-10: *"[8]Luister, Jesua, hoëpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit: jou vriende is 'n teken van iets wat kom. Ek gaan my dienaar Loot nou bring. [9]Ek sit voor Jesua 'n klip neer, en op hierdie enkele klip is daar sewe oë. Ek gaan nou 'n graveersel daarop aanbring, sê die Here die Almagtige, en Ek gaan sonde van hierdie land op een enkele dag wegneem. [10]Daardie dag, sê die Here die Almagtige, sal die mense weer rustig oor en weer na mekaar roep onder die wingerdstokke en die vyebome."*

9.3.6 Die Seun gebore uit Israel sal die Tempel bou en gee lewe

Meer as 600 jaar voor Christus profeteer Asaf in Psalm 80:15-16: *"[15]o God van die leërskare, kom tog terug; aanskou uit die hemel en kyk, en gee ag op hierdie wingerdstok; [16]en wees 'n beskerming vir wat U regterhand geplant het, en oor die seun (branch) wat U vir Uself grootgemaak het."* (53 vertaling)

Ongeveer 500 jaar voor Christus profeteer Sagaria 6:12: *"en sê vir hom dít: So spreek die HERE van die leërskare: Kyk daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit (Branch), en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die Here bou."* Let op dat in Sagaria 4:8 reeds beskryf is van die bou van die Tempel wat reeds begin het. Hier word dus verwys na die toekomstige Tempel wat deur die Messias gebou sal word.

Die Loot is Jesus wat die ware wingerdstok geword het tot redding van alle gelowiges. Die ware wingerdstok is die Woord van God, die Messias, wat lewe gee. Kyk na Jesus se woorde: Johannes 15:1-8: *"[1]Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. [2]Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra. [3]Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat ek vir julle gesê het. [4]Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. [5]Ek is die wingerdstok , julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. [6]As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. [7]As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry. [8]My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is."*

Hoofstuk 3
Is Christus die enigste weg na die Vader?
Waarin moet jy glo?

1. Inleiding

Die wapenrusting van die gelowige: Efesiërs 6:10-20: *"[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. [13]Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. [14]Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnals, [15]en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. [16]Daarby* ***moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer****. [17]Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. [18]Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. [19]Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. [20]Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is."*

Die Aangesig van die Here stel ons in staat om die Geheelbeeld te sien. Die Waarheid, die Woord, die Messias. Sy Regterhand strek in Liefde na ons uit reeds van die begin van die skepping af. Deur Sy groot genade het die Here 'n bonatuurlike reddingsdaad op hierdie aarde uitgevoer sodat elke mens Hom kan ken, sodat elkeen van ons in 'n persoonlike verhouding met Hom kan staan. Ons keuse om in gehoorsaamheid tot Sy Wese te leef bring mee dat Hy Hom elke dag meer en meer aan ons openbaar. Sy Gees raak vir ons realiteit en leef in ons. Ons staan in geloof tot Sy wonderlike Openbaring. Sy Openbaring raak realiteit in elke gelowige se lewe wat aanbidding 'n essensiële daaglikse voedsel laat word. Die gelowige vind sin in die lewe, histories sterk gefundeerd met ewigheidsperspektief. Dit laat 'n hoop en verlange in ons ontstaan om ewig in Sy teenwoordigheid te wees. Ons beleef Sy liefde wat die menslike verstand te bowe gaan. Dit hou in die warmte van vuur en dryf van 'n stormwind met sekerheid dat die Here se doel bereik sal word

Die siel sonder die Here, in teendeel, gryp na stukkies onsamehangende kennis. Dit bou hoop op 'n vakuum van sogenaamde feite en vind groter verlorenheid in sy filosofie van oënskynlike begrip. Dit skep self-regverdigende verwarring, onmin en rituele met sy beperkte natuurlike verwysingsraamwerk. Sy uitdaging tot kameraadskap hou tydelike plaasvervangers voor. Hy hang menslike verklarings aan wat op voorspoed of beloning gegrond is. Dit is oppervlakkig en leeg en veroorsaak 'n ewige soeke na ware Liefde. Hy is verlore, vir ewig. Hy het homself nie toegelaat om te besef dat lewe buite homself geskep word nie. Hy het die uitgestrekte Regterhand van God nie aangegryp nie.

Strobel nooi die huigelaar uit deur te sê: "Don't accept my word for it, but don't accept your rabbi's either. Spend the time to research it yourself. Today nobody can say, 'There's no information.' There are plenty of books out there to help you. And one more thing: sincerely ask God to show you whether or not Jesus is the Messiah. That's what I did – and without any coaching it became clear to me who fit the fingerprint of the Messiah." (30, p 185).

Geloof

1.1 Wat is geloof?

Geloof is die besef dat Jesus in ons leef, dan leef ons in geloof: 2 Korintiërs 13:5: *"Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees."*

Hebreërs 11:1-2*: "[1]Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. [2]Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is."*

Geloof gee vir ons ewigheidsperspektief, dit is gegrond op 'n hoop wat meer-en-meer realiteit word deur die wonderlike openbarings van die Heilige Gees. Hebreërs 12:1-3: *"[1]Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. [3]Hou Hom voor*

oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie."

Geloof streef na 'n persoonlike verhouding met die Here. Dit is nie gefokus op persoonlike welvaart nie. Efesiërs 2:8: *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."*

1.2 Waarin glo ons?

Ons glo aan dié wonderlike, monoteïstiese God wat herkenbaar, van die begin van die wêreld se geskiedenis af, Hom aan Sy skepsels openbaar. Sy Identiteit is sterk gevestig deur bonatuurlike openbarings, te midde van duisende getuies, wat outentieke Geskrifte tot gevolg gehad het. Hierdie Geskrifte getuig ook van 'n verbond wat die Here met die mens aangegaan het tot versoening tussen Hom en die mens. Die Geskrifte, die Bybel, sluit ook profesieë in waarvan baie reeds akkuraat vervul is deur Sy Seun, Jesus Christus. Die profesieë wat nog vervul moet word, is steeds histories (begin), en profeties (voleinder), in konteks tot Jesus Christus, die Wese van God op aarde as mens. Sy lyding en unieke opstanding uit die dood, steeds profeties akkuraat, het Hom bevestig as die Redder van die mensdom.

Jesus die Begin en Voleinder van geloof Hebreërs 12:1-2: *"[1]Terwyl ons so 'n groot skare geloofsgetuienis om ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, [2]die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God."*

1 Johannes 4:2: *"Hiéraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is."*

1 Johannes 5:10-12: *"[10]Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart; wie God nie glo nie, maak Hom tot leuenaar, omdat hy nie die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het nie. [11]En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur Sy Seun. [12]Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun het nie, het ook nie die lewe nie."*

Johannes 1:11-14: *"[11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. [12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore. [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

1.3 Waarin stel geloof ons in staat?

Lukas 17:5-6: *"[5]Die apostels sê toe vir die Here: 'Gee ons meer geloof.' [6]Maar die Here antwoord: 'As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: 'Trek jou wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,' en hy sou julle gehoorsaam."*

Geloof maak dat die Here se Woord praat, nie wat iemand anders dink nie. Geloof maak dat ek koester op dit buite myself en vreugde vind buite my eie probleme.

Geloof bring my in konteks tot die verlossingsplan van die Here, daarom is Hy Verlossing van die begin af. Dit stel my in staat om 'n ander persoon se situasie in deernis en liefde raak te sien. Dit stel my in staat om sinvol die Here te aanbid, in gehoorsaamheid tot die besef van my afhanklikheid van Sy genade. Dit stel my in staat om Jesus se Lig deur my te laat skyn tot stigting van my naaste.

Matteus 5:3-12: *"[3]Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. [4]Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. [5]Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. [6]Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. [7]Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. [8]Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien. [9]Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. [10]Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. [11]'Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. [12]Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.'"*

Ons kan in 'n persoonlike verhouding met die Here staan. Die Here praat met mense vandag. Geloof stel my in staat om die Here se stem te hoor en te herken: Johannes 10:14-15: *"[14]Ek is die Goeie Herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, [15]net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape."*

Geloof stel my in staat om altyd die Aangesig van die Here te soek vir leiding en versterking, in goeie tye en in slegte tye. 2 Korintiërs 3:13-14: *"[13]Ons is nie soos Moses wat sy gesig met 'n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was. [14]Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo."*

1.4 Wat bring geloof mee?

Galasiërs 3:11-14*: "[11]En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik, want 'hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe' [12]By die Wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: 'Hy wat doen wat die wet sê, sal daardeur lewe.' [13]Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.' [14]Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."*

Die Almagtige Skepper het Hom genoeg aan die mens geopenbaar. Sy Boodskap hou die Waarheid voor en is binne bereik van die mens gebring. Geloof bring ewigheidsperspektief. Dit verseker ewigheid in teenwoordigheid van die Here.

Hebreërs 4:2-3: *"[2]Ons het die blye boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het, het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie. [3]Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het: 'Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.' En tog was Sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel, [4]want êrens in die Skrif word van die sewende dag dit gesê: 'En God het op die sewende dag gerus van al Sy werk,' [5]terwyl hier weer gesê word: 'in my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.' [6]Die wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in Sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om in Sy rus in te gaan."*

Romeine 10:9: "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."* Lees ook die res van Romeine 10.

Geregtigheid deur die geloof maak dat ek nie aan rituele vasklou nie, maar streef om die wil van die Here te doen. Galasiërs 2:16-21: *"[16]En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie. [17]As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie! [18]Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder. [19]Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, [20]en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê. [21]Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het."*

Die wat glo is kinders van Abraham en word deur God vrygespreek. Die gelowige word 'n kind van die verbond. Die God van die verbond, Jahweh (Die Here), is sy God: Galasiërs 3:6-7: *"[6]So was dit ook met Abraham:' Hy het in God geglo en God het hom vrygespreek.' [7]Julle sien dus dat die wat glo, kinders van Abraham is."*

Geloof in die Here bring voorspoed in ons verhouding met Hom. Die volk, onder leiding van gehoorsame en gelowige Josua was voorspoedig in hulle verhouding met die Here.

Geloof veroorsaak 'n persoonlike getuienis – dit wat die Here in jou lewe gedoen het, en besig is om te doen. Wanneer ons daarsonder praat, is dit ons eie wysheid - filosofie: 1 Timoteus 6:3: *"As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie."*

Egtheid van geloof kweek hoop: Romeine 5:2-11: *"[2]Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. [3]Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, [4]en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; [5]en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het. [6]Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. [7]'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. [8]Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat*

Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. [9]Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. [10]Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. [11]Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het."

'n Persoon sonder geloof is dus sonder bostaande wonderlike voordele. Die gelowige se lewe is die van vreugde in Christus. Dit nooi die ongelowige uit om die Waarheid, Jesus Christus, te soek.

1 Petrus 2:12: *"Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening."*

1.5 Wat van goeie dade?

Ons verwar dikwels die wet van Moses met goeie dade. Christus het die wet van Moses volbring. Dit is die Wet van Moses wat volbring is, maar dit beteken nie dat ons nou vrygestel is van gehoorsaamheid nie. Deur die wet van Moses te volbring het die Here nie Sy eie Identiteit verander nie. Die Here is steeds die Here en ons streef steeds na gehoorsaamheid aan Hom. Hoe beter ons die Here leer ken deur aanbidding, hoe beter verstaan ons wat die wil van die Here is in elkeen van ons se lewens. Christus het die Heilige Gees aan ons nagelaat om Sy wil aan ons te openbaar.

Galasiërs 3:2-9: *"[2]Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die Evangelie te glo? [3]Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? [4]Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! [5]Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die Evangelie glo? [6]So was dit ook met Abraham: 'Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.' [7]Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is. [8]Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: 'In jou sal al die nasies geseën word.' [9]Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word."*

Die kind van die verbond neem die Wese van Christus aan, vol genade en waarheid. Johannes 1:14: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."* Ons leef vandag in bewondering van die wonderlike openbaring wat aan ons gegee is op hierdie aarde, Jesus Christus. Hierdie Waarheid word geproklameer uit dankbaarheid en gehoorsaamheid aan dit wat dit vir my lewe beteken.

Dit gaan dus nie om goeie werke ter wille van redding nie. Die Persoon en Wese van God is reeds aan ons geopenbaar deur Sy Seun Jesus Christus. Christus is reeds die grootste Genadegawe wat ons kon ontvang het. Ons kan dit nie verder verdien deur goeie werke nie. Wanneer ons egter Christus aanneem, skyn die Aangesig van die Here oor ons. Die werking van die Heilige Gees word 'n werklikheid in ons. Laasgenoemde is beslis nie doelloos nie. Die gelowige se lewe kry sin, dit kry rigting.

Jakobus, Jesus se halfbroer op aarde, wat self op 'n stadium teen Jesus gekant was, skryf as volg:

Jakobus 2:17-19: *"[17]So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. [18]Maar iemand kan miskien sê: 'Die een het die geloof en die ander het die dade.' Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade."*

1.6 Wat van wysheid en kennis?

Voordat die apostel Paulus tot geloof gekom het in Christus, was hy 'n Fariseër en het hy die gelowiges wreed vervolg. Sy kennis was wel goed, maar dit was gebou op menslike wysheid. Deur die genade van Jesus Christus het hy die krag van God ontdek. Die krag van God is nie staties iets van die verlede nie. Die Here werk voortdurend in die gelowige hart. 1 Korintiërs 2:4-5: *"[4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."*

Ware kennis word gevind, deur die werking van die Heilige Gees, in die Woord van God.

Psalm 19:8: *"Die woord van die Here is volmaak; dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar; dit gee wysheid aan die wat nog onervare is."*

Deur die Woord van die Here te bestudeer, openbaar die Heilige Gees die Persoon van Christus aan die soeker. Die gelowige bekom identiteit in Christus. Sonder geloof, bly jy vasgevang in ‘n menslike verwysingsraamwerk.

Psalm 94:12: *“Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in u woord.”*

Hou jou besig met die Woord van die Here, Jesus Christus. Die beste manier om dit te doen is deur tyd te spandeer om die Bybel te bestudeer met ‘n oop gemoed. Nooi die Heilige Gees in jou lewe in om jou die Waarheid, Jesus, te openbaar.

1.7 Wat bereik ons deur geloof?

Geloof open die persoon se geestesoog. Die vooropgesteldheid teen die bo-natuurlike word oorwin. Die intelligente besluit is geneem dat die natuurlike nie uit niks kon bestaan nie en dat die wonderlike Openbaring van die Messias realiteit is. Dit gee ons vertroue in die Here se velossingsboodskap.

Geloof is om te glo in dit wat ons nie kan sien nie, maar dit is nie identiteitloos nie. Die Here het Sy Naam vir ons gegee en Hom outentiek deur Sy Seun, Jesus Christus aan ons geopenbaar. Jesus is gesien op aarde en ons kan vandag die ooggetuies se getuienisse lees in die Bybel, dit maak dat ons vreugde volmaak is.

Romeine 15:13: *“Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vrede en vreugde vul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.”*

Geen plaasvervanger, soos ‘n profeet na Christus of enige filosofie of ander middelaar kan dit vermag nie!!

Ons bereik ons skeppingsdoel deur die Here te loof en te prys. Die gelowige se lewe kry sin in Christus. Hy/sy word ‘n kind van die verbond deur geloof in Jesus Christus.

1.8 Hoe lyk die lewe van ‘n gelowige?

Die gelowige leef in aanbidding tot die ware lewende God, die Here. Dit is nie ‘n identiteitlose proses nie en ook nie hopeloos nie. Die Identiteit en teenwoordigheid van die Here is ‘n wonderlike realiteit.

Jesaja 60:1: *“Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.”*

Sy/haar lewe is gerig tot gehoorsaamheid aan die Aangesig van die Here – vol genade en waarheid:

Johannes 1:14: *“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”*

Die gelowige doen afstand van sonde en streef diensbaar na die wil van die Here. Dit is nie om iemand te beïndruk nie, maar ‘n hunkering tot ewige toenadering.

Romeine 6:15-23: *“[15]Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? Beslis nie. [16]Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe. [17]Maar ons dank God dat julle wat slawe van die sonde was, van harte gehoorsaam geword het aan die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang het. [18]Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen. [19]Weens julle beperkte begrip gebruik ek 'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe. [20]Toe julle slawe van die sonde was, was julle nie in diens van God nie. [21]Wat was die vrug wat dié dinge waaroor julle nou skaam kry, tóé vir julle opgelewer het? Die uiteinde van dié dinge is die dood. [22]Maar nou – julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe. [23]Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”*

Galasiërs 5:19-26: *“[19]Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, [20]afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, [21]afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. [22]Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23]nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. [24]Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. [25]Ons lewe deur die Gees;*

laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal. [26]Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie."

Deur afstand te doen van sonde en geloof in Jesus Christus word die gelowige 'n kind van die verbond. Dié verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Hierdeur neem die gelowige die Identiteit van Christus aan en ondergaan heiligmaking in gehoorsaamheid tot die wil van die Here (meer oor die verbond in Hoofstuk 4) Heiligmaking het niks te doen met beter wees as iemand anders nie. Dit is vereenselwiging met die heilige Persoon van Christus. Dit sluit juis liefde vir die Here in, én vir die medemens.

Efesiërs 3:17: *"dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees."*

Galasiërs 5:6: *"In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is die geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."*

Die gelowige maak die keuse om die Here te dien. Dit is uit vrye keuse getrou aan 'n ware liefdesverhouding. Daar bestaan geen twyfel oor die Identiteit van die Vader wat Hom deur Sy Seun aan die wêreld openbaar het nie. Die gelowige word geseën deur die teenwoordigheid van die Heilige Gees Wie die wil van die Vader openbaar. Gehoorsaamheid bring vreugde. Gehoorsaamheid aan 'n identiteitlose god bring niks nie, slegs verlorenheid. (sien Hoofstuk 4 se gedeelte wat handel oor die offers)

Goddelike afsprake in gehoorsaamheid is geleenthede vir aanbidding. Dit is geleenthede om die heilige teenwoordigheid van die Here te betree. Die gelowige gryp dit aan en word geseën deur tyd met die Here te spandeer. Die Here het spesiale geleenthede geskep sodat die mens tyd met Hom moet spandeer. Die woord "sabbat" beteken dat 'n mens ophou waarmee jy besig is, jy nie handel dryf nie, sodat jou aandag by die Here is.

Eksodus 31:12-17: *"[12]Die Here het vir Moses gesê: [13]'Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het.'"*

Jesaja 58:13-14: *"[13]As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie, [14]sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. Ek, die Here, het dit gesê."*

Jerusalem word vir die gelowige Sion. Dit is die heilige stad wat die Here opgerig het as banier vir al die nasies. Die hele wêreld se aandag is gevestig op Jerusalem, die hele wêreld leer die Messias ken deur die stad en sy mense (sien Hoofstuk 6 se gedeelte wat handel oor Israel en Jerusalem). Dit is die plek waar die Here se Naam bekend gemaak is. Dit is Sy ewige Naam wat geen sin sou maak om te verander nie. Hy leef in die gelowige se hart steeds as die God van die verbond wat Hom aan sy kinders openbaar.

In gehoorsaamheid tot die Here se Naam en in Sy heilige teenwoordigheid, sit die gelowige aan by die feestafel van die Here. Die wêreldse kalender word vervang deur 'n geestelike kalender. Wêreldse waardes word vervang deur wonderlike geestelike perspektief. Die gelowige vier die ewige en heilige Naam van die Here. Die weeklikse sabbat word aangevul met feestelike sabbatte. Die God van die Ou Testament is steeds die God van die Nuwe Testament. Hy kom om by die mens te tabernakel – Immanuel, God by ons. (Sien Hoofstuk 5 wat handel oor die Messiaanse realiteit in die feeste van die Here).

Die gelowige vind sy/haar tuiste binne die gemeenskap van ander gelowiges. Dit is nie 'n filosofiese fyn proewery en soeke na die beste, en volmaakte, spreker nie. Dit is korporatiewe aanbidding in die Naam van die Here. In gehoorsaamheid tot die Woord van God verteenwoordig die Kerk aanbidding op aarde.

Matteus 18:18-20: *"[18]Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly. [19]Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, [20]want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."*

Aanbidding vir die gelowige sluit diensbaarheid in.

Jesaja 58:5-11: *"[5]Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou? [6]Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? [7]Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie? [8]Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die*

rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. [9]Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie, [10]as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag. [11]Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie."

Deur te gee ontvang die gelowige seën van die Here

Maleagi 3:10-12: *"[10]Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. [11]Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige. [12]Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige."*

Gehoorsaamheid bring seën. Geloof en liefde spreek mense aan. Dit bring seën vir ander mense. Dit proklameer die grootste liefdesdaad wat op aarde gepleeg is, die Messias wat vir die mense se sondes op aarde gesterf het en weer uit die dood opgestaan het. Die dood is oorwin vir die wat glo:

1 Korintiërs 14:24-26: *"[24]Daarteenoor, as almal profeteer, en daar kom 'n ongelowige of 'n buitestaander binne, dan word hy deur almal in sy gewete aangespreek en kom hy tot selfondersoek. [25]Die verborge dinge van sy hart kom aan die lig. En so kom hy daartoe om op sy knieë te val, God te aanbid en openlik te getuig: 'Waarlik, God is hier by julle!' [26]Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop."*

1.9 Wat is ongeloof?

Ongeloof in geestelike konteks, is 'n toestand van geestelike blindheid. Die ongelowige persoon is vasgevang in slegs dit wat met die sintuie waargeneem kan word (empirisisme), of dit wat met die menslike brein verklaar kan word (rasionalisme).

Ongeloof is om te glo dat die heelal toevallig ontstaan het en dat al die miljoene geestelike getuienisse van mense leuens is, of slegs die verbeelding van die getuienisse is.

Michael Behe het daarop gewys dat die waarskynlikheid om een proteïen molekule deur middel van toeval te laat ontstaan (ongeveer 100 aminosure in een proteïen molekule), dieselfde is om te glo dat 'n blinde man 'n spesifieke korreltjie sand drie-maal na mekaar sal kry in die Sahara woestyn. Hierdie een molekule is ook nog nie lewe nie. Om dan lewe te bewerkstellig moet jy ongeveer 200 van daardie proteïen molekules bymekaar kry! (22, p125)

Ongeloof is blind en hou nie rekenskap met identiteit nie, die Identiteit van die Here wat baie sterk aan die mens geopenbaar is. Dit is 'n vooropgesteldheid teen die bo-natuurlike, gebou op beperkte materialisme. Dit is soos 'n persoon, wat nog nooit die see gesien het nie en dan beweer dat die see nie bestaan nie. Hulle berus hulle daarby dat slegs dit wat gesien kan word bestaansreg het, of slegs dit wat die mens kan verklaar realiteit is.

Die ongelowige staar hom/haar blind teen die vals gedagte dat hy/sy logies dink. Hy/sy berus by beperkte verklarings binne die tasbare (materialisme) vir die ontasbare (bo-natuurlike). Dit is soos 'n persoon wat 'n stukkende motor probeer herstel deur gebruik te maak van 'n koekresep. Die twee is dimensioneel onverwant.

Die samesteller onthou dat sy pa vir hom gesê het dat sy geloof versterk word deur te dink aan voor, en na, die bestaan van die heelal. Dit het toe tot my deurgedring dat daar Intelligensie voor die skepping moes gewees het en dat daar ook Intelligensie moet wees na die heelal, dit kan nie anders nie – veral nie as jy logies dink nie. Hierdie Intelligensie het 'n baie sterk Identiteit en is baie vêr bo die mens se begripsvermoë. Sy Naam is die Here en Hy het Hom aan die mens geopenbaar deur Sy Seun, Jesus Christus, sodat ons kan glo. Hy hou Hom steeds met die mens besig deur die werking van Sy Heilige Gees. Die Skrif nagelaat deur ooggetuies en die emosies en ervarings van miljoene gelowiges bied die ongelowige 'n uitdaging wat hom/haar ewig gaan besig hou in Identiteitlose verlorenheid.

Sonder geloof in die Messias, Jesus Christus, aanbid die persoon die hoogste, menslik-geskepte, vorm van 'n god, en nie die Magtige, Bo-natuurlike Skepper met 'n Persoonlikheid waarmee ons in verhouding kan staan nie.

Ongeloof ry dus op die rug van materialisme. Met ander woorde, alles in die heelal het ontstaan uit materie alleen. Die materialis glo dat chemiese reaksies die ontstaan van alles kan verklaar. Dit bring die volgende mee:

- Deur te glo dat daar geen intelligensie agter lewe staan nie. Dat die inherente boodskap van die lewe deur onintelligente materialisme verklaar kan word (22, p128).
- Om te glo dat menslike denke is die resultaat van chemiese reaksies alleenlik. Chemika is beslis betrokke by menslike denke maar dit kan nie alle menslike denke verklaar nie. Geisler en Turek wys daarop dat iemand se gedagtes, of dit nou liefde of haat is, nie chemikalieë is wat reageer nie. Hoeveel sou liefde weeg? Wat is die chemiese samestelling van haat? (22, p128-129)
- Die onvermoë om te verklaar hoekom een liggaam lewend is en die ander nie. Alle liggame bestaan uit dieselfde boustowwe, daar is beslis iets buite die boustowwe van lewe (22, p129).
- Ongeloof is om te glo dat materialisme waar is. Deur dit te glo word dus dan beweer dat alle getuienisse van geestelike ervarings vals is. Dit sluit in die van Abraham, Moses, Jesaja, Kepler, Newton en Jesus Christus Homself (22, p129).
- Materialisme sal dan rede onmoontlik maak. Indien die verstand se funksies slegs chemiese reaksies is, kan ook beweer word dat niks waar is nie, insluitend die teorie van materialisme. Chemikalieë hou hulle nie besig met rede nie, hulle reageer slegs (22, p 125).

Christendom is die enigste outentieke liggaam (die Kerk) wat getuig van ‘n persoonlike, en lewende liefdesverhouding met die Almagtige Vader, wat Hom deur Sy Heilige Gees openbaar in Sy Woord, die Messias.

Is Jesus Christus God?

1.1 Was daar werklik iemand soos Jesus Christus op aarde?

1.1.1 Sekulêre verwysings na Jesus Christus

Morgan (12, p22-23) verwys na die sekulêre (nie Christene) geskiedenis wat verwys na Jesus. Byvoorbeeld vroeë kiste wat dateer 40 n.C. wat buite Jerusalem gevind is waarop woorde soos “ Jesus help ” en “ Jesus, let him who rests here arise ”. Daar word verwys na Dr Mireille Hadas-Lebel, ‘n geskiedkundige en professor by die Nasionale Instituut vir Oosterse Tale en Kulture in Parys. Sy het die werke van die vroeë Joodse geskiedkundige Josephus bestudeer en het gevind dat dit ooreenstem met die Evangelie geskrifte. Daar word verwys na Josephus se verwysings na die sensus van Quirinus, die wreedheid van Koning Herodes, die prediking van Johannes die Doper en die verwerping van ‘n man met die naam Jakobus, die broer van Jesus wat Christus genoem is. Josephus het Jesus op ander plekke beskryf as ‘n wyse man wat gekruisig is en “ dit blyk vir hulle asof Hy lewe teruggekry het. ” Josephus se geskrifte word as eg beskou. Hy word byvoorbeeld deur Eusebius in die vierde eeu aangehaal. Daar is vele verwysings na Christus in die geskrifte van Plinius aan die Keiser Trajan wat dateer 110 n.C. Die Apostoliese vaders het ook baie verwys na Jesus – Clement van Rome, Ignatius, Hermas, Barnabas van Alexandra, Papias en Polikarpus almal wat in die eerste eeu geleef het en getuig het van die opgestane Christus.

Die kruisdood van Jesus was die mees grusame en vernederende dood wat iemand kon ondergaan, maar steeds was daar volgelinge wat hulle lewens gegee het om ‘n beweging op die been te bring wat die leerstellinge van die Man navolg, hoe kan dit verduidelik word? Christine het Jesus as God begin dien waarvan bewyse van die vroegste tye beskikbaar is.

Daar is talle klassieke geskrifte wat meer lig werp op die groei van die Kerk, gekultiveerde teenstryd tot die Christendom en die Romeinse vervolging van die Christene. Dit is egter belangrik dat ons die oog hou op wat hierdie geskrifte sê met betrekking tot Jesus Christus. Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie sekulêre verwysings is, met ander woorde, nie gebaseer op die Christelike geloof nie en die outeurs was selfs tot subjektief teen die Christelike geloof. Wat egter uitstaan is die historiese akkuraatheid en konteks waarna verwys word. Dit is dus ware gebeure. Hier volg voorbeelde van sommige van sulke verwysings:

1.1.1.1 Josephus

Hierdie historikus vanuit die eerste eeu, Josephus, was ‘n welbekende en belangrike Joodse geskiedkundige. Hy is gebore in 37 n.C. (met ander woorde, ongeveer 4 jaar na die kruisiging van Jesus) en het die meeste van sy boeke geskryf teen die einde van die eerste eeu. Hy was ‘n Joodse priester en Fariseër. Hy was nie baie gewild onder die Jode nie omdat hy baie toenadering by die Romeine gesoek het. Hy was egter gewild onder die Christene want hy het in sy dokumente verwys na Jakobus, die broer van Jesus, en ook na Jesus self. In sy werkstuk,

"The Antiquities", beskryf hy hoe 'n hoëpriester met die naam Ananias, die dood van 'n Romeinse goewerneur Festus, gebruik het om Jakobus te laat doodmaak. Strobel verwys na Dr Yamauchi wat die volgende gedeelte uit die betrokke werkstuk aanhaal: "He convened a meeting of the Sanhedrin and brought before them a man named James, the brother of Jesus, who was called the Christ, and certain others. He accused them of having transgressed the law and delivered them to be stoned." (30, p.77-78)

Josephus het meer in sy werkstuk "Testimonium Flavianum" oor Jesus geskryf: "About this time there lived Jesus, a wise man, if indeed one ought to call him a man. For he was one who wrought surprising feats and was a teacher of such people as accept the truth gladly. He won over many Jews and many of the Greeks. He was the Christ. When Pilate, upon hearing him accused by men of the highest standing among us, had condemned him to be crucified, those who had in the first place come to love him did not give up their affection to him. On the third day he appeared to them restored to life, for the prophets of God had prophesied these and countless other marvelous things about him. And the tribe of Christians, so called after him, has still to this day not disappeared." Dit is belangrik om te besef dat hierdie 'n belangrike en betroubare historikus van sy tyd was (nie-Christen) wat hier geskryf het en dat sy melding van Jesus as baie belangrik beskou kan word (30, p78-81).

1.1.1.2 Tallos (Thallos) (nie-Christen)

Die historikus, Tallos, het ongeveer in 55 n.C. (met ander woorde, ongeveer 22 jaar na die kruisiging van Jesus) in Grieks die duisternis beskryf wat tydens die dood van Jesus voorgekom het (sien Matteus 27:45, Markus 15:33 en Lukas 23:44). Tallos is aangehaal deur geskiedskrywers soos die Christen Sextus Julius Africanus (160-240 n.C.) wat weer later, ongeveer 800 n.C. aangehaal is deur Georgius Syncellus. Nie al Tallos se geskrifte is vandag meer beskikbaar nie, maar sy werk word outentiek deur geskiedskrywers aangehaal. Tallos het die duisternis, wat hy heel moontlik self beleef het, toegeskryf aan sonsverduistering. Sextus Julius Africanus het beweer dat Tallos 'n fout begaan het omdat sonsverduistering nie kan plaasvind tydens 'n volmaan nie. Laasgenoemde was die geval tydens paasfees en dus ook die tyd van Jesus se kruisiging. Julius beweer dat die duisternis 'n wonderwerk is wat deur God bewerkstellig is (34, p20-21).

Die belangrike hier is om te besef dat daar wel sekulêre ooggetuies was van die duisternis tydens die dood van Jesus aan die kruis en ook die feit dat Jesus aan die kruis gesterf het.

1.1.1.3 Plinius die Jonger (Pliny the Younger) (nie-Christen)

Gaius Plinius Caecilius Sekundus (61-113 n.C.) was die neef en aangenome seun van die skrywer Plinius die Oudste. Plinius die Jonger was 'n senator en prominente prokureur in Rome en het verskeie belangrike administratiewe poste beklee. Baie van sy werkstukke het behoue gebly, insluitend briewe aan die Keiser Trajan wat gedurende 111-113 n.C. geskryf is. In brief 96 van boek 10, handel oor Christene en Christus Self word ook genoem. In hierdie brief, en ook andere, bespreek hy moeilike hofsake en ook moeilike wetsaspekte. Brief 96 handel dan oor Plinius se twyfel oor die vervolging van Christene. Hy vra vrae soos volg: Hoe Christene gestraf moet word? Op grond van wat vind ondersoek teen Christene plaas? Hoe vêr moet die ondersoeke gedruk word? Moet enige onderskeid met betrekking tot ouderdom gemaak word, of is dit slegs gebaseer op die bevordering van Christendom? Moet Christene gestraf word slegs omdat hulle Christene is, vir die naam "Christen", selfs al is hulle nie skuldig aan misdaad wat aan die naam Christen gekoppel is nie?

Plinius gee dan ook in hierdie skrywe terugvoer aan Trajan hoe hy hofsake teen Christene uitvoer: Hy vra die beskuldigde, drie-keer indien nodig en met waarskuwings van straf, of hulle Christene is. Indien hulle altyd positief antwoord, *"Beveel ek dat hulle weggeneem word vir teregstelling; wat ook al hulle mee verbind het, ek is seker dat hulle hardkoppigheid en onbuigsame hardnekkigheid gestraf moet word."* Plinius het dan ook Romeinse burgers, wat Christendom aangehang het, na Rome gestuur vir verhoor. In brief 96 spreek Plinius twyfel uit oor die hele aspek en in hierdie konteks noem hy Christus drie keer. Die probleem wat Plinius noem is veral die feit dat die Christene nie die Romeinse gode wil aanbid nie. Hy erken hulle hoë morele standaarde maar spreek die wens uit dat die Christene 'n beter kans gegun word om afstand te doen van Christendom (34, p23-29).

Strobel verwys na die navorsingswerk van Dr Yamauchi. Yamauchi verwys ook na die Romein, Plinius die Jonger wat op sy beurt verwys het na Christene in sy skrywe. Plinius die Jonger, die goewerneur van Bithynia in Noord-Wes Turkye, skryf ongeveer 111 n.C. aan sy vriend, Keiser Trajan, die volgende:

"Ek het hulle gevra of hulle Christene is, en hulle het dit bevestig, ek het die vraag vir 'n tweede en 'n derde-maal herhaal, met 'n waarskuwing dat hulle gestraf sal word. Hulle het egter nie afstand gedoen van hulle belydenis nie. Ek het opdrag gegee dat hulle weggelei en tereggestel word, want, wat ook al die aard van hulle belydenis, ek is oortuig dat hulle hardkoppigheid en "unshakable obstinacy" nie ongestraf kan bly nie.....

Hulle het ook verklaar dat die somtotaal van hulle skuld groter is as dit: hulle het gereeld ontmoet voor sononder op ‘n vasgestelde dag om versies te sing onder mekaar tot eer van Christus asof dit aan ‘n god gedoen word, en het ook hulleself deur ‘n eed gebind, nie vir enige kriminele doel nie, maar om te weerhou van diefstal, roof .....

Dit het veroorsaak dat ek besluit het om die waarheid uit te wurg, deur middel van marteling, by twee slavinne wat hulle diakonesse genoem het. Al wat ek gevind het was ‘n tipe kultus wat tot uiterste proporsies gedryf is.”

1.1.1.4 Suetonius (nie-Christen)

Gaius Suetonius Tranquillus (70-140 n.C.) was ‘n Romeinse skrywer en het hom besig gehou met die regte en was ook ‘n vriend van Plinius die Jonger. Hy het hom baie toegespits om te skryf oor die lewens van die eerste twaalf keisers, vanaf Julius Caesar tot Domitian. Hy kon dit ook doen as gevolg van sy posisie as sekretaris van die keiser Hadrian waartydens hy toegang tot argiewe gehad het (laasgenoemde sin word ondersteun deur verwysing 40, afdeling onder Suetonius). In sy vyfde boek beskryf Suetonius die optrede van Claudius (keiser 41-54 n.C., met ander woorde 8 jaar na die kruisiging van Jesus) wat insluit die ban van Jode vanuit Rome. Claudius het beweer dat die Jode altyd steurings veroorsaak as gevolg van die moeilikheidmaker Chrestus. Moderne navorsers het geen twyfel daaraan dat Claudius hier verwys het na Christus.

Indrukwekkend hier is die ooreenstemming met dit wat in die Bybel, en wel in Handelinge 18:1-2 genoem word (34, p29-38): Hierdeur kan ook die tydperk wanneer die boek Handelinge deur Lukas geskryf is, bevestig word.

Handelinge 18:1-2: *“[1]Hierna het Paulus Atene verlaat en na Korinte toe gegaan. [2]Daar het hy vir Akwila, ‘n Jood wat in Pontus gebore is, ontmoet. Hy het kort tevore saam met sy vrou, Priscilla, uit Italië daar aangekom, nadat keiser Claudius beveel het dat al die Jode Rome moet verlaat...”*

1.1.1.5 Takitus (nie-Christen)

Cornelius Takitus (ongeveer 56-120 n.C.) word oor die algemeen beskou as die grootste Romeinse historikus. Hy het verskeie belangrike administratiewe poste beklee, insluitende die prokonsulaat van Asië. Baie van sy werke het behoue gebly. Sy skrywe met die naam *Ab Excessu divi Augusti* (“From the death of divine Augustus”) word deur moderne navorsers beskou as van sy beste werke. Takitus bevestig ook, sonder twyfel, die bestaan van Jesus. In sy werkstuk 15.38.1 beskryf Takitus ’n brand wat ontstaan het in Rome op die oggend van 19 Julie, 64 n.C.. Groot dele van die stad is verwoes. Daar word gespekuleer dat keiser Nero self verantwoordelik kon gewees het vir die brand omdat hy privaat grond vir homself wou gebruik om ’n paleis op te rig in die middel van Rome. In hoofstuk 44 gaan Takitus voort as volg;

“[2] Maar nog menslike pogings, nog die keiser se goedheid, nog die inskiklikheid van die gode kon die skandelike vermoede stop dat die brand bestel is. Daarom, om sodoende die gerug te kanselleer, het Nero skuldiges opgestel en hulle ook gestraf deur middel van die mees ongewone maniere, hulle wat gehaat word vir hulle skandelike optrede, hulle na wie die mense verwys het as ‘Chrestians’. [3] Die stigter van die naam, Christus, is tereggestel onder die heerskappy van Tiberius deur die prokurator Pontius Pilatus. Onderdruk vir ’n tyd, het die dodelike bygelowigheid weer uitgebreek en nie alleenlik in Juda, die oorsprong van hierdie boosheid nie, maar ook in die stad (Rome), waar alle dinge gruwelik en skandelik van oral bymekaar kom en populêr word. [4] Daarom, eerste die wat verbind is daaraan, is in hegtenis geneem, en dan op grond van hulle inligting is ‘n groot hoeveelheid skuldig bevind, nie noodwendig vir die misdaad van brandstigting nie maar meer vir die haat van die menslike ras. Bespotting is toegevoeg tot hulle einde: hulle is bedek met velle van wilde diere en tot die dood toe verskeur deur honde; of hulle is gekruisig en aan die einde van die dag is hulle verbrand as flitse. [5] Nero het sy tuine voorsien vir hierdie spektakel en het ’n vertoning in sy sirkus gegee, tussen die mense geklee in strydwa gedrag, of staande op sy strydwa. Daarom het ’n gevoel van jammerte ontstaan ten spyte van ’n oortreding wat die hoogste vorm van straf verdien, want dit is gevoel dat hulle verwoes word nie tot voordeel van die publiek nie, maar vir die wreedheid van een man.”

Buiten die feit dat Takitus bevestig dat Christus op aarde was en gekruisig is, bevestig hy ook die tydperk wat Pontius Pilatus die Romeinse goewerneur van Juda was, van 26 tot 36 n.C. wat dan ook val binne die tydperk van Tiberius se bewind. Pilatus se naam, plek in Juda en tydperk word akkuraat weergegee wat ooreenstem met die kanonieke Evangelies van die Bybel, Philo en Josephus. Die vier Evangelies van die Bybel gee dit duidelik dat Pilatus die opdrag gegee het dat Jesus doodgemaak moet word. Dit is ironies om te besef dat die enigste verwysing na Pontius Pilatus in die geskiedenis is die van ’n paganistiese (heidense) skrywer waarin hy gekoppel word aan die doodstraf wat hy op Jesus uitgespreek het (34, p39-53).

1.1.1.6 Sekulêr opsommend

Geisler en Turek (22, p222-223) wys daarop dat daar 10 nie-Christen skrywers is wat Jesus noem in hulle skrywes binne 150-jaar van Jesus se lewe op aarde. In kontras, oor dieselfde 150-jaar, is daar 9 nie-Christen skrywers wat Tiberius Caesar, die Romeinse regeerder tydens die tyd van Jesus, noem. Sommige van hierdie nie-Christen skrywers wat Jesus noem, soos Celsus, Takitus en die Joodse Talmud, kan as anti-Christen bronne beskou word. Indien dan die Christen-skrywers ingereken word, is die skrywers wat Jesus noem 'n verhouding van 43 tot 10 ten opsigte van die wat Tiberius noem. Indien gekyk word na wat die nie-Christen skrywers van Jesus sê, is dit verstommend ooreenstemmend met dit wat die Nuwe testament van die Bybel sê. Dit kan as volg opgesom word:

- Jesus het tydens die bewind van Tiberius Caesar geleef
- Hy het 'n regverdige lewe gelewe
- Hy was 'n wonder werker
- Hy het 'n broer gehad met die naam van Jakobus
- Hy is deur sy volgelinge as die Messias beskou
- Hy is gekruisig onder Pontius Pilatus
- Hy is gekruisig op die Joodse paasfees
- Duisternis en 'n aardbewing het voorgekom toe Hy gesterf het
- Sy dissipels het geglo dat Hy uit die dood opgestaan het
- Sy dissipels was bereid om te sterf vir hulle geloof
- Christendom het baie vinnig versprei tot sovêr as Rome
- Sy dissipels het die Romeinse gode ontken en het Jesus as God aanbid

Yamauchi vestig die aandag daarop hoe vinnig die Evangelie versprei het, beide in die stad en die platteland, tussen verskillende groepe mense, slavinne en ook Romeinse burgers want daar word verwys na Romeinse burgers wat na Rome toe gestuur is om verhoor te word (30, p83-84).

1.1.2 Getuienisse van vroeë Christene

1.1.2.1 Die Apostels

Die apostels as ooggetuienisse het hulle eie getuienisse vir ons nagelaat en hulle lewens daarvoor gegee. Ons kan vandag dit in die Nuwe Testament lees.

1.1.2.2 Polikarpus (Polycarpus) (69-155n.C.)

Polikarpus was self 'n leerling van die apostel Johannes. Hy was 'n Christen priester en Biskop in Smirna (vandag Izmir in Turkye) gedurende die eerste helfte van die tweede eeu. Hy het 'n besoek en priesterskap ontvang van Ignatius (van Antiochië) kort voor Ignatius se marteling in ongeveer 116 n.C. Nader aan die einde van sy lewe het hy die kerke van Klein-Asië verteenwoordig in vergaderings met Pous Anicetus wat in Rome aan bewind was 155-166 n.C. Een van die onderwerpe van hulle gesprek was die datering van paasfees. Polikarpus is gemartel in Smirna teen die ouderdom van 86. Volgens Irenaeus, wat Polikarpus se leering was, het Polikarpus self met die apostel Johannes gekommunikeer. Polikarpus was 'n dissipel van die apostel Johannes en bekend met die ander dissipels van Christus. Sy persoonlike verhouding met die dissipels van Christus, sy besondere gawe om te preek en sy opregte karakter het 'n posisie van groot outoriteit gegee onder die Kerke van Asië (40, met betrekking tot Polikarpus).

1.1.2.3 Irenaeus (130-200n.C.)

Een van die vroeë Christene Irenaeus wat 130-200 n.C. geleef het, het getuig dat die Evangelies ware getuies is wat nagespoor kan word tot by Jesus deur die lering van die Apostels. Irenaeus se werkstuk, "Die Demonstrasie van die Apostoliese Leering", is in 1904 ontdek. Hy het in die tydperk van die eerste generasie na Jesus geleef en het hierdie persoonlike getuienis vir ons nagelaat. In 'n brief aan die Romein Florinus vertel hy dat hy, as 'n seun, die woorde aangehang het van die bejaarde biskop en priester, Polikarpus. Irenaeus word beskou as die eerste persoon wat die Christelike leer geformuleer het. Hy het dit nie noodwendig gedoen om die Christelike leer te verdedig nie, maar om die valse Gnostiese denkers van sy tyd op die regte koers te probeer plaas. Irenaeus het veral die aandag daarop gevestig dat die Ou Testament 'n profetiese vaslegging is van die koms van die Seun van God, Jesus Christus (14, p1-6). Om by te voeg, hartseer is dit dat mense soos Dan Brown van vandag nie die getuie van 'n persoon soos Irenaeus ter harte neem nie en dus met sy gnosties-vermengde dwaalleer soos die "Da Vinci Code" vorendag kom.

1.1.2.4 Tertullianus (160-220n.C.)

Tertullianus was die eerste belangrike Christen geestelike skrywer in Latyn met ‘n besondere aggressiewe, partysugtige en kundige beredenering. Hy was die seun van ‘n Romeinse hoofman en het gestudeer in die regte. Hy het gepraktiseer in Rome. Ongeveer 190-195 n.C., terwyl hy nog in Rome was, het hy die Christelike geloof aangeneem en het hy ook Griekeland en Klein-Asië besoek. In 197n.C. het hy na Carthago teruggekeer en ‘n priester geword.

In 207 n.C. het hy die leier geword van die Montaniste, ‘n groep wat profesie en selfkastyding voorgehou het. Hulle het geglo dat Christene vervolging moes verwelkom en dus nie daarvan af moes wegvlug nie. Laasgenoemde het hom in stryd gebring met kerkleiers van sy tyd en hulle is toe as ketters verklaar.

Tertullianus was ‘n vurige verdediger van Christendom en het talle teologiese verhandelinge geskryf waarvan 31 oorleef het. In sy werke het hy gestreef om of die Christendom te verdedig, dwaalleer te ontbloot, of om ‘n praktiese punt met betrekking tot moraliteit van Kerk dissipline te beredeneer.

Tertullianus was die eerste skrywer in Latyn wat die Christelike teologiese beginsels geformuleer het, soos die Drie-Eenheid van God. Tertullianus, wat geen model gehad het om te volg nie, het ‘n terminologie begin wat sy oorsprong gehad het uit baie bronne, hoofsaaklik Grieks met ‘n prokureur se woordeskat van Rome. Sy regsgeleerde denke het die teologiese taal van die Weste ‘n wettige karakter gegee wat nooit weer uitgewis is nie.

Die mees bekende werk van Tertullianus is Apologeticus (197n.C.). Dit is ‘n verdediging van Christene teen aanvalle van immoraliteit, ekonomiese minderwaardigheid en politiese onderdrukking (40, met betrekking tot Tertullius).

Waldeck (15, p 73) verwys na die wyse Tertullianus. ‘n Briljante prokureur wat in sy bekende Adversus Praxeam beweer het dat hy, deur middel van die bevestiging van die Drie-eenheid van God, twee fokusareas van die Duiwel se bose werksaamhede geïdentifiseer het. Die Duiwel het profesie uitgedryf en kettery ingebring: “Die Duiwel het die Heilige Gees weggestuur en die Vader gekruisig.”

Om by te voeg, dit is insiggewend om te besef dat die Heilige Gees juis die Een is wat God se Woord aan ons openbaar. Dit is ook die Heilige Gees wat deur Jesus nagelaat is om ons krag te gee in ons geloof. Sien Jesus se woorde in Handelinge 1:8: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”* Tertullianus was baie wys om reeds in ongeveer 200n.C. daarop te wys dat die Duiwel juis die mens van die Heilige Gees sal probeer wegdryf. Ons kan selfs vandag sien hoe die sektes die Heilige Gees ontken of selfs beweer dat ‘n ander persoon Jesus opgevolg het as profeet (byvoorbeeld Mohammed) en, volgens hulle, dit is waarna Jesus verwys het soos getuig in Handelinge 1:8. Buiten die feit dat Jesus die Heilige Gees by Sy Naam duidelik geïdentifiseer het en duisende mense reeds getuig het van die werking van die Heilige Gees in hulle lewens, is die Heilige Gees ook op meer as een geleentheid sigbaar op mense uitgestort. Sien byvoorbeeld Handelinge 2:2-4: *“[2]Skielik het daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.”*

Tertullianus was ook reg deur te verwys na die Duiwel wat dit sou wou hê dat die Vader gekruisig is. Ons sien deurgaans die dwaalleer van ander gode tot selfs antagoniste wat aan geen god glo nie. Die eenheid in die Bybel toon vir ons duidelik dat daar slegs een God is en dat Hy Hom duidelik aan ons geopenbaar het, nog steeds met Sy kinders in noue betrokkenheid is tot vandag toe, en ook tot redding van Sy kinders is en sal wees die ewigheid in. Die Satan wild dus ons persoonlike verhouding met God die Vader prober wegneem deur ons te laat glo dat daar baie gode is (of selfs geen), en nie een God die Vader wat Hom deur Sy Seun Jesus Christus aan ons geopenbaar het nie.

1.2 Jesus Christus die Ewebeeld van die Wese van God

Hebreërs 1:3: *“Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.”*

Kolossense 1:15-20: *“[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in*

Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van Sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

John Blanchard (7, p 188) wys daarop dat niemand so 'n impak op die menslike geskiedenis gehad het soos Jesus van Nasaret nie. Nie een uit al 60 biljoen wat al geleef het nie. Tog was Hy 'n Persoon wat nooit meer as 200 myl van Sy huis af gereis het nie, of 'n boek geskryf het nie.

Paulus het sy brief aan die Efesiërs geskryf aan mense wat self Jesus se optrede en wonderwerke gesien het. Efesiërs 4:20-21: *"[20]Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. [21]Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle Sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is."*

Matteus 11:2-6: *"[2]Johannes het in die tronk gehoor wat Christus alles gedoen het, en het toe deur sy volgelinge 'n boodskap aan Hom gestuur om te vra: [3]'Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?' [4]Jesus antwoord hulle: 'Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: [5]Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die Evangelie verkondig. [6]En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie.'"*

1.3 Die Profesieë oor die Messias

Profesieë in die Ou Testament profeteer in detail met betrekking tot die Messias, Jesus Christus. Om die waarheid te sê, nie net 'n paar nie, maar meer as 300 (driehonderd) profesieë is gemaak deur verskillende profete van verskillende tydperke wat akkuraat, sommige tot meer as duisend-jaar voor die tyd, die Messias voorspel het. Hier word verwys na detail soos geboorteplek, jaar van gebeure, Naam van die Messias, wyse van geboorte, Sy spesifieke optrede, hoe Hy sou voorkom, hoe mense teenoor Hom sou optree, die doel van Sy bediening op aarde, wanneer en hoe Hy doodgemaak sou word, dat Hy uit die dood sou opstaan, dat Hy sou opvaar na die hemel en dat Hy sal terugkeer aarde toe. Laasgenoemde is die enigste profesie wat nog nie in vervulling gekom het nie. Ons het self die keuse om te besluit of ons daarmee wil versoen, of nie.

Strobel wys op die volgende profesieë: Jesaja wys op die maagdelike geboorte van die Messias, Miga wys op die plek van die geboorte (Bethlehem), Genesis en Jeremia het die Messias se voorgeslagte bevestig ('n afstammeling van Abraham, Isak en Jakob, van die stam van Juda en die huis van David), Die Psalms bevat Sy vervolging, Sy beskuldiging deur vals getuienisse, die manier waarop Hy doodgemaak is (deurboor in die hande en voete alhoewel kruisiging op daardie stadium nog nie uitgedink is nie), en Sy opstanding uit die dood voorspel (30, p179).

Christus het aarde toe gekom om die Waarheid van God te bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. Sien Romeine 15:7-9: "*[7]Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. [8]Ek bedoel dit: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. [9]Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: 'Daarom sal ek U loof voor die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing.'*" Laasgenoemde teks verwysing kom van Dawid wat ongeveer 1000 jaar voor Christus hierdie woorde geskryf het, sien Psalm 18:50.

Ongeloof is 'n groot probleem: Hebreërs 3:12-19*: "[12]Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie. [13]Maar solank daar nog 'n 'vandag' is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie. [14]Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het. [15]Daarom word daar gesê: 'Vandag as julle Sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het.' [16]Wie was dit dan wat gehoor het en tog in opstand gekom het? Was dit nie hulle almal wat onder leiding van Moses uit Egipte getrek het nie? [17]En van wie het God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het en wie se dooie liggame in die woestyn agtergebly het nie? [18]Oor wie anders as dié wat ongehoorsaam was, het Hy 'n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie? [19]Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie."*

God het die mens uniek geskape om sodoende, uit vrye keuse, 'n liefdesverhouding met Hom te kan hê. Ons beskik nie, soos diere, oor ingeboude instink om te oorleef nie. 'n Baba se kans op oorlewing is nul en kan nie vergelyk word met die van 'n klein diertjie nie. Tog kan gesien word dat die volwasse mens beskik oor die verstandelike vermoë om te heers oor die diere. Indien God die mens nie so geskep het nie, sou ons soos 'n klomp robotte rondbeweeg het met geen vermoë om 'n ware liefdesverhouding met ons Skepper te hê nie.

‘n Liefdesverhouding is tog dit wat voortspruit uit die wilsbesluit van twee wesens. Indien ons laasgenoemde nie begryp nie, sal ons aanhou worstel met die vrae soos: Waarom laat God lyding toe? God is nie manipuleerbaar nie, Hy gryp wel in, maar dit is uit genade om sodoende die ware soeker se geloof te versterk. God het Homself voldoende aan die mens geopenbaar deur ‘n openlike verhouding met Sy volk te hê, Homself duidelik te identifiseer as die Here (“Ek Is”), Sy openbaring en redding deur middel van profesieë in die Ou Testament outentiek te laat dokumenteer, Dit wat geprofeteer is duidelik in vervulling laat kom en ook Sy Wese duidelik aan ons in die Persoon van Jesus Christus geopenbaar, die bediening en reddings boodskap van Jesus Christus as God en Saligmaker deur outentieke apostels laat dokumenteer wat te midde van duisende mede-ooggetuies die gebeure neergeskryf het, Sy Kerk op aarde gevestig het om die boodskap uit te dra en ook die Heilige Gees sigbaar nagelaat het waarvan duisende mense tot vandag toe nog getuig van die radikale verandering wat die werking van die Heilige Gees in hulle lewens veroorsaak wanneer hulle Jesus Christus as hulle Saligmaker aanneem. In 1 Tessalonisense 5:19-22 getuig die apostel Paulus as volg: *"[19]Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. [20]Moenie profesieë geringskat nie, [21]Maar toets dit alles, behou wat goed is, [22]en bly weg van alles wat sleg is."*

Soos reeds genoem, is daar meer as driehonderd profesieë in die Ou Testament wat die Messias voorspel. Hier volg slegs ‘n paar voorbeelde daarvan:

Profesieë in die Ou Testament	Jesus is die Waarheid
Miga 5:1-2: *"[1]Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede! [2]Hy sal sy mense 'n kort rukkie prysgee, so lank as wat dit 'n vrou neem om 'n kind in die wêreld te bring. Dan sal die uit sy familie wat die ramp oorleef het, terugkom na die Israeliete toe."*	Vervul ongeveer 730 jaar later, sien Matteus 2:1-2: *"[1]Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodus. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom [2]en gevra: 'Waar is Hy wat as Koning van die Jode gebore is? Ons het Sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.'"*
Die Messias is gebore uit die nageslag van Dawid. Isai was Dawid se pa. Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja in Jesaja 11:10: *"In die tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet."*	In Romeine 15:12 bevestig Paulus: *"En Jesaja sê ook: 'Isai sal 'n nakomeling hê, en Hy sal opstaan om die nasies te regeer; op Hom sal die nasies hulle hoop vestig.'"* Nie net dui baie profesieë in die Ou Testament daarop dat die Messias uit die nageslag van Dawid gebore sou word nie, maar ons sien dit ook bevestig in die Nuwe Testament van beide vaderskant en moederskant: Matteus 1:1-17: Vaderskant en Lukas 3:23-38: Moederskant. John MacArthur (33, p1518) wys daarop dat Lukas die Joodse denkwyse gebruik om Maria se geslagsregister aan te dui deur telkens te verwys na die manlike figuur. Josef word byvoorbeeld aangedui as die seun van Heli maar laasgenoemde het geen seuns van sy eie gehad nie, met ander woorde, daar word verwys na die skoonseun. Beide die geslagsregisters wys daarop dat Josef nie die genetiese vader van Jesus was nie, maar die wettige (aardse) vader. Matteus 1:16: *"Jakob was die vader van Josef, die man van Maria (nie vader van Jesus nie) uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word."* en Lukas 3:23: *"Toe Jesus met Sy werk begin het, was Hy omtrent dertig jaar oud. Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef....."*
Jesaja 7:13-14: *"[13]Toe sê Jesaja: 'Luister, geslag van Dawid! Is dit nie vir julle genoeg om mense te vermoei nie, dat julle nou ook my God moet vermoei? [14]Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."* (Geskryf ongeveer 750 jaar voor Christus)	Onthou, die Naam Immanuel beteken: *"God met ons."* Ongeveer 700 jaar nadat hierdie profesie uitgespreek is, getuig die apostel Johannes as volg: Johannes 1:1: *"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."* Johannes 1:14: *"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."* In Johannes 14:21 sê Jesus self as volg: *"Wie My opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."*
Jesaja 35:5-6 *"[5]Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor, [6]lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld"* (Geskryf ongeveer 750 jaar voor Christus)	Jesus het baie wonderwerke kom doen, die grootste daarvan is die feit dat Hy uit die dood opgestaan het. Sy wonderwerke is ook voor baie ooggetuies gedoen en dus nie in isolasie nie. Met ander woorde, indien die outeurs van die Evangelies in die Nuwe Testament gelieg het, sou daar baie mense gewees het wat sou gesê het dat dit nie waar is nie. Dit is egter nie die geval nie! Paulus getuig in 1 Korintiërs 15:3-8 *"[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyfhonderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."* Jesus het ook blindes, dowes en lammes gesond gemaak sodat die Seun van God verheerlik kan word. Met

	ander woorde, sodat ons Sy Naam kan ken en kan weet dat Hy die Messias is wat deur die Ou Testament voorspel is. Johannes 9:3-7: *"[3]En Jesus antwoord: 'Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word. [4]Solank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie. [5]Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.' [6]Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë [7]en sê vir hom: 'Gaan was jou in die Siloambad.' Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien."* Dit is ook wonderlik om te sien dat Jesus die profesieë volmaak volbring het, volgens die Skrifte. Met ander woorde, dit het gebeur in konteks tot die Skrif, dit was nie net 'n enkele insident nie. Jesaja het voorspel dat strome water sal uitbars – Jesus het tydens die Huttefees uitgeroep: Johannes 7:37-38: *"[37]….As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! [38]Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei."* Gedurende Huttefees het hulle water geskep in die poel van Siloam (Die een wat gestuur is – Jesus) en by die altaar gaan uitgestort. Lees gerus ook Johannes 5 om te sien hoe Jesus 'n verlamde man genees het.
Sagaria 9:9*: "Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou Koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en Hy is 'n oorwinnaar, Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie."* (Geskryf ongeveer 450 jaar voor Christus). ("Hy" is met hoofletter geskryf deur die samesteller omdat daar vir my geen twyfel bestaan dat hier van die Messias gepraat word nie.)	Jesus ry Jerusalem binne op 'n donkie: Lukas 19:33-37: *"[33]Terwyl hulle die donkie losmaak, vra sy eienaars vir hulle: 'Waarom maak julle die donkie los?' [34]Hulle antwoord: 'Die Here het hom nodig.' [35]Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim. [36]Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad oopgegooi. [37]Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het."* Let op dat Jesus dieselfde tyd (ongeveer Nisan 9) in Jerusalem ingery het op die donkie as wat die pelgrims in Jerusalem aangekom het om paasfees te vier. Hulle moes dan 'n lam, sonder gebrek, kry en die lam by die Tempel aan die priester gaan wys om goedgekeur te word. Daarna moes hulle die lam voer tot Nisan 14 wanneer die lam geslag is teen laat middag. Jesus het as die volmaakte Lam, sonder gebrek, in Jerusalem aangekom saam met die pelgrims. Hy is gevange geneem en na Herodus en Pilatus geneem wat beide Jesus sonder gebrek verklaar het. Daarna is Jesus op Nisan 14 gekruisig en het Hy gesterf aan die kruis teen laat middag.
Geskryf meer as 1200 jaar voor Christus: Numeri 28:7-9: *"[7]Wanneer julle die eerste lam offer, moet julle 'n liter wyn as drankoffer vir die Here by die heiligdom uitgiet. [8]Julle moet die tweede lam teen die aand offer, met dieselfde hoeveelheid meel, olie en wyn daarby as in die oggend. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. [9]Op die sabbat moet julle twee jaar oud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby."*	Die volmaakte Lam, Jesus Christus, is geslag vir ons sondes soos reeds vanaf meer as 1200 jaar voor Christus herdenk is. Soos die Here 'n lam voorsien het in die plek van Isak (Genesis 22) toe Abraham hom moes offer, so het die Here Sy enigste Seun Jesus Christus, die Lam sonder gebrek, voorsien as versoening van ons sondes. Buiten die lam sonder gebrek wat tydens die offers geoffer is, is daar ook meel met olie gemeng. Meel en olie gemeng, en as 'n vuuroffer aangebied, is niks anders as brood nie. Lukas 22:14-20: *"[14]Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. [15]Hy sê toe vir hulle: 'Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. [16]Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.' [17]Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: 'Neem dit en gee dit vir mekaar aan. [18]Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie.' [19]Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: 'Dit is My liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot My gedagtenis.' [20]Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur My bloed, wat vir julle vergiet word.'"* Onthou dat die woord Betlehem, die dorp waar Jesus gebore is, beteken: "Plek van brood".

Sagaria 11:12-13: *"[12]Ek het vir hulle gesê: 'As julle wil, gee my my loon; as julle nie wil nie, laat staan dit. Hulle het toe my loon afgeweeg, dertig stukke silwer. [13]Die Here het vir my gesê: Gooi dit vir die pottebakker! En dit was nogal die kosbare loon wat hulle gemeen het ek werd is! Maar ek het die dertig stukke gevat en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi."*	Jesus is deur Judas Iskariot verraai vir dertig stukke silwer. Kyk hoe is hierdie profesie vervul ongeveer 450 jaar later: Matteus 26:14-16: *"[14]Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan [15]en gesê: 'Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?' Hulle het kom toe dertig silwermuntstukke betaal. [16]Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verraai."* Nie net is die dertig silwermuntstukke akkuraat voorspel deur Sagaria nie, maar selfs ook die feit dat die muntstukke in die Tempel gegooi is, en dat die geld later by die pottebakker op geëindig het! Matteus 27:3-7: *"[3]Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy spyt gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke teruggebring na die priesterhoofde en familiehoofde toe [4]en vir hulle gesê: 'Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verraai.' Maar hulle antwoord: 'Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak.' [5]Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang. [6]Die priesterhoofde het die geld opgetel en gesê: 'Dit is nie geoorloof om dit in die tempelfonds te stort nie, want dit is bloedgeld.' [7]Hulle besluit toe om daarmee die grond van die pottebakker te koop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge."*
Daniël 9:24-26: *"[24]Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. In die tyd sal daar aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word en sal daar versoening gedoen word vir die oortredinge. Dit is die tyd waarin 'n blywende geregtigheid tot stand gebring sal word, waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom en die tempel heringewy sal word. [25]Jy moet nou goed verstaan, vandat die opdrag gegee is dat Jerusalem herstel en herbou moet word, totdat 'n regeerder kom wat deur God uitverkies is, sal sewe tydperke wees. Twee en sestig tydperke lank sal Jerusalem opgebou bly, met strate en verdegigingslote, maar dit sal moeilike tye wees. [26]Aan die einde van die twee en sestig tydperke sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word. Die stad en die heiligdom sal verwoes word deur die volk van 'n ander regeerder wat op die toneel sal verskyn. Die einde sal kom soos 'n oorstroming; daar sal oorlog wees tot die einde toe, rampe soos besluit is."*	Hierdie profesie deur Daniël is gedoen ongeveer 600 jaar voor Christus. Ons lees in Esra 6 dat koning Darius opdrag gegee het dat die herbou van die Tempel moet voortgaan. Hierdie gebeure het 450 jaar voor Christus plaasgevind. Die profesie sê dat die Tempel, en Jerusalem, vir 7 X 62 tydperke opgebou sal bly waarna 'n Regeerder onskuldig doodgemaak sal word. 7 X 62 = 483 483-450 = 33 Jesus Christus is tydens 33 na Christus gekruisig! Die stad Jerusalem en die Tempel is dan ook gedurende 70 n.C. verwoes.
Jesaja 53:1-12: *"[1]Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? [2]Die dienaar was soos 'n loot wat*	Ongeveer 700 jaar na die profesie is Christus gekruisig. Hy het nie gekla terwyl Hy mishandel is nie. Markus 14:60-64: *"[60]Toe het die hoëpriester in die Raad opgestaan en Jesus begin ondervra: 'Verweer jy jou glad nie?' het hy gesê. 'Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?' [61]Maar Jesus het niks gesê nie en*

voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. [3]Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. [4]Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. [5]Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. [6]Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom op hom laat afkom. [7]Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. [8]Terwyl hy gelei het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk. [9]Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. [10]Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. [11]Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra. [12]Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is,	*Hom glad nie verweer nie. Die hoëpriester het Hom vêrder ondervra. 'Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?' het hy Hom gevra. [62]'Ek is,' het Jesus geantwoord, 'en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.' [63]Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: 'Waarvoor het ons nog getuies nodig? [64]Julle het die godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle?' Hulle het Hom eenparig veroordeel: 'Hy verdien die dood!'"* Die profesie deur Kajafas oor Jesus: Johannes 11:49-51: *"[49]Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: 'Julle verstaan niks, [50]en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie. [51]Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe.'"* Matteus bevestig dat hy oor Jesus getuig: Matteus 8:17: *"So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: ' Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.'"* Selfs die plek waar Jesus gekruisig is, is deur die gebruike van die ou verbond bevestig en voorspel. Sien Hebreërs 13:11-12 : *[11]Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame word buitekant die laer verbrand. [12]Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reining."*

omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het."	
Ongeveer 1000 jaar voor Christus skryf Dawid soos volg: Psalm 22:2: *"My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?"* Psalm 22:19: *"Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel."* Lees gerus die hele Psalm 22	Kyk na Jesus se woorde toe Hy aan die kruis gehang het: Markus 15:33-34: *"[33]Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur. [34]Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eloï, Eloï, lemá sabagtani?' Dit beteken: My God, my God, waarom het U my verlaat?"* Sien ook wat Jesus om Hom sien gebeur het vanaf die kruis. Hierdie woorde is geskryf deur die apostel Johannes wat by Jesus, by die kruis, bly staan het, saam met Maria. Hy getuig dus van wat hy self gesien het: Johannes 19:23-24: *"[23]Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle Sy boklere gevat en in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook Sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. [24]Hulle sê toe vir mekaar: 'Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry."*
Ongeveer 1250 voor Christus is paasfees ingestel. Die opdrag van die Here aan Moses en Aäron, met betrekking tot die paaslam, was as volg: Eksodus 12:46: *"Dit moet geëet word in die huis waarvoor dit bedoel is. Van die vleis mag niks buitentoe geneem word nie. Geen been van die paaslam mag gebreek word nie."* (Sien ook Numeri 9:12)	Johannes 19:32-37: *"[32]Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. [33]Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie Sy bene gebreek nie. [34]Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom. [35]Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo. [36]Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: 'Geen been van Hom sal gebreek word nie.' [37]En verder sê die Skrif op 'n ander plek: 'Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.'"*
Hosea 6:2 (722vC): "*Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in Sy teenwoordigheid kan leef."*	Meer as 700 jaar later het Jesus self geprofeteer dat dit wat die profete oor Hom geskryf het vervul sal word: Lukas 18:31-33: *"[31]Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: 'Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word. [32]Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg, [33]Hom gésel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan.'"* Lees gerus die stuk oor die "Fees van Eerste Vrugte" in Hoofstuk 5 om te sien dat Jesus juis gedurende hierdie fees uit die dood opgestaan het, drie dae nadat Hy gekruisig is. Sien byvoorbeeld die Tabernakel van die Here (Hoofstuk 6) waar die brons bak daar was waar Aäron en sy seuns hulle moes was. Dit is 'n verwysing na die bloed van Christus wat ons van ons sondes was, reeds honderde jare voordat Jesus op aarde was. Eksodus 30:17-21
Ongeveer 760 jaar voor Christus profeteer Amos dat die Enigste Seun sal sterf en dat daar duisternis sal wees wanneer Hy sterf. Amos 8:9-10*: "[9]Daardie dag sê die Here my God, laat Ek die son helder oordag ondergaan, maak Ek dit donker op aarde terwyl dit nog ligdag is; [10]Ek verander julle feeste in treurgeleenthede, julle liedere in klaagsange; Ek trek vir julle rouklere aan en skeer al julle koppe kaal.; Ek laat dit word soos wanneer 'n mens oor 'n enigste kind*	Jesus was die Here se Enigste Seun op aarde en tydens Sy lyding aan die kruis het daar vir drie ure duisternis oor die aarde gekom: Markus 15:33-34: *"[33]Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur. [34]Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eloï, Eloï, lemá sabagtani?' Dit beteken: My God, my God, waarom het U my verlaat?"* Ons kan selfs vandag nog lees hoe sekulêre skrywers spekuleer oor wat hierdie duisternis veroorsaak het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Thallus soos in die vorige paragrawe verduidelik.

treur, julle uiteinde sal vir julle 'n bitter dag wees."	
Profesieë in die Ou Testament	**Jesus is die Waarheid**
Joël 2:28-29: *"[28]Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle ou mense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien. [29]In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie."*	Petrus self getuig in 2 Petrus 1:16-21: *"[16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en Sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. [20]Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."* Indien mens verder lees in Joël 2, kan gesien word dat die Here ook na die eindtyd verwys het. Ons kan die Here verheerlik deur te besef dat Sy Gees steeds vandag aktief betrokke is by ons en die Waarheid aan ons sal bekendmaak in ons soeke daarna. Sy Gees sal ons ook laat optree as oorwinnaars wanneer die einde van die wêreld aanbreek!

1.4 Meer oor die Profesieë

Wanneer ons kyk na al hierdie profesieë in die Ou Testament en daardeur geen twyfel kry dat Jesus wel die Messias is nie, verstaan ons waarom daar reeds in Deuteronomium die volgende belangrike opdrag gegee is:

Deuteronomium 4:9-10: *"[9]Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp. [10]Julle moet hulle van dié dag laat leer toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God, van dié dag toe Hy vir my gesê het: 'Maak die volk vir My bymekaar dat Ek hulle my gebooie wat hulle moet ken, kan meedeel sodat hulle My kan dien so lank hulle in hierdie land lewe en sodat hulle my gebooie vir hulle kinders kan leer.'"*

1.4.1 Het Jesus Sy lewe so gelewe om die profesieë te vervul?

Sommige ongelowige skeptici beweer dat Jesus Sy lewe so gelewe het om die profesieë te vervul. Hier volg 'n paar voorbeelde van profesieë wat onmoontlik was vir Jesus, en Sy dissipels, om vooraf te beplan en na te boots indien hulle vals was:

- Die dertig stukke silwer wat die Sanhedrin vir Judas aangebied het om Jesus te verraai. Sagaria 11:12: *" Ek het vir hulle gesê: 'as julle wil, gee my my loon; as julle nie wil nie, laat staan dit.' Hulle het toe my loon afgeweeg, dertig stukke silwer."* (Ongeveer 450 jaar voor Christus)
- Die geboorte in Bethlehem: Miga 5:1-2
- Die tydperk wat Hy gekruisig sou word: Daniël 9:22-26
- Dat Sy bene nie gebreek sou word nie. Dit is onmoontlik dat die soldate Jesus sou doodmaak deur te weet dat dit deel van 'n leuen sou wees om na die tyd nie Sy bene te breek nie.
- Wie sou die natuurverskynsels, soos duisternis (Amos 8:9-10), wat werklik gebeur het, laat plaasvind het indien dit net mense was wat betrokke was?

Daar is ook talle ander parallelle en prototipes in die Bybel wat die Messias profeteer. Voorbeelde, wat in ander Hoofstukke behandel word, is as volg:

- Die hele tabernakel wat wys na Jesus.
- Die Naam van die Here
- Die ou en Nuwe Verbond
- Die verbond naam: Israel
- Die vertroue op die Here se beloftes: Jesaja 8:17: "*Ek vertrou op die Here wat Hom vir die nageslag van Jakob verberg, op Hom hoop ek."* Sien ook Hebreërs 2:13a: "*Ook sê Hy: 'Ek sal altyd op Hom vertrou.'"* (24, p965)
- Die priesterorde van Melgisedek
- Prototipes soos Moses en Josua
- Die Messiaanse realiteit, en profetiese realiteit, in die feeste van die Here
- Die Tempeldiens
- Die Eenheid in die Bybel (sien Bybelstudies: www.matthew28.co.za)
- Die nageslag van Dawid

Sien nog profesieë oor Christus: Genesis 3:15; Psalm 2:7-9, 16:9-11, 22: 14-25, 30:2-9, 40: 1-3, 110:1, 118: 21-24; Hosea 5:15 – 6:3; Sagaria 12: 10 en Jona wat na drie dae deur die vis uitgespoeg is (12, p18)

1.5 Het Jesus God se eienskappe getoon?

1.5.1 In Wese God

Wat kon 'n mens motiveer om, sonder weerstand, homself oor te gee aan uiterste vernedering en marteling? 'n Gewone mens sou dit beslis nie kon doen nie. Jesus het geweet wat op Hom wag, en Hy het besef dat dit die enigste manier was om die mens te verlos. Sy hele missie op die aarde was om as 'n plaasvervanger te betaal (volgens die profesieë sodat ons kan glo) met die dood wat almal van ons verdien as gevolg van die mens se opstand teen God. Jesus se optrede was 'n toonbeeld van Goddelike liefde.

Strobel wys daarop dat 'n mens God se eienskappe op verskeie plekke in die Ou Testament kan sien. Daar word byvoorbeeld beskryf dat God is alomteenwoordig, beskik oor kennis oor alles, weet van alles waarvan geweet kan word regdeur tot in die ewigheid, beskik oor krag bo alles, is bo tyd en bo die bron van alle tyd, nie veranderlik in Sy eienskappe nie. Hy sê ook dat God is 'n God vol liefde, Hy is heilig, opreg, wys en regverdig. Strobel tree in gesprek met Dr Donald Carson om te ontdek of Jesus oor hierdie Goddelike eienskappe beskik. Die volgende word as bevestigend bespreek (30, p156-170):

- Jesus het uit die dood uit opgestaan
- Jesus het mense se sondes vergewe. Dit is vir ons aanvaarbaar indien die een persoon 'n ander persoon vergewe oor onreg wat aangedoen is, maar indien 'n derde persoon kom en sê dat hy die persoon vergewe, is dit 'n ander saak. Die enigste Persoon wat sondes kan vergewe is God self. Sonde, selfs al is dit teen 'n ander persoon, is 'n oortreding van God se wet.
- Jesus het nie slegs ander mense se sondes vergewe nie, maar Hy Self was sonder sonde.
- In die gesprek oor die Goddelike eienskappe soos alomteenwoordigheid word na Filippense 2:5-8 verwys: *"[5]Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: [6]Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op God gelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, [7]maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, [8]het Hy Homself vêrder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis."* Jesus as God moes Homself leeg maak van Sy Goddelike eienskappe om sodoende die gestalte van 'n mense te kon aanneem. Hy het in gehoorsaamheid Goddelike dade verrig wanneer Hy opdragte van die Vader ontvang het om dit te doen. In Matteus 28:20 sê Jesus: *"...En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."* en in Matteus 18:20 sê Jesus: *"want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."*
- Alleswetende: In Johannes 16:30 bevestig die apostel Johannes: 16:29-30: *"[29]Sy dissipels sê toe: 'Kyk, nou praat U reguit en gebruik nie beeldspraak nie. [30]Nou weet ons dat U alles weet, en niemand hoef U vêrder uit te vra nie. Ons glo nou dat U van God gekom het.'"*
- Mag oor alles: Jesus bevestig in Matteus 28:18: *"Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde.'"*
- Ewigheid: Johannes verklaar van Jesus in Johannes 1:1-2: *"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God."*
- Onveranderlikheid: Paulus bevestig in Hebreërs 13:8: *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."*

Strobel gaan voort deur daarop te wys dat God in die Ou Testament deurgaans beskryf word as Alfa en Omega, Here, Redder, Koning, Regter, Lig, Rots, Verlosser, Herder, Skepper, die gewer van lewe, die vergewer van sonde en spreker met Goddelike outoriteit.

Dit is belangrik om daarop te let dat elkeen op Jesus van toepassing is in die Nuwe Testament. Dit word op Jesus aangewend. Jesus bevestig dit in Johannes 14:7-9*: "[7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom. [8]Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' [9]En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'?'"*

Sien Hebreërs 1:1-2: *"In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak."*

1.5.2 Bose geeste se reaksie

Die bose gees in Kapernaum wat Jesus erken het en gesê het " *U is die Heilige van God* "!. Dit wys hoe eg Jesus was en is vir ons vandag. Markus 1:23-24

Selfs onrein geeste herken Jesus en verklaar dat Hy die Seun van God is.

Markus 3:11: *"As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: 'U is die Seun van God!'"*

Onrein gees herken Jesus in Markus 5:6-9: *"[6]Hy het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval [7]en hard geskreeu: 'Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam, moet my nie pynig nie!' [8]want Jesus het vir hom gesê: 'Onrein gees, gaan uit die man uit!' [9]Hy het hom toe gevra: 'Wat is jou naam?' 'My naam is Legio,' antwoord hy Hom, 'want ons is baie.'"*

Die besetene by die grafte. Die geeste “legio” is toe in die varke in. Let op dat Jesus gesê het dat Hy dit gedoen het omdat Hy die man jammer gekry het!

Bose geeste herken Jesus as die Seun van God.

Lukas 4:33-34: *“[33]In die sinagoge was daar 'n man wat in die mag was van 'n bose onrein gees, en hy het hard geskreeu: [34]'Ha! Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet wie U is: U is die Heilige van God!'”*

Lukas 4: 40-41: *“[40]Met sononder het almal hulle siekes, wat aan allerhande kwale gely het, na Hom toe gebring. Hy het hulle een vir een die hande opgelê en hulle gesond gemaak. [41]Ook onrein geeste het uit baie uitgegaan terwyl hulle skreeu: ‘U is die Seun van God!’ En Jesus het hulle skerp aangespreek en hulle nie toegelaat om sulke dinge te sê nie, omdat hulle geweet het dat Hy die Christus is.”*

1.5.3 Jesus se optrede

Jesus het nie aanmekaar loop en vertel dat Hy die Seun van God is nie. Hy was aan die begin van Sy bediening, tot ‘n sekere mate, geheimsinnig oor Sy herkoms. Hoekom is dit so? Dit sou as godslastering beskou word, wat dan ook aan die einde van Jesus se bediening die geval was. Indien Jesus dit in die vroeë tye van Sy bediening gedoen het, sou dit Sy pogings om mense na Sy prediking te laat luister, in die wiele gery het (30, p133).

Watter tipe Persoon dink dat Hy oor die outoriteit beskik om die God geïnspireerde Joodse geskrifte onderhewig aan Sy eie lering te stel? (30, p135)

Let op die impak wat Jesus se werke gehad het in Markus 6:14-16: *“[14]Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geraak. Party mense het gesê: ‘Johannes die Doper is uit die dood opgewek. Daarom werk die kragte in hom.’ [15]En party het gesê: ‘Dit is Elia.’ Ander het gesê: ‘Hy is 'n profeet soos een van die ou profete.’ [16]Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: ‘Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die dood opgewek.’”*

Alleenlik kan God sondes vergewe. Jesus sê vir die verlamde man in Markus 2:5: *“Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: ‘Vriend, jou sondes word vergewe!’”* (22, p344)

God het die Tien Gebooie vir Moses gegee, maar Jesus sê as volg in Johannes 13:34: *“’Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.’”*

Let op Jesus se aktiewe stap wat Hy weereens geneem het om Sy goddelikheid te bewys deur middel van Lasarus se opwekking uit die dood. Al hierdie wonderwerke is gedoen te midde van baie ooggetuies. Johannes 11:11: *“Hierna het Hy vir hulle gesê: ‘Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.’”*

Let op Jesus se liefde vir die mense. Hy het skaars gehoor van Johannes die Doper se onregverdige dood, het toe probeer alleen wees, maar is gevolg deur baie mense en Hy het steeds vir hulle gesorg met die vermeerdering van die brode. Matteus 14:13-21

Jesus se woorde wys dat Hy die Seun van God is. *“ Hoe lank moet ek julle nog verdra ”.* Markus 9:19

Jesus se liefde vir ons is merkwaardig waar Hy na Sy kruisiging aan Maria Magdalena gesê het dat Hy op vaar na Sy Vader toe, wat ook ons Vader is, en na Sy God toe wat ook ons God is. Slegs die ware Saligmaker kan sulke liefde openbaar:

Johannes 20:17: *“Jesus sê toe vir haar: ‘Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.’ ’ ”*

1.5.4 Mense se reaksie

‘n Mens ken jou eie familie baie goed. Jy sal weet indien jou eie broer besig is met ‘n klug. Jakobus, Jesus se eie aardse broer het in Jesus geglo! Jakobus het die vader van die Kerk geword. Dit is wonderlik om Jesus se eie aardse broer (halfbroer), Jakobus, te hoor sê dat hy ‘n dienaar van God en die Here Jesus Christus is. Hy was self die halfbroer van Jesus en sou dus weet indien daar valsheid in Jesus was!

Jakobus 1:1: *“Van Jakobus, 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus. Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is. Groete!”*

Let op Paulus, waaraan die Here self verskyn het in ‘n skerp lig, getuig dat Jesus die Here is. Filippense 2:9-11: *“[9]Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, [10]sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, [11]en elke tong sou erken: ‘Jesus Christus is Here!’ tot eer van God die Vader.”*

Hierdie selfde Paulus skryf dan ook, vanuit die tronk, *“ En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. ”* Filippense 4:7. ‘n Man wat hierdie woorde uit die gevangenis uit skryf, moet van persoonlike ondervinding praat.

Volgens Ravi Zacharias (16, p48) sou Maria nie net haar eie lewe nie, maar ook die van Jesus in gevaar gestel het indien sy self op die maagdelike geboorte van Jesus aanspraak gemaak het. Indien sy verskoning gesoek het vir ‘n onbehoorlike gebeurtenis, sou sy iets gesoek het wat bewys kon word of ten minste logies is in menslike konteks.

Ravi Zacharias (16, p16) wys daarop dat Jesus se lewe die meeste bestudeer is en word op aarde. Hy gaan vêrder deur te sê dat dit insiggewend is dat selfs skeptici Sy ongeëwenaarde lewe en invloed erken. Zacharias was in Indië gebore en het in die Oosterse wêreld grootgeword. Hy is vandag die president van Ravi Zacharias International Ministries en het al in meer as 50 lande mense toegespreek en by verskeie van die wêreld se bekendste universiteite lesings gegee (www.rzim.org).

Jesus se dade was inderdaad waar en eg. Die mense het dit gesien en besef. Let op hoe het die mense by die huis in Kapernaum saamgedrom sodat die verlamde man deur die dak gesak moes word. Markus 2:4-5: *“[4]Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak. [5]Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: ‘Vriend, jou sondes word vergewe!’”*

Ravi Zacharias (16, p48-49) wys daarop dat Johannes die Doper se ouers, die priester Sagaria en sy vrou Elizabeth, hulle eie kind verloor het deur middel van Herodus se swaard. Tog het hulle nie Jesus teëgegaan nie.

Toe Jesus vir Sy dissipels vra wie Hy is in Matteus 16:15-17: *“[15]’Maar julle,’ het Hy gevra, ‘wie sê julle, is Ek?’ [16]Simon Petrus het geantwoord: ‘U is die Christus, die Seun van die lewende God.’ [17]’Gelukkig is jy, Simon Barjona,’ het Jesus vir hom gesê, ‘want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is.’”* Let op dat Jesus Petrus se siening bevestig het.

Tomas se woorde aan Jesus : Johannes 20:28:*"En Tomas sê vir Hom : ‘My Here en my God !’"*

Maria, Jesus se aardse moeder, se volmaakte vertroue in Jesus toe sy vir die kelners by die bruilof in Kana sê: *"Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen."* Wat het haar hierdie volmaakte vertroue gegee? Dit is ‘n duidelike optrede van gevestigde realiteit.

Jesus se Goddelike wysheid, Johannes 7:14-15: *"[14]Toe die feestyd al halfpad verby was, het Jesus na die tempel toe gegaan en die mense daar geleer. [15]Die Jode was verbaas en het gesê: ‘Waar kom hy aan die geleerdheid? Hy het dan geen opleiding gehad nie!"*

Strobel gesels met Dr Ben Witherington en vra die vraag: Waarom is daar geen ander eerste-eeu Jood wat nie miljoene volgelinge het vandag nie? Waarom is daar nie ‘n Johannes die Doper beweging nie? Waarom, van alle eerste-eeuse mense, insluitend die Romeinse ryk, word Jesus steeds vandag aanbid terwyl andere weggekrummel het in die stof van die geskiedenis? Dit is omdat hierdie Jesus, die historiese Jesus, is ook die lewende Here. Dit is omdat Hy steeds teenwoordig is terwyl ander lankal verdwyn het (30, p141).

Simon Petrus wat dien-ooreenkomstig optree toe hy besef hy is in die teenwoordigheid van God. In Johannes 21 word vertel waar Jesus aan Sy dissipels verskyn het, na Sy opstanding uit die dood, toe die dissipels besig was om vis te vang. Johannes 21:7: *“Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, sê toe vir Petrus: ‘Dit is die Here!’ Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek-want sy bolyf was kaal-en in die water gespring.”*

Die kerk historikus, Jaroslav Pelikan, wys daarop dat die oudste Christelike geloofsbelydenis, die oudste rekord van ‘n Christelike martelaar, die oudste wêreldse verslag van die kerk en die oudste liturgiese gebed verwys alles na Jesus as Here en God.

1 Korintiërs 16:22-23: *“[22]As iemand die Here nie liefhet nie – vervloek is hy! Marana ta – kom, Here! [23]Die genade van die Here Jesus sal by julle wees!”*

Pelikan gaan voort deur te sê dat dit duidelik daarop wys dat die kerk geglo en verkondig het dat “God” ‘n paslike naam is vir Jesus Christus (30, p139).

Die vroegste Christelike geloofsbelydenis, 1 Korintiërs 15:3-8, waar Paulus bevestig het dat hy die opgestane Jesus self gesien het en ook getuig van al die ander getuienisse wat die opgestane Jesus gesien het, dateer uit die tydperk van die ooggetuienisse self. Hierdie verwys

na eerste-handse getuienis. Paulus gaan ook voort in 1 Korintiërs 15:11 deur te bevestig dat hy en die ander apostels saamstem oor hulle getuienisse. Daar was dus eensgesindheid onder die getuienisse self oor waaroor hulle getuig het. *"In elk geval, of dit ek is of hulle – dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het."* (30, p230-231)

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat hierdie Paulus oorspronklik Saulus was wat 'n fariseër was en die Christene vervolg en selfs gedood het. Waarom sou so 'n man omkeer en nie slegs afstand doen van sy motiewe nie maar selfs by die Christene aansluit? Deur sy eie pen verklaar hy dat hy die opgestane Here gesien het en het self gehoor dat Christus hom aangestel het om een van Sy volgelinge te wees. In 2 Korintiërs bevestig Paulus ook in sy brief aan die gemeente in Korinte dat hy wonderwerke in die Naam van Jesus verrig het toe hy by hulle was. Hy sou sekerlik nie so iets aan ooggetuienisse skryf indien dit nie waar was nie: 2 Korintiërs 2:12: *"Die dinge wat 'n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade."* (30, p248-249).

In gesprek met Dr William Lane Craig, wys Strobel daarop dat die ryk man, Josef van Arimatea (sien Matteus 27:57), wat vir Jesus begrawe het ook lid was van die Sanhedrin. Dit is die Sanhedrin wat vir Jesus veroordeel het om gekruisig te word. Josef van Arimatea was egter 'n volgeling van Jesus. Iemand wat onder die indruk is dat hierdie historiese gebeurtenis slegs 'n strokiesverhaal is, kan onder andere die volgende in gedagte hou:

- Indien mense 'n storie uitgedink het sou hulle beslis nie 'n welbekende persoon uitgekies het wat deel was van die Sanhedrin om 'n rol te vul in die sogenaamde storie nie. Hulle sou eerder enige ander naam gekies het wat niemand kon mee bevestig nie (30, p209-210). Hierdie deel, soos die res van die Bybel, wys op ware gebeure en ware getuienisse wat feite vasgevang het onder leiding van die Heilige Gees.
- Die feitelike weergawe van die eerbare begrafnis van Jesus is een van die meeste en beste bevestigde feite wat ons vandag het van die historiese Jesus (30, p210).

Die Evangelies vertel dat Jesus se Eie familie, insluitend Jakobus, Jesus se eie broer, het nie in Jesus geglo nie. Hulle het Hom gesien as 'n vernedering en het Jesus soms selfs gekonfronteer oor wat Hy meegedeel het oor wie Hy is. Sien Matteus 12:47, Markus 3:31-34, Lukas 8:19-21 en veral ook Jesus se eie woorde in Nasaret: Matteus 13:57: *"Hulle wou niks van Hom weet nie. Jesus sê toe vir hulle: "'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring'."* (Sien ook Markus 6:4 en Lukas 4:16-30) In antieke Joodse tyd was dit baie vernederend sou 'n Rabbi se familie hom nie aanvaar nie. Die Evangelieskrywers sou dit sekerlik nie ingesluit het indien hulle besig was om 'n storie op te maak nie. Wat dan ook baie insiggewend is, is die feit dat Jakobus self later die leier van die kerk in Jerusalem geword het en is ook deur steniging gedood as gevolg van sy geloof in sy broer, Jesus. Die wyse waardeur en rede waarom Jakobus gedood is, is ook deur 'n nie-Christen en outentieke, sekulêre, historikus van daardie tyd, naamlik Josephus, bevestig. Die enigste verklaring vir Jakobus se bekering is dat Jesus aan Jakobus verskyn het na Sy kruisiging soos Paulus dit ook bevestig in 1 Korintiërs 15:4-8: *"[4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."* (30, p248 teks verwysings bygewerk)

Die Joodse gemeenskap en volk het bly bestaan deur al hulle moeilike tye. Teen die tyd wat Jesus op die aarde was, is hulle reeds vervolg vir 700 jaar. Eers deur die Babiloniërs, Assiriërs, Perse en toe deur die Grieke en die Romeine. Baie van die Jode is oor die aarde versprei, maar steeds sien ons vandag die Jode. Dit kan nie gesê word van die Hetiete, Ammoniete, Assiriane, Perse, Babiloniërs en ander mense wat ook daardie tyd geleef het nie. Hoekom nie? Want die dinge wat die Jode Jode maak, hulle sosiale strukture wat hulle 'n nasionale identiteit gegee het, was baie belangrik vir hulle. Die Jode het hierdie gebruike aan hulle kinders oorgedra, hulle het dit in die sinagoges gevier elke Sabbat en het dit met hulle gebruike versterk. Dit is so belangrik vir hulle gewees omdat hulle geglo het dat hierdie instellings aan hulle gegee is deur God. Hulle het geglo dat sou hulle afstand doen van hierdie gebruike, hulle hulle siele onder risiko sou plaas en na die dood verdoem sal wees na die hel. Jesus het toe op die toneel verskyn uit 'n laer-klas streek, Hy het mense geleer vir drie jaar, het 'n gevolg van laer- en middelklas mense veroorsaak, het in die moeilikheid geraak met die owerhede, is gekruisig soos dertig-duisend ander Joodse mans daardie tyd gedood is. Vyf-weke na Jesus se kruisiging het daar meer as tien-duisend Jode Hom begin volg en het hulle beweer dat Jesus die Oorsprong is van 'n nuwe geloof. Wat belangrik is om te besef, is dat hulle bereid was om al vyf instellings wat hulle deur die eeue aangehang het, van afstand te doen. Hier word verwys na:

- Abraham en Moses se sondeoffers deur middel van diere
- Die wet van Moses
- Die Sabbat op elke Saterdag is verskuif na Sondag, die eerste dag

- Monoteïsme na Drie-Eenheid – steeds een God maar vanuit openbarings perspektief
- Die geloof dat die Messias 'n politiese leier sou wees wat die Romeinse weermag sou verwoes, is vervang deur die Messias wat ewige redding bring vir die mens.

Dit is duidelik dat iets baie groots aan die gang was. Hoekom sou hulle so drasties afstand doen van hierdie siels-belangrike instellings wat hulle juis so oor die jare bymekaar gehou het? Dit het ook veroorsaak dat baie van hulle vervolg en selfs gedood is. En dit was ook nie net een Jood nie, maar in 'n baie kort verloop van tyd 'n hele gemeenskap van Jode, ten minste tien-duisend, was bereid om hulle gebruike op te gee.

Die enigste verduideliking is dat hulle Jesus gesien het wat opstaan het uit die dood. Hulle het wonderwerke gesien wat hulle nie kon verduidelik nie en dit het hulle geforseer om dinge in 'n ander lig te sien (30, p250-252). Om by te voeg, dit is ook duidelik dat dit wat hulle beleef het, in lyn was met wat die Skrif vir hulle vertel het. Die Ou Testament is 'n Messiaanse profesie met meer as 330 profesieë wat reeds tot vervulling gekom het met betrekking tot Jesus. Die Christen kan vandag met opgewondenheid uitsien na die wederkoms van die Skepper, die Lam van God.

In Numeri 6:25 het die Here alreeds deur Moses die belofte gemaak *"Die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees."* Hy was alreeds hier om die Skrif te vervul en sal terugkeer om dit te vervolmaak – Hy gaan by ons kom tabernakel. Die Apostel Simon Petrus, te midde van baie ander ooggetuies en betrokkenes, bevestig ook die rede vir die ommekeer na Christendom wat gemaak is soos volg in 2 Petrus 1:16-20*: "[16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al Sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug'. [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in Sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte."*

Die impak van Jesus se versoeningsdood kan gesien word in die feit dat die eerste volgelinge van Jesus Nagmaal begin vier het. Hulle het saamgekom op 'n gereelde basis om 'n maaltyd te vier vir net een rede: om te onthou dat Jesus in die openbaar geslag is op 'n skokkende en vernederende wyse. Dink hieroor met 'n moderne verwysingsraamwerk. Sou 'n groep mense baie lief wees vir John F. Kennedy, kon hulle bymekaarkom om sy konfrontasie met Rusland, sy bevordering van siviele regte en sy charismatiese persoonlikheid te herdenk. Hulle sou beslis nie die feit dat Lee Harvey Oswald hom vermoor het herdenk nie. Laasgenoemde stem tog ooreen met wat die vroeë Christene gedoen het. Die verduideliking hiervoor is dat hulle besef het dat Jesus se kruisdood 'n noodsaaklikheid was vir 'n baie groter oorwinning. Sy moord was nie die laaste woord nie – die laaste woord was die feit dat Hy die dood oorwin het vir almal van ons deur op te staan uit die dood. Hulle het Jesus se kruisdood gevier omdat hulle oortuig was dat hulle Hom lewendig gesien het na Sy kruisdood.

In Johannes 21:18-19 staan daar*: "[18]'Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasgemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.' [19]Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik."*

In 2 Petrus 1:14-15 getuig Petrus self oor sy geloof in Jesus se profesie: *"[14]Ek weet dat my dood nie meer vêr is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. [15]Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook na my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou."*

1.5.5 Die Messias geïdentifiseer.

Behalwe die feit dat die Here vir Jesus op aarde vir ons gestuur het, en dat daar vier Evangelieskrywers, of te wel ooggetuies was, het die Here gesorg dat Johannes die Doper vir Jesus identifiseer. Johannes sê self so en is 'n vêrdere bewys dat Jesus die Messias is. Jesus was nie net een persoon wat Homself verhef het nie en ook 'n klomp volgelinge geskep het nie, maar Hy is deur die hele Bybel deur persone soos Johannes die Doper voorafgegaan. Johannes 3:28: *"Julle is self my getuies dat ek gesê het: 'Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.'"*

Let op die soldaat wat getuig het dat Jesus werklik die Seun van God is. Die soldaat was in bevel van die soldate daar en het die hele gebeure gesien. Hy is dus vir ons 'n betroubare en goeie getuie van wat gebeur het ! Markus 15:39: *"Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.'"*

Mense het getuig dat Jesus die Verlosser is alreeds toe Jesus nog ‘n baba was. Die skaapwagter Simeon en Anna wat gedien het in die tempel het ook oor die Kind getuig.

Lukas 2:25-38: *“25Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon 26en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie. 27Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruiklike bepaling van die wet na te kom, 28het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê: 29“Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord, 30omdat my oë u verlossing gesien het 31wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke: 32'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel.” 33Sy vader en moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is. 34Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: ‘Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word. 35So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.’ 36Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood 37het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid. 38Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.”*

Geen mens het aan bostaande Simeon en Anna vertel wie hierdie Baba was nie!

Jesus se woorde mag verwarrend voorkom in Matteus 16:28 waar Hy sê dat sekere dissipels die Seun van die mens in sy koninkryk sal sien kom. Dit kan egter op verskeie plekke verklaar word. Een is in die volgende vers Matteus 17:1-8 waar Jesus saam met Moses en Elia gesien word, of met die uitstorting van die Heilige Gees tydens pinkster, of met die ontstaan van die Christelike kerk. (Bybel in praktyk)

1.5.6 Jesus aanvaar aanbidding

Jesus het gebed aanbeveel in Sy Naam soos in Johannes 14:13-14: *“13’Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. 14As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.’”* Sien ook Johannes 15:7*: “’As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.’”* (22, p344-345)

Ten spyte van die feit dat beide die Ou Testament en die Nuwe Testament aanbidding aan iemand anders as God verbied (Eksodus 20:1-4; Deuteronomium 5:6-9; Handelinge 14:15; Openbaring 22:8-9), het Jesus aanbidding aanvaar. Sien byvoorbeeld die volgende (22, p345):

- Die melaatse man (Matteus 8:2)
- Die Joodse raadslid van wie Jesus se dogtertjie opgewek het (Matteus 9:18)
- Die dissipels na die storm (Matteus 14:32-33)
- Die Kanaänitiese vrou (Matteus 15:25)
- Die moeder van Jakobus en Johannes (Matteus 20:20)
- Die onrein gees in Gerasa (Markus 5:6)
- Die geneesde blinde man (Johannes 9:38)
- Al die dissipels (Matteus 28:17)
- Tomas (Johannes 20:28)

1.5.7 Jesus verklaar Self wie Hy is

Die hele Bybel verwys na Jesus, sien Johannes 5:39: *"Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."*

Daar moet baie besin word oor die begin van Jesus se bediening op aarde. Veral soos beskryf in Johannes. Hoe Hy vir Natanael gesê het dat dit slegs die begin was wat op hom wag totdat Hy Sy volle glorie aan hom sou bekend maak. Ravi Zacharias (16, p44) wys daarna dat Jesus se woning die hemel is. Dit was ook die geval voor die skepping en voor Hy aarde toe gekom het. Dit is ook as gevolg van die Oosterse konteks waarin Hy mense begin bedien het. Die Oosterse bestel het veroorsaak dat dit vir Natanael belangrik was om Jesus se herkoms te weet. *“ Waar is U tuiste ? ”* In Die Ooste (ook vandag) is jou herkoms baie belangrik. Jesus se antwoord aan Natanael wys daarop dat Hy die Ewige God is wat nie aan tyd en ruimte gebind is nie. Jesus antwoord Natanael as volg: Johannes 1:38-39: *“38Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: “Wat soek julle?” en hulle het Hom geantwoord: “Rabbi” – dit beteken leermeester – “waar gaan U tuis?” 39Hy sê toe vir hulle: “Kom saam, dan sal julle sien.” Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.*” Ons weet vandag dat hierdie openbaring van Christus se tuiste ‘n ewige tuiste vir ons inhou.

Hier volg nog voorbeelde uit die Skrif waar Jesus duidelik verklaar dat Hy God is:

- Petrus wat nog self nie mooi besef het wie Jesus is nie en hoe Jesus hom reghelp in Matteus 16:17
- Jesus wat dit vir Sy dissipels wil benadruk dat Hy God is, die Bonatuurlike God: *" ….. Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was ? "* Johannes 6:61-64.
- Jesus getuig dat Hy is Ewige God. *" Dit verseker ek julle : Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is "*. Johannes 8:58
- Jesus bevestig weer dat Hy die weg is tot die ewige lewe. Johannes 10:1-21
- Duidelik was dit Jesus se intensie om te bewys dat Hy die Christus is en dat mense in Hom moet glo. Johannes 11:15 en 11:42
- Jesus sê self Hy is wat Hy is en Hy doen sekere goed om dit te bewys, soos die voorspelling dat Judas Hom sou verraai. Johannes 13:19
- Jesus verwys na Homself as die Messias. Matteus 20:28
- Jesus sê dat niemand kom na die Vader toe, behalwe deur Hom nie. Johannes 14:6
- Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou baie belangrik. Johannes 4:1-42
- Johannes 14:1-30*: "[1]Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van My Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. [4]En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan,' [5]Tomas sê toe vir Hom: 'Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?' [6]Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.' [8]Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' [9]En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? [10]Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11]Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self. [12]'Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. [13] Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. [14]As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.' [15]'As julle My liefhet, sal julle My opdragte uitvoer. [16]Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, [17]naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. [18]'Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. [19]Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. [20]Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle. [21]'Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.' [22]Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: 'Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?' [23]Jesus antwoord hom: 'As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. [24]Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het. [25]'Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [27]'Vrede laat ek vir julle na; my vrede gee ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie. [28]Julle het gehoor wat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is. [29]En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur. [30]Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie, [31]maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het. 'Staan op, laat ons hiervandaan weggaan'"*.
- In Johannes 8:58 verklaar Jesus Sy goddelikheid: *"Jesus het hulle geantwoord: 'Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.'"* Die 1953 vertaling stel dit meer duidelik: *"Jesus sê vir hulle; 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek."*
- Jesus verklaar Hy is God: Johannes 12:44-50*: "[44]Toe het Jesus uitgeroep: 'Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het. [45]En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het. [46]Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat die wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie."*

- Johannes 16:14-15 waar Jesus vertel van die Heilige Gees: *"[14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My, daarom dat Ek gesê het : Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. "*
- Jesus is God. Johannes 8:19*: "Toe vra hulle vir Hom: 'En waar is die vader van jou?' Jesus het geantwoord: 'Julle ken My nie en ook nie My Vader nie. As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het.'"*
- Johannes 17:5 en 17:24 wys dat Jesus voor die skepping alreeds daar was, Jesus se eie woorde lei as volg: (17:5) *"Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."* en (17:24) *"'Vader Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld al liefgehad het."*
- Jesus verklaar Hy is Christus en kom van God. Johannes 7:28-29: *"[28]Terwyl Jesus die mense in die tempel leer, het Hy uitgeroep: 'Ja, julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie. [29]Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het.'"*
- Jesus aan die woord in Johannes 10:29-30: *"'[29]Die wat die Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. [30] Ek en die Vader is een."*
- Jesus verklaar Sy outoriteit en maak ook 'n nuwe gebod in Matteus 28:18-20: *"[18]Jesus kom toe* nader *en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.'"* (22, p344)
- Jesus Self aan die woord in Johannes 6:38: *"Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."*
- Johannes 5:30: *"Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."*
- Jesus verduidelik aan die huigelaars wie Hy is. Johannes 5:19-22: *"[19]Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: "Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so. [20]Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom nog groter dade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan. [21]Soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil. [22]Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat."*

Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus nie slegs baie dinge oor Homself verklaar het nie, maar ook het Hy dit ondersteun en bewys deur middel van liefdevolle wonderwerke soos om blindes gesond te maak. Sekere omstanders kon nie die oorbrugging tussen die bo-natuurlike en die natuurlike maak nie en het beweer dat Jesus mal was.

Kyk wat het ooggetuies self gesê in Johannes 10:20-21: *"[20]Baie van hulle het gesê: 'Hy is van die duiwel besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog na hom?' [21]Ander het gesê: 'Dit is nie die woorde van 'n besetene nie. 'n Duiwel kan tog nie blindes se oë genees nie?'"* Strobel, in gesprek met Dr Garry Collins, wys dat Jesus nie slegs daarop aanspraak gemaak het dat Hy God is nie, Hy het dit opgevolg en ondersteun met wonderwerke van genesing, wonderbaarlike demonstrasies van krag en outoriteit oor die natuur, met uitstekende en onbevooroordeelde leering, met goddelike insigte in mense, en uiteindelik met Sy Eie opstanding uit die dood wat nog niemand anders ooit kon dupliseer nie. Met ander woorde, toe Jesus verklaar het dat Hy God is, was Hy nie mal nie, dit was die waarheid (30, p148).

In Johannes 4:25-26 praat Jesus met die Samaritaanse vrou: *"'[25]Die vrou het vir Hom gesê :'Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.' [26]Toe sê Jesus vir haar : 'Dit is Ek, Ek wat met jou praat.'"* Kyk ook na die impak van die vrou se getuienis aan die ander mense in haar dorp : Johannes 4:39-42: *"[39]Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: 'Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.' [40]Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom daarop aangedring om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly. [41]Nog baie meer van hulle het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het ; [42]en hulle het vir die vrou gesê: 'Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.'"*

Jesus in gesprek met Pilatus net voor Sy kruisiging, Johannes 18:37-38*: "[37]Dan is jy tog wel 'n koning?' vra Pilatus. 'Dit is soos u sê: Ek is 'n koning,' antwoord Jesus. 'Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.' [38]'Wat is die waarheid?' Sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle : 'Ek vind geen skuld in hom nie.'"*

C.S. Lewis plaas dit in perspektief soos volg: "Among these Jews there suddenly turns up a man who goes about talking as if He was God. He claims to forgive sins. He says He has always existed. He says He is coming to judge the world at the end of time. Now let us get this clear. Among Pantheists, like the Indians, anyone might say that he was part of God, or one with God: there would be nothing very odd about it. But this man, since He was a Jew, could not mean that kind of God. God, in their language, meant the Being outside the world Who had made it and was infinitely different from anything else. And when you have grasped that, you will see that what this man said, quite simply, the most shocking thing that has ever been uttered by human lips." (C.S. Lewis, Mere Christianity, New York: Macmillan, 1952, p54-55)

C.S. Lewis sê dat mense baie dwase dinge oor Jesus beweer. Hulle sal byvoorbeeld sê dat Jesus 'n fantastiese morele prediker was maar nie noodwendig God nie. 'n Man wat 'n gewone mens was, en die dinge gesê het wat Jesus gesê het, sou nie 'n fantastiese morele prediker gewees het nie, hy sou eerder van sy sinne beroof gewees het – op dieselfde vlak as 'n man wat sou beweer dat hy 'n gebakte eier is – of andersins die Duiwel van die Hel. Ons moet die keuse maak. Of hierdie man was, en is, die Seun van God: of andersins 'n malle of selfs iets slegter. Jy kan Hom stilmaak as 'n dwaas, jy kan spoeg na Hom en Hom doodmaak as 'n demoon; of jy kan by Sy voete val en Hom aanroep as Here en God. Laat ons egter nie kom met versagtende onsin deur na Hom te verwys as 'n fantastiese morele opleier van mense nie. Hy het dit nie aan ons openbaar nie. Hy het ook dit nie so bedoel nie (22, p346).

Geisler en Turek (22, p346-347) beweer dat omdat Jesus beweer het dat Hy God is, slegs drie moontlikhede waar kan wees: Hy was of 'n *leuenaar*, of *mal*, of die *Here*:

- *Leuenaar* pas nie by al die feite nie. Jesus het die hoogste vlak van etiek geleef en geleer. Dit is ook hoogs onwaarskynlik dat hy Sy lewe sou gee indien Hy nie opreg geweet het dat Hy die waarheid gepraat het nie.
- *Mal* pas ook nie. Jesus het van die mees uitstaande leringe gehad wat ooit van kennis geneem is. Almal, insluitend Sy vyande, het beweer dat Jesus 'n man was van integriteit wat die waarheid geleer het (Markus 12:14).
- Dit laat ons met *Here*. Peter Kreeft plaas in sy boek *"Why I Believe Jesus Is The Son of God"* die argument baie eenvoudig: "There are only two possible interpretations: Jesus is God, or Jesus is not God. The argument in its simplest form looks like this: Jesus was either (1) God, if his claim about himself was true, or (2) a bad man, if what he said was not true, for good men do not claim to be God. But he was not a bad man. (If anyone in history was not a bad man, Jesus was not a bad man.) Therefore, he was (and is) God." (22, p347)

1.5.8 Jesus se Eie profesieë

Jesus se Eie profesie oor Sy kruisiging: Johannes 3:14-15: *"[14]Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, [15]sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê."*

Jesus se verwysing na Homself. Johannes 12:23-24: *"[23]Daarop sê Jesus vir hulle: "Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. [24]Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in."*

Die bewys van God se plan met die vier Evangelies waar Jesus self praat van die vertel van die Evangelie toe die vrou olie op Hom uitgegooi het. Jesus het gesê oral waar die Evangelie in die wêreld vertel gaan word, gaan daar ook vertel word van wat sy gedoen het.

Matteus 26:12-13: *"[12]Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet, het sy My voorberei vir my begrafnis. [13]Dit verseker Ek julle: Oral waar hierdie evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar."*

Jesus self het 'n paar keer Sy eie dood en opstanding voorspel. Matteus 20:17-19 vir die derde keer.

Matteus 20:17-19: *"[17]Terwyl Jesus na Jerusalem toe op pad was, neem Hy die twaalf dissipels opsy, en so in die loop sê Hy vir hulle: [18]'Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel. [19]Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.'"*

Jesus voorspel die uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster). Handelinge 1:4-5: *"[4]Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: "Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. [5]Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word."*

Soos die gebruik was elke jaar vanaf reeds 1300 voor Christus, het die dissipels die Fees van Weke gevier (Pinkster) op die vyftigste dag na die Fees van Eerste Vrugte. Handelinge 2: 1-4: *"[1]Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. [2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen."*

Jesus se woorde wys duidelik dat Hy weet wat vir Hom voorlê in Johannes 12:27-28:*"[27]'Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. [28]Vader, verheerlik u Naam!'"*

Jesus voorspel Sy hemelvaart, Johannes 12:32: *"En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek."*

In Johannes 6:70 kan gesien word dat Jesus reeds geweet het dat Judas Hom sou verraai. *"Jesus het daarop vir hulle gesê:' Het Ek nie self julle twaalf uitgekies nie? En een van julle is 'n duiwel!'"*

In Johannes 2:19 het Jesus self Sy opstanding voorspel. *"Jesus het hulle geantwoord: 'Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.'"*

Morgan (12, p19) wys daarop dat Jesus se eie voorspellings, asook die van Sy vyande wat 'n wag geplaas het by Sy graf, 'n bewys is dat hulle Sy opstanding verwag het. Sien ook Matteus 12: 40 en 17: 22-23.

1.5.9 Jesus verskyn aan mense na Sy opstanding

Jesus eet saam met Sy dispels na die kruisiging en opstanding: Lukas 24:42-44: *"[42]Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis. [43]Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet. [44]Daarna sê Hy vir hulle: 'Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik, dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.'"*

Let op na aan al die mense waaraan Jesus verskyn het na Sy opstanding. Dit bewys dat Hy wel lewend was (die feit dat mense Hom beslis gesien het). Daar word beweer dat Hy nooit gesterf het aan die kruis nie, indien dit die geval was sou Hy nie so gesond en vinnig en gou kon beweeg nie. Tog het Hy gesond aan al hierdie mense verskyn! Sien 1 Korintiërs 15:4-8.

1 Korintiërs 15:4-8: *"[4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn."*

Die Here verskyn aan Saulus (Paulus) in Handelinge 9:3-5: *"[3]Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. [4]Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' [5]'Wie is U, Here?' vra hy toe. 'Ek is Jesus,' antwoord Hy, 'Dit is vir My wat jy vervolg."*

Die verskynings van Jesus aan mense, na Sy opstanding uit die dood is geen legende nie. Strobel, in gesprek met Dr Gary Habermas, wys op 'n paar waarhede (30, p237-238):

- Die vraag kan gevra word hoekom die Evangelie van Markus nie enige verwysing het na die verskyning van Jesus aan mense na Sy opstanding nie. Daar word deur sommige skeptici beweer dat die verwysings na Jesus se verskynings in die ander Evangelies legendaries van aard is. Laasgenoemde word weerlê deur die feit dat Markus nie noodwendig die eerste Evangelie was nie. Om by te voeg, die hoofstroom kundiges beweer dat Matteus die vroegste Evangelie was.
- Dit maak nie saak wat daar bespiegel word oor die moontlikheid van legendes wat kon ontstaan het nie, dit wys maar net dat legendes wel met die verloop van tyd kan ontstaan. Dit kan nie die oorspronklike geloof en getuienisse wegmaak dat Jesus uit die dood opgestaan het nie. Legendes kan jou slegs vertel hoe 'n storie gegroei het, dit kan nie die oorsprong van die gebeure verduidelik nie en ook beslis nie wanneer die betrokkenes beide ooggetuienisse was en die gebeure van die begin af gerapporteer het nie.
- Die vroegste geloofsbelydenis, soos in 1 Korintiërs 15 gesien kan word, dateer voor enige van die Evangelies. Hierdie geloofsbelydenis getuig duidelik oor baie verskynings deur

Jesus aan mense, insluitend aan die grootste getal naamlik aan vyfhonderd mense gelyk. Hierdie getuienisse asook die verskynings van Jesus aan mense wat in Handelinge voorkom, is voor die Evangelies geskryf en het dus sy oorsprong van die getuienisse self. Daar is geen plek vir legendes om te kon ontstaan nie.

- Habermas vra die vraag: Wat van die leë graf? Indien die opstanding van Jesus uit die dood slegs 'n legende was, sou die graf steeds gevul gewees het. Dit was egter leeg met Paas oggend.

1.5.10 Bo-natuurlike bevestiging

2 Petrus 1:17: *"Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.'"*

Die doop van Jesus deur Johannes was 'n sigbare teken van God se werking met die duif en die Stem van God. Markus 1:9-11: *"[9]Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. [10]Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal. [11]Daar was ook 'n stem uit die hemel: 'Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.'"*

Die Here verheerlik Jesus voor getuies sodat ons kan glo, Johannes 12:28-30 begin met Jesus se woorde: *"[28]'Vader, verheerlik u Naam!' Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: 'Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik." [29]Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: ''n Engel het met hom gepraat.' [30]Toe sê Jesus: 'Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil.'"*

Die Hemelse Vader het direk met mense gepraat op verskeie geleenthede waartydens Hy bevestig het dat Jesus die Christus is. Hier volg meer getuies van dieselfde gebeure:

- Tydens Jesus se doop: Matteus 3:16-17*: "[16]Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom. [17]Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: 'Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.'"* Sien ook Markus 1:9-11, Lukas 3:21-22 en Johannes 1:31-34.
- Tydens die verheerliking op die berg waar Petrus, Jakobus en sy broer Johannes teenwoordig was: *Matteus* 17:2-8*: "[2]Daar het Sy voorkoms voor hulle oë verander: Sy gesig het begin straal soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig. [3]Skielik het Moses en Elia aan hulle verskyn en met Jesus gepraat. [4]Toe sê Petrus vir Jesus: 'Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.' [5]Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.' [6]Toe Sy dissipels dit hoor, het hulle baie bang geword en op die grond neergeval. [7]Maar Jesus het na hulle toe gekom, hulle aangeraak en gesê: 'Staan op en moenie bang wees nie.' [8]Toe hulle opkyk, het hulle niemand gesien nie, net Jesus alleen."* Sien ook Markus 9:2-8 en Lukas 9:28-36.
- Toe die Grieke Jesus wou ontmoet in Jerusalem. Sien Jesus se woorde en die Vader se bevestiging in Johannes 12:27-30: *"[27]'Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. [28]Vader, verheerlik u Naam!' Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: 'Ek het My naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.' [29]Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: ''n Engel het met Hom gepraat.' [30]Toe se Jesus: 'Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil.'"*

Petrus, Jakobus en Johannes het die verheerliking op die berg beleef en daaroor getuig. God self het uit die wolk gesê dat Jesus Sy uitverkore Seun is waarna die dissipels moet luister. Lukas 9:28-36: *"[28]Omtrent ag dae nadat Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy vir Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem die berg op om te gaan bid. [29]Terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy gesig anders geword en sy klere skitterend wit. [30]Skielik was daar twee manne wat met Hom praat. Dit was Moses en Elia. [31]Hulle het in hemelse glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi. [32]Petrus en die ander het intussen vas aan die slaap geraak, en toe hulle wakker word, sien hulle die hemelse glans van Jesus en ook die twee manne wat by Hom staan. [33]Toe die manne aanstaltes maak om van Hom af weg te gaan, sê Petrus vir Jesus: 'Here, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.' Hy het nie geweet wat hy sê nie. [34]Terwyl hy nog praat, kom daar 'n wolk en gooi sy skaduwee oor hulle, en toe die wolk hulle insluit, het die dissipels bang geword. [35]Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: 'Dit is my Seun wat Ek uitverkies het. Luister na Hom.' [36]Toe die stem praat, merk hulle dat Jesus alleen daar is. Hulle het hieroor stilgebly en in daardie tyd vir niemand anders enigiets vertel van wat hulle gesien het nie."*

Johannes die doper getuig self dat Jesus die Christus is omdat hy die Gees in die vorm van ‘n duif self op Jesus sien sit het. Johannes 1:32: *“Verder het Johannes getuig: “Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly.”*

Petrus self getuig in 2 Petrus 1:16-21: *“16Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. 17Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: ‘Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.’ 18Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. 19En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos ‘n lamp wat in ‘n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte.”*

Kyk na wonderwerke wat tydens die kruisiging ook plaasgevind het, duisternis, Tempel mantel, aardbewing, siekes gesond, dooies opgestaan ens.

Dink aan die bo-natuurlike, maagdelike bevrugting van die moeder van Jesus, Maria, deur die Gees van God.

1.5.11 Die Naam van God

Strobel wys daarop dat indien daar gekyk word na die oorspronklike Grieks met betrekking tot Matteus 14:22-33 en Markus 6:45-52, waar daar vertel word van Jesus wat op die water loop, kan gesien word dat Jesus sê: *“Moet nie bang wees nie, Ek is”* en nie “Dit is Ek” nie. Kyk dan ook na Johannes 8:58 waar Jesus aan Homself die naam *“Ek is”* toeken. Kyk ook na Eksodus 3:14 waar die Here aan Moses in die brandende bos verskyn en Hy vir Moses sê “....*’Ek is’ het my na julle toe gestuur.”* (30, p29)

‘n Mens kan duidelik sien dat Jesus deel is van die Drie-enige God want Hy ken dieselfde Naam aan Homself toe as wat die Here aan Homself toegeken het in die Ou Testament. God het ook Homself as die *“Here”* (Lord) aan ons bekendgestel in Eksodus 3:15*: “Vêrder sê God vir Moses: ‘Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die **Here** die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.’”*

Indien vêrder gekyk word na die Name van God kan ook gesien word dat aan Jesus die Naam: *“Seun van die mens”* toegeken word. Dit kan gesien word in die Ou Testamentiese profesieë. Daniël 7:13-14: *“13Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ’n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom. 14En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is ’n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.”* (1953 vertaling)

Christus kom van die Griekse woord “Christos” wat beteken Gesalfde. In Hebreeus is dit “Messiah”. Die Hebreeuse woord “Yahweh” of “Jehovah” is dieselfde as die Grieks “Kurios” wat vertaal word as Here (Lord) wanneer daar na Christus verwys word.

1.5.12 Engele versorg Jesus

Na die versoeking in die woestyn, Matteus 4:11*:”Daarna het die Duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.”* Sien ook Markus 1:12-13 en Lukas 4:1-13.

1.5.13 Hy het werklik opgestaan uit die dood

Baie ooggetuies was teenwoordig toe Jesus vele kere aan mense verskyn het na Sy kruisiging. In daardie tyd het die apostels daarvan getuig. Indien dit ‘n leuen was wat hulle vertel het, sou baie mense sekerlik daarvan getuig het dat dit ‘n leuen is. Daar bestaan egter geen geskrifte, uit die tyd van Christus, wat die teendeel probeer bewys het nie. Die enigste wat wel bestaan, is dat Jesus Christus wel uit die dood opgestaan het, en aan baie mense verskyn het.

Sien Paulus se getuienis in 1 Korintiërs 15:3-8: *“3Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; 4Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. 5Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, 6en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. 7Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. 8Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.”*

1.5.14 Die graf was leeg

Strobel beweer dat die feit dat Jesus se graf leeg was en dat Hy wel daarna gesien is deur mense, die grootste bewys is van Jesus se Goddelikheid. Mense is lief daarvoor om die klem te plaas op die liggaam van Jesus wat weg was nadat die graf leeg aangetref is en wat dan van die liggaam geword het. Die realiteit is dat die liggaam nie weg was nie maar wel lewend deur

mense gesien is (30, p205). Om by te voeg, ook baie het daarvan getuig. In vandag se howe is een ooggetuie genoeg om 'n mens skuldig te bevind. In die Bybel getuig baie mense dat hulle Jesus gesien het na Sy opstanding, die apostels was bereid om hulle lewens op te offer vir die waarheid waaroor hulle getuig het. Indien ons kyk na Romeine 13:1: *"Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God."* Indien die dissipels (wat apostels geword het op grond van hulle persoonlike ooggetuienis ten opsigte van die opgestane Jesus en die vermoë om wonderwerke in die Naam van Jesus te verrig) nie gehoorsaam was aan die owerhede van hulle tyd nie, het ons nie vandag die outoritêre Evangelies gehad nie. Prys die Here! Die profeet Jesaja het reeds ongeveer 740 jaar voor Christus as volg gesê (Jesaja 52:15*) "Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie."*

Kom ons sien uit na wanneer die Here weer gaan terugkom aarde toe. Moses het reeds ongeveer 1200 jaar voor Christus feeste tot eer van die Here ingestel naamlik: Paasfees, Pinkster en Fees van Tabernakels (huttefees). Onderskeidelik het die feeste verwys na Jesus se kruisiging, die uitstorting van die Heilige Gees en die wederkoms van Jesus. Al die profetiese waarhede van die feeste het reeds tot vervulling gekom, behalwe die Fees van Tabernakels. Dit is die wederkoms van Jesus waarna ons met blydskap uitsien.

Gedurende die tydperk wat Jesus uit die dood opgestaan het, was dit krities vir beide die ongelowige Romeine en die Jode om hierdie feit te probeer verdoem en Christendom te verwoes. 'n Baie maklike ding wat hulle sou kon doen, is om Jesus se liggaam te vertoon in die stad Jerusalem sodat almal kon sien die dissipels, en al die ander ooggetuies, is besig om 'n storie op te maak. Hulle kon dit nie doen nie omdat hulle nie in besit van Jesus se liggaam was nie, die graf was werklik leeg (22, p242) Om by te voeg, dit was in elk geval onmoontlik vir hulle om die ooggetuies tee te gaan met betrekking tot wat hulle gesien het, daar was te veel ooggetuies wat die boodskap bevestig het as die waarheid en die waarheid self kon nie uitgewis word nie. Die enigste oplossing was om die Christene self te vervolg en te poog om hulle uit te wis, sodoende het die Evangelie vinnig versprei na ander gebiede omdat die Christene na ander gebiede moes vlug. Hulle kon egter nie ophou om te getuig oor wat hulle gesien en ervaar het nie – Jesus Christus is gekruisig en het uit die dood opgestaan waarna Hy na die hemel opgevaar het om plek voor te berei vir die wat in Hom glo.

Jesus se verskyning aan mense na Sy opstanding was op plekke waar Hy en Sy dissipels nie voorheen was nie. Dit is dus nie hallusinasies nie, en ook het Hy aan meer as een persoon tegelyk verskyn. Volgens Blanchard (7, p 209) op een plek aan tot 500. Indien 'n mens 'n storie wou opdok, sou jy nie soveel getuienisse inbring nie. Volgens Blanchard (7, p208) was daar 6 getuienisse, waarvan 3 ooggetuienisse, wat 11 voorvalle neergeskryf het waar Jesus aan mense verskyn het. Toe Paulus aan mense in Korinte vertel het van die 500 waaraan Jesus verskyn het, het hy ook beweer dat die meeste van hulle op daardie stadium nog geleef het. Paulus het dus met van hulle self gepraat en het onomwonde die getuienisse aan almal blootgestel.

Robert Morgan (12, p 14) wat daarop wys dat die Romeinse wagte wat die graf moes oppas, onder streng beheer was. Jesus se eie voorspelling dat Hy die tempel in drie dae sou opbou, het hulle, en veral Pilatus, baie bekommer.

Gary Habermas het 'n baie volledige studie gedoen met betrekking tot wat navorsers en skoliere glo met betrekking tot die Opstanding. Hy het meer as 1,400 van die mees kritiese werke oor die Opstanding bestudeer geskryf van 1975 tot 2003. In *The Risen Jesus and Future Hope* bevestig Habermas dat feitlik alle navorsers oor die ideologiese spektrum, van ultra-liberales tot Bybel-konserwatiewes, saamstem dat die volgende punte met betrekking tot Jesus en Christendom historiese feite is (22, p299-300):

- Jesus is gedood deur Romeinse kruisiging
- Hy is begrawe, heel moontlik in 'n private graf
- Kort daarna is die dissipels gedemotiveer, en het hulle hoop verloor
- Jesus se graf is leeg gevind baie kort na die opstanding
- Die dissipels het ervarings gehad wat hulle geglo het werklike verskynings was van die opgestane Jesus
- As gevolg van hierdie ervarings het die dissipels se lewens drasties verander. Hulle was self bereid om te sterf vir hulle geloof
- Die verkondiging van die Opstanding het baie vroeg plaasgevind, van die begin van die kerkgeskiedenis af
- Die dissipels se publieke getuienisse en prediking van die Opstanding het in die stad Jerusalem plaasgevind, waar Jesus gekruisig en begrawe is kort tevore
- Die Evangeliese boodskap het gesentreer op die prediking van die dood en opstanding van Jesus Christus

- Sondag was die primêre dag van samekoms en aanbidding
- Jakobus, die broer van Jesus en skepties voor die opstanding, het tot bekering gekom toe hy ‘n ervaring gehad het wat hom laat glo het hy het ook die opgestane Jesus gesien
- Net ‘n paar jaar later het Saulus van Tarsus (Paulus) ‘n Christen geword as gevolg van ‘n ervaring wat hy ook geglo het dat hy ook die opgestane Jesus gesien het.

Was die graf werklik leeg, het Jesus regtig uit die dood opgestaan? Dr William Lane Craig verduidelik (30, p220):

- Die leë graf is beslis deel van die vroegste getuienis soos dit deur Paulus in 1 Korintiërs 15 bevestig word *(“[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn”.)* Hierdie is ‘n baie ou en betroubare bron van historiese inligting met betrekking tot Jesus. Om by te voeg, onthou dat Paulus hierdie moes geskryf het slegs binne ongeveer veertien jaar na die kruisiging.
- Die plek waar Jesus begrawe is, was bekend aan Christene en Jode. Indien die graf nie leeg was nie, sou dit dus onmoontlik gewees het vir ‘n beweging, wat gebaseer was op geloof in die Opstanding, om te ontstaan in dieselfde stad waar Jesus in die openbaar tereggestel en begrawe is nie.
- Dit is duidelik in die taal, grammatika en styl van Markus dat hy die hele Markus Evangelie, insluitend die leë graf, geskryf het voor 37 na Christus. Met ander woorde binne 3 jaar na die gebeure. Daar was dus nie tyd vir legendes om te ontstaan nie.
- Daar is eenvoud in die Markus Evangelie met betrekking tot die Opstanding. In latere apokriewe fiksie wat uit die tweede eeu na Christus dateer, is talle stories bygelas, soos Jesus wat uit die graf uit kom met krag en glorie waartydens almal Hom kan sien, insluitend die priesters, Joodse owerhede en Romeinse wagte. Hierdie is die wyse hoe legendes geskryf word maar kom eers eeue na die werklike gebeure wanneer die ooggetuienisse afgesterf het. In kontras, Markus se weergawe van die leë graf staan uit in sy eenvoud en is onversier van teologiese sieninge.
- Die eenvormige getuienis dat die leë graf ontdek is deur vroue bevestig die outentiekheid van die Evangelies se weergawe van die opstanding. Dit sou vernederend vir die dissipels gewees het om te erken dat vroue dit eerste ontdek het, en om by te voeg, in die tyd van Jesus is die getuienis van ‘n vrou nie erken nie. Indien hierdie slegs ‘n legende was, sou die vroulike getuienisse beslis nie genoem gewees het nie.
- Die vroegste Joodse polemiek gaan die historiese waarheid aangaande die leë graf voor. Met ander woorde, daar was niemand wat beweer het dat Jesus se liggaam steeds in die graf was nie. Die vraag was altyd, wat het met die liggaam gebeur? Die Jode het die belaglike storie begin deur te sê dat die wagte aan die slaap geraak het. Hulle het duidelik na grashalms gegryp. Om by te voeg, wagte wat so gefouteer het, is met die dood gestraf, hulle sou gesorg het dat hulle wakker bly. Die punt is: Hulle het begin met die aanname dat die graf leeg was. Hoekom? Want hulle het geweet dit was! Om by te voeg, baie mense het wel die lewende Jesus, na Sy opstanding, gesien, daaroor getuig, op grond daarvan apostels geword, en hulle lewens opgeoffer vir die waarheid waaroor hulle getuig het. Mense beweer dat die dissipels die liggaam van Jesus gesteel het. Hoekom sou die dissipels die liggaam van Jesus gesteel het om net later dan te sterf vir hulle eie leuen? Die Joodse owerhede sou beslis nie die liggaam verwyder het nie. Daar is slegs een verklaring: JESUS HET OPGESTAAN UIT DIE DOOD.

In die tyd van die eerste eeu, is vrouens in die Joodse samelewing nie beskou as bindende getuienisse nie. Hulle getuienis is beskou as waardeloos. Indien die leë graf, wat eerste deur vrouens ontdek is, dan slegs ‘n opgemaakte storie van die dissipels was, sou hulle beslis nie vrouens gebruik het om as hoofgetuienisse te getuig dat hulle eerste die leë graf ontdek het nie, hierdie dui daarop dat die Evangelieskrywers getrou weergegee het wat werklik gebeur het, sien Matteus 28:1-10, (30, p217-218).

1.5.15 Natuurverskynsels

Matteus 27:45-46: *“[45]Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. [46]Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep” ‘Eli, Eli, lemá sabagtani?’ Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?”* Sien ook Matteus 27:50-51: *“[50]Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. [51]Op daardie oomblik het die voorhangsel van die*

tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars."

Strobel, in gesprek met Dr Yamauchi, verwys na die historikus, Thallus, wat in 52 n.C. die geskiedenis van die oostelike Mediterreense wêreld beskrywe het. Thallus se oorspronklike werk is nie meer beskikbaar nie, maar hy word aangehaal deur Julius Africanus in ongeveer 221 n.C. waarin verwys word na die duisternis wat voorgekom het en wat in die Evangelies oor geskryf is. Thallus het bevestig dat daar duisternis was tydens die kruisiging en het in hierdie skrywe 'n verklaring vir die duisternis gesoek (onthou 52 n.C., met ander woorde slegs ongeveer 19 jaar na die kruisiging). Hy het dit toegeskryf aan 'n sonsverduistering. Africanus het van hom verskil en het beweer dat dit nie 'n sonsverduistering kon gewees het nie as gevolg van die tyd wanneer die kruisiging plaasgevind het. Daar word ook verwys na Tertullianus (ongeveer 213 n.C.) wat beweer het dat dit 'n wêreldwye voorval was. Phlegon, 'n Griekse outeur, het gerapporteer dat in die vierde jaar van die 202ste Olimpiade, met ander woorde 33 n.C., was daar "die grootste sonsverduistering" en dat "dit nag geword het tydens die sesde uur van die dag, met ander woorde, 12H00, sodat selfs sterre sigbaar geword het in die hemel. Daar was 'n groot aardbewing in Bithynia en baie dinge is omgegooi in Nicaea."

Yamauchi benadruk die feit dat daar met ander woorde wel duisternis was tydens die kruisiging. Sekulêre bevestiging daarvan bestaan wel en hulle probeer natuurlike verklarings daarvoor kry (30, p84-85).

Buiten die getuienisse van ongelowiges dat die duisternis wel plaasgevind het, het die profeet Amos dit ook reeds ongeveer 760 jaar voor Christus voorspel: Amos 8:9-10*: "[9]Daardie dag sê die Here my God, laat Ek die son helder oordag ondergaan, maak Ek dit donker op aarde terwyl dit nog ligdag is; [10]Ek verander julle feeste in treurgeleenthede, julle liedere in klaagsange; Ek trek vir julle rouklere aan en skeer al julle koppe kaal.; Ek laat dit word soos wanneer 'n mens oor 'n enigste kind treur, julle uiteinde sal vir julle 'n bitter dag wees."*

1.5.16 Die Skepper van die heelal

Jesus het alles geskep. Kolossense 1:15-20: *"[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."*

Die skrywer van Hebreërs verwys na die Seun deur wie God die wêreld geskep het. Hebreërs 1: 1-4: *"[1]In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel. [4]Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam."*

1.6 Geisler en Turek (22, p340) bespreek die Goddelikheid van Jesus soos volg:

1.6.1 Vraag 1: Voldoen Jesus aan die eienskappe van die Messias soos geprofeteer in die Ou Testament?

- Die Nuwe Testamentiese skrywers beweer op verskeie plekke dat Jesus God is.
- Byvoorbeeld, in die opening van die Johannes-Evangelie sê Johannes "*die Woord was self God*" en "*die Woord het mens geword*" (Johannes 1:1 en 14)
- Paulus sê van Christus – "*Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen"* (Romeine 9:5)
- Paulus getuig as volg – *"In Hom is volle wese van God beliggaam, en in verbondenheid met Hom deel julle in Sy volheid"* (Kolossense 2:9)
- Petrus getuig dat gelowiges regverdige beskikking verkry "van ons God en Verlosser, Jesus Christus" (2 Petrus 1:1)
- Matteus haal Jesaja 7:14 aan en bevestig ook die Goddelikheid van Jesus: "*'Die maagd sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem,' die naam beteken God by ons."* (Matteus 1:23)

- Lukas getuig as volg: *"Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."* (Hebreërs 1:3)
- Lukas haal ook Psalm 45:6-7 aan waar God van die Seun sê: *"U troon, o God, staan vir ewig vas, met U koninklike septer laat U reg geskied."* (Hebreërs 1:8)
- Selfs die demone het Jesus erken as God: *"Skielik het hulle begin skreeu: 'Wat het U met ons te doen, Seun van God? Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te pynig?"* (Matteus 8:29; Lukas 4:34, 41)

1.6.2 <u>Vraag 2</u>: Het Jesus Self verklaar dat Hy God is?

- *Direkte aansprake* tot God deur Jesus:
  - Na Jesus se gevangenis neming het die hoëpriester, Kajafas, Jesus ondervra waartydens Jesus baie direk Sy Goddelikheid bevestig het. *"[61]...Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?' het hy Hom gevra. [62]'Ek is,' het Jesus geantwoord, 'en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.' [63]Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: 'Waarvoor het ons nog getuies nodig? [64]Julle het die godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle?' Hulle het Hom eenparig veroordeel: 'Hy verdien die dood!'"* (Markus 14:61-64) Jesus het direk na Homself verwys as die "Seun van die mens" en voeg toe ook by dat Hy sal terugkom op die wolke van die hemel. Kajafas en sy gevolg het die implikasies geweet want dit het ooreengestem met die visioen wat die profeet Daniël gehad het van die eind tyd. Daniël 7:13-14 lees soos volg: *"[13]My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese (1953 vertaling: ...'Een gekom soos die Seun van 'n mens'). Hy het toe na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. [14]Aan die menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe Hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; Sy koningskap sal nie ophou nie."* Geisler en Turek vestig die aandag daarop dat niemand anders as God gedien sal word nie (22, p341).
  - In gesprek met die Jode in Johannes 8:56-58 het Jesus as volg verklaar: *"[56]Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van My koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.' [57]Die Jode sê toe vir Hom: 'Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien?' [58]Jesus het hulle geantwoord: 'Dit verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.'"* Die 1953 vertaling stel dit duidelik as volg: *"[58]Jesus sê vir hulle; 'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.'"* Belangrik om te besef is dat die naam *"Ek is*", is die naam wat God gebruik het om Hom vir die eerste keer aan Moses bekend te stel. Kyk gerus na Eksodus 3:13-14: *"[13]Daarna sê Moses vir God: 'Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,' en hulle vra vir my: 'Wat is sy Naam?' wat moet ek dan vir hulle se?' [14]Toe sê God vir Moses: 'Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur.'"* Jesus het dus in Sy gesprek met die Jode die Naam: 'Ek is' ook aan Homself gekoppel (22, p341).

1.6.3 Geisler en Turek (22, p342-343) wys ook op indirekte aansprake wat Jesus gemaak het as God:

- In Johannes 17:5 bid Jesus as volg: *"Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het."* In die Ou Testament word daarop gewys dat daar net een God is (Deuteronomium 6:4 en Jesaja 45:5) en dat God Sy eer aan niemand anders gee nie: Sien Jesaja 42:8: *"Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie."*
- Gedurende Jesus se verskyning aan Johannes soos getuig in Openbaring 1:17, verklaar Hy soos volg: *"[17]Toe ek Hom sien, het ek by Sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: 'Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, [18]die Lewende.'"* Hierdie is dieselfde woorde wat God gebruik het om na Homself te verwys in Jesaja 44:6: *"So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie."* Om by te voeg, dit is indrukwekkend hoe Johannes vir Jesus herken het toe hy Hom sien, en dit maak sin omdat Johannes 'n apostel van Jesus op aarde was: Openbaring 1:12-13: *"[12]Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien [13]en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra."*

Dit is ook indrukwekkend om die detail te sien waarna Johannes verwys: *"Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat"*. Dit wys duidelik op ware gebeure waarvan hier getuig word.

- In Johannes 10:11 sê Jesus: "*'Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.'"* Die Ou Testament sê in Psalm 23:1: *"Die Here is my herder, ek kom niks kort nie."* Die Here sê ook in Esegiël 34:12: *"Soos 'n herder omsien na die kleinvee wat uit sy trop verstrooi raak, so sal Ek omsien na my kleinvee en hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker oordeelsdag."*
- Jesus verklaar dat Hy sal oordeel in Matteus 25:31-33*: "[31]Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. [32]Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. [33]Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan."* In die Ou Testamentiese Joël 3:12 stel die Here dit duidelik: *"Die nasies moet aanstorm en opruk na die Josafatlaagte toe, want daar sal Ek sit om al die nasies van die omgewing te straf."*
- In Johannes 8:12 sê Jesus: *"'Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.'"* Die Psalmdigter in die Ou Testament sê in Psalm 27:1: *"Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?"*
- In Johannes 5:21 verklaar Jesus: *"'Soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.'"* In die Ou Testament word duidelik geleer dat alleenlik God is die gewer van lewe (Deuteronomium 32:39; 1 Samuel 2:6) en ook die Een is wat dooies opwek (Daniël 12:2; Job 19:25) en die enigste Regter (Deuteronomium 32:35; Joël 3:12).
- Jesus het dit reguit gestel in Johannes 14:6: *"'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."*
- Jesus verwys na Homself as die "bruidegom" op verskeie plekke soos in Markus 2:19: *"Jesus antwoord hulle: 'Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.'"* (Sien ook Matteus 9:15; 25:1; Lukas 5:34) Die Ou Testament identifiseer God duidelik as die Bruidegom soos byvoorbeeld in Jesaja 62:5: *"Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees."* (Sien ook Hosea 2:15-16) (22, p344)

1.7 Paulus se verduideliking in Kolossense 1:15-20

"[15]Die Seun is die beeld van God, van God wat nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is : alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. [17]Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. [18]Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. [19]God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon [20]en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

Johannes wat sê*: "Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie."* 1 Johannes 5:12. Dit is baie belangrik om ook te besef dat Jesus self is ook God! Slegs deur Hom kry jy toegang tot God want Hy maak deel uit van die Drie-enige God! Ons kan dit nie verstaan nie omdat 'n skepsel nooit sy Skepper sal kan verstaan nie, maar ons Skepper het Hom wel deur Sy Woord aan ons geopenbaar.

Wat moes die Messias alles doen sodat ons in Hom kon glo?

- Op die water loop? Johannes 6:19: *"Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom, en hulle het bang geword."*
- Wonderwerke? Johannes 7:31: *"Maar baie van die mense het tot geloof in Hom gekom en het gesê: 'Wanneer die Christus kom, sal Hy tog seker nie meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het nie?"*
- Jesus wat met die Jode praat in Johannes 10:31-32: *"[31]Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig, [32]Maar Jesus sê vir hulle: 'Op gesag van die Vader het Ek julle talle goeie dade laat sien. Oor watter een daarvan wil julle My stenig? "*

Dr Ben Witherington wys daarop dat die ontstaan van die Kerk wat geglo het dat God 'n gepaste naam vir Jesus Christus is, asook die tradisies van die vroeë Kerk alles binne slegs twintig-jaar van die kruisiging plaasgevind het. Met ander woorde: 1) Geweldig baie ooggetuienisse was steeds teenwoordig wat Jesus Self geken het en wat die feitelikheid van die

gebeure waaroor die Kerk getuig het kon betwis, maar het nie, en 2) Die tydperk nie genoeg tyd toegelaat het vir al hierdie waarhede om uit niks te ontstaan nie (30, p140).

Ravi Zacharias (16, p155) wat wys dat Napoleon, in ballingskap op St Helena, gesê het dat almal wat opreg in Jesus Christus glo, die merkwaardige, bonatuurlike liefde vir Hom ervaar. Hy het gesê dat dit 'n onverklaarbare verskynsel is, dit gaan die mens se skeppende krag te bowe. " Die groot vernietiger, tyd, staan magteloos teen hierdie heilige vlam ; tyd kan nie die krag daarvan uitput en dit ook nie beperk nie. Dit is wat my die meeste getref het ; ek het dikwels daaroor nagedink. Dit is wat my van die Goddelikheid van Jesus Christus oortuig het ! "

Who despises the day of small things? ~ Zechariah 4:10: Life is filled with a series of small things that can amount to something big. Have you ever considered why the God of the universe came to earth and spent 33 years identifying with mankind through work? Jesus grew up as a carpenter's son (let wel, sommige kenners beweer dat Jesus in 'n argitek se huis grootgeword het) and, no doubt, learned the trade from His daily routine of helping His father. For 30 years He worked. When it was time for Him to begin to fulfil His purpose for mankind, He told countless stories of people and their work. He told stories of landowners, farmers, fishermen, tax collectors, and so on. He related to the everyday man because He Himself was one. This is why it was important for Him to have some personal work experience. Life is filled with daily routines. Every now and then, God takes us to the mountaintop to experience His presence in a dramatic way. This is not the norm. It was not the norm for those in the Bible either. Moses spent 40 years in preparation. Paul spent a great deal of his life working toward the wrong purpose until a dramatic event changed his life. Jacob spent 20 years working for Laban. God uses work to develop character qualities that He plans to use at the appropriate time. In the small things we develop trustworthiness with God. The day-in and day-out grind of working life moulds us and makes us into what God desires. God may still be preparing you for something far greater. For now, however, you are learning the daily lessons of small things. Pray that you will be faithful. (Os Hillman)

Jesus is die enigste weg na die vader. Dr Alberts maak dit duidelik (3,p18) dat Jesus self God is, verteenwoordig in die gestalte van 'n mens. Logies is Hy die weg na die Here want Hy self is die Here.

Andrew Murray wat sê dat die mens vir God geskape is, maar sonde het die skeiding gebring. Hy sê ook dat die natuur wys God en Sy werk, maar van Homself, Sy Hart en Sy gedagtes van liefde vir ons as sondaars kan die natuur nie beskryf nie. Laasgenoemde kommunikasie het plaasgevind deur Sy Seun.

Die Amerikaanse prediker Dr Jerry Savellas gebruik die spreekwoord "Getting the best of God". Indien jy wandel soos God wil, ontvang jy meer of beleef jy meer van God. Spreuke 19:23: *"Wie die Here dien, se lewe is veilig; so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie."*

'n Huigelaar herken nie die Gees van God nie, hy verstaan Dit nie, ken Dit nie en het sodoende nie sensitiwiteit ten opsigte van God se openbaring en betrokkenheid by die mens nie.

Jesus sê self Hy is die weg tot die ewige lewe. Johannes 8:12: *"Wie My volg sal nooit in duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee".*

God het ons al voor die skepping in Christus uitverkies. Efesiërs 1:4-5: *"[4]So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. [5]In Sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees."*

Sien Paulus se verklaring aan die Filippense oor hoe hy die aardse nagestreef het en die kerk vervolg het (gewete wat hom moes pla) en hoe hy volheid in Christus vind:

Filippense 3:1-11*: "[1]Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. [2]Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis! [3]Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. [4]Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: [5]ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, [6]in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. [7]Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, [8]ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry [9]en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. [10]Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."*

Hoofstuk 4
Een van die grootste aanslae op die Evangelie is deur te beweer dat die individu self verantwoordelik is vir saligheid deur sy/haar eie werke, of pogings.

1. Inleiding

Paulus gee leiding soos volg: Efesiërs 6:10-20: *"[10]Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. [11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. [13]Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. [14]Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, **die vryspraak deur God as borsharnals**, [15]en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. [16]Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. [17]Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. [18]Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. [19]Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. [20]Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is."*

In hierdie hoofstuk sal ons sien dat die Here se soewereine verlossingsplan alle gelowiges van alle nasies insluit. Ons is deel van hierdie verlossing op grond van ons geloof in die Messias wat uit die volk Israel gebore is. Deur geloof in die verlossingswerk van die Here ontvang ons vryspraak van ons sondes. Deur geloof word ons deel van die verbond wat die Here met Abraham gesluit het.

Die Almagtige Skepper het Hom outentiek aan die mens geopenbaar, Sy Naam bekend gemaak en Sy Woord daargestel in die Messias, Jesus Christus. Hierdie is volmaakte verlossingswerk van die Here en spreek die mens aan om te glo. Die mens kan nie verlossing bewerkstellig nie, dit is genade van die Here. Sogenaamde goeie dade, of wettiese rituele om saligheid te bekom is teenstrydig met die verlossing deur Christus. Die belangrike is om te glo in Jesus Christus se verlossing en afstand te doen van sonde.

Haasbroek wys in sy boek "The wonder of Jesus in the Old Testament " (61, p.206) op die feit dat Jesus juis die sleutel is om die Ou Testament te verstaan. Jy sal nie 'n deur kan oopsluit indien jy nie met die sleutel die deur oopsluit nie. Kyk na Matteus 20:18,19 en Daniël 7:13 en 2 Korintiërs 3:7-16 Om by te voeg: Die samestelling van die Bybel is gedoen op grond van die Sleutel. Wie het die sleutel van Dawid Openbaring 3:7-8?

Openbaring 3:7-8: *"[7]Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie: [8]Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie."*

2 Korintiërs 3:7-18: *"[7]Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlikheid gekom. Hierdie heerlikheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon bly kyk nie. As die bediening wat tot die dood lei, met soveel heerlikheid gekom het, [8]hoeveel groter sal die heerlikheid van die bediening wat deur die Gees geskied, dan nie wees nie? [9]Die bediening waardeur die mense veroordeel word, het met heerlikheid gekom, maar die bediening waardeur die mense vrygespreek word, oortref dit verreweg in heerlikheid. [10]Ons kan sê dat die heerlikheid van vroeër nie te vergelyk is met die alles oortreffende heerlikheid van nou nie. [11]As wat aan die verbygaan was, van heerlikheid gestraal het, veel meer nog sal die blywende van heerlikheid skitter. [12]Omdat ons hoop hierop gevestig is, tree ons met groot vrymoedigheid op. [13]Ons is nie soos Moses wat sy gesig met 'n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was. [14]Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo. [15]Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand. [16]Van Moses sê die Skrif egter: 'Elke keer as hy hom na die Here wend, word die sluier weggeneem.' [a] [17]'Die Here' hier beteken 'Die Gees', en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. [18]Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer*

verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat ons almal uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Geloof in die Een wat die sleutel van Dawid het, Jesus Christus, bring mee dat ons verander word na die Beeld van Christus. Ons sogenaamde goeie werke kan dit nie doen nie. Wanneer 'n mens na die Beeld van Christus verander word, dan neem jy die Identiteit van Christus aan, wat Heilig Is. Dit veroorsaak werke in gehoorsaamheid tot die Gees van God. Die gelowige soek deurlopend die Aangesig van die Here. Jakobus verduidelik dat geloof wat sonder dade is, nie ware geloof is nie:

Jakobus 2:12-18: *"12Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak. 13Die oordeel sal onbarmhartig wees oor die wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel. 14Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? 15Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, 16en sê nou een van hulle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,' maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? 17So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. 18Maar iemand kan miskien sê: 'Die een het die geloof en die ander het die dade.' Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade. 19Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook - en hulle sidder van angs. 20Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is? 21Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie? 22Jy sien dus dat geloof met dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het. 23So is die Skrif vervul wat sê: 'Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek, [d] en hy is 'n vriend van God genoem."*

In Johannes 1:48-51 bevestig Jesus dat Hy Jakob se leer is.*"48Natanael vra Hom toe: 'Waarvandaan ken U my?' 'Voordat Filippus jou geroep het,' antwoord Jesus hom, 'toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien.' 49Toe roep Natanael uit: 'Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!' 50Daarop sê Jesus vir hom: 'Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien.' 51Verder sê Jesus vir hom: 'Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe.'"*

Sien Genesis 28:12-17: *"12Hy het gedroom: 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die leer. 13Toe kom staan die Here by Jakob en sê: 'Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee. 14Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. 15Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.' 16Jakob het wakker geskrik en gesê: 'Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.' 17Jakob het bang geword en gesê: 'Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.'"*

Openbaring 4:1-4: *"1Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: 'Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur.' 2Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand. 3Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag. 4Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone."*

Dit is Jesus wat die Weg is, wat die ewige lewe gee, die brug vir ons gee tussen die natuurlike en die Bo-natuurlike, die Here is geestelik (bo-natuurlik) en ons moet Hom dien met ons geestesoë oop.

Daar is in die vorige Hoofstukke gesien dat die Here Hom van die begin af aan die mens geopenbaar het. Die God van die verbond het op verskillende wyses seker gemaak dat die mens Hom kan ken en sodoende 'n verhouding met Hom kan hê.

Goddeloosheid was egter aan die orde van die dag wat uitgeloop het op afgodediens en verval van die Here wat regverdigheid, vrede en liefde voorgehou het. Die ware Aangesig van die Here is nie aangeroep nie, die Naam van die Here is nie geken nie. Die mens het teruggeval na 'n kultuur van eiegeregtigheid. Jou eie dade moet genot verskaf en dien tot genoegdoening in terme van sin in die lewe.

Afgode is geskep wat denkbeeldige gode verteenwoordig het na mate van dit wat die beperkte, menslike (natuurlike) verwysingsraamwerk kan uitdink. Denkbeeldige, mitiese gode is geskep en aanbid wat verwarring op groot skaal veroorsaak het. Daar was nie meer een teïstiese God

nie (teïsties beteken dit is God wat skep en steeds betrokke by Sy skepping is). Met ander woorde, indien jy sou getuig wat die Here vir jou openbaar het, dan is daar ander sogenaamde gode wat dit ook kan doen, of wat oor dieselfde magte beskik.

Deur Sy groot genade het die Here vir ons Sy voetspore op die aarde duidelik gemaak in die volk Israel. Die Here het Sy Naam gevestig deur selfs die voorvader van die Israeliete se naam, naam te gee. Die drie seuns van Noag was Sem, Gam en Jafet. In Genesis 10 kan hiervan gelees word. Terloops, indien iemand sou beweer dat die vloed slegs 'n storie is, hoe sou die outeur dan al die detail met betrekking tot die nageslagte van Sem, Gam en Jafet kon weergee indien dit uit die duim gesuig is!?

Sem was die voorvader van die Israeliete en die woord Sem, beteken "naam". Die Messias, Jesus Christus, is uit die nageslag van Sem gebore en het die Naam van die Here kom bekend maak. Ons kan ook lees dat die Tempel bygedra het dat ons die Naam van die Here kan ken en dat die feeste van die Here ons profeties aanspreek dat die Messias weer gaan kom om ons te kom haal (Hoofstukke 5 en 6).

Die Tempel en die Naam van die Here kan gesien word deur die beskrywing van die sondes van Manasse: 2 Konings 21:4-7. *"[4]Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: 'In Jerusalem wil Ek My Naam vestig.' [5]In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou. [6]Hy het sy eie seun as offer verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het baie verkeerde dinge gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart. [7]Die Asjerabeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die Tempel, die plek waarvan die Here vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: 'In hierdie Tempel en in Jerusalem wat Ek onder al die Israelitiese stamme uitgekies het, vestig Ek My Naam vir altyd.'"* (meer hieroor in Hoofstuk 6)

Kyk na Jesus se gebed vir Sy dissipels: Johannes 17:6: *"Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem."*

Johannes 17:11: *"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. 'Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.'"*

Duidelik gaan dit nêrens oor "goeie werke" nie. Dit gaan oor die Naam van die Here, ons moet, en kan, die Here ken en aanbid. As ons die Here ken, dan veroorsaak dit dat ons Sy Aangesig nastreef, dat ons heilig lewe. Dan kan ons een met die Here wees. Ons saligmaking kom dus van buite onsself. Dit is hoekom daar ook na die Messias as Genade verwys word:

Titus 2:11: *"Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn."*

In Johannes 1 lees ons dat die Messias die Woord van God is. Die evangelis kan Paulus se raad beslis ter harte neem soos aangeteken in Titus 1:8-9*: "[8]Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers. [9]Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê."*

Die gelowige doen bostaande nie verniet nie. Kyk wat het met die wyse Salomo gebeur toe hy hom nie aan die verbond van die Here gehou het nie: 1 Konings 11:9-13: *"[9]Die toorn van die Here het teen Salomo ontvlam omdat hy nie meer die Here die God van Israel gedien het nie. Tevore het God twee keer aan hom verskyn [10]en hom uitdruklik beveel dat hy nie ander gode mag dien nie. Salomo het hom egter nie gehou aan die opdrag van die Here nie. [11]Daarom het die Here nou vir hom gesê: 'Omdat dit so is dat jy jou nie hou aan My verbond en aan die voorskrifte wat Ek jou gegee het nie, sal Ek die koningskap van jou afskeur en vir 'n onderdaan van jou gee. [12]Ter wille van jou vader Dawid sal Ek dit wel nie tydens jou lewe doen nie, maar Ek gaan dit tydens jou seun se lewe doen. [13]Ek sal ook nie die hele koninkryk wegneem nie, maar ter wille van My dienaar Dawid en ter wille van Jerusalem wat Ék uitverkies het, gaan Ek een stam vir jou seun laat oorbly.'"*

Duidelik "manifesteer" God, die Here, nie op 'n ander manier as wat Hy deur Sy Woord, die Messias, aan ons geopenbaar het nie! Daar is nie 'n ander Skepper God van die verbond tot redding van die mens nie.

Die Verbond

1.1 Betekenis van die woord "verbond"?

Kay Arthur (52, p.124) verduidelik dat die oorsprong van die woord nie seker is nie, maar die mees algemene opinie is dat dit afgelei is van die Hebreeuse werkwoord "barah". Dit beteken om te sny (cut) en herinner aan die seremonie soos beskryf in Genesis 15:9-10: *"[9]Toe beveel die Here hom: 'Bring vir my 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud, en 'n tortelduif en 'n jong duif.' [10]Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit. Die voëls het hy nie verdeel nie."*

Andere glo dit is afgelei van die Assiriese woord "beritu", wat beteken: "om te bind" (to bind). Dit dui op 'n vrywillige verbintenis tussen twee partye (dipleuristies), of 'n verbintenis wat deur een party op die ander afgedwing word (monopleuristies). Die belangrike egter, is die karakter van die ooreenkoms. In die geval waar die Here 'n verbond met die mens sluit, is dit duidelik monopleuristies, want die Here is die mens se Meerdere wat Sy opdragte aan die mens gee.

In die Septuaginta (Griekse vertaling - meer hieroor in Hoofstuk 1), word die woord "berith" deurgaans weergegee as "diatheke", behalwe in Deuteronomium 9:15 (marturion) en 1 Konings 11:11 (entole). Die woord "diatheke" is anders as die normale Griekse woord vir verbond, en verwys eerder na 'n testament. Met ander woorde, die normale Griekse woord vir 'n verbond "suntheke" is nader aan die dipleuristiese verwysing van 'n verbond. Die woord "diatheke" is dus ook gebruik om te verwys na God se verbond wat die monopleuristiese tipe verbond verteenwoordig. Dit dan ook belangrik om te besef dat hierdie woord in die Nuwe Testament gebruik is om te verwys na die verbond tussen die Here en die mens.

1.2 Antieke gebruike wanneer 'n verbond tussen twee partye gesluit is

1.2.1 Die vloei van bloed

Genesis 15:9-18a: *"[9]Toe beveel die Here hom: 'Bring vir my 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud, en 'n tortelduif en 'n jong duif.' [10]Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit. Die voëls het hy nie verdeel nie.[11]Die roofvoëls het op die karkasse begin toesak, maar Abram het hulle weggejaag. [12]Teen sononder het 'n diep slaap Abram oorval, 'n groot donkerte het hom oorweldig. [13]Toe sê die Here vir Abram: 'Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank. [14]Maar Ek sal die nasie straf wat van jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek. [15]Jy sal in vrede sterf en op 'n hoë ouderdom begrawe word. [16]Die vierde geslag ná jou sal hiernatoe terugkom. Dan eers sal die ongeregtigheid van die Amoriete sy volle maat bereik het. [17]Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur. [18]Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abraham en vir hom gesê:……"*

Ons kan hieruit sien dat die liggame van die verteenwoordigende diere verbrysel is. Dit was 'n bloedige gebeurtenis en daar is oor die bloed beweeg tussen die stukke deur.

Die Hebreeuse woord wat gebruik is in 1 Samuel 18:3 vir die sluit van 'n verbond, is "kârath" wat "om te sny" beteken (52, p.17). Die verbondgenote se liggame is gesny sodat die bloed loop en verskillende rituele is aangegaan met die bloed volgens die spesifieke kultuur en verbond. Hulle gewrigte is gesny en dan het hulle mekaar 'n handdruk gegee sodat die bloed meng. In baie gevalle is die bloed verdun en dan gedrink. Jesus is die volmaakte Lam wie se liggaam verbrysel is en se bloed gevloei het tot ons redding (Sien Jesaja 53 wat ongeveer 750 jaar voor Christus geskryf is). Jesus het die nagmaal ingestel en daarop gewys dat die wyn Sy bloed wat vir ons gevloei het verteenwoordig, en ons dit moet drink tot Sy nagedagtenis. Die brood wat gebreek word, verteenwoordig Jesus se liggaam wat vir ons verbrysel is (Matteus 26:26-28).

Die verbondgenote se liggame het met ander woorde 'n merk opgedoen deur die sluit van die verbond. Die gelowige se merk is reeds ongeveer 586 jaar voor Christus geprofeteer:

Jeremia 24:7: *"Ek sal hulle die insig gee om My te ken. Ek is die Here! Hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe terugkom."*

Die verbondgenote neem mekaar aan. Wanneer ons hierdie pad met Jesus stap, gaan Sy lewe ons binne. 2 Petrus 1:3-4: *"[3]Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur Sy heerlikheid en mag. [4]Deur dit te doen, het Hy ons kosbaarste en allerhoogste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur."*

Ons bely dat Jesus Christus ons Here is.

Romeine 10:9: *"As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word."*

Die gelowige se hart is gesny en wil die Here dien, hy wil van die Here ontvang. Romeine 2:28-29: *"[28]Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. [29]Nee hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God."*

'n Verbondskind kan uitgeken word aan 'n hart wat die Here wil dien!

1.2.2 Die uitruil van mantels

1 Samuel 18:3-4: *"[3]Jonatan en Dawid het 'n verbond gesluit omdat Jonatan hom liefgekry het soos homself. [4]Jonatan het die mantel wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, ook sy uitrusting, sy swaard, sy boog en sy gordel."*

Jonatan het sy identiteit en sy vermoë om homself te beskerm aan Dawid oorhandig, en Dawid het dieselfde gedoen. Dawid het Jonatan se identiteit aangeneem. Toe Jonatan sy mantel aan Dawid oorhandig het, het Dawid met ander woorde Jonatan simbolies aangetrek (52, p.18). Wanneer ons Jesus Christus aanneem as ons verlosser, trek ons Jesus se mantel aan. Ons vereenselwig ons met Jesus en raak soos Hy. Ons trek die identiteit van Jesus aan deur te glo in Hom.

Galasiërs 3:22-29: *"[22]Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde; die belofte word vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus. [23]Voordat hierdie geloof gekom het, is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die geloof sou aanbreek. [24]Ons was dus onder toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vry gespreek sou word. [25]Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie. [26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, [27]want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."*

Die gelowige leef welvoeglik:

Romeine 13:12-14*: "[12]Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem. [13]Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. [14]Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie."* Sien ook Efesiërs 4:17-32 en Kolossense 3:1-17.

1.2.3 Die nakom van die verbond se voorwaardes is verpligtend. Die verontagsaming daarvan is strafbaar met die dood.

In Genesis 15 het ons gesien dat Abram die diere in twee moes sny. Die gebruik met die sny van 'n verbond was dat die twee partye tussen die stukke deurbeweeg. Hulle het simbolies die pad van die dood geloop. Dit beteken dat hulle die voorwaardes van die verbond tot die dood toe sal nakom. Indien hulle dit nie doen nie, sal dieselfde met hulle gebeur as wat met die diere se liggame gebeur het.

Die Here het aan Abram die Saad uit sy nageslag, 'n groot nageslag (daarom besnydenis soos in Genesis 17), en 'n land waarin hulle sal woon beloof.

Sien 1 Samuel 20:13-17, 23, 42 om te sien hoe Dawid aan sy verbond met Jonatan gehoorsaam moes wees, en was.

1 Samuel 20:13-17, 23, 42: *"[10]Dawid sê toe vir Jonatan: 'Wie sal vir my kom sê of jou pa jou 'n harde antwoord gegee het?' [11]Jonatan het daarna vir Dawid gesê: 'Kom ons gaan uit veld toe.'*

Hulle twee het veld toe gegaan,[12]en Jonatan het vir Dawid gesê: 'So seker as die Here die God van Israel leef, ek sal my pa môre of oormôre pols. Hy sal gunstig gestem wees teenoor jou. So nie, sal ek na jou toe stuur en dit in die geheim aan jou bekend maak. [13]Mag die Here my om die lewe bring as my pa besluit het om jou dood te maak en ek jou dit nie in die oor fluister nie en jou nie kans gee om veilig weg te kom nie. Mag die Here by jou wees soos Hy by my pa was. [14]En as ek dan nog lewe, moet jy die trou van die Here aan my betoon, sodat ek nie sterwe nie, [15]en jy moet jou trou nooit aan my familie onttrek nie. Selfs wanneer die Here die vyande van Dawid een vir een van die aarde af wegvee,[16]mag Jonatan nie deur die familie van Dawid uitgeroei word nie, want dan sal die Here dit vergeld deur Dawid se vyande.' [17]Jonatan het Dawid dit met 'n eed vir hom laat belowe vanweë sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos homself. [18]Jonatan het ook nog vir hom gesê: 'Môre is nuwemaan, en jy sal gemis word omdat jou leë sitplek opgemerk sal word. [19]Op die derde dag moet jy beslis na die plek toe kom waar jy die vorige keer op die werkdag weggekruip het. Jy moet langs die hoop klippe gaan sit. [20]Ek sal drie pyle aan die kant daarvan verby skiet, asof ek na 'n teiken skiet. [21]Dan sal ek my slaaf stuur: 'Gaan soek die pyle.' As ek uitdruklik vir hom sê: 'Kyk, die pyle is duskant jou; tel hulle op en kom!' is jy veilig en so seker as die Here leef, daar is dan geen gevaar nie. [22]Maar as ek vir hom sê: 'Kyk, die pyle is anderkant jou!' moet jy weggaan. Dan stuur die Here jou weg. [23]En wat die saak betref waaroor ek en jy gepraat het: onthou, die Here is vir altyd getuie daarvan.' [24]Dawid het toe in die veld weggekruip. Met nuwemaan het die koning by die maaltyd aangesit, [25]en hy het soos gewoonlik op sy plek teen die muur gaan sit. Jonatan het regoor hom gesit en Abner langs Saul. Dawid se leë plek is opgemerk, [26]maar op daardie dag het Saul niks gesê nie, want hy het gedink: daar moes iets gebeur het, en hy is dalk nie rein nie, hy mag dalk nie aan tafel kom nie. [27]Die volgende dag van die nuwemaan, die tweede dag, is Dawid se leë plek weer opgemerk. Saul vra toe vir sy seun Jonatan: 'Waarom het die seun van Isai gister en vandag nie na die maaltyd toe gekom nie?' [28]Maar Jonatan het vir Saul geantwoord: 'Dawid het my dringend verlof gevra om na Betlehem toe te gaan. [29]Hy het gesê: 'Laat my tog gaan, want ons het 'n familie-offer in die stad. My broer self het my laat roep. As u dit goedvind, laat my dan tog gaan sodat ek my broers kan gaan besoek.' Daarom het hy nie aan die koning se tafel verskyn nie.' [30]Toe het Saul hom bloedig vererg vir Jonatan en gesê: 'Jou rebelse ellendeling! Jy verkies mos die seun van Isai tot jou eie skande en tot skande van jou ma wat jou in die wêreld gebring het. [31]Solank die seun van Isai op hierdie aarde leef, sal daar nie plek wees vir jou en jou koningskap nie. Stuur en bring hom na my toe, hy moet dood!' [32]Daarop het Jonatan sy pa geantwoord en gevra: 'Waarom moet hy doodgemaak word? Wat het hy gedoen?' [33]Toe Saul die spies na Jonatan mik om hom dood te maak, het Jonatan geweet sy pa is vasbeslote om vir Dawid om die lewe te bring. [34]Woedend het Jonatan van die tafel af opgestaan en op die tweede dag van die nuwemaan niks geëet nie omdat hy bekommerd was oor Dawid en omdat Saul vir Dawid so sleg behandel. [35]In die môre het Jonatan volgens sy afspraak met Dawid uitgegaan na die veld toe, en daar was 'n jong slaaf by hom. [36]Hy het vir sy slaaf gesê: 'Hardloop, gaan haal die pyle wat ek afskiet.' Die slaaf het gehardloop en Jonatan het die pyl by hom verby geskiet. [37]Toe die slaaf by die plek kom waarheen Jonatan die pyl geskiet het, het Jonatan agter hom aan geroep en gesê: 'Die pyl lê verder.' [38]Jonatan het weer agter hom aan geroep: 'Maak gou! Vinnig! Moenie tyd mors nie!' Die slaaf het toe die pyl opgetel en na Jonatan toe gekom. [39]Hy het van niks geweet nie. Net Jonatan en Dawid het daarvan geweet. [40]Jonatan het sy wapens aan die slaaf wat by hom was, gegee en vir hom gesê: 'Loop! Vat dit stad toe.' [41]Toe die slaaf weg was, het Dawid opgestaan langs die kliphoop en op sy knieë geval en drie maal vooroor gebuig. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil totdat Dawid baie ontroerd geword het. [42]Jonatan het vir Dawid gesê: 'Gaan in vrede omdat ons twee in die Naam van die Here trou gesweer het en gesê het: Die Here is vir altyd daarvan getuie tussen ons en tussen ons twee se nageslagte.' [43]Dawid het toe klaargemaak en weggegaan, maar Jonatan is terug stad toe."

Die mens moes aan die verbond gehoorsaam wees. Hulle moes die Here liefhê en geen ander gode dien nie. Sien hoe die Here optree teen mense wat hulle verbond met Hom verbreek in Jeremia 34:12-22: *"[12]Toe het die woord van die Here tot Jeremia gekom: [13]So sê die Here die God van Israel: Die dag toe Ek julle voorvaders uit die plek van slawerny, uit Egipte laat wegtrek het, het Ek 'n verbond met hulle gesluit: [14]Aan die einde van sewe jaar moet julle elke Hebreeuse volksgenoot wat hom as slaaf aan julle verkoop het, vrylaat. Nadat hy julle ses jaar lank as slaaf gedien het, moet julle hom vrylaat en van julle af wegstuur. Maar julle voorvaders het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie. [15]Julle het onlangs egter tot bekering gekom en gedoen wat reg is in my oë deur julle volksgenote wat slawe was, vry te laat. Julle het selfs 'n ooreenkoms voor My aangegaan in die huis waaroor my Naam uitgeroep is. [16]Maar nou het julle weer van gedagte verander en my Naam onteer toe elkeen sy slaaf en slavin wat hy vrygelaat het om sy eie gang te gaan, gedwing het om weer julle slawe en slavinne te wees. En julle mishandel hulle. [17]Daarom, so sê die Here: Julle het nie na My geluister nie. Julle het nie julle volksgenote vrygelaat nie. Daarom laat Ek julle nou vry, sê die Here, vry vir oorlog, vir pes en vir hongersnood, en Ek maak julle tot iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik. [18]Elkeen wat hom nie gesteur het aan die verbond met My en die voorwaardes van die ooreenkoms wat hulle in my teenwoordigheid aangegaan het, nie*

nagekom het nie, sal Ek maak soos die kalf wat julle met die verbondsluiting in twee stukke gesny en toe daartussendeur geloop het. [19]Ek sal die leiers van Juda, die leiers van Jerusalem, die paleisamptenare, die priesters en al die landsburgers wat tussen die twee stukke van die kalf deur geloop het, [20]in die mag van hulle vyande oorgee, in die mag van dié wat hulle lewe soek. Hulle lyke sal gevreet word deur voëls en roofdiere. [21]Ek sal koning Sedekia van Juda en sy amptenare in die mag van hulle vyande oorgee, in die mag van dié wat hulle lewe soek, in die mag van die leër van die koning van Babel al het dit nou van jou af weggetrek. [22]Ek sal hom 'n nuwe opdrag gee, sê die Here, Ek sal hom terugbring na hierdie stad toe. Hy sal teen die stad veg en dit inneem en verbrand. Ek sal al die stede van Juda verlate maak, sonder inwoners."

Die Here het tussen die stukke deurbeweeg (Genesis 15:17) en het getrou gebly aan Sy verbond met die mens. Sien byvoorbeeld Eksodus 6:4: *"en Ék het ook gehoor die gekerm van die kinders van Israel wat deur die Egiptenaars in slawerny gehou word, en Ek het aan my verbond gedink."*

Hy was die God van Abraham, Isak en Jakob gewees en het die volk verlos uit Egipte 400 jaar na die belofte aan Abraham (soos geprofeteer), en die Messias is uit Abraham se nageslag gebore.

Die mens het egter ander gode begin dien wat strafbaar is met die dood. Sien byvoorbeeld Eksodus 32:19 en Jesaja 24. Jesus Christus het gekom as die Seun van God, maar ook die Seun van die mens, en het die straf van die dood namens die mens kom ontvang.

1.3 Die Goddelike Verbond, ewige verbond

Kay Arthur (52, p.125) verduidelik dat die gebruik van 'n verbond reeds ontstaan het lank voordat die Here formele gebruik gemaak het van die konsep vir die openbaring van verlossing. Verbonde is aangegaan lank voordat die Here verbonde met Noag en Abraham aangegaan het. Dit het die mens voorberei om die belangrikheid van 'n verbond te verstaan in 'n wêreld wat verdeel is deur sonde. Dit help ons om die Goddelike openbaring te verstaan wanneer die mens se verhouding met God as 'n verbondsverhouding verteenwoordig word. Die Here het die mens se lewe so georden dat die gebruik van die verbond ontstaan het as een van die pilare van sosiale lewe. Nadat dit so ontwikkel het, het Hy dit gebruik om die verhouding tussen Hom en die mens voor te stel. Die verbondsverhouding tussen God en die mens het dus bestaan van die begin af, lank voor die formele bevestiging met Abraham.

Ons kan in die Bybel lees dat daar vyf ewige Goddelike verbonde is:

1) Die verbond met Noag (Genesis 9:11-17)

2) Die verbond met Abraham (Genesis 17:7)

3) Priesterlike verbond (Numeri 25:10-13)

4) David verbond (2 Samuel 23:5)

5) Nuwe verbond (Jeremia 32:40)

In 'n verbond word beide partye verbind tot die nakom van spesifieke beloftes gegrond op sekere voorwaardes. Die verhouding tussen die Here en die mens sluit beide 'n verbond van werke en 'n verbond van verlossing in. Beide is monopleuristies en is deur God ingestel. Die Here beskik oor prioriteit in beide, maar dit is steeds verbonde. Die Here het deur Sy genade neergedaal na die vlak van 'n mens en die mens met respek behandel op soortvan 'n vlak van gelykheid. Hy het Sy opdragte en beloftes duidelik uiteengesit. Die mens beskik oor die vermoë om 'n vrye keuse te maak vir dit wat die Here beveel en bekom in die proses die erfgenaam van die seën wat daaruit vloei. Dit is die verbond van verlossing.

Die mens kan in die verbond van werke die voorwaardes nakom deur middel van sy eie natuurlike bestaan, maar in die verbond van verlossing (genade) kan hy dit slegs nakom deur die herskeppende en heiligmakende werking van die Heilige Gees. Die Here openbaar in die mens om beide te wil en te doen. Dit word genoem die verbond van genade want dit is 'n openbaring van die genade van God. Die mens ontvang al die seën as 'n geskenk van Goddelike genade.

Wanneer daar gepraat word van "mense van die verbond", sluit dit Israel in wat onder Jehovah (God van verlossing, die Here) se onveranderlike verbonde ingesluit is (ou verbond Deuteronomium 30:20), maar is ook onder 'n ander verbond, die nuwe verbond (Jeremia 31:31-

34). Dit sluit ook die Kerk in wat alle gelowiges is van vandag, wat onder die nuwe verbond val deur die bloed van Christus (Matteus 26:27-28 en 1 Korintiërs 11:25).

Jeremia 31:31-34 reeds ongeveer 586 jaar voor Christus geskryf: *"[31]Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [32]Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. [33]Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal My woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. [34]'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: 'Jy moet die Here dien' nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.'"*

Kyk na Jesus se woorde in 1 Korintiërs 11:25: "*Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: 'Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur My bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot My gedagtenis.'"*

W.Eichrodt (Theology of the Old Testament, London, 1967) word deur Kay Arthur aangehaal (52, p.128) wat daarop wys dat die konsep van die verbond bevestig dat Israel se geloof histories korrek is. Dit is nie die verbeelding van latere generasies nie. Om by te voeg, laasgenoemde is hoe die mitiese gode ontstaan het.

1.3.1 Die Ou Verbond – die ewige verbond

In Genesis 11:10-32 kan gelees word (in detail) dat Abraham uit die nageslag van Sem gebore is. In Genesis 12 lees ons dat die Here vir Abraham geroep het en dat die volk Israel uit Abraham gebore sal word:

Genesis 12:1-3: *"[1]Die Here het vir Abram gesê: 'Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. [2]Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. [3]Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.'"*

Die beloftes wat deur die Here aan Abraham gemaak is, is as volg:

- 'n Groot nageslag
- 'n Land
- In hom alle volke van die aarde geseën sal wees.

In Genesis 15:18-21 sluit die Here die verbond met Abraham (op daardie stadium nog Abram)

Genesis 15:18-21: *"[18]Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: 'Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier.; [19]die land van die Keniete, die Kenissiete en die Kadmoniete, [20]die Hetiete, die Feresiete en die Refaïete, [21]die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete.'"*

Die Here het Self aan Abraham verskyn en hom 'n seun belowe (Genesis 18). Isak is vir Abraham gebore volgens die Here se belofte (Genesis 21).

Abraham se geloof is op die proef gestel deurdat hy vir Isak moes offer (Genesis 22). Hierdie gebeurtenis het plaasgevind op die dorsvloer van Arauna, wat Dawid later gekoop het en waar die Tempel opgerig is in Jerusalem (sien 2 Kronieke 3). Isak was Abraham se enigste seun wat hy liefgehad het, Isak moes self die hout na die altaar dra en die Here het Self die offerlam voorsien. Die gelowige kan sien dat dit wys op die Messias wat die Offerlam was, en Self Sy kruis gedra het en dan ook die Gesalfde is wat gekruisig is.

Van watter geloof word hier verwys wat op die proef gestel is? Die Here het aan Abraham verskyn en met hom gepraat. Dit gaan dus nie oor die geloof of daar 'n God is nie. Die geloof waarna hier verwys word is dat daar 'n groot nageslag vir hom gebore sou word en dat alle nasies deur hom geseën sal wees. Indien Isak sou sterf, hoe sou die nageslag gebore word? Abraham moes glo dat die Here sal voorsien. En die Here het ook voorsien deur die lam. Ons kan ook vandag glo dat ons deel is van die "alle nasies" en die Here het voorsien deur die Lam, en die Lam sal weer kom om ons te kom haal.

Die Messias se versoeningsdood is, en was, 'n ewige realiteit vir alle gelowiges, insluitend die in die Ou Testamentiese tyd:

In Genesis 3:15 sê die Here vir die slang:

1983 vertaling: *"Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."*

New King James Version: *"And I will put enmity between you and the woman, and between your seed and her Seed; He shall bruise your head, and you shall bruise His heel."*

Let op dat die nageslag van die vrou (Eva) met 'n hoofletter geskryf word "Seed". Dit is ook die geval in die oorspronklike Engelse Joodse Bybel. Laasgenoemde stem ooreen met die Ou Testament van die Bybel. Dit wys daarop dat hier verwys word na die Messias, die Gesalfde. Met ander woorde, die Christus.

Die Here gee verlossing aan die wat in Hom glo. Hy het Hom oor-en-oor baie duidelik aan die mens geopenbaar en ook deur Sy verbond met Abraham dit vir almal moontlik gemaak om Hom te ken.

Galasiërs 3:2-9: *"[2]Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die Evangelie te glo? [3]Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig? [4]Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie! [5]Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die Evangelie glo? [6]So was dit ook met Abraham: 'Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.' [7]Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is. [8]Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: 'In jou sal al die nasies geseën word.' [9]Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word."*

Kyk na Jesus se woorde in Johannes 8:56: *"Abraham, julle voorvader, het hom daaroor verheug dat hy die dag van My koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly."*

Galasiërs 3:14*: "Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het."*

Galasiërs 3:29: *"En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."*

Efesiërs 2:8: *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."*

Die verbond met Abraham is 'n Goddelike verbond, dit is 'n ewige verbond. Ons is daardeur ingesluit deur geloof in Jesus Christus se reddingsdaad. Dit is vandag nog geldig en ons kan, net soos Abraham, glo in die belofte van die Here en uitsien na die wederkoms van Christus.

1.3.2 Die Wet – die verbond bevestig met Moses – volbring deur Christus

Vierhonderd jaar na die verbond gesluit is met Abraham, het die Here Sy verbond met die Israeliete bevestig by die berg Sinai.

Eksodus 19:5-6*: "[5-6]As julle My gehoorsaam en julle aan My verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My. Dit is wat jy aan die Israeliete moet vertel."*

Die Here het dit ook so gedoen dat daar geen twyfel kon bestaan van Sy almagtige teenwoordigheid nie. Die volk het so bang geword dat hulle Moses gevra het om met hulle te praat en nie die Here nie (Eksodus 19 en Deuteronomium 7-8).

Eksodus 19:9: *"Toe het die Here vir Moses gesê: 'Ek kom na jou toe in 'n donderwolk. Die volk sal My kan hoor wanneer Ek met jou praat en dan sal hulle altyd vertroue in jou hê.'"*

Eksodus 20:22: *"Toe sê die Here vir Moses: 'So moet jy vir die Israeliete sê: Julle het nou self ervaar dat Ek uit die hemel met julle kom praat het.'"*

Ons het in Hoofstuk 5 ook gesien dat die ramshoring by hierdie gebeurtenis geblaas het. Dit was die begin van die Feeste van die Here wat jaarliks gevier is. Die priesters het begin met die nuwe kalender soos die Here hulle beveel het in Levitikus 23.

Die volk het egter gesondig by die berg Sinai wat veroorsaak het dat hulle 40 jaar in die woestyn moes trek. Die Here het egter deurentyd steeds voorsien deur kwartels en manna, hulle klere het nie van hulle afgeval nie (Deuteronomium 29:5) en die Here se teenwoordigheid in die Tent van ontmoeting.

Aan die einde van die veertig jaar bevestig die Here weer Sy verbond met die Israeliete by Moab soos gesien kan word in Deuteronomium 29.

Indien ons verstaan dat die woord "verbond" en die woord "testament" dieselfde beteken, is dit ook duidelik dat 'n verbond daarop wys van dit wat iemand bekom by die afsterwe van een van

die partye. Die Messias het gesterf aan die kruis wat die ou verbond volbring het – verlossing aan alle nasies. Slegs deur geloof in hierdie verlossingsdaad bring saligheid vir die mens.

Sewehonderd-en-vyftig jaar voor Christus skryf Jesaja in Jesaja 8:14-15*: "[14]Hy sal vir julle 'n veilige beskutting wees, maar vir die twee koninkryke Juda en Israel sal Hy 'n klip wees waarteen 'n mens jou stamp, 'n rots waaroor jy struikel. Vir die inwoners van Jerusalem sal Hy 'n vangnet en 'n strik wees. [15]Baie van hulle sal struikel en val, verstrik en gevang word ; hulle sal verpletter word."* Paulus bevestig in Romeine 9:32-33*: "[32]Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel [33]waarvan daar geskrywe staan : "Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie."*

In Johannes 5:46-47 lees ons dat Jesus bevestig het dat Moses van Hom geskryf het, Hy is die Messias wat verlossing bewerkstellig het deur te sterf aan die kruis en die ou verbond volbring het. *"[46]As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe. [47]Maar as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?"*

1.3.2.1 Die Messias steeds profeties uitgewys

Deuteronomium 18:18-19. *"[18]Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy (Moses) wees. Ek sal My woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel. [19]Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie."* (ongeveer 1220 voor Christus geskryf)

Jesaja 16:4-5: *"[4]Neem Moab se vlugtelinge in beskerming, wees vir ons 'n skuilplek teen dié wat vir ons wil vernietig!' Wanneer die nood verby is, die verwoesting tot 'n einde kom en dié wat die land vertrap, weg is, [5]sal die Here in sy trou 'n troon oprig, en daarop sal 'n heerser sit uit die nageslag van Dawid. Hy sal betroubaar wees: hy sal hom beywer vir wat reg is, hy sal reg laat geskied."* (ongeveer 750 voor Christus geskryf)

Jesaja 54:9-10: *"[9]Soos met die waters van Noag is dit vir My: soos Ek met 'n eed bevestig het dat die waters van Noag nie weer die aarde sal oorstroom nie, so bevestig Ek met 'n eed dat Ek nie langer toornig op jou sal wees en jou sal straf nie. [10]Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, My vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet."*

1.3.3 Die Nuwe Verbond

In hoofstuk 2 het ons gesien dat Jesus die Aangesig van God op die aarde is. Hy is ook die Engel van die verbond: Ongeveer 430 jaar voor Christus profeteer Maleagi dat Jesus is die Engel van die verbond:

Maleagi 3:1-2*: "[1]Ek gaan nou My boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na Sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige. [2]Maar wie kan die koms van dié Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn?"*

Jesus is die Messias (Christus), die beloofde Een. Messias is die Ou Testamentiese woord vir Christus, wat beteken "die beloofde een". Hy het aarde te gekom en wonderwerke kom doen, en die wonderlikste van alles, uit die dood opgestaan, sodat ons kan glo en gered kan wees.

Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja soos volg: Jesaja 42:5-9: *"[5]So sê God, die Here, Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg; [6]Ek is die Here. Omdat Ek getrou is aan my verbond, het Ek jou geroep. Ek hou jou vas, Ek beskerm jou en Ek maak jou My verbond met My volk, My lig vir die nasies. [7]Jy sal blindes laat sien, jy sal gevangenis uit die tronk bevry; wie in die donkerte van die gevangenis sit, sal jy laat uitgaan. [8]Ek is die Here, dit is My Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie. [9]Wat Ek vroeër aangekondig het, het plaasgevind. Ek kondig nuwe dinge aan. Voor dit begin gebeur, laat Ek julle daarvan hoor."*

Die wet van Moses is ingestel om die mens te help om in gehoorsaamheid met die Here te leef en het ook die Messias profeties voorgehou. Die Messias, Jesus Christus, het aan die kruis gesterf, en uit die dood opgestaan om sodoende die gelowige toegang tot die Here te gee. Esra het die volk se verhouding met die Here herstel deur die wet weer te implementeer. Jesus het die wet vervolmaak deur Sy kruisdood en opstanding en ons verhouding met die Here herstel. Jesus het die wet vervolmaak deurdat Hy Self die Lam is wat geoffer is, en Self die nagmaal is

(brood & wyn) en Self Immanuel Is: "Ek Is". Die volk het die wet gehad, vandag het ons die Woord.

Jesus is die Nuwe Verbond wat die ou verbond vervang het. Hebreërs 8:13*: "Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn."*

Die Woord van die Here word aan ons geopenbaar deur die Heilige Gees. Jesus het gesê dat Hy die Heilige Gees gaan uitstort. Dit het dan ook gebeur op die Fees van Weke wat toe Pinkster gedoop is (Hoofstuk 5).

Ongeveer seshonderd jaar voor Christus profeteer Jeremia reeds dat die Heilige Gees uitgestort gaan word: Jeremia 31:33: *"Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal My woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees."*

Die ou verbond het gehandel oor die land en nageslag waaruit seën vir alle nasies sal kom. Die teken van hierdie verbond was die besnydenis. Die nuwe verbond sluit nou hierby aan maar hou ewige verlossing in, Jesus Christus.

Hebreërs 7:22-25*:"[22]So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword. [23]Daar is ook 'n ander verskil: omdat die dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te bly, was daar baie wat mekaar opgevolg het. [24]Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie. [25]Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree."*

In 1 Petrus 1:11 kan gelees word dat dit juis die Gees van die Here Jesus is wat die profete van die Ou Testament geïnspireer het.

1 Petrus 1:11: *"Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspeur wat die tyd en die omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het."*

Hulle het die Messias se verlossingsdaad gesien en verstaan. Ongeveer 750 jaar voor Christus skryf Jesaja in verlede tyd van die Messias soos gesien in Jesaja 53.

Jesaja 53:5: *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."* (53 vertaling) Terloops, ons kan sien hier word verwys na kruisiging – "deurboor". Die tyd toe Jesaja hierdie woorde geskryf het, is kruisiging nie gedoen nie. Kruisiging is eers later deur die Romeine ingestel. Jesus is gekruisig deur die Romeinse gebruik om 'n misdadiger te verneder. Dit wys weereens op die egtheid van die profesie wat hier oor getuig is.

Jesus is beskou as misdadiger en is gekruisig. Hy het dit self ook voorspel: Lukas 22:37: *"Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: 'En Hy is as misdadiger beskou,' moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling.'"*

Jesus verduidelik aan die Emmaus gangers in Lukas 24:25-26 en dan aan Sy dissipels in Lukas 24:44-45 dat Hy die wet van Moses vervul het. Hulle is nou toegerus om die Kerk te begin.

Lukas 24:44-45: *"[44]Daarna sê Hy vir hulle: 'Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.' [45]Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan."*

Hebreërs 1:3*: "Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."*

Deur middel van die wet het die Here die mens voorberei vir die Nuwe Verbond. Galasiërs 3:19-20: *"[19]Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee. [20]Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een."*

Daar is geen tussenganger, met ander woorde nie eers onsself of 'n ander profeet, of verteenwoordiger, of sogenaamde openbaring, buite/of na, Christus wat die wet kon vervolmaak nie, of die rol van die Engel van die verbond kon oorneem nie. Dit sou ook nie sin maak vir God om na Christus iemand anders te stuur om sogenaamd finaal te openbaar wat God se verlossing vir die mens inhou nie. Al Persoon wat die finale Woord Is, is Jesus Christus, die Beloofde Een. Dit maak baie sin, want Hy is die Waarheid, die Woord van God.

'n Mens kan slegs gered wees indien jy jouself sien as verdoem onder die wet, maar gered deur die bloed van Christus.

Galasiërs 4:21-5:18 *“4:21Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie? 22Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene. 23Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die vrygeborene kragtens 'n belofte van God. 24'n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar. 25Hagar staan vir Sinaiberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe. 26Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder. 27Daar staan immers geskrywe: “Verbly jou, onvrugbare wat nie kinders kon hê nie. Juig van vreugde, jy wat nooit moeder kon word nie, want die kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is, sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by haar is.” 28En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God. 29Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolg wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so. 30Maar wat sê die Skrif hiervan? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie.” 31Ons is dus nie kinders van 'n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye. 5:1Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. 2Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie. 3Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou. 4Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur. 5Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word. 6In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan. 7Julle was so goed op pad. Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam? 8Wie het julle omgepraat? Nie God nie; Hy roep julle tot gehoorsaamheid. 9'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg. 10Ons band met die Here gee my die vertroue dat julle net so sal dink soos ek. Maar die man wat vir julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf. 11Wat my betref, broers, as ek nog verkondig dat 'n mens besny moet word, waarom word ek dan nog vervolg? Dan is die kruis as struikelblok mos uit die weg geruim. 12Ek wens die mense wat dié verwarring onder julle stig, wou hulleself dan maar heeltemal ontman! 13Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. 14Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” 15Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie. 16Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. 17Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. 18Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.”*

Jesaja 59:20-21: *“20Die Here kom na Sion toe as Verlosser, na dié toe in Jakob wat hulle van hulle sonde bekeer. So sê die Here. 21Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.”*

Bestudeer ook Romeine 14.

Die Offers

Die mens het nog altyd gesoek na God. Oerbevolkings het nog altyd aanbid. Hulle het ‘n verhouding gehad met een God. Dit is meer onlangs dat die mitiese dwaalleer ingetree het en die mens laat glo het daar is meer as een god. Dit is ook meer onlangs dat andere verkeerdelik begin glo het dat god een of ander magiese krag is sonder persoonlikheid.

Die Skepper van die heelal het Hom duidelik aan die mens openbaar. Hy het Sy Naam vir ons gegee en Sy stempel duidelik afgedruk op die mensdom. Ons het Hom leer ken as die God van die verbond (Ek Is - Jahweh – Here – Lord). Hy het dit duidelik gestel dat daar geen ander is soos Hy nie. Dit maak tog sin! Niks kan vanuit niks ontstaan nie. Niks kan nie iets skep nie. Iets gebeur nie spontaan vanuit niks nie.

Indien daar vir jou gelieg word, selfs subtiel, dat die heelal nog altyd daar was en dat dit deur die verloop van miljoene jare spontaan ontstaan het, word die hoogs-ingewikkelde ontwerp van die heelal heeltemal misgekyk. Die ingewikkelde ontwerp van die heelal kon nie spontaan ontstaan sonder ‘n intelligente Persoonlikheid wat dit daargestel het nie (Teleologiese Argument van Newton). Die intelligente Persoonlikheid sou ook nie ‘n hoogs-ingewikkelde ontwerp daarstel sonder ‘n doel nie. Enigiets wat ‘n begin gehad het, het ‘n doel gehad. Die wetenskap het duidelik bewys dat die heelal ‘n begin gehad het, dus het dit ‘n doel gehad (Kosmologiese

Argument van Einstein). Die grootste wetenskaplikes van alle tye het geglo dat daar ‘n Skepper moes gewees het.

Die Skepper van die heelal is beslis nie net een of ander vorm van energie nie. Hy is ook nie slegs een of ander neutrale vorm van teenwoordigheid nie. ‘n Onpersoonlike en onintelligente vorm van sogenaamde energie, of krag, kan nie skeppend wees nie, veral nie doelloos nie. Een van die grootste denkers van die moderne tyd, CS Lewis, het getuig dat dit juis die besef van moraliteit is wat hom tot geloof in die Skepper gebring het. CS Lewis het gesê dat ‘n mens nie kan weet iets is verkeerd indien jy nie weet wat reg is nie. “Hoe kan ek weet ‘n lyn is krom, as ek nie weet hoe lyk ‘n reguit lyn nie?” Duidelik weet enige normaal denkende mens wat reg en wat verkeerd is. Dit is deur die Skepper in die mens geplaas met ‘n doel.

Die heilige Persoonlikheid van die Skepper kan ervaar word in gehoorsaamheid tot Sy Wese. Dit staan soos ‘n paal bo water uit. Dit moet nie verwar word met enigiets anders nie. Hy het ‘n Naam, die Here. Hy het elke mens ‘n unieke persoonlikheid gegee wat hom met Sy Persoonlikheid kan vereenselwig. Hulle kan in verhouding staan met mekaar uit vrye wil. Dit is dan ook die belangrikste eienskap van ‘n liefdesverhouding, uit vrye wil en duidelik afhanklik van unieke persoonlikhede.

In Genesis 10 reeds kan gelees word dat die mens egter afgewyk het van die Persoon van God af. Wellus het ingetree. Nimrod het ongeveer 2000 jaar voor Christus geleef en voorgehou dat wellus die doel van die mens is. Deur jou oor te gee aan drank en seksuele wellus, volgens hom, was die hoogste vorm van lewe. Hy het byvoorbeeld ook sy eie ma, Semiramis, as vrou geneem. Sy was die oorspronklike “Madonna”, die prostituut met blonde hare. Net soos Nimrod, is sy ook later vergoddelik en aanbid as die “Hemelkoningin” (Meer hieroor later in Hoofstuk 8).

Vanaf ongeveer 500 voor Christus het die groot filosowe op die voorgrond gekom, die “wyshere”. Hulle het dit weer voorgehou dat alle kennis deur die mens self bekom kan word deur die proses van beredenering (rasionalisme). Hier word verwys na mense soos Sokrates, Aristoteles, Plato, en nog baie ander. Vir hulle was die menslike denke die enigste weg tot ‘n volmaakte lewe. Die groot fout wat hulle begaan het, is deur hulleself te beperk tot menslike denke! Dink byvoorbeeld hieraan: Kan ‘n hond die mens verklaar? Die logiese antwoord is – nee. ‘n Hond kan nie sy eienaar verklaar nie omdat hy nie oor die verstandelike vermoë beskik om dit te doen nie. Ironies is dat die mens nie die Skepper van die hond is nie. Die gaping tussen die Skepper en ons is nog groter. Die mens beskik nie oor die verstandelike vermoë om sy Skepper te kan verklaar nie. Ons is wel so geskep dat ons Hom (Sy Persoon) kan ken en bewonder, maar as ons Hom nie kan verklaar nie (en ons kan nie), beteken dit beslis nie dat Hy nie bestaan nie.

Dit raak meer duidelik hoekom ‘n ware wysheer en een van die eerste teoloë, Tertullianus, reeds ongeveer 230 jaar na Christus gesê het dat hy die werking van die Satan geïdentifiseer het: 1) Hy het die Vader gekruisig; en 2) Hy het die Heilige Gees op vlug gestuur. Met ander woorde:

1) Die mens het sy persoonlike verhouding met die Vader verloor. Daar is nie meer een ware God wat aanbid word nie. Daar is nou ‘n magdom van valse, en mitiese gode, en selfs baie wat glo daar is geen God nie.

2) Die Persoon van God word aan ons geopenbaar deur die werking van die Heilige Gees. Ons kan nie iemand ken indien ons nie die persoon se persoonlikheid kan ervaar nie. Iemand sonder ‘n persoonlikheid het nie ‘n teenwoordigheid nie. Jy kan hom nie ken nie! Iemand wat meer as een persoonlikheid het, word na verwys as skisofrenies. Daar is groot fout met hom. Die Almagtige Skepper van die heelal is beslis nie sonder persoonlikheid nie, en manifesteer ook nie met meer as een persoonlikheid nie. Hy is heilig. Dink mooi, jy sal nie in ‘n varkhok wil woon nie. Hoekom moet God dit doen!? Nog minder sal ons die Here deur middel van ‘n geestelike varkhok vind.

Daar waar na menslike wellus gesoek word, is die Gees van God afwesig. Jy kry net wat jy soek, menslike genot met geestelike verlatenheid. Laasgenoemde is selfvernietigend en lei tot die dood. Slegs die Skepper kan lewe gee, die ewige lewe. Die ewige lewe word verkry in teenwoordigheid (in gehoorsaamheid en in soeke) na die Persoon van God. Hy is die Lig vir die wêreld.

Indien ons iemand wil leer ken, moet ons dit dan doen. Ons moet die persoon leer ken. Jy moet jou gedagtes vereenselwig met wie die persoon is. Jy kan nie iemand ken sonder om te weet wie hy is nie. Die Here het ons so geskep dat ons Hom kan ken. Hy het Hom vereenselwig met die mens as die God van die verbond sodat ons met Hom kan vereenselwig. Sodat ons Hom kan leer ken.

Die Ou Testament van die Bybel vestig die mens se aandag op die Persoon van God. Dit gee aan die mens die verwysingsraamwerk om Hom te leer ken. Terselfdertyd word die hunkering na die Wonderlike Persoonlikheid van God, die Here, al hoe groter. Dit kan nie anders nie. Die

ontdekking word gemaak dat volmaakte vreugde se oorsprong buite die menslike verwysingsraamwerk val.

Sien Jesus Christus se woorde in Johannes 16:24: *"Tot nou toe het julle nog nie in My Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."*

Dit is nie iets wat deur beredenering bereik kan word nie, maar deur aanbidding. Die aanbidder se verwaande opinie oor God verander na 'n unieke persoonlike getuienis van 'n lewende verhouding met die Skepper.

Slegs iemand wat 'n persoonlikheid vir jou het, kan 'n teenwoordigheid by jou hê. Sy hele wese, karakter en identiteit spreek jou aan op 'n unieke wyse. Slegs dan kan daar sprake wees van 'n verhouding. Dit sou geen sin maak vir die Skepper van die heelal om die mens te skep met elkeen 'n unieke persoonlikheid, en hulle net daar te los nie. Die wese van die mens is so geskep om die volmaakte Wese van God te soek. Dit is veral belaglik om te dink dat die Skepper self oor geen persoonlikheid beskik nie. Hy is nie intellektueel ondergeskik aan Sy skepsels nie. Hy sal beslis ook nie manifesteer met verskillende identiteite nie. 'n Mens kan jouself die vraag afvra: Hoe sterk getuig 'n gebrek aan identiteit?!

Jy kan ook nie 'n verhouding hê met 'n onpersoonlike vorm van energie, of toestand, nie. 'n Mens kan wel in 'n "trans" ingaan wat 'n neutrale toestand is van die brein. Dit word ingeoefen om telkens 'n hoër status van verligting, of belewing (enlightment) te bereik. So 'n proses hou geen toekomsperspektief in nie, behalwe om weer in 'n sekere toestand te verkeer nie.

'n Verhouding met 'n ongenadige god, wat geen belangstelling toon in jou as persoon nie, maak ook nie sin nie. 'n Sinvolle verhouding bestaan slegs tussen twee persone wat mekaar ken en respekteer. Dit maak sin en het positiewe toekomswaarde wanneer die twee partye in gehoorsaamheid tot mekaar se verwagtinge leef. Hierdie proses is dus afhanklik van ongetwyfelde sekerheid van identiteit. Jy weet met wie het jy te doen.

Die Here het Sy Naam vir die mens gegee en selfs 'n verbond aangegaan (Genesis 15) om die moontlikheid van 'n verhouding met Hom duidelik te maak. Die mens se aandag is gevestig op hierdie besondere verhouding wat ewigheidsperspektief inhou. Jy kan die Skepper ken en Sy kind wees. Hy sal jou God wees die ewigheid in.

Die noodsaaklike proses om die Skepper van die heelal, die Here, te leer ken is 'n wonderlike (bo menslike denke), geestelike pelgrimstog. Wanneer 'n mens besef dat die bo-natuurlike 'n realiteit is, die geestelike is waar, begin jou lewe sin maak deur die Persoon van God te ontdek.

Kyk wat getuig Paulus oor Jesus Christus in Kolossense 2:9: *" [9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."*

Gehoorsaamheid aan die Waarheid laat 'n mens fokus op dit wat saak maak. Dit hou jou besig met waardevolle verwagtinge. Reeds ongeveer 1300 jaar voor Christus het die Here dit vir die mens moontlik gemaak deur gebruike in te stel wat die aandag op Hom vestig. Hier word verwys na offers. Die offers was 'n proses van herdenking en kan gelees word van in die eerste sewe hoofstukke van die boek Levitikus.

In sy boek, Thus Shalt Thou Serve, wys CW Slemming (58, p.11-12) daarop dat die offers ook toekomstige vervulling ingehou het in die geskiedenis van Israel. Dit het ook van die grootste leerstellings van die Kerk voorgegaan. Met uitsondering van een, was die offers 'n proses van opoffering wat die vloei van bloed vereis het. Dit is omdat hulle beeldend die een groot offer wat gemaak moes word voorgehou het, en dit is die dood van die Here Jesus Christus. Om by te voeg, die een offer wat nie die vloei van bloed vereis het nie, is genoem die Versoeningsoffer (Peace Offering). Dit kon slegs deur Jesus moontlik gemaak word omdat dié Goddelike Offer vir ewig die vloei van bloed volbring het om in verhouding met die Skepper te kan staan. Die mens kan nou deel wees van die verbond wat die Here met Abraham aangegaan het deur geloof in die Volmaakte Offer, die Lam van God - Jesus Christus, wat gemaak is aan die kruis buite Jerusalem (Sion) – volgens die Geskrifte.

In Levitikus 23 kan gelees word van feeste wat deur die Here ingestel is. Die offers was opofferend en die feeste was seremonieel. Die offers dui op die mens soeke na God deur opoffering en die feeste dui op die mens se verhouding met God deur afstand te doen van sonde.

Slemming sê ook dat al die offers, in detail, nie oorgelaat was aan menslike verbeelding, of interpretasie nie. Dit het alles die fokus geplaas op gehoorsaamheid.

- Die heiligheid van God het 'n offer genoodsaak
- Die majesteit van God het sekere regulasies genoodsaak
- Die eer van God het spesifieke optrede genoodsaak (code of conduct)
- Die volmaaktheid van God het die beste vereis

- Die reinheid van God genoodsaak vryheid van smet
- Die soewereiniteit van God genoodsaak absolute gehoorsaamheid aan detail

Geen offer wat deur die mens gemaak is, was egter voldoende nie. Daar was verskillende tipes offers waar diere en graan geoffer is om toenadering by God te soek:

- Levitikus 1: Die brandoffer
- Levitikus 2: Die graanoffer
- Levitikus 3: Die maaltydoffer (versoeningsoffer)
- Levitikus 4: Die sondeoffer
- Levitikus 5: Die skuldoffer

Slemming wys daarop dat al hierdie offers deur die Here aan Moses gedikteer is. Niks was oorgelaat aan die mens se verbeelding nie. Die offers is gegee in die volgorde soos hierbo aangedui, maar dit is egter nie die volgorde waarin dit herdenk is nie. Die volgorde waarin dit herdenk is, was soos volg:

1) Brandoffer
2) Graanoffer
3) Sondeoffer
4) Skuldoffer
5) Versoeningsoffer

Die versoeningsoffer, wat derde in die lys was, het nou die laaste plek ingeneem tydens herdenking. Dit maak sin, want versoening kan slegs plaasvind deur gehoorsaamheid aan al die ander. Versoening is dit wat bereik word, nie ‘n oorsaak nie. Die versoeningsoffer is derde in die oorspronklike lys omdat die vyf offers opgedeel is in twee kategorieë. Die eerste drie was vrywillige offers. Die versoeningsoffer was ook ‘n vrywillige offer en is dus saam met die eerste twee gelys. Die laaste twee (sondeoffer en skuldoffer) was verpligtend wanneer ontdek is dat ‘n persoon onwetend gesondig het.

Die Here het die mens dus offers gegee om toenadering tot Hom te soek – Die brandoffer, graanoffer en die versoeningsoffer. Indien jy ontdek het dat jy gesondig het, want ‘n kind van God is nie veronderstel om te sondig nie, dan was jy verplig om die sondeoffer en die skuldoffer te herdenk.

1 Johannes 5:18: *“Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie.”*

Slegs die Seun van God, Jesus Christus, die volmaakte Versoeningsoffer, het dit vir ons moontlik gemaak om, deur geloof in Hom, in versoening met die Vader te kan leef. Hierdie Offer, die Lam van God, was voldoende. Hy was reeds geïdentifiseer voor enige menslike geskiedenis, volgens die Priesterorde van Melgisedek. Hy is voorspel as die Messias (Geslalfde) aan die begin in Genesis 3:15 wat Boosheid sal uitwis. Boosheid is dit wat ons verwyder van ‘n persoonlike verhouding met God die Here (Jahweh). Boosheid kan met ‘n hoofletter geskryf word omdat dit ‘n geïdentifiseerde persoon is, die Satan, met sy bose magte wat aktief in hierdie wêreld besig is om die mens te probeer verwyder van die ware God (Efesiërs 6). Boosheid poog om die mens te laat glo dat Boosheid nie bestaan nie, of dat God nie bestaan nie, of dat God enige vorm kan aanneem, of dat God nie ‘n persoonlikheid het nie, of dat God nie genadig is nie, of dat ‘n God van liefde alle menslike begeertes sal vervul.

Wanneer die Persoon van God nie vir jou ‘n realiteit is nie, staan jy buite die verbond met Abraham (Genesis 15). Die Here kan nie jou God wees nie en jy kan nie Sy kind wees nie, die keuse is by jou. Laasgenoemde is die eienskap van ‘n ware liefdesverhouding. Dit beteken dus nie dat niks ooit met jou sal verkeerd loop nie, maar dat jy die Here se kind bly deur alle omstandighede en Hy jou sal konteks, en betekenis, gee bo menslike verstand.

Hosea 6:4-6*: “[4]Wat moet Ek met jou doen, Efraim? Wat moet Ek met jou doen Juda? Julle liefde is soos ‘n môrewolkie: dit verdwyn so vinnig soos dou. [5]Dit is waarom Ek julle met My profete gestriem het, julle met My woorde vernietig het. My straf oor julle kom so seker soos die lig, [6]want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.”* (Sien ook Jesaja 1:11-17; Miga 6:6-8; Jeremia 7:21-23; Psalm 40:7-9;51:18-19; Spreuke 21:3; Matteus 12:7)

Die hele Bybel verwys na Jesus, sien Jesus se woorde in Johannes 5:39: *"Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig."*

Johannes 1:1: *“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.*” Johannes 1:14: *“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”*

Die offers en gebruike in die Ou Testament het alles Christus voorspel. Byvoorbeeld in Exodus 12 (ongeveer 1200 v.C.) word voorskrifte vir die Paasfees gegee. Gedurende hierdie fees is herdenk hoe die Here die Israeliete beskerm het teen die dood van die eersgeborenes. Let op dat hierdie beskerming verkry is deur die bloed van die paaslam aan die deurkosyne te smeer. Die paaslam moes sonder gebrek wees, geslag word en sy bloed aan die deurkosyne gesmeer word. Hierdie fees is deur gelowiges (Israeliete en vreemdelinge wat die opdragte van God gehoorsaam het) gevier vir meer as ‘n duisend jaar totdat die Messias Self uit die dood opgestaan het. Laasgenoemde het outentiek bevestig dat Jesus Christus die Messias is. Jesus is in die openbaar gekruisig, begrawe, en het te midde van streng bewaking uit dood opgestaan. Die feit dat die graf leeg was word vandag beskou as een van die mees historiese feite.

Jesus het homself aan baie mense gewys na Sy opstanding uit die dood en het selfs per geleentheid aan meer as 500 mense tegelyk verskyn (lees gerus Paulus se getuienis in 1 Korintiërs 15). Die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het, het bevestig dat Hy die Paaslam is wat geslag sou word. Dit het gemaak dat die Christene die paasfees vandag steeds onderhou om sodoende die versoeningsdood van Jesus te vier. Dit is met ander woorde steeds die herdenking van die bloed van die Lam wat gevloei het ter versoening met God.

Dit is insiggewend om te sien dat die offers deur die Messias vervang is. Jesus het Self ons sondes op Hom geneem ter versoening met God. Jesus Self, die Lam, stel dan ook die Nagmaal in wat direk gekoppel kan word aan die offerdier wat geslag is (die brood wat gebreek word) en se bloed wat gevloei het (die wyn) om ons te herinner aan Sy versoeningsdood aan die kruis. Jesus het as die Lam gekom om geslag te word soos wat dit deur die eeue heen voorspel is en deel was van die gebruike van die gelowiges. Nadat Jesus die Nagmaal ingestel het, is Hy die volgende dag gevange geneem om gekruisig te word, presies (tydperk, metode, Sy optrede, plek, Sy naam) soos deur al die profesieë voorspel is, en ook soos Hy Self geprofeteer het dit gaan gebeur. Hy het Self ook na drie dae uit die dood opgestaan soos deur die profete voorspel, en Hy Self geprofeteer het.

Levitikus 17:11-12: *“[11]Omdat die lewe van ‘n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is, [12]beveel Ek elke Israeliet en elke vreemdeling by julle om géén bloed te eet nie.”* Deur die bloed van die offerdier word versoening gebring, Christus se bloed het vir ons gevloei.

Nou kan beter verstaan word waarom Johannes die Doper in Johannes 1:29 Christus voorgestel en herken het as die Lam van God. *“Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: ‘Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!’”* In vers 32 getuig Johannes vêrder: *“Ek het duidelik die Gees soos ‘n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly.”*

Soos die hele Ou Testament die Messias profeteer, kan ons ook die Messiaanse realiteit in die offers sien.

Die offers (Aanhalings uit 1953 Afrikaanse vertaling)		
Die Brandoffer		
Skrif in die Ou Testament	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Levitikus 1:1-17: *“[1]En die Here het vir Moses geroep en met hom gespreek uit die tent van samekoms en gesê: [2]Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As iemand van julle aan die Here ‘n offer wil bring, kan julle jul offer bring van vee-van beeste of van kleinvee. [3]As sy offer ‘n brandoffer is van beeste, moet dit ‘n bul sonder gebrek wees wat hy bring. By die ingang van die tent van samekoms moet hy dit bring, sodat hy welgevalle voor die aangesig van die Here kan vind. [4]En hy moet sy hand op die kop van die brandoffer lê, dan sal dit vir hom met welgevalle aangeneem word om versoening vir hom te doen. [5]Dan moet hy die jong bul voor die aangesig van die Here slag; en die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed bring en die bloed rondom teen die altaar uitgooi wat by die ingang van die tent van samekoms is. [6]Dan moet hy die brandoffer afslag en dit in sy stukke verdeel. [7]Die seuns van Aäron, die priester, moet vuur op die altaar neersit en hout op die vuur reglê. [8]Ook moet die seuns van Aäron, die priesters, die stukke, die kop en die vet reglê op die hout wat op die altaarvuur is. [9]Maar die binnegoed en die pote moet hy met water was, en die priester moet dit alles op die altaar aan die brand steek as brandoffer, ‘n vuuroffer van lieflike geur aan die Here. [10]En as sy offer ‘n stuk kleinvee is, van skape of van bokke, as brandoffer, moet dit ‘n ram sonder gebrek wees wat hy bring. [11]En hy moet dit slag aan die noordekant van die altaar, voor die aangesig van die Here; en die seuns van Aäron; die priesters, moet die bloed daarvan rondom teen die altaar uitgooi. [12]Daarna moet hy dit in sy stukke verdeel, met die kop en die vet, en die priester moet dit reglê op die hout wat op die altaarvuur is. [13]Maar die binnegoed en die pootjies moet hy met water was, en die priester moet dit alles bring en op die altaar aan die brand steek; ‘n brandoffer is dit, ‘n vuuroffer van lieflike geur aan die Here. [14]En as sy offer aan die Here ‘n*	Die brandoffer (net soos die graanoffer en die maaltydoffer) was onverpligtend. Hierdie was dus ‘n proses om toenadering te soek by die Here. Om jou verhouding met die Skepper te herstel.	Deur middel van aanbidding, betree mens die teenwoordigheid van die Here. Jesus Christus, die Goddelike Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek, het dit vir ons vandag moontlik gemaak. Die gelowige kan vandag deur die Naam van Jesus aan te roep, die Vader aanbid.
	Die offerdier moes sonder gebrek wees. Hierdie reël is baie streng toegepas. Die priesters het al die offerdiere wat vir inspeksie na hulle gebring is, ondersoek om seker te maak hulle is sonder gebrek. Die offerdier was sonder gebrek en het gedui op die Volmaakte Offer, Jesus Christus, wie sondeloos is.	Net soos die offerdier vir die priesters gebring is vir inspeksie of dit sonder gebrek was, is Jesus voor Pilatus en Herodus gebring. Hulle het Hom ook sonder gebrek gevind: Lukas 23:13-15: *“[13]Toe roep Pilatus die owerpriesters en die owerstes en die volk bymekaar en sê vir hulle: [14]Julle het hierdie man na my gebring as een wat die volk afvallig maak. En nou het ek in julle teenwoordigheid ondersoek ingestel en in hierdie man geen skuld gevind aan die dinge waarvan julle Hom beskuldig nie; [15]ja, ook Herodus nie, want ek het julle na Hom gestuur; en daar is deur Hom niks gedoen wat die dood verdien nie.”*
	Die offerdier moes aan die persoon behoort en ‘n plantvreter wees. Indien dit nie aan hom behoort het nie, moes hy dit koop. Diere soos katte, honde, perde, kamele, donkies en varke is nie toegelaat nie. Laasgenoemde is in die offers van heidense godsdienste gebruik.	Wanneer die pelgrims elke jaar in Jerusalem aangekom het vir paasfees, het hulle op ongeveer Nisan 9 die paaslam (sonder gebrek) aangeskaf as eiendom. Die lam is deur die priester as sonder gebrek bevestig waarna die lam aangehou en versorg is totdat dit geslag is op paasfees, Nisan 14. Jesus het in Jerusalem aangekom in Jerusalem op ‘n donkie (volgens die Geskrifte – Sien Sagaria 9:9) op ongeveer Nisan 9, en is op Nisan 14 gekruisig. Hierdie Waarheid moet deur jou besit word, anders is jy besig met heidense godsdiens. Dan is jy buite die Waarheid.
	Die persoon wat die offer gebring het, moes sy hand op die offerdier se kop neersit wanneer dit doodgemaak is. Dit was ‘n persoonlike ding. Simbolies is die sonde van die persoon oorgedra aan die offerdier wat dan vir sy sonde ingestaan het.	Die gelowige van vandag neem die versoeningsdood wat Jesus aan die kruis gesterf het, volgens die Geskrifte, aan. Hy, of sy, neem Jesus aan as sy, of haar, persoonlike Verlosser.
	Die offerdier is voor die aangesig van die Here geslag. Indien daar	Jesus is die Aangesig van die Here vir ons op die aarde. Ons kan Hom ken. Deur Sy Woord, die Bybel, openbaar die Heilige Gees Hom aan

brandoffer is van voëls, moet hy sy offer bring van tortelduiwe of van jong duiwe. [15]*En die priester moet dit na die altaar bring en die kop afknyp en op die altaar aan die brand steek, en die bloed moet teen die kant van die altaar uitgedruk word.* [16]*Dan moet hy die krop met die vere daarvan verwyder en dit by die altaar gooi, aan die oostekant, op die asplek.* [17]*Dan moet hy dit by die vlerke skeur sonder om hulle af te trek; en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek, op die hout wat oor die vuur is; 'n brandoffer is dit, 'n vuuroffer van lieflike geur aan die Here.'"*	verwys word na die aangesig van iemand, is dit duidelik verwant aan 'n besondere, en unieke, identiteit.	ons. Die Here was altyd herkenbaar betrokke by die mens. Reeds meer as 700 jaar voor Christus skryf Jesaja: Jesaja 63:9: "*In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd."* Johannes die Doper het in die woestyn en wildernis mense voorberei op Jesus se bediening op aarde soos reeds deur Jesaja geprofeteer: Jesaja 40:3*: "'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"* Johannes die Doper getuig dat hy as mens slegs met water kan doop. Dit is die teken dat Jesus ons sondes afgewas het met Sy bloed. Dit is egter slegs Jesus wat ons met die Heilige Gees kan doop: Johannes 1:31-34: *"*[31]*En ek het Hom nie geken nie; maar dat Hy aan Israel openbaar sou word, daarom het ek gekom en met water gedoop.* [32]*En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly.* [33]*En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.* [34]*En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is."* Jesus self verduidelik dat Hy die Heilige Gees aan ons gee en dat dit juis die Heilige Gees is wat die Woord aan ons openbaar. Met ander woorde, sonder om na die Waarheid, Jesus, te hunker, sal ons in die duister bly: Johannes 16:13-15: *"*[13]*Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.* [14]*Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.* [15]*Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig."*
	Die offerdier is in stukke verdeel en daar het bloed gevloei wat uitgegooi is teen die voet van die altaar.	Die gevolg van sonde is altyd die dood. Genesis 2:16-17*: "*[16]*En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet,* [17]*maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."*

		Die breek van ‘n liggaam en die vloei van bloed is tekens van ‘n verbond (sien Hoofstuk 4). Die Here het ‘n verbond met Abraham gemaak dat Hy sy God sal wees en Abraham ‘n groot nageslag sal hê (Genesis 15). Alle nasies kan ingesluit wees by hierdie verbond deur geloof in Jesus Christus. Jesus is immers die Engel van die verbond, Sy bloed het gevloei teen die voet van die kruis: Maleagi 3:1-2: “*[1]KYK, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle ’n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. [2]Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.”*
	Die altaar het gestaan voor die ingang van die tent van samekoms	‘n Ontmoeting vind plaas tussen die Here en die aanbidder. Dit is ‘n persoonlike ding. Verootmoediging en aanbidding bring die mens in die teenwoordigheid van die Here.
	Die priesters het die proses gefasiliteer	Vandag bestaan daar nie meer ‘n priesterdiens soos in die Ou Testamentiese tyd nie. Die Goddelike Hoëpriester, Jesus Christus, het die volmaakte offer gebring. Vandag het die Kerk die rol van die priesters oorgeneem en fasiliteer die Kerk die aanbiddingsproses. Die Kerk is die liggaam van Christus, dit skep geleentheid vir gelowiges om mekaar te dien in liefde. 1 Korintiërs 12:4-13: *“[4]Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; [5]en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; [6]en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. [7]Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. [8]Want aan die een word deur die Gees ’n woord van wysheid gegee, en aan die ander ’n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; [9]aan ’n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ’n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; [10]aan ’n ander werkinge van kragte, aan ’n ander profesie, aan ’n ander onderskeiding van die geeste, aan ’n ander allerhande tale, aan ’n ander uitleg van tale. [11]Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. [12]WANT net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. [13]Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een*

		liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge."
	Die binnegoed en die pote moet hy met water was.	Simbolies is die sonde van die persoon gewas om 'n vuuroffer van lieflike geur te gee aan die Here
	Wanneer 'n ram gebruik is, moes die ram ook sonder gebrek wees en is dit aan die noordekant van die altaar geslag. Die as van die offers is aan die oostekant van die altaar gegooi.	Die offerdier moes altyd sonder gebrek wees. Jesus was sonder sonde. Dit is slegs Hy wat ander van hulle sonde kan verlos. Die feit dat die slagting van die offerdier aan die noordekant van die altaar plaasgevind het, en dat die as van die verbrande offerdier aan die oostekant van die altaar gegooi is, kan op verskeie maniere geïnterpreteer word. Die wonderlike is dat ons as mens nie alles kan weet nie. Alles waarmee die Here met die mens besig is, bevat profetiese realiteit rondom die Messias, ongetwyfeld Jesus Christus, volgens die Geskrifte. Daarom word daar na Jesus verwys as die Woord van God (Johannes 1). Vir ons is dit egter belangrik om toenadering te soek, en te streef na die Wese van die Here, soos geopenbaar deur Sy Seun op aarde, Jesus. Dit kan slegs gedoen word onder leiding van die Heilige Gees. Die mens bly verantwoordelik vir sy, of haar, eie sonde. Vergifnis van sonde deur die Here vind plaas vir die gelowige hart wat nie wil sondig nie en die Wese van Christus aanneem as sy, of haar, persoonlike Verlosser van sonde. Sien Jesus se woorde soos getuig in Johannes 15:4: *"[4]Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. [5]Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*" 1 Johannes 5:18: *"Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie."*
	Die brandoffer moes heeltemal verbrand word op die altaar.	Niks van die offerdier het oorgebly nie. Jesus Christus het die Vader se heiligheid gerespekteer en Sy opdragte uitgevoer. Daarna kon slegs Hy volmaak instaan vir ons sondes. Deur geloof in Sy reddingsdaad kan die gelowige volmaakte versoening beleef by die Here.
	Dit is 'n vuuroffer van lieflike geur aan die Here	Die offer was 'n proses van aanbidding. Ons kan vandag in aanbidding tree voor die Aangesig van die Here in die Naam van Jesus Christus.

		Openbaring 5:8: *"en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."* Openbaring 8:4: *"en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God."*
Die Graanoffer **(Die Spysoffer en die eerstelinge)**	**Bespreking**	**Jesus is die Waarheid**
Levitikus 2:1-16: *"[1]En as iemand aan die Here 'n spysoffer bring, moet sy offer fynmeel wees; en hy moet olie daarop giet en wierook daarby voeg; [2]en hy moet dit na die seuns van Aäron, die priesters, bring; en die priester moet daarvan 'n handvol neem, van die fynmeel met die olie, met al die wierook wat daarby hoort; en hy moet dit as die gedenkoffer op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer van lieflike geur aan die Here. [3]En wat oorbly van die spysoffer, is vir Aäron en sy seuns, 'n hoogheilige deel van die vuuroffers van die Here. [4]En as jy 'n spysoffer bring wat in die oond gebak is, moet dit fynmeel wees, ongesuurde koeke met olie gemeng, en ongesuurde platkoeke met olie bestryk. [5]En as 'n spysoffer van die bakplaat jou offer is, moet dit fynmeel wees met olie gemeng en ongesuurd. [6]Breek dit in stukkies en giet olie daarop; dit is 'n spysoffer. [7]En as 'n spysoffer uit die pan jou offer is, moet dit van fynmeel met olie berei word. [8]Dan moet jy die spysoffer wat daarvan berei word, aan die Here bring: hulle moet dit na die priester aanbring, en hy moet dit na die altaar dra. [9]En die priester moet van die spysoffer die gedenkoffer daarvan aflig en op die altaar aan die brand steek, 'n vuuroffer van lieflike geur aan die Here. [10]En wat oorbly van die spysoffer, is vir Aäron en sy seuns, 'n hoogheilige deel van die vuuroffers van die Here. [11]Geen spysoffer wat julle aan die Here bring, mag van iets wat ingesuur is, berei word nie; want van géén suurdeeg of heuning mag julle vir die Here 'n vuuroffer aan die brand steek nie. [12]As 'n offer van eerstelinge mag julle dit aan die Here bring, maar op die altaar mag	'n Spysoffer bring na die deur van die tabernakel. Dit verwys na dien. Die persoon wat die offer gebring het, het die Here gedien. Om te kan dien is 'n voorreg.	Slemming wys daarop dat die brandoffer gegaan het oor selfopoffering. Jy gee jouself. Die graanoffer gaan oor om te dien. Jy stel jouself beskikbaar om te dien. Dit is altyd die volgorde in die Skrif. Ons kan nie die Here dien nie voor ons onsself gegee het nie. Ons kan nie deur goeie werke saligheid bekom nie. Geloof kom eerste, en dit is deur die Here eerste te plaas in ons lewe (58, p.42-43).
	Die offer moes van fynmeel wees, van graan. Dit is die enigste offer waar geen vleis gebruik is nie. Slemming wys op die betekenis van die Hebreeuse word *minchah* wat vir hierdie offer gebruik word. Dit beteken iets wat die mindere vir die meerdere bring, en dit moet iets van waarde wees, anders is dit 'n belediging (58, p.34).	John MacArthur wys daarop dat die "fyn"meel verwys na die volmaaktheid van die offer net soos wat die liggaam sonder gebrek by die brandoffer doen (59, p.157-158). Die gesindheid is belangriker as die offer Spreuke 21:2-3: *"[2]Elke weg van 'n mens is reg in sy oë, maar die Here toets die harte. [3]Om geregtigheid en reg te doen, is vir die Here verkiesliker as offers."* Die naam Betlehem, waar Jesus gebore is, beteken: "plek van brood". Christus is die Saad wat gesterf het om lewe te gee aan baie. Meel en olie gemeng vorm brood. Jesus is die brood van die lewe. Hy is die enigste Een wat lewe kan gee, die ewige lewe. Geen ander god kon, volgens die Geskrifte, self uit die dood opstaan nie.
	Geen suurdeeg of heuning mag gebruik word nie want dit veroorsaak fermentering. Suurdeeg is 'n teken van sonde in die Bybel (1 Korintiërs 5) en dit veroorsaak die afbreek van die deeg - fermentering.	Offers bring ons voor die Aangesig van die Here. Christus is die Volmaakte Persoon wat aan ons geopenbaar is. Daar was geen sonde in Hom nie. Jesus se liggaam het ook nie ontbind in die graf nie. Na drie dae het Hy opgestaan uit die dood, volgens die Geskrifte. Ons kan vandag weet dat Hy die enigste Gewer is van die ewige lewe.
	Alle spysoffers moes met sout berei word. Suurdeeg moes ontbreek (sonde) en sout (suiwerheid) moes teenwoordig wees. Sout werk korrupsie tee, dit	Kolossense 4:5-6: *"[5]Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit. [6]Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord."* Johannes 8:31-32: : *"[31]Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; [32]en julle sal*

dit nie as lieflike geur kom nie. [13]En jy moet al jou spysoffers met sout berei, en jy mag die sout van die verbond van jou God by jou spysoffer nie laat ontbreek nie; by al jou offers moet jy sout bring. [14]En as jy aan die Here 'n spysoffer van eerstelinge bring, moet jy as spysoffer van jou eerstelinge bring: are wat oor die vuur gebraai is, gebreekte korrels van vars graan. [15]En jy moet olie daarby voeg en wierook daarop strooi; 'n spysoffer is dit. [16]Dan moet die priester die gedenkoffer daarvan, 'n deel van die gebreekte koring en van die olie met al die wierook, aan die brand steek as 'n vuuroffer aan die Here."	bring behoud. In Levitikus 2:13 word verwys na die sout van die verbond van jou God. Dit is 'n ewige verbond van suiwer waarheid. Sout verwys na behoud en gehoorsaamheid aan die verbond.	*die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"* Die wêreld moet kan sien dat ons in 'n verbond met die Here staan.
	Olie daarby voeg. Dit verwys na salwing.	Die Naam Messias beteken "Die Gesalfde". Jesus Christus is die Gesalfde van God. Wanneer dit by die vrug van die aarde kom, is Hy die Eerste Vrugte na die ewige lewe (Sien fees van eerste vrugte in Hoofstuk 5). Hy is die Brood van die lewe (Meel en olie gemeng = brood; Bethlehem = "Plek van brood"). Reeds meer as 600 jaar voor Christus profeteer Daniël in Daniël 9:25-26: *"[25]Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. [26]En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."* (Lees meer oor die profesieë op http://www.matthew28.co.za) Lasarus, (vir wie Jesus uit die dood opgewek het) se suster, Maria, het Jesus as die Gesalfde ontdek. Johannes 12:1-3: *"[1]EN Jesus het ses dae voor die pasga na Betánië gekom waar Lasarus was, wat dood gewees het en wat Hy uit die dode opgewek het. [2]Hulle het toe vir Hom daar 'n maaltyd berei, en Martha het bedien; en Lasarus was een van die wat saam met Hom aan tafel was. [3]En Maria het 'n pond egte, baie kosbare nardussalf geneem en die voete van Jesus gesalf en sy voete afgedroog met haar hare. En die huis is vervul met die reuk van die salf."* Soos die impak wat 'n lieflike geur op 'n mens het, so vergestalt die wonderlike geur van die Gesalfde van God in 'n mens se lewe. Salwing aan die mens gaan gepaard met 'n afspraak met die Here. Die Gesalfde van God het 'n impak op jou lewe. Jakobus 5:14-16: *"[14]Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat*

		hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. [15]En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. [16]Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."
	Wierook is bygevoeg. Wierook veroorsaak 'n aangename geur wanneer dit gebrand word.	'n Lewe van diensbaarheid kan slegs suksesvol gedoen word deur middel van volgehoue gebed.
Die Maaltydoffer (Versoeningsoffer)		
Die dankoffer Levitikus 3:1-17: *"[1]En as 'n dankoffer sy offer is, as hy dit bring van beeste, bul of vers, moet hy dit sonder gebrek voor die aangesig van die Here bring. [2]En hy moet sy hand op die kop van sy offer lê en dit slag by die ingang van die tent van samekoms. En die seuns van Aäron, die priesters, moet die bloed rondom teen die altaar uitgooi. [3]Dan moet hy van die dankoffer 'n vuuroffer aan die Here bring, die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is, [4]en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer – by die niere moet hy dit wegneem. [5]En die seuns van Aäron moet dit op die altaar aan die brand steek, op die brandoffer wat op die hout is, bo-op die vuur, as 'n vuuroffer van lieflike geur aan die Here. [6]En as sy offer 'n stuk kleinvee is, as 'n dankoffer aan die Here, moet hy dit bring sonder gebrek, ram of ooi. [7]As hy 'n skaaplam bring as sy offer, moet hy dit voor die aangesig van die Here bring [8]en sy hand op die kop van sy offer lê en dit slag voor die tent van samekoms; en die seuns van Aäron moet die bloed rondom teen die altaar uitgooi. [9]Daarna moet hy van die dankoffer die vet as vuuroffer aan die Here bring: die hele vetstert – naby die stuitjie moet hy dit wegneem – en die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is, [10]en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer – by die niere moet hy dit wegneem. [11]En die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as vuuroffers vir die Here. [12]En as sy offer 'n bok is, moet hy dit voor*	CW Slemming wys daarop dat hierdie offer wel derde gelys is in Levitikus, maar egter laaste herdenk is van die vyf offers. Dit wys daarop dat vrede in die siel alleenlik gevind kan word wanneer voldoen is aan God se vereistes. Hy verwys ook na Dr JA Seiss wat verduidelik dat die woord "vrede", en ons kan byvoeg, "versoening", in die Skrif 'n betekenis het wat nie algemeen vandag gebruik word nie. Dit beteken nie slegs gasvryheid, harmonie, ooreenkoms, of afwesigheid van versteurings nie. Dit sluit ook sukses, voorspoed, en vreugde in (58, p.77). Die versoeningsoffer simboliseer die vrede wat bestaan tussen God en die ware aanbidder.	Johannes 16:24: "*Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* Filippense 3:4-10: *"[4]Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: [5]ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, [6]in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. [7]Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, [8]ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry [9]en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. [10]Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, [11]in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood."* (1983 vertaling)
	Daar word drie tipes diere gebruik. 'n Bul (beeste/os), 'n lam of ooi (skaaplam) en 'n bok.	Al drie die diere wys op die Here se Openbaring aan ons. **Die bees**, of os, is die sterke en geduldige wat wys op die Vader. Jakobus 5:7: *"WEES dan geduldig, broeders, tot op die wederkoms van die Here. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het."* **Die lam** wys op die Here as die nederige en gemoedelike. 750 jaar voor

die aangesig van die Here bring [13]*en sy hand op die kop daarvan lê en dit slag voor die tent van samekoms; en die seuns van Aäron moet die <u>bloed</u> rondom teen die altaar uitgooi.* [14]*Dan moet hy daarvan sy offer as vuuroffer aan die Here bring; die <u>vet</u> wat oor die binnegoed lê, en al die <u>vet</u> wat aan die binnegoed is,* [15]*en die twee niere en die <u>vet</u> daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer – by die niere moet hy dit wegneem.* [16]*En die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as vuuroffers vir 'n lieflike geur. <u>Al die vet behoort aan die Here.</u>* [17]*<u>'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: géén vet en géén bloed mag julle eet nie</u>."* Levitikus 7:11-21: *"*[11]*En dit is die wet van die dankoffer wat hulle aan die Here bring:* [12]*Ingeval hy dit as lofoffer bring, moet hy by die lofoffer bring: ongesuurde koeke met olie gemeng en ongesuurde platkoeke met olie bestryk en fynmeel wat as koeke deurmekaar geroer is, met olie gemeng;* [13]*saam met die koeke van ongesuurde brood moet hy sy offergawe by sy lofdankoffer bring.* [14]*En hy moet daarvan, een koek van elke gawe, as offergawe aan die Here bring; aan die priester wat die bloed van die dankoffer uitgooi, aan hom kom dit toe.* [15]*Maar die vleis van sy lofdankoffer moet geëet word op die dag as hy sy offer bring; daarvan mag hy niks tot die more laat lê nie.* [16]*En as die offer wat hy bring, 'n gelofte- of vrywillige offer is, moet dit geëet word op die dag as hy sy offer bring; en op die volgende dag, dan kan geëet word wat daarvan oorbly.* [17]*Maar wat van die offervleis oorgebly het, moet op <u>die derde dag</u> met vuur verbrand word.* [18]*En as daar van die vleis van sy dankoffer op die derde dag iets geëet word, sal dit vir hom wat dit bring, nie met welgevalle aangeneem word nie; dit sal hom nie toegereken word nie; 'n onrein iets sal dit wees, en diegene wat daarvan eet, moet sy ongeregtigheid dra.* [19]*En die vleis wat aan iets onreins raak, mag nie geëet word nie; met vuur moet dit verbrand word. Maar wat verder die vleis betref – elkeen wat rein is, mag vleis eet.* [20]*Maar die een wat*		Christus profeteer Jesaja 53:7: *"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie."* **<u>Die bok</u>** wys op die Here as die verwerpte een. 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja 53:5: *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*
	'n Vuuroffer van lieflike geur aan die Here	Gebede van gelowiges
	In die ander offers moes die offerdiere almal manlik wees. In hierdie offer is manlike en vroulike offerdiere aanneemlik. Steeds moes hulle almal sonder gebrek wees.	Nadat versoening tussen die Here en die mens bewerkstellig is, vier hulle saam fees. 'n Vreugdevolle fees. Dit gaan nie om die mens se fisiese liggaam nie, dit verwys na jou geloof in Christus se versoeningsdood. Die mens doen afstand van sy sonde en streef die Persoon van God na, wat in Christus aan ons geopenbaar is.
	Die persoon wat die offer bring, moes telkens sy hand op die offerdier se kop lê. Dit moes dan ook voor die Here plaasvind, voor die ingang van die tent van samekoms. Die bloed van die offerdier is dan deur die priesters rondom teen die altaar uitgegooi.	Die persoon doen afstand van sy sonde en plaas sy vertroue op Jesus wat vir sy sonde gesterf het. Jesus se bloed het gevloei vir ons sondes. Die Kerk het die rol van die priesters oorgeneem waar die sakramente, soos die Heilige Nagmaal, aan die gemeente bedien word. Sien Jesus se woorde aan Sy dissipels, die aand voor Hy gekruisig is: Lukas 22:19-20: *"*[19]*Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is My liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot My gedagtenis.* [20]*Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed wat vir julle uitgestort word."*
	Vet beskerm die liggaam teen uitermatige temperatuurs-veranderinge. Dit is 'n isoleerder onder die vel en tree ook op as 'n kussing vir die organe, en 'n smeermiddel vir die skarniere. Vet is dus baie noodsaaklik. In hierdie offer kan gesien word dat die vet van die offerdier alles na die Here toe gaan. Die beste vir die Here. Die mens is ook belet om die vet, dit wat deur die Here aangeneem	Die Here verwag die beste van ons. Warmte en liefde is dit wat die geestelike lewe versterk. Dit word gesien deur die mens se toegewydheid aan die Here. Toegewydheid aan die Woord van God voed die siel met Goddelike energie en geestelike passie. In hierdie offer word ook gesien dat dit wat deur die Here aangeneem word, nie meer gesien word as algemeen nie, dit word heilig. (58, p.81-82). Daniël 7:18: *"en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid."* Die apostel Paulus verduidelik as volg: Efesiërs 2: 17-22: *"*[17]*En Hy*

vleis eet van die dankoffer wat die Here toekom, terwyl sy onreinheid aan hom is, dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word. [21]En as iemand aan iets onreins raak, aan die onreinheid van 'n mens of aan 'n onrein dier of aan enige onrein verfoeisel, en dan eet van die vleis van die dankoffer wat die Here toekom, dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word."	word, te eet.	*(Jesus) het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; [18]want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. [19]So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, [20]gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, [21]in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees."*
	Hierdie is die enigste offer waar die persoon wat die offer bring, ook 'n deel van die offer kry. Dit simboliseer 'n vredesmaal tussen die aanbidder en die Here waarvan elkeen 'n deel kry.	Christus het versoening gebring tussen die Here en die mens. Die mens het nou deel aan Sy Goddelike heerlikheid. Romeine 5:1: *"OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus;"* Kolossense 1:20: *"en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis — ek sê deur Hom — die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele."* Eff 2:14: *"Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het"* 2 Kor 5:19: *"naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou."*
	Deuteronomium 12:17-18: *"[17]Jy mag in jou poorte nie eet die tiendes van jou koring en jou mos en jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en al jou gelofte-offers wat jy sal belowe, en jou vrywillige offers en die offergawe van jou hand nie. [18]Maar jy moet dit eet voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat die HERE jou God sal uitkies, jy en jou seun en jou dogter en jou slaaf en jou slavin en die Leviet wat in jou poorte is; en jy moet vrolik wees voor die*	Hierdie feesmaal wat gevier word in gemeenskap met mekaar en deur dit wat Christus vir ons bewerkstellig het, is die vrede wat moontlik gemaak is deur die bloed van Christus aan die kruis. Hierdie gemeenskap van gelowiges behoort gevier te word in die Kerk, soos wat dit oorspronklik in die binneplein van die tabernakel gevier is. Daar word fees gevier oor die Woord van God! (58, p.83-84).

	aangesig van die HERE jou God oor alles waar jy jou hand aan slaan."	
Die Sondeoffer		
Levitikus 4:1-35: *"[1]Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: [2]Spreek met die kinders van Israel en sê: As iemand in swakheid sondig teen een van alle gebooie van die Here en een van die dinge wat nie gedoen mag word nie, tog doen – [3]as die gesalfde priester sondig, sodat die volk daardeur skuldig word, moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n jong bul sonder gebrek aan die Here as sondoffer bring; [4]en hy moet die bul bring na die ingang van die tent van samekoms, voor die aangesig van die Here, en moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul slag voor die aangesig van die Here. [5]Dan moet die gesalfde priester van die bloed van die bul neem en dit na die tent van samekoms bring, [6]en die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe maal sprinkel voor die aangesig van die Here, voor die voorhangsel van die heiligdom. [7]Ook moet die priester van die bloed stryk aan die horings van die altaar van die reukwerk van speserye, wat in die tent van samekoms is, voor die aangesig van die Here; en hy moet al die orige bloed van die bul uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van samekoms is; [8]en al die vet van die sondofferbul moet hy van hom aflig, die vet wat oor die binnegoed lê, en al die vet wat aan die binnegoed is, [9]en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer – by die niere moet hy dit wegneem – [10]soos dit van die dankofferbul afgelig word; en die priester moet dit aan die brand steek op die brandofferaltaar. [11]Maar die vel van die bul en al sy vleis met die kop en die pote en die binnegoed en die mis – [12]die hele bul moet hy buitekant die laer uitbring op 'n rein plek waar die as uitgegooi word, en hy moet hom op hout met vuur verbrand; op die plek waar die as uitgegooi word, moet hy verbrand word. [13]En as die hele vergadering van*	Die sondeoffer en die skuldoffer verskil van die vorige drie offers in die sin dat hulle verpligtend was. Die vorige drie offers was vrywillig.	
	John MacArthur wys daarop dat die sondeoffer verskil weer van die skuldoffer (wat volgende bespreek word) deurdat hier sonde betrokke was en versoening nie moontlik was nie. (Om by te voeg, die persoon kon nie self vergoed vir die sonde wat hy gepleeg het deur, byvoorbeeld, 'n ekstra bydrae te maak nie. Hy was egter steeds skuldig voor God.) Laasgenoemde was wel moontlik met die skuldoffer. Dit is sonde wat onbewustelik gepleeg is (59, p.159).	
	Die persoon wat die offer gebring het, moes ook self die offerdier slag. Hy is die een wat gesondig het, hy is ook verantwoordelik vir die offerdier se dood.	Dit is ons almal se sonde wat Jesus aan die kruis voor gesterf het. Dit is 'n persoonlike ding vir elke gelowige.
	Die priester moes die bloed sewe maal sprinkel voor die aangesig van die Here, voor die voorhangsel van die heiligdom. Die oorblywende bloed is aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgegiet,	Sewe is die volmaakte getal. Dit dui op dit wat volbring is. Christus se bloed wat gevloei het, het versoening gebring. Redding kom van die Here. Die voorhangsel het die ingang aangedui na die teenwoordigheid van die Here. Dit is slegs hier waar versoening kan plaasvind, genade van die Here alleen. Tydens ons Hoëpriester (volgens die Goddelike priesterorde van Melgisedek), Jesus Christus, se kruisiging, het hierdie voorhangsel in die Tempel middeldeur geskeur. Elke gelowige kan nou in die teenwoordigheid van die Here staan.
	Die hele bul moes buitekant die laer uitgebring word. Geen deel van die offerdier is gedeel nie. Die hele dier is aan die Here geoffer.	Jesus is buite Jerusalem gekruisig. Die Here het Sy Enigste Seun, Sy Beste, gegee sodat elke gelowige gered kan word. Die Here het sonde verwerp. Slemming verduidelik dat net soos die onskuldige dier nie volmaak vir sonde kon instaan nie, net so kon die wet nie volmaak versoening bring nie. Die dier weet nie van morele waardes nie, dit weet nie wat is reg en wat is verkeerd nie. Dus kon die dier nie regtig instaan vir die mens se sonde nie. Die wet, met al sy bepalings, is dus swak, of oneffektief gemaak deur die liggaam van die onskuldige dier (58, p.54). So het die Here Sy Seun gestuur (Jesus Christus was sonder sonde), wat net so onskuldig was soos die offerdier, om deur Sy vlees onskuldig gekruisig te word en die wet vir ons ongeldig te maak. Deur geloof in Jesus se kruisdood vir jou sonde, is die wet vir jou oneffektief. Slemming verwys na Romeine 8:3: *"Want God het — wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees — deur sy eie*

Israel hulle misgaan sonder dat die vergadering hom daarvan bewus is; en hulle enigiets doen wat die Here verbied het, en skuldig word; [14]en die sonde wat hulle so gedoen het, bekend word, moet die vergadering 'n jong bul as sondoffer laat aankom en hom voor die tent van samekoms bring, [15]en die oudstes van die vergadering moet hulle hande op die kop van die bul lê voor die aangesig van die Here, en die bul moet voor die aangesig van die Here geslag word. [16]Dan moet die gesalfde priester van die bloed van die bul in die tent van samekoms bring, [17]en die priester moet sy vinger in die bloed steek en sewe maal voor die aangesig van die Here, voor die voorhangsel sprinkel. [18]En hy moet van die bloed stryk aan die horings van die altaar wat in die tent van samekoms voor die aangesig van die Here is. Dan moet hy al die orige bloed uitgiet aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die tent van samekoms is; [19]en hy moet al die vet van hom aflig en op die altaar aan die brand steek [20]en met die bul doen soos hy met die sondofferbul gedoen het. So moet hy met hom maak; en die priester moet vir hulle versoening doen, en dit sal hulle vergewe word. [21]Daarna moet hy die bul buitekant die laer uitbring en hom verbrand soos hy die eerste bul verbrand het; dit is 'n sondoffer van die vergadering. [22]As 'n owerste sondig en in swakheid enigiets doen wat sy Here God verbied het, en hy skuldig word; [23]of as sy sonde wat hy so gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as so offer bring 'n bok sonder gebrek, 'n ram; [24]en hy moet sy hand op die kop van die bok lê en hom slag op die plek waar hulle die brandoffer voor die aangesig van die Here slag; dit is 'n sondoffer. [25]Dan moet die priester van die bloed van die sondoffer met sy finger neem en en aan die horings van die brandofferaltaar stryk; maar die orige bloed moet hy aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgiet. [26]Hy moet ook al die vet op die altar aan die brand steek soos die vet van die dankoffer. So moet die priester dan vir hom versoening doen weens sy sonde, en dit sal hom vergewe word. [27]En as iemand van volk van die land in swakheid sondig, omdat		*Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,"* en Psalm 19:7-8: *"[7]Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie. [8]Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige."* Die vraag word gevra, wat is dit wat die wet nie kon doen nie? Die antwoord word gevind in Galasiërs 2:16: *"terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie.*"

hy enigiets doen wat die Here verbied het, en hy skuldig word; [28]of as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, dan moet hy as sy offer bring 'n bok sonder gebrek; 'n ooi, vir die sonde wat hy gedoen het; [29]en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer slag op die plek van die brandoffer. [30]Dan moet die priester van haar bloed met sy vinger neem en dit aan die horings van die brandofferaltaar stryk; maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altar uitgiet; [31]en al die vet moet hy wegneem soos die vet van die dankoffer af weggeneem is, en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as lieflike geur vir die Here. So moet die priester dan vir hom versoening doen, en dit sal hom vergewe word. [32]Maar ingeval hy 'n skaaplam as sy sondoffer bring, moet dit 'n ooi wees sonder gebrek wat hy bring; [33]en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en dit as sondoffer slag op die plek waar hulle die brandoffer slag. [34]Dan moet die priester van die bloed van die sondoffer met sy vinger neem en aan die horings van die brandofferaltaar stryk, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgiet; [35]en al die vet moet hy wegneem soos die vet van die dankofferlam weggeneem word, en die priester moet dit op die altar oor die vuuroffers van die Here aan die brand steek. So moet die priester dan vir hom versoening doen vir die sonde wat hy gedoen het, en dit sal hom vergewe word." Levitikus 5:1-13: *"[1]En as iemand sondig – dat hy die luid uitgesproke beswering hoor, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet – as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtigheid moet dra; [2]of as iemand enigiets aanraak wat onrein is – die aas van 'n onrein wilde dier of die aas van onrein vee of die aas van onrein gedierte wat rondkruip – en dit vir hom verborge was, maar hy onrein geword het en skuldig is; [3]of as hy iets onreins van 'n mens aanraak – volgens al die onreinheid waardeur hy hom kan verontreinig – en dit vir hom verborge was, maar hy dit te wete gekom het en skuldig is; [4]of as iemand sweer terwyl hy onverskillig*		

met die lippe praat om kwaad of goed te doen – volgens alles wat 'n mens met 'n eed onverskillig kan praat – en dit vir hom verborge was, maar hy dit te wete gekom het en skuldig is aan een van hierdie dinge; [5]as hy dan aan een van hierdie dinge skuldig is, moet hy bely waar hy teen gesondig het, [6]en as boete vir die sonde wat hy gedoen het, aan die Here 'n ooi bring van die kleinvee, 'n skaaplam of 'n bok, as sondoffer. En die priester moet vir hom versoening doen weens sy sonde. [7]Maar as hy nie 'n stuk kleinvee kan bekostig nie, moet hy as boete vir wat hy gesondig het, twee tortelduiwe of twee jong duiwe aan die Here bring, een as sondoffer en een as brandoffer; [8]en hy moet hulle na die priester bring, wat dié een eerste moet offer wat as sondoffer bedoel is, en sy kop vlak voor sy nek afknyp sonder om dit af te trek. [9]Dan moet hy van die bloed van die sondoffer teen die kant van die altaar sprinkel; maar wat oorbly van die bloed, moet aan die onderkant van die altaar uitgedruk word; dit is 'n sondoffer. [10]En die ander een moet hy as brandoffer volgens voorskrif berei. So moet die priester dan vir hom versoening doen weens die sonde wat hy gedoen het, en dit sal hom vergewe word. [11]Maar as hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as offer vir wat hy gesondig het, die tiende van 'n efa fynmeel as sondoffer bring. Hy moet geen olie daarop gooi en geen wierook daar byvoeg nie, want dit is 'n sondoffer."		
Die Skuldoffer		
Levitikus 5:14-19: *"[14]Ook het die Here met Moses gespreek en gesê: [15]As iemand in iets ontrou handel en in swakheid <u>sondig met betrekking tot een van die heilige gawes van die Here</u>, moet hy as boete aan die Here, bring 'n ram sonder gebrek van die kleinvee, na jou skatting van die waarde in sikkels silwer, volgens die sikkel van die heiligdom, as 'n skuldoffer. [16]En hy moet vir wat hy ten opsigte van die heilige gawes gesondig het, vergoeding gee en nog die vyfde deel daarvan byvoeg en dit aan die priester gee; en die priester moet vir hom versoening doen deur die skuldofferram, en dit*	Die skuldoffer, net soos die sondeoffer, was verpligtend. By die skuldoffer, anders as by die ander, is vergoeding verlang. Die skuldoffer was egter deel van die sondeoffer, maar hier is die merk oorskry. Sonde is begaan en die mens kom kort van die Here se standaarde. Dit sluit ook in die onwettige besit van iemand anders se eiendom (58, p.58). Soos by die sondeoffer gesien is daar spesifieke sonde uitgewys wat die mens skuldig voor die Here maak. Voorbeelde wat genoem word in Levitikus 5:1-4 Is: Die waarheid weerhou, onreinheid en onverskillige	Hieruit kan gesien word dat die gelowige 'n mens is van sy/haar woord. Jesus, wat sonder sonde was, het dit duidelik geïllustreer tydens Sy verhoor. Jesus het Homself nie verweer nie, maar toe aan Hom gevra is of Hy die Seun van God is, het hy dit bevestig. Twee wonderlike openbaringe is hier vir ons geldig: 1) Die profesie is vervul: Jesaja 53:7 (geskryf ongeveer 750 jaar voor

sal hom vergewe word. [17]En as iemand sondig en onbewus enigiets doen wat die Here verbied het, en skuldig word en sy ongeregtigheid moet dra, [18]dan moet hy van die kleinvee, na jou skatting, 'n ram sonder gebrek as skuldoffer na die priester bring; en die priester moet vir hom versoening doen vir die misdryf wat hy sonder opset, onbewus begaan het; en dit sal hom vergewe word. [19]Dit is 'n skuldoffer; hy is sekerlik skuldig voor die Here." Levitikus 7:1-10*:"[1]En dit is die wet van die skuldoffer: dit is hoogheilig. [2]Op die plek waar hulle die brandoffer slag, moet hulle die skuldoffer slag, en hy moet die bloed rondom teen die altaar uitgooi. [3]En hy moet al die vet daarvan offer: die vetstert en die vet wat oor die binnegoed lê, [4]en die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is, en die lap aan die lewer – by die niere moet hy dit wegneem. [5]En die priester moet dit op die altaar aan die brand steek as vuuroffer aan die Here; dit is 'n skuldoffer. [6]Almal wat manlik is onder die priesters, mag dit eet. Op 'n heilige plek moet dit geëet word; dit is hoogheilig. [7]Soos die sondoffer, so die skuldoffer; een wet geld vir hulle – die priester wat daardeur versoening doen, aan hom kom dit toe. [8]En die priesters wat die brandoffer van iemand bring – die vel van die brandoffer wat hy gebring het, aan die priester, aan hom kom dit toe. [9]En elke spysoffer wat in die oond gebak word, en alles wat in die pan of op die bakplaat berei is; aan die priester wat dit offer, aan hom kom dit toe. [10]En elke spysoffer, met olie gemeng of droog, aan al die seuns van Aäron kom dit toe, aan die een so goed as aan die ander."*	beloftes maak en dan nie daarby hou nie. Dit is duidelik dat die Here 'n afsku het in valsheid. Sien byvoorbeeld Prediker 5:1: *"Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees."* Indien 'n mens Rigters 11:29-40 lees, kan deur 'n baie hartseer gebeurtenis gesien word dat dit uiters belangrik is om nie onverskillige dinge te sê nie. Jesus maak dit ook duidelik in Matteus 5:33-37: *"[33]Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die Here hou. [34]Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie – nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; [35]ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; [36]ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. [37]Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose."*	Christus) *"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie."* Sien nou wat het gebeur tydens Jesus se verhoor, net voor Hy gekruisig is: Markus 15:3-5: *"[3]En die owerpriesters het baie beskuldigings teen Hom ingebring. [4]En Pilatus het Hom weer gevra en gesê: Antwoord U niks nie? Kyk hoe baie getuienisse hulle teen U inbring. [5]Maar Jesus het niks meer geantwoord nie, sodat Pilatus hom verwonder het."* 2) Jesus het steeds die waarheid gepraat. Markus 15:2: *"En Pilatus het Hom gevra: Is U die koning van die Jode? En Hy het geantwoord en vir hom gesê: U sê dit."* Slemming wys op die feit dat indien 'n belofte gemaak is, en dit was 'n goeie belofte, en die persoon kom dit nie na nie, was hy skuldig en moes hy 'n skuldoffer bring. Indien 'n persoon gesweer het om kwaad (boosheid) te doen, en hy het dit nie nagekom nie, het hy gesondig. So 'n persoon was in 'n dilemma. Sou hy die boosheid gedoen het wat hy gesê het hy gaan doen, sou hy sondig. Sou hy nie nakom wat hy gesê het nie, het hy steeds gesondig en moes hy 'n skuldoffer bring. Met ander woorde, ons leer hieruit dat dit vir die Here meer belangrik is dat ons by ons woord te hou as om nie slegte aspirasies te koester nie (58, p.64).
	Sonde met betrekking tot een van die heilige gawes van die Here.	Jesus is die eersgeborene van God op die aarde. Die Heilige Gees het vir Maria bevrug. Matteus 1:20-21: *"[20]Maar terwyl hy dit in die gedagte*

	Die Here is die Skepper van die heelal. Alles behoort aan Hom. Hy het dit ook duidelik gestel dat sekere dinge slegs aan Hom behoort, en nie gedeel word nie, soos byvoorbeeld die eersgeborenes. Eksodus 13:2: *"Heilig vir My al die eersgeborenes. Alles wat die moederskoot open onder die kinders van Israel, van mense en van diere, dit is myne."* Maleagi 3:7-10: *"[7]Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer? [8]Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. [9]Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! [10]Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in My huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie."*	*gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; [21]en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."* Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer die profeet Jesaja soos gelees kan word in Jesaja 9:5: *"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors."* Ons kan ons vandag afvra: Hoe staan ons teenoor hierdie Wonderlike Openbaring? Beredeneer ek nog of Jesus die Seun van God is, of het ek Hom as my Saligmaker aanvaar? Indien jy Hom as jou Saligmaker aanvaar het, is Hy jou Eerste vrugte na die ewige lewe! Jy kan by Sy feesmaal aansit, vir ewig. Levitikus 23:9-10: *"[9]En die Here het met Moses gespreek en gesê: [10]Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek aan julle gee en sy opbrengs oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring."* (meer hieroor in Hoofstuk 5).
	Indien iemand sondig en onbewus iets doen wat die Here verbied het, is hy/sy steeds skuldig. Indien ek vandag een van die landswette oortree, gaan dit my nie help om te beweer dat ek nie geweet het wat die wet is	Jesus se woorde, soos getuig deur die apostel (ooggetuie) Johannes 14:1-9: *"[1]Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. [2]In die huis van My Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3]En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. [4]En waar Ek heengaan, weet julle en die weg ken julle. [5]Thomas sê vir Hom: Here, ons weet nie*

	nie. Al het ek regtig nie geweet nie, het ek steeds die wet oortree. Die Here het Hom besig gehou met die mens van die begin af. Hy het Hom genoeg aan die mens geopenbaar. Die hoogtepunt van Sy openbaring is Sy Seun, Jesus Christus, wat op hierdie aarde tussen ons kom leef het, volgens die Geskrifte. Die apostel Paulus skryf as volg: Romeine 1:18-21: *"[18]Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die <u>waarheid onderdruk</u>, [19]omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. [20]Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; [21]omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister."*	*waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken? [6]Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. [7]As julle My geken het, sou julle My Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. [8]Filippus sê vir Hom: Here, toon ons die Vader, en dit is vir ons genoeg. [9]Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?"* 1 Johannes 5:10-13: *"[10]Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. [11]En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in Sy Seun. [12]Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. [13]Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."* Die openbaring en verlossing wat die Here vir die mens bewerkstellig, is Jesus Christus. Johannes 8:31 sê ook dat die Seun die <u>Waarheid</u> is. Indien 'n mens Jesus as die Waarheid nie erken nie, is jy verlore.

	Die bloed is rondom die altaar uitgegooi. Sonder die vloei van bloed, is daar nie vergewing van sondes nie.	Jesus Christus is op aarde gekruisig volgens die Geskrifte. Met ander woorde, Jesus se kruisiging en opstanding uit die dood, is eeue reeds voor die gebeurtenis voorspel, en herdenk. Hy het Sy lewe kom gee sodat die wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. Sy bloed het finaal gevloei as die volmaakte Offer. Paulus verduidelik in 2 Korintiërs 5:17-19: *"17Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. 18En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, 19naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou."*

Offer	Christus se voorsiening	Christus se Karakter
Brandoffer Levitikus 1:3-17, 6:8-13	Versoening	Sondelose natuur
Graan offer Levitikus 2:1-16, 6:14-23	Toewyding/afsonder	Christus was ten volle toegewy aan die Vader se wil
Maaltydoffer (Peace) Levitikus 3:1-17, 7:11-36	Versoening	Christus was in vrede met God
Sondeoffer Levitikus 4:1-5:13, 6:24-30	Plaasvervangende	Christus se versoeningsdood
Skuldoffer Levitikus 5:14-6:7, 7:1-10	Skuldbelydenis	Christus het al ons sondeskuld betaal vir ons verlossings

Kyk na Jesus se woorde in Johannes 6:53-54: *“53Maar Jesus sê vir hulle: ‘Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie. 54Wie My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.’”*

Alle nasies gered

Die Christene word gereeld beskuldig deur te beweer dat hulle arrogant is deur te glo dat hulle geloof die enigste waarheid inhou. Dit is wel so dat die Bybel getuig van die enige ware Skepper, die Here, wat Hom deur Sy Seun outentiek aan ons geopenbaar het. Die misverstand bestaan egter by die feit dat die Christene uniekheid verkondig en nie eksklusiwiteit nie!

Die Bybel verkondig juis van die Skepper wat ewige saligheid vir alle nasies voorhou. Kyk gerus na die volgende Skrifverwysings:

- Shekinah tot Immanuel! Die Tempel het gesorg dat die nasies bereik word 1 Konings 8:41-43 en 60; 2 Kronieke 6:32-33.
- Jesus is uit Abraham se nageslag en deur Abraham is alle nasies gered *Genesis 12:3 en 22:18* vergelyk *Romeine 14:6 en 17* en *Galasiërs 3:7-9; 14 en 29*
- As jy Jesus ken, ken jy die Vader ook: Johannes 14:6-7
- Alle nasies gered deur Israel: Genesis 12:3; 1 Kronieke 16; 1 Kronieke 17:18-27; Jesaja 42:6; 49:6; Jesaja 60:3
- Die volk en die Woord is daar sodat ons kan glo: Jesaja 45:3
- Die volk Israel is lig vir alle nasies
- Die volk Israel leef voort as gevolg van die verbond met die aartsvaders ten spyte van hulle sondes: 2 Konings 13:23
- Belofte aan Abraham en bevestig in Maleagi 1:11
- Outentieke apostels en getuies wat die Evangelie nagelaat het vir almal om te kan glo. Handelinge 1:1-3 en 1:21-22

Jesus, die Seun van die Mens, Die Seun van God en die Dienaar van God

1.1 Inleiding

Jesus is onomwonde aan die mens geopenbaar van die begin van die skepping af en het ons ook die versekering kom gee dat Hy vir ons die ewige lewe gee. Hy is duidelik sigbaar en verteenwoordigend in die verbond, die offers en die feeste van die Here. Daar is ook talle profesieë oor Hom in die Ou Testament.

1.2 Jesus: Seun van die Mens

Jesus is as 'n mens uit die koningshuis van Dawid gebore, volgens die profesieë, en ons kan Sy geslagsregisters lees van vader- en moederskant

Matteus 1:1-17: Vaderskant en Lukas 3:23-38: Moederskant. John MacArthur (33, p1518) wys daarop dat Lukas die Joodse denkwyse gebruik om Maria se geslagsregister aan te dui deur telkens te verwys na die manlike figuur. Josef word byvoorbeeld aangedui as die seun van Heli maar laasgenoemde het geen seuns van sy eie gehad nie, met ander woorde, daar word verwys na die skoonseun. Beide die geslagsregisters wys daarop dat Josef nie die genetiese vader van Jesus was nie, maar die wettige (aardse) vader. Matteus 1:16: *"Jakob was die vader van Josef, die man van Maria (nie vader van Jesus nie) uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.*" en Lukas 3:23: *"Toe Jesus met Sy werk begin het, was Hy omtrent dertig jaar oud. Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef....."*

Jesaja 9:5-6: *"[5]Want 'n Kind is vir ons gebore……[6]tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die Here van die leërskare sal dit doen* (53 vertaling)."

Jesaja 11:10: *"In die tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet."*

Daniël 7:13-14: *"[13]My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. [14]Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe Hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; Sy koningskap sal nie ophou nie."*

Keiser Augustus se sensus het veroorsaak dat ons vandag kan weet dat Jesus wel uit die stam van Dawid gebore is. Lukas 2:1-4

Openbaring 5:5: *"Toe sê een van die ouderlinge vir my: 'Moenie huil nie. Kyk die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.'"*

Die Messias, uit die stam van Juda, Jesus Christus.

1.3 Jesus: Die Seun van God

Jesaja 63:9 (53 vertaling): *"In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd."*

Johannes 1:1: *"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."*

Johannes 1:14: "*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

Kolossense 1:15-16: *"[15]Die Seun is die Beeld van God, van God wat nie self gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. [16]God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep."*

Johannes 14:9-11: *"[9]En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? [10]Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11]Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self."*

Matteus 17:2-8: *"[2]Daar het Sy voorkoms voor hulle oë verander: Sy gesig het begin straal soos die son, en Sy klere het wit geword soos die lig. [3]Skielik het Moses en Elia aan hulle verskyn en met Jesus gepraat. [4]Toe sê Petrus vir Jesus: 'Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.' [5]Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.' [6]Toe Sy dissipels dit hoor, het hulle baie bang geword en op die grond neergeval. [7]Maar Jesus het na hulle toe gekom, hulle aangeraak en gesê: 'Staan op en moenie bang wees nie.' [8]Toe hulle opkyk, het hulle niemand gesien nie, net Jesus alleen.*" Sien ook Markus 9:2-8 en Lukas 9:28-36.

1.4 Jesus: Die Dienaar van God

Jesaja 42:1-4 : *"[1]Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak. [2]Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie. [3]'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is. [4]Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer."*

Jesaja 53: *"[1]Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien? [2]Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. [3]Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. [4]Tog het hy ons lyding op hom geneem, ons siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. [5]Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. [6]Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom op hom laat afkom. [7]Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie. [8]Terwyl hy gelei het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk. [9]Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie. [10]Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik. [11]Na sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra. [12]Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het."*

Romeine 15:7-9: *"[7]Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God. [8]Ek bedoel dit: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. [9]Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: 'Daarom sal ek U loof voor die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing.'"*

Openbaring 22:1-3: *"[1]Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. [2]Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies. [3]Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die Troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en Sy dienaars sal Hom dien."*

Jesus, die Seun van die mens, Seun van God en Dienaar van God het uit die dood opgestaan en vervolmaak wat die mens nie kon doen nie. Hy het ook gedoen wat geen ander god kon doen nie. Hy het duidelik aan die mens gewys dat Hy die enigste God is wat bestaan en kan lewe gee, die ewige lewe. Ons moet Sy verlossingswerk aanneem. Hy het gegaan en vir ons plek voorberei. Is ons gereed wanneer Hy ons kom haal?

Jesus is die ewige lewe! Alleen Hy kan dit wees, Hy het gemaak dat ons die ware God kan ken: 1 Johannes :18-21: *"[18]Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie. [19]Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is. [20]En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en Hy is in die ware God en die ewige lewe. [21]Liewe kinders bly dus weg van die afgode af."*

Hoofstuk 5
Is Jesus Christus die ware Hoë Priester wat vir ons versoening bewerkstellig met die Skepper?

Baie sektes, byvoorbeeld Hindoeïsme, TM, New Age, ens. soek goddelikheid binne die mens en/of die natuur. Van hulle beweer ook dat hulle "geskrifte" dateer vanuit 'n tydperk voor die Bybel. Ons kan egter in die Bybel lees dat die Here van altyd af die Skepper was en teenwoordig was. Die priesterorde van Melgisedek dateer uit 'n tydperk wat die mens nie van bewus is nie. Jesus was Realiteit (Ek Is) van altyd af, lank voor dit wat ons selfs in die Ou Testament lees.

Die Here se heenkome kan nie deur 'n mens bepaal of vasgepen word nie. Die fokus moet wees op die Wese van die Here om sodoende 'n lewende verhouding met Hom te kan hê.

1. Regverdigheid, liefde en vrede die Realiteit

Die Bybel word deur talle bevraagteken deur te beweer dat daar ander geskrifte bestaan wat dateer uit 'n tydperk voor die van die Bybel en dat daar ander verhale, soos vloedverhale, bestaan, en dus die Bybel nie uniek is in sy boodskap nie. Daar word ook deur sommige beweer dat die God van die Ou Testament nie dieselfde God is as die van die Nuwe Testament nie.

Bostaande vrae kan maklik by 'n persoon ontstaan wanneer hy/sy nie verstaan wat die werklike boodskap van die Bybel is nie. Daar word voorgehou dat die inhoud van die Bybel eenvoudig is en dat dit handel oor die mens se vroomheid, of goeie dade, om sodoende saligheid te bekom. Hulle beweer dat jy 'n goeie mens moet wees om gered te wees. Die boodskap van die Bybel is juis die teenoorgestelde. Geloof in Jesus Christus se versoeningswerk bring eenheid met die Wese van God. Laasgenoemde veroorsaak dan dat jy 'n "heilige" mens word, in Jesus Christus. Dit beteken jy neem die Persoon van Christus aan, jy raak soos Jesus. Jy streef Sy Wese na.

Die mens kan sekerlik nie sy eie Skepper se heenkome bepaal nie. Indien jy dit sou kon doen, is jy beslis nie met jou Skepper besig nie. Jy is dan besig met jou eie maksimum konsep van 'n god soos wat jy hom wou beskryf, en verstaan. Met ander woorde, jy bou vir jou 'n god soos wat jou menslike, beperkte, verwysingsraamwerk, kan konseptualiseer en jy skakel dus die Almagtige bonatuurlike openbaring uit. Dit is erger as wat ek 'n hond sou vra om my heenkome te beskryf.

Die Here is nog van alle tye af betrokke by Sy skepping op so 'n wyse dat ons Hom kan ken. Hy het Sy Wese aan ons geopenbaar van voor daar eers neergeskryf kon word. Dink ook aan wat die apostel Johannes getuig in Johannes 21:25: *"Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie."*

Die Almagtige Skepper was reeds in Wese betrokke met die mens in die Persoon van Melgisedek. Melgisedek was die Goddelike Hoëpriester en Middelaar tussen die mens en die Here.

Hebreërs 7:1-3: *"[1]Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het, [2]en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van vrede. [3]Niks bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en die einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd."*

Salem word deur sommige gesien as 'n afkorting vir Jerusalem maar is wel met die verloop van tyd aan Jerusalem gekoppel (32, Genesis14)

Melgisedek het reeds tiendes van Abraham ontvang en is beskou as Abraham se meerdere: Hebreërs 7:6-7: *"[6]Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën. [7]Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word."*

Vosloo en van Rensburg (32, by gedeelte oor Hebreërs 7:1-28) wys daarop dat die priesterorde van Melgisedek van 'n baie hoër orde was as die Levitiese priesterorde. Die volgende redes word aangevoer:

- Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste

- Daar word niks oor sy geslagsregister gesê nie en daarom is en bly hy, soos die Seun van God, priester vir altyd
- Die naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; Koning van Salem beteken: koning van vrede; Dit wat elke mens wil hê, *geregtigheid en vrede* word in hierdie priester koning beliggaam
- Melgisedek is die een wat vir Abram seën nadat hy konings verower het en ontvang ook tiendes van Abraham. Melgisedek is dus op 'n hoër vlak as Abraham en sy nageslag, die Leviete. Op daardie stadium was Levi nog in die liggaam van die stamvader.

Hieruit kan gesien word dat die orde van Melgisedek bo die verloop van tyd, bo die wette van mense, bo nepotisme (oorhandiging aan naasbestaandes) staan. Vosloo en van Rensburg gaan voort deur daarop te wys dat Jesus Christus opnuut en vars gestalte hieraan gegee het as Priester en ook Koning: Jesus Christus wat volgens die orde van Melgisedek aangestel is.

Melgisedek word as 'n prototipe van Jesus voorgehou in Hebreërs 7. Daar is misterie oor Melgisedek se persoon.

In Psalm 110 word ook na Melgisedek verwys. Dit is gedurende hierdie tyd wat David Jerusalem verower het. Psalm 110:4: *"Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: "Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek."* Kyk na dieselfde Psalm 110:1: *"Die Here het vir my heer die koning gesê: 'Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp.'"* Sien nou Hebreërs 10:12-13*: "[12]Maar Jesus Christus het een offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit. [13]Nou wag Hy daar totdat Sy vyande aan Hom onderwerp is."*

Melgisedek as koning moes as middelaar optree tussen sy volk en God. Hy moes ook as priester die volk namens God seën, God se wil aan die volk bekend maak en die volk in die Tempel lei in hulle diens aan die Here. Dit is dan ook hoe Dawid moes optree. Die feit dat God hierdie reëling met 'n eed bekragtig, beteken dat die koning bemiddelaar tussen God en Sy volk sou bly so lank as wat hy lewe.

Hy is nie uit die aardse en tydelike orde van Aäron of Levi aangestel nie, maar volgens die ewige priesterorde van Melgisedek (5:6, vergelyk Psalm 110:4). Abraham ontmoet Melgisedek in Genesis 14:18–20. Hoewel hy nie uit die Levitiese priesterorde kom nie, het Abraham hom tog as priester van God die Allerhoogste geëer.

Die Hoëpriester moes eenkeer per jaar, op Versoendag (Yom Kippur), die allerheiligste van die Tempel binnegaan en versoening doen vir sy eie, en die volk se sondes. Die allerheiligste en die heilige dele van die Tempel was met 'n "voorhangsel" geskei.

Daar word van Jesus in Hebreërs 7:17 gesê:*"Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek "*. Melgisedek was die regverdige koning van Salem en hoëpriester van God die Allerhoogste. Hy het vir die aartsvader Abraham geseën. Hy was koning van orde en regverdigheid, dit is ook wat sy naam beteken. Melgisedek was 'n nie-Levitiese priester uit die stam van Juda, van sy herkoms en heengaan is niks bekend nie. Volgens die Hebreër skrywer was hy 'n voorafskaduwing van Jesus. Jesus is dus beter as aardse hoëpriesters, omdat Hy uit die tydlose Goddelike orde van Melgisedek kom. Ons kan ook weet dat daar geen ander sogenaamde profeet of apostel is wat hierdie versoeningsdaad beter aan ons kan openbaar as die Gees van die Here Self nie!

Toe Jesus sterf aan die kruis, het die voorhangsel in die Tempel geskeur van bo tot onder (Matteus 27:50-51). Die aarde het geskut. Hierdie gebeurtenis het Jesus bevestig as die Hoëpriester en Lam van God wat vir die mens ewige versoening met die Vader bewerkstellig het.

Die gelowige kan enige aanslag op die Bybel bevraagteken volgens die bron van die aanslag – waar pas Melgisedek in? Laasgenoemde vraag kan 'n geleentheid skep om te getuig wat die ware Hoëpriester van God, Jesus Christus, vir ons gedoen het. Ons ken Sy Naam, ons kan Hom direk aanbid, daar is geen mediums nodig nie, ons kan met Hom 'n persoonlike verhouding hê, Hy is ons Here en verlosser, die Enige wat uit die dood opgestaan het, volgens die Geskrifte, en aan ons gewys het dat Hy die ewige lewe aan ons kan gee.

'n Kragtige getuienis word deur die Woord ondersteun en die Woord is die Seun van God, die Gesalfde (Messias). Die feeste van die Here is gevier van meer as 1250 jaar voor Christus en het jaarliks opgebou na Versoendag wanneer die Hoëpriester verby die voorhangsel moes beweeg en versoening gaan doen het by die Here vir sy eie, en die volk se sonde.

Wonderlik is dan ook om sonder twyfel te kan sien dat die feeste van die Here ons daarop wys dat Jesus Christus die ware Hoëpriester volgens die Goddelike priesterorde van God is, en ook profeties daarop dui dat die Messias weer gaan kom om die gelowiges te kom haal. Dit is die

kragtigste profesie wat die gelowige kan maak, want dit dui op die hoop wat in hom/haar ‘n realiteit geword het deur die genade van Jesus Christus.

Buiten die offers wat deur die Here ingestel is, en duidelik deur die Lam vervolmaak is, het die Here ook feeste ingestel. Hierdie feeste wat vandag nog gevier word, help ons vandag om die eenheid in die Woord van God raak te sien en ook om kontinuïteit daar te stel sodat ons kan uitsien na die wederkoms van die Messias.

Die Here het verskeie feeste ingestel waardeur belangrike mylpale, wat bereik is, herdenk word. Met die verloop van tyd het die Here outentiek die feeste in vervulling laat kom sodat ons die parallelle en kontinuïteit kan raaksien en sodoende kan glo in die Woord van God. So ook het die offers in vervulling gekom deur die Lam wat geslag is. Indien mooi hieraan gedink word, besef 'n mens dat daar geen ander sekte, geloof of leerstelling is wat hierdie kontinuïteit daar kon stel nie. Die ooglopende rede is dat daar nie 'n transendentale en teïstiese (God wat geskep het en steeds betrokke is by Sy skepping) God agter dit staan nie. Weereens het die Here, deur Sy genade, tot ons redding getree deur Sy Woord.

Howard en Rosenthal wys daarop dat daar sewe jaarlikse feeste is. Paasfees en die Fees van Ongesuurde Brood is eerste ingestel, reeds voor die uittog uit Egipte. Die Fees van Ongesuurde Brood was die eerste van die drie jaarlikse pelgrimsfeeste. Gedurende drie van die sewe jaarlikse feeste (die Fees van Ongesuurde Brood, Weke, en Tabernakels) moes alle Joodse mans voor die Here verskyn by die Tempel (Eksodus 23:14-17; 34:18-23; Deuteronomium 16:16; 2 Kronieke 8:13). Dit is gedurende een van hierdie pelgrimsfeeste, die Fees van Ongesuurde brood, wat die Messias (12 jaar oud) gesorg het vir groot opwinding (41, p66).

Lukas 2:42-47: *"[42]Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruiklik daarheen gegaan vir die fees. [43]En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het. [44]Omdat hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap , het hulle 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het. [45]Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom. [46]Na drie dae het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra. [47]Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde."*

In Levitikus 23, ongeveer 1200 jaar voor Christus, word vertel van die feeste van die Here. Let asseblief noukeurig op hoe dit direk verband hou met Jesus, die Messias, die Lam, die Bruidegom, die Rots wat dit volmaak in vervulling gebring het:

1.1 Paasfees (Pesach)

Levitikus 23:5: *"Op die veertiende van die eerste maand teen skemer moet julle die paasfees vier tot eer van die Here."*

Howard en Rosenthal wys daarop dat Paasfees 'n belangrike boodskap vir vandag inhou. Dit vorm die primêre agtergrond om die gebeure in die Bokamer (die instelling van die Nagmaal deur Jesus) te verstaan, die simboliek agter die Tafel van die Here en ook die betekenis van die dood van die Messias (41, p49).

In Eksodus 12 word die paasfees verbind aan die nag toe die Here die eersgeborenes van Israel uit Egipte van die dood gered het (tiende plaag) en die volk uit slawerny bevry het. Die lam moes geslag word en sy bloed is gesmeer aan die deurkosyne om sodoende die huis te red teen die toorn van die Here. Hierdie gebeurtenis is herdenk deur die paasfees.

Eksodus 12:13-14: *"[13]Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie. [14]Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees. Julle moet dit as 'n fees vier tot eer van die Here. Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier."*

Die onskuldige lam het ingestaan vir die hele gemeente sodat die Here se oordeel oor hulle beweeg (For the Lord's judgement to "pass over" them (41,p50)).

Eksodus 12:8*: "Nog dieselfde dag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie."*

Die lam moes jonk wees wat gewys het op sy onskuld, en hy moes ook gebraai word wat gewys het op die oordeel van God wat op die lam gekom het in plaas van op die gelowiges. Die ongesuurde brood (Matzah) is geëet wat gewys het op die volmaaktheid van die offer. Die

gesuurde eienskappe het ook dikwels gewys op sonde. Die bitter kruie is geëet om 'n mens te herinner aan die lyding wat die lam deurgemaak het (41, p51).

Die Here het opdrag gegee dat paasfees elke jaar op die veertiende dag van die Hebreeuse maand, Nisan (Maart-April), gevier moet word. Dit is die dag wat die Here Sy volk uit Egipte gered het (Eksodus 12:6; Levitikus 23:5; Numeri 9:3; 28:16). Die Here se verlossingswerk was so magtig dat Israel se religieuse kalender vir ewig verander het. In herinnering tot hierdie wonderlike verlossing het die maand Nisan (oorspronklik bekend as Abib voor die Babiloniese wegvoering, Eksodus 13:4; 34:18) die eerste maand geword in die Hebreeuse kalender (Eksodus 12:2; Numeri 9:5; 28:16) (41, p50).

Hierdie fees is dus gevier vanaf die tyd toe die Israeliete uit Egipte getrek het (Numeri 9:1-14), ongeveer 1500 jaar v.C. Dit is ook steeds gevier tydens Christus se bediening op aarde. Die apostel Johannes getuig in Johannes 11:55-56 as volg:

"[55]Die paasfees van die Jode was naby. Baie mense het voor die paasfees van die platteland af na Jerusalem toe gegaan om hulle te reinig. [56]Hulle het daar na Jesus gesoek en waar hulle in die tempel gestaan het, vir mekaar gesê: 'Hoe dink julle? Hy sal seker nie fees toe kom nie, of hoe?'"

Hoe wonderlik is dit om te besef dat Jesus juis tydens paasfees gekruisig is! Hy is die Lam wat geslag is om versoening te doen vir ons sondes. Jesus het Self die Nagmaal ingestel, met die aanvang van paasfees. Sodoende is die lam wat tydens die fees geëet is, met die brood wat gebreek moet word vervang. Paasfees na Christus word dan ook gevier met drie ongesuurde brode (Matzah) waarvan die middelste een gebreek word. Dit verwys na die Drie-Eenheid van God, Vader-Seun-Heilige Gees. Die middelste een word gebreek wat verwys na Jesus se liggaam wat verskeur is.

Matteus 26:17-19: *"[17]Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood kom die dissipels na Jesus toe en vra: 'Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?' [18]Jesus het geantwoord: 'Gaan in die stad na so en so toe en sê vir hom: 'Ons Leermeester sê: My tyd is naby. In jou huis wil Ek saam met my dissipels die paasmaaltyd hou.' [19]Die dissipels het gemaak soos Jesus aan hulle opgedra het, en die paasmaaltyd voorberei."*

Matteus 26:26-29: *"[26]En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: 'Neem, eet; dit is my liggaam.' [27]Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: 'Drink almal daaruit, [28]want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. [29]Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.'"*

Eksodus 12:5-6: *"[5]Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok. [6]Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag."*

Merk op dat die lam sonder liggaamsgebrek moes wees (Jesus volmaak), die datum wanneer hy geslag moes word baie duidelik bepaal is (Jesus op Nisan 14 gekruisig), en dat die lam juis laatmiddag geslag moes word (Jesus sterf aan die kruis teen laat middag).

Keith Khodadad het die Lam in perspektief gebring soos volg: Die Pelgrims het in Jerusalem aangekom ongeveer 'n week voor die fees. Elke familie het 'n lam gekies op die tiende van die maand Nisan. Hulle het dan hierdie lam na die beamptes by die Tempel geneem om ondersoek te word. Indien die lam sonder liggaamsgebrek verklaar is, is die lam geoffer op die veertiende dag van die maand. As Christen kan mens duidelik die voorafskaduwing van die offer van Christus raaksien. Die Lam van God het na Jerusalem toe gegaan op Palmsondag, dieselfde dag wat die Jode hulle Paaslam moes kies. Hy is gebring voor die regterstoel van Pontius Pilatus en Herodus. Na ondersoek het hulle Hom sonder gebrek verklaar. *"[14]Julle het hierdie man voor my gebring as 'n opruier van die volk. Nou het ek in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie man geen grond gevind vir die aanklag wat julle teen hom inbring. [15]Herodus ook nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur. Hy het beslis niks gedoen wat die dood verdien nie."* (Lukas 23:14-15). Dus, na hierdie publieke bevestiging deur die beamptes van die volk tot Sy onskuld, is die Lam van God oorgelewer om gekruisig te word en het Hy Sy versoeningsbloed op daardie selfde dag gestort, heel moontlik op dieselfde uur wat die Paaslam geoffer is (43, p17).

Matteus 27:45-54: *"[45]Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. [46]Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eli, Eli, lemá sabagtani?' Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? [47]Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: 'Hy roep vir Elia.' [48]Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink. [49]Maar die ander sê: 'Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red.' [50]Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. [51]Op daardie*

oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. [52]Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, [53]en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. [54]Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.'"

Ironies is dat hierdie selfde soldate in 'n haas was om die gekruisigdes van die kruise af te verwyder om sodoende nie die belangrike sabbatdag te ontheilig nie, sonder om te besef dat die Verlosser Self, waaroor die hele paasfees gaan, reg voor hulle aan die kruis hang!

Johannes die apostel getuig as volg: Johannes 19:31-37: *"[31]Dit was Vrydag en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moet bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word. [32]Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. [33]Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie. [34]Maar een van die soldate het met 'n spies en sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom. [35]Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo. [36]Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: 'Geen been van Hom sal gebreek word nie.' [37]En vêrder sê die Skrif op 'n ander plek: 'Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.'"*

In bostaande vers 31 word verwys na Vrydag wat die kruisiging plaasgevind het. Daar bestaan egter verskille onder skrifgeleerdes of dit wel Vrydag was. In die oorspronklike Grieks word verwys na "Die dag van voorbereiding" en nie Vrydag nie. Sommige Bybelvertalers het dit as Vrydag geïnterpreteer omdat dit die sabbatdag voorafgegaan het. Die weeklikse sabbat wat op die sewende dag val is Saterdag. Die logiese afleiding wat gemaak is, is dat Nisan 14 daardie jaar op Vrydag geval het want daar word gesê dat die volgende dag sabbat was. Laasgenoemde kon die drie dae wat Jesus Self voorspel het dat Hy dood sou wees nog steeds verklaar omdat Vrydag, Saterdag tot Sondag (wanneer Hy uit die dood opgestaan het) steeds oor drie dae gestrek het.

Die King James weergawe gee dieselfde Johannes 19:31 as volg: *"The Jews therefore, because it was the preparation, that the bodies should not remain upon the cross on the sabbath day, for that sabbath day was an high day, besought Pilate that their legs might be broken, and that they might be taken away."* (Die bene van die gekruisigdes is gebreek sodat hulle nie meer hulleself met hulle bene kon opstoot teen die kruis om behoorlik asem te haal nie.)

Indien in gedagte gehou word dat die eerste en laaste dae van die fees van ongesuurde brood (bespreek in volgende afdeling) ook as sabbatte beskou is en dit dus nie noodwendig op die sabbat van die weeklikse sewende dag geval het nie, kan daar ander afleidings gemaak word van hoe die dae moontlik geval het. Dit is egter belangrik om te besef dat Jesus juis tydens paasfees gekruisig is. Profeties akkuraat soos wat die fees reeds vir meer as 'n duisend jaar voor Christus reeds gevier is. Indien ons oor die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here besin, besef die gelowige dat Jesus ons Eerste Vrug is na die ewige lewe (meer hieroor later in hierdie hoofstuk). Die eerste gerf graan van die nuwe oes (nuwe era) is na die priester by die Tempel gebring as 'n offer. Jesus is die Offer wat vir ons sondes gebring is. Dit het die nuwe era, die Nuwe Verbond, ingelei. Die interpretasie van presies hoe die dae geval het gedurende daardie week van die kruisiging, is baie interessant om oor te besin, maar dit behoort nie afbreek te doen aan die feit dat die gebeurtenis juis gedurende die paasfees plaasgevind het nie.

Hier volg twee interpretasies van hoe die dae tydens Jesus se kruisiging moontlik verloop het:

a) Die kruisiging op die Woensdag:

Die Dyk Bybel verduidelik as volg: Die spesiale sabbat waarna verwys word in Johannes 19:31 het gestrek vanaf sonsondergang op Woensdag tot sonsondergang op Donderdag (44, p118 NT). Dit was, met ander woorde, Nisan 15. Die eerste dag van die fees van ongesuurde brood wat as sabbat beskou is. Die Dyk Bybel verduidelik die chronologiese volgorde van die gebeure as volg: Judas het Jesus verraai en Hy is gearresteer vroeg die Dinsdag-aand. Jesus se verhoor het deur die nag van Dinsdag plaasgevind asook vroeg Woensdag-oggend. Die Kruisiging het Woensdag (Nisan 14) plaasgevind en Jesus is ongeveer teen sonsondergang, Woensdag, begrawe. Woensdag sonsondergang tot Donderdag sonsondergang was die belangrike sabbat en nie die normale weeklikse sabbat nie (44, p32 NT).

b) Die kruisiging op die Donderdag

Jesus het op die Fees van Eerste Vrugte uit die dood opgestaan. Laasgenoemde fees het oor Nisan 16/17 geval. Sou 'n mens verstaan dat Jesus gedurende die vroeë oggend van Nisan 17

uit die dood opgestaan het (nadat die offer gebring is op Nisan 16), is dit moontlik dat die kruisiging (Nisan 14) op ‘n Donderdag kon geval het (sien die skets op die volgende bladsy vir ‘n uitbeelding van hoe die gebeure moontlik oor die weeksdae kon geval het).

Matteus 28:1-6: *“[1]Na die sabbatdag, toe dit die Sondag-môre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk. [2]Skielik was daar ‘n geweldige aardbewing. ‘n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. [3]Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. [4]Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword. [5]Toe sê die engel vir die vroue: ‘Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. [6]Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.’”*



'n Voorstelling van hoe die weeksdae moontlik kon verloop het die week van Christus se kruisiging

1.2 Fees van Ongesuurde Brood (Hag Hamatzot)

Levitikus 23:6-8: *"[6]Op die vyftiende van dieselfde maand begin die fees van ongesuurde brood tot eer van die Here. Sewe dae moet julle ongesuurde brood eet. [7]Op die eerste dag moet julle 'n gewyde byeenkoms hou: julle mag dan geen werk doen nie. [8]Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Die sewende dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou, en niemand mag werk nie."*

Soos wat Paasfees getuig van die Here se dood op Golgota – en dit doen ook so, hard en duidelik – so getuig die Fees van Ongesuurde Brood van die feit dat Sy fisiese liggaam, in die graf, nie die ontbinding van die dood sal ondergaan nie (41, p 19).

Die Fees van Ongesuurde Brood is 'n herinnering van die Here se verlossing wat Hy bewerkstellig het vanuit die verdrukking in Egipte. Toe die Israeliete uit Egipte getrek het, was daar nie tyd vir brood om te rys nie. Die Here het dus opdrag gegee:

"Jy mag nie brood met suurdeeg in eet nie, maar sewe dae lank moet jy ongesuurde brood eet. Dit is brood wat herinner aan jou swaarkry, en jy moet jou lewe lank dink aan die dag waarop jy uit Egipte weg is: hoe haastig jy daar weg is." Deuteronomium 16:3

Omdat die twee feeste: Paasfees en Fees van Ongesuurde Brood direk na mekaar gevier is, is hulle gereeld saamgevoeg as 'n 8-dae fees en na verwys as "Die agt-dae van Paasfees". Gedurende die tyd van die tweede tempel, met ander woorde, ook die tyd wanneer Jesus op die aarde was, is al die agt dae soms ook verwys na die Fees van Ongesuurde Brood. Sien Lukas 22: 1 en 7:

Lukas 22:1-2: *"[1]Die fees van ongesuurde brood, wat pasga genoem word, was naby. [2]Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes wou Jesus uit die weg ruim, maar omdat hulle bang was vir die volk, het hulle nog gesoek na 'n manier om dit te doen."*

Lukas 22:7-8: *"[7]Die dag van ongesuurde brood, waarop die paaslam geslag moes word, het aangebreek. [8]Jesus stuur toe vir Petrus en Johannes vooruit met die opdrag: 'Gaan berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons dit kan eet.'"*

Suurdeeg (Engels: leaven, of gis) staan in Hebreeus bekend as hametz. Dit beteken letterlik "suur". Dit word gebruik om fermentering te veroorsaak, veral in brooddeeg. Soos die gis die brooddeeg versuur ontstaan klein lug borreltjies wat veroorsaak dat die deeg rys. Suurdeeg is in die Bybelse tyd beskou as verteenwoordigend van die mens se sonde (Matteus 16:6,11; Markus 8:15; Lukas 12:1; Galasiërs 5:9). Daarom is daar gedurende die Fees van Ongesuurde Brood geen suurdeeg (soos brood en broodrolletjies) geëet of selfs in die huis toegelaat nie (41, p66-67).

Deuteronomium 16:4: "*Sewe dae lank mag daar in jou hele gebied geen suurdeeg wees nie…"*

Selfs hedendaagse Joodse families, wat hierdie fees herdenk, begin reeds weke voor die Fees van Ongesuurde Brood met voorbereiding. Hulle huise se mure word gewas en geverf, kookgereedskap word skoongemaak, klere word gewas met sakke omgedop, matte word skoongemaak, stofsuiersakke word weggegooi en spesiale disse word voorberei vir die fees. Die aand voor die fees sal die pa van die huis die Bedikat Hametz uitvoer. Dit is die "Soek vir Suurdeeg" seremonie. Die ma van die huis sal, voor die seremonie, 'n paar stukkies brood op strategiese plekke in die huis plaas sodat daar iets is om te vind. Die pa sal dan, in kerslig en gevolg deur die kinders, met 'n houtspaan in die een hand en 'n verestoffer in die ander hand, van kamer-tot-kamer begin soek vir die brood. Die brood wat gevind word, word dan in die houtspaan ingevee. Aan die einde van die soektog word die houtspaan, die brood en die verestoffer in 'n sak gesit, of in 'n lap toegedraai. Dit word dan met 'n tou vasgebind en eenkant gesit om die volgende môre verbrand te word (41, p67).

Soos met die ander feeste van die Here (Levitikus 23), word die profetiese realiteit van die Fees van Ongesuurde Brood gevind in die werk van die Messias. Paasfees wys op die versoeningsdood van die Messias as die Lam en die Fees van Ongesuurde Brood wys op die begrafnis van die Messias. Die fees van Die Begin van die Graanoes wys op die opstanding van die Messias.

Normaalweg is diegene wat die kriminele dood gesterf het ook 'n kriminele begrafnis gegee. Die profete het die dag voorspel dat die Messias geoffer sou word vir die mens se sonde. Hy sou die Lam wees wat deur God geoffer sou word as die finale offer.

In Jesaja 53:4 lees ons een van die meer as driehonderd Messiaanse profesieë. Ongeveer 700 jaar voor Christus is as volg geprofeteer: *"Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word."*

Die profete het egter ook voorspel aangaande die Messias se besonderse begrafnis. Jesaja het as volg geprofeteer: *"Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie."*

Die Messias is tereggestel as 'n misdadiger maar God het nie toegelaat dat Sy liggaam buite die stad op 'n vuilgoedhoop gegooi word nie. Die Messias is gerespekteer tydens Sy begrafnis want Hy was volmaak, 'n sondelose (sonder suurdeeg) offer. Hy het gesterf nie as gevolg van Sy eie oortredings nie (Hy was onskuldig), maar vir ons sin (ons is skuldig). Daarom het die Here die Messias gerespekteer deur Hom 'n ryk man se graf te gee. Die Messias is begrawe in die graf van Josef van Arimatea.

Matteus 27:57-60: *"[57]Laat die middag het daar 'n ryk man aangekom. Dit was Josef van Arimatea, wat self ook 'n volgeling van Jesus was. [58]Hy het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra, en Pilatus het beveel dat dit vir hom gegee moet word. [59]Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai [60]en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan."*

Howard en Rosenthal wys ook daarop dat daar egter nog vêrdere besondersheid is met betrekking tot die begrafnis van die Messias. Dit is dat Sy liggaam nie sou terugkeer na stof nie. Ongeveer een duisend jaar voor Christus het koning Dawid soos volg geprofeteer met betrekking tot die Messias: *"want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie."* Psalm 16:10 (1953 vertaling) (tydperk bygevoeg). Dawid het hier duidelik nie op homself geprofeteer nie. Dawid se liggaam is afgebreek, sy graf is na verwys vir amper 3000 jaar. Alle mense se liggame keer weer terug na stof.

Genesis 3:19: *"net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word."*

Die Messias se liggaam is egter nie afgebreek nie. As die volmaakte, sondelose offer, was die Messias nie onderhewig aan die oordeel om terug te keer na stof nie. Daarom het die Messias op die derde dag weer opgestaan nadat Hy ons sondes vêr van ons af verwyder het (41, p70).

Dawid skryf ongeveer 1000 jaar voor Christus in Psalm 103:12: *"So vêr as die ooste van die weste af is, so vêr verwyder Hy ons oortredinge van ons af."*

Die skrywer van Hebreërs verduidelik in Hebreërs 9:23-28: *"[23]Die aardse afbeeldings van die hemelse dinge moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. [24]Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. [25]Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie. [26]Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. [27]'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. [28]So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag."*

Die Messias het die Fees van Ongesuurde Brood volbring deurdat Hy 'n volmaakte, sondelose (sonder suurdeeg) offer was. God het dit bevestig deur die Messias se begrafnis in 'n ryk man se graf. Dit is ook vêrder bevestig deurdat die liggaam van die Messias nie toegelaat is om te ontbind in die graf nie (soos deeg versuur word deur suurdeeg). Die liggaam van die Messias is na vore gebring omdat Hy nie 'n sondaar was wat onder die oordeel van die dood en ontbinding gestaan het nie (41, p70).

Paulus skryf in 1 Korintiërs 5:6-8: *"[6]Julle selfverheffing is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie? [7]Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. [8]Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid."*

Volgens Howard en Rosenthal (41, p70) is Paulus se boodskap duidelik en direk. Vir gelowiges wat, deur middel van geloof, die offer van die Paaslam op Golgota aangeneem het, is Paasfees geskiedenis. Die verlossing deur die Messias, die ware Paaslam het reeds 'n werklikheid geword in hulle lewens. Hulle leef nou in die Fees van Ongesuurde Brood waar reinheid en verwydering van suurdeeg 'n noodsaaklikheid is.

1.3 Die Fees van Eerste Vrugte (Firstfruits) (Yom Habikkurim)

Levitikus 23:9-14: *"[9]Die Here het vêrder vir Moses gesê: [10]'Sê vir die Israeliete: Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, en julle samel die graanoes in, moet elkeen die eerste ryp are van sy oes na die priester toe neem. [11]Hy moet die are as beweegoffer vir My, die Here, aanbied sodat julle vir My aanneemlik sal wees. Die priester moet dit die dag na die sabbat doen. [12]Wanneer julle die are as beweegoffer aanbied, moet julle ook 'n jaaroud lam sonder liggaamsgebrek as brandoffer aan die Here bring, [13]sowel as 'n graanoffer van drie kilogram meel aangemaak met olyfolie. Dit is 'n offer wat deur My, die Here, aanvaar word. Daarby moet een liter wyn as drankoffer gebring word. [14]Voor hierdie dag waarop julle die offer aan julle God bring, mag julle nog niks van die nuwe graan gebruik nie, nie gebak of gebraai of rou nie. Dit moet 'n vaste instelling vir julle hele nageslag wees, waar julle ook al woon.'"*

Die Fees van Eerste Vrugte was 'n vroeë lentefees, die derde in die Joodse siklus van feeste. Koring was die eerste graan om ryp te word van dit wat gesaai is gedurende die wintermaande. Gedurende Die Fees van Eerste Vrugte (Begin van die Graanoes) is daar 'n bondel koring geoes en na die tempel geneem as 'n dankoffer aan die Here vir die oes. Dit was verteenwoordigend van die hele oes en het ook as 'n versoek of waarborg gedien dat die res van die oes sal realiseer in die dae wat sou volg. Daar was ook ander offers wat saam met die bondel koring geoffer moes word, soos die jaaroud lam sonder liggaamsgebrek, 'n drankoffer van wyn en 'n graanoffer meel gemeng met olyfolie. Die mense was verbied om enige van hierdie oes te gebruik voordat Die Fees van Eerste Vrugte gevier is nie. Andersins is dit beskou as diefstal van God volgens die Skrif (Maleagi 3:8). Deuteronomium 26:1-10 beskryf die proses in detail.

Daar bestaan verskillende sieninge met betrekking tot wanneer Eerste Vrugte voorkom. Robin Sampson en Linda Pierce (46, p204) skryf dit toe aan verskillende interpretasies van Levitikus 23:11: *"Hy moet die are as beweegoffer vir My, die Here, aanbied sodat julle vir My aanneemlik sal wees. Die priester moet dit die dag na die sabbat doen."* Daar bestaan twee tipes sabbatte in die Bybel. Die sewende dag van die week word beskou as die weeklikse sabbat en die jaarlikse Heilige Dae word ook beskou as sabbatte. "..die dag na die sabbat.." kan dus een van twee dinge beteken: 1) Die dag na die weeklikse sabbat, na Paasfees, of 2) Die dag na die tweede dag van Paasfees, wat 'n Heilige dag is.

Die Messiaanse en Saddusese benadering plaas die Fees van Eerste Vrugte (en dus ook die dag waarop die tel van die Omer begin) as die dag na die weeklikse sewende dag (Saterdag) gedurende Paasfees. Die Rabbynse benadering plaas dit as die tweede dag van Paasfees, met ander woorde, die dag na die sabbat van Paasfees (of eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood) in plaas van gedurende Paasfees (46, p204).

Die Rabbynse siening beskryf Kevin Howard (41, p75-87) deur te verwys na die geskrifte van die Joodse geskiedkundige, Josephus (gebore 37 n.C.) wat geskryf het: *"Maar op die tweede dag van ongesuurde brood, wat die sestiende dag van die maand is, het hulle eers deelgeneem aan die vrug van die aarde, want voor daardie dag het hulle nie daaraan geraak nie."*

Gedurende Eerste Vrugte is een omer (ongeveer 2.4 liter of 5 pinte) meel gemeng met ongeveer 0.35 liter (0.75 pinte) olyfolie. 'n Klein hoeveelheid wierook is daaroor gestrooi. Hierdie het die Eerste Vrugte offer geword. Die priester het dit as beweegoffer vir die Here aangebied soos beskryf in Levitikus 23:11-13 en 'n klein hoeveelheid is op die altaar gebrand. Die oorskiet is aan die Leviete gegee (41, p79).

Sampson en Pierce wys daarop dat Joodse literatuur getuig van die feit dat toe die Israeliete ingelig is van hulle toekomstige redding uit Egipte, hulle vyftig dae (sewe weke) daarna die Torah (die wet van God) sal ontvang. Hulle was so opgewonde daaroor dat hulle die dae begin tel het totdat dit inderdaad plaasgevind het (46, p199).

Hierdie aftel van die dae (of sewe weke) staan bekend as die Aftel van die Omer (Counting of the Omer) en was 'n tydperk van groot afwagting.

Hedendaagse Jode begin die aftel op die tweede dag van Paasfees. Dit is die eerste dag van Ongesuurde Brood (Jesus is gekruisig op Nisan 14 en het opgestaan uit die dood op Nisan 17). Dit is die dag na die weeklikse Sabbat gedurende die week van Paasfees (46, p201).

Sampson en Pierce (46, p203) wys daarop dat die Israeliete nooit ingelig is wat die kerf graan wat as beweegoffer vir die Here aangebied is, verteenwoordig nie. Let op na die Messiaanse realiteit hiervan. Die kerf graan is duidelik simbolies van Jesus Christus. Jesus is die Eerste Vrugte, die Eerste Vrugte van die oes van die siele wat gaan rus het in Christus en het realiteit geword op die wonderlike dag van opstanding van die Here.

Eerste vrugte praat van die opstanding uit die dood. Toe die skrifgeleerdes en Fariseërs 'n wonderteken van Jesus verlang het, het Jesus hulle tereggewys en gesê dat die enigste teken

sal wees drie dae en drie nagte in die middel van die aarde soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die vis was. Jesus het hier dus weer self Sy eie kruisiging akkuraat voorspel:

Matteus 12:38: *"[38]Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: 'Meneer, ons wil 'n wonderteken sien.' [39]Maar Hy antwoord hulle: ' 'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. [40]Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees. [41]Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!"*

Jesus het gesterf aan die kruis reg op Paasfees, maar die dood kon Hom nie daar hou nie. Hy het uit die dood opgestaan na drie dae en drie nagte, op Eerste Vrugte, soos dit vir 1500 jaar voor Christus alreeds gevier is.

Reeds ongeveer 700 jaar voor Christus het die profeet Jesaja Eerste Vrugte aan die Lam wat geslag sou word, die Messias, gekoppel.

Jesaja 4:2-4: *"[2]Daardie dag sal alles wat die Here laat uitspruit, mooi en weelderig wees. Dié uit Israel wat vrygekom het, sal trots wees op die opbrengs van die land en hulle daarin verlustig. [3]Wie in Sion oorgebly het, wie in Jerusalem bewaar gebly het, elkeen in Jerusalem wat vir die lewe opgeskryf is, sal heilig genoem word. [4]Die Here sal die inwoners van Sion reinig van hulle wandade en Hy sal die bloed wat aan die hande van Jerusalem kleef, verwyder deur die Gees wat oordeel en verteer."*

Die apostel Paulus bevestig dit ook:

1 Korintiërs 15:20-22: *"[20]Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. [21]Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. [22]Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word."*

Ons leer uit die Woord dat ons die Here moet vereer met ons besittings en met die eerste vrugte van ons opbrengs.

Spreuke 3:9-10: "*[9]Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, [10]dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn."*

Johannes getuig van Jesus se woorde:

Johannes 12:24: *"Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in."*

Die Hebreeuse oorsprong van bikkurim (eerste vrugte) is dieselfde as die van bekhor (eersgeborene). Eerste vrugte word aan die Here gewy want die eerste van alles, insluitend die eersgeborene van mens en dier, behoort aan die Here. Jesus was die eersgeborene. Die moeder van Jesus, Maria, was 'n maagd voor Jesus se geboorte.

Matteus 1:18-21: *"[18]Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. [19]Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. [20]Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: 'Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. [21]Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos.'"*

Ongeveer 700 jaar voor Christus profeteer Jesaja in Jesaja 7:14: *"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem." Immanuel beteken: 'God is by ons.'"*

Paulus verwys na Jesus wat die eersgeborene was in Romeine 8:29: *"Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is."*

Die Bybel vertel ons dat God, die Bruidegom, wag ywerig vir die kosbare vrugte van die aarde en Hy het ook baie geduld om daarvoor te wag.

Jesus se Eie aardse halfbroer, Jakobus, getuig as volg:

Jakobus 5:7: *"Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het."*

Die vraag mag nou ontstaan, wat van die Aftel van die Omer? Die vyftig dae (sewe weke)? Jesus het die volgende vir Sy dissipels gesê:

Johannes 16:7: *"Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur."*

Lukas wys op Jesus se woorde (na Jesus se opstanding uit die dood waarna Hy verskeie kere aan hulle verskyn het) aan Sy dissipels in Handelinge 1:4-5: *"[4]Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: 'Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. [5]Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.'"*

Die dissipels het geweet dat die Heilige Gees sou kom. Direk na Jesus se kruisiging, met ander woorde direk na Paasfees, was die dissipels besig met die Aftel van die Omer soos wat hulle volk en voorvaders alreeds, elke jaar na Paasfees, vir 1500 jaar gedoen het. Die aftel van vyftig dae (sewe weke) het elke jaar verloop tot die aanvang van die Fees van Weke (Pinkster), in groot afwagting. Ons lees in die Bybel dat die dissipels dan ook op die vyftigste dag (Pinkster) bymekaar was in afwagting.

Lukas bevestig dit in Handelinge 2:1: *"Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar."*

Dit bring ons by Die Fees van Weke.

1.4 Die Fees van Weke (Shavuot=Hebreeus vir "weke"), later die Pinksterfees

Levitikus 23:15-22: *"[15]Van die dag van die sabbat af, die dag waarop julle die are as beweegoffer vir die Here aanbied, moet julle sewe volle weke tel. [16]Die dag ná die sewende sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pas geoeste graan. [17]Elke gesin moet twee brode vir 'n beweegoffer na die heiligdom toe bring. Dit moet van drie kilogram meel met suurdeeg gebak wees en is 'n gawe aan die Here uit die eerste opbrengs uit die oes. [18]Behalwe al die brode moet daar ook sewe jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek, 'n jong bul en twee ramme gebring word. Hulle moet as brandoffers aan die Here gebring word met die graanoffer en die drankoffers wat daarby hoort. Dit is 'n offer wat deur My, die Here, aanvaar word. [19]Julle moet ook 'n bokram as sondeoffer bring en twee jaaroud lammers as maaltydoffer. [20]Die priester moet die twee lammers saam met die brode uit die eerste opbrengs van die oes as beweegoffer vir die Here aanbied. Dit is 'n gewyde gawe aan die Here en dit kom die priesters toe. [21]Op hierdie dag moet julle 'n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie. Dit moet vir altyd 'n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon. [22]'Wanneer julle julle lande oes, moet julle nie die wenakkers afoes of die are wat bly lê, optel nie. Julle moet dit los vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.'"*

Die mees-algemene Hebreeus vir die Fees van Weke is Hag Hashavuot wat "die Fees van Weke" beteken. Die fees is ook na verwys as die Later Eerste Vrugte. In die Nuwe Testament word die fees na verwys as Pinkster. Die woord Pinkster is afgelei van Grieks wat vyftigste beteken.

Sampson en Pierce (46, p229-231) wys daarop dat hierdie fees beskou word as die afsluiting van die Paasfees tydperk van feeste. Dit is die herdenking van die dag toe die Israeliete die wet van die Here ontvang het by die berg Sinai. Dit is hier waar die volk Israel gebore is, waar die Here Hom aan hulle geopenbaar het.

Die Jode vandag vier gewoonlik Pinkster op die sesde dag van die Joodse maand Sivan. Oorspronklik, voor Jesus die Messias, is Die Fees van Weke gevier vyftig dae vanaf die Fees van Eerste Vrugte. Dit is op hierdie dag wat die wet aan Moses gegee is, vyftig dae nadat die Israeliete uit Egipte getrek het. Dit is op hierdie dag wat die huwelik tussen die Bruidegom (God) en die bruid (Israel) plaasgevind het. Dit het 'n geweldige groot geestelike impak. Die volk Israel is deur middel van hierdie wet verlos van afgodediens en immoraliteit. Die Wese van God is aan hulle bekend gestel en ingestel as ondersteuning en insig tot die ware God, Jahweh.

Die Fees van Weke is 'n spesiale tydperk van danksegging. Die gebruik is om die eerste nag wakker te bly en die Torah te leer (Die Torah bevat die vyf boeke van Moses, die Profesieë en die Geskrifte). Die begin en die einde van elk van die gedeeltes van die Torah word hersien, so ook die van die Profete (bv. Esegiël en Habakuk), Geskrifte (bv. Rut) en die Mishnah (Die eerste gedeelte van die Talmud - 'n Orale interpretasie van die Torah).

Howard en Rosenthal (41, p96) wys daarop dat een van die mees-populêre Shavuot gewoontes, is die eet van suiwel voedsel. Dit is 'n herinnering aan die wet, want die woorde van

die Skrif is soos melk en heuning. Voedsel soos kaaskoek, kaas pasteitjies (blintzes= kaas wat gerol is in pannekoek en gebraai is in ‘n braaipan), en kaas kreplach (deegpakkies gevul met kaas). Die kreplach is driehoekig wat elk die drie verklarings van die antieke rabbis herroep: “Geseënd is die Genadige Een wie die drieledige wet gegee het (Wet, Profete, en Geskrifte) aan mense wat gemaak is van drie klasse (priesters, Leviete en Israeliete), deur ‘n derde-geborene kind (Moses wat gebore is na Miriam en Aaron) in die derde maand (Sivan).

Dit is ook die gebruik om twee “hallah” brode te bak tydens Shavuot. Dit verteenwoordig die twee brode wat in die tempel geoffer is en die twee kleitablette van die Tien Gebooie wat op die berg Sinai ontvang is. ‘n Uitbeelding van ‘n leer met sewe sporte word tradisioneel op die brode aangebring. Laasgenoemde simboliseer Moses wat die berg opgegaan het om die Tien Gebooie te ontvang. Gedurende die eerste nag wat deurnag wakker gebly word en die Torah hersien word, word dan gereeld periodieke pouses geneem om koffie en kaaskoek te eet. Steeds vandag, tydens dagbreek van Shavuot kan duisende Jode gesien word wat beweeg van die ortodokse gedeeltes van Jerusalem na die gebied van die antieke tempel (Tempelberg). Hierdie duisende kom dan bymekaar in die plein voor die Westelike Muur om die antieke Amidah-gebed saam te sê. Die Amidah of “staande” gebed met negentien seëninge dateer terug meer as 2000 jaar. Dit vorm die sentrale gebed van alle aanbiddingsdienste (môre, middag, aand, Sabbat, en vakansiedae).

Soos reeds genoem is deur die eerste nag van Die Fees van Weke deurnag, onder andere, gelees uit die Profete. Esegiël en Habakuk. Dit is gedoen reeds honderde jare voor Christus.

Esegiël 1:4: *“Ek het ‘n lig gesien. Daar het ‘n storm uit die noorde gekom, ‘n groot wolk. Vlamme het heen en weer geflits en daar was ‘n helder skynsel om die wolk. Van binne uit, uit die vuur uit, het dit geblink soos gloeiende blink metaal.”*

Esegiël 3:12: *“Die Gees het my opgetel, en toe hoor ek agter my die gedreun van ‘n groot aardbewing en ‘n stem: ‘Die hemel self moet die magtige verskyning van die Here loof!’”*

Habakuk 3:3-5*:”[3]God kom van Teman af, die Heilige kom van Paranberg af. Sela. Die hemelruim is vol van Sy majesteit, die aarde vol van Sy roem. [4]Hy kom met die glans van die lig, weerligte blits uit Sy hand, Sy hand so vol mag. [5]Voor Hom uit gaan die pes, in Sy voetstappe volg die dood.”*

Let op dat Teman verwys na die Sinai gebied. Met ander woorde die gebied waar die Wet van God ontvang is (35, p1318).

Vyftig dae nadat die Israeliete uit Egipte verlos is (Paasfees, Nisan 14, gered deur die bloed van die lam) het hulle die wet van God ontvang (die wet dui op God se wil). Dit het hulle gebring by die Fees van Weke. Hulle het dit ook so gevier vir ongeveer 1500 jaar voor Christus. Jesus Christus is op Nisan 14 gekruisig en die Heilige Gees is inderdaad reg op die Fees van Weke uitgestort, vyftig dae na Paasfees. Die dissipels was bymekaar om die Fees van Weke te vier, in groot afwagting, en het toe die Heilige Gees ontvang soos Jesus vir hulle gesê het sou gebeur. Kyk wat het met hulle gebeur:

Handelinge 2:2-4: *“[2]Skielik was daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder Sy leiding te doen.”*

Kyk weer na die Skrif wat hulle gelees het tydens die nag van die Fees van Weke (voor Christus), Esegiël 1:4. Hierin kan weereens gesien word hoe outentiek die Woord van God is. Die openbaring van die Here aan die profete het ook sigbaar geword vir die dissipels soos gesien kan word in Handelinge 2:2-4 (vuur en storm). Dit alles sodat ons vandag kan glo.

Dit is met hierdie gebeurtenis wat die Fees van Weke verander is na Pinksterfees. (Betekenis van die woord pinkster = 50). Die Heilige Gees is uitgestort om ons steeds die wil van God te leer en Sy Woord en Wese, Jesus Christus, aan ons te openbaar.

Kyk na Jesus se woorde voor Sy hemelvaart:

Johannes 14:25-27: *“[25]Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [27]Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”*

Handelinge 1:5-8: *“[5]Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ‘n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.’ [6]Toe hulle ‘n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: ‘Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?’ [7]Hy het hulle geantwoord: ‘Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in Sy eie mag bepaal het nie. [8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en*

julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Dit is dan ook dieselfde dissipels wat aan ons vandag die Nuwe Testament nagelaat het. Hulle is tot die dood toe gemartel vir hulle getuienis sonder om daarvan afstand te doen. Hulle het Jesus gesien nadat Hy uit die dood opgestaan het, het verskeie kere saam met Hom verkeer, en selfs saam met Hom geëet na die kruisiging, het in Sy Naam wonderwerke verrig en seker gemaak dat ons vandag kan glo. Dit is die eienskappe van 'n ware Apostel. Outentieke boodskappers wie se getuienis ons vandag kan glo. Dit staan uit bo enige dwaalleer en dateer vanuit die tyd van die Messias Self. Hulle getuienis getuig van wat hulle self gesien en ervaar het. Dit is outentiek in konteks gebring met wat hulle uit die Woord van God geleer het met betrekking tot die Messias, wat die Messias Self vir hulle geleer het en ook bevestig het met Sy dade. Dit is nie gebaseer op afleidings of interpretasies nie.

Kyk hoe getuig Johannes in Johannes 21:24-25: *"[24]Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit geskrywe het, en ons weet dat sy getuienis waar is. [25]Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie."*

Lukas, die outeur van die Nuwe Testamentiese boeke Lukas en Handelinge, bevestig dat hy die getuies feitelik nagevors het, dit is nie stories nie! Kyk hoe bevestig hy dit:

Lukas 1:1-4: *"[1]Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. [2]Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. [3]Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. [4]So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is."*

Indien ons in gedagte hou dat Lukas in die tyd van Jesus geleef het, en dus ook in die tyd van die dissipels, wat later apostels geword het, geleef het, besef 'n mens van vooraf dat die Evangelies nie net die getuies se ervarings self weerspieël nie, maar dit ook bevestig word deur Lukas. Moet nie dat dwaalleer, wat honderde jare na die tyd ontstaan het, soos die DaVinci Code en Judas Evangelie of die leer van enige plaasvervanger, of sogenaamde opvolger van die Messias, of sogenaamde profeet, of sogenaamde boodskapper van God, jou verwar nie. Niks daarvan kan meer outentiek gekoppel word aan die Messias as die Nuwe Testament in die Bybel nie. Die Heilige Gees is aan ons nagelaat sodat elkeen van ons self 'n persoonlike verhouding met die Here kan hê. Die Heilige Gees openbaar die Woord van God aan ons, die Woord van God is die Messias, Jesus Christus. Daar is nie ander verteenwoordigers nodig nie.

Wat is die Nuwe Testament in werklikheid? Dit is die outentieke bevestiging dat Jesus Christus die Messias is soos geprofeteer in die hele Ou Testament. Met ander woorde, die hele Bybel getuig oor die Here se verlossingswerk vir die mens. Ons kan daarmee identifiseer in die Persoon van Jesus Christus. Nou kan ons verstaan wat Johannes vir ons sê in Johannes 1:1-5 en Johannes 1:14:

Johannes 1:1-5: *"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie."*

Johannes 1:14*: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

Wat beteken Pinkster dan vir ons? Sampson en Pierce (46, p205) wys daarop dat Eerste Vrugte sigbare leiding is van hoe die Here wil hê ons moet verander deur Christus. Wanneer 'n persoon Jesus, die Paaslam wat vir ons sondes gesterf het, aanneem, verander ons na sondeloos in die oë van die Here want Jesus het ons sondes weggeneem. Ongesuurde Brood leer ons om die ou sondige mens van afstand te doen en Eerste Vrugte leer ons om die nuwe mens op te neem. Paulus skryf aan die Efesiërs:

Efesiërs 4:24: *"lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."*

Sien ook Paulus se woorde aan die Galasiërs:

Galasiërs 2:20: *"en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat Sy liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê."*

1.5 Die Fees van Trompette (Rosh Hashanah)

Levitikus 23:24: *"Sê vir die Israeliete: Die eerste dag van die sewende maand moet 'n rusdag wees, 'n gedenkdag wat met die blaas van ramshorings aangekondig word, 'n gewyde byeenkoms."*

Numeri 29:1: *"En in die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle 'n heilige samekoms wees; géén beroepswerk mag julle doen nie; dit moet vir julle 'n dag van trompetgeklank wees."* (1953 vertaling)

Die Fees van Trompette is die eerste fees van die drie herfsfeeste (Rosh Hashanah, Yom Kippur en Sukkot). Samson en Pierce wys daarop dat die lentefeeste baie duidelik gewys het op die koms van die Messias, so ook dui die herfsfeeste baie duidelik op die wederkoms van die Messias (46, p.269) Met ander woorde, die vier lentefeeste (Pesach, Hag Hamatzot, Yom Habikkurim en Shavuot) is reeds volmaak volbring. Die herfsfeeste hou vandag vir ons 'n profetiese realiteit in en is dit waarna ons kan uitsien en sal baie beslis, net soos die lentefeeste, in vervulling kom.

Presies hoe en wanneer dit sal plaasvind is 'n geval van interpretasie van die profetiese inhoud van dit wat ons in die Woord van die Here lees. Sien Jesus se woorde soos getuig in Markus 13:32-33: *"[32]Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit. [33]Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie."*

Ons kan dus nie presies voorspel wanneer die gebeure gaan plaasvind nie, maar die feit bly staan dat ons geen twyfel hoef te hê dat dit wel gaan plaasvind nie. Die feeste wat reeds in vervulling gekom het spreek ons te sterk aan om nie te twyfel nie! Waarvan ons wel verseker kan wees is dat dit in die tydperk van hierdie geslag, die Nuwe Testamentiese geslag, sal plaasvind. Markus 13:30-31: *"[30]Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur. [31]Die hemel en die aarde sal vergaan, maar My woorde nooit."*

Die Fees van Trompette is in die begin van die maand Tishri gevier (stem ooreen met September tot Oktober). Dit is die eerste maand van die siviele (burgerlike) jaar. Dit was ook die eerste dag van sewe dae van die heilige byeenkoms. Tishri is die sewende maand van die Bybelse kalender en loop in hierdie opsig parallel aan die Sabbat as 'n spesiale en heilige tyd om die Here na te streef. Die vorige maand, Elul, is die maand van voorbereiding net soos Vrydag 'n dag van voorbereiding is vir die Sabbat op Saterdag. Hierdie tydperk is 'n tyd van oordenking en bepeinsing om dinge reg te maak en ons verhouding met die Here in orde te kry (46, p.279).

Alhoewel hierdie fees (Rosh Hashanah) se wortels ferm geplant is in die Bybel, word dit nooit in die Bybel daardie naam genoem nie. In die Bybel word daarna verwys as Zikhron Teruah *("'n gedenkdag deur basuingeklank (trompette)…."*, Levitikus 23:24 (1953 vertaling)) en ook Yom Teruah *("'n dag van trompetgeklank…"* Numeri 29:1 (53 vertaling). Gebaseer op hierdie Bybelse verwysings word die antieke siening van Rosh Hashanah na verwys as "Die Fees van Trompette", 'n dag van die blaas van trompette in die Tempel en regdeur die land van Israel (41, p 103).

Die Fees van Trompette is die viering van die Joodse Nuwe Jaar. Dit word ook deur beide Jode en Christene beskou as 'n herdenking van die skepping van die wêreld toe die môresterre saam gejubel en die seuns van God gejuig het (Job 38:7, 53 vertaling). Dit is 'n dag waartydens die gawes van die Here herdenk word en die Here se seën vir die nuwe jaar voor gebid word.

Die Fees van Trompette en Die Versoendag (Yom Kippur) is die twee heiligste dae van die Joodse jaar. Hierdie tydperk van tien dae word ook genoem die Dae van Ontsag (Eerbied) (Days of Awe). Anders as die ander feesdae, herdenk hierdie dae nie 'n seisoen of 'n historiese gebeurtenis nie. Dit is 'n tydperk van selfondersoek vir geestelike groei.

Dertig dae voor die Fees van Trompette begin die tydperk wat as Teshuvah (terugkeer of berou/verootmoediging) bekend staan. Die tien dae vanaf die begin van die Fees van Trompette tot die Versoendag (Yom Kippur) staan bekend as die Dae van Berou of Dae van Ontsag. Sampson en Pierce (46, p.296) beweer dat hierdie dae tussen-in kan verwys na die tyd van die onderdrukking (tribulation). Die tien dae tussen die Fees van Trompette en die Versoendag kan verwys na die sewe-jaar tydperk van Jakob se Ellende (Trouble).

Jeremia 30:7: *"Daar wag ellende! Dit is 'n vreeslike dag, sonder gelyke. Dit is 'n tyd van swaarkry vir Jakob, maar hy sal daaruit gered word."*

Een teorie verdeel die profetiese inhoud van hierdie feesdae as volg:

- Die dertig dae van die maand Elul – Die Kerk

- Die dag van die Fees van Trompette – Die Wegraping
- Die dae tussen die Fees van Trompette en die Versoendag – Die Onderdrukking (Tribulation)
- Die Versoendag – Die Wederkoms van Christus

Temas vir hierdie fees is as volg (46, p.279):

- Joodse Nuwe Jaar (Rosh Hashanah is letterlik die Hoof of begin van die jaar)
- God se Getrouheid (Die Versoendag)
- Dag van Oordeel (Amos 5:18-20)
- Herdenking (Yom Ha-Zikaron, gedenkdag) (Die Here het vir Sarah, Ragel en Hanna onthou)
- Geboorte van die Wêreld op Tishri 1, die sewende maand van die Bybelse kalender (Dit vind plaas in September)

Sampson en Pierce (46, p.283) verduidelik dat die Fees van Trompette plaasvind tydens nuwe maan. Die hele Joodse kalender hang af van die posisie van die maan. Dit is dus vir hulle baie belangrik om die datum van nuwe die maan korrek te bepaal. Howard (41, p104) wys daarop dat dit nie altyd moontlik is om presies die dag van nuwe maan te bepaal nie as gevolg van byvoorbeeld wolke wat veroorsaak dat die maan nie gesien kan word nie asook die tekort aan voldoende getuies. Omdat Rosh Hashanah juis op die eerste dag van die nuwe jaar val, is dit veral belangrik om presies hierdie dag te bepaal. Die hele Joodse gemeenskap moet ingelig word wanneer die fees begin. Om die risiko vir 'n fout te verminder, is Rosh Hashanah vir twee dae gevier. Hierdie tradisie word vandag nog in Israel volgehou.

Die twee dae kan gesien word in Nehemia 8:1-3 en 13-14 wat ongeveer 445 jaar voor Christus geskryf is: *"[1]En toe die sewende maand aankom, terwyl die kinders van Israel in hulle stede was, [2]het die hele volk soos een man op die plein voor die Waterpoort bymekaar gekom en aan Esra, die skrifgeleerde, gesê om die boek van die wet van Moses, wat die Here Israel beveel het, te bring. [3]En Esra, die priester, het die wet voor die vergadering gebring, manne sowel as vroue en almal wat met verstand kon luister, op die eerste dag van die sewende maand……..[13]Toe het die hele volk weggegaan om te eet en te drink en porsies te stuur en groot vreugde te bedrywe; want hulle het ag gegee op die woorde wat aan hulle bekend gemaak is. [14]En op die tweede dag het die familiehoofde van die hele volk, die priesters en die Leviete by Esra, die skrifgeleerde, vergader om naamlik die woorde van die wet te ondersoek."* (53 vertaling)

Let ook op dat Psalm 81 aan hierdie fees gewy is: *"[1]Vir die musiekleier; op die Getiet. 'n Psalm van Asaf. [2]Jubel tot eer van God, ons sterkte! Juig tot eer van die God van Jakob! [3]Hef aan 'n lied en laat die tamboeryn klink, die lieflike siter saam met die harp. [4]Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag. [5]Want dit is 'n insetting vir Israel, 'n verordening van die God van Jakob. [6]Hy het dit ingestel as getuienis in Josef toe hy uitgetrek het teen Egipteland. 'n Taal wat ek nie geken het nie, het ek gehoor: [7]Ek het sy skouer bevry van die las, sy hande het die mandjie gelos. [8]In die nood het jy geroep, en Ek het jou uitgered; Ek het jou geantwoord in die skuilplek van die donder; Ek het jou getoets by die waters van Mériba. Sela. [9]Hoor, my volk, en Ek wil jou dit inskerp; Israel, as jy tog na My wou luister! [10]Daar mag by jou geen vreemde god wees nie, en voor 'n uitlandse god mag jy jou nie neerbuig nie. [11]Ek is die Here jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul. [12]Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie. [13]Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hulle eie planne kon wandel. [14]Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel! [15]Gou sou Ek hul vyande onderwerp en my hand teen hulle teëstanders uitstrek. [16]Die hater van die Here sou kruipend na Hom toe kom; maar húlle tyd sou vir ewig wees. [17]Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring; en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig."* (53 vertaling)

Sampson en Pierce (46, p.285) wys daarop dat die seremonie van die blaas van die ramshoring 'n wonderlike gesig was. Die priester wat die ramshoring moes blaas, is opgelei van kindsbeen af. Op die eerste dag van die fees het die priester voor die Tempel gestaan met twee trompetblasers. Die ramshoring verteenwoordig, onder andere, 'n oproep om die gewete wakker te maak. Volgens Joodse tradisie, het die volgende op Tishri 1 plaasgevind:

- Adam en Eva is geskape
- Die vloedwaters het opgedroog
- Henog is deur die Here weggeneem (Genesis 5:24)
- Sarah, Ragel en Samuel is gevorm (se moeders het swanger geraak (conceived))
- Josef is vrygelaat uit die tronk deur Farao
- Die slawearbeid van die Hebreërs in Egipte is beëindig
- Job het melaatsheid opgedoen

- Die begin van offers op die altaar wat deur Esra gebou is (Esra 3:1-2)

Vandag steeds vier die Jode hierdie fees deur die ramshoring elke oggend in die sinagoge te blaas en Psalm 27 twee-keer per dag te lees. Nuwe-jaar kaartjies word uitgestuur, kore sing en spesiale kollektes word gehou vir die armes. Dit is 'n tyd van vergewensgesindheid, met ander woorde 'n tyd om ander te vergewe en ook om vergifnis te soek by andere (familie, vriende en besigheids vennote). Die aand voor Rosh Hashannah word daar 'n middernagdiens gehou, genoem die *Selichos* (berouvolle gebede), waartydens die aanbidder gehelp word om voor te berei vir die tyd van selfondersoek en dae van ontsag. Die lees van die Torah fokus op tekste soos volg: Genesis 21:1-4, 5-12, 13-21, 22-27, 28-34; Numeri 29:1-6; 1 Samuel 1:1-2:10. Die tema vir die lees is herinnering omdat die Here vir Sara en Hanna onthou het (46, p.287-288).

Sampson en Pierce (46, p.289-290) haal die rabbi Saadiah Gaon (negende eeu) aan wat daarop gewys het dat daar hoofsaaklik tien redes is waarom die ramshoring op Rosh Hashannah geblaas moet word:

1) Rosh Hashannah dui die begin van die Skepping aan waartydens die Skepper die heelal geskep het en daaroor geregeer het. Soos konings hulle heerskappye aangekondig het met die blaas van trompette en horings, so ook bevestig ons die Koningskap van die Skepper met die blaas van die ramshoring. Dawid het gesê in Psalm 98:6: *"met trompette en basuingeklank (shofar); juig voor die aangesig van die Koning, die Here!"(53 vertaling)*

2) Omdat Rosh Hoshannah die begin van die tien dae (Teshuvah) is, word die ramshoring geblaas om die begin daarvan aan te dui. Dit dui aan dat die wat wil deur die proses van selfondersoek gaan, dit nou kan doen. Indien jy dit nie doen nie, is daar geen rede om verontreg te voel nie. Konings doen dieselfde. Eers waarsku hulle die volk in hulle slagkreet. Die wat die slagkreet verontagsaam se verskonings is ongeldig.

3) Die derde rede vir die blaas van die ramshoring, is om ons te herinner aan ons byeenkoms aan die voet van die berg Sinai. Daar word in Eksodus 19:19 gesê: *"Toe die geluid van die basuin sterker en sterker word, het Moses gespreek, en God het hom telkens hardop geantwoord."(53 vertaling)* Ons kan nou die verantwoordelikheid aanvaar wat ons voorvaders opgeneem het soos wat gesê word in Eksodus 24:7: *"En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat die Here gespreek het, sal ons doen en daarna luister."(53 vertaling)*

4) Die vierde rede is om ons te herinner aan die woorde van die profete wat vergelyk word met die ramshoring. In Esegiël 33:4-5 staan geskrywe: *"[4]as dan iemand die geluid van die basuin hoor, maar hom nie laat waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg, dan is sy bloed op sy hoof. [5]Hy het die geluid van die basuin gehoor, maar het hom nie laat waarsku nie: sy bloed is op hom. Maar as hy hom laat waarsku, dan red hy sy siel."(53 vertaling).*

5) Die vyfde rede is om ons te herinner aan die verwoesting van die Tempel en die oorlogskrete van die vyand. In Jeremia 4:19 staan geskrywe: *"o My ingewande, my ingewande, ek moet bewe van angs! o More van my hart! My hart steun in my, ek kan nie swyg nie; want jy, my siel, het basuingeluid gehoor, oorlogsgeskreeu!"(53 vertaling)*. Wanneer ons die basuingeklank hoor, smeek ons God om die Tempel te herbou.

6) Die sesde rede is om ons te herinner aan die verpligting van Isak wat homself aangebied het (geoffer het) vir die hemel. So behoort ons ten alle tye gereed te wees om ons lewens te offer tot verheerliking van Sy Naam.

7) Die sewende rede is, wanneer ons die ramshoring hoor blaas, ons vreesbevange raak en ons wil aanpas by die wil van die Skepper. Dit staan geskrywe in Amos 3:6: *"Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie?"(53 vertaling)*

8) Die agste rede is om ons te herinner aan die groot dag van die Oordeel, sodat ons almal dit mag vrees. In Sefanja 1:14-16 staan geskrywe: *"[14]Naby is die groot dag van die Here, naby en baie haastig. Hoor! die dag van die Here! Bitterlik skreeu die held daar. [15]Dié dag is 'n dag van grimmigheid, 'n dag van benoudheid en angs, 'n dag van woestheid en verwoesting, 'n dag van duisternis en donkerheid, 'n dag van wolke en wolkenag, [16]'n dag van basuingeklank en krygsgeskreeu teen die versterkte stede en teen die hoë hoekvestings."(53 vertaling)*

9) Negende is 'n herinnering en verlange na die terugkeer van die Israeliete na Israel. In Jesaja 27:13 staan geskrywe: *"En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem."(*53 vertaling)

10) Die tiende rede is om ons te herinner aan die opwekking van die dooies. Sodat ons daarin kan glo. In Jesaja 18:3 staan geskrywe: *"Al julle bewoners van die wêreld en bewoners*

van die aarde, as 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En as die basuin geblaas word, luister!" (53 vertaling)

Tydens aandete van die eerste dag van die fees word soet geregte soos soet vrugte en koeke voorgesit om simbolies 'n soet nuwe jaar voor te stel. Dit kan reeds gesien word in die tyd van Dawid (1000v.C.), sien 2 Samuel 6:15,19: *"[15]So het Dawid en die hele huis van Israel dan die ark van die Here met gejuig en basuingeklank opgehaal…….[19]en aan die hele volk, die hele menigte van Israel, manne sowel as vroue, aan elkeen een broodkoek en een stuk vleis en een rosynekoek uitgedeel. Daarop het die hele volk elkeen na sy huis gegaan." (53 vertaling)*

'n Baie bekende gebruik van hierdie fees is ook om 'n appel wat in heuning gedoop is te eet. Brode word in spesiale vorms gebak, byvoorbeeld: rond – stel hoop voor vir 'n goeie, ronde nuwe jaar; vorm van 'n kroon – stel die koningskap van die fees voor; vorm van 'n leer – stel Jakob se leer voor, of die mens se strewe opwaarts na God; 'n voëlvormige brood stel die Here se beskerming voor soos in Jesaja 31:5: *"Soos voëls wat fladder, so sal die Here van die leërskare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry." (53 vertaling)*

Let weereens op na die Messiaanse realiteit van die Fees van Trompette (46, p.293-298). Die blaas van die trompette is 'n teken van die wederkoms van Christus en ook 'n herdenking van die Here se genade tot Abraham toe Hy 'n lam voorsien het om, in die plek van Isak, deur Abraham geoffer te word (Genesis 22, meer as 1250v.C.). Isak is 'n prototipe van Christus. Net soos Abraham sy seun moes offer op die altaar, so het die Here Sy Seun geoffer op die altaar Golgota.

Hebreërs 11:17-19: *"[17-18]Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: 'Uit Isak sal jou nageslag gebore word,' het gereed gestaan om sy enigste seun te offer. [19]Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het."*

Beide Isak en Jesus se geboortes was wonderwerke en beide was getrou tot aan die altaar.

Trompette is gebruik as tekens van oorlog. Jesus is die bevelvoerder van die Here se weermag. Hy het die eerste-keer gekom om die werk van die Satan te verslaan asook die sondes in die hart van mense.

Kolossense 2:15: "*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."*

So ook spreek hierdie fees tot die Christen met betrekking tot geestelike oorlogvoering. In Efesiërs 6:11-13 staan geskrywe: *"[11]Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. [12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. [13]Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied en die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan."*

Die Fees van Trompette is 'n baie besondere tyd vir die Christen. Ons geloof in Jesus Christus lei tot 'n berouvolle hart ten opsigte van ons sondes. Ons moet die Vader om vergifnis vra vir ons sondes. Die Vader vergewe Sy kinders. Hierdie versoening en vergifnis is moontlik gemaak deur die kruisdood van Jesus Christus.

Jakobus 2:19-26: *"[19]Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs. [20]Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is? [21]Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie? [22]Jy sien dus dat sy geloof met baie dade gepaard gegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het. [23]So is die Skrif vervul wat sê: 'Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek,' en hy is 'n vriend van God genoem. [24]Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie. [25]Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat ontkom het nie? [26]'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood."*

Om by te voeg, dit is indrukwekkend om te besef dat hierdie woorde deur Jesus se aardse broer, Jakobus, geskryf is. Tydens Jesus se aardse bediening wou Jesus se familie, insluitend Jakobus, niks daarmee te doen gehad het nie. Jesus se opstanding uit die dood het so 'n indruk op Jakobus gehad dat hy een van die stigters van die Christelike Kerk geword het. Hy is ook gedood as gevolg van sy geloof in Jesus Christus (In die dokument: "Inleiding tot Apologetika" kan meer hieroor gelees word http://www.matthew28.co.za).

Sampson en Pierce gaan voort deur daarop te wys dat daar bewyse bestaan dat Jesus in die herfs gebore is (Meer daaroor in die afdeling oor die Huttefees). Daar word ook geglo dat Sy

doop in die herfs plaasgevind het. Na Jesus se doop het hy veertig dae in die woestyn deurgebring om deur die duiwel versoek te word.

Matteus 4:1-2: *"[1]Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. [2]Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword."*

Sommige glo dat hierdie veertig dae in die woestyn ooreengestem het met die veertig dae tydperk van Teshuvah (terugkeer of verootmoediging). Dit is die tyd toe Jesus begin het met Sy bediening op aarde, aan die einde van die veertig dae, toe Hy begin het om Sy boodskap te verkondig.

Matteus 4:17: *"Van toe af het Jesus begin preek en gesê: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.'"*

Die Fees van Trompette is een van die drie belangrikste feeste. 1) Paasfees -verteenwoordig die kruisiging van Christus; 2) Pinkster – die uitstorting van die Heilige Gees en dan 3) Fees van Trompette wat duidelik op iets belangriks dui. Paasfees en Pinkster is reeds volbring. Die Fees van Trompette het 'n profetiese realiteit, dit dui duidelik op 'n belangrike gebeurtenis van die toekoms. Ons kan slegs die antwoord uit die Woord van God kry om te verstaan wat die Fees van Trompette inhou. Sampson en Pierce (46, p.294) beweer dat dit een van twee gebeurtenisse voorspel: Die wegraping, of die wederkoms van Christus. Kevin Howard (41, p112) wys daarop dat die herfsfeeste almal in vervulling sal kom tydens die wederkoms van Christus.

Om by te voeg, die Woord van God plaas hierdie profetiese realiteit in konteks sodat ons dit kan verstaan. Deur al die eeue, en deur middel van baie outeurs, het die Here Sy verhouding met Israel voorgestel as 'n liefdesverhouding, 'n huwelik (bv: Jesaja 54:5; 62:5; Jeremia 2:2; 3:1; 3:6-7; 3:20-21; Esegiël 16:5-7; 16:8, Markus 2:19-20; Johannes 16:20-22). Tydens die huwelik word die Bruidegom en die bruid herenig. Die Woord leer ons ook dat alle nasies deur middel van Israel gered kan word (bv: Deuteronomium 29:1; 26:18-19, Jesaja 42:6; 49:6; 60:3). Indien gekyk word na die gebruike van 'n antieke Joodse huwelik, kan beter verstaan word met betrekking tot die vereniging van die Kerk (die bruid) met die Bruidegom (die Messias).

Wanneer 'n man in antieke Israel op trou gestaan het, het hy met 'n geskenk vir die bruid na die bruid se huis gegaan en 'n verbond met die bruid se pa aangegaan. Indien die pa die geskenk en die man aanvaar het, het die man 'n glas wyn geskink. Indien die bruid die man aanvaar het, sou sy die wyn drink en hulle het verloof geraak. Die man sou dan weg gaan en 'n plek gaan voorberei vir sy bruid. Wanneer die bruid se pa besluit het dat die plek gereed is vir die bruid, gewoonlik een tot twee jaar later, het die bruidegom terug gekom en haar kom steel wanneer niemand dit verwag nie, soos 'n dief in die nag. Die bruidegom sou dan die bruid vir sewe dae hou by die plek wat hy vir haar voorberei het. Gedurende hierdie tyd sou die pa 'n fees vier, en die huwelik aankondig. Aan die einde van die sewe dae sou die bruid en bruidegom by die feesviering aansluit en die aandete saam met die gaste nuttig.

Die antieke Joodse huwelik is duidelik verteenwoordigend van die Messias en Sy bruid (Kerk). Die kontrak (verbond) is bevestig tydens die Laaste Avondmaal toe Jesus die wyn saam met Sy dissipels gedrink het.

Markus 14:23-24: *"[23]Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. [24]Hy sê vir hulle: 'Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word.'"*

Kort nadat Jesus dit vir hulle gesê het, het Hy gepraat soos wat enige Joodse bruidegom met sy bruid sou praat (46, p.296), sien Jesus se woorde in Johannes 14:2-3: *"[2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Sien Jesus se woorde soos getuig in Matteus 24: 43-44: *"[43]Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. [44]Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.'"*

Jesus het dan ook, deur middel van Sy kruisiging, die bruidsprys betaal. Die bruid het steeds die keuse om self te besluit of sy die Bruidegom aanvaar.

Openbaring 19:7-8: *"[7]Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges."*

Bogenoemde is geskryf deur Johannes ongeveer 95 na Christus. Kyk wat het Hosea reeds geskryf ongeveer 720 voor Christus:

Hosea 2:15-19: *"[15]Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. [16]Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. [17]Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. [18]Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. [19]Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees."*

Eskatologie verwys na die studie van die eind tye. Sampson en Pierce (46, p.297-298) behandel hierdie tema onder die titel: Die Kroning van Y'shua, Ons Koning (The Coronation of Y'shua, Our King). Hulle verwys na Joodse eskatologie wat glo dat op die Versoendag, na sesduisend-jaar verloop het, sal die dag van die Here aanbreek. Op daardie dag sal die ramshoring blaas, die regverdiges sal opgewek word, en die kroning van die Koning meemaak. Volgens die Joodse eskatologie sal die hekke van die hemel oopgemaak word op Rosh Hashanah en weer gesluit word op Yom Kippur. Dit kan gesien word in die boek van Openbaring 3:7-11:

"[7]Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie. [8]Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie. [9]Kyk, ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg – kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet. [10]Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. [11]Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie."

Beide die oop deur en die kroon verwys na Rosh Hashanah.

Daniël profeteer ook oor die Messias wat sal terugkeer as Koning. Sien Daniël 7:9-14:

"[9]Terwyl ek kyk, is daar trone reggesit, en Hy wat ewig lewe, het op sy troon gaan sit. Sy klere was so wit soos sneeu, sy hare soos skoon wol. Sy troon was van vuurvlamme met wiele van vuur. [10]Vuur het uit die troon gestroom en vêrder gevloei. Duisende der duisende het Hom gedien, miljoene het daar voor Hom kom staan. Die hofsitting het begin, en die boeke met die aanklagte is oopgemaak. [11]Terwyl ek kyk, is die een dier oor die verwaande gepraat van die horinkie doodgemaak en is sy liggaam vernietig deur dit in die vuur te gooi. [12]Ook die ander diere se heerskappy is van hulle weggeneem, maar hulle lewens is nog 'n tyd lank gespaar. [13]My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese (Seun van die mens en ook Seun van God – Jesus Christus – Y'shua). Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. [14]Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie.'"

Kyk na Jesus se profesie oor die wederkoms, Matteus 24:30-31: *"[30]Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. [31]Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af."*

Kevin Howard (41, p.114-115) wys daarop dat die skrif gereeld verwys na engele of mense wat op trompette blaas. Dit word egter slegs twee-keer genoem dat die Here op die trompet blaas, en beide van hierdie twee kere, is dit die ramshoring (shofar).

Die eerste voorval was by Sinaiberg toe die Here Homself openbaar het van die hemel en voorbereidings getref het om die volk onder die Ou Verbond te bring. Die Shekinah glorie van die Here het afgekom met 'n vurige storm en die klank van die ramshoring.

Eksodus 19:18-20: *"[18]Die hele Siniaberg het begin rook toe die Here in vuur daarheen afkom; die rook het opgetrek soos die rook van 'n oond. Die hele berg het ook geweldig geskud, [19]en die geluid van die ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord."*

Die laaste voorval sal wees wanneer die Here die ramshoring gaan blaas met die wederkoms van die Messias. Die Here sal weereens afdaal van die hemel met 'n storm/wind, wolke tot Sy eer, en die klank van die ramshoring. Kyk hoe het die profeet Sagaria voorspel ongeveer 500 voor Christus:

Sagaria 9:14: *"Die Here sal bokant Sy volk verskyn, sy pyl sal soos weerlig uitskiet. Die Here God sal die ramshoring blaas, Hy sal kom in die storms uit die suide."*

Om by te voeg, is dit nie geweldig insiggewend dat al hierdie profete en apostels, oor soveel honderde jare, presies dieselfde visioene ontvang het nie. Dit alles ondersteun deur die werklike gebeurtenis by Sinaiberg waarvan so baie mense getuig, die uitverkore volk, waardeur die Skrif vir ons vasgelê is as gevolg van hulle getuies, en waaruit die Messias gebore is, volgens die profesieë. Dit alles sodat ons vandag kan glo en kan uitsien na die blaas van die tweede ramshoring, deur die Here self!!

Die laaste basuin sal blaas, die Messias sal Homself openbaar in groot krag, en Hy sal die volk voorberei om in die Nuwe Verbond ingebring te word (Jeremia 31:31; Esegiël 20:35-38, Sagaria 13:9).

Kevin Howard gaan voort om sy persepsie van die eind tye te beskryf. Antieke Joodse tradisie leer dat die opwekking van die dooies sal plaasvind op Rosh Hashanah, daarom is baie Joodse grafstene met 'n ramshoring gegraveer. Beide van hierdie groot gebeurtenisse - die Here se laaste basuingeklank en die opwekking van die regverdiges - is verbind aan die Wegraping van die Kerk in die Nuwe Testament.

Paulus sê in 1 Korintiërs 15:51-52 as volg: *"[51]Kyk ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. [52]By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word."*

In een van sy ander briewe 1 Tessalonisense 4:16-17 skryf Paulus*: "[16]Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; [17]daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees."*

In hoofstukke 8 tot 10 van die boek Openbaring word die "verborge bedoeling van God" geopenbaar met die blaas van die laaste trompet. Sien Openbaring 10:5-7: *"[5]Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig [6]en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: 'Daar is geen tyd meer oor nie. [7]Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.'"*

Ons kan verseker uitsien na die wederkoms van ons Here!!

1.6 Die Versoendag (Yom Kippur)

Levitikus 23:27-28: *"[27]Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring. [28]Niemand mag op hierdie dag werk nie, want dit is die versoendag waarop daar vir julle versoening gedoen word by die Here julle God."*

Dertig dae voor die Fees van Trompette begin die tydperk wat as Teshuvah (terugkeer of berou/verootmoediging) bekend staan. Die tien dae vanaf die begin van die Fees van Trompette tot die Versoendag (Yom Kippur) staan bekend as die Dae van Berou of Dae van Ontsag. Die Versoendag (Yom Kippur) is die hoogtepunt van die tien dae tydperk (Dae van Berou) en word herdenk op die tiende dag van Tishri.

Volgens Sampson en Pierce (46, p.319) is daar drie name vir hierdie fees in die Bybel: 1) Die Versoendag; 2) Die dag van Oordeel; 3) Die Sabbat van Sabbatte.

Die Versoendag is die dag wat die volk Israel deur die Here geoordeel word en die sondes van die volk voor versoening gedoen word. Daar word ook verwys na hierdie dag as die "dag van verlossing". Dit is 'n dag van vas, oordenking en reiniging.

Die Versoendag is 'n herinnering dat die brandoffers wat daagliks, weekliks en maandeliks geoffer is, nie voldoende was tot verlossing van sondes nie. Selfs by die altaar het die aanbidder vêr-weg gestaan van die Allerheiligste (in die Tabernakel en later die Tempel) wat die teenwoordigheid van die Here verteenwoordig het. Op hierdie dag is versoeningsbloed van die offerdier in die Allerheiligste ingebring deur die hoëpriester as verteenwoordiger van die volk.

Die gebruik is ook om wit klere te dra op Versoendag wat daarop wys dat ons sondes so wit soos sneeu gemaak word: Jesaja 1:18: *"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."* (geskryf ongeveer 700 voor Christus)

Versoendag self wys daarop dat die wet van Moses nie volbring is nie. Daar skort iets. Dit bring nie volmaakte versoening met die Skepper mee nie.

Die apostels wat as dissipels van Jesus as ooggetuies opgetree het, het self gesien hoe die profesieë oor die Verlosser, die Messias, in vervulling kom. Hulle het daaroor getuig sodat ons dit vandag duidelik in die Nuwe Testament kan lees. Die skrywer van die boek Hebreërs skryf dan ook uit die tyd van die apostels as volg:

Hebreërs 10:1-7: *"[1]Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vrymaak nie. [2]As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring. [3]Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes, [4]omdat die bloed van hulle bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem. [5]Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: 'Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U my gegee het. [6]Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie! [7]Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.'"*

Hieruit kan gesien word dat die Tien Gebooie wat by Sinai ontvang is vir ons die Wese van God (Die Here) voorgestel het. As gevolg van die sondes van die mens kon die mens nie met die Wese van God vereenselwig nie. Die offers is ingestel om die mens te herinner aan sondes. Dit alles: die Tempel, offers en die feeste, is so gevestig dat dit die gelowige profeties sterk aanspreek deur die werking van die Heilige Gees – dit alles wys na die Messias wat sal kom om dit te vervolmaak. Die Messias het toe ook self gekom outentiek volgens die profesieë, bevestig ook deur Sy eie profesieë dat Hy die Messias is, bevestig dit vêrder deur uit die dood op te staan en Hom aan baie mense te openbaar, en bevestig ook dat die geskrifte oor Hom getuig het ("In die boekrol is dit van My geskrywe") – ons het die Wese van God self op die aarde kon sien in die Seun van God – Jesus Christus. Ons kon Hom sien, en verstaan, binne ons menslike verwysingsraamwerk – Die Seun van die Mens. Die Messias het verlossing bewerkstellig deur dit vir die kinders van God moontlik te maak om 'n persoonlike verhouding met die Here te hê – Die Dienaar van God.

Die apostel Paulus getuig as volg: Kolossense 2:9-12: *"[9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag. [11]Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het."*

Johannes getuig wat hy Jesus hoor sê het aan die Fariseërs in Johannes 5:36-40: *"[36]Maar Ek het getuienis wat nog gewigtiger is as die van Johannes. Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou juis besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het. [37]En die Vader wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê. Sy stem het julle nog nooit gehoor nie en sy gestalte ook nie gesien nie. [38]En sy woord lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie. [39]Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. [40]Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie."*

Ons kan nou beter verstaan wat in Hebreërs 7:19 gesê word*: "Die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader."*

Soos reeds genoem het die Hoëpriester eenkeer per jaar, op Versoendag, die Allerheiligste van die Tempel binne gegaan om vergifnis vir die volk se sonde te bekom. Die binnekant van Salomo se Tempel was in drie dele ingedeel: 1) Die Voorportaal; 2) Die Heiligdom en 3) Die Allerheiligste. In die Allerheiligste het die Ark van die Verbond gestaan wat die kleitablette bevat het waarop die Tien Gebooie geskryf was. Dit was dieselfde kleitablette wat Moses van die Here op die berg Sinai ontvang het.

Die hoëpriester het spesiale klere aangetrek vir die geleentheid en het dan ook eers 'n offer aan die Here gebring vir sy eie sonde, en vir die priesterskap, voordat hy die Allerheiligste binne gegaan het. Die hoëpriester het dan die wierookvat gevul met warm kole van die altaar en dan wierook daarop geplaas. Die wierook het 'n wolk gegeurde rook veroorsaak wat dan die genadetroon bedek het. Die genadetroon is verteenwoordig deur die deksel van die Verbondsark. Bloed van die offerdier (jong os) is dan besprinkel op die genadetroon en ook op die grond voor die Verbondsark om dit sodoende te reinig van verderf.

Die vuuroffers wat geoffer is was sewe manlike lammers, elk 'n jaar oud; 'n jong bul; en 'n ram. Die sondeoffer was een manlike bok. Die hoëpriester het drie-en-veertig keer tussen die binnehof en die heiligdom beweeg op hierdie dag om verskillende, geskrewe take te verrig. (46, p.322)

Die hoëpriester het ook op Yom Kippur tien keer die Naam van God aangeroep. Ses-keer met die os, drie keer met die manlike ram en eenkeer met die loting (die bepaling van die lot van die twee bokke, een vir God en een vir Azazel). Elke keer wanneer die Naam van God aangekondig is, het almal wat naby die hoëpriester was op hulle gesigte neergeval en die wat vêrder weggestaan het, het dan beaam en gesê: *"Geseënd is Sy Naam wie se wonderlike koninkryk bestaan vir ewig en ewig".* Niemand het uit hulle posisies uit beweeg totdat die hoëpriester weg beweeg het nie (46, p.324).

Moderne Jode beskou die getal tien as verteenwoordigend tot volmaaktheid en die fokus is op die heiligste dag van die jaar. Die belying van sonde (Viddui) begin met onderdompeling (doop) van berou (oor sonde) wat tien keer op Yom Kippur herhaal word. Laasgenoemde word gedoen om ooreen te stem met die tien keer wat die hoëpriester oorspronklik (in die tyd van die Tabernakel en later die Tempel) die Here se Naam aangeroep het om sodoende vergifnis van sonde te soek vir die volk op Yom Kippur (ook verwys na Yom HaKipurrim). Yom HaKipurrim herdenk ook die Tien Gebooie.

Op die aand van Yom Kippur (in Westerse konteks die vooraand) word 'n spesiale ete voorberei wat geneem word voor sonsondergang. Die Jode begin dan vas vir ten minste 25-uur om sodoende te kan fokus op die geestelike en nie die fisiese nie. Nadat die ete geëet is, word kerse aangesteek om die Versoendag binne te sien. Leerskoene word vervang met nie-leerskoene of pantoffels. Op hierdie stadium seën families ook hulle kinders voordat daar na die sinagoge toe vertrek word. Die Versoendag begin dan, soos die weeklikse sabbat, teen sononder waartydens 'n lang aanddiens gehou word, met die Kol Nidre en ook ander dienste gedurende die dag. Die ramshoring word geblaas om die mense byeen te roep vir die diens. Wit klere word gewoonlik gedra en die gewoonte is om mekaar te groet met die woorde: "Gemar Hatimah Tovah" wat beteken: Mag jy finaal verseël word (in die Boek van die Lewe) (46, p326).

Die Here het Hom altyd daaraan verbind met 'n verlossingsplan vir die mens. Ware verlossing kan slegs gesien word in konteks tot 'n volmaakte verhouding tussen die mens en sy Skepper. 'n Volmaakte verhouding is die van 'n liefdesverhouding wat bestaan uit vrye keuse van beide partye en waar beide partye optree om nie die ander party se wese te probeer skend nie. Die Here het duidelik Sy wil en Wese aan die mens bekend gemaak, maar die mens se eie sonde het hom verblind.

Sien 1 Konings 14:22-24: *"[22]Juda het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en deur die sondes wat hulle gedoen het, het hulle die Here meer uitgetart as wat hulle voorvaders gedoen het. [23]Hulle het vir hulle hoogtes gebou en klippilare en gewyde pale opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom. [24]Daar was selfs manlike tempelprostitute in die land. Die hele Juda het dieselfde afskuwelike sondes gedoen as die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak."* (Geskryf ongeveer 925 jaar voor Christus)

Dit is duidelik dat die Here die hele mensdom sou moes uitwis indien Hy volkome van boosheid wou ontslae raak. Dit sou ook nie sin maak om die mens te skep sonder die vermoë tot vrye keuse nie. Die Bruidegom (die Here) se verlossingsplan het egter Sy bruid (gelowiges) reeds van die begin van alle tye af, buite hulle eie verwysingsraamwerk, ingesluit. Die Priesterorde (besin Melgisedek) is reeds voor Abraham ingestel en die Messias het as die ware Hoëpriester buite konteks van die levitiese, en menslike, beperkinge as Seun van God verlossing bewerkstellig vir almal wat in Hom glo. Die Messias het nou Self die offer geword en wet van Moses volbring. Die wet word nou nie meer aangehang nie maar wel 'n ware verhouding met ons Skepper deur geloof in die Messias, Jesus Christus.

Die bloed van die Messias het gevloei sodat die Here na die gelowiges kyk in konteks tot hulle geloof in die Verlosser, en nie hulle sonde nie. Selfs die Naam van die Here, Jehovah (Yahweh), "Die Here (Lord)", beteken Verlossing (reeds in Genesis 2:4 aan ons bekend gestel as die Skepper van hemel en aarde)! Dink bietjie mooi hieroor: Die Skepper met die Naam wat verlossing beteken stel Homself aan die mensdom bekend as die Skepper en Sy Naam beteken alreeds Verlossing! Dit wys duidelik op 'n soewereine God en Verlosser.

Hebreërs 9:11-12: *"[11]Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie. [12]Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring."*

Hebreërs 9:24-28: *"[24]Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn. [25]Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die Hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie. [26]Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem. [27]'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. [28]So is*

Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag."

Die Ou Testamentiese offers spreek profeties van die Messias wat deur Sy versoeningsdood verlossing gebring het uit die werke van die duisternis. Toe Jesus sterf aan die kruis, het die voorhangsel in die tempel middeldeur geskeur. Die voorhangsel het die Heilige en die Allerheiligste in die Tempel geskei. Die Allerheiligste, wat slegs eenkeer per jaar deur die hoëpriester (op Versoendag) ingegaan is, is nou deur die dood van die Messias oopgestel vir alle gelowiges. Die gelowige hoef nie meer eenkant te staan nie. Alle gelowiges kan nou self die Troon van God nader deur geloof in die versoeningsdood van Jesus Christus.

Matteus 27:50-55: *"[50]Jesus het toe weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. [51]Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeur geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars. [52]Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek, [53]en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het. [54]Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: 'Hierdie man was werklik die Seun van God.' [55]Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom versorg het. [56]Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus."*

Sampson en Pierce (46, p.330) wys daarop dat die skeur van die voorhangsel bevestig het dat Jesus Christus die nuwe Hoëpriester en Lam van God is. Daar hoef nie meer jaarliks boetedoening vir ons sondes gedoen te word nie. Jesus het nou op 'n nuwe lewende wyse die hemel binne gegaan, die ware Allerheiligste. Hier woon Hy nou vir ewig waar Hy instaan vir die sondes van die gelowiges.

Nadat die hoëpriester die heiligdom en die altaar gereinig het met die bloed van die os, het hy beweeg na die oostelike gedeelte van die binnehof. Hier het twee bokke (goats) vir hom gewag. Voor die bokke was daar 'n houer waarin twee lote geplaas is. Die een loot was gemerk as "Vir God" en die ander een as "Vir azazel" (scapegoat). Die hoëpriester het dan die lote getrek en een voor elke bok geplaas. Die een wat "Vir God" gekry het, is geoffer. Die een wat as "Vir azazel" aangewys is, het die hoëpriester sy hande op die bok se kop geplaas en die volk se sonde is oor hom uitgespreek en erken. Daarna is die bok die woestyn ingestuur om simbolies die sondes van die volk weg te neem. Op dieselfde wyse is Jesus voor Pilatus gebring en is geoffer om sodoende die sondes van die gelowiges te dra. Jesus het die verantwoordelikheid opgeneem van beide die bokke soos wat die twee bokke nodig was vir een offer (Sien Levitikus 16:7-10, 21-22). Jesus is geoffer en het ook die sondes van die gelowiges weggeneem. Die een bok is geoffer (dood van die Messias) en die ander bok is vrygelaat (die opstanding van die Messias uit die dood).

Die gewoonte was om 'n stukkie rooi wol aan die horing van die vrygelate ram vas te maak. Indien die wol se kleur verander na wit, was dit 'n teken dat die Here die volk se sondes vergewe het. Die priesters het ook 'n stukkie rooi wol aan die buitedeur van die Tempel vasgemaak. Indien dit na wit verander het, was hulle opgewonde. Indien nie, was hulle baie hartseer en skaam (46, p.331).

Ongeveer 740 jaar voor Christus skryf Jesaja in Jesaja 1:18: *"Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi , julle sal wit word soos wol."*

Joodse literatuur wys daarop dat die Shekinah glorie van God die Tempel reeds verlaat het veertig jaar voordat die Tempel verwoes is. Drie tekens was daar om dit te bevestig: 1) Die westelike kandelaar van die Menorah het geweier om deurlopend te brand, 2) Die deure van die tempel het self oopgegaan, 3) Die rooi wol het nie meer bonatuurlik wit geword nie. Hierdeur het die volk gesien dat die bloed van die offerdiere nie meer kon instaan vir die sondes van die volk nie. Dit is gedurende hierdie selfde jaar wat Jesus Sy bediening op aarde begin het! (46, p.331). Die tempel is 70 jaar na Christus verwoes. Jesus is ongeveer 33 na Christus gekruisig. Jesus se bediening het 3 jaar voor Sy kruisiging begin.

1.7 Huttefees (Fees van Tabernakels) (Sukkot)

Levitikus 23:33-34: *"[33]Die Here het vir Moses gesê: [34]'Sê vir die Israeliete: Van die vyftiende van die sewende maand af moet julle sewe dae lank die huttefees vier tot eer van die Here.'"*

Die Fees van Tabernakels begin op 15 Tishri, vyf dae na die Versoendag, en hou vir sewe dae aan tot 21 Tishri (September/Oktober). Die woord "Sukkot" verwys na tente, of tydelike voorwerpe van verblyf. Dit herinner aan die verblyf in die woestyn nadat die Israeliete uit Egipte

getrek het. In kontras met die Versoendag (Yom Kippur) is die Fees van Tabernakels ‘n fees van groot vreugde.

Levitikus 23:42-43: *“42Sewe dae lank moet julle in hutte woon, alle gebore Israeliete moet dan in hutte woon. 43Die doel daarmee is dat julle nageslag moet weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God.”*

Sampson en Pierce (46, p.345) wys daarop dat Sukkot die Israeliete aan die volgende herinner het:

- Die slegte en verlore omstandighede waarin die volk hulle bevind het (in Egipte as slawe werk) en dat die Here hulle daaruit gered het.
- Dat die Here vir hulle hutte gegee het om in te bly (in die woestyn/wildernis) en dat die Here vir Hom ‘n tabernakel tussen hulle gebou het. Die Here het ook na hulle omgesien en hulle beskerm deur ‘n wolk vir beskerming teen die son oor hulle laat hang het. Die Here se oorsponklike genade oor hulle en hulle voorvaders moet vir altyd in gedagte gehou word. Op die agste dag het hulle weer teruggekeer na hulle eie huise en het dit weer waardeer nadat hulle vir sewe dae in tente/hutte gebly het.

Dit gaan dus oor verlossing met die fokus op die vergewing van sondes. Volgens oorlewering is daar gedurende hierdie fees groot kerse/lampe gebou wat gereeld deur jong mans (wat op lere geklim het) met olie gegooi is om dit aan die brand te hou. Dit het die hele stad verlig. Die mans het rondom dit gedans en Psalms, en lofliedere, gesing met fakkels in hulle hande.

Buiten baie offers wat tydens die fees gebring is, was water ook ‘n baie belangrike deel van Sukkot. Die priester het die mense geleer oor gedeeltes uit die Skrif wat handel oor water. Daar is ook water geskep met goue houers uit die fontein van Siloam en na die Tempel gebring. Die priester het dan die water oor die altaar uitgegooi om sodoende Israel se dankbaarheid te toon vir die reëns wat geval het gedurende die seisoen. Daar is dan ook gebid vir reëns vir die volgende seisoen. Op hierdie stadium is daar dan ook gelees uit Jesaja 12:1-3: *“1Op daardie dag sal jy sê: ‘Ek loof U, Here! U was kwaad vir my, maar U is nou nie meer kwaad nie en U het vir my uitkoms gegee. 2God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder.’ 3Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding.”*

Laasgenoemde is nie net gedoen om reën van die Here te smeek nie, maar ook om die volk te herinner aan die Messias wat sal kom en Sy Heilige Gees op die mense sal uitstort (46, p.348).

Hedendaagse Jode doen nie meer offers nie omdat die tempel nie meer bestaan nie. Hulle onderhou die Lulav (Vier Spesies). Sien Levitikus 23:40: *“Op die eerste dag moet julle sitrusvrugte neem saam met palmblare en takke van digte bome en rivierwilgers, en dan moet julle sewe dae lank met vreugde feesvier by die heiligdom van die Here julle God.”*

In Nehemia 8:15-16 kan gelees word hoe Esra die feeste weer ingestel het na die ballingskap, geskryf ongeveer 400 jaar voor Christus: *“15Hulle vind toe in die wet geskrywe dat die Here deur Moses opdrag gegee het dat die Israeliete in hutte moet woon vir die duur van die fees in die sewende maand, 16en dat hulle die oproep moet maak en dit in al die stede en in Jerusalem moet laat afkondig: ‘Gaan na die berge toe en bring olyftakke, olientakke, mirtetakke, palmtakke, takke met digte blare om hutte te maak soos dit voorgeskryf is.’”*

Hierdie takke is dan op spesifieke maniere vasgehou en gewaai terwyl hulle in ‘n sirkel om die altaar beweeg. Daar is dan ook gebede gedoen vir die Here se seën en elke gebed eindig met die woord: Hoshana (red asseblief of red nou).

Reeds ongeveer 500 jaar voor Christus is deur Sagaria geprofeteer dat nasies sal kom om die Here te loof op die Fees van Tabernakels: Sagaria 14:16: *“Al die mense wat oor is uit die volke wat teen Jerusalem opgetrek het, sal jaar na jaar kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid en om huttefees te vier.”*

Jesus Christus het ook aan die Fees van Tabernakels (huttefees) deelgeneem deur tydens die fees mense te leer. Op dieselfde dag dat die priesters die water op die altaar sou uitstort, het Jesus die volgende aangekondig: Johannes 7:37-38: *“37Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: ‘As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink! 38Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.’”*

Wonderlik is dit om te lees wat Jesus vir die Samaritaanse vrou gesê het in Johannes 4:14: *“Maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ‘n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”*

Soos wat die groot lamp en fakkels en kerse die stad verlig het tydens huttefees, so is Jesus Christus die Lig vir die wêreld. Johannes 8:12: *“Op ‘n ander keer het Jesus vir die mense gesê:*

'Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

Ons vleeslike liggame is tydelike liggame waarin ons woon. Ons hoop is op die ewige. Kyk na Jesus se woorde in Johannes 14:2-3: *"[2]In die huis van My Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Indien jy nog steeds getwyfel het oor hoe ons beter met die Wese van God in aanraking kan kom, kyk vêrder na die woorde van Jesus. Jesus wat die Lam is wat geslag is tot ons redding en vergifnis van sondes. Jesus wat die wet vervang het, die wet wat oorspronklik die wil van God voorgehou het. Jesus wat volgens die profesieë gekom het en aan die kruis gesterf het voor duisende ooggetuienisse en uit die dood opgestaan het en Homself aan tot honderde mense op 'n slag openbaar het na Sy opstanding. Johannes 14:6-7: *"[6]Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.'"*

Ons ken nou die Wese en die wil van God deur die Messias Jesus Christus. Sy verlossingswerk het die Israeliete uit Egipte van slawerny verlos, so ook het die Messias ons verlos van ons sondes sodat ons kan uitsien na die ewigheid in die Heilige Koninkryk van God.

Die Evangelie van Jesus Christus leer ons om nie gebind te wees aan die aardse dinge nie. Ons moet deur die geloof gefokus bly op die Here se Koninkryk.

Sampson en Pierce (46, p 353) wys daarop dat die geboorte van Jesus Christus heel waarskynlik gedurende huttefees plaasgevind het. Johannes die Doper is gebore gedurende paasfees. In Lukas 1:26-33 kan gelees word dat die Heilige Gees Maria bevrug het 6 maande na die swangerskap van Johannes die Doper se ma, Elisabet. Indien Hanukkah (8-dae) en nege maande swangerskap ingereken word, bring dit ons by huttefees.

Is Jesus op 25 Desember gebore?
Inleiding tot die Fees van Lig (Hanukkah)

Die Bybel gee nie die spesifieke datum van die geboorte van Jesus nie. Kenners kan slegs afleidings maak maar dit is insiggewend om na hierdie afleidings te kyk.

Johannes die Doper se pa was die priester, Sagaria. In Lukas 1:5 lees ons dat hy in die priesterlike diensgroep van Abia geval het. In 1 Kronieke 24:10 lees ons hoe Dawid die priesters in diensgroepe ingedeel het en kan gesien word dat die diensgroep Abia die agste groep was.

Lukas 1:5: *"In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet."*

1 Kronieke 24:10: *"die sewende op Kos, die agste op Abia,"*

Hulle was ongeveer 20,000 priesters wat in 24 groepe ingedeel is om dienswerk by die Tempel te doen. Robin Sampson en Linda Pierce beweer in hulle boek: A family guide to the Biblical Holidays (Heart of Wisdom Publishing; 2001, p.354) dat Abia se diensbeurt tydens die week Sivan 12-18 geval het.

In Lukas 1:8-13 en 24 kan gesien word dat die engel Gabriël aan Sagaria verskyn het tydens sy diensbeurt in die Tempel. Hier kan ook gelees word dat dit gedurende hierdie tyd was wat Johannes se moeder, Elisabet, bevrug is met Johannes.

Lukas 1:8-13: *"[8]Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig, [9]is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te brand. [10]Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. [11]Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n engel van die Here aan hom. [12]Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword, [13]maar die engel sê vir hom: 'Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem.'"*

Lukas 1:24: *"Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder....."*

Die afleiding kan gemaak word dat hierdie bevrugting ongeveer Sivan 30 kon gewees het. Indien 40 weke vir ‘n normale swangerskap bygetel word, bring dit ons by Nisan 14 (Paasfees) wanneer Johannes die Doper gebore kon gewees het.

Daar word gesien in die Bybel, Lukas 1:26-30 dat Maria deur die Heilige Gees bevrug is met Jesus ses maande nadat Elisabet met Johannes die Doper bevrug is.

Lukas 1:26-31: *“[26]In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. [27]Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. [28]Toe die engel by haar kom, sê hy: ‘Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.’ [29]Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. [30]Die engel sê toe vir haar: ‘Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. [31]Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee.’”*

Daar kan gesien word uit bostaande dat Jesus ses maande na Johannes die Doper gebore is. Indien Johannes die Doper tydens Nisan 14, Paasfees, gebore is en daar word ses maande bygetel, bring dit ons by die Fees van Tabernakels. Op ons kalender val dit in die tydperk van laat September tot vroeg Oktober. Die waarskynlikheid is dus groot dat Jesus tydens die Fees van Tabernakels (Huttefees) gebore is.

Dit is wonderlik om te besef dat die Fees van Tabernakels juis gevier word om te herdenk dat die Here by die Israeliete ge-tabernakel (hutte) het toe hulle in die woestyn rondgetrek het. Die Here het by hulle kom woon (He dwelled amongst His people). Die Here het dus mens geword en tussen ons kom woon (Johannes 1:14) as Jesus Christus, getrou volgens Sy profetiese beloftes, op die Fees van Tabernakels. Baie gelowiges glo dan ook dat Jesus se wederkoms weer tydens die Fees van Tabernakels sal wees. Hy kom weer om by ons te kom tabernakel.

Dit word dus nêrens in die Bybel genoem dat Jesus op 25 Desember gebore is nie. Skrif-gefundeerde afleidings wys eerder daarop dat Jesus tydens die Fees van Tabernakels (Huttefees) gebore is, en dit val vroeg in Oktober.

1.8 Waar kom die datum 25 Desember dan vandaan?

Baie vals gelowe het oor die verloop van tyd ontstaan. Baie daarvan kan van gelees word in die Bybel. ‘n Voorbeeld is Baäl godsdiens wat sy oorsprong het van Noag se seun Kus. Hierdie antieke Babiloniese godsdiens het die Een, oneindige en Almagtige Skepper erken, maar hulle het ‘n oneindige aantal gode gedien. Hierdie gode kon dan ’n invloed hê op die doen en late van die mens. Hulle het God as vêr verwyderd gesien en ook onbereikbaar. Die populêre godsdiens van Babilon was dan die aanbidding van die moeder(Semiramis) en kind(Tammuz). Beide is vergoddelik wat oorsprong gegee het aan die sogenaamde Hemelkoningin. Na haar dood is sy dan ook vergoddelik en het die titel “Hemelkoningin” (Queen of Heavens) verwerf. Sy is dan gesien as die goddelike tussenganger tussen die mense en die seun(Tammuz). Sien Jeremia 44:15-19 waarin verwys word na die hemelkoningin.

Jeremia 44:15-19: *“[15]Die mans, wat almal geweet het dat hulle vrouens vir ander gode offer, en al die vrouens wat teenwoordig was, 'n hele menigte, trouens, almal wat daar in Egipte in Patros gewoon het, het toe vir Jeremia gesê: [16]‘Ons gaan nie luister na wat jy vir ons sê in die Naam van die Here nie. [17]Ons sal bly doen wat ons beloof het: ons sal vir die hemelkoningin wierookoffers bring en drankoffers uitgiet net soos ons, ons voorvaders, ons konings en ons amptenare in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gedoen het. Ons het daardie tyd genoeg te eet gehad, ons was voorspoedig, en geen ramp het ons getref nie. [18]Dit is vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin wierookoffers te bring en drankoffers uit te giet dat ons aan alles gebrek het en dat ons sterf deur oorlog en deur hongersnood.’ [19]Die vrouens het bygevoeg: ‘Dink jy ons het sonder die medewete van ons mans vir die hemelkoningin wierookoffers gebring en drankoffers uitgegiet en vir haar offerkoekies gebak wat soos sy lyk?’”*

Laasgenoemde is geskryf tussen 627 en 586v.C. Hierdie hemelkoningin word dan ook voorgestel as die vrou met die kroon op die kop, soms met die stralekrans om die kop, en met ‘n beker wyn in die hand. Sien Openbaring 18:2-8.

Openbaring 18:2-8: *“[2]Hy het met 'n sterk stem uitgeroep: ‘Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bose geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere, [3]omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid gedrink het. Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde.’ [4]Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê: ‘Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie. [5]Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregtighede onthou. [6]Behandel haar soos sy julle behandel het, en vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het.*

In die beker waarin sy vir julle ingeskink het, moet julle vir haar twee keer soveel inskink. [7]In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: 'Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie.' [8]Daarom sal al die plae haar op een dag tref: pes, droefheid en hongersnood. Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.'"

'n Ander voorbeeld is die Griekse mitologie. Dit is 'n versameling van tradisionele verhale wat deur die antieke Grieke vertel is met betrekking tot die heldedade van denkbeeldige gode, godinne, helde en heldinne. Die Griekse geloof was politeïsties. Stories oor die ontstaan en aktiwiteite van gode was van groot verskeidenheid. Die Griekse mitologie was soos 'n komplekse en ryk taal waardeur 'n groot verskeidenheid persepsies oor die wêreld uitgedruk kon word. Zeus is beskou as die oorlogsgod en was een van vele gode.

Gedurende die Hellenistiese tydperk, ongeveer 450 jaar voor Christus, het die mitologiese godsdienste vermeng geraak. Die Romeine en Grieke het selfs van hulle mitiese gode nuwe name gegee. Zeus wat beskou is as die vader van alle gode en sy verjaarsdag is gevier op 25 Desember.

Gedurende die Romeinse regeringstyd van Konstantyn is godsdiensvryheid ingebring gedurende ongeveer 320 na Christus. Daar moes voorsiening gemaak word vir alle gelowe en so is die "Kerk van die dag" (dit is wat die woord, Katoliek, beteken) gestig. Baie van die gebruike en ikone van die ander gelowe is ingebring, so ook die verjaarsdagviering op 25 Desember en die hemelkoningin. Onderskeidelik het 25 Desember nou Christus se verjaarsdag geword en die hemelkoningin het vir baie veroorsaak dat goddelikheid aan Maria, die moeder van Jesus, toegevoeg is.

1.9 Is daar 'n ware, en Bybelse, Christelike fees gedurende Desember?

Ja, die Fees van Lig (Hanukkah) of Fees van Tempelwyding. Hierdie is een van die feeste wat ontstaan het na die lente, en herfs feeste, wat die Here aan Moses gegee het. Met ander woorde, die Fees van Lig is nie deur die Here aan Moses gegee nie, maar is deur die mens self ingestel ter herdenking van die herinwyding van die Tempel.

Antiogus IV (Antiochus), die Siriese koning wat die Griekse gode aanbid het, het ongeveer 180 voor Christus oor Judea regeer. Hy het aanvanklik toegelaat dat die Jode vir JHWH (Die Here) aanbid maar het later met verwoesting begin wat deur baie geskiedskrywers aangeteken is. Baie Jode het afvallig geraak en ook die mitiese gode begin aanbid. Daar word na hulle verwys as die Hellenistiese Jode. Hulle het Antiogus IV gehelp om so veel as moontlik die Joodse geloof uit te roei.

Antiogus IV het in Jerusalem inbeweeg en die Jode verbied om die Here te aanbid. Hy het die Tempel implemente verwoes en die Tempel ontheilig deur 'n onheilige vark op die altaar te offer. Die Tempel is dan ook gewei aan die Griekse God Zeus en die Jode is gedwing om Zeus te aanbid. Hulle is dan ook wreed tot die dood toe gemartel indien hulle dit nie wou doen nie. So is duisende onskuldige mense vermoor. Antiogus IV het homself as 'n god verklaar en sy eie naam verander na Epifanus (Die manifestering van god). Daniël het hom ook ongeveer 400 jaar voor sy tyd voorspel soos gelees kan word in Daniël 11:31: *"Van die koning se troepe sal die heiligdom en die vesting ontheilig. Hulle sal die daaglikse offer afskaf en 'n ding oprig wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig."*

Die Hellenistiese Jode het baie oproer veroorsaak in hulle verwoestingsproses, self tot so 'n mate dat Antiogus IV dit as 'n opstand teen sy troon beskou het. Hy het toe met sy weermag in Jerusalem inbeweeg en die Tempel verwoes en duisende Jode vermoor.

Die Here was egter steeds in beheer en het die Jode gehelp om die Siriese aanslag teen te werk ten spyte van die Jode se minderheid. 'n Groep wat as die Makkabees bekend staan het die oorwinning finaal behaal en het die Tempel herstel en die Tempeldiens weer ingelei. Hulle het die onheilige altaar afgebreek en 'n nuwe een gebou op dieselfde plek as die oorspronklike. Tydens die herstel van die Tempel, het hulle op 'n klein hoeveelheid lampolie afgekom. Hulle het hierdie klein hoeveelheid olie gebruik om die minora aan te steek. Die lampolie was slegs genoeg om die minora vir een dag te laat brand. Hulle het die herinwyding van die Tempel gevier met feestelikhede wat agt dae lank geduur het. 'n Groot wonderwerk het plaasgevind deurdat die minora bly brand het vir agt dae lank totdat hulle nuwe olie in die hande kon kry. Hierdie was die ontstaan van die Fees van Lig(Hanukkah)) of Fees van Tempelwyding.

Die gemeente in Israel het besluit dat die herinwyding van die altaar elke jaar met vreugde en opgewondenheid dieselfde tyd gevier moet word vir agt dae. Die agt dae begin op Kislev 25 wat gedurende Desember geval het op die Romeinse kalender. Die lig van die minora is simbolies die lig van die Here. Die wonderwerk van die minora wat vir agt dae lank bly brand het is 'n teken van die Here se Woord wat die ewige lewe gee.

Jesus het hierdie fees ook bygewoon:

Johannes 10:22-28: *"[22]Dit was daardie tyd die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter. [23]Jesus het in die tempel in die Pilaargang van Salomo geloop. [24]Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: 'Hoe lank gaan U ons nog in onsekerheid hou? As U die Christus is, sê dit reguit vir ons.' [25]Jesus antwoord hulle toe: 'Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dade wat ek in die Naam van My Vader doen, bewys wie Ek is. [26]Maar julle glo nie, omdat julle nie van My skape is nie. [27]My skape luister na My stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. [28]Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

In bostaande woorde van Jesus kan gesien word dat Jesus met die Fees van Tempelwyding weereens gewys het dat Hy die wonderwerk van die Here is en die Een is wat die ewige lig gee.

Later het Jesus weer die aandag gevestig op die feit dat Hy die Lig is. Sien Johannes 12:35-36: *"[35]Toe sê Jesus vir hulle: 'Nog net 'n kort tydjie is die **lig** by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe weet nie waar hy gaan uitkom nie. [36]Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees."*

Dit is dan wonderlik om te besef dat Jesus juis tydens die Fees van Lig letterlik lig gebring het aan die blinde man.

Johannes 9:3-7: *"[3]En Jesus antwoord: 'Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word. [4]So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. [5]Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld'. [6]Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë [7]en sê vir hom: 'Gaan was jou in die Siloambad.' Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien."*

1.10 Wat sê die Bybel oor aanbidding by 'n boom?

Jeremia 10:1-4*: "[1]Luister wat die Here vir julle sê, Israeliete! [2]So sê die Here: Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie. Moenie bang wees vir die tekens aan die hemel nie, want dit is die heidennasies wat daarvoor bang is. [3]Hulle voorskrif om 'n god te kry, is sinloos: hulle kap 'n boom in die bos af, 'n ambagsman kerf dit uit met 'n beitel, [4]hy versier dit met silwer en goud, met hamer en spyker slaan hy dit vas dat dit nie omkantel nie."*

Sien ook: Deuteronomium 21:23; Deuteronomium 12:2; 2 Konings 16:3-4; 2 Konings 17:9; Jesaja 57:5; Jeremia 2:20; Jeremia 3:6; Jeremia 3:13 en Esegiël 6:13

Die Here is beslis nie ten gunste van aanbidding by 'n versierde boom nie. Dit was duidelik 'n heidense gebruik.

Hosea 4:6: *"My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek jou kinders vergeet."* (53 vertaling)

Moet ons fees vier?

Bostaande vraag kan anders gestel word: Behoort ons bly wees?

Waarom vier 'n mens fees? Dit is omdat jy bly is oor iets en dit herdenk. Dit is nie 'n doellose proses nie. Dit dra 'n boodskap uit. Dit spreek ander mense aan.

In die Bybel lees ons dat ons wat in die Nuwe-Testamentiese tyd leef, reeds die verlossingswerk van Christus beleef het, en dat Christus die Wet van Moses vervolmaak het. Paulus verduidelik ook dat daar nie voorgehou moet word dat rituele verpligtend is vir verlossing nie, maar dat die aandag gevestig moet wees op Jesus Christus.

Kolossense 2:16-23: *"[16]Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, [17]wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus. [18]Laat niemand julle van jul prys beroof nie, al sou hy behae hê in nederigheid en verering van engele en indring in wat hy nie gesien het nie, en sonder oorsaak opgeblase wees deur sy vleeslike gesindheid, [19]en nie vashou aan die Hoof nie, uit wie die hele liggaam deur die gewrigte en verbindinge ondersteuning ontvang en saamgebind word en so met goddelike groei groot word. [20]As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge [21]soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? – [22]almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan – volgens die gebooie en leringe van mense, [23]wat, alhoewel dit 'n*

skyn van wysheid het, in eiesinnige godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees." (1953 vertaling)

Uit bostaande Skrif kan gesien word dat daar nie geleer word dat dit verkeerd is om fees te vier nie. Daar word egter gewaarksu dat indien jy fees vier, dit nie met 'n verkeerde gesindheid gedoen word nie.

Paulus verduidelik in Romeine 14:5-11: *"[5]Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting. [6]Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here. Die een wat alles eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God. En die een wat nie alles eet nie, doen dit tot eer van die Here, en ook hy dank God. [7]Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. [8]As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here. [9]Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes. [10]Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn, [11]want daar staan geskrywe: "So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is."*

Die belangrike is duidelik, en dit is dat ons een Here, wat Hom aan ons deur Sy Seun Jesus Christus openbaar het, moet aanbid. Deur die Messias in die Feeste, en in die hele Ou Testament, raak te sien, gee ons die genade om te besef dat Jesus die wet van Moses vervolmaak het deur juis Sy Identiteit te vestig, en bevestig het op die aarde. Die Here se Identiteit, Jesus Christus, is juis nou vir ons realiteit. Dit is nie agtergelaat, of agtergeblewe nie. Die gelowige streef juis na toenadering tot die Here, deur Jesus Christus. Die Persoon Jesus Christus het die Magtige Bonatuurlike God, Die Here, binne ons bereik gebring sodat ons Hom kan ken, en kan aanbid.

Die gesindheid is dus die van aanbidding en lofprysing. Indien die gelowige aanbid, word dit gedoen vanuit 'n persoonlike perspektief om toenadering tot die Here te soek. Dit word nie gedoen om geloof te demonstreer, of ander mense te oordeel nie.

1 Korintiërs 5: 6-8: *"[6]Julle selfverheffing is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie? [7]Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle dan ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus. [8]Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid."*

Die Here Jesus Christus het die feeste volmaak volbring. Hy het dit so gedoen dat ons kan glo dat Hy die Messias is wat ons toenadering tot God die Vader moontlik maak. Vir die persoon wat die Woord bestudeer, word dit duidelik dat daar geen twyfel kan bestaan dat Jesus Christus op die aarde was, en dat Hy die Messias is nie. Christus het ook die feeste profeties akkuraat volbring. Dit is dus voor die hand liggend dat indien die feeste profeties akkuraat volbring is, die fees van Tabernakels (of huttefees) steeds profetiese realiteit vir die wêreld inhou: en dit is dat die Messias weer gaan kom aarde toe. Hy gaan by die mens tabernakel.

Sien Jesus se woorde soos getuig in Johannes 14:1-3: *"[1]Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. [3]En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."*

Die wederkoms van Christus is 'n realiteit waarna uitgesien word. Dit word gevier. Om die waarheid te sê, dit is 'n opdrag van die Here dat Jesus se wederkoms gevier moet word. Reeds ongeveer 500 jaar voor Christus profeteer Sagaria oor die eindtyd as volg:

Sagaria 14:16-19: *"[16]Al die mense wat oor is uit die volke wat teen Jerusalem opgetrek het, sal jaar na jaar kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid en om die huttefees (fees van Tabernakels) te vier. [17]Geen volk op aarde wat nie na Jerusalem toe kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid nie, sal reën kry nie. [18]En as die Egiptenaars nie kom nie, sal die Here hulle met dieselfde ramp tref as die ander nasies wat nie kom om die huttefees te vier nie. [19]Dit sal die straf wees vir Egipte en vir al die nasies wat nie kom om die huttefees te vier nie."*

Die gelowige profeteer dat die Messias weer gaan kom. In aanbidding sien hy/sy die Messias raak en profeties spreek dit hom/haar aan. Ons bemoedig mekaar en proklameer aan die wêreld dat ons Redder weer kom: 1 Korintiërs 14:1-5: *"[1]Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om te profeteer. [2]Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge. [3]Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos. [4]Die een wat ongewone tale of klanke*

gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op. [5]Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer. Die een wat profeteer, is van groter betekenis as die een wat ongewone tale of klanke gebruik, tensy hy dit ook uitlê sodat die gemeente daardeur opgebou kan word."

Dit gaan alles oor Christus. Hoe nader ons aan Christus kan wees, hoe gouer hoe beter. Die naaste wat die gelowige vandag aan Christus kan wees, is deur die Bybel te bestudeer en in lofprysing die Aangesig van die Here te soek. Hoe nader aan die Skrif, hoe beter.

Daar is beslis geen fout met 'n persoon wat in aanbidding die feeste van die Here herdenk om sodoende toenadering te soek nie. Die belangrike is dat dit gaan oor Christus.

1.1 Besondere feesdae as geleenthede vir aanbidding

Die gelowige betree die teenwoordigheid van die Here deur middel van aanbidding. Deur die verbond te bestudeer het ons geleer dat die Here 'n ewige ooreenkoms met die mens aangegaan het om die Here van die gelowiges te wees. Die offers het ons die proses van gehoorsaamheid geleer en ook dat die proses van aanbidding 'n baie besonderse geleentheid is. Die feeste het die Identiteit van die Here, openbaar deur Sy Seun, baie sterk kom vestig en gee ook die gelowige perspektief tot ewige saligheid in teenwoordigheid van die Skepper.

Die Here het oorspronklik die sabbat ingestel sodat die mens met Hom tyd moet spandeer.

Die woord "sabbat" beteken dat jy moet ophou waarmee jy besig is.

Levitikus 23:1-4: "[1]Die *Here het vir Moses gesê: [2]'Sê vir die Israeliete: Die feeste wat julle tot my eer moet vier, moet gewyde byeenkomste wees. Die volgende is my feeste: [3]Ses dae moet julle werk, maar die sewende dag is 'n rusdag, 'n sabbat waarop julle 'n gewyde byeenkoms moet hou. Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die sabbat aan die Here wy, waar julle ook al woon. [4]Verder is daar ook die volgende feeste tot my eer, gewyde byeenkomste wat julle op vasgestelde tye moet vier:' "*

Uit bostaande kan gesien word dat die weeklikse sewende dag as sabbat gevier moet word. Indien verder gelees word in Levitikus 23, kan gesien word dat sekere dae van die feeste, ook as sabbatte beskou is. Die Groot Versoendag is nie net 'n sabbat nie, maar ook 'n vas dag.

Die eerste en sewende dae van die Fees van Ongesuurde Brood. Paasfees (Nisan 14) word ook as deel van die Fees van Ongesuurde Brood gesien as 'n agt dae fees (Pasga). Die eerste dag van Ongesuurde Brood (Nisan 15) word beskou as 'n sabbat. Paasfees (Nisan 14) word beskou as die dag van voorbereiding vir die sabbat van Nisan 15.	Sabbat
Die vyftigste dag na die Fees van Eerste Vrugte, die Fees van Weke (Pinkster)	Sabbat
Die eerste dag van die Fees van Trompette	Sabbat
Groot Versoendag	Vas dag en Sabbat
Die eerste, sewende en agste dae van die Huttefees (Fees van Tabernakels)	Sabbat

Sekerlik kan die feeste nie meer gevier word soos wat die Jode dit in die Ou-Testamentiese tyd gedoen het nie. Daar bestaan nie meer 'n fisiese Tempel nie en daar is nie meer priesters om die proses te fasiliteer nie. Wat egter steeds daar is, is die Heilige Gees wat Tempel maak in die gelowige se hart. Die profetiese boodskap van die feeste proklameer steeds die wederkoms van die Messias.

Uit bostaande tabel kan gesien word watter dae deur die Here as sabbatte aangewys is in die feeste. Indien die gelowige toenadering wil soek by die Here en ophou waarmee hy/sy besig is, sal dit sin maak om dit Skriftuurlik en Tematies korrek te doen. Tematies word met 'n hoofletter geskryf omdat dit verwys na die Identiteit van Christus. Prys die Here vir die feeste wat ons help om met Sy Identiteit te vereenselwig. Die sabbatte in die feeste is met 'n rede gegee. Dit bied geleentheid om die aandag te vestig op die Here se verlossingswerk.

Lentefeeste – Reeds volbring	
Paasfees	Hy Is my enigste Here – Ek leer Hom ken – Sy Naam
Fees van ongesuurde brood	Hy Is my Verlosser – ek doen afstand van die sondige mens. Ek verkry nuwe identiteit in Christus
Fees van eerste vrugte	Hy Is die Ewige Lewe – Ek neem die nuwe mens op om ewig by die Here te wees – die Nuwe Verbond
Fees van weke	Hy Is Immanuel vir my vandag reeds – Hy onderrig en dit bring verandering. Ek verkondig Sy Woord aan alle nasies
Herfsfeeste - Profeties	
Fees van trompette	Sy Magtige verskyning (verlede en toekoms) dwing my tot ontsag en selfondersoek. Dit maak my gewete wakker. Ek wil aanpas by die wil van die Skepper.
Die versoendag	Ons Hoëpriester, Jesus Christus, het ewige versoening vir my moontlik gemaak met die Here. Ek kan glo in die krag van God wat Hom opgewek het. Deur die Heilige Gees spreek dit my profeties sterk aan om uit te sien na Sy wederkoms. Hy bring verlossing vir die wat Hom verwag (Hebreërs 9).
Huttefees (Fees van tabernakels)	Ons nageslag moet weet dat die Here die verlosser is (Levitikus 23:43). Ons sien uit na, en verkondig (profeteer) die wederkoms van die Messias wat by ons gaan kom tabernakel.

Al die feeste van die Here proklameer wie die Messias is, wat Hy vir ons gedoen het, en wat Hy gaan doen. Die klimaks is die wederkoms wanneer die gelowige die ewigheid in Sy teenwoordigheid sal leef.

1.2 Die feeste as geleentheid om te getuig

Die Christen van vandag leef nie wetties om saligheid te probeer bekom nie. Ons leef in gehoorsaamheid tot die wil van die Here. Die “Groot Opdrag” wat in Matteus 28 aan die gelowige gegee is, is om uit te gaan en dissipels van alle nasies te maak. Die feeste van die Here bied vandag ook aan die gelowige besondere geleentheid om te getuig. Kyk byvoorbeeld na die volgende moontlike dialoog:

Die gelowige (Piet) is besig om die Fees van Ongesuurde Brood te herdenk. Die wyse waarop hy dit doen, is om gedurende hierdie sewe dae (Nisan 15- 21) geen brood te eet wat suurdeeg bevat nie. Gedurende hierdie tydperk gebeur daar gereeld geleenthede waar Piet brood aangebied word. Een voorbeeld is waar Piet aan tafel is met kollegas vir middagete:

Langer weergawe:

Kollega: “Piet, wat van brood vir jou?”

Piet: “Baie dankie kollega, maar ek eet vir hierdie week nie brood met suurdeeg in nie.”

Kollega: “Maar hoekom nie?” (onmiddellik is die geleentheid vir Piet geskep om te getuig)

Piet: “Dit het onlangs tot my deurgedring dat Christus gedurende Paasfees gekruisig is.”

Kollega: “Nou wat beteken dit nou eintlik?”

Piet: “Jy het seker al gehoor dat die Israeliete uit Egipte getrek het.”

Kollega: “Ja, maar wat het dit nou met brood te doen?”

Piet: “Die Israeliete moes die bloed van ‘n lam aan hulle deurkosyne smeer om hulle te beskerm teen die engel van die dood. Die wat dit nie gedoen het nie, soos die Egiptenare, se eerstelinge is gedood. Dit was die tiende plaag gewees.”

Kollega: “Glo jy dat dit nou regtig plaasgevind het?”

Piet: “Die Here het die Israeliete opdrag gegee om hierdie dag, toe die bloed van die lam hulle beskerm het, te herdenk. Hulle het dit reeds begin doen ongeveer 1300 jaar voor Christus, elke jaar op die Joodse maand Nisan en op die 14de dag van die betrokke maand. Dit is toe genoem Paasfees. Toe ek besef dat Christus, wat as die Lam van God bekend staan, juis op dieselfde dag gekruisig is, het ek besef dat dit nie toeval kon wees nie. Nog meer, dit moet vir my ‘n boodskap inhou.”

Kollega: “En wat is hierdie boodskap?”

Piet: “Ek het ontdek dat die Israeliete ook reeds daardie tyd die Fees van Ongesuurde Brood begin vier het, elke jaar van Nisan 15 tot Nisan 21. Dit was vir hulle ‘n besondere tyd waartydens hulle onthou het van hulle swaarkry in Egipte. Hulle moes as slawe vir die Egiptenare werk. Die Here het hulle verlos van hierdie swaarkry. Ek het besef dat die Lam se bloed wat ingestaan het vir die Israeliete se swaarkry, ook op ons van toepassing is. Die Lam van God het vir ons sondes gesterf aan die kruis.”

Kollega: “Kan mens dit regtig op Christus van toepassing maak?”

Piet: “Die feit dat Christus juis op Nisan 14 gekruisig is, spreek my sterk aan. Nog verder het ek die volgende ontdek:”

Kollega: “En wat is dit?”

Piet: “Nog een van die feeste wat die Israeliete van daardie tyd af moes vier, was die Fees van Eerste Vrugte. Dit is gevier oor twee dae, Nisan 16 en 17.”

Kollega: “Wat is so besonders hieraan?”

Piet: “Christus het juis gedurende die nag van Nisan 16/17 uit die dood opgestaan. Hy is die Eerste Vrugte na die ewige lewe. Hy was die Here se Eersgeborene op aarde. Deurdat Hy uit die dood opgestaan het, het Hy my die versekering gegee dat Hy my die ewige lewe kan gee, want Hy het mag oor die lewe.”

Kollega: “Ek is nie so seker of Christus werklik gekruisig is en uit die dood opgestaan het nie. Is dit nie alles stories nie?”

Piet: “Hoekom sou die skrywers van die Evangelies in die Bybel stories opmaak? Om wat te bereik? Die apostels is gemartel tot die dood juis oor die feit dat hulle getuig het dat Jesus uit die dood opgestaan het en hulle Hom daarna self gesien het. Waarom sou ‘n mens ‘n storie opmaak en daarby hou tot die dood toe, indien dit slegs ‘n storie is?”

Kollega: “Dit maak seker nie sin nie.”

Piet: “Wat vir my verder baie interessant is, is die volgende: Die Israeliete moes vanaf die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood 50 dae aftel. Op die vyftigste dag moes hulle die Fees van Weke vier. Dit is met ander woorde sewe weke van sewe dae wat vir jou 49 dae gee. Op die eerste dag nadat die sewe weke om is, moes hulle hierdie fees vier.”

Kollega: “Wat is gedurende hierdie fees herdenk?”

Piet: “Hulle het op hierdie dag herdenk dat hulle die wil van die Here (die wet) by die berg Sinai ontvang het. Dit is dus ook van ongeveer 1300 jaar voor Christus reeds gevier elke jaar. Hulle het gedurende hierdie fees uit die Skrif gelees van Esegiël en Habakuk waar die profete profeteer dat hulle die Here sien kom in stormwind en vuur.”

Kollega: “So wat beteken dit nou eintlik?”

Piet: “Indien ons besef dat Jesus op Nisan 14 gekruisig is, besef ons ook dat die dissipels dus 51 dae later die Fees van Weke gevier het. Soos die gebruik was vir ongeveer 1300 jaar, was hulle in groot afwagting vir die Here wat sal kom in stormwind en vuur. Dit word dan ook so getuig in die Skrif (Handelinge 2) dat die Heilige Gees juis op daardie dag oor hulle uitgestort is met die geluid van stormwind en tonge van vuur wat op hulle kom sit het. Die Fees van Weke is toe ook gedoop Pinkster, wat 50 beteken.”

Kollega: “Dit raak nou bietjie baie om te verstaan!”

Piet: “Kom ek som vinnig vir jou op. Die Israeliete het ongeveer 1300 jaar voor Christus opdrag van die Here ontvang om Sy feeste te vier. Dit was vreugdevolle feeste waartydens hulle redding gevier het. Paasfees, Fees van Ongesuurde Brood, Fees van Eerste Vrugte en Fees van Weke. Hierdie feeste word genoem: Die Lente Feeste.

In al hierdie feeste kan ‘n mens die Messias profeties duidelik raak sien. Christus het toe ook gekom en dit volmaak volbring, in die fynste detail, reg op die dae wat reeds vanaf 1300 jaar voor die tyd jaarliks gevier is. Indien ‘n mens die boek Daniël lees kan selfs gesien word dat die jaar wat Christus gekruisig is, reeds meer as 600 jaar voor die tyd akkuraat voorspel is. Terloops, daar is ook nog meer as 300 ander Messiaanse profesieë wat Christus volbring het. Om terug te kom na die feeste van die Here:

Paasfees en Fees van Ongesuurde Brood: Jesus het vir ons sondes kom sterf sodat ons ‘n verhouding met die Vader kan hê.

Die Fees van Eerste Vrugte: Jesus het uit die dood opgestaan om ons die versekering te gee dat Hy ons die ewige lewe gee.

Pinkster: Jesus het die Heilige Gees vir ons gegee wat vandag Sy Woord aan ons openbaar.

Kollega: “Jy gooi darem nou baie dinge na my kant toe.”

Piet: “Ek het ook so gevoel voorheen, maar ek het gevind hoe meer tyd ek spandeer met die Woord van die Here, hoe meer openbaar die Here Hom aan my.”

Kollega: “So moet ‘n mens hierdie feeste herdenk anders gaan jy hel toe?”

Piet: “Christus het reeds vir ons sondes gesterf, volgens die Geskrifte, sodat ons kan glo. Indien ons glo dat Christus vir ons sondes gesterf het en ons ons vertroue op Christus plaas vir die ewige lewe in Sy teenwoordigheid, is ons gered. Ons eie dade, soos om die feeste te herdenk, kan ons nie red nie. Die Here se genade is groter as ons eie dade.”

Kollega: “So hoekom herdenk jy dan die fees?”

Piet: “Die Here het spesiale geleenthede geskep sodat ons met Hom tyd kan spandeer. Soos byvoorbeeld die sabbat elke sewende dag. Die feeste bevat ook sabbatte. Vir my is dit soos Goddelike afsprake waartydens die Here ons seën.”

Kollega: “Hoe seën die Here ‘n mens?”

Piet: “’n Mens is geseënd wanneer jy vrede beleef in teenwoordigheid van die Here. Daarom lees ons in Numeri 6 wat die Here vir Moses gesê het hy moet sê wanneer die volk geseën word: *“[24]Die Here sal jou seën en jou behoed; [25]die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; [26]die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.”* (1953 vertaling).

Kollega: “Hoe kan die Here Sy Aangesig oor jou laat skyn?”

Piet: “Die Engel van die Here se Aangesig is die Messias, Jesus Christus. Wanneer ons tyd spandeer met die Woord van God, word die Messias, Jesus Christus, aan ons openbaar.”

Kollega: “Hoe openbaar die Here Hom aan ‘n mens.”

Piet: “Die Here hou Hom besig met elke mens wat by Hom toenadering soek. Hy doen dit baie spesifiek sodat daardie betrokke persoon dit weet. Die belangrike is dat die persoon hom/haar met die Here besig hou en nie met ‘n ander god nie. Die Here het Sy Identiteit baie sterk aan ons gegee deur Sy Seun Jesus Christus. Ons toegang tot die Here verkry ons op grond van die feit dat Jesus as Goddelike Hoë Priester vir ons sondes gesterf het en ons dit glo.”

Kollega: “ Wat bedoel jy dat Jesus as Goddelike Hoë Priester gesterf het?”

Piet: “Dit is ‘n baie goeie vraag en dit bring ons weer terug by die feeste van die Here. Die priesters het aanbidding by die Tempel gefasiliteer. Die persoon wat aan die hoof van hierdie proses gestaan het, was die hoë priester. Hy het een keer per jaar, op ‘n dag wat genoem is die Groot Versoendag, die Allerheiligste deel van die Tempel binnegegaan. Dit het onder groot gehoorsaamheid en eerbied plaasgevind omdat die Allerheiligste die teenwoordigheid van die Here verteenwoordig het. Gedurende hierdie proses het die hoë priester vergifnis by die Here gesoek vir sy eie en die volk se sonde. Ons kan met ander woorde sê dat die hoë priester versoening by die Vader gepleit het.

Dit was duidelik ‘n jaarlikse proses wat elke jaar, oor-en-oor gedoen is. Christus is die Seun van God self. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel in die Tempel middeldeur geskeur. Dit het veroorsaak dat die Allerheiligste nie meer geslote was nie. Alleen God kon permanente versoening met Homself bewerkstellig sodat dit

nie meer jaarliks moes plaasvind nie. Christus is God self en het die jaarlikse rol van die hoë priester oorgeneem deur self in te staan vir die mens se sonde. Met ander woorde, almal het nou toegang tot die Vader deur geloof in Jesus Christus."

Kollega: "Glo jy regtig dat die dinge, soos byvoorbeeld die voorhangsel wat geskeur het, regtig gebeur het?"

Piet: "Het jy geweet dat selfs nie-gelowiges oor hierdie gebeure geskryf het.? Dink byvoorbeeld aan Tallos wat in die tyd van Christus geleef het. Ons kan vandag aanhalings oor sy werk nog sien waar hy spekuleer wat die duisternis tydens Christus se kruisiging veroorsaak het. In elk geval, hoekom sou die Evangelieskrywers daaroor lieg? Om wat te bereik?"

Wat egter belangrik is, is dat ons Christus vier. Wat baie interessant is, is dat ons uit die boeke 1 Kronieke en Lukas kan aflei dat Christus juis ook tydens die Fees van Tabernakels (ook genoem: Huttefees) gebore is op aarde. Dit is ook 'n fees wat reeds vanaf ongeveer 1300 jaar voor Christus jaarliks gevier is. Oorspronklik het die Israeliete dit gevier om te herdenk dat die Here hulle in hutte laat woon het in die woestyn. Die Here het vir hulle gesorg en ook by hulle gewoon soos verteenwoordig deur die Tabernakel en later die Tempel. Met ander woorde, die Here het by hulle getabernakel, of ons kan ook sê dat die Here by hulle Tempel gemaak het."

Kollega: "Is Huttefees en Kersfees dan dieselfde?"

Piet: "Gedurende Kersfees word die geboorte van Christus gevier. Dit is egter vermeng met heidense gebruike. Hierdie fees het sy huidige vorm aangeneem toe die Romeinse keiser, Konstantyn, vryheid van godsdiens verklaar het ongeveer 320 na Christus. Hulle het egter daardie tyd voorsiening gemaak vir heidense godsdienste ook. Die Rooms-Katolieke kerk het ontstaan. Het jy geweet dat die woord 'katoliek' beteken 'kerk van die dag', of anders gestel: 'gemengde godsdienste'?"

Kollega: "Wat vertel jy my nou?"

Piet: "Dit is sekerlik nie verkeerd om vir mekaar lief te wees en vir mekaar geskenke te gee nie. Nog minder is dit verkeerd om bly te wees dat Christus op aarde gebore is nie. Die belangrike egter is dat ons fokus ook op die hede en toekoms gerig moet wees. Christus leef steeds vandag en Hy gaan weer kom om by ons te tabernakel. Dit is wonderlik om te besef dat die Here nog altyd vir ons Immanuel was en is."

Kollega: "Wat bedoel jy daarby?"

Piet: "Immanuel beteken 'God by ons'. Die Here het Hom nog altyd met die mens besig gehou. Hy wou nog altyd naby ons wees. Hy het selfs 'n verbond met Abraham aangegaan sodat Hy die God kan wees vir alle nasies wat in Hom glo. Ons kan selfs lees in die boek Jesaja 7, terloops dit is geskryf ongeveer 750 jaar voor Christus, dat 'n Seun gebore sal word en Hy Immanuel genoem sal word. Jesus is God by ons. Hy het aarde toe gekom as mens om die Bose te oorwin en Hy leef steeds vandag in die gelowige se hart deur Sy Heilige Gees. Hy is steeds Immanuel vir ons.

Wanneer ons hierdie ontdekking maak, kan ons nie anders as om die Here Jesus te vier nie. Die Israeliete het jaarliks ook die Fees van Trompette gevier. Dit was die viering van die Joodse Nuwe Jaar. Dit word ook deur beide Jode en Christene beskou as 'n herdenking van die skepping van die wêreld. Dit is 'n dag waartydens die gawes van die Here herdenk is en die Here se seën vir die nuwe jaar voor gebid is.

Dit gaan dus alles oor die Here. Ons ondersoek onsself en streef om die wil van die Here in ons lewens te ontdek. Dit is nie 'n identiteitlose proses nie, Jesus het vir ons die Naam van God kom bekend maak. Jesus het, volgens die Geskrifte, ons kom red van ewige verlorenheid en Hy het ons die versekering gegee dat Hy weer gaan kom."

Kollega: "Kan enige mens ook deel hiervan wees?"

Piet: "Ja, beslis."

Kollega: "Hoe doen ek dit?"

Piet: "Vier Christus in jou hart. Neem Hom aan en plaas jou vertroue op Hom vir ewige saligheid. Doen afstand van verkeerde dinge en jy sal weet wat dit is. Soek so veel as moontlik geleenthede om tyd te spandeer met die Here. Die beste manier en plek om te begin, is om gereeld die Bybel te lees. Bid gereeld tot die Vader in die Naam van Jesus om Hom al hoe meer aan jou te openbaar. Streef daarna om die Here met toewyding te dien."

Korter weergawe:

Kollega: "Piet, wat van brood vir jou?"

Piet: "Baie dankie kollega, maar ek eet vir hierdie week nie brood met suurdeeg in nie."

Kollega: "Maar hoekom nie?" (onmiddellik is die geleentheid vir Piet geskep om te getuig)

Piet: "Dit het onlangs tot my deurgedring dat Christus gedurende Paasfees gekruisig is."

Kollega: "Good for you!"

Piet: "Dankie, suurdeeg wat in normale brood voorkom, is in die Bybelse tyd beskou as verteenwoordigend van sonde in 'n mens se lewe. Ek het besef ek doen baie verkeerde dinge en moet my lewe probeer reg kry."

Kollega: "Dit is nie nou die tyd om oor sulke dinge te praat nie."

Piet: "Ek beantwoord net vinnig jou vraag hoekom ek nie hierdie week brood met suurdeeg in eet nie. Ek het besef dat Christus vir ons sondes kom sterf het op aarde. Hy het dus in die Vader se oë ons sondes weggeneem. Die feit dat Hy juis op die dag gekruisig is wat daar vir 1300 jaar voor Hom elke jaar herdenk is dat Hy dit sou kom doen, het my baie laat dink.

Soos wat hy akkuraat volgens die Geskrifte ook uit die dood opgestaan het, kan ek nou weet dat Hy ook weer gaan kom aarde toe, soos wat daar ook reeds vir honderde jare voor Christus voorspel is.

Ek herdenk die Fees van Ongesuurde Brood nie omdat ek moet nie, maar dit is vir my 'n wonderlike geleentheid om ander mense te vertel dat die Here Hom aan ons openbaar deur Sy Seun, Jesus Christus.."

1.3 Gee Kersfees Bybelse inhoud

Geen fees in die Bybel verwys direk na die geboorte van Jesus nie, maar is almal gefokus op die Verlosser Jesus. Die realiteit is die Verlosser Jesus en nie die baba Jesus nie. Die fokus moet wees op die hede en die toekoms, en nie slegs die verlede nie.

Indien ons dan gedurende Desember wil fees vier, sal dit sin maak om die feit te vier dat Jesus die lig vir die wêreld is – Fees van Lig (Tempelwyding)

Die gebruik van Kersfees is beslis nie suiwer Skriftuurlik nie maar die realiteit is dat die Hellenistiese en gekommersiële fees goed gevestig is. Dit is sekerlik ook nie verkeerd om vir mekaar lief te wees en geskenke te gee nie. Die hele wêreld weet egter van Kersfees en baie neem self daaraan deel, al is hulle nie Christene nie. Die aard en oorsprong van Kersfees laat laasgenoemde toe.

Kersfees kan gebruik word om mense op te voed met betrekking tot die Messiaanse realiteit in die feeste van die Here.

Dit is 'n ideale geleentheid om as families, en vriende, saam te lees uit die Bybel, die Verlosser Jesus raak te sien en in opgewondenheid te kan uitsien na Sy wederkoms. Hierdie boek se hoofstuk oor die Feeste van die Here en ook die PowerPoint aanbieding: "Die Feeste van die Here" op http://www.matthew28.co.za behoort baie hiermee te help.

Die fokus verskuif dus van Bethlehem na Jerusalem:

Die Redder is wel in Bethlehem gebore, soos meer as 500 jaar vooraf voorspel in Miga 5:1: *"Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!*",

Maar redding kom uit Sion (Jerusalem), Jesus is in Jerusalem gekruisig. Jesus gaan ook weer terugkeer na Jerusalem tydens die wederkoms:

Psalm 14:7: *"Ag, mag daar tog uit Sion(Jerusalem) vir Israel redding kom! Wanneer die Here die lot van Sy volk verander, sal Jakob juig, sal Israel bly wees."* Geskryf ongeveer 1000 jaar voor Christus.

Jesus Christus, die Lig vir die wêreld, se liggaam wat sonder sonde is, is vir ons gebreek. Ons het Sy reinheid en waarheid gesien. Deur die werking van die Heilige Gees sien ons Hom steeds raak vandag en kan ons met Hom 'n persoonlike verhouding hê, ons kan Hom aanbid.

Paulus moedig juis die gelowiges aan om fees te vier, maar binne konteks van die Waarheid: 1 Korintiërs 5:8: *"Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid."*

Jesus Christus is die Waarheid, en Hy kom weer. Dit kan nie anders as om gevier te word nie!

Openbaring 22:16-21: *"[16]'Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester.' [17]Die Gees en die bruid sê: 'Kom!' En elkeen wat dit hoor, moet sê: 'Kom!' En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet! [18]Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; [19]en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is. [20]Hy wat dit alles getuig, sê:* ***'Ja, Ek kom gou!' Amen! Kom, Here Jesus!*** *[21]Die genade van die Here Jesus sal by almal wees."*

'n Pragtige kind van die Here, Buks Moolman, skryf in sy epos-bediening (AnotherBrother) as volg:

> *Die vroeë Christene het mekaar dikwels gegroet met die Aramese uitdrukking "Marana ta". Wat beteken het "Kom, Here! of 'Die Here kom". So het hulle mekaar herinner aan Jesus wat enige tyd weer kan kom om ons te kom haal. Tergelykertyd was dit ook 'n gebed dat die Here so gou moontlik moet kom. (Nota – Die Radikale JeugBoodskap – bl 748)*
>
> *Maranata is 'n Aramese woord wat in sommige vertalings in 1 Korintiërs 16:22 voorkom. In die 1983-vertaling is dit vertaal met: "Kom, Here," maar dit kan ook beteken: "Die Here het gekom."*
>
> *Dis 'n woord wat waarskynlik by die nagmaal gebruik is as 'n oproep aan die Here om tydens die nagmaalsviering teenwoordig te wees (in die betekenis van: "Kom, Here") of as 'n versekering dat die Here in die nagmaal by hulle is (in die betekenis van: "Die Here het gekom"). As oproep kon dit die dubbele betekenis gehad het van 'n versugting dat die Here in die nagmaal by hulle moet wees én dat Hy weer moet kom soos Hy beloof het (die *Wederkoms van Christus, Op 22:20).*

Wanneer ons die belangrike verskil besef tussen herdenking en aanbidding, bring dit ons by realiteit uit. Ons herdenk nie slegs vir Christus nie, maar ons aanbid Hom. Hy is Realiteit – "Ek Is", Hy gee vir ons die ewige lewe. In, en deur Hom, het ons ewige identiteit.

Die Apostel Petrus bevestig as volg in 1 Petrus 1:13: *"Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus."*

Maranata!!!!!

Hoofstuk 6
Die Tempel van die Here

1. Inleiding

Die wapenrusting van die gelowige: Efesiërs 6:10-20: *“10Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. 12Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnals, 15en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. 16Daarby **moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer**. 17Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.”*

Geloof is ‘n genadegawe van die Here. Dit stel die gelowige, en die getuie, in staat om nie te twyfel ten spyte van die aanslagte van die Bose nie. Die Rots van Israel hou ons vas te midde van beproewinge. Geloof en aanbidding bring die persoon in die teenwoordigheid van die Here. Heilige Tempelmaking vind in die gelowige plaas.

Die Betekenis van ‘n tempel

In hierdie skrywe word die woord Tempel met ‘n hoofletter geskryf wanneer daar verwys word na die Tempel van die Here. Daar bestaan egter ook ander tempels wat geen Waarheid inhou nie en gebou is op grond van menslike fantasie en bose invloed.

1.1.1 Die begrip tempel in die algemeen

- Algemene Hebreeus: *hekal* (heel waarskynlik afgelei van die Sumeriaanse (gebied in antieke SW Asië, vandag Irak) woord (*e-gal*) wat Groot Huis beteken. Hierdie woord word baie min in die Bybel gebruik
- Ou Griekse woord: *temenos* (ingeslote ruimte) afgelei van Sumeriaanse woord *temen* – dit het verwys na ‘n gebied afgesonder vir algemene gebruik en is opgedra aan ‘n god
- Hierdie terme definieer ‘n spesiale plek van teofanie waar ‘n god verskyn het as ‘n openbaarder, geneesheer of gewer van vrugbaarheid, maar het nie daar gewoon nie.
- Die term kan dus gebruik word vir enige antieke Naby-Oosterse sentrum vir aanbidding, heidens of Israel. In hierdie sin kan daarna verwys word as “heiligdom” (shrine) en het vandag in moderne Hebreeus die betekenis: *Hekal Ha-Sefer* (die Heiligdom van die Boek). Dit is dan ook die naam van die museum in Israel waar die Dooie See Boekrolle gehou word.

1.1.2 Die begrip Tempel in die Bybel

- Die Bybel beskryf die Tempel in Jerusalem as *Beit ‘Adonai* (die “huis van die Here”) of *Beit ‘Elohim* (die “huis van God”)
- Bogenoemde beskryf beter die betekenis van die Tempel dat dit ‘n “plek is waar God woon”. Hierdie kan verbind word aan die vroegste Hebreeuse term vir die Here se woonplek, *Mishkan* (“Tabernakel,” letterlik, “woon”)
- ‘n Ander Bybelse term vir die Tempel (en wat baie in moderne Hebreeus gebruik word), is *Beit Hamikdash* (die “Heiligdom” – letterlik “huis van heiligheid”). Dit word in Engels ook verwys na as Sanctuary of *Mikdash* (“Heilige [Plek]”). Hierdie term word gevind in die Ou Testament met verwysing na die amptelike Israelitiese Tempel in Jerusalem (Jesaja 63:18; Esegiël 5:11; 9:6; Psalm 74:7; 96:6; Klaagliedere 1:10; 2:7,20). Dit kan verwys na, of die hele Tabernakel (Levitikus 19:30; 26:2), of die hele omgewing van die Tempel (Esegiël 43:21; 44:1,5,7-8), of eksklusief die Allerheiligste (Levitikus 16:33). Dit word soms ook gebruik vir ander Israelitiese tempels binne en buite die land (Amos 7:9,13; Jesaja 16:12)

- Let op dat die algemene naam vir ‘n tempel in die Grieks van die Ou Testament (Septuagint) is *heiron* (“heilige plek”). Dit word egter nie gebruik nie maar wel *Beit Hamikdash* (“Heiligdom”) om eksklusief te verwys na die Tempel van God in Jerusalem. Hierdie gebruik is deur die Grieks van die Nuwe Testament oorgeneem wat dan ook aansluit by die Allerheiligste binne die Tempel in kontras tot die ander deel van die Tempelkompleks wat *heiron* genoem word.
- Belangrik is dat *Beit Hamikdash* (die “Heiligdom” – letterlik “huis van heiligheid”) ook in die Nuwe Testament gebruik word waar verwys word na die gelowige se liggaam as “’n tempel”. In beide die gevalle word dit gebruik om te wys op die woon van God (indwelling) in die Tempel en die gelowige se liggaam. Dit stem ooreen met die teenwoordigheid van die Heilige Gees.

In Bybelse konteks verwys die woord Tempel na die teenwoordigheid van die Here. Die Tempelmaking wat op aarde plaasgevind het, tot redding van alle nasies, is deur baie profete voorspel. Die profeet Jesaja profeteer ongeveer 750 jaar voor Christus as volg: Jesaja 7:14: *“Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.”* Die woord Immanuel beteken: “God met ons”. Jesus is God met ons.

Pauls verduidelik as volg: Kolossense 2:8-9: *“[9]**In Hom is die volle wese van God beliggaam**, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.”*

Oorsprong van die fisiese Tempel van die Here

1.2 Die Tabernakel

Die Tabernakel was ‘n mobiele, fisiese, voorwerp van openbaring vir die kinders van Israel vir amper vyfhonderd jaar, vanaf Moses tot Dawid. Dit is toe deur ‘n permanente struktuur vervang, naamlik die Tempel. Laasgenoemde het plaasgevind gedurende die tyd van Salomo se heerskappy. Salomo was die seun van Dawid.

Die Israeliete is van slawerny verlos uit Egipte en het daarna die wet ontvang by die berg Sinai. Die Here het Hom ook daar weer aan hulle geopenbaar sodat hulle bang geword het, en vir Moses gevra het dat hy met die Here sal praat. Op die berg Sinai het die Here toe aan Moses die volgende opdrag gegee:

Eksodus 25:8: *“’Hulle moet vir My ‘n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.’”*(geskryf ongeveer 1250 jaar voor Christus)

Stephen Olford wys daarop dat die Hebreërs van vroeë tye af ontdek het dat dit Eie is aan die Here om Homself aan die mens te openbaar, ook deur by die mens te “tabernakel”. Olford sê dat dit tot ‘n sekere mate die belangrike boodskap is van die Bybel. Wanneer die eerste vyf boeke van die Ou Testament gelees word (Genesis tot Deuteronomium), sien ons die verhaal van die besoeke van God, die Here, by die mens. Dit het toegeneem sodat die Here by die mens “gekamp” het in ‘n Tabernakel. Die Tabernakel is so ontwerp en opgerig om die doel, krag, en Shekinah van die Goddelike teenwoordigheid moontlik te maak.

Olford gaan voort en wys daarop dat die Nuwe Testament op soortgelyke wyse begin. Die eerste vyf boeke handel oor die mens wat die Here tussen hulle het (“Camping with God”). In Johannes 1:1 lees ons as volg:

“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.” Johannes 1:14: *“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon (tabernakel). Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”*

Wanneer ons vanaf die vier Evangelies beweeg na die Handelinge van die Apostels, sien ons dat dieselfde genade en heerlikheid gekommunikeer word aan die dissipels van die vroeë Kerk totdat die wêreld notisie geneem het dat Jesus by hulle was. Die Here het die mens gemaak om met Hom ‘n verhouding te kan hê en Hy sal aanhou totdat dit volmaak gerealiseer het, nie net hier op aarde nie, maar die ewigheid in.

Olford wys daarop dat die oorkoepelende boodskap van die Tabernakel is Christus. Christus het dit duidelik gestel aan die Emmaüsgangers. Jesus het aan die Emmaüsgangers verskyn na Sy opstanding uit die dood. Die Emmaüsgangers het Hom nie erken nie en hulle het in ontsteltenis vir Hom vertel dat hulle bekommerd is oor wat die vroue aan hulle vertel het. Die vroue het getuig dat hulle die graf leeg aangetref het.

Jesus antwoord hulle soos getuig in Lukas 24:25-32: *"[25]Toe sê Hy vir hulle: 'Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? [26]Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in Sy heerlikheid in te gaan nie?' [27]Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê. [28]Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle oppad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan. [29]Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: 'Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby.' Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. [30]Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. [31]Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom erken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn. [32]Hulle sê toe vir mekaar: 'Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?'""*

Die Here laat ons toe, soos wat ons lees, om te leer en innerlik te verwerk, aangaande dinge wat Homself betref, dat ons sal kan sê: "Het ons hart nie warm geword binne ons, terwyl Hy met ons gepraat en die Skrif aan ons geopenbaar het nie?" (54, p.6-8).

Alhoewel die fisiese Tabernakel, en die Tempel, vandag nie meer bestaan nie, het die boodskap wat uitgedra is nie verdwyn nie. En dit handel oor Christus, die Redder van die mensdom. Die ryk argeologiese opbrengs van Israel en Jerusalem, met die Joodse volk wat oorleef ten spyte van geweldige aanslae van alle kante, bevestig net verder die profesieë wat steeds besig is om in vervulling te kom. Wanneer die Bybel bestudeer word, word dit duidelik dat die boodskap gaan oor redding wat deur Christus bewerkstellig is. Christus het gekom en onomwonde die Naam van God, die Here, kom bevestig as die enigste lewende God wat die ewige lewe gee.

Ongeveer 1250 jaar voor Christus, het die Here vir Moses opdrag gegee om die Tabernakel te bou sodat Hy tussen Sy volk kon woon. Dit was 'n opdrag van God en nie 'n inisiatief van die mens nie.

C.W. Slemming (55, p.15) haal 2 Korintiërs 5:19 aan wat ons laat besef dat die Here die Tabernakel vir versoening met die mens gebruik het, en hierdie verlossingswerk het verder gestalte gevind in Christus:

"Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou."

En so is Hy dan genoem Immanuel (God met ons).



1 = Die Hek
2 = Die Brons brandofferaltaar
3 = Die Bronswaskom
4 = Die Toonbrode tafel
5 = Die Goue Kandelaar (Menorah)
6 = Die Wierookaltaar
7 = Die Voorhangsel
8 = Die Verbondsark
9 = Die Allerheiligste
10 = Die Heiligdom
11 = Die Voorhof
12 = Een van 60 pilare

Figuur 6:1: Voorstelling van die Tabernakel

In Eksodus 25-27 kan ons lees hoe die Here aan Moses opdrag gegee het om die Tabernakel, en al die toebehore daarvan, te bou. Dit het ‘n tydelike struktuur geword terwyl hulle deur die woestyn getrek het. Dit is opgeslaan in opdrag van die Here op ‘n spesifieke plek, en wanneer hulle weer moes trek (in opdrag van die Here), is die Tabernakel opgeslaan en op ‘n voorgeskrewe wyse gedra na die nuwe plek.

Figuur 6:1 dui aan hoe die Tabernakel gelyk het, van bo gesien. Dit het hoofsaaklik bestaan uit drie areas: 1) Die Voorhof (11); 2) Die Heiligdom (10); en 3) Die Allerheiligste (9).

1.2.1 Die Voorhof (11)

Die Tabernakel is binne gegaan deur die Hek (1) wat dan toegang tot die Voorhof (11) verleen het. Hierdie ingang het altyd in ‘n oostelike rigting gewys. Die offerdier is op die Brandofferaltaar (2) geoffer en die priesters het hulle by die Waskom (3) gewas. Hulle moes hulle altyd was voordat die Heiligdom (10) betree is.

1.2.2 Die Heiligdom (10)

In die Heiligdom is drie voorwerpe aangetref. Die Toonbrode Tafel (4) waarop twaalf brode geplaas is. Hierdie brode het die twaalf stamme van Israel verteenwoordig. Die priesters het die brode weekliks op die Sabbat geëet en die brode is dan vervang. Die brode het altyd vars gebly.

Die Kandelaar (Menorah) (5) met sy sewe lampe is voortdurend aan die brand gehou deur die priesters.

Figuur 6.2: Model van die Menorah in Jerusalem

Die Wierookaltaar (6) is gebruik om wierook op te brand. Dit het rook veroorsaak wat ‘n soet reuk gehad het.

1.2.3 Die Allerheiligste (9)

Die Allerheiligste is van die Heiligdom geskei deur die Voorhangsel (7). Binne die Allerheiligste is die Verbondsark (8) geplaas. Die Verbondsark, Toonbrode tafel en die Wierookaltaar is alles van akasiahout gemaak en met goud oorgetrek.

Binne die Verbondsark is die volgende artikels geplaas:

- Die twee kliptafels waarop die Tien Gebooie deur die Here geskryf is. Dit is die kliptafels wat Moses op die berg Sinai van die Here ontvang het.
- Die Staf van Aäron
- Die bak met Manna

Die wet wat by die berg Sinai ontvang is, is langs die Verbondsark neergesit. Die deksel van die Verbondsark het bekend gestaan as die Versoendeksel (Mercy Seat). Bo-op die Versoendeksel is twee gerubs (‘n soort engel wat direk in die teenwoordigheid van God is) aangebring. Die gerubs was na mekaar gerig en hulle vlerke het na mekaar toe uitgestrek. In die middel van die gerubs was die area waar die teenwoordigheid van die Here gemanifesteer het.

Wanneer ‘n dier op die Brandaltaar geoffer is, is die bloed versamel en aan die voet van die altaar gesprinkel. Slegs eenkeer per jaar, op die Versoendag (meer hieroor in Hoofstuk 5), het die hoëpriester die Allerheiligste betree en is die bloed van die offerdier voor die versoendeksel gesprinkel. Dit is gedoen om versoening te doen vir die hoëpriester, en die volk, se oortredings.

1.2.4 Magtige Goddelike Teenwoordigheid - Immanuel

In Eksodus 40 kan gelees word hoe Moses-hulle die Tabernakel opgerig het volgens die opdragte van die Here. Wanneer die Tabernakel ingewy is, was die teenwoordigheid van die Here vir almal sigbaar:

Eksodus 40:34-38: *“34’n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul. 35Moses kon nie in die tent van ontmoeting inkom nie; die wolk was daarin, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul. 36Later het dit so gegaan: wanneer die wolk van die tabernakel af voor die Israeliete uit wegtrek, het hulle agter die wolk aan versit. 37As die wolk nie weggetrek het nie, het hulle daar gebly totdat dit wel weggetrek het. 38Die wolk van die Here was bedags ‘n wolk oor die tabernakel en snags het dit ‘n vuur daarbo-oor geword. So het die hele Israel dit ervaar elke keer as hulle versit.”*

Die tent van ontmoeting was Moses se tent waar hy opdragte van die Here ontvang het.

1.2.5 Christus die Boodskap van die Tabernakel

Vandat Moses die opdrag ontvang het om die Tabernakel op te rig, het dit nege maande geduur vir voorbereiding totdat die Tabernakel ingewy is. Jesus Christus is as mens gebore op aarde en was nege maande in Maria se baarmoeder. Ons lees ook dat die buitenste materiaal wat die Heiligdom en die Allerheiligste bedek het, van bokhaarmateriaal (Eksodus 36:14) gemaak is. Dit verteenwoordig dus vlees en die teenwoordigheid van die Here was daarbinne (by die

Versoendeksel van die Verbondsark). Jesus was God binne vlees, die Mens Jesus – Die Seun van God en die Seun van die Mens.

Wanneer die Voorhof ingegaan is deur die Hek, besef ons dat Jesus Christus die enigste weg is na die Vader. Hy is die enigste Ingang. Die offers is op die Brandofferaltaar geoffer. Jesus het vir ons sondes gesterf deur gekruisig te word. Hy is die Volmaakte Lam wat geslag is. Die versoeningsdood het plaasgevind. Daar word nou na die Bronswaskom beweeg waar reiniging plaasvind. Jesus het vir ons oortredinge ingestaan. Ons sondes is van ons afgewas.

Die Heiligdom word nou inbeweeg. Hier word eerstens die Toonbrode tafel aangetref. Jesus is die Brood van die lewe. Hy voorsien aan ons. Jesus is ook in Bethlehem gebore. Bethlehem beteken "Plek van brood". Aan die linkerkant in die Heiligdom staan die Kandelaar waarop sewe lampe brand. Die is die enigste lig wat in die donker Heiligdom verskaf word. Jesus is die Lig vir die wêreld, die enigste Lig. Sy lig verdryf alle duisternis. Die duisternis kan dit nie oorwin nie. Die Wierookaltaar staan voor die Voorhangsel. Die soetgeurige rook herinner aan die gebede van die gelowiges wat opstyg na die Here.

Openbaring 8:3-4: *"[3]'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. [4]Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God."*

Daar word deur die Voorhangsel beweeg om toegang te verkry na die Allerheiligste. Met ander woorde, die Voorhangsel was die skeiding tussen die mens en die Here. Voor Christus se kruisiging kon die hoëpriester slegs eenkeer per jaar daardeur beweeg om versoening te pleit tussen God en mens. Toe Jesus sterf aan die kruis, het die Voorhangsel in die Tempel middeldeur geskeur. Jesus is die Hoëpriester, volgens die Goddelike priesterorde van Melgisedek, wat ewige versoening bewerkstellig het tussen die Here en die mens. Alle mense het nou toegang tot die Here deur geloof in die Messias, Jesus Christus.

Daar is baie boeke geskryf oor die Tabernakel en daar is baie waarhede wat nog verder ontdek kan word deur die simboliek van die Tabernakel. Soos byvoorbeeld die betekenis van die materiale waarvan die implemente van die Tabernakel gemaak is. Selfs die samestelling van die 60 Pilare wat buite-om die Voorhof gestaan het, simboliseer duidelik Christus. Die pilare is gemaak van

- Akasiahout – Dit is hout wat nie maklik verderf nie. Christus se liggaam het nie in die graf ontbind nie. Die akasiahout was van die omgewing en vol kwaste. Dit is 'n verwysing na die onvolmaaktheid van die volk.
- Brons voetstukke – Brons is verwysing na die dood. Christus is gedood en begrawe
- Silwer kopstukke – Silwer is verteenwoordigend van verlossing. Jesus is ons Verlosser.

Dit gaan duidelik alles om Christus, en Christus het vir ons versoening bewerkstellig met die Vader. Chaim Richman (56, p.13) wys ook daarop dat die hele proses van offers se hoofdoel was om toenadering te soek by die Here. Dit was nie slegs 'n geval van 'n offerdier wat instaan vir die mens se sonde nie, maar 'n soeke na toenadering tot die Here. Richman sê dat die Hebreeuse woord vir offer, (korban, lehakriv) is van dieselfde oorsprong as van dit om "'n nabye verhouding met iemand te soek." Dit gaan oor die soeke na toenadering.

Daar mag verkeerdelik geredeneer word dat 'n mens Christus in die Tabernakel "inwerk" om die Christelike geloof te pas. Die werklike onmoontlike uitdaging egter is, om Christus uit die Tabernakel uit te haal! Laasgenoemde is onmoontlik wanneer die Here in jou Sy Tempel gemaak het.

1.3 Die Tempel

Amper vyfhonderd jaar nadat die Tabernakel in gebruik geneem is, het Dawid die verbondsark na Jerusalem laat bring en het sy seun Salomo die Tempel van die Here gebou. Die Israeliete het nie meer nodig gehad om deur die woestyn te trek nie. Jerusalem het nou die meer permanente Tabernakel gehuisves, naamlik die Tempel. Die uitleg van die Tempel was dieselfde as die van die Tabernakel, steeds profeties Christus.

Die Here is die Redder en voorsien aan Sy kinders. Toe Abraham vir Isak moes offer, het die Here voorsien. Volgens oorlewering is hierdie dieselfde plek waar die Tempel later gebou is: Genesis 22:13-14: *"[13]En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos met sy horings vasgeraak het. En Abraham het gegaan en die ram geneem en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer. [14]En Abraham het die plek genoem: Die Here sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die Here sal dit voorsien word."* (53 vertaling).

Jerusalem is die setel van die godsdiens. Dawid het dit verower en dit die hoofstad van sy ryk gemaak. Hy het die verbondsark na Jerusalem toe gebring en daardeur groot godsdienstige betekenis aan die plek verleen. Dit was ook in Jerusalem (in Israel) waar Dawid grond gekoop het waarop die tempel gebou is.

Hier was 'n rotsplaat waarop daar vroeër gedors is. Die dorsvloer het aan 'n sekere Arauna behoort. Dawid het dit van hom gekoop om daar vir die Here te offer: 1 Kronieke 21:22: *"Dawid sê toe vir hom: 'Laat my die plek met die dorsvloer kry. Ek wil daarop vir die Here 'n altaar bou. Laat my dit kry vir die volle waarde daarvan, dat die plaag kan wegkom van die volk af.'"*

Dawid se offers is daar aangeneem en hy het dit "die heiligdom van God" begin noem: 1 Kronieke 22:1: *"Dawid het toe gesê: 'Die heiligdom van God, die Here, is nou hier by die dorsvloer en hier is ook die brandofferaltaar vir Israel.'"* Die Tempel is later op dieselfde plek opgerig (35, p561).

Dit is ook hier waar die Here aan Dawid verskyn het en waar Salomo dan die Tempel gebou het: die dorsvloer van Arauna. Lees 2 Kronieke 3. Dit is ook wonderlik om te besef dat Dawid die Aangesig van die Here geken het. Die Engel van die Here.

Die land Israel is reeds aan Abraham se nageslag belowe tydens die verbond wat die Here met Abraham gemaak het (meer oor die verbond in hoofstuk 4). Die feit dat Dawid Jerusalem die geestelike hoofstad gemaak het, is getrou aan die verbond. In Esegiël 47:22-23 kan ook gelees word dat hierdie gebied ook deur die Here beskikbaar gemaak is aan alle nasies, maar steeds onder gehoorsaamheid van die verbond.

Esegiël 47:22-23: *"[22]'Julle moet die land verdeel deur loting vir julleself en vir die vreemdelinge wat al 'n geslag lank tussen julle woon. Julle moet sulke vreemdelinge as medeburgers tussen julle beskou. Hulle moet saam met julle besittings ontvang onder die stamme van Israel. [23]Julle moet die vreemdelinge hulle besittings gee by die stamme waar hulle woon,' sê die Here my God."*

Jesaja 56:6-7: "*[6]Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie ontheilig nie, en wat lewe volgens my verbond, [7]na my heilige berg toe bring. Ek sal aan hulle vreugde gee in my huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees. want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke."*

Sion is die naam wat aan Jerusalem gegee is wanneer daar in geestelike konteks verwys is na die plek van aanbidding. Die vestiging van die Tempel van die Here in Jerusalem het die naam Sion tot sy reg laat kom. Dit is hier waar die Naam van die Here aanbid word – deur alle nasies.

Derek Prince wys daarop dat 'n mens kan verstaan dat die Satan hierdie gebied sal aanval en beheer daaroor sal probeer bekom. In 1917 is deur die Balfour Declaration die gebied aan die Jode toegeken wat die hele Jordanië insluit. (Om by te voeg, dit is egter reeds al in Josua se tyd aan die Jode deur die Here toegeken). In 1922, met die skryf van 'n Britse pen, het Winston Churchill 'n area uit hierdie gebied aan die Arabiere toegestaan wat op daardie stadium as Transjordanië bekend gestaan het. Vandag staan dit as Jordanië (Jordan) bekend. Deur hierdie een stap is 78 persent van die Joodse tuisland aan die Arabiere gegee. Meer nog, Jode word nie toegelaat om in Jordanië te woon nie, maar Arabiere mag in Israel woon!

Dit beteken dat slegs 22 persent van die oorspronklike gebied wat aan die Jode behoort het, nou hulle tuisland moet wees. Dit is nog nie die einde nie. In hierdie klein gebied word hulle voortdurend aangeval deur politiese aggressie en openlike gevalle van aggressie. Om by te voeg, hulle word dan ook telkens die skuld gegee vir die aanvalle op hulle, om nie eers te noem wat gebeur indien hulle hulleself probeer verdedig nie (60, p.68). Vandag is die blou Islamitiese Rotskoepel dan ook, met sy kenmerkende goue dak, bo-oor die gebied gebou waar daar beweer word die plek is waar Abraham vir Isak geoffer het. Dit is dan ook in hierdie area waar die oorspronklike Tempel gestaan het.

Derek Prince (60, p.68) wys daarop dat die Here die volke van die wêreld gewaarsku het dat daar 'n tyd sal kom wanneer Hy rekenskap sal eis vir dit wat gedoen is aan Israel. Sien Joël 3:1-2: *"In daardie tyd sal Ek al die nasies bymekaarmaak; dit is die tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem sal verander. Dan sal Ek die nasies in die Josafatlaagte afbring en daar sal ek hulle straf omdat hulle my volk, Israel wat aan My behoort, onder die nasies verstrooi het en my land vir hulle gevat het."* Dit is dan ook wat die Verenigde Nasies op 29 November 1947 gedoen het toe hulle gestem het om Palestina in twee gebiede te verdeel, een vir die Jode en een vir die Arabiere.

Daar is vroeër genoem dat Dawid die Engel van die Here geken het. Ongeveer 1000 jaar voor Christus skryf Dawid in Psalm 35:5-6: "*[5]Laat die Engel van die Here hulle jaag soos kaf voor die wind. [6]Maak hulle pad donker en glibberig en laat die Engel van die Here hulle agtervolg."*

Dawid verwys byvoorbeeld ook na die Engel van die Here wat Sy mense beskerm en hulle Redder is: Psalm 34:8: *"Die Engel van die Here slaan Sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle."* Ons het die Engel van die Here leer ken, of ons kan sê dat Hy vir ons gestalte aangeneem in die Persoon Jesus Christus. Deur geloof vandag in Jesus word ons gered van die ewige dood.

Die laaste plek waar die Tabernakel opgerig is was in Gibeon, Noord van Jerusalem. Voordat die Tempel in Jerusalem gebou is, was dit die belangrikste plek waar God aanbid is. Nadat die ark na Jerusalem toe gebring is, het Dawid priesters en Leviete aangestel om daar diens te doen. Soos wat dit duidelik begin word het dat die Here gebede by die dorsvloer van Arauna in Jerusalem verhoor, het die belang van Gibeon begin afneem ten gunste van Jerusalem (35, p.561).

Figuur 6.3: Model van die Tempel in Jerusalem

Die Tempel het dieselfde uitleg as die Tabernakel gehad en die Boodskap van verlossing is voortgesit. Toe Salomo die Tempel ingewy het, was die teenwoordigheid van die Here ook sigbaar.

1 Konings 8:10-11: *"[10]Toe die priesters uit die heiligdom kom, het 'n wolk die huis van die Here gevul. [11]Daarom kan die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het."*

Die volk het egter van die Here afvallig geraak en is, soos profeties voorspel is, in ballingskap weggevoer. Eers die Noordryk, en later die Suidryk. Die Tempel is deur Nebukadnesar verwoes. Na sewentig jaar van ballingskap het hulle weer na Jerusalem teruggekeer en is die Tempel weer herbou deur Serubbabel. Hiervan kan gelees word in die Bybelboek Esra. Die Tempel is ongeveer 450 jaar voor Christus weer herbou. Daar word van hierdie Tempel verwys as die Tweede Tempel. Daar word egter nie melding gemaak van of die Verbondsark weer teruggeplaas is in die Allerheiligste van hierdie Tempel nie, en of die Teenwoordigheid van die Here hier sigbaar was vir almal nie. Wat ons wel weet, is dat die Tweede Tempel die goedkeuring van die Here weggedra het.

Ongeveer 19 jaar voor Christus het Herodus die Tweede Tempel opgegradeer deur die tempelberg (Temple Mount) te vergroot na 'n groot platform en ook herbouings aan die Tempel self.

Dit is hierdie Tempel wat gedurende die tyd van Jesus gestaan het. Ons lees dat Hy by die Tempel bedrywig was en dat Jesus dit *"Die huis van My Vader genoem"* het toe Hy die handelaars verdryf het. Ons lees hiervan in Lukas 19:45-48: *"[45]Jesus het na die tempel toe gegaan en die handelaars begin uitjaag. [46]Hy het vir hulle gesê: 'Daar staan geskrywe: 'My huis sal 'n huis van gebed wees,' maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.' [47]Hy was elke dag in die tempel besig om die mense te leer. Intussen het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en*

ook die leiers van die volk, 'n plan gesoek om Hom dood te maak. [48]Hulle kon egter niks vind wat uitvoerbaar was nie, omdat die hele volk gretig na Hom geluister het."

Jesus het duidelik hier bevestig dat die Tempel nie aangewend is soos dit hoort nie. Die Here se teenwoordigheid was nie in die Tempel nie, maar in die Persoon Jesus. Hy het in Jesus Christus by ons getabernakel. Hy is vir ons Immanuel – God by ons.

Prof. Jeffrey Niehaus (57, p.125) verwys na die profeet Jeremia wat die volk waarsku dat hulle nie valse hoop op die Tempel moet plaas wat in hulle midde staan nie.

Jeremia 7:3-6: *"[3]So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land. [4]Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: 'Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!' [5]Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is. [6]Moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie en moenie ander gode dien nie. Dit sal onheil oor julle bring."*

Jeremia stel dit duidelik dat die Here Sy Tempel sal verlaat indien die volk sal aanhou sondig: Jeremia 7:9-15: *"[9]Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, wierookoffers vir Baäl bring, ander gode dien vir wie julle glad nie ken nie, [10]en My dan ook nog in hierdie tempel wat na My Naam genoem is, kom dien en sê: 'Ons is veilig' nie! En dan gaan julle maar voort met al hierdie gruwelike dinge! [11]Het hierdie huis wat na My Naam genoem is, vir julle 'n rowerspelonk geword? Ek het gesien wat julle doen, sê die Here. [12]Gaan na Silo toe, na die plek waar Ek voorheen My Naam laat woon het, gaan kyk wat Ek aan hom gedoen het oor die sonde van My volk Israel. [13]Julle het al hierdie dinge gedoen, sê die Here. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie; Ek het julle geroep, maar julle het nie geantwoord nie. [14]Daarom gaan Ek met hierdie huis wat na My Naam genoem is, en waarin julle julle vertroue stel, en met hierdie land wat Ek aan julle en aan julle voorvaders gegee het, net so maak soos Ek met Silo gemaak het. [15]Ek sal julle verwerp soos Ek julle broers, die hele nageslag van Efraim, verwerp het."*

Die Here het onttrek van die Tempel. Hy het egter deur Sy groot genade, en getrouheid aan Sy verbond met Abraham, Hom in Jesus op aarde kom openbaar, volgens die Skrifte. Jesus is gekruisig, het uit die dood opgestaan, en het na die hemel opgevaar. Hy het die Heilige Gees nagelaat wat die Woord van God aan ons openbaar. Alles volgens die Skrifte.

Die Tempel is ongeveer 70 na Christus deur die Romeine finaal verwoes en is nie weer herbou nie.

Meer inligting oor die Tempel

The Holy Temple was not just some magnificent building or synagogue rooted in Jerusalem's ancient Biblical past; it was an arena of cosmic themes; a place where man could meet with his Creator … It is the reality of the living memory of that relationship as it once was, and the dream of its renewal – as promised by God Himself – that keeps the fires of the Tempel altar burning within the collective heart of the nation of Israel, and the hearts of all those who cherish Israel's God and His message for humanity – Woorde van ortodokse Jood: Rabbi Chaim Richman (45, p31)

- In die Bybel kan ons sien dat die Tempel wel 'n plek is waar die behoeftes van die mens aangespreek word, maar dit was hoofsaaklik 'n getuienis van die Here se bestaan, Sy verbond met Israel en Sy doel deur die volk Israel as 'n koninkryk van priesters, om die Here se almag aan die hele wêreld bekend te stel. Om hierdie heilige mandaat te bereik, moes die Joodse mense die vereistes van die verbond, wat aan hulle gegee is, nakom. (45, p.35-36)
- 1 Kronieke 29:1*: "Koning Dawid het toe die hele vergadering as volg toegespreek: 'My seun Salomo, die één wat deur God gekies is, is jonk en sag, maar die werk is groot. Hierdie paleis is nie vir 'n mens bedoel nie, maar vir God die Here.'"*
- Die Tempel het gestaan as 'n sigbare plek van die Here se onsigbare teenwoordigheid Eksodus 15:17: *"U het hulle ingebring, U het hulle geplant op die berg wat aan U behoort. Here, U het 'n plek vir u troon voorberei, u hande, Here, het 'n gewyde plek gereed gemaak."*
  1 Konings 8:27 *"Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!"*
- Daar word gesê dat die Here se Naam daar teenwoordig is. Dit was 'n vaste plek waar die Here, in Sy alomteenwoordigheid en onvergelykbaarheid, toeganklik was vir die mens. Hierdie Goddelike teenwoordigheid word deur die Jode na verwys as *Shekinah*.
- 'n Teken van die verbond. Die Tabernakel en die Tempel het ook gedien as 'n getuie van die Here se verbond met Israel. Die Here se teenwoordigheid in die Tempel het die verbondsverhouding verteenwoordig. Die Tempel is gebou om die Verbondsark te huisves,

wat die tablette bevat het waarop die Tien Gebooie geskryf was. Die bou van die Tempel op die “Berg van die Here” (Genesis 22:14) is bevestigend van die verbond met Abraham. Dit was ook ‘n bevestiging van die verbond met Dawid dat sy seun die Tempel sal bou en dat die Messiaanse Seun Sy troon daar sal vestig vir ewig (1 Kronieke 17:7-14)

- ‘n Teken vir die einde van die ballingskap. Deuteronomium 12:9: *“want julle het nog nie gekom by die rusplek, die besitting wat die Here julle God vir julle sal gee nie.”*
- ‘n Sosio-Politiese Instelling. Die Tempel het ‘n groot rol gespeel in die Joodse nasionale eenheid. Die Tempel het ook die daaglikse lewe van die Jood beïnvloed want hulle het gelewe volgens die feeste, pelgrimstogte, die offers en die lees en bestudering van die Torah.
- ‘n Simbool van nasionale eenheid. Daarom het hulle vyande die Tempel verwoes. Die Jode het altyd gepoog om die Tempel te herbou en hulle vyande sal poog om die herbou te keer. Die Romeine het beheer oor die Jode gehad deur middel van politiese aanstellings in die kantoor van die hoë priester.
- Die Tempel het nasionale seën verseker. Haggai 2:15-19: *“15Let daarom op wat in die verlede en tot nou toe gebeur het: voordat julle begin het om die tempel van die Here te herbou, 16het julle by 'n hoop koring gekom en net die helfte van wat julle geskat het, daaruit gedors. Julle het na 'n parskuip toe gegaan om vyftig vate vol te skep, maar julle het net twintig gekry. 17Ek het julle oes, die vrug van julle handewerk, swaar getref met brandkoring, heuningdou en hael, en nogtans het niemand hom tot My bekeer nie, sê die Here. 18Maar nou, let op wat van vandag af en verder sal gebeur, van die vier en twintigste dag van die negende maand af, die dag waarop die fondamente van die tempel van die Here gelê is. Let op! 19Is daar nog saad in die skuur? Tot nou toe het julle wingerde, julle vyebome, julle granaatbome en julle olyfbome nie gedra nie, maar van nou af sal Ek voorspoed gee!”*
- Die Tempel het gedien as ‘n sentrale plek vir Gebed. 1 Konings 8:48-49: *“48en hulle tot U wend met hart en siel in die land van hulle vyande wat hulle gevange hou, en hulle bid tot U in die rigting van hulle land wat U aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat deur U gekies is en die tempel wat ek vir u Naam gebou het, 49luister tog uit die hemel, uit u woonplek, na hulle gebed en smeking en neem hulle straf weg”* en Daniël 6:11: *“Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.”*

1.4 Bevestiging van die verbond

Die bou van die Tempel op die “Berg van die Here” (Genesis 22:14) is bevestigend van die verbond met Abraham. Dit was ook ‘n bevestiging van die verbond met Dawid dat sy seun die Tempel sal bou en dat die Messiaanse Seun Sy troon daar sal vestig vir ewig (1 Kronieke 17:7-14)

In die Tempel sien ons die seën en straf van die Here:

Levitikus 26:9- : *“9Ek sal vir julle goed wees en julle vrugbaar maak sodat julle ‘n groot nasie sal word. So sal Ek My verbond met julle nakom. 10Julle sal nie eens ‘n vorige seisoen se graan kom opgebruik nie, julle sal dit moet weggooi om plek te maak vir die nuwe oes. 11Ek sal by julle woon en nie ‘n afsku van julle hê nie. 12Ek sal by julle bly en vir julle ‘n God wees, en julle sal My volk wees……”* vanaf vers 14 word vertel wat die Here gesê het Hy sou doen indien hulle Sy verbond verbreek. Laasgenoemde is ook wat gebeur het. Hierdie afvalligheid van die mens ten opsigte van die verbond, het veroorsaak dat direkte toegang tot die Here se teenwoordigheid onmoontlik was. Die mens moes weer sy priesterlike rol opneem. Die Here het dit egter vir die mens moontlik gemaak en bly ook profeties getrou aan Sy verbond. Sien Jesaja 61:6; 66:21.

Jesaja 61:6: *“Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God. Julle sal van die rykdom van die nasies geniet, die trotse eienaars word van hulle besittings.”*

Jesaja 66:21-23: *“21Ek sal van hulle as priesters en leviete aanstel, sê die Here. 22Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in My diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in My diens staan. 23Elke nuwemaansfees en elke sabbat sal al wat leef, voor My in aanbidding kom buig, sê die Here.”*

Randall Price verduidelik soos volg: alhoewel direkte toegang tot die Here se teenwoordigheid onmoontlik was (Eksodus 33:20; 34:2-3 en Levitikus 16:1-2), het die Here 'n middeweg moontlik gemaak deur middel van die Tabernakel en die priesterskap. Met die bloed wat deur die priester ingebring en gestort is (Gen 3:24) het restourasie plaasgevind. Dit wat in Genesis 1:28 beloof is: *“Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: ‘Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.’”* - kon slegs gedoen word deur die stort van

bloed. Dit het die volk in 'n behoorlike staat van verootmoediging gebring sodat hulle die Here as priesters kon dien en Sy lig en verlossing (Jesaja 49:6) in vervulling kon bring vir beide die verbond met Abraham (as middelaars van die Here se seën vir alle nasies Genesis 12:2-3) en ook die Nuwe Verbond (in die nuwe geestelike orde van die Millennium-Jeremia 31:31-34). Op hierdie manier kon dit wat onvervul nagelaat is in die begin van die geskiedenis wel tot vervulling kom aan die einde van geskiedenis. Die Here is die Begin en die Einde! (45, p202)

Samson en Pearce wys daarop dat die tabernakel so ontwerp was om die Israeliete te leer dat sonde ons verhinder om in die teenwoordigheid van die Here te kom. Sien ook Hebreërs 9:6-8: *"[6]Met die dinge só ingerig, het die priesters gereeld die voorste gedeelte van die verbondstent binnegegaan om die dienste te verrig. [7]Maar in die agterste gedeelte het alleen die hoëpriester ingegaan, en dit net een keer in die jaar, en dan nie sonder bloed nie, om vir homself te offer en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het. [8]Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is so lank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie."* (46, p329)

Die Here het Homself aan ons bekend gestel as die God van die verbond – Jahweh (Afrikaans = Here, Engels = Lord). Hy is die Redder wat Hom van die begin af met Sy Skepping bemoei het en Hom op verskeie maniere aan die mens geopenbaar het.

Numeri 14:10-11: *"[10]Maar die hele vergadering het gedreig om vir Josua en Kaleb met klippe dood te gooi. Toe het die magtige teenwoordigheid van die Here by die tent van ontmoeting vir al die Israeliete sigbaar geword. [11]Die Here het vir Moses gesê: 'Hoe lank sal hierdie volk My almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?'"*

Die Here bly steeds getrou aan Sy verbond. Hy sal die God van Israel wees. Profeties het Hy Homself duidelik in die Ou Testament bekend gestel en daarop gewys dat die Messias Sy Aangesig is wat op aarde Sy Naam gaan kom bekendstel. Meer as 360 Messiaanse profesieë is reeds geïdentifiseer wat volmaak deur Jesus Christus volbring is, dit sluit detail in soos onder andere: wat Hy genoem sal word, waar Hy gebore sou word, verskeie detail oor wat Hy sou kom doen en hoe Hy sou optree, presies hoe Hy doodgemaak gaan word en ook presies wanneer hy gekruisig gaan word, wat rondom die kruis gaan gebeur en selfs Sy woorde aan die kruis (Psalm 22 ongeveer 1000 jaar voor Christus). Dat Hy in drie dae gaan opstaan uit die dood, en nog baie ander (besoek gerus www.matthew28.co.za vir Bybelstudies oor die profesieë en Eenheid in die Bybel).

Die feit is dat Jesus Christus is soos die lam tydens paasfees, en dan ook juis tydens paasfees (wat reeds ongeveer 1500 jaar voor Christus ingestel is), doodgemaak as die volmaakte Lam wat vir ons sondes ingestaan het. Dit is ook hoe die offerdier moes instaan vir die mens se sonde. Profeties is daar ook hierdie realiteit duidelik uitgewys op verskeie maniere, soos byvoorbeeld die lam se bene wat nie gebreek mag word nie (1200 jaar voor Christus voorspel, dat hy laat (15h00) op paasfees moet sterf en dat sy bloed instaan vir die mens se sonde.

Eksodus 12:5-6: *"[5] Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok. [6]Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag."*

Eksodus 12:46: *"[46]Dit moet geëet word in die huis waarvoor dit bedoel is. Van die vleis mag niks buitentoe geneem word nie. Geen been van die paaslam mag gebreek word nie."*

Net so het Jesus Christus gesterf, op paasfees, teen 15h00 en die soldate het beide gekruisigdes se bene gebreek aan weerskante van Jesus, maar nie Jesus se bene nie. Johannes 19:32-33: *"[32]Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is. [33]Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie."*

Deur (onder andere) die offers, feeste en letterlike openbarings het die Tempel en die Tempeldiens die Messiaanse realiteit nog nader aan die mens gebring sodat die mens kan glo.

Die Messias, die Aangesig van God, is aanbid reeds duisende jare voordat Hy self op die aarde as die mens Jesus kom verskyn het. Duidelik het Hy alles vervolmaak soos profeties voorspel is en het Hy ook Self voorspel dat Hy doodgemaak gaan word en uit die dood sal opstaan. Hy het dit ook toe gedoen en Hom aan talle mense op verskeie geleenthede openbaar en het dan ook die Heilige Gees op die mense (profeties akkuraat – op die Fees van Weke wat toe Pinkster geword het) uitgestort, wat ook reeds in die Ou Testament voorspel is.

Die Tempel is 'n duidelike bewys van al hierdie dinge wat gebeur het. Dit is die plek waar die priesters die Tempeldiens gedoen het wat die offers en die feeste ondersteun en onderhou het, en dit is ook die plek waar die hoëpriester eenkeer per jaar vir die sonde van die volk gebid het. Die Tempel is dus 'n resultaat en 'n bewys van 'n verhouding wat reeds tussen God en die mens bestaan het voordat die gebou self daar was. Die volk Israel het die Here reeds aanbid voor die fisiese Tempel gebou is. In die afdeling "Oorsprong" kan ons sien dat die Tempel

gebaseer is op die oorspronklike Tabernakel wat die Ark van die Verbond bevat het. Hierdie verbond kom reeds van die tyd van Abraham af, wat met Moses herstel is en deur Jesus vervolmaak is. Jesus is dan ook reeds aan die begin voorspel toe die Here gesê het dat uit Eva se nageslag die Redder gebore sal word: Genesis 3:15: "*Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."* In die NKJV vertaling van die Bybel word die nageslag van die vrou met 'n hoofletter geskryf, want dit verwys na die Messias.

.

Die Tempel het 'n stempel geplaas op Jerusalem as die stad van Sion, die plek waar die Here se Naam aanbid word. Vandag kan ons die kruis waaraan Jesus gekruisig is, fisies nie meer sien nie, maar steeds is die tempelberg duidelik daar waar die Tempel destyds gestaan het. Die openbaring van God, die Here, aan die mens het deur die Jode plaasgevind. Die land Israel is aan die Jode gegee deur die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Hierdie realiteit staar die hele wêreld steeds in die gesig, histories en profeties

.

1.5 Gehoorsaamheid aan die Here

Die Tempel met die Tempeldiens plaas die fokus op gehoorsaamheid aan die Here se openbaring, Sy Aangesig. Daar is geen ander Aangesig wat aanbid moet word nie want dit is die enigste Aangesig wat vir ons 'n wonderlike (wonderlik = bo menslike verstand) en ewige Realiteit inhou, en kan inhou. Die res is van menslike, verganklike, oorsprong gedrapeer in vals en misleidende mondering.

Hebreërs 8:1-13: *"[1]Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel. [2]Hy is bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie. [3]Elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring; daarom moet ook hierdie Een iets hê om te offer. [4]As Hy nog op aarde was, sou Hy nie eens priester kon wees nie, omdat daar volgens die wet reeds priesters is wat die gawes offer. [5]Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: 'Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het.' [6]Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is. [7]As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie. [8]Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: 'Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. [9]Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie My verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here. [10]Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle My wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal My volk wees. [11]Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê. 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken. [12]Oor hulle ongeregtighede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit weer dink nie.' [13]Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar. En wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn."*

Paulus wys daarop dat die Here Jesus Christus dit weer vir ons moontlik gemaak het om die Here te dien. Efesiërs 2:18-22: *"[18]Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. [19]Julle is dus nie meer vêr van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. [20]Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon."*

Ongeveer 430 jaar voor Christus het Maleagi soos volg geprofeteer:

Maleagi 3:1-2: *"[1]Ek gaan nou My boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na Sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige. [2]Maar wie kan die koms van dié Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn?"*

Geleerdes verduidelik dat hierdie Tempel waarna verwys word in Maleagi 3, ook gesien kan word as die liggaam van die gelowige. Die Here Jesus Christus het op aarde Sy Naam kom bekend maak en ook die Heilige Gees vir ons gegee om in ons te woon en Hom aan ons te openbaar. Die Here het van die begin af Hom aan die mens geopenbaar by die Tempel.

1 Konings 8:10-11: *"[10]Toe die priesters uit die heiligdom kom, het 'n wolk die huis van die Here gevul. [11]Daarom kan die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het."*

Indien daar beweer word dat God op enige manier manifesteer, met ander woorde met enige identiteit, is dit 'n leuen. Die Here, die Skepper van die heelal, het Hom met 'n duidelike, onverganklike, Identiteit aan die mens openbaar. Die Naam van God is aan die mens bekend gestel deur die Messias. Gehoorsaamheid aan hierdie Heilige Tempelmaking is essensieel om die ewige lewe te beërwe:

1 Johannes 2:20-25: *"[20]Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid. [21]Ek skrywe nie vir julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie, maar juis omdat julle dit ken en weet dat daar geen leuen uit die waarheid voortkom nie. [22]Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. [23]Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader. [24]Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in die Seun en in die Vader bly. [25]En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe."*

1.6 By die Tempel is die Naam van die Here aanbid.

Deur die Tempel kan ons sien dat die Here Jesus reeds duisende jare voor Sy koms op aarde aanbid is. Jesus, die ware Hoëpriester volgens die Goddelike priesterorde van Melgisedek, het die voorhangsel in die Tempel laat skeur toe Hy aan die kruis gesterf het. Dieselfde Jesus het na Sy opstanding uit die dood gebid vir Sy dissipels waartydens Hy bevestig het dat Hy die Naam van die Here aan die mens kom bekend maak het. Deur en in Jesus ken ons die Naam van die Here en het ons toegang tot God die Vader. Ons kan nou die kleed van Christus aantrek (soos Dawid die kleed van Jonatan aangetrek het: 1 Samuel 18) in gehoorsaamheid tot Sy Wese, die nuwe verbond.

Salomo se gebed tydens die inwyding van die Tempel: 1 Konings 8:28-30: *"[28]'Hoor tog, Here my God, die gebed van U dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat U dienaar vandag tot U rig. [29]Hou hierdie tempel dag en nag onder U sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid. [30]Hoor tog die smeekbedes van U dienaar en U volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit U hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog!'"*

Koning Darius se woorde wat die herbou van die Tempel (oorspronklike bevel van Kores) ondersteun het en toegelaat het dat die familiehoofde van Juda en Benjamin voortgaan met die herbou van die Tempel: Esra 6:12*: "Mag die God wat Sy Naam op daardie plek laat woon, elke koning en elke volk tot 'n val bring wat hierdie bevel oortree of 'n hand lig om daardie tempel in Jerusalem te beskadig. Ek, Darius, het opdrag gegee. Dit moet presies so uitgevoer word!"*

Nehemia se gebed na die ballingskap: Nehemia 1:8-9: *"[8]'Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: 'As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi, [9]maar as julle julle tot My bekeer en My gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om My Naam daar te laat woon.'"*

Die Tempel en die Naam van die Here gesien deur die beskrywing van die sondes van Manasse: 2 Konings 21:4-7. *"[4]Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: 'In Jerusalem wil Ek My Naam vestig.' [5]In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou. [6]Hy het sy eie seun as offer verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het baie verkeerde dinge gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart. [7]Die Asjerabeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die Tempel, die plek waarvan die Here vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: 'In hierdie Tempel en in Jerusalem wat Ek onder al die Israelitiese stamme uitgekies het, vestig Ek My Naam vir altyd.'"* (Sien ook 2 Kronieke 34:4-7)

Jeremia 34:15: *"Julle het onlangs egter tot bekering gekom en gedoen wat reg is in my oë deur julle volksgenote wat slawe was, vry te laat. Julle het selfs 'n ooreenkoms voor My aangegaan in die huis waaroor my Naam uitgeroep is."*

Die Here het tot ons genade in Jesus Christus kom Tempel maak op aarde. Jesus het die Here se Identiteit ewig kom vestig, en bevestig, sodat ons kan glo en gered kan wees van die dood. Jesus se gebed vir Sy dissipels: Johannes 17:6: *"Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem."*

Johannes 17:11: *"Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. 'Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.'"*

Duidelik manifesteer God nie op 'n ander manier nie. Sy Identiteit is baie duidelik deur Jesus Christus gevestig.

1.7 Redding vir alle nasies

Die Tempel van die Here, die bewys van die verbond, stel alle nasies in staat om die Naam van die Here te ken en in aanbidding te staan teenoor die Here. Sien Salomo se gebed:

1 Konings 8:41-43: *"41-42Luister ook na die vreemdeling wat nie uit die volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van U groot Naam, U mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid. 43Luister tog uit die hemel, U woonplek, en doen alles wat die vreemdeling in sy gebed vir U vra, sodat al die volke van die aarde U Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos U volk Israel, en dat hulle kan weet U Naam is uitgeroep oor hierdie tempel wat Ek gebou het."*

Die Tempel van die Here 'n huis van gebed vir alle volke: Jesaja 56:6-7: *"6Ek sal die nie-Israeliete wat by My volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om My dienaars te wees, almal wat My sabbatte onderhou en dit nie ontheilig nie, en wat lewe volgens My verbond, 7na My heilige berg toe bring. Ek sal aan hulle vreugde gee in My huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op My altaar sal vir My aanneemlik wees, want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke."*

Ons kan uit bostaande sien dat die Here dit vir ons moontlik gemaak het om vandag in 'n werklike, en deurlopende aanbiddingsverhouding met Hom te kan staan. Die Tempel het dit vir ons in konteks geplaas om te verstaan. Jesus Christus leef in die gelowige deur Sy Heilige Gees. Die Here maak Tempel by die gelowige deur die genade van Jesus Christus. Die gelowige bid nie meer in die rigting van die fisiese Tempel nie, maar in die Naam van Jesus Christus. Jesus is sekerlik die beste Rigting wat 'n mens kan hê! Bid dat die Heilige Gees in jou hart sal leef en dat jy die Waarheid, Jesus Christus, sal leer ken.

Johannes 16:24: *"Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."*

Wie kan hiermee kompeteer?

Ons kan vandag na die tempelberg kyk en daarop loop en weet, en sien, dat dit die oorspronklike Tempel gehuisves het. Ons kan ook die Woord lees in Esegiël 40 en uitsien na die Hemelse Tempel wat die wonderlike, en ewige lewe saam die Skepper vir ons voorhou.

Watter ander tempel of profeet, of god, of wie ook al, kan hiermee kompeteer? Wees verseker, niemand nie. Die Here, die God van die verbond, het daarvoor voorsiening gemaak – Prys die Here!! Daar was al baie sogenaamde profete en selfs sogenaamde messiasse wat hulle volgelinge wou laat glo dat hulle die sogenaamde boodskappers, of inkarnasies van God is, maar nie een van hulle is reeds vir duisende jare voor hulle lewens op aarde aanbid nie, en kon nie self uit die dood opstaan nie en kon ook nie hulleself na hierdie opstanding aan honderde mense openbaar nie. Jesus het selfs na Sy opstanding toegelaat dat die mense aan Hom raak, en Hy het selfs saam met hulle geëet.

Die wederkoms van Christus sal duidelik sigbaar wees vir die hele wêreld. Dit sal nie nodig wees vir 'n mens om dit vir jou uit te wys nie.

Kyk na Jesus se woorde: Lukas 17:22-24: *"22Daarna sê Hy vir die dissipels: 'Daar sal dae kom wanneer julle daarna sal verlang om net een van die dae van die Seun van die mens te sien, maar julle sal dit nie sien nie. Hulle sal wel vir julle sê: 'Kyk, daar is Hy! Of: 'Kyk hier is Hy!' 23Maar moenie gaan nie en moenie agter hulle aanloop nie! 24Soos die weerlig wat uitslaan, die hele lugruim van die een kant na die ander verlig, so sal die Seun van die mens kom as die dag van Sy koms daar is.'"*

Matteus 24:23-28*: "23As iemand in daardie tyd vir julle sê: 'Kyk, hier is die Christus' of: 'Kyk, daar is Hy!' moet julle dit nie glo nie. 24Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei. 25Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. 26En as die mense vir julle sê: 'Kyk, Hy is in die woestyn!' Moet julle nie daarheen gaan nie; of as hulle sê: 'Hy is in die slaapkamer!' moet julle dit nie glo nie. 27Die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal wat in die*

Ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig. [28]Waar die aas ook al lê, daar sal die aasvoëls bymekaarkom.'"

Dit is dan ook hierdie Jesus wat dit duidelik gestel het dat Hy en die Vader Een is, met ander woorde, Hy is die Wese van God wat op hierdie aarde kom wandel het sodat ons met Hom 'n ewige verhouding kan hê. Hy het ook Self dit duidelik gestel dat daar baie nabootsers na Hom sal wees en ook dat Hy die enigste weg is na die Vader. Laasgenoemde is so logies, want Hy is Self God! Wat is jou enigste weg na God? Dit is deur God alleen. Jesus is die Persoon waarin die volle Wese van God beliggaam is, Hy is God Self en is die enigste Een wat ons by God kan bring, die Skepper van lewe, wat kan lewe gee, die ewige lewe. Daar bestaan geen ander wese in hierdie heelal wat vir jou lewe kan gee nie, behalwe Jesus Christus.

Die apostel (ooggetuie van opgestane Jesus en het ook wonderwerke gedoen in die Naam van Jesus) getuig soos volg: 1 Johannes 1:1-4: *"[1]Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. [2]Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. [3]Hom wat ons gesien en gehoor het verkondig ons aan julle sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is die met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus. [4]Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees."*

Johannes bevestig dat Jesus die Aangesig van die Vader is: Johannes 14:5-11: *"[5]Tomas sê toe vir Hom: 'Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken?' [6]Jesus het vir hom gesê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. [7]As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.' [8]Toe sê Filippus vir Hom: 'Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.' [9]En Jesus sê vir hom: 'Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: 'Wys vir ons die Vader'? [10]Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen. [11]Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.'"*

Kyk wat is reeds ongeveer 750 jaar voor Christus geskryf: Jesaja 63:9 (53 vertaling): *"In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd."*

Paulus getuig soos volg: 1 Korintiërs 15:3-8: *"[3]Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, **volgens die Skrifte**; [4]Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, **volgens die Skrifte**. [5]Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, [6]en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. [7]Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels. [8]Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, **verskyn**."*

Paulus kan ons nie genoeg waarsku nie: Kolossense 2:8-9: *"[8]Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. [9]**In Hom is die volle wese van God beliggaam**, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."*

2 Tessalonisense 2:9-12: *"[9]Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders [10]en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. [11]Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. [12]En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word."*

Sien gerus die werkstuk oor Jesus wat die Loot is wat die Tempel gaan kom herbou by www.matthew28.co.za.

Profetiese realiteit en openbaring met betrekking tot die Tempel

1.8 Almal gaan bewus wees

Reeds ongeveer 750 jaar voor Christus is die wederkoms ook deur die profeet Jesaja voorspel. Die hele wêreld gaan bewus wees van die Here se teenwoordigheid op aarde. Die hemelse Tempel gaan vir die wêreld realiteit wees. Dit gaan wonderlik wees vir die wat die Here verwag het, wie kán sê: "Dit is ons God!"

Jesaja 25:6-9: *"[6]Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n feesmaal gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn. [7]Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee al die nasies toegemaak was. [8]Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee. Oor die hele aarde sal Hy die smaad verwyder wat sy volk aangedoen is. Die Here het dit gesê. [9]Wanneer dit gebeur, sal elkeen sê: Kyk daar, dit is ons God, ons het op Hom vertrou, Hy het ons gered. Dit is die Here! Ons het op Hom vertrou. Laat ons bly wees en juig omdat Hy ons gered het."*

Elke mens se versorgende verhouding met Israel sal belangrik wees:

Jesaja 27:12-13: *"[12]Daardie dag sal die Here sy oes inbring van die Eufraat af tot by die grens van Egipte, en julle, Israeliete, sal die koringare wees wat één-één opgetel word. [13]Daardie dag sal die groot ramshoring geblaas word. Dan sal almal aankom wat in Assirië verstrooi was, ook dié wat na Egipte toe verjaag is. Hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem."*

1.9 Jerusalem gevestig as Sion

In sy boek, "The promised land" (53, p.10-14), vertel Derek Prince dat Bybelse waarheid vir hom gedurende sy verblyf in Israel (gedurende die Tweede Wêreldoorlog) 'n ander dimensie gekry het. Hy sê hy het besef dat die geestelike waarheid van die Bybel nie in 'n vakuum geskryf is nie. Die Bybel kan gesien word in 'n spesifieke geografiese bestel. Gedurende die tyd van die aartsvaders, het dit bekend gestaan as die land Kanaän. Nadat die Israeliete, onder leiding van Moses en Josua, dit ingeneem het, het dit bekend gestaan as die land van Israel. Hierdie naam is steeds in die Nuwe Testament gebruik (Matteus 2:20) al was die gebied op daardie stadium 'n provinsie van die Romeinse Ryk.

Die naam Palestina, beteken die land van die Filistyne. Dit is eers gebruik deur die Grieke en later deur die Romeine en ook ander regeerders, insluitend die Britte. Die naam "Heilige Land" (Holy Land), is deur Christene gebruik vanaf ongeveer die vyfde eeu. Vanaf onafhanklikheid van Brittanje in 1948 en die daaropvolgende Arabies/Israel konflik, is die land opgedeel in twee state: Israel en Jordanië. Vandag staan dit bekend as Israeliese en Palestynse gebiede. Derek Prince vertel dat hy besef het dat wanneer 'n mens die Bybel in geografiese konteks lees, die gebeure waar word op 'n nuwe en standvastige wyse. Prince gaan voort en vertel van 'n dag in 1946 wat hy op die Olyfberg gestaan het en Skrif, soos geskryf deur Sagaria, 'n nuwe betekenis gekry het:

Sagaria 14:4-8*: "[4]Daardie dag sal Sy voete op die Olyfberg staan, oos van Jerusalem. Die Olyfberg middeldeur skeur en daar sal 'n groot kloof van oos na wes ontstaan. Een helfte van die berg sal na die noorde toe padgee en die ander helfte suide toe. [5]Julle sal deur die kloof in my berg vlug, want die kloof sal strek tot by Asal. Julle sal vlug soos julle vir die aardbewing gevlug het in die tyd van koning Ussia van Juda. Dan sal die Here my God kom, en al die hemelwesens sal by jou wees. [6]Daardie dag sal daar nie lig wees of koue of ryp nie. [7]Dit sal 'n besondere dag wees. Wanneer dit sal wees, weet net die Here. Daar sal nie dag of nag wees nie; as dit aand word, sal daar steeds lig wees. [8]Daardie dag sal daar 'n vars stroom water uit Jerusalem vloei, een helfte na die see in die ooste toe en een helfte na die see in die weste toe, somer en winter. [9]Die Here sal koning wees oor die hele land. Daardie dag sal die Here die enigste God wees, en sy Naam die enigste Naam."*

Die verlede het reeds bewys dat hierdie gebied onderhewig is aan aardbewings. Die hospitaal, Augusta Victoria Hospice, wat in hierdie gebied staan, is gedurende 1926 deur 'n aardbewing getref sodat die vierkantige toring gekraak het. Aan die weste, deur die Kidron vallei, het geologiese navorsing bewys dat die gebied ondergrondse water bevat, onder die stad Jerusalem. Derek Prince bevestig dat Sagaria se profesieë nie vêr van vervulling is nie.

Sien ook profesieë deur Esegiël 47:1-12: *"[1]Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oostekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeloop, suid van die altaar verby. [2]Die man vat my toe by die noordpoort uit en om na die buitenste oospoort toe. Daar syfer die water toe regs langs die poort uit. [3]Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep. [4]Hy het nog vyfhonderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom. [5]Toe meet hy nog vyfhonderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie. [6]Die man sê toe vir my: 'Sien jy dit, mens?' Hy laat my toe langs die stroom terugstap. [7]Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal. [8]Die man het vir my gesê: 'Hierdie water loop weg na die streek oos toe en af na die Jordaanvallei toe waar dit in die Dooie See sal inloop. Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars*

word. [9]Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom sal alles lewe. [10]Daar sal vissers langs die Dooie See staan van El-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nette droogmaak. Daar sal net soveel soorte vis wees as in die Groot See, en net so baie. [11]Net die water in die moerasse en die kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly. [12]Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.'"

Derek Prince wys daarop (53, p18-19) dat die Jode 'n besondere rol gespeel het in die geskiedenis. Al die 39 boeke van die Ou Testament is deur Jode geskryf, en Jesus was gebore as 'n Jood en sal ook as 'n Jood terugkeer. Meer as 90 persent van die mense wat in die Bybel beskryf word, is Israeliete. Elkeen van die 27 boeke van die Nuwe Testament is deur Jode geskryf (Lukas mag as 'n uitsondering beskou word, maar hy het die Joodse geloof aangeneem). Dit was Jode wat die Kerk gestig het en die Evangelie versprei het. Al 12 Apostels was Joods, en die toekomstige stad in Openbaring bevat die name van die 12 stamme van Israel. Die fondasie van die stad dra die name van die 12 apostels.

Nadat Jesus opgevaar het na die hemel, het die vervolging van die Jode egter voortgegaan. Hulle is wreed vermoor en weggedryf. Hulle is weggevoer van die land waar hulle as 'n nasie geleef het, en hulle is geestelik verwyder van die geloof wat hulle self gevestig het.

Soos deur baie profete in die Bybel geprofeteer, is die Jode weggevoer na ander lande, die wat die vervolging oorleef het. Gedurende hierdie proses is die Evangelie wêreldwyd versprei. Ons lees egter in die Bybel dat die Here die Jode sal laat terugkeer na Israel toe, en ook dat die dramatiese gebeure van die eindtyd in hierdie gebied sal plaasvind.

Sien byvoorbeeld wat Jeremia ongeveer 600 jaar voor Christus geskryf het: Jeremia 3:14-18: *"[14]Kom terug, kinders wat afgedwaal het, sê die Here. Ek maak julle my eiendom. Ek sal julle vat, een uit 'n stad en twee uit 'n familie, en julle na Sion toe bring (Sion is die naam vir Jerusalem in geestelike konteks). [15]Ek sal vir julle herders gee na My hart, en hulle sal julle verstandig en met insig lei. [16]Wanneer julle vrugbaar is en baie word in die land, in daardie dae, sê die Here, sal niemand meer uitroep: 'Die verbondsark van die Here!' nie; dit sal nie meer in iemand se gedagte opkom nie, niemand sal dit eers meer noem of dit mis nie en niemand sal 'n nuwe maak nie. [17]In daardie tyd sal hulle Jerusalem noem: 'Die troon van die Here', en al die nasies sal in Jerusalem bymekaar kom om die Naam van die Here te eer. Hulle sal nie hardkoppig bly nie [18]In daardie dae sal Juda by Israel aansluit en hulle sal saam uit die noordelike landstreek kom na die land wat Ek as besitting aan hulle voorvaders gegee het."*

Derek Prince vestig die aandag daarop dat die terugkeer uit die "noordelike landstreek" in 1946 plaasgevind het. Dit sluit in Rusland, Pole, Duitsland en ander lande in oostelike Europa en die Balkan in (53, p.22).

Ons kan vandag sien dat die Tempel van die Here Jerusalem as Sion gevestig het. Dit is die plek waar die Naam van die Here gevestig is deur die volk Israel tot redding van alle nasies. Gebruike van gehoorsaamheid deur die priesters (Leviete) in die Tempeldiens is duidelik, volgens die profesieë, deur die Goddelike Hoëpriester Jesus Christus, volgens die priesterorde van Melgisedek (Goddelike priesterorde) volbring. Jesus is die Engel van die verbond:

Maleagi 3:1-4: *"[1]Ek gaan nou My boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit reguit maak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na Sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige. [2]Maar wie kan die koms van die Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn? Hy is soos die vuur van die smelters en soos die seep van die wassers. [3]Soos iemand wat silwer smelt en suiwer, so sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer, om hulle te louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here 'n offer kan bring wat bestaan uit regdoen. [4]Dan sal die offer van Juda en Jerusalem weer aanneemlik wees vir die Here soos in die ou tyd, soos in jare lank verby."* (Geskryf ongeveer 430 jaar voor Christus)

Dit is in Jerusalem waar die hoogtepunt van die Here se openbaring aan die mens plaasgevind het. Deur geloof raak ons kinders van die verbond. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het die voorhangsel van die Tempel in twee geskeur. Die Allerheiligste is deur Jesus oopgemaak sodat alle mense die Here kan aanbid en deel kry aan die Goddelike natuur. Petrus verduidelik as volg:

2 Petrus 1:3-4: *"[3]Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. [4]Deur dit te doen, het hy die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur."*

Vandag keer die Jode terug na Israel. Aan die einde van die vyftiende eeu het daar slegs 4,000 families gewoon in Jerusalem, waarvan slegs 70 Jode was (53, p.31) Tussen 1904 en 1915 het 40,000 Jode gearriveer in Israel (53, p.40). Tussen wêreldoorlog I en wêreldoorlog II het die Joodse bevolking in Israel gegroei met 380,000 (53, p.43).

Hedendaagse wonderwerke spreek die hele wêreld aan om te let op die Geestelike realiteit van die stad Sion, en dit is die feit dat die klein groepie teruggekeerdes die staat Israel gevestig het op 14 Mei 1948. Dit is ten spyte van velle Palestynse (Arabiese) teenstand, en dodelike wreedheid, van alle kante! Die wonderbaarlike groei van hierdie nuwe staat is duidelik sigbaar deurdat die oorspronklike bevolking van ongeveer 640,000 binne die eerste dekade verdubbel het (53, p.57).

Jesus is inderdaad uit die geslag van Isai (Dawid se vader) gebore, volgens die profesieë. Die Here het die hele wêreld se aandag gevestig op die wonderwerke (openbarings) wat in Jerusalem plaasgevind het, en nog voorlê.

Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja as volg: Jesaja 11:9-12: *"[9]Op My heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is. [10]In die tyd sal Iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na Hom vra, en Sy woonplek sal hoë aansien geniet. [11]In die tyd sal die Here 'n tweede keer Sy hand uitsteek om die oorblyfsel van die volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See. [12]Die Here sal 'n vaandel (banier) oprig onder die nasies en sal die ballinge van Israel bymekaarmaak, die verstrooides van Juda laat saamkom van die uithoeke van die aarde af."*(Hoofletters waar verwys word na die Messias is deur die samesteller aangebring)

Jesaja 66:8-10: *"[8]Wie het al so iets gehoor? Wie het dit al gesien? Word 'n land op een dag gebore, of word 'n nasie in een oomblik in die wêreld gebring? Maar Sion het skaars geboortepyne gekry of sy het haar kinders in die wêreld gebring. [9]Sou Ek die moederskoot laat oopgaan en nie 'n geboorte laat plaasvind nie? Vra die Here. Of sou Ek wat geboortes laat plaasvind, die moederskoot toesluit? Vra jou God. [10]Wees bly saam met Jerusalem, en juig saam met haar, almal wat haar liefhet. Wees vrolik saam met haar, almal wat oor haar getreur het."*

Derek Prince vestig die aandag op die feit dat die Here in Jesaja 11:11 sê dat Hy 'n tweede keer Sy hand sal uitsteek om die volk te laat terugkeer (53, p.61-64). Dit is duidelik dat hier verwys word na 'n tydperk na die ballingskap, met ander woorde na 'n tydperk wat vir ons nog voorlê. Dit is wat ons vandag sien gebeur. Die Jode keer terug na Israel en die staat Israel is reeds gevestig. Hierdie relatiewe klein volk is vandag, elke dag, in die nuus. Die hele wêreld se aandag is gevestig op Israel en die Messias, Jesus Christus, wat die historiese gebruike en profesieë wat op die heilige berg plaasgevind het, rondom die Tempel, volmaak volbring het.

Ons kan vandag nog die tempelberg (temple mount) besoek waar die Tempel gestaan het. Die klaagmuur waar die Jode steeds vandag aanbid, is deel van die oorspronklike tempelberg se mure. Buiten deur die profesieë wat reeds volbring is, word die historiese ook sterk bevestig deur dit wat ons vandag nog kan sien. Die Bybel beskryf in detail wat daar alles gebeur het. Daar hoef geen twyfel by ons te bestaan dat dit wat in die Bybel oor die nou, en toekoms, gesê word, ook volmaak volbring sal word nie. Ons kan met sekerheid Jerusalem die stad Sion noem. Ons Meester kom weer!

Ongeveer 750 voor Christus reeds sê die Here deur die profeet Jesaja as volg: Jesaja 46:9-13: *"[9]Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede. Ek is God, daar is geen ander nie. Ek is God, daar is niemand soos Ek nie. [10]Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek. [11]Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n vêr land roep Ek 'n man wat My besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen. [12]Luister na My, julle hardkoppiges, julle wat geen redding verdien nie. [13]Ek laat die redding naderkom, dit is nie meer ver nie, die verlossing wat Ek bring, sal nie lank uitbly nie. Ek bring verlossing vir Sion en openbaar My mag in wat Ek met Israel doen."*

Ons kan beslis Jesus Christus se woorde ernstig ter harte neem soos getuig in Matteus 24:11-14: *"[11]Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei. [12]Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. [13]Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word. [14]En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom."*

Indien enige leer, filosofie, geloof, boek of persoon jou probeer wysmaak dat Jesus Christus nie gekruisig is, en uit die dood opgestaan het nie, kan jy baie seker weet dat jy met 'n leuen te doen het. Jesus is duidelik die enigste Goddelike openbaring op die aarde, volgens die Geskrifte. Alle ander is vals. Hierdie Evangelie is wel uniek maar is juis tot redding van alle mense, enigiemand kan Jesus aanneem as sy/haar Verlosser.

1.10 Ons verantwoordelikheid teenoor Israel

Deur die jare heen het baie sogenaamde Christene 'n poging aangewend om die Heilige Land te "Liberaliseer". Dink byvoorbeeld aan die Crusaders wat gedurende die Middeleeue onder die Naam van Christus deur Europa beweeg het en hele gemeenskappe Jode uitgemoor het – mans, vrouens en kinders. Toe hulle later dit reggekry het om Jerusalem oor te neem, het hulle meer bloed laat vloei as die heersers voor hulle. Moontlik het die Romeine onder Titus meer bloed laat vloei as hulle. Dit alles het die Crusaders onder die Naam van Jesus gedoen met die kruis as hulle embleem.

Later, in die afgesonderde gebiede (ghettos) van Europa en Rusland, het sogenaamde Christen priesters kruise gedra en mense opgesweep teen die Joodse gemeenskappe. Hulle het hulle huise en sinagoges afgebrand, vrouens verkrag en die wat hulleself probeer verdedig het, vermoor.

Gedurende die tweede wêreldoorlog het die Nazis sistematies sesmiljoen Jode doodgemaak. Hulle handlangers om die daad te pleeg was sogenaamde Christene. Geen Christen nasie het hulle stem dik gemaak teen die Nazis se moord op die Jode nie. (60, p.151).

Baie van hierdie wandade is gedoen omdat daar beweer is dat dit die Jode is wat vir Jesus doodgemaak het. Indien daar egter vandag gekyk word na die verval van morele waardes in die samelewing en die godloosheid wat heers in sogenaamde Christen kulture, kan die vraag gevra word of dit nie ons almal is wat vir Jesus doodmaak nie!?

Baie Christene gaan vandag Israel toe om vir Israel te gaan "evangeliseer" wat nie besef watter siening die Jode regtig het van die Christene nie. Wie nie besef watter verantwoordelikheid die ander nasies regtig het teenoor Israel nie.

Die Here het Sy Identiteit aan ons openbaar deur Sy Seun, Jesus Christus. Dit is egter ook belangrik dat die gelowige sy/haar eie identiteit in Christus ontdek, en verstaan watter verantwoordelikheid die Christene het ten opsigte van Israel.

1.11 Die nie-Joodse gelowige in konteks tot Israel.

Die Tempel het Jerusalem bevestig as die stad van Sion, die plek waar die Here se Naam aanbid word. Vandag kan die kruis waaraan Jesus gekruisig is fisies nie meer gesien word nie, maar steeds is die tempelberg duidelik daar waar die Tempel destyds gestaan het. Die openbaring van God, die Here, aan die mens het deur die Jode plaasgevind. Die land Israel is aan die Jode gegee deur die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Hierdie realiteit staar die hele wêreld steeds in die gesig.

Genesis 15:18-21: *"[18]Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: 'Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier.; [19]die land van die Keniete, die Kenissiete en die Kadmoniete, [20]die Hetiete, die Feresiete en die Refaïete, [21]die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete.'"*

Ons weet ook dat Jesus as Jood gebore is op aarde. Ons kan nog Sy geslagsregister lees van Josef se kant en van Maria se kant af. Jesus bevestig aan die Samaritaanse vrou dat redding (Jesus verwys na Homself) uit die Jode kom:

Johannes 4:21-22: *"[21]Jesus sê toe vir haar: 'Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. [22]Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode.'"*

Matteus 24:14-22: *"[14]En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom. [15]Wanneer julle ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, in die heilige plek sien staan – wie dit lees, moet dit goed begryp – [16]dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug. [17]Die man wat op die dakstoep sit, moet nie ingaan om sy goed uit die huis te gryp nie, [18]en die man wat op die land is, moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie. [19]"Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het. [20]Bid dat julle nie in die winter of op 'n sabbatdag hoef te vlug nie, [21]want in daardie tyd sal daar so 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie weer sal wees nie. [22]En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort."*

Ons weet ook vandag dat Jesus weer gaan kom om te regeer. Dit is reeds deur baie profete voorspel. Ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja: Jesaja 11:9-11: *"[9]Op My heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is. [10]In die tyd sal Iemand uit die geslag van Isai (Dawid se pa) 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na Hom vra, en Sy woonplek sal hoë aansien geniet. [11]In die tyd sal die Here 'n tweede keer Sy hand uitsteek om die oorblyfsel van die volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See."*

Die skrywer van Hebreërs bevestig in Hebreërs 9:27-28: *"[27]'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel. [28]So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag."*

Ongeveer 600 jaar voor Christus is die Tempel van die eindtyd aan die profeet Esegiël openbaar. Ons lees daarvan in die boek Esegiël, en veral vanaf hoofstuk 40 oor meer inligting hoe dit gaan lyk. Die Here bevestig ook dat Hy vir ewig daar teenwoordig sal wees:

Esegiël: 43:5-12: *"[5]En die Gees het my opgeneem en my in die binneste voorhof gebring; en kyk, die heerlikheid van die HERE het die huis vervul. [6]En ek het Een gehoor wat met my spreek uit die huis, terwyl die man by my staan. [7]En Hy het vir my gesê: Mensekind, dit is die plek van my troon en die plek van my voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van Israel; en die huis van Israel sal my heilige Naam nie meer verontreinig nie, hulle en hulle konings met hulle hoerery en met die lyke van hulle konings, by hulle dood; [8]deurdat hulle hul drumpel by my drumpel gemaak het en hul deurpos langs my deurpos, sodat net die muur tussen My en hulle was; en hulle het my heilige Naam verontreinig met hulle gruwels wat hulle bedryf het, sodat Ek hulle in my toorn verteer het. [9]Nou sal hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af verwyder; en Ek sal vir ewig onder hulle woon. [10]Jy, o mensekind, vertel die huis van Israel van die huis, sodat hulle beskaamd kan staan vanweë hul ongeregtighede, en laat hulle die voorbeeld nameet. [11]En as hulle beskaamd staan oor alles wat hulle gedoen het, maak hulle dan bekend die vorm van die huis en sy inrigting en sy uitgange en sy ingange en al sy vorme en al sy verordeninge, ja, al sy vorme en al sy wette; en skrywe dit voor hulle oë op, sodat hulle sy hele vorm kan bewaar en al sy verordeninge en dié kan uitvoer. [12]Dit is die wet van die huis: Op die top van die berg sal sy hele gebied al rondom hoogheilig wees. Kyk, dit is die wet van die huis."* (1953 Vertaling).

Ons kan dus met sekerheid die volgende afleidings maak:

- Die Israeliete is die verkose volk van God waardeur die hele wêreld vir God, die Here, kan ken deur die Sy Seun, Jesus Christus.
- Jesus Christus is die Messias, en Hy gaan weer kom aarde toe.
- Soos wat die Tempel in die verlede verteenwoordigend was van die Here se teenwoordigheid tussen die Israeliete, gaan die toekomstige Tempel dit ook wees.
- Die toekomstige Tempel gaan op 'n heilige berg staan, en dit gaan tussen die Israeliete wees.
- Alle nasies gaan bewus wees van die Here se teenwoordigheid en gaan deur geloof in Jesus Christus geseënd wees daardeur.
- Jesus Christus is uit die Israeliete gebore, maar ook het die Israeliete ingestaan vir alle volke as voorbeeld van wat goddeloosheid meebring – die oordeel van God. Hierdie boodskap is dan ook deur hulle aan ons nagelaat deur hulle profete en apostels.

Die nie-Joodse Christen behoort te besef dat die Jode die verkose volk is wat die Here gebruik om redding vir alle nasies te bewerkstellig. Die stad Jerusalem is die heilige stad waar reeds baie van die Here se openbarings en reddingsdade plaasgevind het. Jesus gaan weer terugkeer na Jerusalem. Die gelowige se verantwoordelikheid is om te bid vir die redding van Jerusalem sodat die Koninkryk van God finaal gevestig kan word op aarde.

1.11.1 Word alle gelowiges as Jode beskou?

In Romeine 2:28-29 skryf die apostel Paulus spesifiek aan die Jode as volg:

Romeine 2:28-29: *"[28]Want nie hý is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; [29]maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."* (1953 vertaling)

Paulus spreek die Jode van sy tyd aan wat glo dat kennis van die wet van God alleen verlossing bring. Hy dui daarop dat dit meer belangrik is vir die gelowige Jood om die wil van

die Here na te streef as om die wet te ken. Wat Paulus in werklikheid sê, is dat ‘n ware Jood ‘n gelowige Jood is wat die wil van die Here nastreef, en nie dat alle gelowiges as Jode beskou word nie (60, p.20). Deur die bloed van Jesus Christus, word Jood en nie-Jood wel verenig as een liggaam in aanbidding. Meer hieroor bietjie later.

1.11.2 Sluit Israel alle gelowiges in van alle nasies?

Daar is baie wat verkeerdelik glo dat alle gelowiges as Israel beskou kan word, maak nie saak van watter nasie die persoon afkomstig is nie. Hierdie probleem het hoofsaaklik ontstaan as gevolg van foutiewe vertalings van die oorspronklike Skrif. ‘n Goeie voorbeeld kan gesien word in die Afrikaanse 1983 vertaling van Galasiërs 6:15-16:

1983 Afrikaanse vertaling: Galasiërs 6:15-16: *”[15]Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is. [16]En almal wat volgens hierdie beginsel leef, die ware Israel – mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys.”*

In bostaande kan gesien word dat dit die hart van die gelowige is wat belangrik is, en nie die feit of hy/sy besny is nie. Met ander woorde, geloof in die Messias. Bostaande teks skep ongelukkig verkeerdelik die indruk dat alle gelowiges as Israel beskou word. Kyk gerus na die volgende vertalings:

1953 Afrikaanse vertaling: Galasiërs 6:15-16: *“[15]Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ’n nuwe skepsel. [16]En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!”*

New King James Version: Galatians 6:15-16: *“[15]For in Christ Jesus neither circumcision nor uncircumcision avails anything, but a new creation. [16]And as many as walk according to this rule, peace and mercy be upon them, and upon the Israel of God.”*

In beide die 1953 Afrikaanse vertaling en die New King James Version, kan gesien word dat Israel duidelik as ‘n aparte entiteit genoem word. Met ander woorde, alle gelowiges is onder die seën van die Here deur geloof in die Messias, maar nie alle gelowiges word beskou as Israel nie.

In Romeine 9:4-9 bespreek Paulus die Jode as volg: *“[4]Hulle is tog Israeliete; vir hulle het God as sy kinders aangeneem en in sy heerlikheid was Hy by hulle; met hulle het Hy die verbonde gesluit en aan hulle die wet van Moses gegee, asook die tempeldiens en die beloftes; [5]hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore – Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen. [6]Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie; [7]en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: ‘Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom.’ [8]Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word. [9]Die woorde: ‘Op dié tyd sal Ek weer kom, en dan sal Sara 'n seun hê,’ was immers 'n belofte.*”

Paulus verduidelik hier dat vir ‘n persoon om deel te vorm van die Here se belofte aan Abraham, dit nie voldoende is om slegs van Jakob af te stam nie. Om deel te maak van die verbond, moet ‘n persoon dieselfde geloof hê as wat Abraham, Isak en Jakob gehad het. Wat belangrik is, is dat Paulus nie hier beweer dat die woord Israel alle gelowiges insluit nie. Die woord Israel, in hierdie konteks, sluit slegs afstammelinge van Israel in wat tot geloof gekom het in die Messias (60, p.24).

Ons kan dus ook sê dat die Kerk sluit alle mense in, Jode en nie-Jode, wat Jesus Christus as hulle Verlosser aangeneem het.

1.11.3 Het die Kerk Israel se plek ingeneem?

Nêrens in die Nuwe Testament word die Kerk as sinoniem vir Israel gebruik nie. Ons het reeds gesien dat daar in die Nuwe Testament duidelik onderskeid gemaak word tussen gelowige Jode, nie-gelowige Jode, en gelowiges (en nie-gelowiges) wat nie-Jode is nie. Ons verwys vandag ook na gelowige Jode as Messiaanse Jode.

Nadat Jesus, na Sy opstanding uit die dood, aan baie mense verskyn het, en die Heilige Gees uitgestort is op die apostels, het baie mense tot die besef gekom dat Jesus werklik die Messias is. Die Kerk het identiteit in Christus gekry deurdat almal wat tot geloof in Jesus Christus gekom het, as getuies vir die res van die ongelowige wêreld begin optree het.

In die vroeë stadium was die groter hoeveelheid gelowiges Jode. Die ongelowige Jode het, in samewerking met die Romeine, die Messiaanse Jode vervolg en wreed vermoor. Dit het veroorsaak dat baie gelowiges gevlug het, weg van Israel af, en hulle woonagtig gemaak het

tussen die heidennasies. Laasgenoemde het op sy beurt veroorsaak dat die Evangelie aan die heidennasies verkondig is. Paulus getuig soos volg:

Romeine 11:11: *"[11]'n Ander vraag is: Het Israel se struikeling hulle finale val beteken? Beslis nie! Maar deur hulle val het die redding na die heidennasies toe gekom om die Jode jaloers te maak. [12]As hulle val 'n verryking vir die wêreld beteken het en hulle klein oorblyfseltjie 'n verryking vir die heidennasies, hoeveel te meer sal dit dan nie tot seën wees as die Jode se volle getal gelowig sou word nie!"*

'n Relatiewe klein getal gelowige Jode het veroorsaak dat baie mense uit die heidennasies tot geloof gekom het in Jesus Christus. Dit wys hoe kragtig die Boodskap is.

Romeine 11:17-22: *"[17]Party van die takke is uitgekap en jy, 'n wilde olyf, is tussen die ander takke op die mak olyf geënt. So het jy deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel. [18]Moet jou dan nie bo die ander takke verhef nie! Moet jou ook nie verbeel jy is iets nie: dit is nie jy wat die wortel dra nie, die wortel dra jou. [19]Jy sal wel sê: 'Takke is uitgekap sodat ék daar geënt kon word.' [20]Dis waar. Hulle is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie; jy is daar geënt omdat jy glo. Moenie daaroor hoogmoedig wees nie; hou rekening met God; [21]want as Hy die natuurlike takke nie ontsien het nie, sal Hy jou dalk ook nie ontsien nie. [22]Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word. [23]En wat hulle betref, as hulle nie in hulle ongeloof volhard nie, sal hulle ook geënt word, want God is in staat om hulle terug te ent. [24]As God jou uit die wilde olyf, waar jy van nature hoort, kon uitkap en teen jou natuur in op die mak olyf kon ent, hoeveel te meer sal Hy die mak takke op hulle ou boom ent. [25]Ons staan hier voor 'n geheimenis, broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het; [26]en op hierdie manier sal die hele Israel gered word. So staan daar geskrywe: 'Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder. [27]En hierdie verbond sal Ek met hulle sluit wanneer Ek hulle sondes wegneem.'"*

Die Here het die Messias, Jesus Christus, deur Israel voorspel in die Ou Testamentiese tyd. Jesus het al hierdie profesieë kom vervul op aarde tot redding van alle nasies. Verharding onder die Jode het veroorsaak dat die Christene wreed vervolg is. Laasgenoemde het veroorsaak dat die gelowiges gevlug het na ander stede en sodoende die Evangelie saam met hulle geneem het. Dit wys op die Here se getrouheid aan Sy verbond wat Hy met Abraham gemaak het (Genesis 15), dat hy 'n groot nageslag sal hê en tot redding sal wees vir alle nasies.

Die Kerk staan dus in konteks tot Israel. Deur Israel het Redding gekom en die Kerk is die getuie. Die Kerk (gelowige Jode en gelowige nie-Jode) speel nou 'n rol om Israel tot seën te wees.

1.11.4 Het die Kerk die Tempel vervang?

Die Tempel is 'n historiese instelling wat deur die Here aan Israel gegee is as 'n sentrale punt van Sy teenwoordigheid en Sy verbond aan hulle. Dit dra by tot die herstel van hulle nasie en geestelike eenheid, 'n simbool van die volk van die Here – dit is groter as die Kerk. Deur Jood en nie-Jood deur Christus te verenig in aanbidding, is die Tempel buite tyd. Die Here gaan vir ewig die Tempel wees vir alle gelowiges.

Paulus verduidelik aan die Efesiërs 2:11-22: *"[11]Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is "onbesnedenes" genoem deur dié wat hulleself "die besnedenes" noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. [12]In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld. [13]Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. [14]Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. [15]Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. [16]Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. [17]Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. [18]Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader. [19]Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. [20]Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen*

is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon."

Jesus het nie gekom om die Tempel te verwoes nie, en ook nie om die Jode te straf nie. Hy het gekom as Dienaar van die Here om versoening te bewerkstellig. Hy is ook so deur die profete voorspel. Die Nuwe Testament bevestig die eskatologiese (eindtyd) belofte van verlossing en nasionale, en kulturele, herstel van Israel as 'n teken van die Here se getrouheid aan die verbond. Die toekoms van die Kerk lê egter in die verlossing van Israel.

Romeine 11:25-27: *"[25]Ons staan hier voor 'n geheimenis, broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het; [26]en op hierdie manier sal die hele Israel gered word. So staan daar geskrywe: "Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder. [27]En hierdie verbond sal Ek met hulle sluit wanneer Ek hulle sondes wegneem."*

Efesiërs 1:9-10: *"[9]Hy het kragtens Sy besluit en voorneme die geheimenis van Sy wil aan ons bekend gemaak [10]en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een Hoof te verenig, naamlik onder Christus."*

1.12 Nuwe-Testamentiese Benaderings tot die Tempel

1.12.1 Evangeliese Christenskap

Die vroeë Christene en die apostels het die Tempel as relevant beskou vir die toekomstige geslagte en gebeure. Die Here is die gelowige se Tempel wat vir die mens Identiteit gekry het deur Jesus Christus, daarom kan verstaan word wat Jesus gesê het in Matteus 12:6: *"Ek sê vir julle: Hier is Een wat groter is as die tempel."*

- Jakobus (halfbroer van Jesus) was wel bekend vir sy aanbidding in die Tempel
- Die vroeë Christene het die Here se eskatologiese plan verstaan. Dit sluit beide die stad en die Tempel in vir die toekomstige hernuwing. Jesus het die ontheiliging van die Tempel as 'n teken voor Sy wederkoms beskryf (Matteus 24:3-31; Markus 13:3-37; Lukas 21:5-38).
- Handelinge 3:20-21*:"[20]En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is. [21]Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur Sy heilige profete gesê."*
- In die tyd van toekomstige universele seën speel die Tempel 'n belangrike rol. Alle nasies gaan nie slegs help met die konstruksie nie (Sagaria 6:15; Haggai 2:7), maar gaan daar ook deelneem aan aanbidding (Jesaja 2:2-3; 11:10; 56:6-7, Sagaria 14:16-19)
- Wanneer Paulus 'n vergelyking gebruik tussen die Tempel en die gelowige se liggaam (1 Korintiërs 3:16-17; 2 Korintiërs 6:16-17) of die liggaam van Christus (Efesiërs 2:21-22), vervang hy nie die fisiese Tempel met die geestelike Kerk nie. Hy verdedig eerder die heiligmaking van die een as gevolg van die verbintenis met die ander. (45, p.155)

  Efesiërs 2:20-22: *"[20]Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon."*

- **Petrus**, die leier van die apostels, en **Johannes**, sien die Tempel as outoritêr en as 'n heilige instelling wat deur alle Christene herdenk moet word.

  In 1 Petrus 2:1-9 kan gesien word dat Petrus die gemeenskap van gelowiges sien as 'n heilige priesterdom om geestelike offers te bring. Petrus verwys na die Tempel in geestelike konteks en bring die oorspronklike priesterdiens in konteks tot aanbidding sonder die fisiese Tempel.

  1 Petrus 2:1-9*: "[1]Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery. [2]Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. [3]Julle het immers ondervind dat die Here goed is. [4]Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. [5]Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. [6]Daarom staan daar in die Skrif: 'Kyk, Ek lê*

in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.' [7]Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: 'Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword' [8]en: ' 'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.' Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem. [9]Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig."

Die geestelike huis is die gelowiges en die gemeenskap van gelowiges is die Kerk, en die Kerk het die rol van die oorspronklike priesterdiens oorgeneem. Die Kerk speel 'n belangrike rol in die bring van geestelike offers. Soos wat die proses van aanbidding deur die priesters in die Tempel gefasiliteer is deur die fisiese offers te offer, so fasiliteer die Kerk van vandag die proses van aanbidding deur die Woord te bedien, sakramente te bedien, lofprysing, liefdadigheid, en so meer. Die Kerk het dus nie die Tempel vervang nie, maar verteenwoordig die oorspronklike aanbiddingsproses in teenwoordigheid van die Here. Wanneer daar verwys word na die teenwoordigheid van die Here, word daar verwys na die Tempel. Die Heilige Gees leef in die hart van die gelowiges, dus het die liggaam van die gelowige 'n Tempel geword van die Here in sy/haar hart. Die Here is ook steeds teenwoordig in die hemel. Daar bestaan dus 'n Heilige Tempel in die hemel.

Volgens Randall Price (45, p.138-140) was die fisiese Tempel, voor Christus, die sentrale plek van aanbidding vir die Jode. Die Jode het dus 'n probleem gehad toe die Tempel ongeveer 70 na Christus finaal verwoes is. Hulle het 'n plaasvervanger vir die Tempel gevind deur die gebruike van die Tempel in die Torah te bestudeer. Die Christene het van die begin af 'n probleem gehad met die Tempel, en sy gebruike. Hulle het 'n plaasvervanger daarvoor gevind in die Kerk, en die Kerk se rituele. Die meerderheid Christene beskou die Tempel as deel van antieke, en verwerpte, wyse van aanbidding wat nooit weer sal kan plaasvind nie. Die Jode sien laasgenoemde as die siening van die Christene, en dat die Christene beweer dat die Messias gekom het en self 'n Tempel geword het. Dit het veroorsaak dat die Christen nie meer 'n aardse Tempel nodig het nie. Daar het 'n vergeesteliking plaasgevind wat dit onmoontlik gemaak het vir die heiligmaking van enige materiële konstruksie.

Ons het in die vorige paragrawe weer gesien dat die Kerk die getuie is van die Messias, Jesus Christus, wie op aarde vir ons sondes gesterf het (volgens die Geskrifte) en weer gaan kom tot redding van die gelowiges. Dit is sekerlik die sterkste profesie wat 'n gelowige kan uiter! Paulus wys ook daarop dat hierdie Waarheid die gelowiges opbou.

1 Korintiërs 14:5: *"Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer. Die een wat profeteer, is van groter betekenis as die een wat ongewone tale of klanke gebruik, tensy hy dit ook uitlê sodat die gemeente daardeur opgebou kan word."*

Die goddeloosheid van die aarde het reeds in die verlede baie hartseer en verwoesting veroorsaak. Reeds ongeveer 750 jaar voor Christus profeteer Jesaja dat groot verwoesting die voorland is van die goddelose wêreld. Jesaja praat van die magte in die hemel en die konings van die aarde wat gestraf sal word. Dit verwys na die hemelliggame wat aanbid word (astrale liggame, "sterre voorspel" is ook 'n goeie voorbeeld daarvan) en goddelose leiers wat daardeur hulle volgelinge verder in goddeloosheid inhelp.

Die wonderlike is dat daar juis in hierdie tyd van verwoesting vir die gelowiges vreugde sal wees omdat hulle die Here ken en aanbid deur sy Seun, die Ware Tempel van God. Die Kerk sien uit na die Here se heerskappy op Sionsberg in Jerusalem. Die Tempel wat Salomo in gehoorsaamheid aan die Here gebou het, het veroorsaak dat die hele wêreld se aandag, vandag steeds, gevestig is op Sionsberg in Jerusalem. Die Tempel is die plek van universele aanbidding. Die belangrike is dat die Here, die God van Israel, aanbid word. Die Kerk wat hierdie boodskap uitdra, vestig juis die aandag op die ewige Tempel van die Here wat op die aarde die Here se mag sal laat blyk voor die leiers van Sy volk.

Jesaja 24:1-23: *"[1]Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi. [2]Dieselfde lot gaan almal tref: priester en volk, slaaf en besitter, slavin en eienares, koper en verkoper, uitlener en lener, skuldeiser en skuldenaar. [3]Die aarde sal verwoes word, heeltemal verwoes word, dit sal leeg geplunder word. Die Here het dit gesê. [4]Die aarde sal droog word, uitdroog, die wêreld sal wegkwyn van droogte; hemel en aarde sal vergaan, [5]want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het sy voorskrifte geminag, sy vaste verbond verbreek; [6]daarom sal 'n vloek die aarde verteer en sal sy inwoners boet vir hulle sonde; daarom sal die inwoners van die aarde verbrand word, en daar sal min mense oorbly. [7]Die wingerde sal verdroog en die wyn sal skaars word; wie vrolik was, sal sug. [8]Die tamboeryne sal nie meer gehoor word nie, daar sal nie meer 'n oeslied wees nie, die lier sal nie meer gehoor word nie. [9]Niemand sal meer sing as*

hy wyn drink nie, bier sal galbitter word vir dié wat dit drink. [10]Die stad sal afgebreek word, dit sal onbewoonbaar word. Die huise is toegeval, niemand kan daar inkom nie. [11]In die strate sal mense kerm om wyn, die gejuig sal verdwyn, op die aarde sal daar geen vreugde meer wees nie. [12]In die stad sal alles verwoes wees, die stadspoorte sal daar rondlê, stukkend geslaan. [13]Dit sal so kaal wees op die aarde en onder die volke soos wanneer die olywe afgeslaan en die laaste druiwe van die wingerde afgeoes is. [14]Die mense wat oorbly, sal juig, hulle sal die mag van die Here besing, van die weste af sal hulle Hom prys. [15]Dié in die ooste moet die Here eer; hulle wat op die eilande van die see woon, moet die Naam van die Here die God van Israel prys. [16]Van die uithoeke van die aarde af hoor ons liedere waarin die groot mag van die Regverdige besing word. Maar ék sê: Ek kwyn weg, ek kwyn weg, dit is klaar met my. Die ontroues handel troueloos, troueloos handel hulle. [17]Angs, vanggate en strikke wag vir die inwoners van die land. [18]Wie van die gevaar af probeer wegkom, beland in die vanggate, wie uit die vanggate probeer uitklim, word in die strik gevang. Strome water sal uit die hemel val, die fondamente van die aarde sal skud [19]en die aarde sal in stukke breek, heen en weer waggel en wankel. [20]Die aarde sal slinger soos 'n dronk mens, heen en weer wieg soos 'n biesieskerm. Die aarde se oortredinge rus swaar op hom, hy sal val en nie weer opstaan nie. [21]Dié dag sal die Here die magte in die hemel daarbo straf, ook die konings van die aarde daaronder. [22]Hulle sal bymekaar gebondel word soos gevangenes wat in 'n gat toegesluit is. Hulle sal in 'n tronk opgesluit word, na geruime tyd sal hulle hulle straf kry. [23]Die volmaan sal dof word wanneer die Here die Almagtige op Sionsberg en in Jerusalem as Koning sal heers en sy mag laat blyk voor die leiers van sy volk."

Die fisiese Tempel bestaan vandag nie meer nie, en die Jode en die Christene het plaasvervanging vir die Tempel gevind. Die woord "tempel" verwys egter na die plek van teenwoordigheid (dwelling place). Uit die profesieë kan gesien word dat die Here se heerlikheid op die aarde gevestig sal word. Met ander woorde, tempelmaking sal weer op aarde plaasvind. Daar is dus profetiese realiteit met betrekking tot die Tempel. Baie mense, Christene en Jode, het verskillende sieninge oor of die fisiese Tempel weer herbou gaan word, of nie, en of dit slegs in 'n geestelike konteks gesien moet word. Daar word wel in die Ou Testament voorspel dat 'n fisiese Tempel weer sal bestaan, soos geprofeteer deur Daniël (meer hieroor later in die hoofstuk). Ons kan dus hieruit aflei dat daar nie weer 'n fisiese Tempel in direkte opdrag van die Here gebou sal word nie, maar wel uit menslike inisiatief.

Price wys daarop dat sommige vroeë verdedigers (apologete) van die Kerk, soos Justin Martyr, dit voorgehou het dat die Here altyd Sy verkose mense gehad het. Volgens hom is hierdie verkose mense dan die "nuwe geestelike Israel" – die Kerk – wat die ou etniese Israel vervang het. Hierdie siening staan in kontras tot Skrif waar Israel as 'n aparte entiteit genoem word: Galasiërs 6:15-16 (1953 Afrikaanse vertaling en New King James Version). Volgens Martyr is hierdie liggaam van gelowiges dan deur die Here ingerig as die ware geestelike Tempel waarin die Here woon. Laasgenoemde staan in kontras tot die fisiese Tempel wat deur die Here verlaat is. Volgens Price het vroeë kerkvaders soos Origen en Chrysostom hierdie leer aangehang en dit volgehou dat die fisiese Tempel nooit weer herbou sal word nie.

Daar was egter ander vroeë kerkvaders, soos Irenaeus, wat wel die herbou van 'n fisiese Tempel as deel van die Here se profetiese plan beskou het. In 185 na Christus het Irenaeus as volg beweer: "Maar wanneer die Antichris alle dinge in hierdie wêreld verwoes het, sal hy regeer vir drie jaar en ses maande, en sit in die Tempel in Jerusalem, en dan sal die Here kom van die hemel op die wolke, in die glorie van die Vader, en die Antichris en al sy volgelinge sal gegooi word in die poel van vuur, maar sal vir die regverdiges die tyd van die koninkryk bring." Hierdie siening dat die Here se koninkryk in die toekoms op aarde gevestig gaan word, het bekend geword as Chiliasme (Chiliasm) of Millennariasme (Millennariasm). Daar word ook hierna verwys as die Vrederyk van Christus op aarde.

In 313 na Christus het die Romeinse keiser, Konstantyn, Christenskap as die nuwe staatsgodsdiens verklaar. Met hierdie optrede het 'n Christelik-politieke koninkryk tot stand gekom. Baie het ook geglo dat die geestelike koninkryk, voorspel deur Jesus, ook tot stand gekom het. Die Joodse, en Chiliastiese, siening van 'n toekomstige koninkryk was nou in kompetisie hiermee, en veroorsaak konflik tussen die onderskeie aanhangers. Gedurende die vierde eeu na Christus het die kerkhistorikus, Eusebius, dit voorgehou dat die Here teenwoordig is in die harte van gelowiges. Met ander woorde, daar is nie meer 'n doel vir 'n fisiese tempelgebou nie. Hierdie siening word ook na verwys as "replacement theology".

Randall Price verduidelik dat die vroeë Christene die verwoesting van die Tempel as permanent gesien het. Veral onder die leiding van Konstantyn se moeder, koningin Helen, het die Christene begin om Jerusalem te omskep in 'n Christen stad. Christen kerke is orals opgerig by belangrike plekke, behalwe by die tempelberg. Die tempelberg is doelbewus verlate gelaat as 'n teken van God se oordeel.

Met die verloop van tyd het hierdie siening deel gebly van die kerk, ook tydens kerkhervorming. Hierdie siening het dus deel geword van evangeliese Christenskap.

Die Evangelies-Christelike siening van die Tempel (45, p141-142)

- Letterlik hermeneuties (metode van interpretasie) siening: Interpreteer die profesieë in die Ou Testament letterlik. Hulle glo dat simboliese taal letterlike gebeurtenisse kan voorstel. Die profesieë wat nog nie deur die Messias vervul is nie, moet nog plaasvind, bv. die hervorming van Israel, die oordeel, en die ryk van universele vrede word gesien as letterlike gebeurtenisse tydens die wederkoms van die Messias. Hulle sien dus die herbou van die Tempel as deel van die wederkoms van die Messias en die restourasie van Israel.
- Geestelik Simbolies hermeneuties: Hulle sien die Ou-Testamentiese profesieë in die lig van Nuwe-Testamentiese vervulling in Christus. Hulle sien dus alle profesieë, of daar van simboliese taal gebruik gemaak word of nie, as simbolies van die Nuwe Testament, of Kerk. Hulle glo dat feitlik al die profesieë oor die koms van die Messias reeds 2000 jaar gelede in vervulling gekom het tydens die eerste koms van Jesus, of deur die ervaring van Sy Kerk. Hierdie siening beweer dus dat al die profesieë, met betrekking tot Israel, en die fisiese en geestelike restourasie van die Joodse volk, het hulle volbringing binne die Kerk. Dit beteken dat, in die meeste gevalle, hierdie profesieë geestelik bedoel is vir die Kerk, of hulle het hulle historiese volbringing in die Kerk gevind. Hulle sien die profesieë met betrekking tot die toekomstige Tempel as simbolies tot die Kerk en sy priesterlike rol onder die nuwe verbond. Die enigste uitsondering, wat ook deur die letterlike siening gedeel word, is dat daar verwag word dat Christus aan die einde 'n tweede keer (fisies) weer sal kom aarde toe voor die opstanding van die dooies.

Christus gaan beslis weer kom aarde toe en Hy is die Ware Tempel van die Here op aarde. Die toekomstige bou van die fisiese Tempel, in Jerusalem, gaan nie die teenwoordigheid van die Here verteenwoordig nie, maar hou wel profetiese realiteit in. Dit is wel voorspel, sien die volgende paragraaf.

1.12.2 Die profesieë deur Daniël

Daniël het gedurende die sewende eeu voor Christus geleef. Die Here het ook deur hom wonderlike openbaringe gemaak van wat in die toekoms voorlê. Soos wat ons vandag in die feeste van die Here (hoofstuk 5) kan sien wat reeds deur Christus volbring is en ook wat nog in die toekoms voorlê, kan ons ook in die profesieë van Daniël sien wat reeds volbring is, en wat voorlê. Dit is duidelik dat die Here vir ons wys dat net soos die profesieë die geskiedenis akkuraat voorspel het, net so kan ons seker wees dat die profesieë wat nog nie volbring is nie, wel sal plaasvind.

Daniël se profesieë kan in baie gevalle geïnterpreteer word om te sien hoe dit reeds volbring is, en wat dit inhou vir die toekoms. Meer as 600 jaar voor Christus het die Here deur Daniël as volg geprofeteer:

Daniël 9:24-27: *"[24]Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. [25]Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. [26]En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. [27]En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."* (1953 vertaling)

"Sewentig sewetalle": In bostaande profesie kan gesien word dat daar sewentig tydperke voorspel word waartydens goddeloosheid uitgewis sal word. Gedurende hierdie tydperk het Jesus Christus die Satan oorwin deur uit die dood op te staan, en ons kan weet dat Hy weer gaan kom om die finale oorwinning te gee.

"uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel": Die Persiese koning, Darius, het die bevel gegee om Jerusalem, en die Tempel, te laat herbou. Hierdie bevel is inderdaad ongeveer 450 jaar voor Christus gegee. Ons lees daarvan in Esra 6:

Esra 6:1-4: *"[1]Toe het koning Darius bevel gegee, en hulle het nagesoek in die argief waar hulle in Babel die skatte wegbêre. [2]En in Agméta, in die vesting wat in die provinsie Medië lê, is 'n skrifrol gevind, en só was daarin geskrywe: Oorkonde. [3]In die eerste jaar van koning Kores het koning Kores bevel gegee: Die Godshuis in Jerusalem — dié huis moet gebou word as 'n plek*

waar hulle offers bring, en sy fondamente moet gelê word; sy hoogte moet sestig el, sy breedte sestig el wees; [4]met drie lae groot klippe en een laag nuwe hout; en die onkoste sal deur die huis van die koning gedra word." (1953 vertaling)

"sewe sewetalle": 7 X 7 = 49

"twee-en-sestig sewetalle": 62 X 7 = 434

Die totale tydperk wat voorspel is vir die herbou van die Tempel: 434 + 49 = 483

Die bevel is gegee ongeveer 450 jaar voor Christus: 483 – 450 = 33

"sal 'n Gesalfde uitgeroei word": Jesus Christus is ongeveer 33 na Christus gekruisig!

"die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes": Die Romeine het ongeveer 70 na Christus Jerusalem en die Tempel verwoes.

Deur hierdie profesie kan ons sien dat gebeure voor die tyd akkuraat voorspel is, in detail. Ons kan egter ook in dieselfde profesie sien wat nog voorlê:

In die Ou Testamentiese tyd is daar deur middel van die uitdrukking "week" ook verwys na 'n tydperk van sewe jaar.

Daar is sewentig tydperke voorspel vir al hierdie gebeure. Die sewentigste tydperk verwys op die wederkoms van Christus. Ons kan vandag nie presies weet wanneer hierdie sewentigste tydperk gaan wees nie, maar ons kan seker wees dat dit wel gaan plaasvind!

"hy sal vir een week lank": Aan die einde kom daar 'n verwoester wat vir sewe jaar lank 'n bose rol sal speel. Hy gaan 'n verbond sluit en voorgee dat alles baie goed gaan.

"helfte van die week": Na drie-en-'n-half-jaar gaan hy verwoesting saai.

1.12.3 Die Tempel in die boek Openbaring

In die boek Openbaring kan gelees word van die apostel Johannes se getuienis van die openbaring wat hy ontvang het toe hy verban was op die eiland Patmos. Jesus Christus het soos volg aan Johannes openbaar:

Openbaring 3:12: *"Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe."*

Christene is die persone wat die oorwinning behaal deur geloof in Jesus Christus se versoeningsdood. Elke gelowige sal 'n ewige plek kry in die Here se teenwoordigheid. Die tempel van my God verwys na die Here se teenwoordigheid. Wanneer die Naam van God op die gelowige geskryf word, word die gelowige die eiendom van die Here. Die "Nuwe Jerusalem" verwys na die hoofstad van die hemel (59, p1997).

Openbaring 11:1-2: *"[1]Toe is daar vir my 'n meetstok gegee wat soos 'n septer lyk, en daar is vir my gesê: 'Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid. [2]Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is, en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.'"*

Uit bostaande kan gesien word dat daar weer 'n fisiese tempel op aarde sal wees. Ons lees ook daarvan soos geprofeteer deur Daniël meer as 600 jaar voor Christus. Hierdie tempel sal bestaan gedurende die tyd van onderdrukking (tribulation) en die heersing van die Antichris. Die meet met die meetstok wys op die Here se eienaarskap oor die allerheiligste en heilige. Die altaar waarna hier verwys word, is die wierookaltaar. Vir drie-en-'n-halfjaar (twee en veertig maande) sal die Antichris heers en verwoesting saai (59, p. 2005).

Openbaring 11:16-19: *"[16]Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid [17]en gesê: 'Ons dank U, Here God, Almagtige, U wat is en wat was, dat U nou u groot mag gebruik en as koning heers. [18]Die nasies was woedend, maar nou het die tyd vir u oordeel gekom. Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, dié wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee; en dié wat die aarde vernietig, word vernietig.' [19]Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom."*

Uit bostaande kan gesien word dat die Here se almag duidelik sal wees. Steeds sal die ongelowige mense teen die Here in opstand kom, maar te vergeefs. Die oordeel sal regverdig

plaasvind. Soos wat die ark in die eerste Tempel die teenwoordigheid van die Here sigbaar verteenwoordig het, so sal die troon van die Here weer sigbaar wees (59, p.2007)

Openbaring 14:14-18: *"[14]Toe het ek 'n wit wolk gesien. Op die wolk het daar Iemand soos die Seun van die mens gesit. Hy het 'n goue kroon op sy kop gehad en 'n skerp sekel in sy hand. [15]'n Engel het uit die tempel uitgekom en hard geroep na Hom wat op die wolk sit: 'Steek u sekel in en oes, want die tyd het gekom om te oes. Die aarde is ryp vir die oes.' [16]Hy wat op die wolk sit, het toe sy sekel ingesteek op die aarde, en die aarde is afgeoes. [17]Toe het daar 'n ander engel uit die tempel wat in die hemel is, uitgekom. Hy het ook 'n skerp sekel gehad. [18]Nog 'n ander engel het van die altaar se kant af gekom. Hy het mag oor die vuur gehad en het met 'n harde stem geroep na die engel wat die skerp sekel het, en vir hom gesê: 'Steek jou skerp sekel in en sny die druiwetrosse van die wingerd op die aarde af, want sy druiwe het ryp geword.'"*

Die bostaande beeldspraak van die Here op die wit wolk sluit aan by Daniël se profesie in Daniël 7:13-14 en wys op Almagtige Heerskappy. Die Here kom met die goue kroon op Sy kop wat daarop wys dat Hy oorwinning gaan kom vier oor Sy vyande. Die afsny van die druiwetrosse dui op die oordeel wat sal plaasvind (59, p.2012)

Openbaring 15:3-8: *"[3]Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: 'Groot en wonderbaarlik is u dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. [4]Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is.' [5]Hierna het ek gesien: die tempel in die hemel, die woonplek van God, is oopgemaak, [6]en die sewe engele wat die sewe plae bring, het uit die tempel uitgekom. Hulle het helder blink klere aangehad, en elkeen het 'n goue band om die bors gehad. [7]Een van die vier lewende wesens het toe aan die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God, van Hom wat tot in alle ewigheid lewe. [8]Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlikheid en die mag van God, en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele hulle einde bereik het nie."*

Uit bostaande kan gesien word dat daar twee liedere gesing word. Die lied van Moses en die lied van die Lam. Die lied van Moses is gesing deur die Israeliete nadat hulle deur die Rietsee getrek het in herdenking van die verlossing van die Egiptiese soldate. Dit is 'n lied van verlossing en oorwinning. Profeties is dit ook 'n lied waarmee die verlostes, wat nie vasgevang word in die Antichris en sy sisteem nie, kan assosieer. Die Lied van die Lam word gesing in herdenking van die verlossing van sonde deur Christus. Nadat die oordeel volbring is, sal Christus se duisendjarige heerskappy (vrederyk) gevestig word op die aarde en die uitverkiesdes van alle nasies sal kom en Hom aanbid. Die sewe plae verwys na die finale oordeel wat daarna sal plaasvind. Die helder blink klere van die engele dui op heiligheid en volmaaktheid. Die goue bande dui op lojaliteit, rykdom en glorie. Die toorn van die Here sal almal wat nie die verlossing in Christus aangeneem het nie, oorweldig (59, p.2013).

Openbaring 16:1: "*Toe het ek uit die tempel 'n harde stem vir die sewe engele hoor sê: 'Gaan gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van God, op die aarde uit!'"*

Openbaring 16:17-21: *"[17]Die sewende engel het toe sy bak in die lug uitgegooi. Van die troon in die tempel af het daar 'n stem hard uitgeroep: 'Dit is verby!' [18]Toe het daar weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Daar was ook 'n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mens op die aarde gekom het nie, so 'n geweldige groot aardbewing was dit. [19]Die groot stad het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het inmekaargestort. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van sy gloeiende toorn te gee nie. [20]Al die eilande het verdwyn, en berge was daar ook nie meer nie. [21]Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram swaar, het van die hemel af op die mense geval. En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was."*

Die sewende engel se bak wat uitgegooi word dui op die finale toorn van die Here wat op die aarde uitgestort word en gaan direk die wederkoms van Christus voor. Dit sluit egter nie die finale oordeel in nie. Die stem uit die Tempel in die hemel is die Here se stem self "*dit is verby*". Die Here sal die afsluiting van die uitstorting van Sy toorn afsluit met 'n aardbewing soos daar nog nooit was nie. Jerusalem sal in drie dele verdeel word om die stad voor te berei vir sy sentrale posisie in die vrederyk.

(Sien ook Sagaria 14:4-9: *"[4]Daardie dag sal sy voete op die Olyfberg staan, oos van Jerusalem. Die Olyfberg sal middeldeur skeur en daar sal 'n groot kloof van oos na wes ontstaan. Een helfte van die berg sal na die noorde toe padgee en die ander helfte suide toe. [5]Julle sal deur die kloof in my berg vlug, want die kloof sal strek tot by Asal. Julle sal vlug soos julle vir die aardbewing gevlug het in die tyd van koning Ussia van Juda. Dan sal die Here my God kom, en al die hemelwesens sal by jou wees. [6]Daardie dag sal daar nie lig wees of koue of ryp nie. [7]Dit sal 'n besondere dag wees. Wanneer dit sal wees, weet net die Here. Daar sal nie dag of nag wees nie: as dit aand word, sal daar steeds lig wees. [8]Daardie dag sal daar 'n vars stroom*

water uit Jerusalem vloei, een helfte na die see in die ooste toe en een helfte na die see in die weste toe, somer en winter. [9]Die Here sal koning wees oor die hele land. Daardie dag sal die Here die enigste God wees, en sy Naam die enigste Naam.")

As gevolg van berou sal Jerusalem die enigste stad wees wat die oordeel gespaar word en nog mooier gemaak word. Die ander stede sal inmekaar stort. Die hoofstad van die Antichris sal ook verwoes word onder die toorn van die Here. Die hele topografie van die aarde sal verander word in voorbereiding tot die duisendjarige koninkryk (vrederyk) (59, p.2015).

In vele Skrifgedeeltes kan gesien word dat daar 'n Tempel is in die hemel. In Openbaring 21:22 kan gesien word dat daar nooit weer 'n Tempel gaan wees in die nuwe aarde nie, hoe is dit moontlik?

Openbaring 21:22-24*: "[22]'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. [23]Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. [24]Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan."*

Ons kan ook in Openbaring 21:23 egter sien dat die Here die Tempel is, die Lig vir die wêreld. Die Tempel is nie 'n gebou nie, maar die Here Self.

Openbaring 7:15-17: *"[15]Daarom is hulle voor die troon van God en dien hulle Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly. [16]Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie, [17]want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fonteine met die water van die lewe lei; en God sal al die trane van hulle oë afdroog."*

In ewigheidsperspektief is daar geen nodigheid vir 'n fisiese tempel nie. Die heerlikheid van die Here verlig die heelal as Sy Tempel. Die Here Self is die Tempel In Wie alles bestaan. Die teenwoordigheid van die Here verlig, en vul, die hele nuwe hemel en nuwe aarde (59, p.2024).

1.13 Eskatologie volgens John MacArthur (33, p.2197-2198)

Eskatologie verwys na die studie van die eindtyd. Dit is dus die bestudering van die Skrif om te verstaan wat die toekoms inhou. Sien gerus die benadering volgens John MacArthur.

1.13.1 Fisiese dood

Die fisiese dood veroorsaak nie die verloor van die bewussyn nie

Openbaring 6:9-11*: [8]En ek het gesien, en kyk, daar was ’n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde. [9]En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. [10]En hulle het met ’n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie? [11]En aan elkeen van hulle is wit klere gegee; en aan hulle is gesê dat hulle nog ’n klein tydjie moes rus totdat ook hulle medediensknegte en hulle broeders wat nog gedood sou word soos hulle, voltallig sou wees.*

en daar vind ‘n skeiding plaas tussen liggaam en siel

Jakobus 2:26:*Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.*

Die siel van die verloste gaan direk die teenwoordigheid van Christus binne

Lukas 23:39-43: *[39]En een van die kwaaddoeners wat opgehang is, het Hom gesmaad en gesê: As U die Christus is, verlos Uself en ons. [40]Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? — [41]ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie. [42]En hy sê vir Jesus: Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. [43]En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.*

2 Korintiërs 5:4-8:*[4]Want ons wat nog in die tent is, sug en voel beswaard, omdat ons liewer nie ontklee nie, maar oorklee wil word, sodat die sterflike deur die lewe verslind kan word. [5]Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het. [6]Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon. [7]Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie. [8]Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.*

Filippense 1:21-23*: [21]Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins. [22]Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie. [23]Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;*

Vir die verloste, sal hierdie skeiding duur tot die wegraping

1 Tessalonisense 4:13-18:*[13]Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. [14]Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. [15]Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. [16]Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17]Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. [18]Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.*

Die wegraping sal die eerste opstanding teweegbring

Openbaring 20:4-6*: [4]En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. [5]En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. [6]Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.*

wanneer ons siel en liggaam herenig sal word om vir ewig in die Here se heilige teenwoordigheid te wees

1 Kor 15:35-44: *[35]Maar iemand sal sê: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom hulle? [36]Dwase mens! Wat jy saai, word nie lewendig as dit nie gesterf het nie. [37]En wat jy saai — jy saai nie die liggaam wat sal word nie, maar 'n blote korrel, byvoorbeeld van koring of van iets anders. [38]Maar God gee dit 'n liggaam soos Hy gewil het, en aan elkeen van die saadkorrels sy eie liggaam. [39]Alle vlees is nie dieselfde vlees nie, maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee, en dié van visse anders as dié van voëls. [40]En daar is hemelse liggame en aardse liggame; maar die heerlikheid van die hemelse is anders as dié van die aardse. [41]Anders is die heerlikheid van die son en anders die heerlikheid van die maan en anders die heerlikheid van die sterre; want die een ster verskil in heerlikheid van die ander ster. [42]So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; [43]daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag. [44]'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam.*

1 Kor 15:50-54: *[50]Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie. [51]Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, [52]in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. [53]Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. [54]En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.*

Filippense 3:20-21: *[20]Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, [21]wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.*

Tot dan sal die siele van die verlostes in Christus in vreugdevolle verhouding wees met ons Here Jesus Christus.

2 Korintiërs 5:8: *Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.*

Daar sal 'n fisiese opstanding wees van alle mense, die gereddes tot die ewige lewe

Johannes 6:39-40: *[39]En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag. [40]En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*

Romeine 8:10-11: *[10]Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. [11]En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.*

Romeine 8:19-23: *[19]Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. [20]Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het — [21]in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. [22]Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe.[23]En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam.*

2 Korintiërs 4:14: *Want ons weet dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus sal opwek en saam met julle voor Hom sal stel.*

en die ongereddes tot oordeel en ewige straf

Daniël 12:2: *En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.*

Johannes 5:28-29: *[28]Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor [29]en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Openbaring 20:13-15: *[13]En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [14]En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [15]En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

Die siele van die ongereddes ten tye van die dood word gehou onder straf tot die tweede opstanding

Lukas 16:19-26: *[19]En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. [20]En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. [21]En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. [22]En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. [23]En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. [24]En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. [25]Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. [26]En by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie.*

Openbaring 20:13-15: *[13]En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [14]En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [15]En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

wanneer die siel en die liggaam herenig sal word

Johannes 5:28-29: *[28]Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor [29]en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Hulle sal dan verskyn by die Groot Wit Troon van oordeel

Openbaring 20:11-15 *[11]EN ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. [12]En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. [13]En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [14]En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [15]En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

en sal in die hel gegooi word, die poel van vuur

Matteus 25:41-46: *[41]Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. [42]Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. [43]Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. [44]Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? [45]Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.*

afgesny van die lewe in God vir ewig

Daniël 12:2: *En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.*

Matteus 25:41-46: *[41]Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. [42]Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. [43]Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. [44]Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? [45]Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.*

2 Tess 1:7-9: *[7]en aan julle wat verdruk word, verligting te gee saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele [8]in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. [9]Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte,*

1.13.2 Die Wegraping van die Kerk

Die Here Jesus Christus sal fisies (bodily) weer terugkeer aarde toe voor die sewe-jaar vervolging (tribulation) Om by te voeg, John MacArthur beweer hier dat die wegraping voor die vervolging sal plaasvind. Dit is egter 'n onderwerp wat deur baie gelowiges beredeneer word of die wegraping gaan plaasvind, en of dit voor of na die vervolging sal wees. Die belangrike egter is dat ons sal weet dat die Here Jesus Christus ons sal kom haal en ons moet gereed wees daarvoor. Die presiese datum wanneer dit sal plaasvind, weet net Hy.

1 Tess 4:16: *Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.*

Titus 2:13: *terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,*

om Sy Kerk weg te neem van hierdie aarde

Johannes 14:1-3: *[1]LAAT julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.[3]En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

1 Kor 15:51-53: *[51]Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, [52]in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. [53]Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.*

1 Tes 4:15-18: *[15]Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. [16]Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17]Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. [18]Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.*

1 Tes 4:15-5:11 *[1]Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; [2]want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. [3]Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid — dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. [4]Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. [5]Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. [6]Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees. [7]Want die wat slaap, slaap in die nag; en die wat dronk word, is in die nag dronk. [8]Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. [9]Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus [10]wat vir ons gesterf het, sodat ons, of ons waak en of ons slaap, saam met Hom kan lewe. [11]Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.*

en, tussen hierdie gebeurtenis en Sy glorieryke wederkoms met Sy heiliges, om gelowiges erkenning te gee volgens hulle werke

1 Korintiërs 3:11-15: *[11]Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. [12]En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels — [13]elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. [14]As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; [15]as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.*

2 Korintiërs 5:10: *Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad.*

1.13.3 Die Vervolgingstydperk (Tribulation Period)

Onmiddellik na die wegraping van die kerk van die aarde af

Johannes 14:1-3: *[1]Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. [2]In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. [3]En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

1 Tess 4:13-18 *[13]Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. [14]Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. [15]Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. [16]Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. [17]Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. [18]Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.*

sal die regverdige oordeel van God uitgestort word op die ongelowige wêreld

Jeremia 30:7*: Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.*

Daniël 9:27: *En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.*

Daniël 12:1-2*: [1]En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. [2]En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.*

2 Tess 2:7-12: *[7]Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; [8]en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, [9]hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen [10]en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. [11]En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, [12]sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.*

Openbaring 16: *[1]En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. [2]Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. [3]En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. [4]En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. [5]En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; [6]want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. [7]En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. [8]En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. [9]En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. [10]En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; [11]en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. [12]En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. [13]En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. [14]Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. [15]Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie. [16]En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon. [17]En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en 'n groot stem het uit die tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby! [18]En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie — so 'n geweldige groot aardbewing. [19]En die groot stad is in drie*

dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. [20]En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie; [21]en groot hael, omtrent 'n talent swaar, het uit die hemel op die mense geval; en die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.

Die Here se oordeel sal sy klimaks bereik teen die glorieryke wederkoms van Christus na die aarde

Matteus 24:27-31: *[27]Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. [28]Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. [29]En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. [30]En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. [31]En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*

Matteus 25:31-46: *[31]En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; [32]en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; [33]en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. [34]Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. [35]Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; [36]Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. [37]Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? [38]En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? [39]En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? [40]En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. [41]Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. [42]Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. [43]Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. [44]Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? [45]Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. [46]En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.*

2 Tess 2:7-12: *[7]Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; [8]en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, [9]hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen [10]en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. [11]En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, [12]sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.*

Teen daardie tyd sal die Ou Testamentiese- en vervolgingsheiliges opgewek word en die lewendes sal beoordeel word

Daniël 12:2-3: *[2]En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. [3]En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.*

Openbaring 20:4-6: *[4]En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. [5]En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. [6]Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.*

Hierdie tydperk sluit die sewentigste week van Daniël se profesie in

Daniël 9:24-27: *[24]Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. [25]Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. [26]En ná die twee-en-sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. [27]En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.*

Matteus 24:15-31: *[15]Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — [16]dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; [17]wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; [18]en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. [19]Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. [20]En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. [21]Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. [22]En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. [23]As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! — moet dit nie glo nie. [24]Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. [25]Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. [26]As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn — moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer — moet dit nie glo nie. [27]Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. [28]Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. [29]En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. [30]En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. [31]En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*

Matteus 25:31-46: *[31]En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; [32]en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; [33]en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. [34]Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. [35]Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; [36]Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. [37]Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? [38]En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? [39]En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? [40]En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. [41]Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. [42]Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. [43]Ek was 'n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die*

gevangenis, en julle het My nie besoek nie. [44]Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? [45]Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. [46]En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.

1.13.4 Die Wederkoms en die duisendjarige Vrederyk (Millennial Reign)

Na die vervolgingstydperk, sal Christus kom en die troon van Dawid opneem

Matteus 25:31: *EN wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;*

Lukas 1:32-33: *[32]Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, [33]en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.*

Handelinge 1:10-11: *[10]En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, [11]wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.*

Handelinge 2:29-30: *[29]Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe. [30]Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,*

en Sy Messiaanse koninkryk vestig vir duisend jaar op die aarde

Openbaring 20:1-7: *[1]En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. [2]En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank, [3]en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. [4]En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. [5]En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. [6]Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. [7]En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;*

Gedurende hierdie tyd sal die opgestane heiliges saam met Hom regeer oor Israel en al die nasies op die aarde

Esegiël 37:21-28: *[21]en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. [22]En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie. [23]En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees. [24]En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel. [25]En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, húlle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig. [26]En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig. [27]En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees. [28]En*

die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Daniël 7:17-22: *[17]Hierdie groot diere wat vier is — vier konings sal uit die aarde opstaan; [18]en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid. [19]Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, [20]en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. [21]Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, [22]totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het.*

Openbaring 19:11-16: *[11]TOE het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. [12]En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. [13]En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. [14]En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. [15]En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. [16]En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.*

Voor hierdie heerskappy sal die Antichris en die vals profeet ontbloot word en die Satan sal verwyder word van hierdie wêreld

Daniël 7:17-27: *[17]Hierdie groot diere wat vier is — vier konings sal uit die aarde opstaan; [18]en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid. [19]Toe wou ek sekerheid verkry oor die vierde dier wat van al die ander verskillend was, buitengewoon vreeslik, met ystertande en met koperkloue, wat verslind, vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap het, [20]en oor die tien horings wat op sy kop was, en die ander een wat opgekom het en waarvoor drie geval het, naamlik hierdie horing wat oë en 'n mond gehad het wat groot dinge gespreek het, terwyl sy gestalte groter was as van die ander. [21]Ek het gesien dat hierdie horing oorlog voer met die heiliges en hulle oorwin, [22]totdat die Oue van dae kom en aan die heiliges van die Allerhoogste reg verskaf is en die bepaalde tyd gekom het dat die heiliges die koninkryk in besit geneem het. [23]Só het hy gesê: Die vierde dier — die vierde koninkryk sal op die aarde wees, wat verskil van al die koninkryke en die hele aarde sal verslind en dit sal vertrap en dit verbrysel. [24]En die tien horings — uit daardie koninkryk sal tien konings opstaan, en 'n ander een sal ná hulle opstaan, en hý sal verskillend wees van die voriges en drie konings neerwerp. [25]En hy sal woorde spreek teen die Allerhoogste en die heiliges van die Allerhoogste mishandel; en hy sal probeer om tye en wet te verander, en hulle sal in sy hand oorgegee word gedurende 'n tyd en tye en die helfte van 'n tyd. [26]Maar die gereg sal sit, en hulle sal hom die heerskappy ontneem om dit vir goed te verdelg en te vernietig. [27]Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.*

Openbaring 20:1-6: *[1]En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. [2]En hy het die draak gegryp — die ou slang wat die duiwel en die Satan is — en hy het hom gebind duisend jaar lank, [3]en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word. [4]En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. [5]En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. [6]Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.*

Die koninkryk self sal die vervulling wees van God se belofte aan Israel

Jesaja 65:17-25: *[17]Want kyk, Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. [18]Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. [19]En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie. [20]Daarvandaan sal nie meer kom ’n suigling van ’n paar dae of ’n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want ’n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word. [21]En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: [22]hulle sal nie bou dat ’n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat ’n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet. [23]Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is ’n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle. [24]En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek. [25]Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos ’n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.*

Esegiël 37:21-28: *[21]en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. [22]En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie. [23]En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my ’n volk wees, en Ek vir hulle ’n God wees. [24]En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel. [25]En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, húlle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig. [26]En Ek sal ’n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal ’n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig. [27]En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle ’n God wees en hulle vir my ’n volk wees. [28]En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.*

Sagaria 8:1-17: *[1]En die woord van die HERE van die leërskare het gekom en gesê: [2]So spreek die HERE van die leërskare: Ek ywer oor Sion met ’n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daarvoor. [3]So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die heilige berg. [4]So sê die HERE van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit — elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. [5]En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel. [6]So sê die HERE van die leërskare: As dit te wonderbaar is in die oë van die oorblyfsel van hierdie volk in dié dae, sal dit ook in my oë te wonderbaar wees? spreek die HERE van die leërskare. [7]So sê die HERE van die leërskare: Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste [8]en hulle aanbring; en hulle sal midde-in Jerusalem woon. Dan sal hulle vir My ’n volk wees, en Ék sal vir hulle ’n God wees, in trou en geregtigheid. [9]So sê die HERE van die leërskare: Laat julle hande sterk wees, julle wat in hierdie dae sulke woorde gehoor het uit die mond van die profete op die dag toe die fondament gelê is van die huis van die HERE van die leërskare, die tempel, om gebou te word. [10]Want vóór hierdie dae het die mense geen loon getrek nie, ook vir die diere was daar geen loon nie; en vir die wat uit- en ingaan, was daar weens die teëstander geen veiligheid nie; want Ek het al die mense die een teen die ander losgelaat. [11]Maar nou sal Ek vir die oorblyfsel van hierdie volk nie wees soos in vroeër dae nie, spreek die HERE van die leërskare. [12]Want die saad van vrede, die wingerdstok, sal sy vrug gee, en die aarde sy opbrings lewer, en die hemel sal sy dou skenk; en die oorblyfsel van hierdie volk sal Ek al hierdie dinge laat beërwe. [13]En soos julle ’n vloek gewees het onder die nasies, o huis van Juda en huis van Israel, so sal Ek julle verlos, dat julle ’n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande sterk wees. [14]Want so sê die HERE van die leërskare: Soos Ek My voorgeneem het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My vertoorn het, sê die HERE van die leërskare, en Ek daar geen berou van gehad het nie — [15]so het Ek My weer voorgeneem om in hierdie dae goed te doen aan Jerusalem en die huis van Juda. Wees nie bevrees nie. [16]Dit is die dinge wat julle moet doen: Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en ’n regspraak van vrede in julle poorte! [17]En julle moet nie mekaar se onheil in jul hart versin nie, en nie die valse eed liefhê nie. Want dit alles haat Ek, spreek die HERE.*

om hulle terug te bring na hulle land wat hulle verloor het as gevolg van hulle ongehoorsaamheid aan Hom

Deuteronomium 28:15-68: *15Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal. 16Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. 17Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel. 18Vervloek sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. 19Vervloek sal jy wees by jou ingang, en vervloek sal jy wees by jou uitgang. 20Die HERE sal teen jou stuur die vervloeking, die verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou handelinge, dat jy My verlaat het. 21Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. 22Die HERE sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom. 23En jou hemel wat bo jou hoof is, sal koper, en die aarde wat onder jou is, yster wees. 24Die HERE sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy verdelg is. 25Die HERE sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uit vlug — en jy sal 'n skrikbeeld vir al die koninkryke van die aarde word. 26En jou lyke sal as voedsel dien vir al die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde sonder dat iemand hulle skrikmaak. 27Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie. 28Die HERE sal jou slaan met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring, 29sodat jy op die middag sal rondtas soos die blinde in die donker rondtas, en in jou weë sal jy geen voorspoed hê nie; maar jy sal altyddeur net verdruk en beroof wees sonder dat daar 'n helper is. 30Jy sal jou met 'n vrou verloof, maar 'n ander man sal haar skend; 'n huis sal jy bou, maar daarin nie woon nie; 'n wingerd plant, maar dit nie in gebruik neem nie. 31Jou bees word voor jou oë geslag, maar jy sal daarvan nie eet nie; jou esel word voor jou weggeroof en sal na jou nie terugkom nie; jou kleinvee word aan jou vyande gegee sonder dat daar vir jou 'n helper is. 32Jou seuns en jou dogters word aan 'n ander volk gegee, terwyl jou oë dit sien en die hele dag na hulle smag sonder dat jy daar iets aan kan doen. 33Die vrugte van jou land en al jou werk sal 'n volk eet wat jy nie ken nie; en jy sal altyddeur net verdruk en hard behandel word. 34En jy sal kranksinnig wees vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien. 35Die HERE sal jou tref met bose swere aan die knieë en aan die bene — waarvan jy nie gesond kan word nie — van jou voetsool tot jou skedel. 36Die HERE sal jou en jou koning wat jy oor jou sal aanstel, na 'n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien. 37En jy sal 'n voorwerp van verbasing, 'n spreekwoord en 'n spot wees onder al die volke waarheen die HERE jou sal wegvoer. 38Jy sal baie saad op die land uitbring, maar min insamel; want die sprinkaan sal dit afeet. 39Wingerde sal jy plant en bewerk maar geen wyn drink of wegbêre nie; want die wurm sal dit opeet. 40Olyfbome sal jy hê in jou hele grondgebied, maar jy sal jou nie met olie salf nie; want jou olywe sal afval. 41Seuns en dogters sal jy verwek, maar hulle sal vir jou nie wees nie; want hulle sal in gevangenskap gaan. 42Al jou bome en die vrugte van jou land sal die sprinkaan in besit neem. 43Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak. 44Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees.*

[45]En al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie; [46]en hulle sal by jou ’n teken en ’n wonder wees, en by jou nageslag tot in ewigheid. [47]Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorvloed van alles gedien het nie, [48]sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en hy sal ’n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het. [49]Die HERE sal teen jou ’n nasie bring van ver, van die einde van die aarde af, soos ’n arend vlieg — ’n nasie wie se taal jy nie verstaan nie, [50]’n nasie hard van aangesig, wat ’n grysaard nie ontsien en vir ’n seun geen genade het nie. [51]En hulle sal die vrug van jou vee en die vrugte van jou land opeet totdat jy verdelg is; wat vir jou geen koring, mos of olie, aanteel van jou beeste of aanteel van jou kleinvee sal laat oorbly totdat hulle jou tot niet gemaak het nie. [52]En hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte totdat jou hoë en versterkte mure val waarop jy in jou hele land vertrou het; ja, hulle sal jou in benoudheid bring in al jou poorte in jou hele land wat die HERE jou God jou gegee het. [53]En jy sal die vrug van jou liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat die HERE jou God jou gegee het, in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou benoud sal maak. [54]Die vertroetelde en baie verwénde man by jou — sy oog sal sy broer en die vrou wat hy liefhet, en sy orige kinders wat hy nog behou het, skeef aankyk; [55]sodat hy aan geeneen van hulle iets sal gee van die vlees van sy kinders wat hy eet nie, omdat daar vir hom niks anders oorgelaat is in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak nie. [56]Die vertroetelde en verwénde vrou by jou wat van verwendheid en weekheid nooit probeer het om haar voetsool op die grond neer te sit nie — haar oog sal die man wat sy liefhet en haar seun en haar dogter skeef aankyk, [57]ook haar nageboorte wat tussen haar voete uitgaan, en haar kinders wat sy sal baar; want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan alles in die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou poorte benoud sal maak. [58]As jy nie sorgvuldig al die woorde van hierdie wet hou wat in hierdie boek geskryf is, om hierdie heerlike en gedugte Naam, die HERE jou God, te vrees nie, [59]dan sal die HERE oor jou en oor jou nageslag buitengewone plae bring, groot en aanhoudende plae, en kwaadaardige en aanhoudende siektes; [60]en Hy sal weer op jou bring al die kwale van Egipte waarvoor jy bang was, sodat hulle jou aanklewe. [61]Ook allerhande siektes en allerhande plae wat in die boek van hierdie wet nie geskrywe is nie, dié sal die HERE teen jou laat opkom totdat jy verdelg is. [62]En julle sal met min mense oorbly, in plaas dat julle gewees het soos die sterre van die hemel in menigte, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God nie. [63]En soos die HERE oor julle bly was om aan julle goed te doen en julle te vermenigvuldig, so sal die HERE oor julle bly wees om julle tot niet te maak en julle te verdelg; en julle sal uitgeruk word uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. [64]En die HERE sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde; en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie. [65]En onder dié nasies sal jy geen rus hê nie, en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie; maar die HERE sal jou daar ’n bewende hart gee en smagtende oë en ’n kwynende siel. [66]En jou lewe sal voor jou aan ’n draad hang, en jy sal nag en dag skrik en van jou lewe nie seker wees nie. [67]In die môre sal jy sê: Ag, was dit maar aand! En in die aand sal jy sê: Ag, was dit maar môre! — vanweë die skrik van jou hart wat jou sal aangryp, en vanweë die gesig van jou oë wat jy sal sien. [68]En die HERE sal jou op skepe na Egipte terugbring, op die pad waarvan ek vir jou gesê het: Jy sal dit verder nie meer sien nie; en daar sal julle aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop word, maar daar sal geen koper wees nie.

Die gevolg van hulle ongehoorsaamheid was dat hulle tydelik verwyder is

Matteus 21:43*: Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan ’n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra*.

Romeine 11:1-26: *[1]Ek vra dan: Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin. [2]God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Elía sê nie? — hoe hy by God optree teen Israel en sê: [3]Here, hulle het u profete gedood en u altare het hulle afgebreek, en ek het alleen oorgebly, en hulle soek my lewe! [4]Maar wat sê die Godspraak aan hom? Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie. [5]Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade. [6]En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie. [7]Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard. [8]Soos geskrywe is: God het hulle gegee 'n gees van diepe slaap, oë om nie te sien nie en ore om nie te hoor nie, tot vandag toe. [9]En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding. [10]Laat hulle oë duister word om nie te sien nie, en buig hulle rug vir altyd krom. [11]Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. [12]En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! [13]Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening — [14]as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! [15]Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? [16]En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. [17]En as sommige van die takke afgebreek is, en jy wat 'n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, [18]moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem — dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. [19]Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. [20]Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. [21]Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. [22]Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word. [23]Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent. [24]Want as jy afgekap is van die olyfboom wat van nature wild was, en teen die natuur op die mak olyfboom ingeënt kan word, hoeveel te meer kan hulle dan wat dit van nature is, op hul eie olyfboom ingeënt word? [25]Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; [26]en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;*

maar sal weer terugkeer as gevolg van berou

Jeremia 31:31-34: *[31]Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; [32]nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. [33]Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. [34]En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.*

Esegiël 36:22-32: *[22]Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het. [23]En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken. [24]En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. [25]Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. [26]En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. [27]En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. [28]En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. [29]En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie. [30]En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie. [31]Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels. [32]Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel.*

Romeine 11:25-29: *[25]Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; [26]en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend; [27]en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem. [28]Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders. [29]Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik.*

Die Here Jesus Christus se heerskappy sal die wees van harmonie, geregtigheid, vrede en lang lewe

Jesaja 11: *[1]Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Ísai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; [2]en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. [3]En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; [4]maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. [5]En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees. [6]Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. [7]Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; [8]en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. [9]Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. [10]En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Ísai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. [11]En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see; [12]en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. [13]Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie. [14]Maar hulle sal die Filistyne op die skouer vlieg teen die weste en saam die kinders van die Ooste plunder; Edom en Moab is die buit van hulle hand, en die kinders van Ammon is hulle onderdanig. [15]En die HERE sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop. [16]En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van sy volk wat oorbly uit Assur, soos daar een gewees het vir Israel op die dag toe hulle uit Egipteland opgetrek het.*

Jesaja 65:17-25: *[17]Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie. [18]Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees. [19]En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geween of die stem van geskreeu nie. [20]Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word. [21]En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: [22]hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet. [23]Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle. [24]En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek. [25]Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.*

Esegiël 36:33-38: *[33]So sê die Here HERE: In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregtighede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word. [34]En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit 'n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan. [35]En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon. [36]Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, die HERE, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, die HERE, het dit gespreek en sal dit doen. [37]So sê die Here HERE: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape. [38]Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.*

en sal tot 'n einde gebring word met die vrylating van die Satan

Openbaring 20:7: *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;*

1.13.5 Die Oordeel van die Verlorenes

Na die vrylating van Satan (na die duisendjarige heerskappy van Christus op aarde)

Openbaring 20:7: *En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word;*

sal Satan die nasies van die aarde bedrieg en hulle bymekaarmaak om te veg teen die heiliges van die geliefde stad. Gedurende hierdie tyd sal die Satan, en sy weermag, oorval word deur vuur vanuit die hemel

Openbaring 20:9: *En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.*

Satan sal dan gewerp word in die poel van vuur

Matteus 25:41: *Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.*

Openbaring 20:10: *En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*

Christus, die Regter van alle mense

Johannes 5:22-23: *[22]Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, [23]sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer*

nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

sal dan almal beoordeel by die Groot Wit Troon van geregtigheid.

Die opstanding van die ongeredde afgestorwenes tot die oordeel, sal 'n fisiese opstanding wees om hulle straf te ontvang

Johannes 5:28-29: *[28]Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor [29]en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.*

Hulle sal oorgelewer word aan 'n ewige, bewustelike straf in die poel van vuur

Matteus 25:41: *Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele.*

Openbaring 20:11-15: *[11]En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. [12]En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. [13]En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [14]En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [15]En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

1.13.6 Ewigheid

Na die voltooiing van die duisendjarige heerskappy, die tydelike vrylating van Satan en die veroordeling van die ongelowiges

2 Tess 1:9: *Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte,*

Openbaring 20:7-15: *[7]En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; [8]en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. [9]En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. [10]En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. [11]EN ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. [12]En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. [13]En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. [14]En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [15]En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

sal die gereddes die ewige status van heerlikheid ingaan met die Here. Na hierdie gebeurtenis sal die elemente van die aarde opgebreek word

2 Petrus 3:10: *Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.*

en vervang word met 'n nuwe aarde waarin geregtigheid alleen sal seëvier

Efesiërs 5:5: *Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.*

Openbaring 20:15: *En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.*

Openbaring 21: *[1]En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. [2]En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. [3]En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. [5]En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. [6]En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. [7]Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. [8]Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood. [9]En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. [10]En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal; [11]en dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos 'n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen. [12]En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel. [13]Aan die oostekant was daar drie poorte, aan die noordekant drie poorte, aan die suidekant drie poorte, aan die westekant drie poorte. [14]En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam. [15]En hy wat met my gespreek het, het 'n goue meetroede gehad, om die stad en sy poorte en sy muur te meet. [16]En die stad het vierkantig gelê, en sy lengte was net so groot as sy breedte. En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyfhonderd myl; sy lengte en breedte en hoogte was gelyk. [17]En hy het sy muur gemeet op honderd-vier-en-veertig el, volgens 'n mens se maat, wat die maat van 'n engel is. [18]En die boustof van sy muur was jaspis, en die stad was suiwer goud soos suiwer glas. [19]En die fondamente van die muur van die stad was versierd met allerhande edelgesteentes. Die eerste fondament was jaspis, die tweede saffier, die derde chalcedoon, die vierde smarag; [20]die vyfde sardoniks, die sesde sardius, die sewende chrisoliet, die agtste beril, die negende topaas, die tiende chrísopraas, die elfde hiasint, die twaalfde ametis. [21]En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was uit een pêrel, en die straat van die stad was suiwer goud soos deurskynende glas. [22]En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. [23]En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. [24]En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin. [25]En bedags — want nag sal daar nie meer wees nie — sal sy poorte nooit gesluit word nie; [26]en hulle sal die heerlikheid en die eer van die nasies daarin bring. [27]En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.*

Openbaring 22: [1]*En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van God en van die Lam.* [2]*In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.* [3]*En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.* [4]*En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees.* [5]*En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die Here God hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.* [6]*En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur.* [7]*Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.* [8]*En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het.* [9]*Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.* [10]*En hy het vir my gesê: Moenie die woorde van die profesie van hierdie boek verseël nie, want die tyd is naby.* [11]*Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.* [12]*En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.* [13]*Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.* [14]*Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.* [15]*Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienaars en elkeen wat leuens liefhet en doen.* [16]*Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.* [17]*En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.* [18]*Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.* [19]*En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.* [20]*Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!* [21]*Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.*

Dit is op hierdie stadium dat die hemelse stad sal neerdaal op die aarde

Openbaring 21:2 *En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.*

en dit sal die blyplek wees van die heiliges waar hulle vir ewig in vreugdevolle verhouding met die Here, en met mekaar, sal wees

Johannes 17:3 *En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het* (Sien ook Openbaring 21-22).

Ons Here Jesus Christus, nou dat Hy Sy verlossingswerk voltooi het, sal die koninkryk oorhandig aan God die Vader sodat die Drie-enige God in alle opsigte vir ewig sal regeer

1 Korintiërs 15:28: *En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.*

Hoofstuk 7
‘n Persoonlike verhouding met die Skepper

1. Inleiding

Die wapenrusting van die gelowige: Efesiërs 6:10-20: *“10Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. 12Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnals, 15en **die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete**. 16Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.”*

Die Bybel leer ons dat ons wedergebore moet wees om die koninkryk van God te kan sien (Johannes 3:3). Die gelowige neem Jesus aan as persoonlike Verlosser en word sodoende ‘n kind van die verbond. Deur die verbond neem ons Christus se Identiteit aan. Die Aangesig van God skyn oor die nederige (Psalm 138:6). Die gelowige sien met vreugde uit na ‘n lewe in volheid in Christus.

Voordat Jesus na die hemel opgevaar het, het Hy die “Groot Opdrag” gegee soos van getuig word in Matteus 28:19-20: *“19Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die verlossing van die wêreld.”*

Die hoop wat in die gelowige se lewe bestaan raak ook, in gehoorsaamheid tot die “Groot Opdrag”, ‘n behoefte om dit met ander te deel. Die gelowige soek voortdurend na die beste manier om die Evangelie te verkondig. Deur die bestudering van die Woord kom hy/sy tot die besef dat die Heilige Gees die sterkste getuie in hom/haar uitbring in heilige respek tot die Here se genade en liefde. Wanneer ek deur my eie sonde tot die besef kom van God se genade, stel dit my in staat om die keuse vir die Waarheid aan die ander persoon te bied, en nie ‘n dogma nie. Daarom stel Jesus Homself bekend as die Bruidegom en die Kerk die bruid sodat die bruid getrou tot die belangrikste eienskap van ‘n liefdesverhouding, uit vrye keuse, vir Hom kies.

Valse bewerings word baie gemaak dat die Here nie vandag met ‘n mens praat nie, en die mens nie ‘n persoonlike verhouding met die Skepper kan hê nie, en dat God Hom op enige manier openbaar. Laasgenoemde is die perfekte resep vir verwarring. Die vraag kan gevra word: Hoe goed getuig ‘n gebrek aan Identiteit? Die Skepper van die heelal, die Here, het Hom baie outentiek aan die mens openbaar deur Sy Seun, Jesus Christus, die Messias. Daar is geen verskoning nie. Sy volle wese is as mens aan ons geopenbaar, volgens die Geskrifte, sodat ons kan verstaan. Sy Heilige Gees is aktief werksaam in die gelowige se hart en verstand om die Woord te openbaar. Dit sou geen sin maak vir die Heilige Gees om doelloos teenwoordig te wees nie. Elke gelowige kan getuig van persoonlike ontmoetings met die Here wat vir hom/haar ewigheidswaarde inhou. Laasgenoemde bring die gelowige by ‘n persoonlike getuie wat ander mense aanspreek - die Woord, Jesus Christus, is die sterkste Getuie wat die gelowige kan hê!

2. Die Heilige Gees is ons Bron van kennis en wysheid

Die Here is die Almagtige en bo-natuurlike God wat Hom deur Sy Seun aan ons openbaar. Sy Heilige Gees werk steeds vandag aktief met ons om hierdie wonderlike (met ander woorde, bo-menslike) openbaring te kan verstaan.

Ons moet ons beskikbaar stel vir die Here om Hom aan ons te openbaar, en slegs die Here kan dit doen omdat Hy bo-natuurlik is. Hy is met ander woorde buite die bereik van die menslike verwysingsraamwerk. Die Here het egter ons die vermoë gegee om Hom te kan ken en openbaar Hom in sy Woord (Sy Seun) aan ons deur die werking van die Heilige Gees. Die apostel Johannes verduidelik as volg:

1 Johannes 2:27: *"Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly."*

Die skrywer van Hebreërs wys daarop dat die Seun die ewebeeld van God is: Hebreërs 1:1-3: *"[1]In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."*

Die Here het die Heilige Gees op sigbare wyse, en volgens die profesieë, op die mens uitgestort (onthou Hoofstuk 5 oor *Die Fees van Weke*).

Jesus profeteer dat Hy die Heilige Gees gaan uitstort: Johannes 14:25-27: *"[25]Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. [27]Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."*

Jesus het ook verduidelik dat die Heilige Gees aan ons gaan verkondig slegs dit wat Hy by Jesus hoor: Johannes 16:12-15: *"[12]'Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. [13]Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. [14]Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. [15]Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.'"*

Net voor Jesus in die hemel opgeneem is, het Hy die volgende gesê: Handelinge 1:8: *"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem, sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."*

Lukas getuig hoe die Heilige Gees uitgestort is op die dissipels in Handelinge 2:2-4: *"[2]Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder Sy leiding te doen."*

Die gelowige kan dus verseker wees dat hy/sy gevul is met die Heilige Gees en deur die Heilige Gees opgevoed word tot geestelike volwassenheid in die Seun, die Woord van God. Die Seun het gekom om die Naam van die Here bekend te maak (Johannes 17) en stel ons dus in staat om die Here te ken. Die Gees van die Here stel ons ook in staat om mekaar in liefde te dien, elkeen op 'n besondere manier volgens die wil van die Gees. Paulus verduidelik:

1 Korintiërs 12:4-13: *"[4]Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee; [5]daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee; [6]daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring. [7]Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal. [8]Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees; [9]aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees. [10]Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan die ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê. [11]Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil. [12]Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een*

liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus. [13]Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk."

Die gelowiges dien mekaar deur te getuig wat die Heilige Gees aan hulle geopenbaar het. Hierdie openbaring word dan ook 'n getuienis aan die wêreld tot redding van siele om die ewige lewe te kan binnegaan in teenwoordigheid van die Here. Die Waarheid is wel uniek maar aan almal beskikbaar.

'n Mens kan nou verstaan dat die Satan en sy bose magte die werking van die Heilige Gees sal wil probeer verdoesel uit die mens se lewe uit. Daar is verskillende maniere hoe dwaalleer poog om dit te doen, meer hieroor in hoofstuk 8. Daar word byvoorbeeld gepoog om of die soekende te laat glo dat die Heilige Gees, (en die Here) nie bestaan nie, of om die Heilige Gees te probeer vervang met 'n middelman (soos 'n ander leerstelling, boek, of sogenaamde ander apostel of profeet) wat die outentieke Skrif (Bybel) valslik uitlê, of selfs probeer vervang.

Een groot gevaar is om wysheid binne die mens alleen te soek. Met ander woorde, 'n vooropgesteldheid teen die Bo-natuurlike. Die tipe redenasies wat gebaseer is op menslike wysheid en kennis is beperk tot die mens se beperkte verwysingsraamwerk alleenlik. Dit is hulle wat beweer dat jy nie 'n persoonlike verhouding met die Here kan hê nie, met ander woorde, die wat valslik beweer dat die Here nie met 'n mens kan praat nie. Hulle soek antwoorde by ander menslike wyshere en bly verlore van die Ware Groot Leermeester: Jesus Christus.

Matteus getuig van Jesus se woorde: Matteus 23:5-12: *"[5]Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word. Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed, en die tossels aan hulle klere groot. [6]Hulle hou van die ereplekke by die feesmaaltye, en van die voorste plekke in die sinagoges [7]en om op straat deur die mense begroet en as 'rabbi' aangespreek te word. [8]"Maar julle moet julle nie 'rabbi' laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. [9]Moet niemand hier op aarde as 'vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. [10]Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus. [11]'Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. [12]Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.'"*

Volgehoue en Skrifgetroue aanbidding stel die gelowige in staat om die Here se stem te hoor. Johannes getuig van Jesus se woorde:

Johannes 10:22-30: *"[22]Dit was daardie tyd die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter. [23]Jesus het in die tempel in die Pilaargang van Salomo geloop. [24]Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: 'Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit reguit vir ons.' [25]Jesus antwoord hulle toe: 'Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dade wat Ek in die Naam van my Vader doen, bewys wie Ek is. [26]Maar julle glo nie, omdat julle nie van My skape is nie. [27]My skape luister na My stem; Ek ken hulle, en hulle volg My. [28]Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie. [29]Dié wat My Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. [30]Ek en die Vader is een.'"*

3. Kan die mens God verklaar?

3.1 Filosofie

Wat sê die Bybel oor menslike wysheid, met ander woorde, filosofie sonder die Here?:

New International Version: Colossians 2:8: *"See to it that no-one takes you captive through hollow and deceptive philosophy, which depends on human tradition and the basic principles of this world rather than on Christ."*

Kolossense 2:8-9: *"[8]Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë (Engels: Philosophy) en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie. [9]In Hom is die volle wese van God beliggaam, [10]en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag."*

Pastoor Louis Lapides wys daarop dat Oosterse filosofie dit wil hê dat alles in 'n mens se gedagtes bestaan en dat elke mens sy eie realiteit skep. Indien God egter enige betekenis sou inhou buite dit van my eie verbeelding, moet Hy 'n objektiewe realiteit wees. (30, p177)

Die Oxford English Dictionary verklaar die woord philosophy as volg: The study of the fundamental nature of knowledge, reality, and existence.

Indien 'n mens dan sou poog om God te verklaar sonder die Heilige Gees, bly die antwoord 'n god soos wat die beperkte menslike verwysingsraamwerk alleen kan skep. Dit is dan wanneer

vals gode en gelowe ontstaan, en soos wat dit na die nageslagte oorgedra word, word daarop gebou deur menslike fantasieë daaraan te koppel.

Is ons werklik bewus van alles wat om ons aangaan? Beskik ons oor die vermoë om alles te verklaar? Dit wat ons om ons sien en beleef, is dit die werklikheid of is dit slegs ‘n illusie? Wat is dan die werklikheid? Hierdie is vrae waarmee wyshere hulle besig gehou het deur die eeue heen. Daar het verskeie teorieë ontstaan om al die vrae te probeer beantwoord, asook verskeie benaderings om dan sogenaamd die werklikheid te toets. Terminologie het ontstaan om ook die rasionele te ondersteun en te bevorder.

Die rasionele herinner sterk aan Descartes (1596-1650) wat al na verwys is as die vader van moderne filosofie (17, p45-46). Descartes het in ‘n tydperk van groot skeptisisme geleef. Hy het hom daarvoor beywer om alle twyfel in filosofie te probeer uitwis deur by iets uit te kom wat bo alle twyfel bestaan. Descartes het dan ook gedurende die winter van 1619-1620 homself afgesonder in ‘n warm kamer met die uitsluitlike doelwit om alles te betwyfel wat betwyfel kan word. Na baie ure het hy tot die gevolgtrekking gekom dat sy eie verstand moet bestaan anders sou hy nie die vermoë gehad het om te kan twyfel nie. Descartes het voortgegaan en hierdie stewige fondament, tesame met logika, te gebruik om die bestaan van God en die materiële wêreld te bevestig. Descartes het besef dat hy ‘n onvolmaakte en afhanklike wese is wat hom al hoe meer bewus gemaak het van die volmaakte en onafhanklike Wese sodat hy as volg geskryf het: “Ek dink nie die menslike verstand is in staat om enige-iets te weet met meer bewyse en sekerheid nie.” Hierdie sekerheid was gerugsteun deur die verwante realiteit van God as die Volmaakte Wese, wie logies moet bestaan. Descartes het dan ook een van die stigters geword van rasionalisme (Rasionalisme beweer dat rede alleen is die primêre bron van alle menslike kennis en is in staat om alle probleme met betrekking tot die mens se natuur en lot uit te sorteer).

Alhoewel Descartes dit nie so bedoel het nie, het hy die pad voorberei vir diegene wat rasionalisme as basis gebruik het om enige geloof in die Here van afstand te doen! Alles is dan oorgelaat aan die natuur en sogenaamde feite. Ons kan sê dat die natuurlike bevooroordeeldheid teen die bonatuurlike het ingetree. Alles moes nou empiries (waarneembaar deur die sintuie) en materialisties gefundeerd wees voordat dit enige geloofwaardigheid sou inhou.

Die mens het toe die stadium bereik waar rede slegs geoorloof is indien dit binne die konteks van die menslike begripsvermoë in verhouding met empiries gefundeerde stimulasie sou plaasvind. Die tekortkoming van hierdie benadering kan as volg geïllustreer word: Indien ‘n hond as ‘n voorbeeld gebruik word en die hond sou versoek word om die oorsprong en lot van die mens te verklaar, kan as volg geredeneer word: Die hond se poging sal wees binne konteks van sy waarnemings- en konseptualiseringsvermoë van dit wat hy om hom waarneem, met ander woorde sý verwysingsraamwerk. Sou die hond dan nie in staat wees om die oorsprong van die mens te verklaar nie, kan afgelei word dat die mens nie bestaan nie. Die ironie is dat die gaping tussen ‘n hond en die mens baie kleiner is as die gaping tussen die mens en God die Here. Indien ek as persoon wel sou probeer om aan die hond te verduidelik waar die mens vandaan kom, sou die hond dit ook nie kan verstaan nie. Met ander woorde, al sou die mens op die regte feite afkom in sy soeke om die Here te verklaar, sal hy dit in elk geval nie kan verstaan nie. Laasgenoemde is logies, want die Here is Almagtig en bo-natuurlik, daarom het Hy Hom deur Sy Seun aan die mens openbaar, sodat die mens Hom kan ken in konteks tot die menslike verwysingsraamwerk.

CS Lewis gebruik die voorbeeld van ‘n vrou wat in ‘n put aangehou is. Sy was egter swanger toe sy in die put geplaas is. Die kind is in die put gebore wat die gevolg gehad het dat sy hom moes opvoed deur middel van sketse van hoe dit daar buite lyk. Sy persepsie van die wêreld daar buite was twee-dimensioneel. Dit het bestaan uit plat vlakke met lyne. Hoe sou sy ervaring wees indien hy skielik uitgelig word en ‘n drie-dimensionele wêreld aanskou het?

Die empiriese en materialistiese beskouings het dus die mens gehelp om vêrder van God verwyder te word deur hulleself tot hulle eie verwysingsraamwerk te beperk.

Indien gekyk word na hoe die denkrigtings deur die eeue verander het verduidelik John Blanchard (17, p27-39) dat mistisisme tot sy einde gekom het met Thales.

Thales (585v.C.) word gesien as die vader van die Griekse filosofie. Hy het mitologiese verklarings met betrekking tot die oorsprong en aard van die heelal verwerp deur die basiese beginsels van die natuurlike wetenskap te volg. Thales het geglo dat die fisiese wêreld rasionele en verstaanbare bewyse inhou ten opsigte van sy oorsprong. Hy was ‘n aanhanger van monisme (alle realiteit bestaan uit een basiese stof waaruit alles in die heelal gemaak is, soos byvoorbeeld water). Thales het beweer dat alle dinge is vol gode.

Sokrates (470-399 v.C.) het beweer dat die menslike siel ‘n gevangene is van die mens se liggaam en dat die dood die siel loslaat om sodoende die ewige wêreld van idees in te beweeg. Sokrates was ‘n naturalis, hy het in geen god geglo nie.

Plato (428-347 v.C.) het met sy Teorie van Vorme vorendag gekom. Plato het beweer dat die wêreld verdeel is tussen realiteit en verskynsels. Hy het geglo dat ons slegs sienswyses kan hê oor tasbare dinge en dat werklike kennis verkry word deur rede. Plato het geglo in 'n goddelike argitek wat die wêreld uit vooraf-bestaande stowwe ontwerp het.

Aristoteles (384-322 v.C.) het beweer dat die mens, soos alle ander dinge, 'n mengsel is tussen vorm en materie. Rede het hulle egter uniek gemaak en het hulle in staat gestel om eenheid met die goddelike te handhaaf. Baie van Aristoteles se beginsels kan opgespoor word in die denke van ateïste. God was pure vorm, wat bestaan het sonder enige materie, afsonderlik van alle materiële dinge en ook nie onderhewig aan verandering nie. God is die "Unmoved Mover" of die "First Cause" wat abstrak, koud intellektueel, onpersoonlik, verwyderd met geen belangstelling in die wêreld nie.

Hastings haal vir Augustinus (353-430 n.C.) aan deur daarop te wys dat filosowe die "homeland" kan sien, maar nie noodwendig die Pad daartoe nie (14, p27).

Hastings wat sê van die vroeë filosowe (14, p. ix) "A hunger for integrity of thought and life in response to the mystery of the Christian God characterizes them, and an awareness, too, of the dangers and limitations of human cleverness."

Dit is duidelik dat baie van hierdie wyshere rondgeval het sonder 'n persoonlike verhouding met die Skepper. Tog het 'n ware wysheer soos Jakob in Genesis 32:10 gebid: *"ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie….."* Hoekom het Jakob dan die Here se versorging ervaar? Insiggewend is dat geloof eerste moet staan om sodoende werklike kennis van die Skepper te bekom.

Baie van hulle het binne die raamwerk van die beperkte, menslike verwysingsraamwerk, geredeneer. Die verskillende sieninge oor die eeue, en wel met betrekking tot God, was volgens George W.F. Hegel (17, p 60) die resultaat van 'n proses wat as dialekties beskryf is. Hegel (1770-1831) is na verwys as een van die groot filosofiese sisteem bouers. Hy het beweer dat die opeenvolgende filosofieë nie alleenstaande was nie, maar almal deel was van 'n aaneenlopende, dinamiese proses. Sodra 'n stelling bereik word, word 'n teenstelling geskep. Laasgenoemde veroorsaak dan weer 'n nuwe stelling. Die interaksie tussen die twee prosesse word dan na verwys as 'n sintese. Daar kan ook gesê word dat dit dan 'n geheelbeeld sou vorm. Hegel het dan geglo dat hierdie proses die selfbewussyn geskep het. Hegel het ook beweer dat die geestelike die enigste realiteit is, en dat God Homself as 'n "world spirit" aan die wêreld blootgestel het en dat God nie 'n Wese is wat verhewe en apart is van die wêreld nie. Duidelik Panenteïsme.

Aninisme:	Die aanbidding van geeste wat die natuurlike fenomeen sou bewoon of inneem.
Panteïsme:	Beweer dat God is die wêreld. Alles is goddelik.
Panenteïsme:	Beweer dat God is in die wêreld.
Poli teïsme:	Geloof in 'n veelvoud van, en afsonderlike gode.
Mono teïsme:	Glo in een God.
Monisme:	Die teorie dat alle realiteit bestaan uit een basiese substans of bestanddeel waaruit alles in die kosmos gemaak is. Hierdie is aangehang deur die Griekse filosoof, Thales 585 v.C. Monisme was die eerste teorie waar die ontstaan van die heelal gebaseer is op die natuurlike. Bewyse is dus moontlik en ook die enigste verklaring.
Ateïsme:	Glo dat daar nie 'n transendentale God bestaan nie.

Thomas Aquinas (1225-1274) 'n Italiaanse filosoof en beskou as een van die grootste westerse filosowe, het daarop gewys dat God groter is wat ons kan sê, groter as wat ons kan ken, en nie slegs oorskry Hy ons taal en kennis nie, maar is Hy buite en bo die vermoëns van enige verstand, selfs die van engele, en ook bo die bestaan van enige wese of materie ("substance"), (14, p48).

Kennis alleen kan ons nie by God uitbring nie. 1 Korintiërs 8:2-3: *"[2]As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat 'n mens behoort te hê nie. [3]Maar as iemand God liefhet, ken God hom."*

Frank Turek wys daarop dat ons nie beskik oor kennis wat beide die bestaan en nie-bestaan van God kan bewys nie. Hy sê ook dat 'n mens 'n sekere stadium bereik wanneer jy oor genoeg inligting beskik om tot 'n gevolgtrekking te kom. Die vrae wat dan nie beantwoord is nie, bly vrae wat bestaan. 'n Ateïs glo dat daar nie 'n God is nie sonder dat hy oor al die antwoorde beskik om dit te ondersteun. 'n Ateïs kan nie al die vrae teen ateïsme beantwoord nie (22, p25).

Frank Turek stel die volgende as ondersteunend tot sy stelling: “Ek het nie genoeg geloof om ‘n ateïs te wees nie” (22, p26-27):

- Die wetenskap het bewys dat die heelal ontstaan het vanuit niks. Of Iemand het iets uit niks geskep (Christelike siening) of niemand het iets uit niks geskep nie (ateïstiese siening). Watter siening dink jy is die mees realistiese? Die Christelike siening. Watter siening verlang meer geloof? Die ateïstiese siening.
- Die eenvoudigste vorm van lewe op aarde bevat inligting gelyk aan 1000 ensiklopedieë. Christene glo dat slegs ‘n intelligente Wese kan ‘n lewensvorm skep wat die ekwivalent van 1000 ensiklopedieë bevat. Ateïste glo dat onintelligente natuurlike kragte dit kan doen. Christene het bewyse wat hulle gevolgtrekkings ondersteun. Omdat ateïste nie oor enige bewyse beskik nie, verlang hulle siening baie meer geloof.
- Honderde jare vooruit het antieke skrywers voorspel dat ‘n Mens sal kom wat in werklikheid ook God sal wees. Dit is akkuraat voorspel dat hierdie Mens-God sal in ‘n spesifieke dorp gebore word, van ‘n spesifieke bloedlyn, sal op ‘n spesifieke wyse ly, op ‘n spesifieke tyd sterf en sal opstaan uit die dood ter verlossing van die sondes van die wêreld. Onmiddellik na die voorspelle tyd het verskeie ooggetuies getuig en gedokumenteer dat hierdie voorspellings in werklikheid plaasgevind het. Hierdie ooggetuienis het vervolging, marteling en die dood ondergaan terwyl hulle hulle self kon red deur slegs te ontken wat hulle gesien het. Duisende mense in Jerusalem het tot geloof gekom toe hulle hierdie gebeure gesien of gehoor het, en hierdie geloof het vinnig versprei regoor die antieke wêreld. Antieke skrywers het ook hierdie gebeure bevestig en argeologie ondersteun dit. Nadat bewyse in wetenskap gesien is dat God geskep het (punt 1), glo Christene dat hierdie veelvuldige feite bo alle verstand bewys dat God betrokke was by hierdie gebeure. Ateïste moet baie meer geloof hê om hierdie voorspellings, die ooggetuies se getuienisse, die bereidheid van die ooggetuienisse om gemartel te word en te sterf, die oorsprong van die Christelike kerk, en die ooreenstemmende getuienisse van ander skrywers (sekulêr) en argeologiese bevindinge as onwaar weg te verduidelik.

Indien ‘n mens dus beweer dat daar nie ‘n God is nie, word hy ‘n ateïs genoem. Indien die woord uit Grieks direk vertaal word, beteken dit “negatief God”. Met ander woorde die persoon poog om te bevestig dat God nie bestaan nie. Indien daar mooi oor gedink word, besef mens dat dit ‘n self-weersprekende stelling is. Die persoon verklaar met ander woorde dat hy/sy beskik oor oneindige kennis en wysheid, en kan as gevolg daarvan die bestaan van God ontken! Onmoontlik.

Baie ongelowiges, wanneer hulle bostaande realiteit besef, beweeg dan oor na ‘n agnostiese siening. Dit beteken dat hy/sy nie weet nie. Hulle beweer dat hulle nie beskik oor voldoende bewyse dat God bestaan nie. Kyk wat sê Paulus:

Romeine 1:18-25: *“[18]God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. [19]Wat ‘n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. [20]Van die skepping van die wêreld af kan ‘n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat ‘n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, [21]omdat, weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22]Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos ‘n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. [24]Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.”*

Daar word in ongegronde gesprekke beweer dat die wetenskap bewys het dat God nie bestaan nie. Dit is egter nie waar nie. Realiteite rondom die mens het reeds veroorsaak dat meer as 70% van die wetenskap aanvaar dat daar ‘n Skepper is. Sou ‘n mens wou worstel met hierdie vraag, sou dit beslis meer van ‘n uitdaging gewees het om te bewys dat daar nie ‘n God is nie. *Hierdie onderwerp word meer in diepte bespreek in die dokument: Is daar ‘n Skepper?* Die dokument kan afgelaai word vanaf die Matteus 28 Bediening se webtuiste: www.matthew28.co.za.

‘n Paar voorbeelde van algemene, of natuurlike openbarings van God wat bevestig is deur die grootste wetenskaplikes en akademikusse ooit:

- Die kosmologiese argument: Albert Einstein se beginsel van Algemene Relatiwiteit ondersteun hierdie argument: 1) Alles wat ‘n oorsaak gehad het, het ‘n doel gehad; 2) Die heelal het ‘n oorsaak gehad; 3) Daarom het die heelal ‘n doel gehad

- Die teleologiese argument: Sir Isaac Newton het die teleologiese argument bevestig soos volg: 1) Elke ontwerp het ‘n ontwerper gehad; 2) Die heelal beskik oor ‘n hoogs-ingewikkelde ontwerp; 3) Daarom het die heelal ‘n Ontwerper gehad
- Die morele argument: Clive Staple Lewis bevestig die morele argument as volg: *“As an atheist my argument against God was that the universe seemed so cruel and unjust. But how had I got this idea of just and unjust? A man does not call a line crooked unless he has some idea of a straight line. What was I comparing this universe with when I called it unjust?”*

Spesifieke Openbarings van God. Dit is openbarings deur outentieke Skrif, die Bybel. Regdeur die Bybel word daar nie geskroom om in detail gebeurtenisse te beskryf nie. Kyk na die volgende feite:

- Plekname word genoem. Meer as 20,000 (twintig-duisend) daarvan is alreeds vandag deur middel van opgrawings ontdek. Baie daarvan is vandag nog in gebruik
- Name van persone word genoem wat deur middel van sekulêre geskrifte (dit wat nie oorsprong het vanuit die Christelike geloof nie) bevestig word
- Geslagsregisters word in detail weergegee
- Gebeure word weergegee wat te midde van ander ooggetuies/betrokkenes gedokumenteer is
- Geen dokumentasie is ooit gevind van enige ooggetuies wat, dit wat in die Ou Testament en die Nuwe Testament beskryf word, teëgaan nie. Dit is ook noodsaaklik om te besef dat die Bybel ‘n outentieke Skrif is wat die waarheid oorleef het te midde van ooggetuies en bevestigings van betrokke persone wat die gebeure meegemaak het. Dit is nie ‘n groep mense wat op ‘n dag gesit en besluit het wat in die Bybel moet wees en nie daar moet wees nie! Konstantyn het niks met die inhoudelike van die Bybel te doen gehad nie
- Gebeure, gewoontes, belydenisse, verwantskappe, en gebruike word beskryf getrou aan die bestel van die historiese karakters, kulture en regerings
- Verskeie outeurs wat dieselfde gebeure beskryf
- Talle kruisverwysings
- Detail soos: houdings van persone; posisies; motiewe; gebare; gevolge; datums, word telkens weergegee
- Die hele Bybel is ‘n volmaakte en afgeronde Boodskap, Christus. Die Ou Testament is ‘n profesie oor Christus. Die Nuwe Testament se vier Evangelies beskryf in detail, deur verskillende ooggetuies, hoe die profesieë van die Ou Testament tot vervulling gekom het. Na die Evangelies word duidelik beskryf hoe die Heilige Gees, soos geprofeteer deur die Messias, die Kerk gevestig het op aarde deur middel van outentieke ooggetuies. Die briewe van die Apostels openbaar vêrder aan ons die proses van wedergeboorte om sodoende sonder twyfel in gemeenskap met die Here te kan leef. Die Bybel word dan ook afgesluit met die apokaliptiese Openbaring wat, steeds 100% in lyn met die hele Bybel, die wederkoms van die Messias, met ‘n duidelike doel, beskryf.

Dit bring ons by wat die grootste wetenskaplikes in die geskiedenis gesê het:

Sir Isaac Newton (1642-1727)

Wiskundige en wetenskaplike. Word beskou as die Persoon wat die grootste impak op die wetenskap gemaak het in menslike geskiedenis. Newton het as volg getuig:

“In absence of any proof, the thumb alone would convince me of God’s existence…..Was the eye contrived without skill in optics, and the ear without knowledge of sounds?” (17, p318)

Albert Einstein (1879-1955)

Mees bekende wetenskaplike van die 20ste eeu het as volg getuig:

“God does not play dice with nature!”

“Science without religion is lame; religion without science is blind.”

Sy teorie van Algemene Relatiwiteit (wetenskaplike bewys dat die heelal ‘n begin gehad het) staan vandag as een van die sterkste bewyse vir ‘n teïstiese God (Skepper wat betrokke is by die skepping). Inderdaad, Algemene Relatiwiteit ondersteun een van die oudste argumente ter ondersteuning van die bestaan van ‘n teïstiese God. Met hierdie argument het hy beweer: *“The beginning of the end for atheism”* (22, p74-75)

In sy praatjie: "*Why I am not an atheist*" (weeklikse program "*Let my people think*" - www.rzim.org) verduidelik **Dr Ravi Zacharias** dat daar drie vlakke van filosofie is:

- Vlak 1: Teoretiese vlak

  Formele en klassieke bewyse word gegee vir die bestaan van God. Sokrates, Plato en Aristoteles het op hierdie vlak gefilosofeer alhoewel hulle nie noodwendig die ware God, die Here, geken het nie. Nog 'n goeie voorbeeld is die "Kosmologiese Argument" van Einstein (Meer hieroor later).

- Vlak 2: Drama, musiek, fantasie, romantiek en eksistensiële stryd in jou verbeelding.

  "Let me write the songs of a nation, I do not care who write their laws" . Dr. Zacharias gebruik die voorbeeld van 'n tiener wat die televisie aanskakel, of na musiek luister. Hierdie proses gaan gepaard met 'n filosofie, daar is 'n sekere siening van die lewe wat 'n rol speel. Die mees effektiewe filosowe van die sestiger jare het op hierdie vlak gewerk om hulle sienings te verdedig.

- Vlak 3: Voorskrywend - Waarom glo jy dit?

  'n Tienerkind sit byvoorbeeld by die eettafel en sê vir sy pa dat hulle vandag by die skool 'n morele saak bespreek het. Dit handel oor 'n sekere lewenstyl, en wil weet wat sy pa daarvan dink. Die pa sal dan 'n siening uitspreek en 'n aanhaling uit Romeine 1 gebruik om sy stelling te ondersteun. Die kind luister na sy pa se antwoord, gebaseer op die Bybel, en sê dat hy nie dieselfde effek kry by die skool wanneer hý die Bybel aanhaal nie. Dit is nie daar aanneemlik nie. Die pa het op 'n voorskrywende styl uit Romeine 1 aangehaal. Die kind voeg dan by, hy wil nie weet wat in Romeine 1 staan nie, maar hoekom sy pa glo wat in Romeine 1 staan.

Die raad wat Dr. Zacharias gee indien daar 'n gesprek met iemand op hierdie vlakke gevoer moet word, is as volg: Argumenteer op vlak 1, illustreer op vlak 2 en pas toe op vlak 3.

Dr. Zacharias gaan voort en illustreer op Vlak 2 deur te sê dat indien ateïsme waar sou wees, daar geen morele wet in die heelal sou wees nie. Vir die ateïs, indien daar 'n morele uitdaging is, word die antwoord gesoek in die gebruikswaarde van iets, of dit word gesien as pragmaties (eiesinnig), subjektief of emosioneel. Vir die ateïs is enigiets wat te doen het met goed of sleg, 'n produk van jou omgewing en kultuur. (In Hoofstuk 8 word meer na die gevolg hiervan gekyk)

Ons kan nie sonder hierdie morele wet oorleef nie, geskiedenis het dit bewys. Sonder die Here is daar 'n algehele verlorenheid en verlies aan betekenis. Geen hoop is die volgende probleem met ateïsme.

Bertrand Russell (1872-1970) is 'n goeie voorbeeld hiervan. Russell was 'n Britse filosoof en wiskundige en het gefokus op logiese analise wat die rigting van die 20ste eeu se filosofie beïnvloed het. Hierdie humanis het soos volg beweer: "*No Fire, no heroism, no intensity of thought and feeling can preserve an individual life beyond the grave….all the labour of the ages, all the devotion, all the inspiration, all the noonday brightness of human genius are destined to extinction…….. When I die I shall rot……. Man is the result of accidental collocations of atoms*" (17, p317)"

Russel het beweer dat alle kennis slegs deur middel van die wetenskap bekombaar is. Volgens hom kon die mens iets nie weet wat die wetenskap nie kon verklaar nie. Russel het ook baie naby gekom aan Logiese Positivisme. Laasgenoemde wil dit hê dat slegs bewerings wat deur die menslike sintuie bevestig kan word, het enige betekenis.

Dit gaan hier nie oor of iets waar of vals is nie, maar of dit sin maak of nie. Indien hierdie beginsel gevolg word, kan die bewering dat God bestaan, verwerp word want dit kan nie deur die empiriese getoets word, of deur middel van logiese positivisme nie, vir hulle het dit dus geen betekenis nie!!

Om terug te keer na Dr. Zacharias. Hy bevestig dat wanneer die dood intree, wend niemand hom/haar na die groot filosowe nie! Liefde is uniek en dit kan nie deur 'n ander vervang word nie. Wat gebeur met die mens wanneer hy/sy sterf? Wat is die mening van lewe? Klein deeltjies rede met geen oorkoepelende rede het geen doel nie. Die sekulêre kan nie antwoorde gee op hierdie lewensvrae nie.

Bertrand Russel was dan ook bekend daarvoor dat hy gesê het dat hy sy hele lewe na liefde gesoek het, en dit nooit gevind het nie.

4. Evolusie en Geloof

4.1 Die misverstand met evolusie

Evolusie is die naam wat gegee is aan ‘n teorie wat verklaar hoe eienskappe van ‘n lewende wese oorgedra word aan die nageslag met die klem op daardie eienskappe wat oorlewing bewerkstellig in ‘n spesifieke omgewing (of habitat).

Om dit beter te illustreer, hier volg twee voorbeelde:

Veronderstel ‘n omgewing waar motte van dieselfde spesie voorkom, sommige wit en ander swart. Indien daar in hierdie omgewing fabrieke opgerig word en baie rook veroorsaak sodat die plante in die omgewing se blare swart van kleur raak as gevolg van al die roet wat op hulle val, sal die voëltjies in die omgewing die wit motte meer vang as die swartes. Die rede hiervoor is dat die swart motte beter gekamoefleer sal wees as die wittes. Die voëltjies sal die swart motte nie so maklik raaksien nie en dus meer wit motte vang as swartes. Na ‘n verloop van tyd sal daar in hierdie omgewing slegs swart motte voorkom omdat die wit motte se gene uitgesterf het. Dit word nie meer aan die nageslag oorgedra nie

Veronderstel ‘n omgewing waar bere baie voorkom. Bere beskik oor ‘n dik pels om hulle te beskerm teen die koue wintermaande. Dit is veral ook belangrik omdat hulle hiberneer (slaap) gedurende die winter. Indien hulle omgewing oor ‘n verloop van tyd kouer word, sal die bere met ‘n dikker pels beter oorleef, as die met ‘n dunner pels. Die dun-pels gene van bere het dus uitgesterf en die dik-pels gene van bere is meer oorgedra aan die nageslag. Na ‘n verloop van tyd sal daar in hierdie omgewing slegs bere met ‘n dik pels voorkom. Dit mag wees dat van hierdie selfde bere gemigreer het na ‘n warmer omgewing. Hier sou die teenoorgestelde weer plaasgevind het. Met ander woorde, die bere met te ‘n dik pels sou te warm raak en vrek. Die dun pels gene sal dan in die warm omgewing aan die nageslag oorgedra word om later slegs bere met dun pelse in die warm omgewing aan te tref. Daar kan dus geredeneer word dat daar twee tipes bere voorkom wat almal hulle oorsprong gehad het in ‘n gemeenskaplike voorouer. Daar word ook na verwys as natuurlike seleksie. Omstandighede in die natuur het dus veroorsaak dat die organismes natuurlik, en onwillekeurig, daarby aangepas het om te oorleef.

Indien daar duisende jare verloop met betrekking tot bostaande voorbeelde en die omgewing verander en die organismes migreer na ander gebiede, sal daar logies sekere eienskappe wat beter by die omgewing, of omstandighede, aanpas meer na die nageslagte oorgedra word. Dit sal veroorsaak dat die organismes verandering ondergaan soos wat die natuur dit op hulle afdwing. Hierdie verandering as gevolg van natuurlike seleksie, is gedoop Evolusie. Dit vind wel plaas in die natuur, daar bestaan geen twyfel hieroor nie.

Die eerste persoon wat hierdie proses waargeneem en gedokumenteer het, was die Engelse wetenskaplike, Charles Darwin (1809 – 1882). Darwin was verbonde aan die Kerk en was getroud met ‘n Christen vrou, Emma Wedgwood. Sy hart is egter verskeur toe sy tienjarige dogtertjie, Anne, in 1851 oorlede is. Hy het opgehou om Kerk toe te gaan en het die oorsprong van die heelal in die natuur begin soek. Hy wou nie glo dat daar ‘n bo-natuurlike Skepper is nie. Hy was dus ‘n naturalis.

Darwin het baie reise ondergaan om die proses van evolusie te ondersoek. Hy het veral baie werk in hierdie verband gedoen op die Galápagos eilande en het in 1859 sy boek gepubliseer: “The Origin of Species”. Darwin beweer in hierdie boek dat alle lewe op aarde, as gevolg van natuurlike seleksie, afstam van een gemeenskaplike voorouer. Vir hom is sy teorie ‘n bewys dat die natuur skep en nie God nie. Vir Darwin het Evolusie dus ‘n geloof geword want dit is vir hom ‘n verklaring van waar alles vandaan kom wat hy om hom waarneem. Daar word na mense wat Darwin se siening aanhang, verwys as Darwiniste, of ons kan praat van Darwinisme. Daar word ook soms na hulle verwys as Evolusioniste. Baie aanhangers van hierdie geloof beskou hulleself as ateïste en berus by die onvolmaakte Darwinistiese siening as bewys dat daar nie ‘n Skepper is nie. Sulke persone sal geweldige argumente aangaan om te bewys dat evolusie wel plaasvind in die natuur. Op sy/haar beurt sal die onervare gelowige bewyse probeer vind dat evolusie nie plaasvind nie. Die ironie van die saak is dat al bewys jy evolusie hoe reg (of verkeerd), dit steeds nie die oorsprong van alles kan verklaar nie, maar slegs die aanpassing by bestaande omstandighede.

Die belangrike is om te besef dat natuurlike seleksie, of dan evolusie, wel in die natuur voorkom. Nog belangriker om te besef is dat die waarneming van hierdie realiteit in die natuur alleenlik nie voldoende is, as teorie, om die oorsprong van alles te verklaar nie – want dit kan nie! ‘n Darwinis se argument om die skepping te verduidelik, begin altyd by ‘n beginpunt met bestaande, natuurlike, hulpmiddels. Byvoorbeeld dat lig op materie geval het en dit sekere chemiese reaksies veroorsaak het en dit later die boustene van lewe veroorsaak het. Dit sou dan ook die begin wees van die proteïen molekules, en so meer. Of daar sal beweer word dat

energie veroorsaak het dat materie ontstaan het. Dit het dan chemiese reaksies ondergaan wat later die Koolstofatoom gevorm het, en so meer. Daar moet ook in gedagte gehou word dat dit, volgens die evolusionis, alles willekeurig plaasgevind het, met ander woorde, toevallig.

Die vraag kan aan die evolusionis (Darwinis) gevra word waar die beginhulpmiddels vandaan gekom het, soos die energie, of die lig, of wat ook al. Selfs die tyd en die ruimte waarbinne hierdie sogenaamde willekeurige prosesse plaasgevind het, moes ‘n begin gehad het. Dit bring ons terug by die selfweersprekenheid van die begrip ateïs. So ‘n persoon beweer dat daar nie ‘n God is nie, met ander woorde, hy/sy beweer dan ook dat hulle oor oneindige, onbeperkte, kennis beskik. Hulle dink hulle weet alles. Indien jy so ‘n persoon ‘n vraag vra oor enige eenvoudige feit waarvan hy/sy nie bewus is nie, en daar is baie, sal hy/sy moet antwoord: “Ek weet nie.”:

Vraag: “Kom daar visse met rooi vinne en blou lippe voor in die Atlantiese Oseaan?” Antwoord: “Ek weet nie.” Nog ‘n vraag: “Wanneer het ek laas my motor laat diens?” Antwoord: “Hoe kan ek dit weet, jy het dit nie vir my vertel nie?”

Bostaande eenvoudige voorbeeld dui daarop dat dit onmoontlik vir ‘n mens is om alles te weet. Buiten die feit dat ‘n mens nie alles kan weet nie, beskik ons ook nie oor die verstandelike vermoë om die Skepper te verklaar nie. Die skepsel kan nie sy Skepper verklaar nie, hy kan slegs die spore/openbarings wat sy Skepper nagelaat het, verstaan. Dink aan die voorbeeld van die hond. ‘n Hond kan nie verklaar waar kom die mens vandaan nie. Al kan die hond dit nie doen nie, beteken dit nie dat die mens nie bestaan nie! Die mens is nie eers die hond se Skepper nie.

Dink nou net hoe belaglik dit is vir ‘n mens om te beweer daar nie ‘n Skepper God is nie! Die sogenaamde ateïs weet nie eers wat honderd meter vêr van hom af besig is om te gebeur nie, dan maak hy die stelling dat daar nie ‘n Skepper is nie!

In hierdie kort bespreking kan daar reeds twee van die groot flaters gesien word wat die Darwinis begaan:

a) Die skepsel kan nie sy Skepper verklaar nie

b) Evolusie verklaar nie die skepping nie, dit is slegs die proses van aanpassing deur organismes by die omgewing oor ‘n verloop van tyd. Die Skepper het juis die genetiese bestel van plante en diere so gevorm dat hulle veranderinge in die natuur kan oorleef.

Die Darwinis sal ook soms sy geloof in evolusie gebruik teen die Bybel se skeppingsverhaal waar daar vertel word dat die Here die hemel en aarde in ses dae geskep het en op die sewende dag gerus het. Dit veroorsaak baie twis tussen Darwiniste (Evolusioniste) en onervare gelowiges.

Die Darwinis glo dat die heelal reeds miljoene jare bestaan. Vir hom is dit ‘n bewys dat die skeppingsverhaal van die Bybel nie waar kan wees nie en dan maak hy/sy ook die afleiding dat die res van die Bybel ook nie waar is nie.

Onder die Christene bestaan daar hoofsaaklik twee groeperinge met betrekking tot die skeppingsverhaal van die Bybel:

a) Die wat glo dat die heelal oor ses dae geskep is en die Here die sewende dag gerus het – Kreasionisme (Creationism)

   Hierdie groep glo dat die skepping plaasgevind het letterlik soos wat dit in die bybel beskryf word. Hulle glo ook dat die aarde ongeveer ses duisendjaar oud is – “Jong Aarde” benadering

b) Die wat glo dat die heelal wel deur die Here geskep is, maar dit het oor miljoene jare plaasgevind – Die sogenaamde “Ou Aarde” benadering

   Die Hebreeuse woord “Yom” wat oorspronklik in die Bybel gebruik is vir “dag” in die skeppingsverhaal, kan ook verwys na ‘n spesifieke tydperk. Hierdie groep glo dus dat die sewe dae wat in die skeppingsverhaal gebruik word, ook sewe tydperke kan beteken. Hierdie tydperke kon dan oor miljoene jare gestrek het. Hierdie siening word deur baie Christen-wetenskaplikes aangehang.

Ongelukkig veroorsaak hierdie twee benaderings soms twis tussen sekere aanhangers van die twee groepe wat veroorsaak dat die fokus afdwaal van die feit dat die Here geskep het. Die kreasionis beweer dat die aarde slegs oor ses dae geskep is en op die sewende dag het die Here gerus. Hulle beweer ook dat indien ‘n mens nie glo dat die Bybel letterlik geïnterpreteer moet word nie, jy dan sou laster teen die Woord van God. Hulle beweer ook dat die aarde ongeveer sesduisend jaar oud is (Jong Aarde siening). Die Ou Aarde aanhanger sal op sy beurt redeneer dat daar genoeg wetenskaplike bewyse bestaan dat die aarde miljoene jare oud is, maar dat die werk, en teenwoordigheid, van die Here in die skepping waargeneem kan word.

Hier volg ‘n paar feite waaroor saamgestem kan word:

a) Die fokus moet wees dat die Here geskep het. Die mens sal nooit in staat kan wees om te beskryf hoe alles om ons uit niks tot stand gekom het nie. Dit sluit alles in soos tyd, ruimte, materie en so meer. Indien die evolusionis met die stelling vorendag kom soos: “Kom ons dink logies,” en hulle doen dit gereeld om hulle geloof in evolusie te probeer ondersteun, kan ‘n vraag gevra word: “Hoe het alles om ons, die heelal, tyd, ruimte, materie, alles, uit niks tot stand gekom?” Die mees logiese antwoord op hierdie vraag is dat daar ‘n bo-natuurlike Skepper moes gewees het wat alles uit niks geskep het. Niks kan nie iets skep nie, slegs die Bo-natuurlike kan die natuurlike skep – baie logies!

b) Jesus Christus, die Seun van God, is die Skepper van die heelal. Hy Is die beste verklaring vir al die vrae oor die ontstaan van die heelal. Die Bybel bevestig op meer as een plek dat Jesus die Skepper is. Sien byvoorbeeld Hebreërs 1:2.

   Hebreërs 1:2: *“maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.”*

   Indien die Here dit regtig vir ons wou beskryf presies hoe Hy geskep het, sou ons dit beslis nie kon verstaan nie en daar sou nie genoeg plek op die aarde gewees het om al die boekrolle te huisves nie:

   Johannes verduidelik as volg in Johannes 21:25: *“Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.”*

c) Die Here het geskep soos Hy wil en Hy openbaar Hom steeds deur Sy skepping aan die mens. Indien Hy die heelal in ses dae kon skep, kon Hy ook baie ander wonderdade doen, soos om die fossiele ouer laat lyk as wat hulle regtig is, of Hy kon deur middel van die woord “Yom” wel verwys het na tydperke. Die Skepper kon selfs deur die proses van evolusie verskillende spesies tot stand laat kom het, binne ses dae – of oor tydperke van miljoene jare.

   Die belangrike is dat dit die Here is wat, in die skeppingsverhale van die Bybel, in gesprek tree met die mens om te sê dat dit Hy Is wat geskep het. Beide die Ou Aarde en Jong Aarde interpretasies voer baie interessante redenasies om hulle siening te motiveer. Dit is ook wat dit behoort te wees – interessant. Daar is egter baie waaroor daar saamgestem kan word en dit is egter hier waar die fokus behoort te wees.

d) Evolusie is ‘n feit. Dit vind plaas in die natuur. Deur die proses te bestudeer word juis wonderlike ontdekkings gemaak en die Skepper se betrokkenheid word duidelik raakgesien. Dit is ‘n mistasting indien daar gedink word dat evolusie ‘n bewys is dat daar nie ‘n Skepper is nie.

e) Alhoewel dit duidelik is dat evolusie in die natuur voorkom, is die interpretasies daarvan gebaseer op teorieë. Dit is afleidings wat gemaak word oor genetiese veranderings (met ander woorde oordraagbaar) wat organismes oor baie jare ondergaan het as gevolg van verandering in natuursomstandighede. Niemand van die wetenskaplikes was teenwoordig oor die baie jare om dit die hele tyd waar te neem nie. Dit is ook nie ‘n eksperiment wat weer oor gedoen kan word om dieselfde resultate te kry nie. Dit is alles teorieë en tyd word gereeld gebruik as verduideliking vir ‘n gebrek aan voldoende bewyse. Met ander woorde, daar sal beweer word dat twee organismes ‘n gemeenskaplike voorouer gehad het tweehonderd-miljoen jaar gelede. Dit kon gewees het, maar die tussengangers ontbreek.

4.2 Evolusie in perspektief

1) Evolusie vind wel plaas in die natuur, maar dit is slegs een van die biljoene prosesse in die natuur wat waargeneem en gedokumenteer is. Ongelukkig koppel oningeligte Darwiniste geloofswaarde daaraan wat vinnig uitmekaar val wanneer die feite bestudeer word. Die woord, geloofswaarde, word gebruik omdat die Darwinis (Evolusionis) glo dat evolusie vir hom/haar voldoende bewys is dat alles toevallig uit niks ontstaan het. Laasgenoemde is onmoontlik!

   Die tyd (1859) toe Darwin sy “The Origin of Species” geskryf en gepubliseer het, was dieselfde tyd wat die Europese monnik, Gregor Mendel (1822-1884), sy werk gedoen het met betrekking tot genetika. Genetika is die bestudering van die oordraagbaarheid van eienskappe van een generasie na die nageslag. Mendel is slegs twee jaar na Darwin oorlede. Mendel se baanbreker werk is in 1866 gepubliseer en het onbekend gebly tot ongeveer 1900. Dit is ook eers gedurende hierdie tyd wat die mikroskoop in gebruik

geneem is om vir die eerste keer prosesse soos seldeling waar te neem. Mendel se teorieë word vandag steeds gebruik deur wetenskaplikes, en byvoorbeeld boere, om beter rasse te kweek/teel. Mendel se werk en die mikroskoop het dus alles na Darwin se werk beskikbaar geraak. Darwin het nie beskik oor die belangrike feite oor genetika nie. Darwin se foutiewe teorie vir oordraagbaarheid is "pangenesis" genoem. Hy het beweer dat sogenaamde oordraagbaarheidsdeeltjies in ons liggame beïnvloed word deur dinge wat ons doen. Hierdie deeltjies sou dan, volgens hom, deur middel van ons bloed oorgedra word na die voortplantingstelsel en sodoende sou die onmiddellike nakomelinge die eienskappe ontvang. Hierdie teorie is egter gou verkeerd bewys. Dit sou baie interessant gewees het indien Darwin die geleentheid gehad het om Mendel se "Genetika" te bestudeer en beskik het oor 'n elektronmikroskoop. Darwin sou geleer het dat daar chromosome is wat die genetiese inligting (kode) dra van elke unieke individu. Dit word nie beïnvloed deur die individu se optrede nie.

Elke individu besit biljoene eienskappe. Hierdie eienskappe word gedra deur aminosure (proteïene) wat RNA molekules vorm. Op hulle beurt word hulle in unieke volgorde gerangskik om die DNA molekule te vorm. Wanneer daar verwys word na 'n chromosoom, word verwys na die besondere, georganiseerde struktuur van DNA en proteïen wat in elke sel van 'n lewende organisme voorkom – plante en diere. Die unieke rangskikking van die RNA molekules op die DNA molekule word na verwys as gene. Dit is hier waar die unieke eienskappe van elke sel van die individu gehuisves word. Die gene in die chromosoom is essensieel gedurende seldeling en speel 'n besondere rol om genetiese verskeidenheid te veroorsaak in die nageslag en ook om oorlewing te verseker.

Die belangrike om te besef is dat die besondere proses van genetiese duplisering juis verskeidenheid veroorsaak. Indien laasgenoemde nie plaasgevind het nie, sou alle organismes dieselfde gelyk het op aarde en geeneen sou kon oorleef in verskillende omstandighede nie. Die gene wat die organisme beter laat aanpas by veranderende omgewingstoestande is vooraf teenwoordig en word dominant in die nageslag. Daar kan na hierdie proses verwys word as evolusie. Darwin was heeltemal reg deur waar te neem dat verskeidenheid in die natuur seleksie moontlik maak, maar hy het nie verstaan hoe is die verskeidenheid moontlik gemaak nie.

Wanneer daar gekyk word na die struktuur van DNA en proteïen, asook die proses van genetiese duplisering, word toeval heeltemal uitgeskakel. Daar is 'n duidelike intelligente ontwerp teenwoordig om juis verskeidenheid, 'n nageslag en oorlewing te verseker. Dit herinner weer sterk aan wat een van die grootste wetenskaplikes gesê het, Sir Isaac Newton:

Teleologiese argument: 1) Elke ontwerp het 'n ontwerper gehad; 2) Die heelal beskik oor 'n hoogs-ingewikkelde ontwerp; 3) Daarom het die heelal 'n Ontwerper gehad

Newton het ook gesê: "In absence of any proof, the thumb alone would convince me of God's existence…..Was the eye contrived without skill in optics, and the ear without knowledge of sounds?"

2) Die evolusionis glo dat alles wat vandag bestaan per toeval tot stand gekom het. Volgens hom het 'n baie eenvoudige begin ingewikkelde strukture tot gevolg gehad met die verloop van tyd. Logies kan hy glad nie verklaar waar het die bestanddele van die begin vandaan gekom nie, maar dit daar gelaat.

   Realiteit in die natuur is dat toeval nie 'n progressiewe proses kan wees nie. Eenvoud kan nie ingewikkeld raak sonder intelligente beïnvloeding nie. Nog minder kan eenvoud, per toeval, duplisering teweegbring. Waarvoor sal iets, sonder intelligensie, dupliseer en reproduseer? Wat dryf die proses? Waarom sal 'n onintelligente proses oorlewing strukture vorm?

   Daar moet beslis 'n teïstiese (Intelligent, Skeppend en steeds betrokke) God wees wat geskep het en oorlewing moontlik gemaak het.

3) Natuurlike seleksie (Evolusie) word moontlik gemaak deur die genetiese kode wat reeds teenwoordig is. Evolusie is dus die resultaat van intelligente ontwerp en nie die oorsprong daarvan nie. Daar is baie prosesse in die natuur wat nie deur 'n reaktiewe proses kon ontstaan nie. Kyk byvoorbeeld na die volgende:

   Bloed: Vitamiene K veroorsaak bloedstolling. Duidelik moes vitamiene K eers teenwoordig wees voordat organismes met bloed in hulle are kon oorleef. Die are moes daar wees voordat die bloed na die regte plekke toe kon vloei. Hemoglobien moes teenwoordig wees

om die suurstof in die bloed te dra. Deur te beweer dat dit alles per toeval, en regressief, plaasgevind het, is dieselfde as om die volgende te beweer: Daar het eers eenvoudige bakkerye bestaan waarin mense brood bak. Die bakkerye het begin reproduseer en oor die verloop van miljoene jare het meer ingewikkelde bakkerye ontstaan. Omdat bakkerye ook elektrisiteit benodig het daar van self elektriese drade begin vorm om elektrisiteit na die vertrekke te vervoer. Bakkerye met drade se eienskappe is oorgedra aan die nageslag-bakkerye sodat bakkerye met drade meer begin voorkom het waar bakkers teenwoordig is. Die volgende vrae kan nou gevra word: Dit maak sin dat bakkerye voorkom waar bakkers teenwoordig is, maar waarom sou die proses vanself plaasvind sonder dat daar bakkers was wat die proses geïnisieer en gedryf het? Bakkerye se bestaan is afhanklik van bakkers. Op geen manier kon bakkerye spontaan ontstaan sonder bakkers nie.

Voortplanting: Uit bostaande voorbeeld is geïllustreer dat reproduksie nie spontaan plaasvind nie. Daar moes Intelligensie betrokke wees om eerstens die behoefte en ook die kodes te voorsien. Indien gekyk word na soogdiere. Wat was eerste? Die eiersel en die sperm of die dier? Waarom juis manlik en vroulik? Waarom die behoud van die genepoel binne ‘n spesifieke spesie? Hoe het die kleintjies oorleef voordat melkkliere daar was om hulle te voed? Hierdie is vrae wat nie deur ‘n onwillekeurige proses beantwoord kan word nie.

Indien daar in die natuur kruising van verskillende geenpoele plaasvind, is die nakomelinge steriel, of daar is geen nakomelinge nie. Kyk byvoorbeeld na die muil. ‘n Muil is ‘n kruising tussen ‘n donkie en ‘n perd. ‘n Muil kan nie voortplant nie. Verskillende spesies, soos byvoorbeeld koedoes en springbokke, sal nie paar nie. Dit dui op intelligente ontwerp wat uniekheid in die natuur bewerkstellig. ‘n Onwillekeurige en onintelligente proses beskerm nie homself nie.

Metamorfose: Hierdie is ‘n proses waar verskillende lewensvorme in ‘n siklus oorlewing moontlik maak. Dit word byvoorbeeld waargeneem by sywurms. Die eier broei uit as a wurm. Die wurm vorm ‘n papie. Die papie vorm ‘n mot. Die motte is manlik en vroulik. Hulle paar waarna die vroulike mot eiers lê. Die hele proses begin nou weer van voor af. ‘n Onwillekeurige proses kan nie ‘n siklus veroorsaak nie. Sonder Intelligensie kan die einde nie die begin veroorsaak nie.

Bewussyn: Daar bestaan geen twyfel dat die mens bi-dimensioneel geskep is. Elke persoon bestaan uit ‘n fisiese liggaam en gees. Die siel van die mens verwys na sy/haar wese. ‘n Mens word nie slegs gedryf deur natuurlike behoeftes nie. Jy leef volgens keuses wat jyself maak. Baie mense getuig ook van buite-liggaam ervarings (of ook genoem “near death experience” NDE). ‘n Goeie voorbeeld is die van Vicky Nuratuk. Vicky is blind gebore en kon nog nooit in haar lewe sien nie. Sy het ‘n NDE gehad en kon sien tydens die gebeurtenis. Sien gerus op Youtube: “The NDE of Vicky Nuratuk - Blind from Birth But Able to See”. Miljoene ander mense het al getuig oor hierdie realiteit. Die feit is, dat ‘n mens se gees, wat kan waarneem sonder om die fisiese liggaam se sintuie te gebruik, nie kon evoleer nie. Die mens se gees leef voort nadat die fisiese liggaam afgesterf het.

4.3 Die misverstand met die Oerknal Teorie (“Big Bang”)

Die Oerknal (Big Bang) teorie is ‘n teorie wat poog om te verklaar hoekom die heelal besig is om uitmekaar te beweeg. Dit is ‘n wetenskaplike feit dat die hemelliggame (sterre en planete) besig is om uitmekaar te beweeg. Dit kan vandag deur middel van die moderne teleskope en meetinstrumente waargeneem word.

Georges Lemaître, ‘n priester van die Katolieke Universiteit van Louvain, het in 1927 beweer dat indien alles uitmekaar beweeg, die afleiding gemaak kan word dat daar ‘n gemeenskaplike beginpunt moes gewees het. Met ander woorde, indien dit wat uitmekaar beweeg, die beweging omgekeer word, dit alles weer bymekaar sal uitkom. Lemaître het vorendag gekom met sy oeratoom hipotese. Die oeratoom word beskryf as ‘n toestand van ekstreme digtheid en hoë temperatuur. Hierdie toestand het, volgens hierdie hipotese, veroorsaak dat groot en kragtige bewegings veroorsaak het dat alles uitmekaar begin beweeg het. Vandaar die naam Oerknal (Big Bang). Albert Einstein se model van algemene relatiwiteit ondersteun hierdie Oerknal teorie. Dit herinner ook aan Einstein se Kosmologiese Argument wat daarop wys dat die heelal ‘n begin gehad het.

Einstein het daarop gewys dat alles in die ruimte, relatief tot mekaar, uitmekaar beweeg. Dit is asof elke ster en planeet op ‘n grid geplaas kan word en die afstande tussen hulle relatief met dieselfde hoeveelheid vergroot. ‘n Ander wetenskaplike, Alexander Friedman, het hierdie teorie verder geformuleer. In 1929 het Edwin Hubble die sogenaamde rooiverskuiwingseffek beskryf.

Dit wys op die golflengtes van lig wat verleng soos wat voorwerpe weg van die oog af beweeg. Hubble se waarneming het daartoe gelei dat daar beweer word dat sterrestelsels wat baie vêr van die aarde af is, beweging ondergaan wat direk weg van die aarde af is. Hoe verder hulle weg is, hoe groter is die snelheid.

Die Oerknal teorie gee geen verduideliking van hoe die oorspronklike knal plaasgevind het nie. Dit gee slegs 'n moontlike verklaring hoekom die heelal uitmekaar beweeg. Die oorspronklike wetenskaplikes wat die Oerknal teorie gedokumenteer het, was almal gelowige mense. Hulle het geglo dat daar 'n Skepper is wat geskep het en die Oerknal deel was van die skeppingsproses. Om die waarheid te sê, die Oerknal dui juis daarop dat die heelal 'n begin moes gehad het.

Dit herinner weer sterk aan Einstein se Kosmologiese Argument:

1) Alles wat 'n oorsaak gehad het, het 'n doel gehad; 2) Die heelal het 'n begin gehad; 3) Daarom het die heelal 'n doel gehad

Met ander woorde, al kan 'n mens hoe goed bewys dat daar wel 'n oerknal voorgekom het, beteken dit nie dat daar nie 'n Skepper is nie. Die misverstand bestaan ook onder evolusioniste. Al bewys jy dat Evolusie voorkom, is dit nie 'n bewys dat daar nie 'n Skepper is nie. Die waarskynlikheid dat die Almagtige Skepper wel die Oerknal gebruik het om sodoende die vorming van sterre en planete te veroorsaak, is groot. Dit wys juis op Sy Almagtige werk. Bestudeerders van die Oerknal is juis uitgesproke oor die presisie waarmee dit plaasgevind het om wel die planeet Aarde moontlik te maak.

5. Waaroor gaan die lewe dan?

Indien ons kyk na Markus 10:47-52 kan gesien word dat indien ons op die regte Plek soek, dan sal die Waarheid aan ons geopenbaar word, sodat ons kan sien. In hierdie Skrifgedeelte word getuig oor hoe Jesus die blinde Bartimeus genees het sodat hy kon sien. Jesus is die Lig, alleen Hy kan ons lewe gee.

Markus 10:47-52: *"[47]Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: 'Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!' [48]Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep: 'Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!' [49]Jesus het gaan staan en gesê: 'Roep hom nader.' Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: 'Hou moed! Staan op! Hy roep jou.' [50]Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan. [51]Jesus vra vir hom: 'Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?' 'Rabboeni,' sê die blinde man vir Hom, 'dat ek kan sien.' [52]Jesus sê daarop vir hom: Jy kan maar gaan, jou geloof het jou gered.' Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aangegaan."*

Dr. Zacharias verwys na vrae wat hy aan oorlogs gevangenisse (POW's) gevra het ten opsigte van hulle grootste behoefte, en die antwoord wat hy deurgaans gekry het is dat hulle 'n behoefte het aan liefde – verhoudings..

Hier volg nog 'n paar gedagtes oor goddelose filosofie:

- Dit laat jou valslik vassteek by: Gaan bewoon en bewerk die aarde is die doel van die mens op aarde. As ek 'n kar bou is sy opdrag nie om 'n kar te wees nie, maar om mense te vervoer. Indien hy 'n kar is, is hy soos 'n dier.
- Filosofie sal poog om jou wys te maak dat jy vandag nie 'n verhouding met die Here kan hê nie. Duidelik verstaan dit nie die verlossingswerk van Jesus Christus wat, volgens die priesterorde van Melgisedek, die voorhangsel in die Tempel laat skeur het sodat almal, deur geloof, toegang tot die Vader het. Dink ook vêrder aan die Kerk wat ontstaan het en die grootste organisasie in die wêreld geword het. Die hele doel, en getuienis van die Kerk is juis dat jy wedergebore kan wees en in geloof kan kom tot Jesus Christus se verlossingswerk. Dit veroorsaak dat jy juis kan glo dat jy 'n ewige verhouding met die Skepper kan beleef. Dink ook aan Matteus 28:19 waar die Here die opdrag gee om dissipels van mense te maak. Hoe kan jy dissipels maak en die Here by jou kom woon as 'n verhouding nie moontlik is nie? Hoekom is die Heilige Gees dan uitgestort? Om niks te doen nie?
- Ware kennis is dit wat my meer van die Here leer en geloof tot stand bring wat oorgaan tot dade van liefde, en dit is eie aan die Wese van die Here, Jesus Christus.
- Die Here ken die gedagtes van wyse mense, en dit beteken niks: 1 Korintiërs 3:18-23
- Kennis maak verwaand maar liefde bou op: 1 Korintiërs 8:1
- Wat van Jakobus 5 waar die ouderlinge iemand moet salf en hulle vir hulle sondes moet bid. Jy ken net jou sondes deur 'n verhouding met die Here....

- Vra die filosoof hoe sy/haar teorieë die mens nader aan die Here kan laat kom indien daar besef word dat die Here die Almagtige, bo-natuurlike God is.
- Jou persoonlike getuienis plaas die fokus op die Here, en nie op jou eie wysheid nie.
- Indien jy iemand leer en nie hou by die leer van Jesus Christus nie, is jy verwaand en weet jy niks: 1 Timoteus 6:3-4
- Wysheidsleer neem die ware Outeur weg uit die openbaring.
- Die Here maak Sy verbond bekend aan die wat Hom dien: Psalm 25:14
- Soek Goddelike openbaring binne Goddelike openbaring – Die Woord van God
- Filosofie se fokus wat op menslike wysheid is, maak van die filosoof 'n alleenloper. Hy/sy sit vasgevang binne sy/haar eie menslike wysheid. Dit sluit hom/haar af van die liggaam van Christus. Psalm 26:11-12 - Ek sal die Here loof in die samekoms van die gemeente.
- Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God: Romeine 8:13-14. Geen ander middelman of wysheer kan dit vir jou doen nie. Dit bewys juis dat die Here met die mens praat.
- Die Here se Seun is die waarheid (Johannes 8:31). Die Heilige Gees openbaar die Woord (Die Seun), die Wese van God aan ons. Dit word gedoen deur die lees van die Woord. Ander boeke en filosowe moet nie jou aandag hiervan aflei nie.
- 'n Persoon wat beweer dat 'n mens nie kan sê dat die Here vir jou iets kan sê nie, kan gevra word: Op watter "model" baseer jy dit? Waar in die Bybel staan dit? Om die waarheid te sê, enigiets wat jy beweer wat in die Bybel staan, gee asseblief die verwysings en behoorlike konteks.
- Filosofie maak dat jy dink jy kan besluit wanneer en hoe die Here moet optree en by die mens betrokke moet wees. Die Here woon in almal van ons (Efesiërs 4) en gee gawes aan mense soos Hy dit wil. Die Here doen wat Hy wil en wanneer Hy wil soos Hy wil. Ons kan nie die Here in een of ander kategorie plaas, en sodoende probeer om Hom te verklaar nie. Ons doel is die opbou van die liggaam van Christus: Efesiërs 4:12
- Filosofie wil hê jy moet maak en glo, soos hy wil, dit is vir hom die enigste weg. Indien jy nie saamstem nie, het hy 'n subtiele strategie agteraf. Hy wil jou grootmaak vir homself sodat jy sy leer aanhang en die wonderlike openbaring van die Here, die Heilige Gees, misloop.
- Is die filosoof besig met "etiese filosofie" en dit flous jou? Slegs ware teologie kan lei tot aanbidding. Laasgenoemde vind moeilik in isolasie plaas.
- Openbaring van God tot kennis van God is die enigste Waarheid: Kolossense 1:9-10 "[9]*....Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken,* [10]*sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God."*
- Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die Here praat vandag nog met ons: Galasiërs 5:18
- Weerhou van sinlose praatjies en die redenasies van kennis: 1 Timoteus 6:20-21

5.1 Teologiese Denke

Teologiese denke word gebesig deur die wat glo dat lewe op aarde 'n doel het en 'n einde. Kennedy *(Why I believe; D. James Kennedy; Word Publishing; 1999, p 46-50)* wys daarop dat daar vandag in werklikheid slegs twee gelowe bestaan wat die bewussyn, harte en lojaliteite van die moderne mens aanspreek:

Een van hierdie gelowe is die Christelike geloof en die ander geloof is evolusie. Indien iemand sou glo dat evolusie nie 'n geloof is nie, dan weet die persoon duidelik nie veel van evolusie nie. Kennedy wys daarop dat evolusie 'n geloof is wat met passie aangehang word deur sy volgelinge. Luister na wat van die baie bekende evolusioniste te sê het. Professor Louis T. More, een van die mees uitgesproke evolusioniste: *"The more one studies palaeontology (fossiele rekord), the more certain one becomes that evolution is based on faith alone."* Professor D.M.S. Watson, 'n baie bekende evolusionis, het die indrukwekkende waarneming gemaak dat evolusie self 'n teorie is wat algemeen aanvaar word, *"not because it has been observed to occur or can be proved by logically coherent evidence to be true, but because the only alternative - special creation - is clearly incredible."*

Kennedy wys daarop dat vir die goddelose verstand, die onherskeppende verstand, is skepping ongeloofbaar want dit vereis die geloof in 'n Skepper, en dit is in beginsel onaanvaarbaar vir mense soos die. 'n Gewilde Britse evolusionis, Sir Arthur Keith sê dan ook: *"Evolution is unproved and unprovable. We believe it because the only alternative is special creation, which is unthinkable."* Kennedy gaan voort deur daarop te wys dat evolusie die geloof is van die moderne ongelowige mens. Dit is die pseudo-wetenskaplike (nagemaakte-wetenskaplike) fondament van alle vals en anti-Christelike gelowe wat die afgelope honderd jaar gebesig word.

Let op Paulus se verwysing na onverstandige mense in 2 Korintiërs 10:12-13 "[12]*Ons waag dit natuurlik nie om ons op een lyn te stel of te vergelyk met sekere mense wat so 'n danige dunk*

van hulleself het nie. Hulle is dom: hulle meet hulleself aan hulle eie maatstaf en vergelyk hulleself met hulleself. [13]Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God aan ons toegemeet het. Julle val ook binne daardie perke."

'n Ooggetuie van die lyding van Jesus Christus en ook apostel van Jesus Christus sê as volg in 2 Petrus 1:8-9*: "[8]As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. [9]Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is."*

5.2 Hoe kan Christene so arrogant wees en nie ander gelowe in ag neem, of erken nie

Gelowiges word gereeld deur andere vermaan om nie ander mense se gelowe te beoordeel nie. Dit word, ironies genoeg, baie keer gedoen deur byvoorbeeld kollegas wat beweer dat hulle self gelowiges is.

Die Here is baie duidelik daaroor dat die Here die enigste ware God is, wat die Skepper van die heelal is, en wat die ewige lewe kan gee aan die wat in Sy Seun glo. In Johannes 8:31 lees ons dat die Seun die Waarheid is en die mens vry maak.

Jesus het ook in Johannes 14:6 gesê dat Hy die enigste weg na die Vader is. Indien jy dus 'n Christen is, is daar geen ander weg as om die Seun onomwonde te verkondig nie.

Dit is wel so dat daar nie onwys on ongevoelig gehandel moet word nie, maar die Waarheid kan nooit verdoesel, of verdraai word om een of ander dwaalleer te akkommodeer nie! Die gelowige in Christus getuig oor sy/haar persoonlike ervaring van die Persoon van Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die fokus is dus nie op hoe verkeerd die ongelowige is nie, maar hoe waar Christus is

Die Christen moet juis besef dat die ongelowige op pad is na 'n ewigheid sonder die Here. Indien die ongelowige 'n ander leer aanhang as die verlossing deur die Seun van God, Jesus Christus, moet beslis besef word, dat hoe langer jy "nice" is, en die persoon goedpraat in sy/haar dwaalleer in, raak jy medepligtig aan sy/haar Godverlatenheid.

Die wonderlike is dat die gelowige hierdie werk nie uit eie krag kan doen nie. Die Heilige Gees is die Een wat die openbaringswerk doen. Dit is dan ook so dat die gelowige getuie baie verassings beleef tydens evangelisasie, omdat die Heilige Gees werk soos Hy wil.

Die Here het egter vir ons die regte voorbeeld gestel: Die Liefde:

6. Die Here maak dit vir ons moontlik deur 'n ware liefdesverhouding

6.1 Die eienskappe van 'n liefdesverhouding

Indien twee mense die hele tyd dieselfde denke handhaaf en die een doen die hele tyd presies wat die ander een wil hê hy moet doen, bestaan daar werklik 'n verhouding tussen hulle, of selfs 'n verstandhouding tussen hulle? Nee, beslis nie. 'n Mens kan nie 'n sinvolle verhouding met 'n robot hê nie.

Die Here het die mens geskep sodat Hy met hom 'n sinvolle liefdesverhouding kan hê. Dit is slegs moontlik wanneer albei partye dit uit vrye keuse doen. Dit is ook nie die Here wat die mens verdoem het in die Ou Testament nie, dit is die mens, wat ten spyte van die Here se openlike verhouding met die mens, van Hom afvallig geword het.

Die Here is ook 'n God vir alle nasies. Hy het sy volk Israel gekies en met hulle 'n verbond gesluit, maar dit beteken nie dat Hy ander volke verdoem het nie. Die Here se verhouding en die aanslagte daarop versterk juis ons geloof. Jesus is die enigste weg na die Vader, want Hy is deel van God net soos die Vader en die Heilige Gees is. Indien ons nie Jesus aanneem as ons Saligmaker nie, gaan ons Sy oordeel moet deurgaan, nog steeds Jesus.

Indien ons nie die Skrif lees nie, sal ons verkeerde persepsies koppel aan die liefde van die Here. Ons kan nie self besluit hoe moet die Here optree sodat dit vir ons sin maak nie. Ware liefde is dit wat 'n ander mens ewige saligheid bewerkstellig in teenwoordigheid van die Here. Volmaakte liefde is 'n ewige persoonlike verhouding met die Here.

Die liefde van die Here is verlossings liefde. Dit wat 'n ewige verhouding met die Here bewerkstellig. Die Here steek altyd Sy hand uit na die wat Hom aanroep, Hy is verhewe bo menslike begrip. Hy laat verstaan net soos die wat Hom soek kan verstaan. Hy omhels en hou vas volgens ons geloof. Ons geloof baan die weg vir die liefde van die Here. Die Here, deur Sy

groot genade, gee ons geloof deur Sy Woord wat deur die Heilige Gees openbaar word. Die Woord is die Wese van God, die Messias. As mens het Hy Sy lewe vir ons gegee, volgens die profesieë. Niemand het groter liefde as dit nie. Niemand was bereid om Sy plek op die kruis op te neem nie, Niemand kon uit die dood opstaan nie. Veral nie volgens die profesieë nie. Niemand kon, volgens die profesieë, optree soos die ware Bruidegom wat versekering kon gee dat Hy gaan om plek voorberei het vir Sy bruid, en gaan kom om Haar te kom haal nie. Wees verseker, daar is net een God: "Ek Is" - die Here.

Galasiërs 5:6b: "*Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot dade oorgaan".*

6.2 Die Verbond, liefde en blydskap

Dit gaan oor hoeveel jy gee, en nie die fokus op hoeveel jy ontvang nie. Dit is die hele Boodskap van die Bybel. Verlossing, dit wat gegee is, dit wat in lyn met die wil van die Here is, Sy verbond met Israel tot redding van alle nasies, dit is gee – liefde

Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 13 dat die wat nie liefde het nie, het niks.

1 Korintiërs 13:1…….: *"Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword……. al deel ek uit, al gee ek my liggaam prys…..dit is vriendelik; nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie…dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie…….die liefde vergaan nooit nie….geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!"*

Met ander woorde, sonder liefde sal jy vir ewig soek na niks, jy sal van een donker kamer na die volgende wegkruip 2 Kronieke 18:23-24: *"[23]Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op die kakebeen en sê: 'Met watter pad is die Gees van die Here van my af weg om met jou te praat?' [24]En Miga antwoord: 'Dit sal jy sien die dag as jy in een donker kamer na die ander probeer wegkruip.'"*

Aristotelies het gesê dat niks is dit waarvan klippe droom. Ons kan byvoeg: Indentiteitloosheid het geen rigting, doel of toekomsperspektief nie.

Die Here het 'n verbond met Abraham gemaak dat hy 'n groot nageslag sal hê en dat die Messias uit sy nageslag gebore sal word. Dit het ook so gebeur. Die gelowige is 'n kind van die verbond en kan dus verseker wees van die Here se ewige liefde: Jesaja 54:10: *"Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, My vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here wat jou liefhet."*

Die Here openbaar Hom aan ons deur Sy Heilige Gees sodat ons Sy liefde kan beleef as verbondskinders deur die geloof in Jesus Christus. Die Heilige Gees is ook die Bron van blydskap:

1 Tessalonisense 1:6 *"En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom."*

Sonder hierdie realiteit in jou lewe sal jy aanhou glo dat die mens nie 'n verhouding met die Skepper kan hê nie.

6.3 Geloof en Liefde

Liefde is 'n aktiewe bestanddeel van geloof. Paulus verduidelik in Galasiërs 3:25-29 dat ons kinders van Jesus Christus is deur geloof.

Galasiërs 3:25-29: *"[25]Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie. [26]Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, [27]want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. [28]Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één. [29]En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God."*

Johannes verduidelik dat wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie!

1 Johannes 4:7-8: *"[7]Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. [8]Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde. [9]Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: Sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. [10]Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur Sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."*

Geloof en liefde loop dus saam. Liefde stel my in staat om 'n lewende verhouding te hê met die Here. Liefde is die enigste realiteit wat spreek van orde en regverdigheid, van beheer en voorspelbaarheid/vertroudheid. Jy kan op liefde staat maak.

'n Mens kan slegs 'n liefdesverhouding met die Skepper hê indien jy Hom ken en in Hom glo. Die Skepper het Hom dan ook deur Sy Seun duidelik bekend gestel. Die Skepper sal beslis nie op een of ander manier Hom openbaar wat in teenstelling met Sy hele verlossingsplan vir die mens is nie.

Deur liefde en geloof kan ons die Waarheid sien. Ons sien die Messias. Nou kan ons ook tot seën wees vir ander mense/nasies. Ons het egter liefde nodig om hierdie geloof uit te leef. Ons liefde moet ons geloof aktiveer. Dit mobiliseer die gelowige, dit maak dat die trompet blaas en verklaar die die Here is Koning (Fees van Trompette).

6.4 Liefde van die Here staan bo alle dwaalleer uit. Dit is onnabootsbaar.

Die liefde van die Here maak dat die kontras aangespreek word: Sonde teenoor liefde. Die sonde sou kom, daarom was God liefde van die begin af. Indien jy sonde ontken, staan jy slegs daarbinne.

Die liefde van die Here beskik oor ewigheidswaarde. Indien die persoon in niks glo nie, of glo dat die mens nie 'n verhouding met die Here kan hê nie, is die ewigheid ook nie 'n realiteit nie. Die Here het Hom duidelik bekendgestel as die God van liefde en wat lewe gee. Hy het op die aarde, volgens die profesieë, uit die dood kom opstaan sodat ons kan glo. Hierdie liefde ontbloot alle ander gelowe en sektes. Ons liefde vir die Here bring verlossing, dit bring openbaring. Sien Jesus se woorde:

Johannes 14:21-26: *"[21]'Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.' [22]Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: 'Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie?' [23]Jesus antwoord hom: 'As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon. [24]Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het. [25]'Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly; [26]en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.'"*

Sonder hierdie liefdesverhouding met die Here is die persoon net waar die Satan hom wil hê – sonder die Here.

7. Die Liefdesverhouding duidelik geïllustreer sodat ons kan glo

Die verlossingsplan van die Here is so volmaak, dat daar vir ons geen twyfel kan bestaan dat daar slegs een God is wat die Waarheid aan die mens verkondig nie. Een voorbeeld daarvan is die eenheid wat in die Bybel raakgesien kan word. Dieselfde temas, prototipes, profesieë, voorstellings ensomeer word regdeur die Bybel, Ou Testament en Nuwe Testament, raakgesien omdat dit een Outeur is wat deur middel van mense die Woord daargestel het. Hierdie eenheid is dan ook in konteks met die Messiaanse, profetiese realiteit. Met ander woorde, die profesieë het nie net waar geword nie, dit het ook binne konteks waar geword.

Een van hierdie baie openbarings wat in die Bybel raakgesien kan word is die Here wat deur die eeue, Ou Testament en Nuwe Testament, Sy liefdesverhouding met die mens voorstel as 'n huwelik.

7.1 Die Bruidegom en bruid in die Ou Testament

Die openbaring van die Here, die Lig vir alle nasies, is volmaak: Psalm 19:6 (ongeveer 1000 v.C.) *"As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom."*

7.1.1 Die skoonheid van Sy bruid wie Hy gewas het en vir Homself gevat het

Die Here is die Bruidegom vir gelowiges vanuit alle nasies: Psalm 45:13-15 (ongeveer 1000 voor Christus) *"[13]Dogter van Tirus, die rykes van die volk sal u guns soek met geskenke. [14]In louter prag staan die koningin daar in haar kleed van goudbrokaat; [15]in haar veelkleurige rok word sy na die koning toe gelei; sy en haar gevolg van jong meisies, haar vriendinne, word na u toe gebring."*

Profeties die getroue volk word as die bruid uitgebeeld Hooglied 1:15 (Ongeveer 950 voor Christus): *"Jy is mooi my liefling, jy is mooi, jou oë is duiwe" en 4:7 "Alles aan jou is mooi my liefling, aan jou is niks verkeerd nie."*

Die Bruidegom verklaar dat Sy bruid syne is: Jesaja 43:1 (Ongeveer 750 voor Christus) *"Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne."*

Jesaja praat die ballinge moed in: Jesaja 54:5 *"Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem."*

Jesaja 62:5 (Jerusalem) *"Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees."*

Die Here se liefdesverhouding bly staan om die ballinge terug te bring en redding aan alle gelowiges te bewerkstellig. Duidelik verwys redding na die goeie verhouding tussen die Bruidegom en die bruid: Hosea 2:15-19 (ongeveer 722 v.C.) *"15Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: 'My man,' en My nie meer as 'n Baäl beskou nie. 16Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie. 17Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees. 18Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming. 19Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees."*

Jeremia 2:2 (ongeveer 600 voor Christus) *"Gaan roep hierdie woorde uit sodat elkeen in Jerusalem dit kan hoor. So sê die Here. Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy My bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie."*

Jeremia 3:1: *"Die Here vra: Mag 'n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en 'n ander man se vrou word, na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? En jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na my toe terugkom? vra die Here."* (Sien ook Jeremia 3:6-7; 3:20-21)

Esegiël 16:5-14 (Ongeveer 597 voor Christus) *"……..13'Jy kon jou tooi in goud en silwer, jou klee in linne, kosbare stof, veelkleurige materiaal; jou kos was fynmeel, heuning en olie. Jy het baie mooi geword, geskik om 'n koningin te wees. 14Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het,' sê die Here my God."*

7.2 Die Bruidegom en bruid in die Nuwe Testament

Jesus verwys na Homself as die "bruidegom" op verskeie plekke soos in Markus 2:19*: "Jesus antwoord hulle: 'Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.'"* (Sien ook Matteus 9:15; 25:1)

In Lukas 5:34 word oor dieselfde woorde van Jesus getuig: *"Toe sê Jesus vir hulle: 'Kan julle dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is?'"*

Efesiërs 5:25-27: *"25Mans, julle moet julle vroue liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad en Sy lewe daarvoor afgelê het. 26Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het, 27sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik."*

Die finale bruilof word in Openbaring 19:7-9 geprofeteer: *"7'Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. 8God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.' Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. 9Toe sê die engel vir my: 'Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.'"*

Die liefde van die Here strek duidelik tot redding van almal en gaan alle verstand te bowe. Ons moet dit nie probeer verstaan nie, maar kan dit met volle oortuiging en blydskap aangryp: Filippense 4:6-7: *"6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagte die wag hou in Christus Jesus."*

8. Jesus is die Waarheid en die Lig

Daar is meer as drie-honderd Messiaanse profesieë in die Ou Testament. Kyk byvoorbeeld wat skryf die Psalmis ongeveer duisend jaar voor Christus:

Psalm 43:2-3: *"[2]Net U is my skuiling, my God; waarom verstoot U my dan? Waarom moet ek gebuk gaan onder die smaad van die vyand? [3]Stuur U lig en U waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na U woning."*

Paulus bevestig baie duidelik waar ons insig vandaan kom: 2 Korintiërs 10:17: *"[17]Maar die Skrif sê: 'Hy wat roem, moet in die Here roem.' [18]Die man wat die proef deurstaan het, is nie die een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word."*

8.1 Jesus die Lig vir die wêreld

1 Johannes 1:5: *"Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie."*

Kyk na Jesus se woorde:

Johannes 12:35-36: *"[35]Toe sê Jesus vir hulle: 'Nog net 'n kort tydjie is die **lig** by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe weet nie waar hy gaan uitkom nie. [36]Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees."*

Dit is dan wonderlik om te besef dat Jesus juis tydens die Fees van Lig (ook na verwys as die Fees van Tempelwyding) letterlik lig gebring het aan die blinde man.

Johannes 9:3-7: *"[3]En Jesus antwoord: 'Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word. [4]So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom wanneer niemand kan werk nie. [5]Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld'. [6]Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë [7]en sê vir hom: 'Gaan was jou in die Siloambad.' Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien."*

8.2 Jesus is die Waarheid van God

In Paulus se pastorale brief aan Titus getuig hy as volg:

Titus 1:1-3: *"[1]Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God [2]en wat hoop gee op die ewige lewe. God wat Sy woord hou, het die ewige lewe lank gelede aan ons belowe. [3]Nou het Hy op die bestemde tyd sy woord bekend gemaak deur die prediking wat as opdrag aan my toevertrou is deur God ons verlosser."*

Jesus bevestig dat Hy die Waarheid is:

Johannes 8:31-32: *"[31]Toe sê Jesus aan die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

Indien iemand sou beweer dat daar nie iets soos die waarheid bestaan nie, is dit egter ook 'n self weersprekende stelling want indien daar nie waarheid is nie, kan die stelling self wat gemaak word, ook nie waar wees nie!

Ons kan die Waarheid, Jesus Christus, ken. Die Here het Sy wese, en ons Redder, Jesus Christus, binne ons bereik gebring

Kyk byvoorbeeld hoe bevestig die Here reeds meer as 740 jaar voor Christus dat Hy toekomstige dinge profeteer sodat ons kan glo. Die grootste profesie is die van die Messias wat sou kom om versoening te bewerkstellig:

Jesaja 42:8-9: *"[8]Ek is die Here, dit is My Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie. [9]Wat Ek vroeër aangekondig het, het plaasgevind. Ek kondig nuwe dinge aan. Voor dit begin gebeur, laat Ek julle al daarvan hoor."*

8.3 Verlossing is aan almal beskikbaar wat daarna vra.

Dawid skryf ongeveer eenduisend jaar voor Christus: Psalm 145:18*: "Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep."*

Die Profete in die Ou Testament het daarop gewys dat 'n mens die Here moet soek en na Sy wil moet vra. Sien Jeremia 29:13-14: *"[13]Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. [14]Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al*

die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het."

Jesus se woorde in Johannes 14:21*:"Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar."*

Dit is wonderlik om te besef dat die Here Hom aan ons openbaar wanneer ons na Sy toenadering soek. Dit is in werklikheid 'n bo-natuurlike ingryping wat in ons lewens plaasvind. Dit vind so plaas dat ons persoonlik daarvan kan getuig. Kyk hoe skryf Paulus vanuit baie slegte omstandighede in die tronk:

Filippense 4:4-7: *"[4]Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! [5]Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. [6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."*

9. Die gelowige staan in diens van die Here

In die vorige afdeling is gesien dat liefde 'n integrale deel is van geloof. Dit weerspieël die Wese van God wat in ons leef. Die Heilige Gees is die enigste Een wat die Woord openbaar en onderrig. Dit kan dus afgelei word, dat indien die gelowige buite die liefde die Evangelie bedien, hy/sy hom/haar skuldig maak aan huigelary.

Jesus waarsku hierteen: Matteus 23:3: "*Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie."*

Jesus maak dit ook duidelik Wie die ware Leier is:

Matteus 23:8-12: *"[8]'Maar julle moet julle nie 'Rabbi' laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers. [9]Moet niemand hier op aarde as 'Vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel. [10]Julle moet julle nie 'leiers' laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus. [11]Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien. [12]Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.'"*

Leermeesters sal strenger beoordeel word: Jakobus 3:1: *"My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word."*

Die gelowige kan egter verseker wees dat die Skepper van die heelal sy/haar Leermeester en Leier is. Hy hou Sy magswoord in stand.

Hebreërs 1:1-3: *"[1]In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, [2]maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. [3]Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur Sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel."*

Die gelowige bestudeer die Woord van God, en dit lei tot kennis van die Waarheid, wat lei tot diens van die Here. Die hoop wat in ons lewe word dan 'n getuie vir ander mense.

Titus 1:1-3: *"[1]Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God [2]en wat hoop gee op die ewige lewe. God wat Sy woord hou, het die ewige lewe lank gelede aan ons belowe. [3]Nou het Hy op die bestemde tyd sy woord bekend gemaak deur die prediking wat as opdrag aan my toevertrou is deur God ons verlosser."*

'n Mens se lewe het waarde en betekenis solank jou lewe in diens en gehoorsaamheid aan die Here is (Bybel in Praktyk OT p597). Sien ook Filippense 2:13 wat bevestig dat die Here is wat ons gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer:

Filippense 2:12-14: *"[12]My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, [13]want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. [14]Doen alles sonder kla of teëpraat."*

Sien ook 2 Kronieke 15:2: *"Hy het Asa tegemoet gegaan en vir hom gesê: 'Luister na my, Asa en alle manne van Juda en Benjamin: As julle by die Here is, sal Hy by julle wees; as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.'"*

Dawid getuig reeds in 1 Kronieke 29:10-13: *"[10]Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid, [11]Die grootheid Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op die aarde. Aan U Here behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. [12]Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak. [13]En nou loof ons U, ons God, ons prys U glansryke Naam."*

Die “Groot Opdrag” deur die Skepper:

Matteus 28:19-20: *“[19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

10. Hoe bied jy die Evangelie van liefde aan sonder om die ander persoon seer te maak, of te beledig?

Dr Ravi Zacharias het in een van sy praatjies “Let my people think” gesê dat ‘n goeie metodiek wanneer die Evangelie in ‘n gesprek bevraagteken word, is om die persoon met teenvrae te nader. Daar word baie ongegronde aantuigings teen die Evangelie gemaak, maar wanneer die aantuiging bevraagteken word, word ontdek dat dit nie werklik in die Skrif so staan nie. Vrae help ook die ander party om by die bron, of oorsprong, van sy/haar eie mistastings uit te kom.

Ons het egter duidelik in hierdie studie gesien dat die toenadering in konteks tot die Here se liefde moet plaasvind. Die gelowige is nie die een wat oordeel nie, maar tree op as die boodskapper en getuie.

Deur die genade van Jesus Christus en die werking van die Heilige Gees, ontwikkel die gelowige 'n behoefte om die Woord te dien en nie om filosofies te staan nie. Die gelowige is eerder diensbaar as wat hy/sy wys probeer wees. Ons is die bevoorregte dissipel en nie 'n redder nie. Ons is deel van die liggaam van Christus – die Kerk. Hierdie realiteit in die gelowige se lewe moet die gespreksgenoot aanspreek om ook deel daarvan te wil wees.

Efesiërs 4:10-16: *"[10]Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. [11]En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het": apostels, profete, evangeliste en herders en leraars. [12]Sy doel daarmee was om gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. [13]So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. [14]Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. [15]Nee ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof, [16]en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam hom op in liefde."*

Die Heilige Gees is 'n Persoon wat ons ontvang tydens wedergeboorte en ons deel gee aan die Goddelike natuur!

2 Petrus 1:1-21: *“[1]Van Simon Petrus, 'n dienaar en apostel van Jesus Christus. Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het. [2]Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here! [3]Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. [4]Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. [5]En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, [6]die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, [7]die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense. [8]As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. [9]Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is. [10]Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie. [11]En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. [12]Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is. [13]Ek ag dit immers*

my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe. [14]Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak. [15]Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou. [16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. [20]Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."

2 Korintiërs 4:5: *"Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus."*

Die Here het baie duidelik Sy Woord aan die mens openbaar deur Sy Seun Jesus Christus. Ons leer dus die Vader ken deur die Seun.

Ongeveer 1300 jaar voor Christus sê die Here die volgende aan Moses:

Deuteronomium 18:18: *"Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel."*

Ons kan vandag sien dat Jesus Christus die Naam van die Here aan ons kom bevestig het en dat Hy die Here se woorde aan die mens oorgedra het, Hy is die Woord van die Here. Jesus bid vir Sy dissipels as volg:

Johannes 17:6-8: *"[6]Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem. [7]Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; [8]want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het."*

Die Heilige Gees is deur Jesus nagelaat wat die Woord aan die mens openbaar. Dit is ook slegs die Here wat deur die genade van Sy Seun Homself aan 'n mens openbaar. Wanneer ons sê dat ons mense vir Christus moet wen, is die enigste effektiewe manier om dit te doen deur middel van die Goddelike Openbaring wat ons in die Woord sien – Jesus Christus. Dit dwing die gelowige tot 'n "persoonlike getuienis" van Wie die Here aan hom/haar openbaar het. Dit is 'n persoon se persoonlike getuienis wat 'n ander persoon aanspreek. Die gelowige laat die Woord getuig.

Hoofstuk 8
Inleiding tot dwaalleer

1. Inleiding

Die wapenrusting van die gelowige: Efesiërs 6:10-20: *“10Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in Sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die lustige aanslagte van die duiwel. 12Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnals, 15en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan julle voete. 16Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. **17Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.** 18Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.”*

Die verlossingswerk van die Here stel ons in staat om te glo ten spyte van die aanslae van die Bose. Die Woord van God is tot dusvêr aangebied met ‘n sterk apologetiese benadering om sodoende die realiteit van die Messias na vore te bring. Hierdie kennis dien nou as beskerming teen die leuens wat in die wêreld aangebied word. Ons sal slegs ‘n leuen kan verstaan, en adresseer, indien ons die teendeel, die Waarheid, aangeneem het.

Ons moet nie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie!

2 Timoteus 1:8: *“Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.”*

2. Ons is oorwinnaars in Christus

Die Woord van God, die Messias het volmaakte verlossing bewerkstellig vir almal wat in Hom glo. Hierdie verlossingsdaad van die Here staan duidelik vêr uit bo alle dwaalleer. Die Waarheid is volmaak geopenbaar sodat almal die Here kan ken en glo in Sy ewige verbond met die mens.

2.1 Die Naam van die Here was bekend van die begin af en maak volmaakte en ewige versoening tussen God en die gelowige moontlik.

Die Here is die enigste God wat die Skepper van die heelal is en is steeds aktief by Sy skepping betrokke (Teïstiese God). In die vorige Hoofstukke het ons gesien dat Hy Sy Naam van die begin af duidelik bekend gemaak het as Die Here (“Ek Is” = God van die verbond) en het ook Sy Naam op die aarde bekend gemaak deur middel van Sy Seun en Messias, Jesus Christus. Deur die Tempel spreek die Here die gelowige in Jesus Christus (Die Lam en Goddelike Hoëpriester) histories aan tot gehoorsaamheid aan die verbond. Dieselfde Jesus Christus (Die Aangesig en Wese van God op ‘n tasbare (empiriese) wyse) het die verbond (profeties akkuraat) hernu en het die Woord van God (Die Bybel) volmaak nagelaat wat deur middel van die Heilige Gees getuig van Sy versoeningswerk. Steeds deur middel van die Tempel bevestig die Here profeties (Esegiël 40 en Openbaring 21) dat daar vir die gelowige in Sy versoeningswerk (Die Messias, Jesus Christus) ewige saligheid voorlê. Die gelowige kan uitsien na die ewige vreugde wanneer die Here die volmaakte Tempel in sy lewe word.

Hebreërs 2:10-17: *“10God, terwille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan Sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring. 11Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle Sy broers te noem nie. 12Hy sê tog: ‘Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing.’ 13Ook sê Hy: ‘Ek sal altyd op Hom vertrou.’ En vêrder: ‘Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het.’ 14Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om*

deur Sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig.[15]en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle lewe lank in slawerny was, te bevry. [16]Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham. [17]Daarom moes Hy in elke opsig aan Sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. [18]Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word."

2.2 Deur die Gees van God is ons vry van die wet en verkry ons lewe in Jesus Christus

Deur die Gees van God alleen word ons kinders van God. Die Seun van God het as Seun van die mens gekom en namens ons met die sonde afgereken. Dit het die Seun van God ook die Dienaar van God gemaak wat die versoeningswerk gedoen het, wat die mens nie kon regkry nie.

Romeine 8:1-4: *"[1]Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie. [2]Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood. [3]Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur Sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. [4]Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees."*

Romeine 8:14-17: *"[14]Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. [15]Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. [16]Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. [17]En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan Sy leiding, sal ons ook deel hê aan Sy heerlikheid."*

2.3 Die Here bevry ons van alle verganklikheid

Die Woord van God (Jesus Christus, Johannes 1) het van die begin af Hom openlik met die mens bemoei. Die Here het getuienisse nagelaat en profesieë teweeg gebring wat outentieke hoop vir die gelowige inhou. Dink byvoorbeeld aan die meer as 330 Messiaanse profesieë in die Ou Testament wat deur Jesus volmaak volbring is. Dink ook aan die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here (Hoofstuk 5). Meeste van die feeste is reeds volmaak volbring deur Jesus Christus. Indien die meeste, in detail, volmaak volbring is, sal die wat nog nie volbring is nie sekerlik nog realiseer deur middel van dieselfde Jesus Christus, duidelik die Messias. Die Here het ook baie ander parallelle en eenheidswaarhede in plek gebring. Dink byvoorbeeld aan die Bruidegom en bruid en die feit dat die Bruidegom sal kom om Sy bruid te kom haal. Hierdie eenheidswaarheid word regdeur die Bybel raakgesien. Daar is nog baie ander soortgelyke eenheidswaarhede in die Bybel (Sien gerus verskeie Bybelstudies op http://www.matthew28.co.za).

Die Woord van die Here maak outentiek dit vir die mens moontlik om te kan glo. Die Heilige Gees openbaar die Woord (Die Messias) aan die mens wat die Aangesig van die Here soek (Johannes 14:21 en Openbaring 3:20). Met outentiek word bedoel dat die Woord bo enige ander namaaksel uitstaan. Niks of niemand kan hiermee kompeteer of dit vervang, of herinterpreteer, of naboots, of opvolg, of wat ook al, nie. Verganklikheid is uit die weg geruim vir die gelowige, vir ewig. Ons kan Hom dien want ons kan Hom ken!

Romeine 8:22-25: *"[22]Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in pyne van verwagting. [23]En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van alle verganklikheid bevry. [24]Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? [25]Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding."*

2.4 In Christus verkry ons nuwe identiteit.

In Christus is die gelowige deel van die verbond met God. Jy word deel van die Here se verlossingsplan. Jy word 'n kind van Abraham uit wie se nageslag die Messias, Jesus Christus, gebore is. In 1 Samuel 18 kan gelees word hoe Jonatan sy kleed aan Dawid oorhandig het. Dit het hy gedoen omdat hy hom lief gehad het soos homself. Dawid het die kleed aangetrek. Hiermee word bevestig dat Dawid die wese van Jonatan aangeneem het. Hulle het 'n verbond gesluit.

Die gelowige in die openbaring en verlossingswerk van God trek die kleed van Christus aan. Hy (of sy) verkry nuwe identiteit in Christus.

Efesiërs 4:17-24: *"[17]In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, [18]hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. [19]Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen. [20]Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. [21]Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle Sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. [22]Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. [23]Julle gees en gedagtes moet nuut word; [24]lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig."*

2 Timoteus 2:22-26: *"[22]Vermy die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep. [23]Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrae inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak. [24]'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. [25]Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. [26]Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam."*

Dit is duidelik dat die mens slegs een Wese, in dit is die van die Here Jesus Christus, kan aanneem deur geloof om in ewige versoening (onverganklikheid) met die Skepper te kan wees. Geen ander dogma, geskrif, profeet, apostel, priester, interpreteerder, boodskapper, god, opvolger, of wat ook al, kan dit vir jou doen nie. Indien enige dogma vir jou iets anders wil leer as die feit dat Jesus Christus die Seun van God is en uit die dood opgestaan het, moet jy vra: waar pas dit in in die verlossingsplan van God?

Johannes 8:31-32: *"[31]Toe sê Jesus aan die Jode wat in Hom glo: 'As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik My dissipels; [32]en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.'"*

2.5 Opsommend: Oorwinnaars in Christus

Die woorde van C.S. Lewis: "There are only two kinds of people in the end: those who say to God, 'Thy will be done,' and those to whom God says, in the end, 'Thy will be done.'" (22, p377) Geisler en Turek sê die volgende: "God does not send anyone to hell! If you reject Christ, you'll send yourself there." (22, p385)

Sien Romeine 1:18-25: *"[18]God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk. [19]Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring. [20]Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie, [21]omdat, weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister. [22]Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas. [23]In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange. [24]Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. [25]Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen."*

In Johannes 14:21 en Openbaring 3:20 stel die Here dit duidelik dat Hy Hom aan die openbaar wat Hom soek. Deur Sy genade gee Hy ons insig in Sy Woord.

Sien Psalm 119:130: *"Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan die wat nog onervare is."*

Die grootste openbaring tot dusvêr was Jesus wat Self op die aarde as mens die Wese van God kom openbaar het. Hy is die Waarheid wat oor Homself kom getuig het. Jesus in gesprek met Pilatus net voor Sy kruisiging, Johannes 18:37-38: *"'[37]Dan is jy tog wel 'n koning?' vra Pilatus. 'Dit is soos u sê: Ek is 'n koning,' antwoord Jesus. 'Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.' [38]'Wat is die waarheid?' Sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle : 'Ek vind geen skuld in hom nie.'"*

Die Heilige Gees werk steeds vandag aktief om die Woord van God aan die mens te openbaar.

Abraham Lincoln het gesê: "The Bible is the best present given by God to man."

Deur die Woord verkry ons identiteit in die Messias. Deur die werking van die Heilige Gees tree ons in gehoorsaamheid tot Sy Wese en vind ewige versoening met Hom, die Vader. Lees gerus Romeine 8.

3. Apologetiek

3.1 Definisie

- Norman Geisler en Frank Turek sê dat die blootstelling van onvoldoende gronde vir gelowe die pad oopgemaak word vir voldoende gronde deur die soeker na die waarheid (22, p53).
- Geisler en Turek sê dat ‘n Apologeet iemand is wat wys hoe goeie rede en bewyse ‘n sekere geloof ondersteun of weerspreek (22, p53)
- Dr Ravi Zacharias: “To clear the bushes so that the people can have an unobstructed view of Christ.”
- Samesteller se nota: Apologetiek is die tegniek wat gebruik word om die persoon so effektief as moontlik by die Waarheid Jesus Christus uit te bring. Hoe meer doeltreffend apologetiek aangewend word, hoe minder sal die proses self benodig word.

3.2 Hoekom is Apologetiek dan noodsaaklik?

Norman Geisler en Frank Turek sê in hulle boek (22, p14) dat die belangrike is nie dat hulle Christine is nie, maar hoekom hulle Christine geword het, hulle was nie altyd Christine nie.

Frank Turek (22, p22) sê dat dit is moeilik om te probeer bewys dat sjokolade roomys lekkerder is as vanilla roomys. Dit is die probleem met die verskillende gelowe.

Dr Normal Geisler (22, p37) wat verwys na die voorval waar die humanis, Michael Constantine, Dr Geisler se boek, Christian Apologetics, omhoog gehou het en beweer het dat Christene “narrow-minded” is. Dr Geisler het weer op sy beurt die humanis se boek omhoog gehou, Religion Without God, en beweer dat humaniste is “narrow-minded”, want elkeen beweer dat dit wat buite hulle eie leerstelling staan onwaar is.

Geisler en Turek wys op die volgende drie belangrike feite (22, p53-54):

- Enige leerstelling, godsdienstig of nie, kan vertrou word alleenlik indien dit verwys na die waarheid. Onverskilligheid teenoor die waarheid is gevaarlik. Om die waarheid te sê, om in valsheid te glo kan dodelike gevolge hê, beide tydelik en ewig.
- Baie gelowe wat mense vandag aanhang word nie ondersteun deur bewyse nie maar slegs deur subjektiewe voorkeure van daardie persone wat dit aanhang.
- Indien ’n persoon by die waarheid wil uitkom moet hy/sy gereed wees om die subjektiewe voorkeure prys te gee ten gunste van objektiewe feite.

Dit is geweldig belangrik om op die regte gedagtes te besluit. In Efesiërs 6 lees ons van die geestelike stryd waarmee die gelowige te doen het. Die apologeet bring die persoon by die Waarheid: Jesus Christus uit, en kan ook ’n baie groot rol speel om die persoon te ondersteun in die proses van die ontdekkingsreis. Joyce Meyer dui op die noodsaaklikheid om op die denke en gesindheid van Christus te fokus. Sy dui op die volgende punte (36, p161-181)

- *Handhaaf positiewe gedagtes*. Die gedagtes van Christus is positief, daarom, die oomblik wanneer ons negatief raak, is ons nie besig om te beweeg binne die raamwerk van Christus se denkwyse nie. Die Here wil die mens verhef en die Satan wil die mens verneder. Satan gebruik negatiewe gebeurtenisse en situasies van die mens se lewe om hom/haar sodoende depressief te maak.
- *Hou God in gedagte*. Dit is onmoontlik om gemeenskap met ’n persoon te hê sonder om jou gedagtes op daardie persoon te vestig. Dit is geweldig positief en ondersteunend om te dink oor die goedheid van God en al die wonderlike werke van Sy hande.
- *Hou in gedagte dat die Here jou liefhet*. 1 Johannes 4:16*: “En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde, wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.”*
- *Handhaaf bemoedigende (aansporende) gedagtes*. Romeine 12:8: *“As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig....”* Die persoon met die denke van Christus dink positief, opbouend, en identifiseer gedagtes oor ander mense en oor hom/haarself en sy/haar eie omstandighede. Dit is nie moontlik om iemand anders te bemoedig met jou woorde indien jy nie self positiewe gedagtes oor daardie individu gehad het nie. Joyce wys ook daarop dat wat ook al in jou hart is gaan by die mond uitkom. Stuur gedagtes van liefde aan ander mense. Spreek woorde van bemoediging aan hulle. Ons hou ons nie binne die Woord van God indien ons gedagtes die teenoorgestelde is van wat dit sê nie. Ons beweeg nie binne die Woord indien ons nie binne die Woord dink nie.

- Ontwikkel ’n gesindheid van dankbaarheid. Psalm 100:4-5*: “[4]Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam, [5]want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.”* ’n Persoon wat die gesindheid van Christus aanhang sal vind dat sy/haar gedagtes met lofprysing en danksegging gevul is. Baie deure word vir die vyand geopen as gevolg van ’n geklaery. Deur te kla deur gedagtes of deur woorde, is ’n doodsbeginsel, maar deur dankbaar te wees en ook deur so te sê, is ’n lewensbeginsel. God se Woord is Sy gedagtes wat op papier neergeskryf is vir ons bestudering en inagneming. Sy Woord is hoe Hy dink oor elke situasie en onderwerp. Deur oor, en in, die Woord van God te mediteer is een van die belangrikste lewensbeginsels wat ons kan aanleer. Meditasie oor die Woord van God sal lewe aan jou bedien en ook uiteindelik aan die rondom jou.

3.3 Strategies getrou aan die werking van die Heilige Gees

Die gelowige moet getrou bly aan die werking van die Heilige Gees en nie die werk uit eie krag probeer doen nie.

Soek die waarheid slegs binne die waarheid, of in konteks met die waarheid, en dit is die Woord. Onthou Johannes 8:31-32 waar Jesus dit duidelik stel dat die Seun die Waarheid is, en alleen Hy maak ons vry. Die Heilige Gees doen die werk:

Romeine 14:17-18: *“[17]Die koninkryk van God is nie ‘n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee. [18]Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense.”*

1 Korintiërs 2:4-5: *“[4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.”*

Geloof maak jou ‘n verbondskind, dan sal Openbaring 19:9 relevansie hê op jou lewe. *“Toe sê die engel vir my: ‘Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.”* Jesus het dit alles vir ons moontlik gemaak. Matteus 28:19-20: *“[19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”*

Frank Turek (22, p39) wat daarop wys dat indien ‘n mens bedag raak op “self-defeating” uitlatings, jy ‘n goeie verdediger vir die waarheid sal raak. Byvoorbeeld: “There is no such thing as the truth” is ‘n baie gewilde stelling deur moderne wyshere. Die feit dat die stelling homself weerspreek wys daarop dat die stelling nie bestaansreg het nie.

3.4 Die getuie en geloof

Alleen geloof in Jesus Christus bring redding en dit plaas die getuie in gehoorsaamheid tot die Woord. Sonder geloof aanbid ons die hoogste, begrypbare, vorm van ‘n god, en nie die Skepper met ‘n Persoonlikheid waarmee ons in verhouding kan staan nie.

Efesiërs 3:17: *“dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.”*

Romeine 10:9: *“As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.”* Lees ook die res van Romeine 10.

Johannes 1:11-14: *“[11]Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. [12]Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. [13]Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van ‘n mens of die besluit van ‘n man nie, maar hulle is uit God gebore. [14]Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.”*

Francis Frangipane (www.frangipane.org, comments@frangipane.org) skryf: We also need to know Christ is not just our Saviour, but He also is the "author and perfecter" of our faith (Heb 12:2). In order for faith to mature, it needs situations where faith alone can sustain us. "Faith" is not merely a proper understanding of doctrinal issues; faith is the spiritual "substance of things hoped for; the evidence of things not seen" (Heb 11:1 KJV). We must not only possess accurate doctrines about faith; we must live by faith as well.

Indeed, there are times when, for faith to develop, we must trust God in spite of how things appear. Jesus often told people to take courage, for their faith had saved them (see Mt 9:2, 9:22, etc.). There will always be times when, against the glaring face of a negative reality, true faith arises, appropriates courage and locks into the integrity of God's promise. We must let faith arise in the context of resistance. This is the faith that touches God's heart.

The enemy comes to dis-courage or remove the courage from our hearts, and thus causes us to withdraw into unbelief. To win our fight of faith, we must not surrender to discouragement. Yes, times will come when we will ask God for greater wisdom; certainly, we will adjust our attitudes and become both flexible and wiser as we process the faith assignment destiny has set before us. But we must not give up: *"For yet in a very little while, He who is coming will come, and will not delay. But My righteous one shall live by faith; and if he shrinks back, My soul has no pleasure in him"* (Heb 10:37-38).

'n Mens moet jou deur middel van geloof beskikbaar stel vir die Here om deur Christus met jou te kommunikeer. Hoekom is daar nie openbarings aan al die groot denkers en filosowe gemaak nie? Hulle het nie deur geloof na die Here gekom nie. Geloof in Jesus Christus stel ons in staat om die skeiding tussen die natuurlike en die geestelike wêreld te oorbrug.

Ons sal slegs weet wat die wil van God is indien ons God toelaat om ons denke te vernuwe. Romeine 12:1-2: *"[1]En nou doen ek 'n beroep op julle broers, op grond van die groot ontferming van God. Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. [2]Julle moet nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."*

Dit is duidelik dat ons geloof genade van die Here is en plaas ons onwillekeurig in gehoorsaamheid tot die Here se groot opdrag – Maak dissipels van alle nasies. Ons bediening tot God is belangriker as ons bediening aan die wêreld.

Al beskik jy oor watter kennis, sonder geloof help dit jou niks.

3.4.1 Wat sê ander wyshere oor geloof?

God kan slegs geken word deur geloof. Karl Rahner (1904-1984)), 'n Duitse teoloog wat gesien word as een van die belangrikste Rooms Katolieke teoloë, het gesê dat inherent en samehangend met elke menslike poging tot kennis en motief, is daar 'n sekere bewustheid van die grootheid van bestaan (infinity of being), met ander woorde van God. Hy het beweer dat God nie direk geken kan word nie. God kan nie 'n begrip van die verstand wees soos wat 'n stoel of 'n tafel kan wees nie. Wanneer ons egter 'n sekere ding weet, of 'n sekere bepaalde waarde verlang, dan is ons nie tevrede met die spesifieke waarde of begrip nie, maar soek ons altyd iets wat strek verby dit, na die totale wese van bestaan en daarom na God. Hy sê dus dat almal is in 'n sekere mate bewus van God, of hulle daarvan bewus is of nie, en dat al ons mees-eenvoudige kontak met die wêreld onmoontlik sou wees sonder hierdie bewustheid (14, p175).

Richard Armstrong (23, p57) beweer dat geloof is die sleutel tot die Evangelie. Geloof is ons persoonlike toe-eiening van God se genadegawe.

Søren Kierkegaard (1813-1855), 'n Skandinawiese filosoof, het beweer dat die self is 'n proses wat onvolledig is sonder God (14,p129).

Rudolf Bultman (1884-1976), 'n Duitser wat sterk teen Hitler gekant was, het hom beywer om mitologie uit te wis deur te fokus op die Nuwe Testament. Hy het daarop gewys dat Jesus Christus sentraal staan in die individu se oorgang van 'n nie-outentieke na 'n outentieke lewe (14, p142). Om by te voeg kan ons ook sê: on-eg na eg, ongeloofwaardig na geloofwaardig, onbetroubaar na betroubaar. Sien Psalm 19:8: *"Die woord van die Here is volmaak; dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar; dit gee wysheid aan die wat nog onervare is."*

Geloof laat die Heilige Gees in ons werk. Die Switserse teoloog, Karl Barth (1886-1968), wat beskou word as een van die grootste teoloë van die 20ste eeu, het daarop gewys dat die Heilige Gees alleen die goddelike realiteit van God se openbaring aan ons kan uitwys. Barth het dan ook die leerstellinge van Schleiermacher (1768-1834) aangevul wat gefokus het op God se openbaring aan die mens deur middel van Jesus Christus. Barth het gesê dat God se openbaring aan die mens is 'n Drie-Enige voorval. God openbaar Hom aan ons in Sy Seun deur middel van die werking van die Heilige Gees (14, p158). Om by te voeg, dit is al manier hoe ons met ons beperkte verwysingsraamwerk God kan ontmoet.

Geloof maak ons deel van God se verbondsvolk. God het self Sy betrokkenheid by die mens gekies. Met die verbond en geloof maak ons die ander deel van die verbondsgenote van God. Karl Barth (1886-1968) het hierdie afleiding gemaak nadat hy sy leerstelling oor God se openbaring aan die mens afgehandel het. Hy het dan ook die ontologie (filosofie oor die rede om te bestaan) van die mens daaropvolgend verklaar (14, p159).

4. Die wêreld sonder God

4.1 Wat is verganklikheid?

Verganklikheid kan gesien word as die lewe sonder God. Godverlatenheid. Die volmaakte vorm van kundigheid buite God, die Here. Eienskappe van die gees van godverlatenheid lyk, onder andere, soos volg:

- Hy doen hom voor as die wysheer. Die kundige wat objektief na die lewe kyk, die groot filosoof. Maar, inherent is hy verlore. Hy soek na medeverlorenes en vind ‘n tuiste in ewige angs.
- Wanneer hy in die minderheid is, doen hy hom voor as die sagmoedige en goedgunstige, selfs soms welsynswerker. Wanneer hy die meerderheid word, of met mag beklee word, staan hy saam tot verwoesting van alles, en almal, wat nie saam met hom in angs verkeer nie.
- Hy loop rond met geheime en strategieë waarvan die oorsprong tot vernietiging van homself streef, en hy self besef dit nie.
- Hy glo hy beskik oor die antwoord, hy hoef nie te soek na die waarheid nie, maar kan niks sinvol antwoord oor die ewigheid nie. Sy beperkte verwysingsraamwerk knoop hom vas tot die natuurlike. Hy besef nie dat die natuurlike ‘n oorsprong moes gehad het vanuit die Ewige, die Bonatuurlike, nie.
- Hy hou hom besig met die dinge en verklarings van ‘n mens, met energievlakke en sterre voorspellings. Hy soek sin in ‘n toestand van verheerliking wat in werklikheid niks anders as ‘n neutrale toestand van die brein is nie. Dink aan niks, bereik niks en raak verlore.

In Hoofstuk 7 is gekyk na filosofie en Dr Ravi Zacharias wat vra, kan die mens sonder God leef?

Ironies is dit wanneer mens opmerk dat die ideologieë wat hulle voordoen as die antwoord vir die mensdom, juis die uitwissers van die mensdom is. Die fokus juis op gelowiges. Goeie voorbeelde hiervan is Feuerbach die vader van kommunisme en Hitler met sy “Super Nation”. Meer hiervan in die afdeling: Chronologiese samevatting van sektes en ander strominge.

Die wêreld sonder die Here is verlore, dit is selfvernietigend. Morele verval tree in. Ons kan nie sonder hierdie morele wet oorleef nie, geskiedenis het dit bewys

Onder ateïsme is daar is nie plek vir die morele nie, maar dit is al bewys dat ons nie sonder die morele kan leef nie.

Sonder die Here is daar ‘n algehele verlorenheid en verlies aan betekenis.

Waldeck (15, p 73) verwys na die wyse Tertullianus. ‘n Briljante prokureur wat in sy bekende Adversus Praxeam (ongeveer 200 na Christus) beweer het dat hy, deur middel van die bevestiging van die Drie-eenheid van God, twee fokusareas van die Duiwel se werksaamhede geïdentifiseer het. Die Duiwel het profesie uitgedryf en kettery ingebring: “Die Duiwel het die Heilige Gees weggestuur en die Vader gekruisig.”

Om by te voeg, dit is insiggewend om te besef dat die Heilige Gees juis die Een is wat God se Woord aan ons openbaar. Dit is ook die Heilige Gees wat deur Jesus nagelaat is om ons krag te gee in ons geloof. Sien Jesus se woorde in Handelinge 1:8: *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”* Tertullianus was baie wys om reeds in ongeveer 200n.C. daarop te wys dat die Duiwel juis die mens van die Heilige Gees sal probeer wegdryf. Ons kan steeds vandag sien hoe die sektes die Heilige Gees ontken of selfs beweer dat ‘n ander persoon Jesus opgevolg het as profeet (byvoorbeeld Mohammed) en, volgens hulle, dit is waarna Jesus verwys het soos getuig in Handelinge 1:8:

Handelinge 1:8: “*Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Buiten die feit dat Jesus die Heilige Gees by Sy Naam duidelik geïdentifiseer het en duisende mense reeds getuig het van die werking van die Heilige Gees in hulle lewens, is die Heilige Gees ook op meer as een geleentheid sigbaar op mense uitgestort. Sien byvoorbeeld Handelinge 2:2-4: *“[2]Skielik het daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. [3]Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. [4]Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te*

doen." Onthou dat hierdie gebeurtenis ook profeties akkuraat plaasgevind het op die Fees van Weke, wat toe Pinkster geword het – deel van die Here se verlossingsplan.

Tertullianus was ook reg deur te verwys na die Duiwel wat dit sou wou hê dat die Vader gekruisig is. Ons sien deurgaans die dwaalleer van ander gode tot selfs ateïste wat aan geen god glo nie. Die antagoniste wat beweer dat hulle nie oor genoeg bewyse beskik nie het duidelik nie die Woord bestudeer nie. Die eenheid in die Bybel toon vir ons duidelik dat daar slegs een God is en dat Hy Hom duidelik aan ons geopenbaar het, nog steeds met Sy kinders in noue betrokkenheid is tot vandag toe, en ook tot redding van Sy kinders is en sal wees die ewigheid in. Die Here hou Hom nie besig met ander gestaltes nie. Hy manifesteer nie op verskillende maniere nie. Christus het die Here se Identiteit kom vestig, volgens die Geskrifte, Hy het God se Naam aan ons kom bekend maak.

Chronologiese samevatting van sektes and ander hoof strominge				
Ontstaan	**Naam**	**Deur wie**	**Waar**	**Verduideliking**
3900v.C.	Sondeval	Adam & Eva	Paradys	Genesis 3:15: “Ek stel vyandskap tussen jou (slang) en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.”
2303	Die Sondvloed	Noag met nageslag Sem, Gam en Jafet		Nageslag van Sem: Elam, Assirië, Arpaksad, Lud en Aram. Nageslag van Jafet: Gomer, Magog, die Mediërs, die Grieke, Tubal, Mesek en Tiras. Nageslag van Gam: Kus, Egipte, Put en Kanaän (Sien Genesis 8)
2000v.C.	Moeder en Kind Aanbidding	Semiramis en Nimrod	Mesopotamië (Babilon) oorgedra na Egipte oorgedra na Griekeland later vermeng met Romeine	Antieke Babiloniese godsdiens het die Een, oneindige en Almagtige Skepper erken, maar hulle het ‘n oneindige aantal gode gedien. Hierdie gode kon dan ’n invloed hê op die doen en late van die mens. Hulle het God as vêr verwyderd gesien en ook onbereikbaar. Die populêre godsdiens van Babilon was dan die aanbidding van die Moeder en Kind. **Nimrod** (ook genoem Ninus en Kronos), seun van **Kus** (ook bekend as Hermes, Mercurius, Bel, Belus, Marduk, Janus, Hephaistos en Vulkan), seun van **Gam**, seun van **Noag**, (Sien Genesis 10:1-8) het sy (Nimrod) ma as vrou geneem. Nimrod se ma/vrou was **Semiramis** (Ook bekend as Rhea, Diana, Osiris, Chrishna, Cybele). Nimrod se pa, Kus, is voorgestel as een van die voorbokke vir die groot afvalligheid. Hy was die oorspronklike stigter van afgodery, want die Heidene het hom erken as die opsteller van hulle godsdienstige rites, en ook as die tolk van die gode. Nimrod self was dan die groot dapper vegter wat ander jong mans opgelei het om die ander konings van Assirië te verower en was dus ook die eerste persoon wat oorloë op aarde begin het. Nimrod is dan ook die eerste maghebber op aarde gewees (Genesis 10:8) en sy koninkryk het begin by Babel (Genesis 10:10). Na Nimrod se dood is Tammuz gebore wat deur Semiramis voorgehou is as die hergebore Nimrod. Die Skrif verwys dan ook na hom as Tammus in Esegiël 8:14 maar onder klassieke skrywers staan hy algemeen bekend as Bacchus (“Die een oor wie getreur word”). Sy kenmerkende gruwels en orgies se doel was dan die “suiwering van die siele” – suiwering van skuldgevoelens en sondevlekke. Nimrod se ma, Semiramis, het besondere skoonheid gehad en het haar besig gehou met gruweldade van wellus en prostitusie. Sy het ook Nimrod, na sy dood, vergoddelik en self aanspraak gemaak op goddelikheid. In Daniël 11:38 word verwys na die vestinggod wat dan met Nimrod verbind word. Semiramis, wat die moeder en ook die vrou van Nimrod was, het self die titel van die Moeder van al die gode verwerf, of “Moedergodin”. Dit is hier waar die voorstelling van die moeder met die kindjie in haar arms vandaan kom. Sy het ook verklaar dat sy die saad van die vrou sou voortbring (Tammuz) wat die slang se kop sou vermorsel, soos beskryf in Genesis 3:15. Na haar dood is sy dan ook vergoddelik in het die titel “Hemelkoningin” (Queen of Heavens) verwerf. Sy is dan gesien as die goddelike tussenganger tussen die mense en die seun. Sien Jeremia 44:15-19 waarin verwys word na die hemelkoningin. Laasgenoemde is geskryf tussen 627 en 586v.C. Hierdie hemelkoningin word dan ook voorgestel as die vrou met die kroon op die kop, soms met die stralekrans om die kop, en met ‘n beker wyn in die hand. Sien Openbaring 18:2-8. Vanaf Babilon het hierdie Moeder-en-Kind-aanbidding tot aan die uithoeke van die aarde versprei. Egipte: Isis en Osiris Indië: Isi en Iswara Asië: Cybele en Deoius Heidense Rome: Fortuna en Jupiter Griekeland: Ceres (of as Irene) en die seuntjie Plutus in haar arms Selfs in Tibet, China en Japan was die Jesuïte-sendelinge verstom toe hulle vind dat die ewebeeld van die Madonna daar net so toegewyd aanbid is as in Pouslike Rome self. Sing Moo, die Heilige Moeder in China, word voorgestel met ’n kind in haar arms en ’n skynsel wat haar omhul. Volgens Nimrod se stelsel het mense nie aan ’n ware geestelike hartsverandering geglo nie, maar dat die mens herskep kon word deur middel van blote uiterlike middele. Hy het die mensdom aangemoedig om hulself aan

				sensuele plesier te vergryp, en het hulle geleer om sonde as pret te beskou en dit te geniet, sonder enige vrees vir 'n heilige God se vergelding. 'n Menige vroue het hom altyd vergesel op al sy ondernemings (39, p3-35).
800v.C.	Griekse Mitologie	Grieke	Griekeland	Dit is 'n versameling van tradisionele verhale wat deur die antieke Grieke vertel is met betrekking tot die heldedade van gode, godinne, helde en heldinne. Die Griekse geloof was politeïsties. Stories oor die ontstaan en aktiwiteite van gode was van groot verskeidenheid. Die Griekse mitologie was soos 'n komplekse en ryk taal waardeur 'n groot verskeidenheid persepsies oor die wêreld uitgedruk kon word. Zeus is beskou as die oorlogsgod en was een van vele gode. Die Oosterse Mitologie het dan ook 360 gode gehad waarvan Allah die oorlogsgod was. Mohammed, wat Islam gevestig het, het die ander 359 gode verwerp en slegs die oorlogsgod: Allah behou, duidelik nie dieselfde god as die God van Abraham, Isak en Jakob nie!
585-435v.C.	Monisme	Thales	Griekeland	Thales verwerp Griekse mitologie en beweer dat alle dinge vol gode is. Alle realiteit bestaan uit slegs een basiese bestanddeel, naamlik water, waaruit die heelal gemaak is (Monisme).
470-399v.C.	Humanisme & Naturalisme	Sokrates	Griek	Menslike siel gevangene van liggaam. Slegs wêreld van denke. Realiteit is volgens hom die wêreld van denke.
400v.C.	Oosterse Mistisisme	Hindoe, Transendentale Meditasie, Divine Light Mission, Hare Krisjna, Boeddhisme, Bahaïsme, Vedanta Gemeenskap, Yoga en Zen Boeddhisme	Indië	Hulle het na die "sektes" met hulle geestelike uitkyk begin soek met die doel om die innerlike te ontdek wat onafhanklik staan van die materiële. Daar word dan ook verwys na Verligting ("Enlightenment"). 'n Sogenaamde toestand van geestelike insig en kennis. In elke Oosterse geloof staan belewing ("experience") sentraal. Hulle glo dat die heelal geen beperkinge of verskeidenheid bevat nie, alles volgens hulle is 'n illusie (MAYA). Hulle basiese behoefte is om vryheid (MOKSHA) te verkry van hierdie verskeidenheid en sodoende eenheid met die Heelal te beleef (SAMADHI). Hierdie het dan uitgeloop op verskillende variasies van Hindoe en Boeddhistiese praktyke in hulle pogings om die maksimum ervaring te beleef in die verligting ("enlightenment"). Volgens hulle is daar geen begin of einde aan tyd nie want "God" is tyd en hierdie manifestasies van tydvakke sal vir ewig duur. Baie Hindoes sien **Brahman** as 'n persoonlike, liefdevolle god wat die saligheid van alle mense op die hart dra. Brahman word egter meestal voorgestel as die onpersoonlike magtige wese totaal verhewe bo die skepping en onbetrokke by die lewe op aarde. Laasgenoemde is dan ook die basis vir hulle leerstelling van reïnkarnasie. Hulle glo in inkarnasies of manifestasies van god in die verlede wat bekend staan as BHAKTI YOGA bewegings en ook een spesifieke vertakking van Boeddhisme, MAHAYANA. Jesus is volgens hulle dan ook een van hierdie inkarnasies van God maar volgens Guru Maharaj Ji, is Jesus, Ram, Krisjna, en Boeddha almal verenig in een baie groot krag. Hulle aanvaar wel die Bybel as geloofwaardige Skrif maar dit word geïnterpreteer in terme van Hindoe en Oosterse filosofie. Christus se wederkoms is byvoorbeeld deur Guru Maharaj Ji op homself toegepas.
Jesus Christus, die Messias, die Waarheid op aarde				
79-81	Verwoesting van Jerusalem	Titus Flavius Sabinus Vespasianus (39-81)	Romein	Romeinse keiser 79-81n.C. wat Jerusalem verwoes het in 70n.C. en die Kolosseum gebou het. Titus is aangestel as die bevelvoerder van die Romeinse weermag in Palestina in 69n.C. toe hy nog onder sy pa geveg het. Josephus (37-101n.C.) het geskryf dat **1.3-miljoen Jode in 'n tydperk van 6-maande doodgemaak is**. Titus is oorlede in 81 waarna sy broer, Keiser Domitian oorgeneem het. Domitian het toe ook die Boog van Titus (Arch) in 81n.C. opgerig om sy broer se oorwinning oor die Jode te vier. Hierdie Boog van Titus staan vandag nog waarop duidelik aangedui word hoe die heilige artikels van die tempel weggevoer is.
134-135	Onderdrukking van die Jode	Publius Aelius Hadrianus (76-138)	Romein	Romeinse keiser 117-138n.C. wat Judea besoek het gedurende 134-135n.C. Gedurende hierdie besoek het hy 'n Joodse opstand onderdruk en ongeveer 500,000 Jode doodgemaak. Hy het ook Judea van die kaart laat verwyder.
325n.C.	Rooms Katolieke Kerk	Konstantinopel	Egipte oorgedra na Griekeland later vermeng met Romeine	Hierdie deel moet in konteks gelees word met die gedeelte oor "Moeder en Kind Aanbidding". In Egipte is daar met die aanbidding van die Moedergodin (met die kind in haar arms) volgehou totdat die Christendom daar ingedring het. In plaas daarvan dat die Babiloniese godin omvêrgewerp is, is haar naam in baie gevalle slegs verander. Sy is die Maagd Maria genoem, en baie belydende Christene het haar en haar kind met dieselfde heidense passie aanbid as wat selferkende Heidene dit voorheen beoefen het. Die Konsilie van Nicea is toe in 325 n.C. byeengeroep om die kettery van Arius (wat Christus se ware goddelikheid ontken het) te veroordeel. Dit het egter nie sonder die hulp van mense (wat duidelik aangedui het dat hulle die skepping op gelyke vlak met die Skepper wou plaas) gebeur nie. Hulle wou die Maagdelike moeder op dieselfde vlak as haar seun plaas. Die skrywer van "Nimrod" sê dat "die Melgitiese afvaardiging (die sogenaamde Christendom se verteenwoordigers in Egipte) van mening was dat daar drie persone in die Drie-eenheid is: Die Vader, die Maagd Maria, en die Messias haar seun." Hier word dus gesê dat

				as ons erken dat Christus waarlik en werklik God is, en Goddelike eer toekom, dan moet Sy ma, van wie Hy bloot sy menslikheid ontvang het, ook as sulks erken word. Sy moet dus vêr bo die vlak van alle skepsels verhef word, en as 'n deelnemer aan die Godheid aanbid word. Christus se goddelikheid staan of val by dié van Sy ma. (39, p53). Die Rooms Katolieke Kerk beweer dat die Pous die opvolger van die apostel Petrus is. Daar is 'n hiërargie van beheer ingebring waardeur beweer word dat die Pous en sy Kardinale alleen beheer oor die kerk het. Dit het so vêr gegaan dat die Bybel self weerhou is van gelowiges sodat alle kontak met die Woord deur die kardinale moes plaasvind. Dit her gevolg gehad op die hervorming in die 15de en 16de eeu waardeur die Protestante (mense wat weerstand gebied het) soos Martin Luther en Johannes Calvyn die kerk hervorm het tot gehoorsaamheid aan die ware Drie-Eenheid van God: Vader, Seun en Heilige Gees en die feit dat saligheid verwerf word deur geloof in Jesus Christus se verlossing wat Hy vir die mensdom bewerkstellig het. Hierdie verlossing is deur die eeue deur die Woord van God aan die mens geprofeteer, volmaak volbring deur die Messias en deur die getuies vir ons vasgelê in die Nuwe Testament. Al hierdie getuies het die Messias voor en na die kruisdood persoonlik gesien en self almal (behalwe Johannes) hulle lewens gegee vir hulle getuienis. Sien Openbaring 19:10.
600-700n.C.	Islam	Mohammed	Indië	Mohammed wat beskou word deur Islam as die laaste profeet in die ry van profete soos Abraham, Moses, die Bybelse profete en Jesus. Mohammed het die monoteïstiese geloof (glo in een god) Islam gevestig in reaksie tot die politeïsme (veelgodery) en losbandigheid van die Arabiese kultuur van sy tyd. Islam het, binne 'n eeu, 'n groter gebied oorwin as die Romeinse Ryk toe dit op sy sterkste was. (21) Mohammed word ook gesien as die ontvanger van die openbaring wat aan hom gedikteer is. Hierdie openbaring is dan saamgevat in die Koran wat deur die Moslems beskou word as die suiwer en laaste openbaring van Allah, volgens hulle die volmaakte boek wat slegs in die Bybel begin is. Mohammed is oortuig deur sy openbaring om teen ongelowiges op te tree en dat hy die een is wat deur Allah aangestel is om die oordeel oor die Jode te bring. Volgens Mohammed is Judas gekruisig nie Jesus nie. Islam hou ook vol dat Jesus Mohammed nagelaat het en nie die Heilige Gees nie. Hulle ontken Drie-Eenheid van God en dus ook die Goddelikheid van Jesus.
1600	Rasionalisme en skeptisisme			Rede alleen is die primêre bron vir alle menslike kennis en is in staat om alle probleme op te los met betrekking tot die mens se oorsprong en bestemming.
1700	Empirisisme	John Locke	Engeland	Ware kennis kom nie van denke en rede nie, maar word ontwikkel deur die mens se sintuiglike ervaring
1717	Vrymesselary		Engeland na VSA	Hulle beweer dat alle Vrymesselaars, Christen, Jood, Islam deur verskillende roetes na dieselfde plek gaan. Dit is ook niks meer as die voortgesette aanbidding van die ou heidense gode van antieke Egipte, Grieke, Indië nie. The Masonic Religion should be by all of us initiates of the high degrees maintained in the purity of the Luciferian doctrine……Yes Lucifer is God. Vir die nuweling word God voorgehou as Die Groot Argitek Van Die Heelal. God word voorgehou as a veelvoudige god en selfs Griekse en Egiptiese gode soos Bacchus, Osiris word gelys. Ander gode soos Brahma, Vishnu, Shiva en Krisjna (Hindu gode) word ook ingesluit. Al hierdie gode sou dan ook op gelyke voet staan met Jehovah. Die nuweling moet erken dat hy in donkerte is en die lig sal vind in die geheime van beweging. Die Drie-eenheid van God is vir hulle geen realiteit nie. Jesus Christus was volgens hulle 'n mens net soos ons en is dan ook van laer status as die gode van die Griekse mitologie. Baie interessant is dat die naam van Jesus Christus nie genoem mag word in hulle dienste en gebede nie. Alhoewel Jesus op dieselfde vlak geplaas word as gode soos Osiris en Bacchus, of leerders soos Boeddha, Zoroaster en Mohammed, mag Jesus se naam nie genoem word nie, maar die ander sin wel!? Die verlossing wat deur Christus bewerkstellig is word blatant belaglik gemaak. Christus se opstanding en wederkoms word verwerp. Nuwelinge moet slegs glo in 'n Bonatuurlike Wese. Hy moet dan ook sy eie verlossing bewerkstellig. Wanneer hy dan die vlak van gilde-broeder bereik, sal hy dan ook slegs geestelike gawes ontvang dienooreenkomstig dit wat hy verdien het. Hulle beweer dat elke Vrymesselaar moet sy eie begrip ten opsigte van God uitwerk en daardeur saligheid bewerkstellig. Laasgenoemde sal dan 'n plek wees tussen die gode na die dood. Geloof speel dus geen rol nie
1750	Eenheid (Unity)	John Murray	Engeland na VSA	Hulle beweer dat Eenheid is die waarheid wat geleer word in alle gelowe, hierdie waarheid word dan vereenvoudig en gesistematiseer sodat almal dit kan verstaan en kan toepas. Hulle beweer dat God nie 'n Persoonlikheid is met lewe, intelligensie, liefde en krag nie. Vir hulle is God die onsigbare, ontasbare, maar werklike iets wat lewe genoem word . Die bron van alles wat is. God is die geheel van alles wat goed is, of dit nou gemanifesteer het of onuitgesproke is. Hulle glo dat God is die altyd teenwoordige, inherente Verstand – die Vader binne ons, die bron van en ware iets wat onder elke vorm van lewe, liefde, intelligensie of krag staan. Daar is geen straf vir sonde nie.

				Myrtle Fillmore het in 1942 beweer dat daar harmonie is tussen alle aanhangers van enige geloof. Hulle beweer dat die mens is deel van God. Volgens hulle is God in die mens en elke mens is die Seun van God, daar is nie 'n Seun van God nie
1822-1830	Mormone	Joseph Smith	New York	Beweer dat hy op 15 'n visioen gekry het om 'n "profeet van die Hoogste God te word". Beweer ook dat in 1822 het 'n engel (Moroni) hom meegedeel dat hy 'n waardevolle, religieuse dokument sou vind wat versteek is in 'n koppie naby New York. Hulle beweer dat God 'n gewone mens was en ook deur die aardse skool gegaan het soos alle mense en later dan 'n verhewe wese geword het. Volgens hulle kan die mens ook 'n god word. Hulle beweer ook dat daar baie gode is wat op die aarde kom woon. Hierdie gode skep dan kindergeeste wat liggame inneem sodat hulle self weer gode kan word. Hulle beweer ook dat Adam die God van die Bybel is. Hulle beweer ook dat Jesus self intiem verkeer het met Maria en Martha om sodoende Sy kinders te kon sien voor Sy kruisiging. Volgens hulle was die Satan die geestelike broer van Jesus voor hulle inkarnasie. Satan sou dan jaloers word op Jesus omdat Jesus deur die gode aangewys is as die verlosser en nie hy nie. Sodoende het Satan dan tot 'n val gekom in sy rebellie teen God. Hulle beweer dat God nie alomteenwoordig is nie want volgens hulle het die Vader 'n liggaam van vleis en bene net so tasbaar soos die mens sin. Hulle beweer dat Jesus die uitvoerende gesag was tydens die skepping en is bygestaan deur Michael (of Adam), Enog, Noag, Abraham, Moses, Petrus, Jakobus, Johannes, Joseph Smith, en andere. Hulle glo nie in die Drie-Enige God nie maar in 'n meervoud van gode. Hulle glo ook dat elke mens self moet boete doen vir sy sonde. Volgens hulle sal Jesus weer terugkeer aarde toe waartydens al die Jode weer in Palestina bymekaar sal wees en al die Mormone in Missouri. Die oordeel van God sal dan oor die aarde kom behalwe op die twee plekke Palestina en Missouri
1832	Ou/Nuwe Apostels	Drummond	Engeland	Hulle glo dat Jesus Christus in beheer van Sy kerk is en dat Christus Sy kerk bestuur deur middel van die moderne Apostels. Volgens hulle was Petrus die eerste Hoof apostel. Hulle gaan so vêr deur te beweer dat die hedendaagse Hoof apostel die plaasvervanger van Christus is op aarde (in die vlees). Hulle glo dat hulle beweging alleen verlossing vir die mens moontlik maak en beweer ook dat die Bybel nutteloos is sonder hulle Lewende Apostels. Volgens hulle is die Bybel 'n "dead letter". Hulle beweer dat slegs die Hoof apostel en sy Apostels oor die vermoë beskik om die Bybel en geskrifte te interpreteer. Hulle beweer ook dat die Christelike Kerk dood is sonder die leiding van hulle Apostels. Hulle is van mening dat die mense wat buite hulle beweging is, verdoem is en ook verdraaiers is van die waarheid. Waldeck wys daarop dat baie profesieë van die Apostels nie gerealiseer het nie, soos byvoorbeeld die van Hoof apostel Bischoff wat beweer het dat Christus sal terugkeer gedurende sy leeftyd. Dit het nie gebeur nie. Hierdie beweging glo dat die doop verlossing vir die liggaam bring (kinderdoop) en dat die "adoption" moet plaasvind wanneer die persoon die beweging se leringe aanneem tydens 'n seremonie waar die Apostel die persoon besoek om sodoende "verseël" te word. Volgens hulle is dit hier waar die persoon se naam in die Boek van die Lam geskryf word
1838	Christadelphians	John Thomas		Hulle sien God as die enkele Skepper. Volgens hulle is daar slegs een God, God die Vader. Die Heilige Gees is slegs die energie wat van die Vader kom, dit is nie 'n Persoonlikheid nie. Hulle beweer dat die enigste manier om verlossing te bekom, is deur gedoop te word deur middel van onderdompeling en ook slegs indien dit deur Christadelphians gedoen word. Glo ook nie dat die Satan 'n realiteit is nie. Christus nie Seun van God nie, en het ook nie voor die tyd bestaan nie. Slegs Gees van God was in die mens Jesus gewees. Drie-Eenheid van God word ontken
1846	Kommunisme	Ludwig Feuerbach (1804-1872) met groot invloed op sy student Karl Marx (1818-1883) later deur Lenin (1870-1924) in Rusland ingebring is vanaf 1917. Josef Stalin (1879-1953) het Lenin opgevolg. Mao Tse-tung vestig kommunisme in China in 1949. Pol Pot in	Duitser	Beweer dat godsdiens 'n produk van die mens is. Die mens het God geskep in hulle eie denke. Die mens is die begin, die middelpunt en die einde van geloof. **Marx** was van Joodse oorsprong. Saam met Friedrich Engels publiseer hulle The communist Manifesto waarin hulle hulle ateïsme duidelik verklaar. Hulle verklaar as volg: "Kommunisme verwerp alle vorme van geloof en moraliteit." Marx self beweer as volg: "Geloof is die sug van die onderdrukte kreatuur, die sentiment van 'n hartelose wêreld, en die siel van siellose omstandighede. Dit is die opium van die mense. Opmerklik is die feit dat die ongelowige Marx self as 'n hoogs depressiewe mens gesterf het in 1883 en slegs 8-mense het sy begrafnis bygewoon. **Vladimir Ilyich Ulyanov (Lenin)** het as volg beweer: "Daar is niks meer abdominaal as geloof nie. Elke gelowige idee, elke idee van god, elke rondspeel met die idee van god is onuitspreekbare walglikheid.....elke persoon wat hom besig hou met die bou van 'n god, of selfs hy wat slegs die idee van 'n god bouery verdra, kleineer homself op

		Kambodja 1975.		die slegste moontlike wyse." Baie mense wat geweier het om van hulle geloof afstand te doen is gestuur na inrigtings, tronke, konsentrasiekampe of die graf. **Stalin** was een van die hoof ontwerpers van die Union of Soviet Socialist Republics (USSR). Hierdie goddelose unie het teen 1932 7-miljoen lede gehad in 80,000 selle. Ongeveer 20-miljoen mense is in slawe-werkkampe ingeforseer om die sosialistiese staat te ontwikkel waarvan ongeveer 4-miljoen in die tronk gestop is onder haglike omstandighede. Stalin het die gelowiges wreed vervolg wat gevolg het op die sistematiese doodmaak van ongeveer 10-miljoen mense. Tse-tung (People's Republic of China) het alle evangeliste uit die land gesit, alle geloofsorganisasies gelikwideer en het alle gelowiges onder wrede en genadelose vervolging geplaas. Daar is letterlik miljoene mense vermoor. Op 'n stadium tot meer as 22,000 per maand. In Kambodja het Pol Pot kommunisme gevestig. Sy doelwit was om die persoon se individualiteit wreed af te breek en dan nuwe kommunistiese waardes te vestig. Tussen April 1975 en Januarie 1977 is een-vyfde van die land se bevolking, 1.5 miljoen mense, vermoor. **In opsomming kan genoem word dat Marxisme op 'n stadium gesien is as 'n alternatief vir teïsme en baie het geglo dat God aan die hardloop is as gevolg daarvan. Die *Black Book of Communism* wat in 1997 gepubliseer is, wys daarop dat die getal slagoffers van kommunisme vanaf die Russiese Revolusie, tagtig jaar vroeër, tussen 85 tot 100-miljoen mense beloop. Blanchard wys op die ironie in Marksistiese regerings wat groot somme geld spandeer in 'n poging om geloof te verwoes wat hulle beweer oor geen fondasie beskik nie, en dat hulle mense belet om 'n God te dien wat hulle beweer nie bestaan nie!** (17, p60-72)
1848	Spiritisme	Fox sisters	New York	'n Spiritis is iemand wat glo, as 'n basis van sy of haar geloof, in die kommunikasie tussen hierdie en die geestelike wêreld deur middel van mediumskap (tussenpersoon). Die persoon poog om sy of haar karakter te vorm en ook op te tree volgens die kennis wat ingewin is gedurende hierdie kommunikasie. Hierdie beweging glo dat God 'n ewige Intelligensie is wat die wêreld regeer maar is onpersoonlik. Hulle ontken die Drie-Eenheid van God en ook die goddelikheid van Jesus Christus. Hulle beweer wel dat Jesus die Seun van God is, maar plaas Hom op dieselfde vlak as die mens. Hulle ontken ook die werking en die goddelikheid van die Heilige Gees. Hulle beweer ook dat die Bybel is nie die enigste Goddelike Boek van openbaring nie. Hulle beweer dat demone nie bestaan nie. Hulle sê dat daar slegs intelligente en onkundige geeste is. Hulle glo ook in verskillende sfere en nie in hemel en hel nie. Hulle beweer dat Christus is wel die Seun van God maar beweer ook dat alle mense seuns van God is. Hulle propageer dat die mens 'n morele verantwoordelikheid het ten opsigte van die individu, laasgenoemde skep sy eie geluk of ongelukkigheid soos wat die individu gehoorsaam is, of ongehoorsaam is, aan die natuur se fisiese en geestelike wette. Hulle sê dat alle mense sal die hoogste geestelike vlak bereik deur middel van sy eie pogings. Die wederkoms van Christus asook die opstanding van die gelowige word ontken.
1859	Evolusie	Charles Darwin	Engeland	"The origin of species through natural selection" en **"Survival of the fittest"**. Beweer dat die mens en die Chimpanzees 'n gemeenskaplike voorganger gehad het wat ongeveer 2-miljoen jaar gelede geleef het.
1866	Christian Science	Mary Baker Eddy	Hampshire	Sy het beweer dat sy Jesus Christus opgevolg het as die Groot Geneser. Die term God is relatief want dit kan vervang word met terme soos lewe, waarheid, prinsipaal, intelligensie, gees, moeder, verstand, ens. God is alles en in alles. Daarom is daar nie plek vir die bose nie. Ontken Drie-Eenheid. Eddy sien wel die Bybel as haar "only authority" maar bevraagteken die God geïnspireerdheid daarvan. Sy sien haarself as die "Divinely appointed interpreter". Hulle ontken die goddelikheid van Christus. Hulle beweer dat Christus was 'n goeie mens wat geïnspireer is deur die "Christ Idea"
1872	Jehovah Getuies	Charles Taze Russel	VSA	Hy skryf sy sewe-volumes werkstuk: "Studies in the Scriptures". Hy beweer ook dat dit die enigste weg is om die Bybel te verstaan. Hy gaan so vêr deur te beweer dat dit die Bybel self is. Hy veroordeel alle georganiseerde geloof asook alle Leraars van die Evangelie buite die van sy eie organisasie. Hy verklaar ook alle Bybelvertalings as onbetroubaar. Russel is met sy dood in Oktober 1916 opgevolg deur "Judge" Rutherford wat alle kerke aangeval het en beskryf het as "rackets". Hy beweer ook dat die Katolieke en Protestante Kerke deur die Satan bedryf word. Volgens Jehovah Getuies het die dood van Christus egter nie die ewige lewe of enige seën vir die mens

				bewerkstellig nie. Dit het dan slegs die mens 'n tweede kans gegee op die ewige lewe. Jy moet dit dus nog self bewerkstellig deur geloof in die organisasie se leerstellings. Hulle beweer dat Jesus alreeds in 1914 visueel na die aarde teruggekeer het, Satan uit die hemel uitgewerp het en is besig om Satan se organisasie oorboord te gooi. Jehovah Getuies beweer dat daar slegs 144 000 "geestelike broeders" sal wees wat saam met Christus in die hemel sal regeer vir 1000 jaar. Hulle glo ook dat Satan vernietig sal word en dat daar dus geen hel is nie. Hel is slegs 'n status van nie bestaan nie. Hulle het hulle eie weergawe van die Bybel geskep "The new world translation of the Bible" wat dan belangriker beskou word as enige ander Bybelvertaling. Hulle gebruik ook hulle eie "Watchtower Magazine" vir Bybelstudie. Laasgenoemde is gevind dat dit slegs 6% Skrif bevat. Hulle verwerp die dogma van die Drie-eenheid van God. Hulle verwerp die godheid van Christus en beweer dat Christus 'n geestelike wese was met die naam Michael, die eerste van God se skepping, deur wie God alle ander dinge geskep het. Hulle leer dus dat Jesus was die Seun van God maar nie God self nie. Hulle verwerp die fisiese wederkoms van Christus Volgens hulle is die Heilige Gees nie 'n Persoon nie en ook nie God nie.
1875	New Age Movement	Samewerking van duisende groepe en individue. Later amptelik deur Madame Helena Petrova Blavatsky		Hulle beweer dat God is onpersoonlik en is 'n integrale deel van die skepping self (Panteïsme). Hulle beweer ook dat die mens God geskep het. Hulle moedig mense aan om sogenaamde heiliges soos Pan, Boeddha, Brahma, Vishnu, Shiva en selfs Lucifer te dien. Almal behalwe Jesus Christus. Hulle beweer die "Ultimate One" moet nog kom, dit is dan ook die Antichris. Hierdie een sal dan die mens lei in sy grootste tyd. Hulle beweer dat die mens gereïnkarneer word totdat hy self deel van God word. Daar is volgens hulle ook geen sonde nie. Hulle verkondig in hulle literatuur ook dat Jode, Christine en groepe wat in een God glo (Monoteïsme) uitgeroei moet word. Hulle glo dat alles op die aarde moet terugkeer na een (geloof, monetêr, regering, ens.) omdat hulle glo alles het uit een ding ontstaan (Monisme). Volgens hulle moet die mens self die Christus in homself ontdek, selfverwesenliking. Die Drie-eenheid van God word nie erken nie en hulle beweer selfs dat God 'n produk van die mens se eie denke is. Hulle beweer dat Jesus is 'n verhewe meester ("ascended master") wat net soos Boeddha die mens na 'n nuwe era gelei het. Volgens hulle is Jesus ook telke male deur die geskiedenis gereïnkarneer. Vir hulle is God 'n onpersoonlike krag, wat dan die Heilige Gees sou verteenwoordig. Hulle beweer ook dat die kruisiging van Jesus Christus geen betekenis gehad het nie. Die N.A.M. beweer ook dat die Bybel boos is omdat dit afsondering sou veroorsaak
1882	God is dead	Friedrich Nietzsche (1844-1900)	Duitser	Nietzsche was 'n mitodologiese ateïs wat beweer het dat die God-mite eers lewendig was in die sin dat mense daarin geglo het. Die mite was volgens hom dan nou dood want dit was nie meer werkbaar nie (sien in konteks tot kommunisme). Hy het beweer dat die mens onvoldoende voel en iemand nodig het om aan sy behoeftes te voldoen. Laasgenoemde sou dan die skepping van God wees wat oor geen objektiewe realiteit beskik nie. Nietzsche het naturalisme tot sy logiese gevolgtrekking gebring: Indien die mens vasgevang is in 'n geslote stelsel, met geen transendentale God in beheer nie, dinge soos die waarheid, die morele en etiek beskikbaar is soos die mens wou. Dit is niks meer as wat ons vir onsself besluit nie. Hierdie nuwe waardes wat deur die mens self besluit word, moet **dan op andere afgedwing word**, al wil hulle nie saamwerk nie. Volgens Nietzsche **onderhou tradisionele waardes die swakkes wat geen bydrae tot die samelewing maak nie**. In die nuwe bestel sal dan slegs die sterkstes oorleef . Die mens moet dan sy eie **Superman** bewerkstellig wat nie sal swig voor politieke druk of enige gelowige outoriteit nie. Hy moet verby goed en sleg beweeg in die proses om sy eie waardestelsel te vestig. Laasgenoemde sal dan oorheers oor alle swakhede en dit verag waar hy dit in andere vind. Dit is hierdie benadering waarop **Hitler** sy optrede gebaseer het (17, p74)
1937	School of Truth	Nicol Campbell	Suid Afrika, Johannesburg	Hulle bedien die hoogste Wese. Die lid kan self besluit wie hierdie hoogste Wese is. Hulle beweer dat God nie 'n Persoon is nie. Hulle sê dat God is alles en alles is God. Alle skepsels en dinge is een en het geen aparte bestaan van mekaar nie. Alles is deel van God volgens hulle. Hulle beweer ook dat ons nie geskep is deur 'n ander Wese nie, maar is deel van God. "You are God just as surely as the drop in the ocean is the ocean". Die dogma van die Drie-eenheid van God is volgens hulle 'n dwaling. Christus is volgens hulle 'n Voorbeeld. Hulle beweer dat die mens self ook die vlak van Christus kan bereik deur middel van selfontwikkeling. Hulle beweer ook dat daar geen bose is nie. Hulle praat egter nie van Christus as die Seun van God nie, ook nie as die Redder en Verlosser van die mensdom nie. Hulle sien Christus dus nie as Goddelik nie, maar slegs as die Voorbeeld. Volgens hulle is Christus goddelik net soos ander mense goddelik is. Hulle beweer ook dat die kruisiging van Christus nie verlossing vir die mens bewerkstellig het nie. Hulle ontken die konsep van sonde en sien dus die kruisiging slegs as 'n voorbeeld van 'n heldedaad. Hulle glo ook nie dat Christus weer sal terugkeer nie
1943	Holocaust	Hitler	Europa	Fundamentele ateïsme, wat die wêreld beskou het as 'n geslote sisteem, het goed gepas by Hitler se denke. So dan

				ook die idee van die teregstelling van die sogenaamde swakkes, die verstandelik onstabieles en almal wat nie 'n positiewe bydrae tot die samelewing kan maak nie. Hy wou sy Third Reich 'n super nasie laat word en het sodoende ongeveer 12,000 Jode per dag tereggestel wat daartoe gelei het dat meer as 6-miljoen Jode vermoor is. Ravi Zacharias sê: "Hitler het ateïsme onopsetlik blootgestel en dit gesleep waar dit onwillig, maar logies, geforseer is om te gaan (17, p75). Oorlewendes van hierdie holocaust (groot slagting) soos Rose Price, getuig dat die Duitsers deurlopend vir hulle vertel het dat dit met hulle gebeur omdat hulle vir Jesus doodgemaak het. "Jesus hates you" is hulle aanmekaar toegesnou (Video: Survivor Stories; Jews for Jesus).
1954	Moonies	Sun Myung Moon (Shining Dragon Moon)	Korea	Moon het beweer dat Jesus self aan hom verskyn het toe hy 16 was en dat Jesus vir hom die opdrag gegee het om die werk wat deur Jesus 2000 jaar gelede begin is, te voltooi. Om God se volmaakte koninkryk op aarde te vestig. Moon was op meer as een geleentheid toegesluit vir bigamie, egbreuk, diefstal, rituele seks met vroue in sy kerk. Hy(Moon) het egter beweer dat hy die verlosser van die wêreld is en ook sondeloos sou wees. Volgens Moon sou Korea 'n afstammeling van die tien verlore stamme van Israel wees en wat dan ook die geboorteplek sou wees van die "Here van die Tweede Koms". Hy beweer dat die Nuwe Messias in 1920 gebore is in Korea (sy eie geboortejaar). Moon trou sy tweede vrou in 1960 wat dan sou ooreenstem met die bruilof van die Lam soos beskryf in Openbaring 19. Amerika sou dan ook die sigbare vesting van die Lam wees op aarde. Moon skuif sy beweging se hoofkantoor na New York in 1972 en vestig ook toe self daar. Die Moonies beweer dat die mens die sigbare vorm van God op aarde is. Vir hulle is God nie Drie-Enig nie. Volgens hulle was Adam in die begin veronderstel om met Eva te trou, volmaakte kinders te hê, en dan sou Adam en Eva, saam met God, die Drie-Eenheid vorm. Moon het beweer dat Eva egter seksueel deur Lucifer/Satan verlei is wat dan 'n ander drie-eenheid tot stand gebring het, dit van Adam, Eva en Satan. Moon het beweer dat daar 'n derde Adam nodig sou wees om verlossing teweeg te bring en dat hy dan ook die verkose een sou wees om dit te doen. Moon sou dan as die derde Adam die volmaakte vrou trou om sodoende die finale drie-eenheid te vorm met God. Hulle nageslag sou dan volmaak wees. Volgens Moon het God ook dan Sy nuwe bedeling op aarde begin en het Sy leiding aan die Christelike kerk onttrek. Volgens Moon kan die wat sy seën ontvang het 'n sondelose nageslag hê. Moon het beweer dat sy doelwit is om alle Christene in een familie bymekaar te bring voordat die Here terugkeer. Moon se boek "The Divine Principle" is gepubliseer in 1957 wat hy beweer het is direk van God. Hy sou dit van God ontvang het toe hy self in die hemel vir 'n tydperk was. Hulle beweer dat Jesus 'n mens was en dus nie goddelik nie. Volgens Moon was Jesus die tweede Adam wat nie geslaag het nie. Moon het beweer dat hy (Moon, Adam 3) die verlosser van die wêreld is, volgens hom het Christus nie in Sy doel geslaag nie. Christus sou dan ook 'n voortydige dood sterf. Die Bybel is volgens Moon in kodes geskryf en kan dus slegs verstaan word indien dit deur sy beweging se dokumentasie verklaar word.
1954	Scientology	Ron Hubbard		Hubbard het die beweging se boek geskryf in 1950: "Dianetics: The modern science of mental health". Dit is dan ook bemark as die beste metode van fisioterapie en self-verbetering. Hy het twee jaar later die boek gepubliseer: "Scientology: A history of man". Die beweging bied self-verbeteringskursusse aan wat elk 'n aardige bedrag geld kos. Scientology het geen leerstelling of dogma nie. Volgens hulle moet elke persoon self besluit hoe hy God wil sien en ervaar. Hulle beweer dat daar baie profete en leiers was wat die pad na God oopgemaak het. Scientology sien Christus as 'n groot filosoof van Sy tyd. Christus word op dieselfde vlak geplaas as ander sogenaamde profete en leiers. Hulle beweer dat die mens inherent goed is en dat hy self moet sorg vir sy oorlewing. Verlossing deur Christus en die wederkoms van Christus maak nie deel uit van hulle dogma nie.
1959	Transendentale Meditasie	Maharishi Mahesh Yogi		Maharishi Mahesh Yogi in 1959. Sy name beteken: "Die groot heilige en meester van Yoga". Hy het beweer dat hy sy lewe gegee het vir die geestelike herlewing van die wêreld. TM is baie naby aan Hindoe waar fisiese en verstandelike beheer gebruik word om 'n toestand van genoegdoening te bereik deur dan sogenaamd verenig te word met die Absolute. Hulle einddoel is dan ook om self God en soos God te word. Volgens Maharishi het hy opgehou om te bestaan en het self dit wat bestaan is geword. Hy het beweer as volg: " I am the transmitter of ancient human wisdom and a manifestation of abstract being. I am that Eternal Being, I am THAT, and all this is THAT. Hierdie beweging propageer Panteïsme, met ander woorde, alles is een, alles volgens hulle is 'n illusie. Hulle beweer dan ook dat sukses is waar die individu 'n toestand bereik waar hy sogenaamd nie van God onderskei kan word nie. Die persoon bereik volgens hulle dan 'n toestand van volmaaktheid.
1960	The Divine Light Mission (DLM)	Paran Sant Satgurudev Hans Ji Maharaj	Indië	Hulle glo dat Maharaj Ji het Jesus Christus vervang as "Die Woord het mens geword" soos beskryf in Johannes 1. Maharaj Ji word dan ook gesien as "die volheid van Goddelike Liefde". Hulle beweer ook dat eenheid in hierdie lewe alleenlik bereik kan word deur hom en DLM se stelsel van meditasie.

1968	Children of God	David Brandt Berg verander later sy naam na Moses David.		Berg beweer hy is “God se profeet vir die laaste dae”. Het deur middel van “Mo Letters” sy volgelinge beheer. Dogma anti-ouers, anti-staat, anti-demokrasie. Het beweer die aarde sou vergaan in 1993. Het beweer dat alle mense buite die sekte is verlore. Om gered te word moet jy Christus 100% volg, alles aan die sekte oorhandig. Indien wel sou jy ‘n kans staan om een van die 144000 te wees wat die verdrukking sal oorleef

Vir ‘n opsomming oor die verskillende sektes sien “Inleiding tot sektes” op http://www.matthew28.co.za

5. Aantekeninge

Pontius Pilatus, Kajafas en baie andere sou nie so bekend gewees het as dit nie van Jesus se kruisiging was nie. Hoekom onthou almal en herken almal dan vir hulle maar nie vir Jesus nie??!!

Indien jou buurman jou sou besoek en beweer dat hy God is, sou jy hom sommerso glo? Beslis nie. In elk geval, indien jy op daardie skielike oomblik, sou vermoed dat hy wel God kon wees, sou jy dit nie kon hanteer nie. Jesus, waarin die volle Wese van God volle beliggaam is (Kolossense 2:9), het nie ‘n keuse gehad anders as om Homself aan ons te openbaar op so ‘n wyse dat ons daarmee kon assosieer nie. Dit is dan ook wat Hy gedoen het en Hy het dit ook bevestig deur middel van Sy Eie lewe op aarde en ook ten midde die van Sy apostels, die ooggetuies.

Jesus is ons enigste weg tot saligheid: Hy het in Johannes 14 ons daarop gewys dat Hy self God is en ook het die Vader Hom as hoof aangestel oor alle mense en ook die Kerk. Sien Efesiërs 1:9-11.

Hoe kon Jesus, indien Hy nie God is nie, Sy eie dood akkuraat voorspel en Sy volgelinge aanraai om daarna mekaar lief te hê en voort te gaan om mekaar te dien soos Hy hulle beveel en geleer het en ook die Evangelie uit te dra na Sy dood ? Watter voordeel sou dit dan vir Hom ingehou het ? In baie plekke in die Bybel voorspel Jesus ook die uitstorting van die Heilige Gees, kyk byvoorbeeld na Johannes 15 :26 : *"Wanneer die Voorspraak kom wat Ek van die Vader af vir julle sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig. "*

Die boodskap van versoening in 2 Korintiërs 5:19: *"Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou."*

Dit is duidelik dat Jesus in Sy prediking en sêgoed dit duidelik wou stel dat Hy God is. Dit was egter ook baie duidelik om dit te sien deur middel van:

- Al die Ou Testamentiese profesieë wat Hy tot vervulling gebring het
- Die wonderwerke wat Hyself verrig het
- ‘n Sondelose lewe gelewe het
- Engele wat oor Hom getuig het
- Sy verheerliking wat op verskeie plekke plaasgevind het voor meer as een getuie
- Sy vyande geen fout met Hom kon vind nie
- Wonderwerke wat in Sy naam plaasgevind het en vandag steeds plaasvind
- Dat Hy Sy opstanding uit die dood akkuraat voorspel en vervul het
- Dat Hy na Sy opstanding aan talle mense verskyn het (en vandag nog aan mense verskyn)
- Voor die oë van talle na die hemel opgevaar het.

Jesus, waarin die volle wese van God beliggaam was (Kolossense 2:9-10), was ook inderdaad getrou aan Sy menslike beperkinge. Hy is die bonatuurlike God wat Homself beperk het tot die natuurlike, kosmiese dimensie. Sodoende kon die mens met Hom identifiseer, deur middel van Sy wonderwerke sien dat Hy is wie Hy sê Hy is en ook daardeur sien dat Hy wel die Messias is wat deur die profete voorspel is.

Hy het dan ook gedoen wat geen ander mitologiese god of mens-geskepte god kon doen nie, en dit is om Self uit dood op te staan. Die mitologiese en ander gode wat deur die mens geskep en gefantaseer is, het die Here se bonatuurlike openbarings aan die mens afgemaak as maar nog net een van die gode waaruit jy kon kies. Die Oosterse mitologie het byvoorbeeld ‘n god vir elke dag gehad. Allah was die mitologiese god van oorlog wat deur Mohammed geïdentifiseer is as die god wat aanbid moet word. Dit het uit verskillende oorde en tydperke ontstaan, soos byvoorbeeld die hemelkoningin wat die ma en ook vrou was van Nimrod, die seun van Kus (Genesis 10). Sy is vergoddelik en aanbid na haar dood, die eerste Madonna, wat ‘n beeldskone, blonde vrou was vol van wellus. Sy het dan ook vir haar eie seun Nimrod, ‘n seun gebaar. In talle mitologiese ikone kan dan ook gesien word die beeld/prentjie/voorstelling van die vrou met die kind op haar skoot met die stralekrans om haar kop. Krishna stel haar dan ook voor met haar een voet op die slang se kop. Kyk na hierdie verwarring want ons kan sien in Genesis 3:15 sê die Here aan die Satan (slang) dat haar nageslag (Eva) sal jou kop vermorsel. Die Here het duidelik hier verwys na die Messias, Jesus Christus, en nie na enigiemand anders nie.

Dit kan ook deurgetrek word na Babel want Kus, die vader van Nimrod en die kleinseun van Noag, was die eerste koning van Babel. Die Here het ook gewaarsku, moet My nie die name van Babel noem nie. Die mitologie wat ongeveer 800 jaar voor Christus ontstaan het, was oorspronklik verhale wat deur wyshere vertel is. Die nageslagte het hierdie verhale vergoddelik wat die mens net vêrder van God af gedryf het.

Dit is dan ook gedurende die Hellenistiese tydperk (tydperk ongeveer 600 jaar voor Christus, toe die Griekse mitologie en Romeinse mitologie vermeng is) dat die verwarring en afdwaling nog groter geword het. Die openlike verhouding wat die Here met die mens gehad het, was nou heeltemal, deur die mens self, verdoesel tot maar net nog een van die baie gode waaruit jy kon kies.

Die Skepper, Redder en Koning van die heelal het inderdaad ingegryp en openlik aan die mens gedemonstreer wie Hy is en, in lyn met Sy Woord, die duidelike weg gebaan tot saligheid in Jesus Christus. Jesus het op aarde seker gemaak dat die Kerk gevestig word met outentieke getuies met die opdrag om dissipels van alle nasies te maak (Matteus 28:19). Die Fondament wat daargestel is het gesorg dat die mens ‘n duidelike riglyn het wat bo die leuens uitstaan. Hierdie realiteit is reeds ongeveer 700 jaar voor Christus geprofeteer deur Jesaja 28:16 dat die klip wat in Sion (Jerusalem) neergesit sal word fondament aan fondament sal sluit: *"So sê die Here my God: Ek gaan in Sion ‘n klip neersit, ‘n uitgesoekte klip, ‘n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit. Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie."*

Die Here het ook die Heilige Gees nagelaat wat Sy wil en Woord aan die mens vêrder openbaar.

Die wat Sy Woord aanvaar, en dit is Jesus Christus, aan hom sal die Here Hom openbaar. Johannes 1:1: *“In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.”* Johannes 1:14: *“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het Sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.” In Johannes 14:21 sê Jesus self as volg: “Wie My opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal My Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”*

Die Heilige Gees is daar om ons leiding te gee. Die belangrike is dat ons onsself moet beskikbaar stel vir die Heilige Gees om dit te kan doen. Die enigste weg na hierdie waarheid, is geloof in Jesus Christus. Jesus sê in Johannes 16:7-9: *“[7]Tog sê Ek vir julle die waarheid.: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur. [8]En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan My kant is, en dat die oordeel al gekom het. [9]Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie.”*

Gedurende die Romeinse keiser, Konstantyn, se bewind (306-337n.C.) het hy godsdiensvryheid ingestel. Die hemelkoningin aanbidders het toe hulle ikoon vermeng met die Christendom om dan sodoende die Drie-Eenheid van God (Vader, Seun en Heilige Gees) as volg te verdoesel. Hulle aanbid die Vader, Seun en Maria. Die hemelkoningin is dus nou deur Maria (moeder van Jesus) vervang en word steeds voorgestel met die moeder en kind op haar skoot, met die stralekrans om die kop. Ander glo weer dat die opvolger van Jesus ‘n profeet is, soos Mohammed. Wat ook al die geval is, telkens word Die Heilige Gees uit die Drie-Eenheid van die Here verwyder. Met ander woorde, die Waarheid, Jesus Christus, kan nie aan hulle openbaar word nie. Hulle kan nie saam met miljoene wedergebore Christene getuig van die verandering wat in hulle lewens plaasgevind het toe hulle Jesus Christus as Saligmaker aangeneem het nie. Skrikwekkend is om te lees wat in 2 Tessalonisense 2:9-12: *“[9]Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders [10]en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. [11]Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo. [12]En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.”*

Romeine 15: 21: *“Maar soos daar geskrywe staan: ‘Die wat nie van Hom vertel is nie, sal sien, en die wat nie van Hom gehoor het nie, sal verstaan.’”. Sien ook Jesaja 52:15: “Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie.”* Doen jouself die grootste guns wat jy kan: Aanbid die lewende God in die naam van Jesus Christus.

Dan Brown met sy boek Da Vinci Code, poog dan ook baie ywerig om die goddelikheid van Christus te verdoesel met sogenaamde fiksie wat op die sogenaamde waarheid gebaseer is. Die perfekte resep om die onseker mens nog vêrder te verwar. Hierdie skrywe is nie bedoel om Da Vinci Code te bespreek nie, daar is alreeds talle geleerdes wat die leuens in hierdie boek uitgewys het (sien gerus “The Da Vinci Code Deception”) en Dan Brown beskuldig sy vrou as die een wat die navorsing gedoen het. Die sogenaamde Judas Evangelie is ook ‘n goeie

voorbeeld van so ‘n dwaalleer. Hoekom sou ‘n mens eerder wil glo wat in ‘n geskrif staan wat meer as 180 jaar na Christus geskryf is as die Evangelies van die Bybel self wat geskryf is deur ooggetuies van die gebeure self? Hierdie ooggetuies getuig wat hulle gesien en ervaar het te midde van honderde ander ooggetuies. Die ware God het Homself duidelik openbaar aan die mens deur profesieë, die profesieë in vervulling laat kom, Self profeteer dat Hy uit die dood gaan opstaan, voor almal na die hemel opgevaar, sigbaar die Heilige Gees uitgestort en die Kerk gevestig met hierdie outentieke getuies wat hulle lewens gegee het vir waaroor hulle getuig het. Jesaja profeteer reeds ongeveer 700 jaar voor Christus in Jesaja 59:20-21: *"[20]Die Here kom na Sion toe as Verlosser, na die toe in Jakob wat hulle van hulle sonde bekeer. So sê die Here. [21]Wat My betref sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie."* Hierdie ware openbaring sou beslis nie sin gemaak het indien dit aan een ongeletterde persoon in isolasie, in ‘n grot, gedoen is nie, of deur ‘n wysheer wat met wyshede volgelinge veroorsaak tot aanbidding van ‘n abstrakte leerstelling nie, ook beslis nie as deel van ‘n warboel van gemengde gelowe waar enige god eintlik maar aanvaarbaar is nie! Dit pas ook nie by meditasie prosesse om jou eie goddelikheid te ontdek nie.

Die Messias se opstanding uit die dood, Sy publieke verskyning aan talle mense gelyk op verskillende tye en plekke, en Sy openlike opvaring na die hemel voor talle ooggetuies, het die finale stempel op enige poging van enige leuen geplaas. Die wat dit nog steeds nie glo nie, is verlore. Hy het hierdeur bewys dat Hy die enigste ware God is wat beskik oor lewe en dan logies die enigste God is wat ewige lewe aan die mens kan gee. Maak dit dan nie sin dat Sy engele Hom versorg het toe Hy op aarde was nie? Matteus 4:11*:”Daarna het die Duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.”*

Jesus se wonderwerke wat Hy verrig het, en ook die feit dat dit die wederkoms van die Seun van God bevestig het (30, p135)

Jesus het nie Sy lering gebaseer op iemand anders nie, Hy het dit op Sy Eie outoriteit gedoen en gebaseer (30, p136).

Jesus het gewys dat Hy nie alleen God geïnspireerd was soos David nie, maar het ook oor Goddelike outoriteit beskik en ook oor direkte Goddelike optrede (30, p136)

Wanneer Jesus na God verwys het, het Hy verwys na “Abba”. Laasgenoemde is ‘n term wat in die vroeë Joodse gebruik verwys het na die intieme verhouding tussen ‘n kind en sy vader. Die Jode van daardie tyd was baie gesteld op godslastering. Hulle sou God nie direk aanspreek nie maar slegs verwys na “Die Heilige Een”. Jesus is die oorsprong van die intieme verhouding met God wat voorheen nie moontlik was nie. Die vraag kan gevra word: Watter tipe Persoon kan die tipe verhouding wat die mens met God het, verander? (30, p136).

Jesus het na Homself verwys as “Die Seun van die mens”. Dit is ‘n verwysing na Daniël 7 (30, p136).

Volgens Derek Prins (6, p156-171) is die doel van die wet as volg:

- Om sonde bloot te stel
- Die mens se onvermoë om homself te red te illustreer.
- Om Christus voor te gaan.
- Om Israel te beskerm

Dit is alles perfek deur Christus vervolmaak!

Ons is saam met Jesus en die Engele uit een Vader. Daarom noem Jesus ons ook Sy broers: Hebreërs 2:11-18

Jesus, die Lam: Die voorsienigheid van die Here van die vroegste tye af deur middel van Melgisedek. Melgisedek self was 'n prototipe van Jesus, en Jesus Self het hom vervang en die Evangelies vir ons nagelaat. In Openbaring staan daar die wat in die boek van die Lam opgeskrywe staan is gered. Nie die boek van God nie. Jesus het met 'n doel gesê gaan maak mense van alle nasies My dissipels. Die Lam se dissipels.

6. Hy kom weer

Die gelowige se blik is gevestig op die wederkoms van Christus. Wanneer Hebreërs 1 gelees word, vier ons Christus, wanneer ons Hebreërs 2 lees kan ons sien dat Jesus ook ons in staat stel om verby die fisiese werklikheid te kyk na die geestelike, Hy het ons kom red. Hy het ons Sy broers genoem op grond van die verlossing wat Hy vir ons bewerkstellig het.

Deur Jesus Christus te dien ontvang ons Goddelike krag:

2 Petrus 1:3-4: *"[3]Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. [4]Deur dit te doen, het hy die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur."* (Sien ook Romeine 1-2)

Die gelowige sien uit na die hemelse vaderland wat voorlê:

Hebreërs 11:13-14: *"[13]Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die vêrte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. [14]Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland."*

Die boodskap van die Here deur die eeue heen moet steeds vandag na ons toe kom, en dit is in lyn met Sy plan, die wederkoms van Jesus na die aarde toe. Profete profeteer ooreenkomstig om ons geloof te versterk en ook om die fokus te plaas in afwagting tot die koms van die Koninkryk van God.

2 Petrus 1: 16-21: *"[16]Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien. [17]Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: 'Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.' [18]Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was. [19]En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte. [20]Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, [21]want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."*

Ons kan slegs deur die Woord van die Here te bestudeer meer kennis bekom van ons Here en Verlosser, Jesus Christus:

2 Petrus 3:17-18: *"[17]Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. [18]Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen."*

Wanneer ons Christus aangeneem het, is Hy die Lig oor die duisternis:

1 Johannes 1:1-5: *"[1]Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. [2]Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. [3]Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. [4]Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees. [5]Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie."*

Johannes 1:1-5: *"[1]In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. [2]Hy was reeds in die begin by God. [3]Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. [4]In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. [5]Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie. "*

Wanneer die duisternis verdryf is deur die Woord van God, slaan die gelowige ag op die Here wat met ons praat:

Hebreërs 12:25-29: *"[25]Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie? [26]Destyds het sy stem die aarde laat wankel, maar nou het Hy aangekondig: 'Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel.' [27]Die woorde 'nog een maal' laat duidelik blyk dat die geskape dinge, wat reeds aan die wankel is, finaal weggeneem sal word, sodat die onwankelbare dinge kan bly. [28]Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, [29]want ons God is 'n verterende vuur."*

Die wat Christus aangeneem het, kan weet dat hulle in Christus lewend gemaak sal word:

1 Korintiërs 15:22-28: *"[22]Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word. [23]Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort. [24]Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het. [25]Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. [26]Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. [27]Daar staan immers geskrywe: "Alles het Hy aan Hom onderwerp." Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is. [28]Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles."*

Niemand weet presies wanneer die wederkoms sal wees nie:

Jesus praat met Sy dissipels na Sy opstanding in Handelinge 1:6-8: *"[6]Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: 'Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig?' [7]Hy het hulle geantwoord: 'Dit is nie vir julle om die tyd en omstandighede te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.'"*

Moet nie dat mense jou vertel dat die Here vir ons gelieg het nie. Hy gaan weer kom:

2 Petrus 3:3-11: *"[3]Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot [4]en sê: "En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af." [5]Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het. [6]En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstroom is en vergaan het. [7]Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word. [8]Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag. [9]Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer. [10]Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan. [11]Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe."*

Jesus het die versekering gegee dat die gelowiges die ewige lewe het: Johannes 6: 43-44: *"Jesus sê toe vir hulle: ' Moenie so onder mekaar mor nie. Niemand kan na My toe kom as die Vader wat my gestuur het, hom nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.'"*

Jesus het dit duidelik gestel dat die wederkoms lank na die tyd sal wees toe Hy op aarde was. In Matteus 12:41 wys Jesus daarop dat dit nog vêrder in die toekoms sal plaasvind. *"Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!"*

Jesus, die Tempel van die Here op aarde, is die beste Plek om te wees. Bly in Hom en loof die Here:

Lukas 24:50-53: *"[50]Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. [51]Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. [52]Hulle het Hom aanbid en met groot blydskap na Jerusalem toe teruggegaan. [53]Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys."*

Mag die seën van die Here met jou wees soos wat Moses and Aäron reeds die volk geseën het:

Die priesterlike seën: Numeri 6:24-27: *"[24]Die Here sal julle seën en julle beskerm; [25]die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; [26]die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"*

Literatuurlys:

Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika:
Afrikaans 1933/53 – vertaling ©1933, 1953 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
Afrikaans 1983-vertaling ©1983, 1992 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

1) God's secret to greatness, David Cape & Tommy Tenney,2000
2) Radio Kassette. Gideon Kotze, "Wanneer Jesus in jou lewe inkom".
3) Is Jesus Christus uniek?, Dr Louw Alberts, Christelike Uitgewers Maatskappy, 2002
4) The business of heaven. Daily readings, C.S. Lewis edited by Walter Hooper, Fount Paperbacks, 1984
5) The Holiest of All, Andrew Murray, Whitaker House, 1996
6) Foundations for righteous living, Derek Prince, Derek Prince Ministries, 1993
7) Is God past His sell-by date?, John Blanchard, Evangelical Press USA, June 2002
8) Jesus Freaks, dc Talk and The Voice of the Martyrs, Albury Publishing, Oklahoma, 1999
9) The purpose driven life; Rick Warren; Zondervan, Grand Rapids, Michigan 49530; 2002
10) Alleged discrepancies of the Bible, John W. Haley, Whitaker House; 1992
11) Shaking the heavens; Ana Mendez; Renew Books; 2000
12) Biblical Essentials, Evidence and Truth, Foundations for Christian Truth; Robert J. Morgan; Crossway Books; 2003
13) Is the Father of Jesus the God of Muhammad?; Timothy George; Zondervan, Grand Rapids 49530; 2002
14) Key Thinkers in Christianity; Edited by Adrian Hastings; Alistair Mason and Hugh Pyper; Oxford University Press; 2003
15) What do they believe?; Val Waldeck; Pilgrim Publications SA; 2001
16) Jesus teenoor ander gode; Ravi Zacharias; Christelike Uitgewersmaatskappy Vereeniging; 2002
17) Does God believe in Atheists?; John Blanchard, Evangelical Press USA; September 2001
18) Bible Prayer Study Course; Kenneth E. Hagin; Faith Library Publications; 2002
19) Right Answers for Wrong Beliefs; Matthew J. Slick; Sovereign World Ltd; 2001
20) The Spirit of Thruth and the Spirit of error 1; Keith L. Brooks; The Moody Bible Institute of Chicago; 1985
21) The Spirit of Truth and the Spirit of error 2; Steven Cory; The Moody Bible Institute of Chicago; 1986
22) I Don't have enough faith to be an atheist; Norman L. Geisler and Frank Turek; Crossway Books; 2004
23) Getroue Getuienis Deelnemerswerkboek; Richard Stoll Armstrong, vertaal deur Marlése en Malan Nel; Etoile; 1993
24) The MacArthur Study Bible, John MacArthur,Jr; New King James Version; Thomas Nelson Bibles A division of Thomas Nelson, Inc; 1997
25) A Christian's Pocket Guide to Islam; Patrick Sookhdeo; Christian Focus Publications and Isaac Publishing; 2002
26) Foxe's Book of Martyrs; John Foxe; Barbour Publishing Inc; 2001
27) Differences The Bible and the Koran; Ben J. Smith; Cumberland House Publishing Inc; 2002
28) Why I believe; D. James Kennedy; Word Publishing; 1999
29) Life after Life; Raymond A. Moody; Rider Books, 2001
30) The Case for Christ; Lee Strobel; Zondervan; 1998
31) Why Four Gospels? The Historical Origins of the Gospels; David Alan Black; Kregel Publications; 2001
32) Wil Vosloo en Fika J van Rensburg, Die Bybellennium Eenvolumekommentaar, (Vereeniging, SA: Christelike Uitgewersmaatskappy) 1999.
33) The MacArthur Study Bible, New King James Version; John MacArthur; Thomas Nelson Bibles; 1997.
34) Jesus Outside the New Testament, An Introduction to the Ancient Evidence; Robert E. van Voorst; Wim. B. Eermans Publishing Co.; 2000
35) Die Bybel in Praktyk; Christelike Uitgewersmaatskappy; 1993
36) Battlefield of the mind; Joyce Meyer; Time Warner Book Group; 2002
37) Hoor God Se Stem; Henry en Richard Blackaby; Struik Christelike Boeke Bpk; 2003 (Oorspronklik: Hearing God's Voice; Broadman & Holman Publishers; Nashville, Tenessee; 2002)
38) The Beginner's Guide to Spiritual Warfare; Neil T. Anderson and Timothy M. Warner; Struik Christian Books Ltd; 2000
39) Die Twee Babilons; Alexander Hislop; Orion Drukkers; 2005 (Oorspronklik: "The Two Babylons" vertaal deur Eben Swart)

40) Microsoft Encarta Premium Suite, 2003
41) The Feasts of the Lord; Kevin Howard and Marvin Rosenthal; Thomas Nelson, Inc.; 1997
42) Handboek by die Bybel; Oorspronklik uitgegee deur Lion Publishing
43) The Passover in the time of Christ; Rev. Khodadad E. Keith; Church missions to the Jews; Eighteenth Edition; 1958
44) The Dake Annotated Reference Bible, King James Version, Red letter edition; Finis Jannings Dake; Dake Publishing; Sewe-en-twintigste druk; 1998
45) The Temple and Bible Prophecy; Randall Price; Harvest House Publishers; 2005
46) A family guide to the Biblical Holidays; Robin Sampson and Linda Pierce; Heart of Wisdom Publishing; 2001
47) The Fall Feasts of Israel; Mitchand and Zhava Glaser; The Moody Bible Institute of Chicago; 1987
48) The New Evidence that Demands a Verdict; Josh McDowell; Thomas Nelson Publishers; 1999
49) How the Bible was Built; Charles Merrill Smith & James W. Bennett; William B. Eerdmans Publishing Company; 2005
50) Holman QuickSource Guide to Christian Apologetics; Doug Powell; Holman Reference, Nashville, Tennessee; 2006
51) The Master Plan of Evangelism; Robert E. Coleman; Fleming H. Revell; 1993
52) Covenant, Precept upon precept; Kay Arthur; Precept Ministries, PO Box 539, Howard Place, South Africa, 7450 (Tel: +27 21 531-1836)
53) Promised Land – God's Word and the Nation of Israel; Derek Prince; Derek Prince Ministries-Asia/Pacific; 2006
54) The Tabernacle – camping with God; Stephen F. Olford; Kregel Publications; 2004 (Second Edition)
55) Made According To Pattern – The Tabernacle of Ancient Israel; C.W. Slemming; CLC Publications; First American Edition 1938, This trade paper edition 2007
56) The Holy Temple of Jerusalem; Chaim Richman; The Temple Institute & Carta, Jerusalem; 1997
57) Ancient Near Eastern Themes in Biblical Theology; Jeffrey J Niehaus; Kregel Publications; 2008
58) Thus Shalt Thou Serve; CW Slemming; CLC Publications; 2006
59) The MacArthur Study Bible, Revised & Updated Edition; New King James Version; John MacArthur; Published by Thomas Nelson, Inc.; 1997
60) The Destiny of Israel and the Church; Derek Prince; Derek Prince Ministries; 2007.
61) The wonder of Jesus in the Old Testament; Danie Haasbroek; MP Books; 2004